## ASTER

# HANEKRAAI

FRANCOIS VAN WYK

**ONS staan aan die begin van 'n nuwe akademiese jaar. Saam met die nuwe jaar gaan nuwe voornemens — sommige héél nuut; ander oues wat weer bevestig word. In u voornemens koester u miskien die gedagte aan 'n onvermoeide akademie, harder werk as ooit tevore . . . Wie weet? — daaroor besluit u self.**

Maar as ek van my kant 'n stuiwer in die armbeurs kan gooi, is daar veral één voorneme wat ek graag hierdie jaar by ons Puk-dames ingewortel wil sien — meer nog: ook uitgelewe wil sien. Sommige dames doen dit al lank, andere kom nie verder as die voorneme nie, en vir nog ander sal selfs die voorneme nuut wees. Om tot 'n omlyning daarvan te kom. eers dit:

Onthou u die wye verontwaardiging na aanleiding van „Deur my lens" se rubriek in verlede jaar se Wapad toe hy op die dames se tone getrap het? Die onderwerp was ons „oorgewig", „ooreterige" en „onaktiewe" Puk-dames wat baie ure van die dag met knibbel in die koshuise verwyl. Hierdie kritiek was seker nie gemik teen, en ook nie van toepassing op al ons dames nie. Maar die ander kant is net so waar: die kritiek was 'n raak beskrywing van die lewenspatroon van té veel van ons dames.

Andersyds: u sal onthou hoe baie verlede jaar rondom verkiesingstyd bespiegel is oor die moontlikheid, of wenslikheid, van een of meer verteenwoordigsters op die Studenteraad, die voordele wat dit kan inhou, en die beweerde tekortkominge van 'n suiwere manne-S.R. Die moontlikheid is geopper, en bestaan nog, van 'n verskansde damespos op die S.R. Maar oor hierdie moontlikhede en die meriete daarvan, wil ek nie nou met u praat nie. Die harde feite is dit: daar is vanjaar geen dame op die S.R. nie, en daar is ook geen verskansde pos vir 'n dame binne die S.R. nie. Dames moet op die oomblik dus steeds, op grondslag van ons stelsel van belangbehartiging, op gelyke voet met die manne meeding om hul saak voor die S.R. te kan stel. Billik of nie billik nie is dit ook 'n feit dat dit nie onmoontlik is nie: baie dames het al op hierdie basis sitting op die S.R. gehad.

En nou die voorneme vir 1974: moet elke Puk-dame haar nie miskien (opnuut) ernstig voorneem om in hierdie jaar op alle gebiede **aktief** te wees nie — om waarlik **betrokke** te raak nie?

Almal is nie sportliefhebbers nie, maar elkeen kan tog 'n fiets gryp en 'n ent gaan ry (dan stel u sommer 'n goeie voorbeeld ook), of sommer om die blok draf, of in plaas van die hyser in die koshuis te gebruik die trappies opdraf.


Andersyds: ons georganiseerde studentelewe is só wyd vertak dat iewers 'n vereniging of klub moet wees waarby u belangstellingsveld kan aansluit. Gaan werp u kragte daarby in, wees aktief daarbinne. Verruil die binnekant van u koshuiskamer vir die polsende hartklop van die studentelewe — u sal voel hoe dit ook nuwe lewe in u wek.

En bes moontlik staan u teen die einde van die jaar so sterk binne daardie vereniging dat dit vir u die voortrap kan wees vir u termyn op die studenteraad. Ten minste verwerf u dan darem stemreg om teen Septembermaand te help beslis oor hoe die S.R. daar moet uitsien.

Daarom: aktief wees, betrokke wees. Maak dit een van u voornemens van die jaar en verseker só dat u in „Deur my lens" se goeie boekies bly. Só kan u dalk ook bewys dat 'n verskansde damespos op die S.R. onnodig kan wees.

Sterkte met die uitlewe van die voorneme. Ons manne hou u dop!

GELUK IS . . .



'n GESKENK

van

TALITA

TROUSSEAU

BOUTIQUE

TEL 7303 SANTAM-DEURLOOP

## Skakeling is noodsaaklik

★ *Vervolg van bladsy 1*

spreek dat die Afrikaner hom dan nie sal onttrek aan die universiteite nie. Hulle moet steeds skakel op intellektuele en akademiese vlak.

Ook op die gebied van dialoog het die Afrikaner 'n agterstand wat nie maklik ingehaal sal word nie. Menige brug is al geslaan tussen die Engelssprekendes en die nie-blankes.

# *Dames geaktiveer*



V.l.n.r.: Ineke Lindhout (o/v), Salomé Brits (sekr.), Willemien Jerling (kampusprojekleidster), Kobus van der Walt (weerbaarheidskursus-projekleier), Paul Kruger (voorsitter).

# Ken die Dameskomitee

**OOK gehoor, gewonder wie en wat is die Dameskomitee? Nouja, dames, hier is hulle. Ons stel bekend die Dameskomitee. 'n Dameskomitee met twee manne? Toemaar, die twee is baie mak en is op die stadium baie behulpsaam met administratiewe sake.**

Die Dameskomitee is 'n komitee van die Studenteraad en is daarom gepatroneer by die navalkomitee, Publikasiekomitee ensovoorts. Die dagbestuur (vergelyk foto) bestaan uit:

Voorsitter: Mnr. Paul Krüger.
Ondervoorsitster: Mej. Ineke Lindhout.
Sekretaresse: Mej. Salomé Brits.
Kampusprojekleier: Mej. Willemien Jerling.
Weerbaarheidsprojek: Mnr. Kobus van der Walt (Snr.).

Ander lede (hulle name is in die sakboekie) is hoofsaaklik saamgestel uit huiskomiteelede van elke dameskoshuis en 'n dameslid van elke Hoofbestuur (bv. A.B.K.K., S.S.B.).

Ons stel die vyf dagbestuurslede aan die woord om uit hulle mond te hoor wat die dameskomitee beoog in elke afdeling van sy werksaamhede:

### NOG NET FONDAMENTLê

Mnr. Paul Krüger, voorsitter van die dameskomitee, sê: Meer as die helfte van die voltydse, voorgraadse Pukke is dames. Tog het ons vir die derde agtereenvolgende jaar geen dame op die Studenteraad nie en vervang mans dames selfs op sleutelposte in die Hoofliggame.

'n Ramp? Nee, maar dit toon eerder vir my dat die Pukdames nie noodwendig op gelyke voet kan of wil meeding met die Pukman om leiersposisies in die breë sin nie. Sy ken haar plek, haar beperkinge as die swakkere . . . maar ook haar deugde, wat sy op 'n ánder manier uitleef as leierwees op studenteliggame.

Die Dameskomitee wil juis help dat die dames hierdie deugde, wat hulle dikwels (anders as die mans) nie op besture kan uitleef nie, wel kan beoefen. Watter deugde? Wat ons in die praktyk sal aanbied moet dit eerder uitwys as dat ons gaan teoretiseer. Maar ons kan een uitsonder: Die vermoë om 'n sosiale funksie op so 'n fyn en afgeronde wyse te reël en aan te bied.

Vanjaar — die eerste jaar van die Dameskomitee — lê ons nog net fondamente. Ons twee mans op die komitee het moue opgerol om met die harde werk van fondamentlê te help. As die dameskomitee eers beslag gekry het, sal dit selfs nog meer 'n dameskarakter kry — nie net vir die dames nie, maar ook deur die dames.

Die leier van die weerbaarheidsprojek sal heelwaarskynlik om praktiese redes altyd 'n man wees. Die voorsitter? Wanneer die Pukke by die stembus wel die een dame uit tienduisend vind wat die leierseienskappe en werksvermoë het om saam met die manne om 'n SR-tafel te gaan sit, het hulle ook 'n damesvoorsitster vir die dameskomitee gevind. Ek stel dit as my taak om vanjaar te help soek!

### HOOFLIGGAME

Mej. Ineke Lindhout, ondervoorsitster van die Dameskomitee sê:

Hierdie jaar gaan gepoog word om die PUK-dames die geleentheid te gee om as damesmassa op te trek en deel te neem aan aksies waarin hulle belangstel en wat vir hulle van waarde is.

Die huidige struktuur van ons studentebedrywighede is egter sò dat deur die ses verskillende hoofliggame verteenwoordig en behartig word.

Ons beoog nou om op twee spesifieke geleenthede 'n programvergadering slegs vir dames aan te bied, waarvan een dan deur bv. KVV en die ander deur PNB behartig sal word. Ons beoog onderwerpe soos: „Die rol van die vrou in 'n oorlogsbedreigde wêreld" en „Die vrou agter elke man".

Hierdie geleenthede is vir die dames en die sukses daarvan en van die hele Damesaksie, hang van die samewerking van elke dame op die kampus af. Kom ons bewys onsself in hierdie poging!

### GROOT PLANNE

Mnr. Kobus van der Walt sê:

Ons eie Dameskomitee beoog verder 'n uitgebreide Weerbaarheidsprojek vir dames in samewerking met die Suid-Afrikaanse weermag. Groot planne word in die mou gevoer en daar is tans 'n memorandum in verband met die beoogde projek wat voor die Kabinet dien.

Die Dameskomitee beplan die projek in twee afdelings nl. geestelike weerbaarheid en militêr-fisiese weerbaarheid. Indien die onderhandelings suksesvol is, behoort die weerbaarheidsprojek gedurende 1975 van stapel gestuur te word. Ongelukkig kan die Dameskomitee op hierdie stadium nie meer inligting verskaf vanweë die stadium van onderhandeling met die betrokke owerhede.

Op sy laaste vergadering het die Dameskomitee egter besluit om te poog om wel vanjaar al 'n naweekkursus in fisiese weerbaarheid vir die Puk-dames aan te bied. So 'n kursus sal dan bestaan uit opleiding in o.a. voeding in noodtoestande, die rol van die vrou ten tye van nood, nood-

### KAMPUSAKSIES

Mej. Willemien Jerling staan aan die spits van talle dinge wat die Dameskomitee as kampusprojekte wil aanbied. Sy sê sy het die volgende in gedagte:

Dame op die SR of nie, vanjaar gaan die vroulike geslag op die PUK hulle vingers oral insteek, en kans kry om deel te neem aan dinge waarvoor ons hier eksklusiewe geleentheid het. Die Dameskomitee beplan om die meeste van die kampusprojekte te integreer met die hoogliggame, soos bv. programvergaderings en dan ook nog die weerbaarheidsprojek, maar die hoofdis van die jaar sal seker wees die damesaand wat beplan word vir vroeg in die jaar, hopenlik die 1ste April. Dit sal dan die kans vir die seniordames wees om 'n man (dalk dié een van jou hart) te skiet. Met haar „kleim" op die kampus, haar eie kos en idees vir haar hoekie, gaan van die aand 'n groot aksie gemaak word, meer inligting volg binnekort.

Die Dameskomitee is verder nie van plan om al die werk vanjaar alleen te doen nie, daarom gaan elke dameskoshuis die kans kry om te help bou aan ons eerste damesjaar! Hier kan elkeen op eie stoom iets aan die massa bied, soos bv. kursusse of programaanbiedings of wat ookal.

★ *Vervolg op bladsy 9*

# - VOL FLIEKPROGRAM -

## *AOB werk hard*

**DIE fliekkomitee het hulle werksaamhede vanjaar geweldig uitgebrei, sodat die studente nou vir die eerste keer geleentheid sal hê om vertonings in die middel van die week by te woon.**

Hulle gaan ook vir die eerste keer voorprente wys en die toegang sal 20c wees.

Die komitee het die beste apparaat aangeskaf en die klank is hernu en verbeter. Hulle beoog om uit die inkomste nog 'n projektor aan te koop om net die beste vir die Pukke te bied.

Al die vertonings sal in die Totiussaal aangebied word, behalwe as daar deur middel van kennisgewing anders vermeld word.

Volgens die voorsitter van die fliekkomitee sal die program soos volg daar uit sien:

Februarie 27 — Those magnificent men in their flying machines.
Februarie 28 — Darker than amber.
Maart 1 — A man called Horse.
Maart 8 — Blind Terror.
Maart 15 — Henry VIII and his six wives.
Maart 22 — Fun and Fancy Free.
Maart 29 — What's Up Doc.

**Raquel Welsch-week:**

April 1 — Lady in Cement.
April 2 — Hannie Caulder.
April 26 — Never give an inch.
Mei 3 — Nicolas and Alexandra.
Mei 10 — Karnavalfliek: Kidnapped.
Mei 17 — Rent-a-Dick.
Mei 21 — Villian.

**Komedieweek:**

Mei 27 — The computer wore Tennis Shoes.
Mei 28 — Prudence and the Pill.
Mei 29 — Suppose they gave a Warand Nobody Came?
Junie 7 — Fall of the Roman Empire.
Junie 14 — Last Command.

**Gril-en-ril-week:**

Junie 24 — Frankenstein created woman.
Junie 25 — Eyewitness.
Junie 26 — And Soon the Darkness.
Junie 27 — Fear in the Night.

**Bybelweek:**

Julie 24 — Solomon and Sheba.
Julie 25 — A Man Called Peter.
Julie 26 — The Robe.
Julie 27 — Demetrius and the Gladiators.
Augustus 2 — Poseidon Adventure.
Augustus 9 — Candidate.
Augustus 16 — Siener in die Suburbs.
Augustus 24 — Intervarsity fiiek — Dr Jekyl and Sister Hyde.
Augustus 30 — Cabaret.

**Fliekwees Fliekfeesweek:**

September 3 — The Quiet Man.
September 5 — Follow Me.
September 6 — The April Fools.
September 7 — The Party.
September 13 — Girl in my Soup.
September 20 — Ipcress File.
September 27 — Sleuth.
Oktober 4 — Jane Eyre.

Die vertonings sal om 7.30 begin en die dames kan vir 'n PUK-aksie uitteken.

# Teoloë kom hier byeen

**DIE Teologiese Studentevereniging bied 'n konferensie aan saam met die studente van die Teologiese Skool van Hammanskraal op 4 en 5 Maart by die Teologiese Skool.**

Die tema vir die veelvolkige konferensie is: „Die Kerk en die Toekoms met betrekking tot die Volkere en Rassesituasie in Suid-Afrika."

Daar word verwag dat ongeveer 24 studente van Hammanskraal die konferensie sal bywoon.

Al die sprekers wat genooi is het reeds ingestem om die konferensie toe te spreek. Die mees vername sprekers is proff. Floor en D. C. S. van der Merwe asook mnr. G. J. Braam ('n kleurling) dr. M. A. Kruger en ds. S. Buti ('n Bantoe).

Verskeie aktuele brandpunte in die Volke en Rassesituasie sal belig word. Van die onderwerpe is o.m.:

„Die Bybel en sosiale geregtigheid"

„Die gemeenskap van die heiliges in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing".

„'n Evaluering van die huidige Suid-Afrikaanse samelewingstruktuur".

Die program is goed afgewissel deur van verskeie konferensies metodes gebruik te maak. Daar sal o.a. groepbespreking, paneelbesprekings en individuele sprekers wees.

Die volledige program is:

**PROGRAM**

**Maandag, 4 Maart 1974:**

12,30 — 2,00 nm. Aankoms.
2,00 — 2,15 nm. Verwelkoming.
2,15 — 4,00 nm. „Die Bybel en sosiale geregtigheid". Groepsbespreking.
4.00 — 4,15 nm. Pouse.
4.15 — 5,30 nm. Voorsetting van bespreking.
7,00 — 8,45 nm. „Die gemeenskap van die heiliges in die huidige Suid-Afrikaanse-samelewingsituasie." Inleiers: Prof. L. Floor. Bespreking.
8,45 — 9,15 nm. Pouse.
9.15 — 10,15 nm. Voortsetting van bespreking.
10,15 — 10,20 nm. Afsluiting.

**Dinsdag, 5 Maart 1974:**

8,00 — 8,30 vm. Opening: Dr. J. A. Schutte.
8,30 — 10,00 vm. „'n Evaluering van die huidige Suid-Afrikaansesamelewingstruktuur". Paneelbespreking deur mnr. G. R. Braam, dr. M. A. Kruger en ds. Buti.
10,00 — 10,30 vm. Pouse.
10,30 — 12,30 nm. Bespreking.
2,00 — 2,45 nm. „Die kerk as speerpunt van verandering van die huidige Suid-Afrikaanse-samelewingsituasie?" Spreker: Prof. D. C. S. van der Merwe.
2,45 — 3,30 nm. Bespreking.
3.30 — 3,45 nm. Afsluiting.

**'N WOORD VAN WELKOM**

Prof. G. C. P. van der Vyver: Rektor Teologiese Skool.

Dit verbly ons dat die teologiese studente van die Hammanskraalse Teologiese Skool vanjaar besoek bring aan ons Teologiese Skool op Potchefstroom. Dit is 'n gebeurtenis van veel meer as verbygaande betekenis.

Waar geloofsgenote van Gereformeerde oortuiging byeenkom om oor sake te beraadslaag, is daar al klaar 'n gemeenskaplike grondslag: die Woord van God en ons Gereformeerde belydenis. In hierdie lig, so glo ons, wil u saam 'n antwoord vind op de belangrike vrae wat volgens u program aan die orde sal kom.

U koms hierheen en die ontvangs plaaslik getuig ook van die goeie gesindheid wat heers tussen die studente van beide skole. Hierdie gesindheid moet in 'n wêreld van haat, leuens en agterdog vertroetel word. As kinders van die Here moet ons aan andere 'n voorbeeld stel van hoe jy met mekaar kan omgaan, met behoud van jou eie wat jy liefhet, maar terselfdertyd met respek vir jou naaste en vir dit wat as sy eie bemin.

Ons wens u wysheid toe wat alleen te vind is in die verligtende werking van Woord en Gees.

In die gesindheid van Jesus Christus heet ons u namens die Teologiese Skool hartlik welkom by ons. Mag u verblyf aangenaam wees en u samesprekinge tot seën vir kerk en Koninkryk.

**KOOS VORSTER:**
**Praetor T.S.V.**

Dit is met vreugde en blydskap waarmee 'n christen die Bybel lees. En veral wanneer hy lees dat die Kerk van Christus 'n vaste en versekerde toekoms het; 'n toekoms wat deur God self aan die kerk gegee is. Hierdie troosfeit is dan ook die vertrekpunt van ons besprekings. Ons wil nie poog om 'n toekoms vir die kerk los te dink nie, maar ons kom besin oor die toekomstige taak van die kerk binne die raamwerk van die Suid-Afrikaanse volkerestruktuur. Die T.S.V. heet almal welkom wat saam met ons wil kom gesels.

## 1974 'N UITDAGING

★ Vervolg van bladsy 1.

swot en sleep. 'n Jaar wat vir u gaan wees net wat u daarvan maak. Die geheim lê egter steeds in balans; balans tussen swot en sleep, karnaval en toetse, erns en ligsinnigheid. As ons dit kan reg kry lê daar vir ons 'n goeie jaar voor. Onthou net dat die lang en uitputtende Desembervakansie weer hier is voor ons mooi ons voete gevind het.

Hartlik welkom terug op die Puk, geniet die jaar, maak die beste daarvan en mag u jaar suksesvol wees op alle terreine.

Puk-groete,
Pieter Mulder.
(Studenteraadsvoorsitter).





## ONS ASTERS SÊ: Die Dameskomitee soek 'n naam

HIERMEE 'n uitnodiging aan alle Pukke, ja, Manne julle ook, om te soek na 'n naam vir ons Dameskomitee.

Word 'n hele R5 ryker deur die Dameskomitee te doop. Die koshuis met die meeste inskrywings, vir julle is daar ook 'n verrassing.

Stuur jou naam, adres, en voorgestelde naam aan:
„Dameskomitee-Soek-'n-Naam",
Die Wapad
P.U. vir C.H.O.
OF
Gooi jou briefie sommer in Bussie 16 by die S.R.-kantoor.

Die wenner van die kompetisie sal in die daarop volgende Wapad aangekondig word.


Onthou: Sluitingsdatum: 12 Maart 1974.

## KONVENORS

KOSHUISE neem vanjaar die interkoshuis mededinging tydens Karnaval baie ernstig op. Meeste van die koshuise het reeds hul konvenors vir die interkoshuiskompetisies aangewys. Die mate van erns waarmee dit bejeën word blyk uit die feit dat in die grootste aantal gevalle, die taak aan huiskomiteelede opgedra is.

In Kulu sal die primaria, Cilla Crafford, die dinge behartig. In Klawerhof staan Saartjie Scribante aan die roer van sake en in Oosterhof, Marleen Lombard. In die Kasteelkompleks word die organisasie behartig deur Caro Naude (Kasteel), Ester Rumpff (Wanda), Jeanette Singeling (Verget-my-nie) en Elsabé Lorenzen (Wag-'n-bietjie). Karlien se konvenor is Elsa Hamersma en Heide s'n Marinda Oosthuizen.

Wat die manskoshuise betref is die volgende konvenors reeds aangewys: Chris de Jager (Thaba Jäh), Jan van Heerden (Toekoms), André Badenhorst (Gatland), Chris Venter (Heimat), Dawie Kruger (Uitspan), Rudi van Vuuren (Makouvlei), Paul Heyns (Klooster) en Oscar Vonkelwyn (Skuur).





United Bouvereeniging Agentskap
By Piet Foties (Fotokuns)
TOMSTRAAT 82, DIE BULT, POTCHEFSTROOM
TELEFOON 5985

# WIE'S ÊÊK !?











## CHAOS

Die hoofkenmerk van die Puk-kampus. Die afgelope ruk was chaos. Op hierdie chaotiese bladsy probeer „Die Wapad" so 'n chaotiese beeld moontlik van die gebeure weergee.

LINKS HEEL BO: Ek wil huis toe gaan na my mamma toe REGS HEEL BO: 'n Babelse verwarring heers onder di Dore. LINKS BO: Die trein by platform sewe ... BO: Ge bruik jy onderarmsproei? LINKS: Askies meneer, ek sa uitvind meneer. ONDER: Net sien of ek my tandepast het, meneer. HEEL ONDER: Jammer, dames.






## KOOP 'N LOOP HAPPIES

Telefoon 8343, Olënlaan 3, POTCHEFSTROOM.

★ WEGNEEMGEREGTE: van die gewildstes:
Vetkoek met vulsels na u smaak,
Hamburgers, Hotdogs, Kerrie en rys,
Dagwoods, toebroodjies.

—●—

HUISKOMITEELEDE L.W.:
★ Aflewering saans by Dameskoshuise,
Middernagfeesvoorsieners,
Inter-tee verversings-verskaffers.

★ VERSKAFFERS VAN VERSNAPPERINGE BY SPORT EN ANDER DERGLIKE GELEENTHEDE, nl.:

REUSE HAMBURGERS,

—●—

REUSE HOTDOGS,

—●—

REUSE VETKOEK
(verpak in foelie).

★ ★ ★ SKAKEL 8343 EN REËL VIR AFLEWERING. ★ ★ ★

★ ONS SPESIALISEER IN VOORSIENING VAN STUDENTEGEREGTE.

## KOOP 'N LOOP HAPPIES

Telefoon 8343, Olënlaan 3, POTCHEFSTROOM.


—ST

# VERWELKOMINGSDINEE



Op die foto bo geniet die gaste die verwelkomingsdinee terdeë. Die dinee was die grootste in sy soort en bly een van die hoogtepunte van die jaar. (Foto: Fotokuns.)

★

FOTO REGS: Die S.R.-voorsitter sê: „Toe ek eerstejaar was ..." by een van die onthale wat die S.R. bygewoon het.

# AMOREUS AKTUEEL

*AANDAG is 'n baie aktuele sakie — die onderdeur staan nog altyd wawyd oop, maar ons beloer julle nou van 'n ander kant. Aan almal wat op amoreuse gebied by ons betrek is, welkom terug, en aan al die nuwelinge, veral die eerstejaars, geniet die studentelewe, en laat ons jonk, gesond en vrolik bly.*

*Met 'n groot ontheffingsdinee agter die rug kan byna al die „doortjies en drake" spog met 'n nuwe maatjie, en of dit by „maatjies" gaan bly ... sal ons maar AMOREUS AKTUEEL daarvoor moet dophou.*

*Dawid Weyers het vinnig tot die gevolgtrekking gekom dat die dore glad nie sleg sing nie, en Peet Brits se stemmetjie het nie op dowe ore geval nie. 'n Mens gaan ook mos nie toe oë deur die lewe nie.*

*Hendrik Badenhorst moes met 'n stywe rug, saam met Marietha van Schalkwyk die dinee bybring — hy was bang dat as hy tweede in die ry slaap, nommer een sy keuse sou skiet.*

NOG GROOT NUUS

*Hierdie week is ons nuwe vier Karnavaldoedies gekies. Baie geluk aan Ansa Seiffert, Rene Gouws, Elsabe Dreyer en Carine Moolman. Julle moet onthou dat ons baie trots is op julle en dat dit 'n groot voorreg is, aan julle om die Puk se naam hoog te hou.*

*(Tog wonder ek waarom die Van Rensburg-tweeling se hemde deesdae so styf span?).*

*Japie Robertse en Dini Bester het nie verniet 'n week voor die Puk begin het al saam in die Sentrale Eetsaal geëet nie of is dit dalk die goeie samewerking tussen die S.R. en Karlien se huiskomitee.*

*Baie geluk ook aan alle verloofdes, ons dink veral aan Kobus van der Walt, wat sy Annatjie van RAU af ingevoer het hierheen. Ook aan Ronelle Beukes en Allen Marais sê ons almal baie geluk en ons wens julle net die beste vir die toekoms toe.*

*Dit word blykbaar tradisie dat ons 'n Mnr. en Mev. S.R.-voorsitter het. Baie geluk aan Pieter en Triena, julle stel 'n goeie voorbeeld.*

*Aan almal wat rondtoer, wees versigtig, en almal wat vasbyt — sterkte. Moenie mekaar onnodig ongelukkig maak nie, en aan die ander kant, 'n mens is tog net een maal in 'n leeftyd jonk.*

*Groetnis.*

Het jy al 'n BESEMBOS gekoop? R1 per eksemplaar.




WELKOM TERUG aan al die seniors. Ja dis 'n nuwe jaar met nuwe vooruitsigte, nuwe idees, kortom 'n algehele vernuwing. Tog bespeur ek nog van die ou-ou tendense onder ons.

Seniors, ontgroening die weet ek is nie meer wat dit was nie, maar so ook nie die seniors nie.

Die verhouding tot die eerstejaars en die ontgroening is direk eweredig aan mekaar. Hoe meer die ontgroening afneem des te tuiser raak mnr. die tweedejaar in die eerstejaar se kamer.

Ontgroening is 'n baie belangrike deel van 'n eerstejaar se lewe. Dit laat hulle ontslae raak van hulle Matriek-grootheidswaan en maak hulle daardeur nederige inwoners van ons universiteit. Dis nie 'n opvoedingstadia wat hulle deurgaan nie dis 'n aanpassingsstadium sodat hy of sy nie hul nuutgevonde vryheid misbruik nie. Verder moet daar 'n groepsgees gebou word om die Universiteitsgees te kan laat voortleef. Stel vir hulle 'n voorbeeld en breek sy moraal liewer af as die selle op sy sitvlak af.

Voorbeelde van seniors is belangrik. Hier is 'n paar voorbeelde waarsonder ons kan klaarkom op die kampus. Ek besef dat julle vir Liefling vir ten minste 10 uur lank nie gaan sien na sleeptyd nie, maar van daardie 10 uur slaap slaap ons 6 so dit laat 4. Is die fantastiese filmdoek-afskeide voor die koshuis nodig? Doen dit liewer op 'n spykerbankie in die donker êrens as dit moet.

Hier wil ek die mans uitsonder as die sterker geslag. Die ou dametjie is maar te bang hy is ontevrede as hy haar wil soen en sy te skaam is. Dan doen sy dit maar.

Ja, dis ons skuld here, die dames kan dit nie help nie. Dis ook hier waar ons as seniors vir die eerstejaartjies tot voorbeeld kan wees.

Ons besef dat hulle nog kinders is, pas klaar met Matriek, en nou in 'n grootmens-lewe losgelaat is, waar hulle nou ewe skielik, meer die dametjies, te doen kry met die manne van integriteit, die ou-here, groot menere van die P.U.K.

Spaar hulle ook maar die drankasem voor julle haar fliek toe neem. Oorwerk 'n bietjie jou suf brein, Mnr., en so 'n bietjie ekstra inisiatief voordat Oom Luyt en sy trawante jou daarmee toerus teen 'n vergoeding.

★ Vervolg op bladsy 9



die WAPAD

# WELKOM

Pukke baie welkom terug op ons geliefde kampus. Mag hierdie jaar vol hoogtepunte wees. Hoogtepunte nie slegs op akademiese terrein nie maar ook op sport, sosiale en die studente lewe.

Die Puk bars uit sy nate, nie te min wil ons al die eerstejaars hartlik welkom heet. Eerstejaars, dit is 'n begin van 'n nuwe fase in u lewe. Dit is 'n fase waarin u al meer en meer selfstandig optree. Maar met selfstandigheid moet u egter onthou om so op te tree dat dit nie u naam skade aan doen nie. Wat vir 'n universiteit van belang is, is dat u optrede nie die naam van u universiteit sal skaad nie. Pukke ons word met valk oë dopgehou. Die verskillende nuusmedia gryp elke moontlike saak aan. Die rede hiervoor is dat ons steeds puik prestasies op alle terreine lewer.

Dit beteken nie dat ons met langgesigte moet rondloop nie, maar slegs dat dit uiters belangrik is om op ons doen en late te let, en altyd in die Puk gees te wandel.

Pukke laat ons in hierdie nuwe jaar poog om nie beskuldig te word van passiwiteit nie. Dit is 'n aanklag wat ons so ver as moontlik moet vermy. Al uitweg is deelneming, nie alleen deelneming nie maar neem deel met volle oorgawe. Die jaar se sukses hang van u af, indien die jaar op sosiale gebied maar saai is, is dit 'n beskuldiging teen u. Neem so veel as moontlik uit die studentelewe as wat u kan.

# ONS IS PUKKE

**Daar is iets wat mens dwars in die krop steek. Die P.U. vir C.H.O. is al amptelik 22 jaar oud en as inrigting al 105 jaar. Dit gebeur nog dat die mense by openbare plekke nie weet hoe om ons aan te spreek nie. As voorbeeld kan die aankondiger by die Dairymple geneem word. Die geagte heer het herhaaldelik van Potchefstroomers en ander derglike name gepraat. Dus aan alle aankondigers, omroepers en joernaliste ons is PUKKE en geen ander naam wat u uitdink pas ons nie.**

# LYFBLAD

**Die Wapad is die enigste amptelike mondstuk van die SR. Geen ander plaaslike koerant (publikasie) dra die beleid van die SR uit nie. Dus politieke partye en nuusagentskappe, die S.R. kan slegs verantwoording doen i.v.m. artikels wat in die Wapad verskyn. As u dus kommentaar op ander publikasie verlang, skakel asb. met die betrokke redaksie, dit verskyn in die publikasie.**

Karnaval '73-hempies te koop teen spesiale pryse 50c elk. By S.R.-kantoor.


## DIE NES
BUITELEWE SENTRUM

—★—★—

Alle toerusting vir buite-lewe entoesiaste. Ons verskaf alle kampeertoerusting, asook

JURGENS EN VENTER WOONWAENS EN SLEEPWAENS.

—★—★—

Flornalede:

ONS IS BEREID OM U SPESIFIEKE TOERUSTING OP BESTELLING TE KRY!

—★—★—

Wolmaransstraat 40,
Telefoon 7328,
POTCHEFSTROOM. —ST


# KRIEKET-SIRKUS



'n Krieket-sirkus het onlangs op die Fanie du Toit-velde afgespeel. Op die foto wonder vier S.R.-lede aan watter kant die bal verby is.

## WAPAD-REDAKSIE

Hoofredakteur: **Tiep van Schaik.**
Assistent-hoofredakteur: **Piet Ebersöhn.**
Nuusredakteur: **J. H. Habig** (Thaba Jah).
Assistent: **Jan van Niekerk** (Dorp).
Redaktrise Sosiaal: **Willemien Jerling** (Klawerhof).
Assistent: **Salome Jacobs** (Dorp).
Redakteur Koshuise: **Cobus Erasmus** (Skuur).
Assistent: **Dalene Delport** (Dissa).
Redakteur Akademies: **Johan Pretorius** (Skuur).
Assistent: **Esme Wessels** (Karline).
Redaktrise Kunsblad: **Belia Booyens** (Kulu).
Redakteur Sport: **Isak Malherbe** (Liberalia).
Assistente: **P. J. Meyer** (Uitspan); **A. F. Vosloo** (Skuur).
Redaktrise Damesblad: **Salome Brits** (Oosterhof).
Redakteur Inter-Universitêr: **Danie de Kock** (Dorp).
Redakteur P.N.B.: **Quintus Pelser.**
Redaktrise Korps: **Ineke Lindhout.**
Redakteur A.B.K.K.: **George Lotter.**
Redakteur S.A.B.:
Fotoredakteur:
Fotoredakteur: **J. F. D. Croeser** (Uitspan).
Assistent: **Sam Basch** (Liberalia).
Sub-Redakteur: **Attie Gerber** (Liberalia).
Tegniese Versorger:
Sekretaresse: **Cecilia Louw** (Disa).
Penningmeester:
Sirkulasiebestuurder:

★

# Uit die Woord

**Teks: Ps. 65 : 12 — „U kroon die jaar van u goedheid en u voetspore drup van vettigheid."**

U ken seker almal die bekende gediggie van Eugène Marais oor die reën: „O, die dans van ons suster!"

Maar het u geweet dat die Bybel ook 'n „reënlied" het! Dit staan in Ps. 65 : 10—14, u kan dit gerus lees! En omdat dit in die Bybel staan, weet ons dat Dawid hierdie lied gedig het onder inspirasie van die Heilige Gees. Daarom het dit vandag ook vir ons betekenis.

Die skarnier waarom die hele „reënlied" draai, is vers 12. Want in vss. 10 en 11a gaan dit oor die vroeë reëns, wat die aarde gereed maak vir die saaiseisoen (in ons taal: Die reën van September-Oktober). Dit is die begin van God se goeie jaar. Vers 11b sing van die stortreën in die winter (Palestina is 'n winterreënvalstreek soos die Boland by ons). Dus die reën van November tot Februarie in ons land (Palestina is in die Noordelike halfrond geleë en het dus winter as ons somer het). Dit is die verloop van God se goeie jaar. Vss. 13 en 14 jubel oor die laat reën (Maart en April by ons). Dit is die voltooiing van God se goeie jaar.

So het God ook in die afgelope tyd ons vaderland gekroon met milde reëns. Hy het ons gebede verhoor en ons ryklik geseën!

En dit alles doen God terwille van Jesus Christus wat ons met God versoen het aan die kruishout op Golgota.

Laat ons dan, ook as studente aan hierdie universiteit saam met Dawid die Bybel se „reënlied" sing en God dank vir sy mildadige goedheid!

## Ander papier vir Die Wapad

DIE Studenteraad het besluit dat „Die Wapad" voortaan op koerantpapier gedruk sal word. Verskeie sake het daartoe aanleiding gegee dat die Studenteraad afgesien het van die ou tipe papier. Aangesien die studentemassa belang het by „Die Wapad" en dit primêr 'n diens is wat deur die Studenteraad aan die massa gelewer word motiveer ek graag die Studenteraadsbesluit.

1) As gevolg van verskeie faktore het papier se prys baie baie meer as die normale gestyg. (Alle dagblaaie kos nou byvoorbeeld 7c en nie meer 5c nie.) Die Studenteraad het gevoel dat daar met dieselfde begrote bedrag 'n groter diens aan die studente gelewer kan word as 'n goedkoper papier gebruik word. Meer uitgawes kan dan uitgegee word.

2) As 'n eenmalige publikasie wat net gelees en weggegooi word is daar nie veel sin in om dit op 'n baie goeie gehalte papier te druk nie.

3) Deur oor te slaan na koerantpapier kan „Die Wapad" in Potchefstroom gedruk word en spaar dit ons die moeite en brandstof om heen en weer tussen Potchefstroom en Carletonville te ry.

4) Daar „Die Wapad" in Potchefstroom gedruk word is die diens heelwat vinniger en kan ons vars nuus te lese kry. Dit sal ook 'n vinniger en gereelder „Wapad" verseker.

5) Tegnies sal „Die Wapad" beter afgerond kan wees as dit in Potchefstroom gedruk word.

PIETER MULDER
Studenteraadsvoorsitter.

## KURSUS IN LANDBOU

★ *Vervolg van bladsy 7*

ming van meer jong mense wat tot die landbou wil toetree. Goeie kommentaar is verkry oor die balans tussen tegniese en ekonomiese aspekte van die inhoud van die kursus.

Na verwagting sal die ondersoek na die instelling van so 'n kursus nog 'n geruime tyd duur en word 'n beslissing daaroor nie voor April vanjaar verwag nie.

# IN DIE RAADSAAL

ORDE HAMER

GEAGTE PUKKE, Die indoena's het sedert ons laas gesels het 'n hele paar keer vergader. Sekere van die besluite is reeds verwerklik, ander is nog hangende.

Van die besluite wat reeds uitgekulmineer het is m.i. die saak rakende kafeteria ure die belangrikste. Die kafeteria wat deesdae van 9 vm. tot 9 nm. oop is (of te wel 9h00 tot 21h00) is beslis 'n verbetering. Die blote feit dat die ure so eenvormig is dra veel tot die sukses by. Die aandeel wat die indoena's in hierdie saak gehad het is prysenswaardig.

Dit bly egter 'n jammerte dat die Kafeteria se dienste nie uitgebrei kan word na 'n beter voedselvoorsienende restaurant nie. So 'n bietjie afwisseling van vleispasteie met tamatiesous.

Tog is daar 'n paar sakies wat gerus die indoena's se aandag kan geniet, soos byvoorbeeld „Skoonheid van ons Kampus" „'n Gunstige Intervarsity telling" „Betaling vir WAPAD redaksielede." ens.

* * *

'n Saak wat dringend aandag nodig het is kantoorfasiliteite vir Alabama, Thalia, Karnaval en die hoofliggame en dan natuurlik die WAPAD. Eksklusief is verneem dat die Argief ontruim gaan word vir kontantruimte asook dat die stoep voor die S.R. kantoor moontlik toegebou kan word. Dit sal wel 'n bietjie verligting skep.

Groetnis en orde hou.

Die ordehamer.

So 'n wenkie aan AOB. Knap sommer ook die terrein voor die Pik Puk so 'n bietjie op sambrele, stoele, tafeltjies liggies in die aand ens.

Van die AOB gepraat. Ons sien met rykhalsende verlange uit na die flieks, en ons hou duimvas dat die program volgehou kan word. Dit sal 'n blye dag wees as hierdie lofwaardige poging 'n sukses blyk te wees.

* * *

„'n S.R. van lang vergaderings" as mens sien dat hulle 9.00 vm. begin en 4.45 nm. eindig met 'n uur etenstyd. U weet die besluite wat hangende is word altyd as „saak geniet aandag" genotuleer.

# Nuwe kursus op die PUK

**VAN vanjaar af word Internasionale Politiek vir studente wat tot die diplomatieke diens wil toetree, joernaliste, radio-omroepers, kultuur- en gemeenskapsleiers en politici aangebied.**

Dit is trouens vir alle studente vir wie 'n begrip van die moderne wêreld van belang is — dus onderwysers en predikante sowel as letterkundiges en natuurwetenskaplikes. Meer nog, vir alle landsburgers, alle Pukke. Daar is al 36 studente wat die vak neem.

Dit is 'n ondersteunende vak vir Geskiedenis, Staatsleer, Kommunikasiekunde, Ekonomie, Geografie en Volkereg.

Internasionale Politiek wat voorheen as onderdeel van Staatsleer aangebied is vorm tans 'n selfstandige vak met die leisels in die hande van prof. C. P. van der Walt en mnr. J. J. van Tonder. Dit kan as tweejarige hoofvak geneem word, terwyl daar ook geleentheid vir nagraadse studie is.

Sake wat bestudeer word is soos volg:

Die moderne stategemeenskap en tussenstaatlike betrekkinge.

Internasionale instellinge en organisasies, soos die V.V.O.

Die internasionale posisie en buitelandse beleid van state, insluitende die R.S.A.

Die internasionale magsverhouding en stryd.

Gebeurtenisse en ontwikkelinge in streke soos Afrika, Asië die Midde-Ooste, ens.


Militêr-strategiese aangeleenthede.


Die teoretiese en prinsipiële grondslae van die wêreldpolitiek.

Met behulp van die Sentrum Vir Internasionale Politiek en sy aktiewiteite is die studie nie tot die tradisionele lesing- en handboekmetode beperk nie. Daar sal dus baie besprekings oor sake van ons wêreld en ons tyd wees.

Die Pukke wil graag vir die Rapportryersfederasie wat 'n finansiële bydrae tot die onderneming lewer dankie sê. Dit word daarom tereg die Rapportryersleerstoel in Internasionale Politiek genoem.

## SWOEG EN SWEET IN BROS-EKSAMEN





Op bygaande foto's sien ons hoe daar Maandag aan bros-eksamen geskrywe is. Meer as 1 600 kandidate het geskrywe.

## KURSUS IN LANDBOU OORWEEG

**PROF. J. H. GROBLER, hoof van die departement Bodemkunde aan die Potchefstroomse Universiteit, is tans besig met 'n ondersoek na die moontlikheid om 'n diplomakursus in Landbouwetenskap in te stel.**

Volgens prof. Grobler gaan daar steeds groter eise aan boerderybestuur in die toekoms gestel word. „Daar bestaan 'n wesenlike gevaar dat ons landbou deur 'n gebrek aan bestuurspotensiaal gekortwiek kan word", het hy gesê.

Volgens 'n opname wat by 59 skole gemaak is, na die behoefte aan so 'n kursus, blyk dit dat sowat 800 leerlinge in so 'n kursus belangstel. Die opname is gemaak by stedelike, landbou- en plattelandse skole in die vier provinsies. Dat daar by die jongmense nog 'n groot belangstelling vir landbou is, blyk daaruit dat 2,3% leerlinge in Transvaal, 8,1% in die O.V.S. en 2,7% in Kaapland belangstel in so 'n boerderygerigte landboukursus aan 'n universiteit.

Met die kursus word beoog om universiteitsopleiding te verskaf aan voornemende boere of persone wat te doen het met die beplanning en uitvoering van boerdery. Die uitgangspunt is boerderybestuur gegrond op 'n kennis van die primêre hulpbronne — grond, klimaat en plantegroei en die ontginning daarvan deur middel van kapitaal en arbeid.

Vir praktiese ervaring sal kandidate verpligte vakansiewerk op plase moet verrig. Daar word beoog om so 'n kursus oor drie jaar aan te bied. Matrikulasievrystelling sal nie as toelatingsvereiste geld nie, maar 'n skooleindsertifikaat in die algemene, wetenskaplike of landbourigting.

Volgens gesprekke wat prof. Grobler met landbouleiers gehad het, is almal dit eens dat so 'n kursus noodsaaklik is vir landbou-ontwikkeling en dat daar geleentheid geskep moet word vir die universitêre vor-

★ *Vervolg op bladsy 6*



Mnr. Francois van Wyk is die nuwe karnaval-voorsitter in die plek van mnr. Braam le Roux wat bedank het.

## Nuwe Voors. vir Karnaval

## DONKIES RAAK SOEK

**AS DIE S.R. maar weet hoeveel drama (méér nog as dit wat húlle beleef het) hulle besoek aan Klawerhof se dore op 18 Februarie die arme huiskomitee besorg het, sal sommige dalk beter voel oor die ruwe behandeling wat hulle gekry het.**

Hoër gesag sê: „Eerstejaars gaan slaap elfuur!" Wat maak 'n mens dan as jy elfuur agterkom, dat Dapper en Stapper, die twee geleende donkies, die pad gevat het, losgeruk het van hulle paal (of losgesny is . . .).


Dore moet bed toe, die S.R. is gaste, dus het heelwat verbaasde nagmense daardie nag sewe angstige huiskomiteelede in aanddrag die strate sien patroleer. Thaba Jäh was aanvanklik nie so gretig om te help soek nie, maar wie neem hulle kwalik as hulle om 12.30 nm. lag vir so 'n versoek van 'n dameskoshuis:

„Kom help ons asseblief soek na ons donkies!" Hulle ter ere nagegee: Toe hulle eers begin, toe sóék hulle!"

Die toppunt van moedeloosheid is om òf Dapper òf Stapper, se stukkende toom dóér by Gimmies te kry (2.00 vm.) en te besef: dit help nie, wag tot die son skyn!

Nouja, wat was Klawerhof én Thaba Jäh se vreugde groot toe die twee vabonde uiteindelik die volgende oggend om 7.30 vm. by Wasgoedspruit ontdek word! Die omie-van-die-plot het nou wel 'n paar uur gewag vir sy twee donkies, Phillip Welman se dubbelperiode op 'n Dinsdag het (gelukkig vir sy studente) net tien minute geduur, en op Klawerhof se koshuiskasboek staan aangeteken: „twee donkietooms", maar Dapper en Stapper is tuis, en die dore het ten minste genoeg rus gehad!

# KAMPUS NETHEID ? ?



BY VOORKEUR

GEBAK DEUR

Turkstra

DIE KEURIGSTE GEBAK IN POTCHEFSTROOM

—★—

ONS LEWER AAN DIE UNIVERSITEIT

—ST

# Die pad na die toekoms...

★ ● ★

'N VISIOEN....

NEE,

WERKLIKHEID

MET


PRO REGE

AS U


METGESEL

★ ● ★

ONS HOU AL DIE P.U.-VOORGESKREWE BOEKE AAN



PRO-REGE



**Kerkstraat 95 en Tomstraat 86 — Tel. 5236**

en

**Sasbanksentrum — Vanderbijlpark.**

# KUNSKEPER

DIT is my voorreg om weekliks iets oor die kuns op die Puk se sê. Die liewe kultuur en kuns die swart skapie in die huidige samelewing.

Die mens is mos sportmal, akademiegek, en ly aan 'n ontspanningsmanie. Niemand sal sommer graag kultuurmal wil wees nie. Hier praat ons van kultuur in die engere sin. Dit wat mooi en edel is. Dit wat 'n volk bou en karakter gee. Dit wat rein en edel is.

Maar baie beslis ook die volgende: Nooit kuns terwille van die kuns nie, maar altyd kuns in die dienende vorm — nl. tot eer van ons Skepper en as ek 'n skemeringskennis mag waag: Is daar kuns in absurditeite, onbehoorlikhede, en kuns terwille vir politieke gewin.

Dit dan my inleiding tot die jaar se kuns-kultuur.

Tot wedersiens

MASKER.

# ALABAMA & THALIA SKUD VERE REG

DIE Alabama ritmegroep en drie sangers van Alabama het tydens die Senior-programaand weer eens bewys dat hulle bo aan die leer staan wat vermaaklikheid betref.

Met 'n kort program wat in almal se smaak geval het is aan die eerstejaars getoon hoe Alabama ly. Alabama het natuurlik geen bekendstelling nodig gehad nie aangesien hulle reeds wêreld bekend is.

Onder die bekwame leiding van Louis van Rensburg gaan Alabama hierdie jaar Suidwes-Afrika binneval, met hulle toer gedurende Julievakansie. Dit beloof om een van die aangenaamste toere in jare te wees. Alle sterkte word aan die Alabama se bestuur en lede toegewens, ons weet hulle sal weer soos in die verlede die Puk se naam hoog hou.

**THALIA**

Die eerste gedeelte van die senior-programaand het die Thalia toneelvereniging al die toeskouers laat skaterlag met hulle uittreksels uit Kinkels in die kabels van Andre P. Brink. Groot opgewondenheid heers onder elke Puk om die hele aanbieding te sien.

Volgens Thalia se bestuur loop die reëlings vir hulle toer baie goed en nog net die finale afrondings is nodig. Dus blyk dit dat Thalia se toer ook weer hierdie jaar 'n groot sukses gaan wees.



FOTO BO: Louis van Rensburg — meesterbrein voor musiekkomper.



FOTO BO: Joefie Vorster, die man agter die skerms tydens die senior programaand.



FOTO BO: Suzette van der Westhuizen, sangeres en toneelspeelster.

UITSIG VIS EN SKYFIES

NUWE RESTAURANT

UITSIG-ARKADE

DIE BULT.

Vir:-

BRAAIGEREGTE,
GEKOOKTE ETES
en
VERVERSINGS.

—ST

Johan Malan (Edms.) Bpk.

VUURMAAKHOUT

OWENLAAN 2
en
GOEDERE ERF,
Potchefstroom Stasie.
TELEFOON 5371.

—::—::—::—::—::—

ONS LEWER AF

—::—::—::—::—::—

Posbus 69,
POTCHEFSTROOM.

—ST

## DEUR MY LENS

★ *Vervolg van bladsy 5*

Aan die dames, moenie skroom om jul afkeur te toon nie. Dit is ook belangrik vir die bou van 'n gesonde gees.

Hier is nou 'n kans om te kyk of ons as seniors nie van 1974 'n sukses kan maak nie. Veral die inlywing van eerstejaars in die verskillende fasette van die Universiteit. Onthou hulle is die seniors van môre.



DIE
HUIS VAN
CRONJE
LEMMER

DIE ENIGSTE
MODEONTWERPER
OP
POTCHEFSTROOM

- Vir modieuse dames wat unieke uitrustings soek . . .
- Vir u as persoon vir u geleentheid, bv. trourokke, aandrokke . . .
- Mans onderbaadjies, modieuse pakke en dasse volgens die nuutste modes en ontwerpe gemaak . . .

DAGDRAG — AANDDRAG — TROUROKKE

Santam-arkade, Kerkstraat, Telefoon 7678, POTCHEFSTROOM.

—ST

BARTIE
JUWELIERS

★

JUWELE, HORLOSIES HERSTELWERK EN GESKENKE

★

Die enigste Juwelier op die Bult!

★

UITSIG-ARKADE,
TOMSTRAAT,
POTCHEFSTROOM. TEL. 6597.

—ST

*Eva's Boutique*

VIR AL U NAALDWERKBEHOEFTES

◆

DAMES . . .

ONS HOU 'N GROOT VOORRAAD MATERIALE WAT IN U SMAAK SAL VAL.

◆

H/v. Von Wielligh- en Tomstraat — Tel. 6213
POTCHEFSTROOM.

—ST

# KOM ONS GROET WEER!

**O Pukkie jy!**
**HOE kan ek praat as my hart seer is? My hart is seer want ek is 'n PUK. Hoekom?**

„Hallo!", hoor ek iemand groet, sonder enige reaksie van die ander kant af. Ek staan verwonderd, en weet dat ons met spyt moet erken dat sulke tonele hom meermale daagliks afspeel.

Om watter ander rede sou ons wonder? Die antwoord is logies. Ons is nie meer die klein plattelandse Universiteit nie — ons is 'n massa! Die dae is verby toe almal mekaar naastenby geken het. Ons word elkeen 'n nommer, 'n niks.

Hieroor betoog ek, want ons kan dit verhelp. Met 'n klomp nikse op die kampus kan ons nie saam die genot, die tinteling van student-wees geniet nie. Om vaak-vaak 'n lig te flikker en dan opgewonde en half hartseer na 'n mooi en sommer lekker sêr te luister en om bly te wees saam met 'n nuwe gekose Studenteraad omdat jy hulle ken. Om bly te wees as jy 'n Puk êrens met vakansie raakloop, asof jy wil gil en aan die wêreld wil vertel: Ons is PUKKE.

Kom ons maak die beste van die slegte saak en hou op om tarentaal-tarentaal met mekaar te speel. Hoe?

Groet mekaar en groet mekaar nogmaals. Wees hartlik, wees vriendelik, wees PUK. Laat ons, ons identiteit as spontane PUKKE behou (massa of nie massa nie) en al die dinge soos gees (koshuis- en kampusgees) sal vanself regkom. As elke PUKKIE sy deeltjie bydra ... 'n Klein vuurtjie steek 'n groot hoop hout aan die brand.

Is jy te skaam, te hoogmoedig om iemand te groet en is jy dalk reeds 'n nommer, 'n niks? Dan was jy nog nie PUK nie. Probeer, dis lekker.

Dames, moenie skrik, of dit as 'n vernedering of as voorbarigheid beskou as 'n man jou groet nie en as 'n man jou nie groet nie, groet hom! — iemand gaan tweede viool speel.

Sal ons slaag?
Ons kan slaag!
As ons slaag ... my hart is bly — ek is 'n PUK.

— Schalk.

## WAT NOU, JEREMINA

**GEAGTE Meneer die Redakteur en/of Jeremina. (Die brief is eintlik aan laasgenoemde gerig — daarom die ingeslote appelbloeisel en wilgertakkie.) Dit is weliswaar 'n bietjie laat, maar laat liewer baie ander dinge teen ons mans gesê word, as dat ons nie onsself teen jou beskuldigings in die vorige „Wapad" kan verdedig nie.**

Ek wens ook jy was 'n man, dan sou jy dalk ons kant van die saak insien.

Ons kan nog oor ander dinge as rugby en ons biertjie opgewonde raak, maar al wat julle dames blykbaar wil hoor is huweliksaansoeke, want waarom anders kom julle eintlik

**Briewe van die lesers**

„swot" (en ek skryf dit in aanhalingstekens omdat dit nie Afrikaans is nie). Sodra 'n man 'n eerste afspraak maak, is van die eerste wat uitgevind word, wat hy eendag sal wees as hy in die praktyk staan. Onmiddellik hierop vind 'n begrotingsopstellery plaas en haarfyn word uitgewerk of hy haar en haar kinders teen 'n hoë lewenspeil kan onderhou. Ontken dit, toe!

Jy praat van fliek toe *stap!* My liewe mens, die eerste ding wat julle dames dan wil weet is of die ou 'n motor besit — en asof dit nie erg genoeg is nie wil julle deesdae weet watter soort! En wat van julle arme ou voetjies. Dit sal mos eintlik „opgeblaas" wees van al die blase, en tien teen een sal julle die bus moet haal koshuis toe.

Buitendien, wil jy hê 'n man moet homself die spot van 'n hele dameskoshuis op die hals haal — hy sal mos die „hit" in die skinderhoekies wees — deur so 'n voorstel aan die gemiddelde Pukaster te maak? Ek wonder of hy óóit weer 'n sleep sal kry.

En dat u darem die vermetelheid kan hê om diefstal aan te moedig in 'n publikasie van die Puk. (As jy dalk vergeet het; dit gaan oor „die groot bos blomme uit een van Potch se elite-tuine".) As dit die moreel van die Puk-aster is, weet ek darem nie. Ons wil darem ook nie eendag vir ons kinders sê: „Pa moes steel om Ma se guns te wen", nie.

Sowaar, geen wonder Pukasters het so 'n agterstand vergeleke met asters op ander kampusse. (U eie stelling.) Pas tog maar so 'n bietjie selfondersoek toe.

Appelbloeisel en wilgertakkies.

POLEMIET.

## Dameskomitee

★ *Vervolg van bladsy 2*

**DAMESBLAD**

Mej. Salomé Brits, wat die damesblad van die Wapad behartig sê:

Ons eie Aster, en die Dameskomitee! Ja nee, dames, nou gaan die PUK asters darem wys waartoe ons in staat is. Daar word altyd getwyfel aan die bekwaamheid van ons vroulike geslag. Nou beskik ons oor 'n mondstuk, die Aster, en 'n Dameskomitee, wat ons eie vroulike identiteit na buite gaan uitdra en wat niemand ons gaan misgun nie.

Dit word nou net van ons PUK asters verwag om 'n lewendige belangstelling te toon en d.m.v. Aster kan elkeen van u die wonderlikheid van vrouwees bewys.

Die Dameskomitee gaan met die hulp Aster ons PUK asters se uniekheid vergestalt, sodat die dames geaktiveer word tot 'n lewendige belangstelling in die georganiseerde studentelewe, nie net op ons eie kampus nie, maar ook as die PUK aster as 'n lewendige beeld op die kampusse van ander universiteite.


**JAYS SPARES**

Gouwsstraat 3, Telefoon 5277,
POTCHEFSTROOM.

—:X:—

VIR AL U
MOTOR BYBEHORE,
VERSIERSELS
EN ONDERDELE.

—ST


## IS AL DIE VERENIGINGS NODIG?

**GEAGTE REDAKTEUR, Vergun my asseblief 'n spreekbeurt in u koerant. Ek het 'n mening of wat te lug oor 'n sekere faset van die georganiseerde studentelewe te plaatse, en wel die sosiaal-akademiese terrein.**

Ek wil die bewering maak dat hierdie terrein hopeloos oorgeorganiseerd is. Daar bestaan tans 24 sosiaal-akademiese verenigings op die Puk en ek is oortuig daarvan dat nie meer as VYF van hierdie verenigings se bestaan geregverdig is nie. Daar bestaan hoegenaamd geen behoefte onder die studente vir sulke verenigings nie. Ek grond my stelling op die bywoningssyfer van georganiseerde aksies — die werklike en nie die jaarverslae s'n nie.

Die sosiale aspek het tot nog toe ietwat aftrek gekry maar met die jongste finansiële beleid van die S.R. kan die „sosiaal-" by die meeste kleinere verenigings net sowel geskrap word. Wat die deursnee student betref, verdwyn die waarde van die vereniging dus onmiddellik, want hulle kry mos konsuis genoeg van die akademie in die klas.

Die oorgrote meerderheid van die verenigings bestaan slegs om lyf te gee aan ciriculum vitae en genoeg bestuursfoto's te veroorsaak om die „Besembos" se prys te verdubbel.

Ek wil voorstel dat 'n algehele reoriëntasie plaasvind en dat verenigings wat nie ten minste 'n verteenwoordigende persentasie van die studente, waarop hulle aanspraak maak dat hulle die belange kan behartig, as ingeskrewe lede (d.w.s. wat ledegeld betaal het) het nie, ter wille van hulself moet ontbind. Buitendien, wat hou die sogenaamde „belange" wat behartig word nogal in?

Ag nee wat, laat ons net eenmaal eerlik met onsself wees en al die dooie hout uitsny — ter wille van die gesonde deel van die boom. Onthou, onnodige verenigings lê 'n onnodige las op die S.R. se fondse.

— Snoeiskêr.


**Dit is Somer!**




ROKKE soos geïllustreer en nog baie meer vanaf R5,99
LANG ROMPE ...... vanaf R6,99
BLOESIES, ens. ...... vanaf R2,99

**Fancy That!**

DIE KLEIN WINKELTJIE IN DIE HOEK

POTCHEFSTROOM. TRUSTBANK - DEURLOOP

—ST

# NET TWEE REKORDS OP NAT GRASBAAN



**'N NAT grasbaan wat die gevolg was van die swaar reëns van die afgelope tyd was hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik dat slegs een baanrekord en een rekord in die springnommers op die eerstejaars atletiekbyeenkoms geslaan is.**

Die sterk S.A. junior naelloopkampioen, Naas Willemse, het die 200 meter wedloop in die nuwe rekordtyd van 22,3 sek. afgelê. Willemse het ook die 100 meter naelloop gewen in 'n tyd van 10,9 sek.

Die ander byeenkomsrekord is deur Danie Weitz opgestel toe hy die paalspring met 'n hoogte van 4,02 meter gewen het.

In die 1 500 meter het Johnny Keyser, Johan Marais en Jan van Ellewee vir 'n skitterende wedloop gesorg. Hulle was deurgaans in 'n taai stryd gewikkel en Keyser het uiteindelik gewen met 'n tyd van 4 min. 1,3 sek.

Marais was tweede met 'n tyd van 4 min. 1,5 sek. en Van Ellewee derde in 4 min. 9,2 sek.

Keyser het ook die 3 000 meter gewen. Sy tyd was 8 min. 57,7 sek.

Izak van der Linde het die 800 meter gewen in 'n tyd van 1 min. 57,8 sek. Manie Meyer het die 400 meter hekkies in 57,4 sek. afgelê.

'n Beseerde Kobus Booysen het die gewig met sy linkerhand 13,3 meter ver gestoot.

Helena Stoker het die 100 meter vir dames gewen met 'n tyd van 12,9 sek. en die 200 meter in 26,5 sek.

In die 1 500 meter het Susan Malan gewen in die tyd van 5 min. 37,6 sek.

Wat die veldnommers betref het Annelie Cabano twee oorwinnings op haar kerfstok geplaas. Sy het die gewig 9,37 meter ver gestoot en in die skyfwerp 'n afstand van 40,11 meter behaal.

M. Goosen het die spies 30,4 meter ver geslinger.

Skuur het die spankompetisie vir mans gewen en Wag-'n-bietjie die vir dames.










FOTO REGS: M. Goosen wen die spiesgooi. FOTO HEEL REGS: Johnny Keyser, een van die uitblinkers tydens die byeenkoms, in aksie.

FOTO LINKS BO: Een van die deelneemsters aan die hoogspring seil sierlik oor die dwarslat. FOTO HEEL LINKS: Stewige kompetisie in die 110 meter hekkies. FOTO LINKS: Annelie Cabano het die werpskyf gewen. FOTO ONDER: Izak van der Linde wen die 800 meter-wedloop.



DIE SKOENSENTRUM
KERKSTRAAT 151
TEL. 3508.
Vir die beste modes in studente skoen-smake
DIE SKOENSENTRUM
UITSIG ARKADE,
DIE BULT.
—ST



HUIS en TUIN
U NAASTE FIETSWINKEL
—ST


MOTOLEK
Hierdie onderdele is by u plaaslike
MOTOLEK
verspreider verkrygbaar . . .
POTCH SPARES
Lombardstraat 39, Tel. 6077, 4595,
POTCHEFSTROOM.
—:::—
ELECTRICAL PARTS FOR JAPANESE CARS & TRUCKS.
motolek
—ST

MUSIC INN
vir al u moderne musiektoerusting
— PLATE
— 4- en 8-BAAN-BANDE
— Enigste verskaffers van „POSTERS" in Potch.
H/v. TOM- en VON WIELLIGHSTRAAT,
Telefoon 4130.

DIE EIKE KUNSSENTRUM
Tomstraat 98, Uitsig-arkade,
POTCHEFSTROOM.
Telefoon 8191.
—●—
VIR AL U KUNSBENODIGDHEDE
VERF, KWASTE, PAPIER EN SO MEER
—●—
★ Kunsnaaldwerk
★ Tapiserie
★ Wol
★ Materiale, ens., ens.
—ST

# sport wapad

# VEELSYDIGE SPORTAANWINS

**24 SEPTEMBER 1955. Port Elizabeth. Op die Crusaderrugbyveld woel 'n toetswedstryd tussen Suid-Afrika en Brittanje in al sy felheid. Dat dit 'n gelykopstryd is blyk uit die telling. Suid-Afrika 6, Brittanje 5.**

Dan haak Suid-Afrika die bal uit 'n skrum. Hul klein skrumskakeltjie Tommy Gentles skop dit hoog die lug in. Kaptein Stepen Fry bekom besit van die bal en voer dit na Clive Ulyate. Die witkoploskakel verander blitsvinnig van rigting en gooi die hele Britse agterlyn oorhoops. Hy nael skitterend en plant die bal onder die pale. Duisende jubelende Suid-Afrikaners vlieg die lug in saam met hoede, programme en lemoenskille.

Hierdie drie was die keerpunt van die wedstryd. Suid-Afrika draai die krane oop en wen die toets met 22 punte teenoor 8. Ulyate speel 'n skitterende wedstryd en voeg nog 'n skepdoel by die totaal. Die man wat by die agterdeur ingekom het was nou die held van Suid-Afrika.

Op 1 April vanjaar aanvaar mnr. Clive Ulyate diens as sportafrigter aan die Puk. Hy sal die krieket- en dameshokkiespanne van die universiteit afrig.

### SEWE TOETSE

As student aan Wits het Clive Ulyate in 1953 sy eerste provinsiale rugby vir Transvaal gespeel, nadat hy die vorige seisoen nog onder 19 rugby gespeel het. Hierna word hy egter opsy geskuif. Vroeg in die 1955-seisoen toer hy saam met die Junior Springbokke deur die land.



'n Skitterende vertoning in die laaste proefwedstryd besorg aan hom 'n plek in die Springbokspan teen die Leeus, bo die gereelde Transvaalse losskakel, Natie Rens.

Hy verteenwoordig sy land vier maal teen die Britse Leeus, voordat hy in 1956 weer deur die Rooibontes ingespan word.

In dieselfde jaar is hy lid van die Springbokspan na Australië en Nieu-Zeeland. Hy speel in die eerste drie toetse teen die All Blacks om sy totaal op sewe te staan te bring.

Nadat hy twee jaar in Amerika deurgebring het, neem hy in 1960 aan die Springbokproewe deel. Hy begin egter eers weer die volgende jaar gereeld rugby speel. Vanaf 1961 tot 1963 verteenwoordig hy die Oostelike Provinsie etlike kere as heelagter en losskakel.

Hy speel ook in 1953 vir die Noordelike Universiteite en in 1963 vir die Sentrale Universiteite.

### 97 VAN PROCTER

Ulyate het sowel Transvaal as die Oostelike Provinsie ook op die krieketveld verteenwoordig en kan 'n kolf nogal lustig swaai. Nadat hy agt jaar lank nie krieket gespeel het nie, het hy in die 1964—1965 seisoen ses agtereenvolgende honderdtalle vir sy klub, Carlisle Bridge, en sy subunie, Middellande, behaal.

In dieselfde seisoen slaan hy 97 lopies vir O.P.-B., van onder meer, Mike Procter se boulwerk. Hy het die jong Procter letterlik uit die wedstryd gepraat en die grootste aandeel in sy span se eerstebeurtoorwinning oor 'n Natal B.-span, wat ook spelers soos Barry Richards en Barry Versfeld ingesluit het, gehad.

Sy hoogste telling in eersteklas krieket is 51 teen Noordoos Transvaal. Hy het balle van die Springbokboulers, Jackie Botten en Glen Hall minagtend grens toe gejaag.

Sy hoogste telling in klubkrieket was 190.

Boonop is hy 'n mediumsnelbouler van gehalte. Hy het by meer as een geleentheid die boulaanval geopen vir sowel die Noordelike Universiteite as die Suid-Afrikaanse Universiteite.

Hy het ook vir die Suid-Afrikaanse Plattelandse elftal gespeel.

Mnr. Ulyate sal vir die Puk beskikbaar wees en behoort beslis die span te versterk. Ook Wes-Transvaal sal hom goed kan gebruik. Mnr. Ulyate het meer as tien jaar ondervinding as afrigter in hierdie sportsoort.

Na afloop van die universiteitshokkieweek in 1953 was hy lid van die Protea-span wat 'n gelykopbeslissing van Transvaal afgedwing het.

### S.A. DUIKKAMPIOENE

Mnr. Ulyate se vrou, Sally, sal moontlik ook met sportafrigting behulpsaam wees. Sy is 'n voormalige S.A. Junior duikkampioene en het ook vir die O.P. geduik op die S.A. ope duikkampioenskappe. Sy was 'n sterk aanspraakmaker op provinsiale kleure in hokkie toe sy die spel in 'n vroeë stadium vaarwel toegeroep het om al haar aandag aan die afrigting daarvan te wy.

Sy het vir haar 'n gedugte reputasie as hokkieafrigster in die Oos-Kaap opgebou en ook tennis, swem en netbal met groot sukses afgerig. Die Ulyates is ook ywerige en goeie muurbalspelers en ook hierdie klub sal by hul koms baat.

Verder is mnr. Ulyate 'n geesdriftige gholfspeler en het hy op die oomblik 'n voorgee van 6, hoewel dit op 'n stadium al op 2 gestaan het.

Mnr. Ulyate is 'n aangename persoon met 'n skitterende humorsin.

### MANEWALES

Toe een van die motore van die vliegtuig waarmee die 1956-Springbokrugbyspan na Australië onderweg was, gaan staan het, was dit Clive Ulyate wat met sy manewales 'n klompie benoude Springbokke binne 'n kort tydjie aan die skater gehad het — hul benarde posisie heeltemal vergete.

Hy sal sonder twyfel 'n gewilde figuur op ons kampus word. Met hul grondige kennis van verskeie sportsoorte sal die Ulyate egpaar beslis 'n aanwins vir sport aan die Puk wees.


WANNEER PA NIE MEER

WIL BETAAL NIE

MAAK GEBRUIK VAN ONS

VERSOLINGSDIENS

—★—

SCHWIMM'S

BANDESENTRUM

ONS DOEN KWALITEIT VERSOLINGS EN VERSKAF NUWE BANDE

—★—

U IS VERSEKER VAN FLINKE DIENS BY ENIGE VAN ONS TAKKE DWARSDEUR WES-TRANSVAAL.

—★—

Lombardstraat 10, Telefoon 6777,
POTCHEFSTROOM.

—ST


# Platteland moet talent hê - Ulyate

**„EK is nie bereid om te aanvaar dat Suid-Afrika se sporttalent tot die stedelike gebiede beperk is nie," het mnr. Clive Ulyate, nuutaangestelde sportafrigter aan die Puk, in 'n onderhoud met „Die Wapad" gesê. Om hierdie rede is dit vir hom 'n uitdaging om die verstoke talente aan 'n plattelandse universiteit te kom ontgin.**

Mnr. Ulyate sien baie daarna uit om met sportafrigting aan die Puk behulpsaam te wees en is vasberade om hom hart en siel in sy werk te werp. Hy is veral ingenome met die vooruitsig om met studente te werk, hoewel hy meen dat dit 'n mate van aanpassing sal kos om volwassenes af te rig nadat hy nege jaar in die onderwysberoep gestaan het.

Hy het reeds die Puk besoek en is geweldig in sy skik met die beskikbare fasiliteite. Hy hou besonder baie van die aantreklike opset van die Fanie du Toit-sportterrein en meen dat dit veral vir krieket die ideale atmosfeer skep.

Wanneer mnr. Ulyate diens aanvaar sal die krieketseisoen reeds iets van die verlede wees en hy sal dadelik sy aandag aan dameshokkie kan bestee. Hy wou nie te veel sê oor wat hy beoog om te doen nie, aangesien baie afhang van die omstandighede wat hy hier sal aantref. Hy het egter 'n paar baie interessante idees wat hy hier sal wil kom toepas. Wat dit is sal hy egter self uit die mou kom laat. Wat ons egter wel kan sê is dat dit veral op fiksheid en vaardigheid gerig is.

Wat krieket betref, sê mnr. Ulyate, dat dit nog altyd sy gunsteling sport was.

Hy is 'n sterk voorstander van die bevordering van krieket onder Afrikaanssprekendes. „Indien Afrikaanssprekendes tot dieselfde mate van deelname, as aan rugby, betrek kan word, kan Suid-Afrika se krieketkrag verdubbel word", het hy gesê.

Hy oorweeg dit om van sy tyd aan koshuiskrieketspanne te bestee. Hy stel dit egter duidelik dat sy eerste plig by die universiteitspanne lê en dat hy hulle nie kan verwaarloos ter wille van die koshuisspanne nie. Hy wil eers meer vertroud met toestande op die Puk raak voordat hy 'n besluit in die verband neem.

Toe mnr. Ulyate gevra is watter planne hy vir die krieket in gedagte het, het hy verklaar dat hy sy afrigting by die behoeftes van die spanne sal aanpas. Waaroor hy egter geen twyfel het nie, is dat die belangrikheid van veldwerk nie onderskat kan word nie. Selfs die beste kolwer bied een of ander tyd 'n kans, en die benutting, al dan nie, kan 'n wedstryd se uitslag bepaal. Hy gaan dus baie tyd aan hierdie faset van die spel bestee.


Hy beskou hoë gehalte veldwerk as die grondslag van die sukses van die 1953-Springbokke in Australië. Hulle was die heel eerste Springbokke wat die louere met die Aussies kon deel en het die weg voorberei vir Suid-Afrika se opgang in wêreldkrieket.

Hoewel mnr. Ulyate hom hoegenaamd nie oor die toekoms wil uitlaat nie, lyk dit tog of Puk-sport die volgende paar jaar met hoë verwagtinge tegemoet kan gaan.

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*


U kan gerus u bande versool by . . .

NATYRE BANDAG (Edms.) Bpk.



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK
Groot Voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak

★ Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING.

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM
Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse.

—ST

PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(Edms.) Bpk.
Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In u lig sien ons die lig.
JAARGANG XXIX VRYDAG 8 MAART 1974 Nr. 2

CACHET APTEEK
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# SWARTMAN PRAAT REGUIT

A. M. Gerber

**„EK kom as 'n Swartman, diep bewus dat ek Swart is en u Wit is, maar dat ons in dieselfde Heiland glo", was die woorde van mnr. Gerald Brahms, 'n bekende Kleurlinggeleerde en skoolhoof, op 'n gesamentlike programaand deur Korps Veritas Vincet en P.N.B. op 5 Maart gereël.**

Mnr. Brahms het dit duidelik gestel dat hy niemand wil beskuldig nie, maar eerder die weg wil baan vir kompromis en rekonsiliasie wat nou in die brandpunt van Suid-Afrika se rassebeleid staan.

Mnr. Brahms glo dat apartheid, soos hy dit gestel het, in die weg van 'n sterk verenigde Suid-Afrika staan. Volgens mnr. Brahms lê die oplossing ook nie in volkome integrasie van Wit en Swart nie.



Mnr. Brahms in die middel van 'n vurige betoog. (Foto: Fotografiese Vereniging.)

„Die oplossing lê in die eenheid van Wit en Swart voor God. God sal die uitweg uitlê, maar apartheid verhoed dat Blank en Nie-Blank tot volkome verheerliking voor God kom. Deur apartheid word eie Nasionalisme bo God gestel."

„Deur apartheid word wantroue en konflik tussen Blank en Nie-blank geskep. Apartheid lê in die weg van eenheid en broederskap in Suid-Afrika," het mnr. Brahms verklaar.

Mnr. Brahms het gemaan dat albei partye desnoods sal moet opoffer — die Blankes hul inherente opvattings jeens die Swartman, en die Swartman sal moet vergewe. Vergewe, in die sin van die onreg teen die Swartman deur die Blanke gepleeg. Mnr. Brahms het die kultuurgaping as voorbeeld geneem en verklaar dat beide die beskaafde Swartman en Blanke se kultuur op die Christelike godsdiens gebaseer is.

„Waarom dan die gaping?" het mnr. Brahms gevra.

„Julle het God aan ons voorgestel, maar terselfdertyd het julle ons geleer om julle te haat weens die onreg deur julle aan ons gedoen."

„Swart geleerdes dwaal van God af, omdat hulle die beeld van ' rassistiese God het, Wie die beste vir die Blankes gee en die krummels vir die Swartman los," was mnr. Brahms se antwoord.

Mnr. Brahms het voorgestel dat Blank en Nie-blank 'n eenheidsgees moet ontwikkel wat deur God geriglyn is. Die tyd vir rekonsiliasie is, nou. Die uitdaging kom van God af. Menslik verwerping en veragting word ondergeskik gestel aan die Wil van God.

Mnr. Brahms verklaar dat hy bewus is van die verdeeldheid en stryd onder die Nieblanke. Hy is ook bewus van die ouderlinge verdeeldheid en stryd onder die Blankes. Op geen stadium het mnr. Brahms die Afrikaner as onderdrukker aangeval nie, en deurgaans sy stellings van toepassing op beide Blanke volksgroepe gemaak.

Mnr. Brahms het ook na die dreigende gevaar op die landsgrense verwys. Hierdie toenemende bedreiging verplig Blank en Nie-blank om te rekonsilieer en om wedersydse opofferings te maak.

„Ons wapen is dus liefde vir mekaar, vertroue jeens mekaar, die besef om een in God te wees," het mnr. Brahms verklaar.



Kleurlingleiers wat mnr. Brahms vergesel het. Van links na regs sit: Ds. S. Buti, mnr. Chris Wessels en mnr. John Thorton.

# Ingenieurswese op PUK

**VANJAAR bied die P.U. vir C.H.O. vir die eerste keer die eerste jaar in Siviele, Metallurgiese, Mynboukundige, Meganiese en Bedryfsingenieurswese aan.**


Van volgende jaar sal dan ook die tweede jaar aangebied word. Na voltooiing van hierdie twee akademiese jare kan 'n student òf by 'n ander universiteit die finale twee jaar voltooi vir die graad B.Sc. Ingenieurswese, òf hy kan 'n derde jaar hier voltooi en sodoende 'n gewone B.Sc. graad verwerf.

Om toegelaat te word tot hierdie studierigting moet 'n student Wiskunde en Natuur- en Skeikunde as matriekvakke geslaag het. Belangstelling word bestempel as baie goed vir die wegspringslag — 35 studente het ingeskryf vir die eerste studiejaar. Geleenthede vir hierdie studente is feitlik onbeperk en die aanvraag is baie groot. Dit blyk duidelik uit die groot aantal beurse vir ingenieurstudente aan die P.U. vir C.H.O. aangebied, dan ook groot mynmaatskappye en ander gevestigde ondernemings (Ongeveer 33).

Vanaf 1974 bied die PUK dan ook vollediger vierjarige grade in Chemiese en Elektrotegniese Ingenieurswese aan. Hierdie grade is t.o.v. Elektrotegniek. Daar is reeds aansoek gedoen by die Raad van Professionele Ingenieurs dat hierdie ou grade erken word as ingenieursopleiding.

Ons heet die ingenieurstudente welkom en die PUK-massa hou met belangstelling die ontwikkeling by trapkarre dop —kursusse soos Masjientekene, werkswinkelpraktyk, Majsienboukunde en Termodinamiek is immers voorgeskryf. (Veral aangesien daar sprake is van 'n trapkarintervarsity met KOVSIES).

# Sportterrein word geopen



**'N LUISTERRYKE amptelike ingebruikneming van die Fanie du Toit-sportterrein van die Potchefstroomse Universiteit op die Oude Molen-landgoed word beplan vir 22 en 23 Maart. Die P.U.-sportinstituut stel 'n omvangryke program in die vooruitsig, waarby 'n verskeidenheid van sportsoorte betrek word.**

Na verwagting sal verskeie van Suid-Afrika se bekendste sportfigure en Springbokke 'n aandeel aan die verrigtinge hê.

Mnr. Piet Malan, direkteur van die Sportinstituut, het enkele van die reëlings in breë trekke bekend gemaak.

'n Sportsimposium waaraan 'n groot aantal sportlui sal deelneem word op 22 Maart in die Totius-gedenksaal aangebied. „Sportmotivering" is as sentrale tema daarvoor gekies.

Mnr. R. W. J. Opperman, Voorsitter van die S.A. Nasionale Olimpiese Vereniging sal die openingsrede van die simposium lewer en prof. D. P. J. Smith, afgetrede hoof van die departement L.O., sal aan die einde daarvan 'n samevatting van die dag se besprekinge gee. Prof. W. N. Coetzee, voorsitter van die Beheerkomitee van die Sportinstituut sal as Voorsitter van die vergadering optree en prof. H. J. J. Bingle, Rektor sal die aanwesiges verwelkom.

Nagenoeg vyfhonderd gaste word by die simposium verwag, waaronder sportdirekteure; sportbeamptes; dosente in liggaamlike opvoedkunde; sportverteenwoordigers van alle blanke S.A. universiteite; die Sportstigting en Sportfederasie; lede van die Departement van Sport en Ontspanning en die S.A. Olimpiese Vereniging; verteenwoordigers van Provinsiale onderwysdepartemente, Onderwyskolleges en inspektorate; onderwyser-afrigters van skole; sportafrigters in Wes-Transvaal en sportskrywers.

Die hoogtepunt van die verrigtinge is vir Saterdag 23 Maart bepaal, wanneer die klem op massadeelname deur die studente en personeel van die universiteit val. Deur die loop van die dag word die volgende aangebied:

- 'n Feesatletiekbyeenkoms van slegs sowat twee uur.
- Tenniswedstryde tussen spanne van die P.U. en Wes-Transvaal.
- Interkoshuishokkie- en netbalwedstryde en wedstryde tussen die Pukke en Wes-Transvaalse uitnodigingspanne.
- 'n Krieketwedstryd tussen 'n uitnodigingspan van die P.U. en Wes-Transvaal.
- 'n Rolbaltoernooi waaraan Wes-Transvaalse spanne deelneem.
- Drie rugbywedstryde: Puk o.20 teen 'n gekombineerde weermagte o.20-span; 'n oud-Pukspan teen die Pukke se tweede span en 'n gekombineerde S.A. Universiteituitnodigingspan teen die Pukke se eerste span.

Hierbenewens word ook 'n skouspelagtige openingseremonie in die vooruitsig gestel waar die Minister van Sport en Ontspanning, Sy Edele dr. P. G. W. Koornhof as hoofspreker sal optree. Die seremonie sluit onder meer in: die onthulling van 'n gedenkplaat; die voorlees van 'n sportcredo; fanfare; lansering van 'n groot waterstofballon wat bo die krieketpawiljoen sal bly sweef; en 'n gimnastiekvertoning deur die departement liggaamlike opvoedkunde.

Die Fanie du Toit-terrein se sportgeriewe bestaan uit 22 tennisbane, 8 rugbyvelde, 'n atletiekbaan, 5 krieketvelde insluitende 'n moderne pawiljoen met alle geriewe, 9 netbalbane, 4 hokkievelde, 'n rolbalbaan, 'n luukse sportgebou met 'n kafeteria, onthaalsale, kleedkamers, 'n gewigte-oefensaal en 'n noodhulpkamer.

Die Bult
Apteek / Pharmacy
Noordbrug Apteek (Edms.) Bpk.

★ VIR AL U APTEKERBENODIGDHEDE . . .
. . . ONS KEN U BEHOEFTES

Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.) Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer (B.Sc.-Far.) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far.) L.A.V. (Besturend).

# SR ANTWOORD OP APARTHEID

**AAN die einde van verlede jaar het die redakteur van „Pharetra", dit is die studenteblad van die Vrije Universiteit te Amsterdam, die meegaande brief aan die S.R. van die P.U. vir C.H.O. geskrywe. Die S.R.-voorsitter antwoord mnr. Van der Meijden en op versoek van die studenteraad plaas ons dit volledig:**

Geacht bestuur van die Studenteraad,

Zoals jullie waarschijnlijk bekend, zijn naar aanleiding van het bezoek van prof. Cloete aan de Vrije Universiteit te Amsterdam binnen deze universiteit de nodige bezwaren gerezen tegen voortzetting van het uitwisselingsverdrag tussen docenten van de VU en de PU. Op 3 April jl. sprak de universiteitsraad zich uit voor een kritiese bezinning op de kontakten met Potchefstroom. Daarna is een universitaire commissie ingesteld, die zich bezig heeft gehouden met het geven van een toelichting op de binnen de Vrije Universiteit gerezen bezwaren. Wij citeren deze toelichting:

„Het zal u waarschijnlijk niet onbekend zijn dat deze bezwaren samenhangen met ons standpunt ten aanzien van de zogenaamde apartheid. Op de universiteitsraad is door enkele leden nadrukkelijk gesteld en door geen lid tegengesproken dat van onze zijde de apartheid — zowel in de vorm van „grote" als in de vorm van „kleine" apartheid — wordt afgewezen. Wij achten haar in strijd met de gerechtigheid welke aan alle mensen, ongeacht hun huidskleur en ras, de vrijheid verzekert om te kiezen waar zij willen wonen, welke arbeid ze mogen verrichten, met wie zij in het huwelijk willen treden, op welke scholen zij hun kinderen willen laten gaan, enz. enz. Beperkingen van deze rechten mogen nooit aan mensen worden opgelegd met als kriterium hun toebehoren tot een bepaald ras of bezitten van een bepaalde huidskleur. Voor de Vrije Universiteit is de vraag gerezen of de docentenruil met de PU niet betekent dat men zich laat inschakelen in het systeem van de apartheid. Uiteraard zou de vraag haar klem verliezen, wanneer de PU evenzeer als de VU de apartheid zou afwijzen. Van onze zijde kunnen wij ons voorstellen dat u in zo 'n geval zou wijzen op de moeilijkheden dat de vigerende wetgeving in Zuid-Afrika uw handen bindt en het u onmogelijk maakt nietblanke studenten toe te laten. Een principiële afwijzing van de apartheid uwerzijds en een bereidheid om samen met ons elke vorm van raciale ongerechtigheid — zowel in uw land als in het onze als elders in de wereld — te bestrijden, zou ons het gevoel geven dat u en wij dezelfde visie hebben op de van ons door het evangelie gevraagde dienste aan de naaste.

Onze bezwaren hebben wij hierboven duidelijk gemaakt. Toegespitst op onze overeenkomst beteken zij dat het ons moeilijk valt aan de huidige overeenkomst vast te houden, als niet, b.v. via een fundamentele dialoog, duidelijk zou worden dat beide partijen hun roeping om in deze tijd ongerechtigheid te bestrijden in dezelfde zin opvatten."

Tot zover de toelichting van de Commissie voor de Buitenlandse Betrekkingen op de beslissingen van de Universiteitsraad. De redaktie van het VU-studenteblad „Pharetra" stuurt deze tekst aan de studentenorganisaie aan de PU met de bedoeling hierop een reaktie van hun kant te ontvangen.

Deze reaktie zou ons inziens moeten bevatten: het standpunt t.a.v. apartheid, het uitwisselingsverdrag met de VU en de mogelijkheden die men ziet voor een fundamentele dialoog (zoals hierboven voorgesteld) om tot een eenduidige stellingname inzake apartheid te komen. Het afdrukken van zo een reaktie in ons blad zou een stimulans betekenen voor de diskussie onder VU-studenten over dit ons inziens zeer belangrijke onderwerp.

Anderzijds zouden wij het ook op prijs stellen wanneer jullie de studenten aan de PU, middels het orgaan „die Wapad", in kennis stellen van het hierboven geformuleerde VU-standpunt.

In de hoop spoedig een reaktie van jullie kant te mogen ontvangen, tekenen wij,

met de meeste hoogachting,
namens de „Pharetra"-red.,
Anton v. d. Meijden,
red. buitenland.

## S.R. ANTWOORD

DIE redaksie van „Pharetra" verwag om 'n reaksie van die PU vir CHO te ontvang wat drie elemente moet bevat:

1. Die standpunt van die Studenteraad ten opsigte van die uitruil-ooreenkoms met die VU.
2. Die standpunt van die Studenteraad ten opsigte van die moontlikhede vir 'n fundamentele dialoog om 'n eenvormige standpunt ten opsigte van apartheid te probeer bereik.
3. Die standpunt van die PU vir CHO se studenteraad ten opsigte van apartheid.

1. *Die uitruilingsooreenkoms tussen die VU en die PU vir CHO:*

Een van die grondslae van die moderne interstaatlike samelewing, in teenstelling met die konfrontasiebeleid van eeue gelede, is die beginsel van dialoog, „Audiatur et altera pars". Deur kennis van en begrip vir wedersydse belange en probleme word geskille en moontlike krisissituasie opgelos of vermy. Die vraag wat by die VU opgekom het, nl. of die uitruil van dosente met die PU vir CHO nie inskakeling met die „sisteem van apartheid" beteken nie, is dus in algehele teenstelling met die begrip van dialoog. As uitrui-



ling van dosente sou beteken dat die VU by die „apartheidsisteem" inskakel, is die omgekeerde ewe waar! Die besoeke van Nederlandse akademici aan Suid-Afrika beteken ewemin 'n „inskakeling met die apartheidsisteem" as wat soortgelyke besoeke aan byvoorbeeld Rusland, China of Wes-Duitsland noodwendig 'n inskakeling met hulle sisteem sou beteken. Dit kan egter wel 'n beter wedersydse begrip tot gevolg hê. Dit is dan ook die rede waarom die PU vir CHO van mening is dat die opheffing van die uitruillingsooreenkoms met die VU 'n belangrike kanaal van onderlinge samewerking sal sluit, en beide universiteite 'n geleentheid sal ontneem om mekaar se standpunte beter te kan begryp en te waardeer.

2. *Fundamentele dialoog om 'n eenvormige standpunt oor apartheid te verkry:*

Die studente van die PU vir CHO verwelkom die geleentheid om deur 'n fundamentele dialoog tot 'n eenvormige standpunt oor apartheid te kom. Die oproep van die „Commissie voor de Buitelandse Betrekkingen" tot dialoog om 'n eenvormige opvatting met betrekking tot die bestryding van ongeregtighede te verkry, asook die oproep van die „Pharetra" redaksie tot dialoog oor apartheid, beklemtoon beide die behoefte aan fundamentele dialoog. Persoonlike „face to face" kommunikasie sou die beste manier gewees het om dialoog te voer. Ongelukkig is dit nou nie moontlik nie. Die PU vir CHO sou dus graag deur korrespondensie en deur die wedersydse plasing van mekaar se briewe in ons studenteblaaie met die VU gedagtes wou wissel oor apartheid. Daardeur sal ons menings oor apartheid kan wissel en tot 'n eenvormige standpunt kan kom. As Christene en verteenwoordigers van 'n Christelike studentegemeenskap steun die studenteraad van die PU vir CHO die VU se standpunt heelhartig oor die bestryding van ongeregtighede waar dit ook al ter wêreld voorkom.

3. *Standpunt ten opsigte van apartheid:*

Die VU verwag van die PU vir CHO 'n afwysing of goedkeuring van apartheid waarvolgens die VU sy verdere optrede sal bepaal. Tog is dit vir die studente van die PU vir CHO nie moontlik om apartheid slegs met 'n enkele woord af te keur of goed te keur nie. Op die universiteits-kampus self bestaan daar naas die drie politieke partye, ook 'n groot verskeidenheid menings en sienings oor apartheid. Die drie politieke partye, die Nasionale Party, Verenigde Party en Progressiewe Party het elkeen 'n eie oplossing vir die situasie in Suid-Afrika en 'n eie interpretasie van apartheid. Die Studenteraad van die PU vir CHO, wat ook verskeie sienings verteenwoordig, steun sekere aspekte van apartheid terwyl dit weer akademies-krities staan teenoor ander. As sekere aspekte van apartheid werklik gebaseer sou wees op die beginsel van bevoorregting en oorheersing van een volk oor ander volkere wat hierdie subkontinent bewoon, dan sou dit inderdaad die plig van die studenteraad van die PU vir CHO wees om, in gehoorsaamheid aan sy roeping as studenteraad van 'n Christelike universiteit, so 'n stelsel ten sterkste te veroordeel.

4. *Inleidende gedagtes vir voorgestelde dialoog:*

Aangesien die studente van die PU vir CHO nie 'n eenvormige standpunt oor apartheid huldig nie, kan dit stimulerend wees vir ons diskussies as die VU-studente hulle standpunt of menings laat hoor oor sekere knelvrae en aspekte van apartheid wat tans onder bespreking is op die PU-kampus. Sekere probleme is:

i) Reken die VU-studente dat die verskaffing van selfregering en selfbeskikking aan die Bantoevolkere in Suid-Afrika, soos die Suid-Afrikaanse regering tans oorweeg, veroordeel behoort te word?

ii) Moet die aankoop van welvarende boere se grond deur die regering om dit aan die Bantoe-tuislande te gee veroordeel word, (soos sekere mense tans in Suid-Afrika doen) of aangeprys word as 'n stap in die regte rigting?

iii) Hoe moet die ander volke in Suid-Afrika staan teenoor die onlangse eis van mnr. Buthelezi, leier van die Zuluvolk, dat hy Eerste Minister van Suid-Afrika moet wees omdat hy die grootste volk verteenwoordig? (Daar is 4 miljoen Zulu's in Suid-Afrika en Zululand teenoor die 3,9 miljoen Xhosa's en 3,7 miljoen blankes wat die volgende grootste volke uitmaak; die kleinste volk is die Noord Ndebele wat uit 181,000 mense bestaan).

iv) Moet daar toegegee word aan die eise van sekere mense dat alle onderwys deur medium van Engels gegee moet word of geld die beginsel van moedertaal-onderwys nog? (Naas Afrikaans en Engels word daar in 8 Bantoetale onderwys gegee in Suid-Afrika aan 8 Bantoevolkere wat, hoewel almal swart, van mekaar verskil soos die Duitsers, Hollanders en Noorweërs almal blank is en van mekaar verskil).

v) Is die geregverdig dat die PU-studente die regering kritiseer omdat die regering die Xhosa-studente by Fort Hare Universiteit en die Zulu-studente by Ngoma-Universiteit groter subsidieer per kapita in hulle studies as die PU-studente?

vi) Wat is die VU-studente se siening van die beleide van die opposisie politieke partye in Suid-Afrika? (Die Verenigde Party se federasiebeleid, die Progressiewe Party se beleid van gekwalifiseerde stemreg op grond van materiële bates en akademiese kwalifikasies, en ander kleiner politieke partye in Suid-Afrika met ander standpunte).

Gelyktydig kan sodanige dialoog ook lei tot verdere gedagtewisseling oor die verskillende benaderings en beleide van die Party van de Arbeid, Party D.66, die Katolieke Volksparty, die V.V.D. en ander politieke partye in Nederland oor die aanwending van die werkkrag van „Gastarbeider" sowel as die teenwoordigheid en behandeling van Ambonnese en Surinamers in Nederland.



# PUKKE GAAN TOER OORSEE

**DIE Universiteitsraad het op 'n onlangse vergadering toestemming aan die P.U. Rugbyklub verleen om 'n kort toer deur Europa te onderneem.**

In 'n onderhoud met mnr. Piet Brand, die toerorganiseerder, het hy gesê dat alle voorlopige toerreëlings reeds getref is. Die plan is dat die span agt wedstryde in ses lande teen klubs van formaat sal speel. Dié klubs teen wie die Pukke te staan sal kom is meestal wenners van hulle onderskeie ligas.

Die voorlopige toerprogram wat sal strek vanaf 20 November tot 22 Desember 1974 sien soos volg daar uit: Lisabon vandaar na Madrid, Nice (Suid-Frankryk), Rome, Bern, Bonn, Parys en vanhier af 'n een daagse besoek aan Amsterdam en daarna word die toer afgesluit met twee dae in Londen.

Die span sal bestaan uit drie-en-twintig spelers en drie beamptes wat insluit 'n bestuurder, afrigter en 'n sekretaris. Die onkoste sal ongeveer R600 tot R700 per persoon beloop. Daar sal van elke speler verwag word om 'n sekere bedrag wat nog nie vasgestel is nie in te samel.

Volgens mnr. Brand sal daar geleentheid wees vir 'n groep ondersteuners om saam te gaan. Die aantal plekke beskikbaar vir ondersteuners is nog nie vasgestel nie maar sal mettertyd bekend gemaak word.

Die gedagte is reeds genoem om 'n ondersteuners klub te stig wat die toer sal mee maak. Hierdie klub kan dan met die fondsinsameling en toerreëlings behulpsaam wees. Alle verdere reëlings in verband met die stigting van so 'n klub sal in die volgende WAPAD verskyn.

* Vervolg op bladsy 8

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOK AL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK
„Die Potchefstroomse Boekhandel"
TOMSTRAAT 86 — POTCHEFSTROOM
TEL. 5236
—ST

U kan gerus u bande versool by . . .

NATYRE BANDAG
(Edms.) Bpk.



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK
Groot Voorraad
★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak
★ Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING.

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM
Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse.
—ST

die WAPAD

## ONTSPANNING

Die probleem van ontspanning word al groter. Vanweë die brandstofbeperking moet hierdie probleem ernstige aandag geniet. Dit is nie slegs die taak van die studenteraad nie, maar 'n taak van Potchefstroom se Stadsraad.

Die vraag van watter ontspanningsfasiliteite daar in Potchefstroom is, kom by 'n mens op. Dit word sterk betwyfel of een fliek, twee inryteaters en Die Dam genoeg is. 'n Saak wat nie weg geredeneer kan word nie, is dat Potchefstroom 'n „Jeugstad" is. Regverdig dit dat die PUK, POTE en die Weermag, om nie eens van die Hoërskole te praat nie, met so min ontspanning sit.

Die brandstofkrisis het dit te weeg gebring dat — as voorbeeld — A.B.K.K. nie meer toere na operas en uitvoerings in Johannesburg kan reël nie. Daar is 'n uitweg, om die toneelgeselskappe in Potchefstroom te laat optree. Die vraag wat dan uitgeskreeu word, waar moet dit opgevoer word, hier is nie 'n teater wat groot genoeg is nie. Kan ons nie 'n teaterkompleks in Potchefstroom kry nie of is dit te veel gevra?

## PUKKE BETOOG NIE

'N Onrusbarende gerug doen tans die rondte op die kampus. Dit is wel betreurenswaardig dat die Potchefstroomse Stadsraad besluit het om 'n geskiedkundige gebou in Potchefstroom af te breek. Dit is egter nie die onrusbarendste nie. Dis die feit dat daar 'n groepie studente besluit het om hierteen te betoog. Dit is nie iets wat onder Afrikaanse studente tuishoort nie. Daar is ander metodes wat gebruik kan word om menings te lug. 'n Versoekskrif is baie beter. 'n Goedgemotiveerde versoekskrif kan mense wie se aandag verlang word meer trek. 'n Betoging sal slegs deur die perswese aangeryp word om dié PUK in 'n swak lig te plaas.

## PROGRAMAAND

Baie geluk aan Korps en PNB. met hulle eerste programaand. Die gesamentlike poging van bogenoemde twee hoofliggame verdien beslis 'n eervolle vermelding en kan as uiters geslaagd beskou word.

Die spreker het egter nie altyd aan die vereistes van die akademiese verhoor voldoen nie. Ongelukkig het die opswepingstaktiek wel byval gevind by sekere geledere van die gehoor. Werklike pitkos was uiters skraal en dun gesaai wat die gevolg gehad het dat die persone wat aan die bespreking deelgeneem het die uitsit moes aanvul.

Die spreker het welliswaar genoeg reaksie ontlok wat die aand besonder interessant en geslaagd gemaak het. Ons sien uit daarna om die resultaat van 'n opvolgens vergadering te sien. By so 'n geleentheid kan die Pukke die debat rustig voorsit en helderheid oor sekere probleme kry. Dit sal ook 'n einde bring aan die politieke duisternis waarin party mense leef.

Prof. D. C. S. van der Merwe het 'n puik opsomming van sake gegee en die wysheid van 'n diep denker en briljante akademikus kan nouliks negeer word.

## MINISTER

OP Dinsdag 12 Maart ontvang die Puk besoek van die minister van binnelandse sake dr. Connie Mulder. By hierdie geleentheid sal dr. Mulder 'n boodskap bring tot die Republiek Tarentalia en die aand optree in 'n PNB programaand. Die Pukke sien uit na die toespraak wat dr. Mulder sal lewer by die geleentheid. Dr. Connie Mulder, u word hartlik verwelkom op u Alma Mater.

Mag ons as Pukke lang teue drink uit u ervaringsbeker.

## WAPAD-REDAKSIE

Hoofredakteur: Tiep van Schaik.
Assistent-hoofredakteur: Piet Ebersöhn.
Nuusredakteur: J. H. Habig (Thaba Jah).
Assistent: Jan van Niekerk (Dorp).
Redaktrise Sosiaal: Willemien Jerling (Klawerhof).
Assistent: Salome Jacobs (Dorp).
Redakteur Koshuise: Cobus Erasmus (Skuur).
Assistent: Dalene Delport (Dissa).
Redakteur Akademies: Johan Pretorius (Skuur).
Assistent: Esme Wessels (Karline).
Redaktrise Kunsblad: Belia Booyens (Kulu).
Redakteur Sport: Isak Malherbe (Liberalia).
Assistente: P. J. Meyer (Uitspan); A. F. Vosloo (Skuur).
Redaktrise Damesblad: Salome Brits (Oosterhof).
Redakteur Inter-Universitêr: Danie de Kock (Dorp).
Redakteur P.N.B.: Quintus Pelser.
Redaktrise Korps: Ineke Lindhout.
Redakteur A.B.K.K.: George Lotter.
Redakteur S.A.B.:
Fotoredakteur:
Fotoredakteur: J. F. D. Croeser (Uitspan).
Assistent: Sam Basch (Liberalia).
Sub-Redakteur: Attie Gerber (Liberalia).
Tegniese Versorger:
Sekretaresse: Cecilia Louw (Disa).
Penningmeester:
Sirkulasiebestuurder:

## KLITSGRAS

MET die groot droogte van 1933 nou finaal agter die rug, ná die groot oorstromings van 1973/4, wonder ek of dit nie tyd geword het om die stigma van daardie maer jare finaal af te werp, en ons kampus hier in Wes-Transvaal te laat bot en blom nie.

Na die onsuksesvolle poging om mielies voor Over de Voor aan te plant, is die tyd nou ryp om grasgewasse aan te plant om te voorsien in die groenvoerbehoefte van die studente in die winter. Dit sal terselfdertyd die groot skoonmaak in die lente vergemaklik, die stof uit die oë hou, en die algemene indruk wat die kampus skep, nl. dié van een groot agterplaas, verbeter.

Dit wil tog vir my lyk of die geil jare Josef se skure vol klippe gaan maak i.p.v. „groenvoer", as ek so kyk na die klipperk tussen Karlien en die Sentrale Eetsaal.

Verfraai ons terrein asseblief! Plant gras, blomme, struike en bome, en *gebruik* die water so oorvloedig tot ons beskikking.

Laat ons lyk na die vooruitstrewende Universiteit wat ons veronderstel is om te wees, of vra ek te veel? Antjie.

# WIL - NET - HELP

Geagte Redakteur,

Na aanleiding van 'n brief in die vorige uitgawe van „Die Wapad", wat tot die sosiaal-akademiese vereniging gerig is, wil ek ook graag 'n stuiwer in die armbeurs werp. Ek wil my egter by die Sentrale Akademiese Bestuur bepaal.

Enigiemand wat al die dooierige vergaderings van hierdie hoofliggaam moes meemaak (Ek dwing al om lg. woord tussen aanhalingstekens te skryf), sal met my saamstem dat hier veel ruimte vir verbetering is.

Eerstens die getalle. In die „Besembos" lyk die S.A.B.-foto na 'n koshuisfoto wat Redakteur Fanie se valbyl ontglip het. En die helfte van daardie persone het nooit 'n woord gesê op 'n vergadering nie, want wat moet die onder-voorsitter dan nou ook sê as die voorsitter daar is om die vereniging se oninteressante verslag aan die stuk of dertig — as daar ooit 'n kworum was — verveelde luistenaars (?) voor te hou. Om mee te begin kan met die onder-voorsitters weggedoen word.

Aangesien die onderskeie verenigings se verslae en versoeke nie die ander raak nie — en ook nie interesseer nie — wil ek die hervormings verder voer. Ek sien die ideale S.A.B. as slegs 'n koördinerende liggaam van hoogstens ses dagbestuurslede. Konvenors van komitees kan uit hulle aangewys word en die lede uit die bestuurslede van geaffillieerde en gepatroneerde liggame. Verslae kan skriftelik ingedien word. En die dagbestuur, wat nou die totale S.A.B. uitmaak, kan tweeweekliks vergader om verenigings met sake met hulle wil bespreek, te woord te staan. Dink aan al die tyd wat gespaar kan word nadat u onderstaande syfers vergelyk het.

Onder die ou stelsel:

4 vergaderings x 1 uur minstens) x 50 lede (veronderstel om teenwoordig te wees) = 200 man/ure

Onder die voorgestelde stelsel:

18 vergaderings (hoogstens!) x ½ uur x 10 lede = 90 man/ure.

Is dit nie 'n probeerslag werd nie?

Indien 'n saak opduik waarby almal belang het kan 'n spesiale vergadering baie maklik gereël word.

So kan verhoed word dat die S.A.B. 'n klug word. HY IS GOED OP PAD!

WIL-NET-HELP.

**DIE KINGS HOTEL**

KONDIG MET GENOEË AAN DAT HULLE NOU ONDER NUWE BESTUUR IS.

—★—

ONS BIED:

— Copper Rail Restaurant en Dameskroeg

— Studentekroeg

— A la Carte Restaurant

— Musiek deur die 'Quicksands' van Johannesburg

ONS IS TEN VOLLE GELISENSIEER

—ST

# Uit die Woord

**Mattheus 6 : 9 — „Laat u Naam geheilig word".**

Die Spreukedigter het tereg gesê:: 'n Naam is verkiesliker as groot rykdom." Verloor 'n mens sy goeie naam, verloor hy invloed en vertroue.

Sal 'n goeie kind toelaat dat sy pa se naam in die modder vertrap word? Nee!

Enige mens raak ontstoke as sy naam in die gedrang kom!

Veel meer rede het God tog om Hom te vertoorn as sy hoogheilige Naam gelaster en misbruik word?

Ons bid dikwels: „Laat U Naam geheilig word," maar leef ons dit in die praktyk uit? God eis dit van ons in die derde gebod!

Niemand kan neutraal staan nie. Ons ook nie. Daarom kan ons nie maar met die hedendaagse „kultuur" meegaan en die lastertaal van die wêreld ignoreer nie. Ons kan ook nie net die skouers optrek oor rolprente soos „Paint your Wagon" nie — dit is geen verskoning voor God om te sê: „Dit is mos maar soos die mense gepraat en gelewe het," nie.

Christus skrywe sy Naam op die voorhoofde van sy uitverkorenes en Hy laat ons op sy Naam vertrou. Deur sy soenverdienste het Hy vir ons die ewige saligheid verwerf.

God het aan ons die heerliks verwagting geskenk om ons nou al — in hierdie bedeling — te dra, nl. dat ons eendag deur Hom sal ingaan in sy heerlikheid om sy heilige Naam in ewigheid te prys.

Met die heerlike vooruitsig moet ons dus 'n valse bedagsaamheid vergeet. Ons moet 'n vriend(in) vermaan as dit nodig is. Om te swyg en die laster toe te laat, beteken dat jy jouself en jou vriend laat skade ly. Dan loop ons die gevaar om 'n vloekende volk te red.

Moenie swyers wees nie, maar wees VREUGDEBODES en GETUIES van God se genade wat Hy in Christus aan ons betoon het.

# Grade gratis in absentia toegeken

DIE Potchefstroomse Univ siteit gaan vanjaar ' uit n- dering maak en student wat hulle grade in absentia wil ontvang, kwytskeld van die gebruiklike fooi wat hulle daarvoor moet betaal. Hierdie besluit is geneem met die oog op brandstofbesparing. Die koste van die toekenning van grade in absentia beloop R10 vir 'n doktorsgraad en R6 vir ander grade en diplomas.

Die P.U. is 'n plattelandse universiteit en die meeste van sy studente en hulle familie en vriende moet groot afstande aflê om 'n gradeplegtigheid by te woon. Die studente wat voel om te help met brandstofbesparing deur nie die gradeplegtigheid by te woon nie, sal dus vanjaar hulle grade of diplomas gratis in absentia kan ontvang.

# TARENTAAL: 'N MODELSTAAT

**NAMATE die Republiek van Tarentaal toegeneem het in belangrikheid op alle gebiede, maar veral op die politieke gebied, het dit dringend noodsaaklik geword dat vriendskapsbande met nabygeleë state aangeknoop moet word om die alombekende Westerse beginsels van dialoog te handhaaf.**

Ek kan motiveer wat my stelling was in verband met die belangrikheid op politieke gebied. Dit gebeur ontsettend min — en 'n mens sou 'n lyn kon deurtrek vanaf die beginstadium toe state regeringsvorms begin aanneem het — dat 'n staat 'n eenparty-demokratiese staat kan wees en dan nog op elke denkbare gebied kan floreer. So 'n staat is gewoonlik onderhewig aan voortdurende opstande, betogings, rewolusies en gedurige verandering van regering na gelang van die onguurheid van die weersomstandigheid.


In hierdie opsig is Tarentaal vandag die modelstaat in die wêreld, want ons het 'n regering wat net eenvoudig uit eksperte bestaan en 'n mens kan noodwendig niks anders as 'n unieke utopiastaat verwag waar jy uiters bekwame manne aan die stuur van sake het nie. Selfs sy Edele, Advokaat B. J. Vorster het met genoeë kennis geneem dat hy weer eens as President van Tarentaal verkies is.

Een feit staan egter soos 'n paal bo water — Tarentaal se burgers is nie bang om hulle hout te bring as daar op hulle knoppie gedruk word nie. 'n Duidelike voorbeeld hiervan het ons gehad toe baie onlangs 'n lelike ding hier kop uitgesteek het, naamlik jeugoortredings en die regering verplig was om die burgers op te kommandeer vir hoër diens.

Dit is vir ons 'n riem onder die hoed en 'n veer in die hart om te weet jy werk vir en werk saam met ywerige burgers. Natuurlik sal julle saamwerk — dit immers waarvoor julle ons as regeerders gekies het — om saam met ons te werk en nie teen ons nie.

Voorspoedige eierleggings en Tarentaalgroete.

G. J. CILLIERS
EersteMin.)



# Fliekprogram, 20th Century

**MAARTMAAND**

Woensdag 6 tot Saterdag 9: „White Lightning". Burt Reynolds. 4 tot 18 geen toegang.

Maandag 11 tot Saterdag 16: „Aanslag op Kariba". Will Sealie, Ken Hare. Geen beperking.

Maandag 18 en Dinsdag 19: „Steelyard Blues". Jane Fonda, Donald Sutherland. Geen persone 4—18.

Woensdag 20 tot Saterdag 23: „Anyone for Sex". Hywell Bennett, Nanette Newman. Geen persone 4—21.

Saterdag 23 om 2.15 nm.: „There's a noose waiting for Trinity".

Maandag 25 en Dinsdag 26: „The Glass House". Vic Morrow. Geen persone 4—18.

Woensdag 27 tot Saterdag 30: „Bait". Marius Weyers. Persone onder 12 moet vergesel word deur volwasse persoon.

# KOOP DIE TYD UIT

**HIERDIE boodskap is in besonder gerig tot die eerstejaars wat pas die oriëntering agter die rug het en nou tot 'n groot mate op eie stoom die studentelewe invaar.**

Almal weet van die voortdurende geweeklaag oor die ontspanningsgebrek op die Puk. Dié eerstejaars wat nog nie daarvan gehoor het nie sal stellig binnekort daarvan hoor.

Mense is te geneig om sommer net saam te skreeu sonder om 'n bietjie na te dink. Hier vind hulle 'n geleentheid om te kritiseer — een van die kenmerke van die neo-liberalisme van die huidige tydvak — op 'n skinkbord aangebied, waarom dan nee sê?

Die feit dat verskeie hoof- en onderliggame van die Studenteraad gereeld programaande en dies meer aanbied word gerieflikheidshalwe oor die hoof gesien. Wat meer is, omdat die seniors van jou as eerstejaar vereis om hierdie aksies by te woon, vind jy hierin ook geleentheid om te rebelleer, want pas uit die huis of weermag, is jy nou oorbehep met jou-eie-baas-wees. In die proses onderstreep jy egter maar net die feit dat jy nog nie ryp genoeg is om ten volle tussen voordeel en nadeel te onderskei nie.

Nou 'n goedbedoelde stukkie raad: Werp jou uit want uit ten volle in die georganiseerde studentelewe en jy sal uitvind hoe min tyd oorbly om jou te bekommer oor wat om te doen. Moenie jou vir tydverdryf wend tot drank, bevraagtekenbare avonture met lede van die teenoorgestelde geslag en ander ongesonde vermaak nie. Volkome bevrediging lê nie op daardie terreine nie. Ook pas dit allermins nie by die gees van ons universiteit nie en jy was bewus van die standpunt vòòr jy ingeskryf het. Dus moet jy jou daarby neerlê.

Aktiewe deelname aan die georganiseerde studentelewe help jou om 'n onafhanklike denke te ontwikkel en ook om 'n geestelike paraatheid teen die liberale tydsgees op te bou.

Meer as een persoon het al erken dat hy tot sy spyt nie eerder die georganiseerde studentelewe ontdek het nie. Moenie dat dit jou ook oorkom nie. Begin nou en koop die tyd uit.

Karnaval '73
-hempies
te koop
teen
spesiale
pryse
50c elk
by
SR-kantoor.

# FLIEKRESENSIE

**MIA FARROW is die blinde meisie in „Blind Terror". In hierdie rol lewer sy werklik uitmuntende spel. En dit maak die rolprent met tye heel grusaam — sy kan niks sien nie!**

Wat my betref, voldoen die film egter nie heeltemal aan die vereistes vir 'n riller nie. Dit maak hierdie prent darem ook nie minder goed nie, want daar is uiters spannende momente wat verder verhoog word deur die feit dat die situasie so werklik is.

Die blinde meisie gaan by familie op 'n plaas kuier. Haar verloofde op die buurplaas kom haar kort daarna haal om te gaan perdry. 'n Geheimsinnige gestewelde man maak intussen sy opwagting by die plaashuis waar die familie net van plan is om ook te gaan kuier. By haar terugkoms vind sy nog niemand tuis nie en besluit om te gaan slaap. Vroeg die volgende mòre is haar verloofde weer daar met die perde, en sy kan nie begryp hoekom haar mense nog nie tuis is nie, of is hulle dalk tóg tuis?

Hierna verloop die verhaal vinnig en is daar 'n menigte onverwagte wendinge wat ek aan die nuuskieriges sal oorlaat.

Dit is 'n goeie spanningsverhaal, en die kamera is slim en doelmatig gebruik om ook 'n goeie spanningsrolprent daarvan te maak. Die spelers se byna „onverskillige" speelstyl betrek die rolprentganger so emosioneel dat mens vra waarom dit so min gebruik word. Die tegniek van siende blindheid, m.a.w. dat die gehoor sien wat die meisie nie sien, werk net so uitstekend. In die algemeen geoordeel, is hierdie prent beslis die moeite werd om te gaan sien.

BLIND TERROR word deur Ster versprei.




**ONS is die jeug, die jongmense, die sorgvrye groep van die samelewing waarin ons woon.**

Tog, wanneer ek so rondloop en luister, kan ek nie anders as om te dink dat ons maar net in liggaam jonk en mooi is nie. Ons gees is siek, verrot tot in die kern, 'n stukkende massa vuil.

Nou sal julle vir my vra hoekom? Soveel jaloesie en naywer by een groep mense versamel, is skrikwekkend. Julle beskinder mekaar, praat kwaad, kam die een wat uitstyg af. Daar kan net nie goed gepraat word van jou medestudent nie.

Ja jy, jy wat hier lees wat dink: „Aag wat, dis seker vir ou Jan, of ou Bets hier in die ander kamer, want hy, sy, skinder tog so lekker. Dis julle, die huiskomitees wat die eerstejaars waarsku teen sekere mans op die kampus.

Dames, 'n man gedra hom so goed of sleg as wat sy gesèl dit toelaat. As jy dus persoonlike ondervinding het van die betrokke heer, doen so 'n klein introspeksie, en kyk 'n bietjie of jy verfynd genoeg is.

Julle ou klomp wat heeldag niks anders het om te doen as julle mede-studente te bespreek nie. Jy mans en dameskoshuis, dis in jou binneste waar die vrotspul aangaan. Werp dit uit, trap daarop, begrawe dit, dit stink.

Jy juffrou, jy meneer met jou skynheilige gesig op die kampus. Moet nie 'n tweegesig jakkals wees nie. Leef spontaan en vriendelik, en maak ook jou gees so Ons kan nie van almal hou nie, maar los hom of haar dan om sy of haar eie lewe te ly.

Volgende keer noem ek julle by die naam. Let op.

# TEEKANPRAATJIES

**ORIENTERING is verby en die meerderheid studente is tevrede met die wyse waarop daar ware Puk eerstejaars van die Dore en Drake gemaak is.**

Heelwat van die seniormans is egter van mening dat die Dore tydens die Kenmekaars onherkenbaar vermom was. Dit is tog waar die rondtes met die sakboekies gedoen word om die fraaistes uit te soek.

Die eerstejaarmans het oriëntering in die regte lig beskou en dit selfs geniet. Die eerstejaardames daarenteen kla oor die katterigheid en jaloesie waarmee sommige „oujongnooiens" hulle behandel het.

Verder meen hulle dat dit nodig is aangesien hulle op hierdie manier hulle mede eerstejaars asook die seniors leer ken, ook van hulle matriekmentaliteit en grootheidswaan ontslae raak en sodoende as ware eerstejaars van die PUK ingelyf word.

Alle seniors is dit eens dat alhoewel die ontgroening verby is, die eerstejaars hulle nie met die nodige respek en agting behandel, soos die gewoonte hier op die PUK is nie.

# Boekekomitee

DIE uitsluitlike doel van die komitee is om 'n diens te lewer, en nie om wins te maak nie. Studente wat boeke wil verkoop, kan dit tussen 1.30 en 2.00 nm. na die S.R.-kantoor bring.

Studente moet self die pryse van die boeke vasstel. Daar word gewoonlik ten minste ⅓ op die oorspronklike prys van die boek afgeslaan.

Boeke wat studente na die komitee bring, word na Pro Rege geneem, wat die verkope vir die studente behartig. In Pro Rege is daar 'n spesiale boekrak vir die komitee. Voornemende kopers kan dan die boeke op die rakke uitsoek.

Koop 'n Loop-Happie

Tel. 8343 Olënlaan 3

Het u al ooit een van ons puik wegneemgeregte geniet?

Vergelyk die pryse!

VETKOEK:

| | | | |
|---|---|---|---|
| MAALVLEIS | 25c | EGG BURGER | 35c |
| KERRIE | 25c | BURGER | 30c |
| KAAS en KONFYT | 25c | SPEK en EIER | 30c |
| EIER en TAMATIE | 25c | BILTONG | 30c |
| DAGWOOD | 50c | HOENDER en MAYONNAISE | 30c |
| WORS | 25c | PIESANG | 25c |

ALGEMEEN:

| | | | |
|---|---|---|---|
| HAMBURGER | 30c | HAM | 22c |
| EGG BURGER | 35c | KAAS en TAMATIE | 25c |
| DAGWOOD | 50c | SPEK en EIER | 30c |
| REUSE HOTDOGS | 25c | HOENDER en MAYONNAISE | 30s |

OOK KERRIE EN RYS 30c, 40c, 50c.

Ons lewer verversings by dameskoshuise af en verskaf massaverversings by sport en ander geleenthede.

—ST

# P.N.B.-wapad

## ALGEMENE VERKIESING IN BRITTANJE

**TOE mnr. Edward Heath, die Britse premier, die verkiesing uitgeskryf het, het hy hom op die demokratiese stelsel beroep om die land te red — 'n mens wil amper sê die demokraties-parlementêre stelsel of dalk die parlementêre instelling van die demokratiese stelsel. Ek gebruik hierdie woorde om aan te toon dat die parlement in Brittanje nie meer die crux is waarom die demokrasie draai nie. Die vakbonde poog om die parlement te onttroon.**

Ek sê „die interessante" omdat dit juis die uitbuiting van die gees en instellings van die demokratiese stelsel was wat die Britse volk in hierdie krisis gedompel het. Dit is algemeen bekend dat die vakbondwese in Brittanje tot die fynste nuansies uitgewerk is (meer as in enige ander Westerse demokrasie), en daarom is dit nie verbasend dat dit lyk asof dit binne die vakbondleiers se mag is om enige Britse regering tot 'n val te bring nie — ook die nuwe regering van mnr Wilson.

Wetgewersoewereiniteit, sovereignty of parlement, en demokrasie in Brittanje is begrippe wat herwaardeer of dalk herdefinieer sal moet word.

Een ding kan dit verhinder, en dit is omvattende hervormings — iets wat geen regering nou in Brittanje sal vermag nie. 'n Mens wonder of die Britte deur die huidige krisis sal kom; „muddle through", soos hulle dit stel.

Waar het dinge begin skeef loop?, kan gevra word. 'n Eienskap van die gees van die demokrasie is politieke verdraagsaamheid. Vir sommige beteken dit dat mense van enige ideologiese oortuiging vry moet wees om te sê wat hulle wil, te publiseer wat hulle wil, en hulself te organiseer.

Dit is iets waarop Brittanje hom in die verlede beroep het. Dit is nie iets waarop Suid-Afrika hom beroep nie. Die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme en die Nywerheidsversoeningswet (beide baie tydig deur die parlement aangeneem), is sprekende voorbeelde van die gees wat in Suid-Afrika heers.

Die huidige krisis in Brittanje neig om my te dwing om die bestaan van hierdie wette op prys te stel. Dit laat my ook 'n groter vraagteken plaas agter die oogmerke van die Britse Vakbondraad met sy kommissie na Suid-Afrika, veral in die lig van die mislukking van die vakbondwese in Brittanje om 'n bydrae tot nywerheidsrus en orde te maak.

Die mislukking is tog duidelik: die vakbond is ontwerp om regverdige diensvoorwaardes vir die werker te beding. Dit is nie ontwerp om die regering uit te daag, die volk af te pers, of om die land tot op die drumpel van ekonomiese ondergang te bring nie.

Dít is die strydpunt in die verkiesing. Mnr. Heath se lone-beleid, en mnr. Wilson se propagering van groter nasionalisering, blyk tragies nie ter sake te wees nie. Dit gaan om die vraag na wie Brittanje regeer.

Wat dus nodig is, is 'n mandaat van die Britse volk vir die toepassing van strawwe regstellingsmaatreëls, 'n mandaat om op te tree, 'n mandaat om die vakbondstelsel (die hart van die Britse nywerseidswese, maar glo my, 'n siek hart) te hervorm.

### UITSLAG

Geen mandaat van so 'n aard is verkry nie. Die hervormers se hoop was op mnr. Heath gevestig. Mnr. Heath en sy Konserwatiewe Party het minder setels as die Arbeiders van mnr. Wilson gekry. Laasgenoemde het self nie 'n volstrekte meerderheid nie. Mnr. Heath het intussen bedank, en mnr. Wilson is besig om 'n minderheidsregering saam te stel.

Daar was nog die moontlikheid om 'n koalisie tussen die Konserwatiewe- en Liberale Partye (paradoksaal soos dit mag klink) te vorm, maar daarvoor was mnr. Jeremy Thorpe nie te vinde nie.

Mnr. Thorpe het hom uitgespreek ten gunste van 'n regering van nasionale eenheid wat noodwendig uit al die partye sal bestaan. Só 'n regering sou 'n beperkte program aanpak vir 'n tydperk waaroor ooreengekom sou word.

Op dié wyse sou gepoog word om Brittanje uit die huidige krisis te lig. Dit is egter 'n oorvereenvoudiging van partyverskille en landsprobleme, en het in die verlede nog nooit vrug afgewerp nie.

### GEVOLGE VIR SUID-AFRIKA

Daar kan verwag word dat mnr. Wilson, wanneer die verslag van die Vakbondraad se Kommissie oor Lone in S.A. in die Britse Parlement ter tafel gelê word, sy eerste hou teen Suid-Afrika sal inkry. Oor die rigting wat hy gaan inslaan hoef ons nie te gis nie. Sy vorige termyn en kongresbesluite oor die Simonstadse Ooreenkoms het P.N.B.-Atueel verlede jaar reeds bespreek. Ons weet hoe hy voel oor sportbande met die Republiek. Wapenverkope sal sonder twyfel in die slag bly. Hoe effektief en hoe lank hy sal regeer sal egter nie nou gesê kan word nie.

## Volkere-verhoudings in Stedelike gebiede

**IN DIE huidige tydsgewrig en namate die beleid van volksidentiteit ontplooi, is dit van heersende belang dat elkeen hom moet beywer vir die sukses van die patroon van menseverhoudinge in Suid-Afrika.**

**Hierdie oproep kom tot elke Suid-Afrikaner — wat volksindentiteit voorop stel in die konstruering van 'n beleid. Dit geld vir elke inwoner van die Republiek omdat die patroon van menseverhoudinge nou algemeen onderskryf word.**

**Die N.P. mag die kind voortgebring het, maar hy is ons almal s'n. Daarom rus die verantwoordelikheid op die sentrale, provinsiale en munisipale owerhede, werkgewers en Jan Burger. (Die tuislandowerhede, hoewel hulle 'n rol speel, word hier buite rekening gelaat omdat dit hier in die eerste plek gaan om die stedelike bevolkings.) Dit sê ek sonder huiwering omdat dié belangrikheid nou, in 1974, erken word deur die drie Blanke politieke partye wat in die Parlement verteenwoordig is, en deur die leiers van die Bantoe-volke.**

**In 1959 is wetgewing vir die konstitusionele ontwikkeling van die Bantoe-volke aanvaar. Die aanvaarding van groepsidentiteit as bousteen vir Suid-Afrika se staatkundige toekoms was die vrug van hierdie wetgewing. Vandag is dit net nie meer vir die politieke party — wit of swart — moontlik om in die formulering van sy beleid die volkereverskeidenheid te misken nie. Dit is onlangs deur Kaptein Mongope van die Tswanas uitdruklik so gestel.**

**Die interessante (en verblybende? — hoewel nie algemeen aanvaarde nie) is dat, namate ons weg beweeg van veelrassigheid na veelvolkigheid, vooroordeel en diskriminasie besig is om te kwyn.**

**Daar is vele bewyse: openlike konsultasie tussen gemeenskappe op die hoogste vlak, die aansien en individualiteit (vergelyk maar Kapteins Mongope en Buthelezi se standpunte oor federasie op die twee onlangse simposia) van swartleiers, sport arbeidsbetrekkinge en die regering se nuwe planne vir Nieblankes in die stede. Die Sentrale Regering het onderneem om die wette te vereenvoudig. In Oktober 1973 is 'n nasionale hulpfonds vir nuttige vryetysbesteding in die lewe geroep. Kort tevore is die Bantoesake-administrasierade in die lewe geroep om vir die gasarbeiders 'n groter afsetgebied te bied en wat die belofte van beter lewensomstandighede inhou. Dit is egter slegs die raamwerk wat deur die staat geskep word. Die in-**

* Vervolg in kolom 1

## Volkere-verhoudings

* Vervolg van kolom 6

**vul van die raamwerk hang af van die openhartige samewerking van munisipaliteite — daardie vlak waar die onaangenaamheidjies kan voorkom — waar die groot skade gedoen kan word.**

**Kwetsende diskriminasie wil nie een van ons nie, maar om dit, terwyl dit slegs 'n tydelike maatreël is, af te skaf en daardeur nuwe wrywing te skep, of die reg van die lede van elke gemeenskap om op hulle eie manier, sonder inmenging, te leef en te ontspan, aan te tas — dit sou futiel wees.**

**Geen munisipaliteit kan sy eie koers bepaal of op sy eentjie beplan nie. Optrede sal net positiewe resultate oplewer as dit in ooreenstemming is met die algemeen aanvaarde en onherroeplike patroon waarna verwys is.**



# KOSHUISKOS

## HEIDE

HEIDE is vanjaar vyf jaar oud en om hierdie geleentheid te vier, gaan daar ernstig fees gevier word. Hulle gaan die warmwaterbron, Lekkerrus, te Naboomspruit vir 'n hele naweek lank inneem en groot partytjie hou.

Die manne van Klooster en Dorp kan natuurlik geesdriftig saampraat wanneer daar van sosiale verkeer met Heide geskryf word.

Tydens die intertee saam met Klooster het die asters na Klooster gegaan en volgens die eerstejaars was dit feeste. (Die oudames moes hierdie een keer die voorreg ontbeer.)

Die Dore was so geesdriftig dat hulle hulle intertee opgevolg het met 'n sêr, waaraan die seniordames ook hierdie keer tot hulle groot verdriet nie kon deelneem nie.

Ooglopend was bostaande geval die enigste waarin die eerstejaars die botoon gevoer het. In die eerste twee weke het die ou dames die Dore behoorlik onder hulle duime gehad en hulle baie fluks aan hulle vrot uie laat kou. Die gevolg is dat die Dore darem nou na die weke van intensiewe swaarkry so 'n ietwat ontpop het as goeie eerstejaars.

Heide kan vanjaar spog met 'n paar mooi eerstejaars wat die seniors vinnig laat gryp het na hulle mooimaakgoedjies, veral toe die eerstejaars ewe skielik van hulle pienk dorerokke ontslae geraak het.

Wat nie een van die Dore seker ooit sal vergeet nie, is die veelgeroemde ogpoe wat met moeite gesluk is voordat hulle onthef is. Alle ellende en wraakgedagtes is egter opsygeskuif toe die geweldadige inlywingsproses afgesluit is met 'n dinee wat uit roomys en nogmaals roomys bestaan het. Die Dore het vinnig afgekoel en die ou dames ook.

## MAKOUVLEI

DIT was nou sommer net feeste: 'n Sêr vroeg in die oggend; 'n middagete aan twee hooftafels in die Sentrale eetsaal en op die koop toe 'n braaivleis wat lank onthou sal word. En dit moet onthou word — Makouvlei word tog net een keer mondig. Donderdag 28 Februarie het inderdaad bewys dat Makouvlei 'n familie is wat sy mondigheid met waardigheid kan dra. Mens kan dit net waardeer dat prof. Preller ons die aand met sy aanwesigheid vereer het. Vir daardie makou van Makouvlei kan mens net voel om te werk en te stry, so 'n koshuis verdien dit.

Makouvlei is een-en-twintig jare jonk!

## KLAWERHOF

IN die groen land van die Klawers gaan dit reeds weer heel aan die brand. Die eerstejaars is reeds volbloed Klawers; dit het hulle trouens al bewys met die uiters geslaagde S.R.-onthaal in die egte Cowboy en Can-can-gees! Meneer Pieter Mulder, S.R.-voorsitter, se enigste bekommernis oor dié saak is glo dat die geagte Rektor hom met 'n skaars merkbare glimlag gadegeslaan het terwyl hy in sy voorsittershoedanigheid geblinddoek vooraan 'n groep geblinddoekte S.R.-lede en barbaarse Cowboys uitgery het.

Nou staan Klawerhof egter vol in die akademie, wat gelukkig gereeld genoeg afgewissel word met allerlei interessanthede, soos die organisering van uiters geheimsinnige intertees.

Groot dinge word beplan vir die P.U. Atletiekkampioenskappe, waar die Huiskomitee verteenwoordig sal word deur mej. Willemien Jerling. Mej. Jerling het ingewillig om saam te stap met die 1 500 m langafstand. In die geledere van Klawerhof word ook verwelkom die verloofde van mnr. Kobus van der Walt, mej. Annatjie Voster, wat ook Woensdagaand sal deelneem.

Die Sêr-groep is reeds aan die oefen, en het besluit om hierdie jaar in hulle aanbieding 'n egte Wes-Driefonteinse geur en klank te bring.

Klawernonsies, die koshuiskoerant wat verlede jaar gebore is, gaan vanjaar tot iets groots uitgebou word, só beloof mej. Magrieta Lee.

Op amoreuse vlak gaan dit voor die wind.

Klawerhof groet die Puk en wens almal 'n groot jaar toe!

## SKUUR

BEWUS van die taak wat op hulle wag, het Skuur se Huiskomitee gearriveer, stil en vasberade. Op hul hakke het die eerstejaars gekom, vol mooi drome maar o, só onkundig. Ná 'n week van vroeg opstaan (om so veel as moontlik van die dag te geniet) en laat gaan slaap (bang hulle mis iets) was ons hande reg vir hul vuurproef.

Was dit nie puik nie! Weer eens het die manne van die Olifantbul hul pad oopgestoomroller na oorwinning. Ons simpatie aan die powere kompeteerders wat almal langs die pad gesneuwel het. Onthou „ons vra nie genade en ons gee maar min..."

Geluk aan die Hande van Skuur vir jul spanpoging óp sowel as langs die atletiekbaan, waar ons vanselfsprekend ook die sang oorheers en die beste dirigente gehad het. Ons misken nie ons slepe nie — dankie aan Kasteel en Karlien vir jul mooi bydrae.

Intussen het die ouhere gearriveer in al hul stil, statige, dreigende glorie. Skielik was die Skuur 'n miernes van bedrywighede. Geluk aan elke hardwerkende senior wat meegehelp het tot veral die laaste aand se klimaks. Toe die „ongeorganiseerde chaos" uitbreek (vgl. 'n eerstejaar) het verskeie bevrees die hasepad gekies.

Dankie Karlien, vir die baie aangename byeenkomste wat ons kon deel, en so aan al die dames vir die intertees.

Sterkte vir elke Skuurman en Puk met die meer ernstige dinge, soos sleep, slaap en sloer. Die Skuur se Nuwejaarsbesluit: „Ons maak met almal wat ons wil, want ons is die Olifantbul!"

## TOEKOMS

HIERDIE koshuis, gevestig in die ou Geografie en Drama geboue aan die noordoostekant van die kampus, gaan vanjaar sy derde bestaansjaar binne.

Met nege-en-sewentig inwoners (die grootste inwonertal ooit) gaan Toekoms ook vanjaar poog om, soos in die verlede, dié koshuis op die Puk te wees. 'n Goeie gees van samewerking tussen die manne toon beloftes vir 'n mooi jaar.

Die sewe-en-dertig eerstejaars het mooi ingeval by die algemene gees van die koshuis en het die oriëntering goed deurstaan.

Onder die eerstejaars is daar ook verskeie talentvolle manne en dit kan daartoe bydra dat Toekoms weer vanjaar sy stem kan dik maak op sport-, kulturele- en ander gebiede.

Tot dusver het ons alreeds interaksies gehad met Klawerhof, Kulu, Oosterhof en die dames van die Dorp. Ons wil langs hierdie weg weer eens ons hartlike dank aan hulle oordra.

Binnekort maak ons weer so.

## VERGEET-MY-NIE

heerlike gesellige atmosfeer 'N MOOI nuwe koshuis met mooi meisies... pragtige Vergeet-my-nietjies!

Gedurende die oriëntering was dit baie gou duidelik dat Vergeet-my-nie die oulikste dore op die kampus het. Ons dore het uitgeblink en die eiergooi sommer ver gewen. Dié eier pryk in ons ontspanningsaal.

Met die eerstejaarsatletiek het Vergeet-my-nie goed gevaar. Ons het die SR suksesvol onthaal in die „Casino" wat ons geskep het. Oorspronklikheid en inisiatief was die wagwoorde...

Die terugkeer van die seniors was vir die dore oorweldigend en hulle het deur diep waters gegaan voor die ontheffing Vrydagaand.

Die ontheffingsdinee in Kasteel-eetsaal was werklik 'n hoogtepunt. Die besondere ontwerp van die eetsaal het 'n aan die onthaal verleen, en meer as een eerstejaar het met blinkende oë teruggekeer... Na twee weke met teelepeltjies eet het die jong Vergeet-my-nietjies pragtig met mes en vurg reggekom.

Ons het reeds 'n hele paar suksesvolle intertees agter die blad, met onder andere die gewilde Skuurmanne, 'n braaivleis met Uitspan asook Makouvlei en 'n nader (nat?) kennismaking met Heimat. Over de Voor het ons ook al oorgenooi vir 'n baie gesellige intertee... dis baie duidelik dat die manne ons nie vergeet nie.

Wat die sport(s?) aanbetref is die bal aan die rol gesit en die musikante oefen al vir die sêr. Almal is baie bedrywig.

Onthou ons is die eerste koshuis na die duikweg. As jy daar verby stap — Vergeet-my-nie en kom binne vir 'n koppie tee!

## KLOOSTER

IN die lig van wat reeds alles gebeur het, is dit nou te laat om te sê dat Klooster aan die begin van 'n nuwe jaar staan.

Wat die algemene voorkoms tydens oriëntering betref het Klooster halflyf bo die ander uitgetroon met hulle swart strikdassies en broeke en wit hemde. Om te wys wie baas is, het die Pukkewyne ook telkens aanskoulike parades om die kampus uitgevoer. Terselfdertyd het hulle 'n voorbeeld gestel van hoe 'n goeie Puk nou eintlik moet lyk.

'n Ander rede tot verdere trots is natuurlik die eerstejaarsatletiekbyeenkoms. Ten spyte van die feit dat Klooster in getalle ver oorskadu is, het dit drie ander koshuise se toegewyde inspanning geverg om ons te wen. In goeie sportmangees het die Pukkewyne besluit om elke tweede jaar 'n ander koshuis die geleentheid te gun om te wen.

Goeie nuus van die Pukkewyne aan al die Pukkewyfies is dat Klooster tans op vrye voete verkeer. En te oordeel aan die spontane sêrkompetisies wat gereeld in ons tuine plaasvind sal dit nie lank duur nie...

Aksies wat reeds vanjaar geloods is, is onder meer die suksesvolle vroeë-oggend intertandeborsel met Wanda op die kampus, 'n konsert by Klawerhof en intertee-byeenkomste met Wanda, Wag-'n-Bietjie (wat nie op hulle laat wag nie — nie eers 'n bietjie nie) en Heide.

Die Pukke bedank hiermee vir Wanda wat tydens die eerstejaarsatletiek as waardige metgesel vir ons opgetree het.

## OVER DE VOOR

IN die koninkryk van die leeu het die jaar 1974 sonder veel gebrul begin. Die ou grote bêre sy stem vir groter dinge. En moenie dink hy is nie reeds besig om sy maanhare reg te skud nie. Sy ou swaar poot gaan nog vanjaar 'n hele paar almal-sal-daarvan-weet klappe klap.

En ons buurkoshuis het toe so stil-stil groot geword. Kan julle glo dat Makouvlei al mondig is? Van ons kant af wil ons julle kêrels van harte geluk wens met die mylpaal wat julle bereik het. Mag julle toekoms net goed en mooi inhou. Wat van 'n mosie van vertroue in die boukontrakteurs wat 'n gebou kan oprig wat julle aanslag van een-en-twintig jaar lank kan weerstaan.

Hoe vaar ons in die koshuis-krieketliga? Vra maar vir Dawie Dup. Hulle sal julle beter kan vertel. Hulle onthou Oswald van Niekerk en Lou van Wyk se name beter as onsself.

Groetnis aan al die Pukke. Tot volgende keer.

## KOSHUISKASKENADES

GEAGTE PUKKE,

(En as ek sê „Pukke", bedoel ek elkeen op ons kampus.) Soos julle weet, beteken „Kaskenades" mos Kaperjolle en „Kaperjolle" weer so 'n „Gewieliewaai". Die Wapad sal van nou af weekliks enige interessante gebeurtenisse in die koshuise deur die skinderhoekie wêreldwyd uitlap. Julle is dus welkom om elk sy bydrae te lewer. Daar is net een beperking — dit moet òf groot nuus, òf egte skindernuus wees.

Red. Koshuise.

Ons verneem dat die Pukkewyne se stertvere hang nadat die Olifantbul daarop getrap het. Skuur laat weet: Onthou 'n groot mond is nie bevorderlik vir liefde nie. (Veral as mens so sleg doen in die atletiek ook.)

Skuur se puik gees die jaar is deels te danke aan hul twee puik komponiste Wentzel en Cobus. (Uit vrees dat Alabama hulle by skuur sal kom afrokkel mag ons nie hul vanne bekendmaak nie.)

Karlien sê glo kys is uit die bose — hulle sal van nou af net vassleep.

Over de Voor moes drie nuwe huiskomitee-lede kies. Sterkte aan hulle.

Heimat se eerstejaars wie kelners was, het skynbaar nie die drank bedien nie maar gedien — soos die sloot by Kasteel waarin hulle gery het getuig...

Na hulle inter-sjerrie dink Skuur Karlien se teekanne het die lekkerste tee, veral toe almal so „getee" teruggekom het.

## OOSTERHOF

DIT is mos waar die dames van die Puk bly. Getrou aan ons tradisie gaan ons 1974 'n feesjaar maak, en moet nie dink dit sal die tradisionele intertee met koekies wees nie.

Wat ons beplan word dig in die mou gehou — net om dinge nóg interessanter te maak. Kyk, daar moet natuurlik 'n goeie ewewig tussen akademie en ontspanning wees, dit is die rede waarom die „sports" 'n bietjie meer aandag moet kry.

Die bal is deur die eerstejaars (toe nog dore) afgeskop. Die S.R. het mos 'n verwelkomingsdinee gekry wat tot nou nog sy gevolge het. Wanneer is dit die Oudames se beurt?

Maandagaand het Oosterhof begin met haar eie Studentevaria (Oosteraria?) oor die interkom. Daar is vuur gemaak onder sommige amperverloofdes, en wie weet, dalk gebeur daar baie groot dinge die komende sleeptye.

Ons sportmanne het ook met groot geesdrif begin oefen. Beide die hokkie- en netbalspanne oefen elke middag met die oog op die koshuisliga en die wedstryde op 23 Maart.

In ons midde is 'n puik veldatleet. Annalie Cabano vertoon baie goed in skyfwerp, en behoort maklik die Puk se atletiekspan te haal.

Hou ons dop. Hierdie jaar gaan 'n groot een vir elke OOSTERNOOI wees. Oostergroete.

## KASTEEL

KASTEEL is nou ons nooiensvan en die opsitkers brand steeds korter. Interaksies met Skuur, Dawie Dup, Over de Voor, Makouvlei, Kompleks en Gatland dui op sosiale voorspoed. Die groot dinge lê egter nog voor. Vir die manne wat ons hart wil steel, sal daar altyd iets spesiaals wees. Sêrre en al die lekker dinge word waardeer by Kasteel. Kom kyk maar na al die flikkerligte.

Vanjaar gaan ons ons ook toelê op sukses op die sportterrein. Hokkie, tennis en netbal word hoofsaaklik verteenwoordig — hou ons net dop.

Dinsdagmiddae om half ses by die Fanie du Toit, sal Kastelers ook hard meeding vir die medaljes van die Draf en Leef-aksie van die L.O. vereniging. Boonop het ons nog heelwat oulike planne van optredes in die vooruitsig.

Kasteel het groot gees!

## DORPSTUDENTE

NA afloop van die oriëntering, kan die dorpstudente terugkyk op 'n baie goeie begin in 1974. Die eerstejaars het meer as gewoonlik gely, maar dit was ten goede, soos wat menige ouddraak kan getuig.

Ondertussen is die eerste ledevergadering van die nuwesaal. Die vergadering was heel Februarie in die Hoofgebousaal. Die vergadering wa hseel geslaagd onder leiding van die nuwe bestuur bestaande uit:

Gert Joubert, Eric van der Walt, Theuns Eloff, Mike Zondagh, Johan Wessels, Salomé Jacobsz en Trudy Bezuidenhout. As penningmeester is op die ledevergadering verkies Christo Schwellnus.

Reeds is verskeie aksies op sosiale gebied met verskillende dameskoshuise gehou, waaronder die geslaagdste die braaivleis met Wanda. Binnekort word die dorpshempie beskikbaar gestel, waarvan net 'n beperkte aantal beskikbaar sal wees. Sodra hempie kom kan dit by die Penningmeesterskantoor gekoop word. Die dorpstudente sal binnekort 'n teekamer en ontspanningslokaal kan betrek. Heimat se kombuis is reeds amper ontruim.

Die geselligheid wat op die 9e Maart gehou sou word, is verskuif na die 16e Maart, om 7.30 nm. Reëlings kan met die bestuur getref word. Indien daar dorpstudente is met probleme ten opsigte van D.S.V.-sake kan hulle die bestuur enige middag tussen 1.30 en 2.00 nm. by die S.R. kantoor spreek.

Johan Malan (Edms.) Bpk.

VUURMAAKHOUT

OWENLAAN 2

en

GOEDERE ERF,

Potchefstroom Stasie.

TELEFOON 5371.

ONS LEWER AF

Posbus 69,


POTCHEFSTROOM.

—ST

# sport



BO: Izak van der Linde (links) en Gerrie van Rooyen (regs), twee eerstejaars wat puik vertoon het tydens die Jan de Jongh-byeenkoms in Pretoria. ONDER: Twee deelnemers aan die muurbalkampioenskappe wat verlede week 'n aanvang geneem het. (Foto's: Fotografiese Vereniging.)




na aksie-
satisfaksie




vol-ja smaakvol

LEX


# PUKKE BLINK OP PILDITCH

**PUK-ATLETE was onder andere verantwoordelik vir die puik tye wat verlede Saterdag (2 Maart) tydens die jaarlikse Ian de Jongh-atletiekbyeenkoms op die Pilditch-stadion in Pretoria aangeteken is.**

Die Pukke het tweede geeindig in die mans-afdeling van die kompetisie en derde in die dames-afdeling. Indien die atlete kan voortbou op hierdie mooi vertonings, is dit nie vergesog om te voorspel dat die Pukke vanjaar die Dalrymple - byeenkoms kan wen nie.

Van die beste vertonings wat gelewer is, is Piet Meyer se rekordtyd van 13:13,6 sek. in die 3 000 m-stap. Hiermee het hy die ou Noord-Transvaalse rekord met meer as ses sekondes verbeter.

In die naellope was Gerrie van Rooyen die enigste Puk wat 'n posisie kon behaal. Hy het tweede geëindig in die 100 m met 'n tyd van 10,8 sek. Ruanda Jacobs was tweede in die 100 m vir dames met 11,4 sek.

Die 800 m vir juniors is gewen deur Izak van der Linde in die goeie tyd van 1:55,2. William Smith moes egter tevrede wees met 'n tweede plek in die 110 m-hekkies in 14,8 sek.

In die baannommers kon net Hester Gunter vir die dames 'n eerste plek behaal. Sy het die 400 m in 57,8 sek. afgelê.

Die veldnommers is feitlik deur die Puk-mans oorheers. Hans Booysen het nie net die gewigstoot met 15,38 m gewen nie, hy was ook eerste in die skyfwerp met 'n afstand van 48,62 m.

Deon Troskie se wenhoogte van 2,08 m in die hoogspring was 0,06 m hoër as dié van sy naaste teëstander, Coenie Spamer, ook van die Puk. Met hierdie hoogtes het hulle albei vir sowel die Suid-Afrikaanse Spele as die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe later vanjaar gekwalifiseer.

In die paalspring het Dawie Malan weer eens mooi vertoon en gewen met 'n hoogte van 4,33 m.

# *Gaan eerstejaars skoonskip maak?*

**DIT is maar net nodig om na die beste tennisspelers onder die eerstejaars te kyk om te besef dat daar 'n donker wolk van onsekerheid oor die absolute heerskappy van die Puk se tennissterre hang.**

Of die huidige kampioene weer vanjaar as oorwinnaars uit die stryd gaan tree, sal eers aan die einde van die P.U.-tenniskampioenskappe duidelik wees.

Die toernooi wat Saterdag (9 Maart) begin, word die volgende Saterdag voortgesit en eindig Saterdag, 23 Maart wanneer die eindrondes beslis sal word.

Elmo Ferreira, die mans-enkelspelkampioen van verlede jaar, sal hierdie keer 'n groot taak hê om sy titel teen Pikkewyn Malan en die twee eerstejaars Fanie Campher en Hercules Campher te verdedig. Hoewel Malan uit die aard van sy ondervinding as Ferreira se sterkste teenstander beskou kan word( is dit miskien Fanie Campher wat die ouer manne die meeste gaan laat sweet.

In die mans-dubbelspel is verlede jaar se kampioene, Elmo Ferreira en Pieter Campher, weer die gunstelinge. Hulle moet egter nie die twee Campher-eerstejaars (al die Camphers is terloops familie van mekaar) te lig skat nie.

Nog 'n eerstejaar, Rene van Rensburg, kan groot gevaar inhou vir Rihetta van Heerden se dames-enkelspeltitel. Die huidige kampioene sal beslis alles moet uithaal as sy nie haar titel wil prysgee nie.

In die dames-dubbelspel behoort Marleen Lombard en Rihetta van Heerden nie veel moeite te ondervind om hul titel van verlede jaar te behou nie. Dieselfde geld ook vir Pieter Campher en Marleen Lombard in die gemengde-dubbelspel. Verrassings is egter nie uitgesluit in enigeen vanhi erdie gevalle nie.

## Roeiers maak spane nat

KOBUS ERASMUS, 'n man wat reeds sewe jaar ondervinding van die kanosport het, is Donderdagaand, 28 Februarie, as nuwe voorsitter van die P.U.-Kanoklub gekies tydens die klub se vergadering.

'n Kenmerk van die vergadering was die groot geesdrif wat geheers het. Die klub bestaan uit nie minder as twintig lede nie en elke middag word daar nog groentjies by die Dam touwys gemaak in die kanokuns.

Die klub hoop om aan die einde van Mei genoeg kano's te hê sodat hulle dan op hul voornemende toer kan gaan.

Vir die lede wat reeds fiks is, is daar vanaf eerskomende Maandag (9 Maart) snelroeikampioenskappe om aan deel te neem. Die beste roeiers uit hierdie toernooi sal teen die einde van April aan die Suid-Afrikaanse Kanokampioenskappe gaan deelneem.

## KORFBAL

DIE meeste Pukke het hulle nog nie eers behoorlik in hul nuwe verblyfplekke vir die jaar ingerig nie, toe het die korfbalspeelsters al hul oefenbaan by die ou Puk-bane langs Skuur vol poeierstof getrap.

Volgens Marita Esterhuizen, kapteine van die korfbalspan, oefen die dames elke Maandag- en Woensdagmiddag om halfvyf kliphard om fiks te word vir hul voornemende wedstryde teen manskoshuise waarin hulle die nodige wedstrydoefening wil opdoen voordat hulle Aprilmaand in Noord-Transvaal gaan toer.

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*


# KOMPLEKS, THABA JÄH SLAAN AMPER VUIS

**DIT was so hittete of Saterdag, 23 Februarie, se krieketwedstryd tussen Kompleks en Thaba Jäh het op 'n grootskaalse bakleiery uitgeloop. Gelukkig is die spelers betyds tot besinning gebring en is die manne brom-brom (maar sonder blou oë en seer knoppe) terug huis toe.**

Al die ontevredenheid is veroorsaak deur 'n onduidelikheid in die vertolking van die reëls. Volgens die reëls het elke span een kolfbeurt van twee uur lank in 'n koshuisliga-wedstryd. Daar word egter bepaal dat die span wat laaste kolf se beurt nie later as 12.40 vm. mag eindig nie, want dan moet die wedstryd reeds afgehandel wees.

Van die begin af was dit duidelik dat die Thaba Jäh—Kompleks-wedstryd, wat 'n paar minute laat begin het, 'n baie gelykop stryd gaan wees. Kompleks se kolftyd was om toe hulle 76 lopies op die telbord gehad het vir die verlies van sewe paaltjies. Thaba Jäh het gaan kolf en toe die horlosie op 12.40 staan, was hulle telling 75 lopies vir agt paaltjies. Volgens die reëls was die wedstryd verby, maar omdat die twee spanne laat begin speel het, het Thaba Jäh nog vyf minute van sy werklike kolftyd oorgehad.


Kompleks het egter besluit dat die wedstryd iets van die verlede was en hulle het die penne uitgetrek. Vir 'n geruime tyd het daar groot verwarring tussen die spelers geheers en hulle het gedreig om onder mekaar in te klim. Nadat almal gekalmeer is, is daar besluit om met die probleem na die Sportinstituut te gaan. Die punte is uiteindelik aan Thaba Jäh toegeken.



* Vervolg van bladsy 3

In tussentyd het die WAPAD verneem dat die manne al kliphard begin oefen het want daar moenie uit die oog verloor word dat daar nog 'n stywe seisoen van klub en inter-universitêre rugby voorlê. DIE PUKKE MAG AS TROTSE HOUERS VAN DIE TED SCEALES NIE EEN WEDSTRYD VERLOOR NIE. Dit sluit in Intervarsity asook die wedstryde in die Ted Sceales uitklop-kompetisie.

Elmo Ferreira (bo), mans-enkelspelkampioen, en Rihetta van Heerden (onder), dames-enkelspelkampioene, wat vanaf môre hulle titels op die Puk se tenniskampioenskappe sal verdedig. (Fotokuns.)




MOTOLEK

Hierdie onderdele is by u plaaslike

MOTOLEK

verspreider verkrygbaar . . .

POTCH SPARES

Lombardstraat 39, Tel. 6077, 4595, POTCHEFSTROOM.

—:::—

ELECTRICAL PARTS FOR JAPANESE CARS & TRUCKS.

motolek —ST

PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(Edms.) Bpk.
Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXIX VRYDAG, 23 MAART 1974 Nr. 3.

CACHET APTEEK
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

BIBLIOTEEK

# Saterdag is D-dag vir Pukke

**DIE einde van Sy Edele dr. P. H. J. Koornhof se toespraak op die 23e Maart gaan die begin wees van 'n sportfees soos nog nooit in Potjiesdorp gesien is nie.**

Daardie dag gaan die tokse fluit en die rakette klap. Ja nee Pukke, dit gaan 'n dag wees wat geeneen van ons moet misloop nie. Die opening van die Fanie du Toit-sportterrein gaan die vervulling wees van 'n jarelange droom wat deur elke sportman gekoester is. Dit is nou nie sommer praatjies nie want hierdie kompleks word nie verniet beskou as een van die beste in Suid-Afrika nie.

Met sy agt rugbyvelde, byna 'n halfdosyn krieketvelde, nege netbalbane, 22 tennisbane (klink amper soos die Rosenkowitz sesling) en 'n atletiekbaan volgens Olimpiese afmetings, is dit 'n toonbeeld van ondernemingsgees soos ons nog min gesien het.

Sommer so met die intrapslag, op die 22ste Maart, gaan die klem op sportmotivering val en wat hierdie aspek betref gaan mnr. R. W. J. Opperman, voorsitter van die S.A. Olimpiese Vereniging, die leiding neem. Dit sal 'n simposium wees wat elkeen van ons na aan die hart behoort te lê. Daar gaan gesels word tydens hierdie verrigting, daar gaan sportsake bespreek word, sake wat belangrik is vir elke Puk.

### MASSA

Maar die belangrikste van alles is dat die klem gaan val op deelname deur die massa. Dit is julle kans mense, of jy nou tennis speel of in 'n koshuis se derde rugbyspan is, jy gaan jou beste lewer want dit is jou sportveld, dit is vir jou beswil daar gestel.

Kom ek begin eers by die groot en belangrike sake. Wat dinge aan die rugbyfront betref, beloof die 23e Maart om 'n dag te wees soos min.

Puk se eerste span draf uit teen 'n gekombineerde span van die ander universiteite en Spelers uit nege universiteite gaan die Theos aandurf en julle moet glad nie hierdie gekombineerde span onderskat nie hoor. Hulle spog nie verniet met groot kanonne soos Hannes Marais, Springbokkaptein van 1971, Dawie Snyman, Springbok-losskakel van die Maties en Dugald Macdonald, agsteman van die W.P. en die Ikeys nie. Ja Pukke, al drie hierdie manne sal kom wys waarom hulle binnekort na die Springbok-oefenkamp gaan verhuis.

Die tweede rugbyspan van die Pukke gaan teen 'n vyftiental van oud-studente uitdraf en dit sal nogal interessant wees om te sien of die ou talent in Puk-rugby nog nie totaal verdof het nie. Die onder 20-span draf uit teen die oorlog ('n onder 20-vyftiental van die Noordwestelike Kommandement) wat beloof om 'n harde taai wedstryd te wees.

Dan is daar nog die koshuisfront waar daar 'n paar rugbywedstryde gaan plaasvind wat net soveel opwinding kan oplewer soos die onlangse oorlog in die Midde-Ooste.

### KRIEKET

Dan die krieket. Hier is groot nuus. 'n Puk-span kom te staan teen 'n Wes-Transvaalse span en hier gaan die wilgerlat praat. Die Puk-span spog met groot artillerie soos Ali Bacher, Don MacKay-Coghill en Lee Irwin terwyl die Wes-Transvaalse span met die veterane Trevor Goddard en Graeme Pollock spog.

In die loop van die oggend word daar ook 'n feesatletiekbyeenkoms gehou wat ongeveer twee uur sal duur en is daar ook interkoshuis hokkiewedstryde en netbalwedstryde asook 'n rolbaltoernooi. Allerlei ander items is ook aan die orde van die dag om kleur en luister aan die verrigtinge te verleen.

Iets meer oor die sportterrein self. Dit beslaan 24 morg waarvan ongeveer 22 morg bestaan uit sportvelde. Die terrein is geleë op die Oude Molen-landgoed, 'n geskikte omgewing soos min.

Dit het baie beraadslaging gekos om die jawoord te gee dat hierdie vroeëre moerasgebied drooggelê word om sodoende 'n sportkompleks daar op te rig. Die projek is nietemin aangepak en sal ons die eer hê om die inwydingsgeleentheid by te woon.


### KOMPLEKS

By die krieketvelde is daar 'n pawiljoen met kleedkamers, wasgeriewe en 'n kafeteria. Die moderne sportgebou van drie verdiepings beskik oor alles wat die sportman begeer. Daar is 'n gimnasium, klubkamers, waskamers, kleedkamers en 'n noodhulpkamer. Op die boonste verdieping is daar 'n balkon wat sowat 1 000 mense kan neem en dit bied 'n uitsig oor die hele sportterrein.


Die sportkompleks is vernoem na 'n voormalige registrateur van die Potchefstroomse Universiteit, mnr. S. du Toit. Dit is 'n eerbewys aan hierdie persoon vir sy lewenskragtige belangstelling in die sportaktiwiteite van die Universiteit.

Wyle mnr. Fanie du Toit is in 1902 gebore en het aan die Paarlse Gimnasium gematrikuleer. Op 1 Desember 1926 het hy die pos van assistent-registrateur hier aanvaar en is hy in 1938 bevorder tot registrateur. Hy het hierdie pos tot met sy dood in 1964 beklee.

Dit dan wat betref 'n kort geskiedenis oor die produk wat Saterdag die spil gaan wees waarom elke Puk se aandag gaan draai. Kom Pukke, ek sien julle by die Fanie du Toit.



Vooraansig van die sportgebou op die Fanie du Toitterrein, wat 'n uitsig oor al die verskil.ende sportvelde bied. (Foto: Piet Fotokuns.)



Die lugfoto toon duidelik die sportgebou met 'n krieketveld, atletiekbaan, rugbyveld, tennisbane en hokkiebane. (Foto: Piet Fotokuns.)

# Platsak studente na Europa

**VIR die derde agtereenvolgende jaar bied prof. G. N. van den Bergh van die Departement Geskiedenis en mnr. W. J. Voordewind van die Geografiese Departement 'n Europese toer vir platsak studente aan.**

Teen 'n koste van R825 kry enige student van Puk en Pote die geleentheid om vir 41 dae Europa plat te draf.

Die klem val hier op 'n gebalanseerde studentetoer. Dit is 'n ontspanningstoer, 'n vakansietoer en 'n kulturele toer. Die student gaan die geleentheid hê om eerstehands kennis te maak met die bakermat van ons beskawing en dit op 'n ontspanne wyse. Dit is nie slegs ontwerp met die oog om Europa te sien nie, maar ook met die besondere belangstellingveld van die Afrikaanse student vooropgestel.

Die toer volg nie die gewone toeristepad nie. Behalwe die beroemde stede sal ook die platteland besigtig word. Staptoere deur die mooiste natuurskoon van Switzerland se Oberland en die Alpe is maar 'n paar van die aantreklikhede van hierdie toer.

Verblyf is gereël in sentraal geleë toeristehotelle in die stede. Op die platteland val die klem op plaaslike kleur en verblyf is gereël in herberge.

Besoek word afgelê in Nederland, Duitsland, Oostenryk, Italië, Switzerland, Frankryk, België en Engeland.

Hoe klink dit? Kersfees in die Swartwoud, Oujaar in Parys en Nuwejaar in Brugge. Tussendeur is daar genoeg geleentheid om op u eie ook rond te dwaal.

Wat die toerkoste aanbetref is daar geen bedekte kostes nie. Behalwe die vervoer en verblyfkoste maak dit ook voorsiening vir ontbyt en aandetes, omvattende versekering, visums, verpligte en vrywillige fooitjies en reisgidse, om maar 'n paar te noem.

Lenings van tot R625 is beskikbaar teen 3% rente. Verdere inligting kan van bogenoemde organiseerders verkry word.

'n Maksimum van vyftig studente kan die toer meemaak. Die doel van die toer is volgens prof. Van den Bergh om aan studente wat andersins nooit daaraan sou dink om na die buiteland te gaan nie, die geleentheid te bied.

Die afstande wat afgelê word is relatief kort. Daar is lankal geleer dat 'n mens Europa te voet die beste leer ken en nie uit 'n busvenster nie. Daarom is gesorg dat oral waar daar aangedoen word dit nie gejaagd sal wees nie.

Persone wat vir die toer inskryf sal van tyd tot tyd nuusbriewe ontvang met meer inligting oor byvoorbeeld sakgeld, taalprobleme, bagasie en immunisering.

Die Bult Apteek / Pharmacy
Noordbrug Apteek (Edms.) Bpk.
★ VIR AL U APTEKERBENODIGDHEDE . . .
. . . ONS KEN U BEHOEFTES
Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.) Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer (B.Sc.-Far.) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far.) L.A.V. (Besturend).

# ASTER

## SKOONHEID EN SJARME

**Liewe ASTER,**

**Ek het gedink dat dit glad nie 'n slegte idee sal wees as ons vir die volgende paar weke dieper loer na die skoonheid van die dame. Dit is tog iets waarin elkeen van ons belangstel.**

### WAT IS SKOONHEID?

Dit is nogal 'n interessante vraag... Want sien, elkeen verstaan iets anders onder skoonheid. Veral die manne... Sommige hou van 'n „plomperige" vroutjie, terwyl ander liewer die skraler dame verkies. Maar nou ja, dis nie net die figuur wat skoonheid uitspel nie. Daar is die van ons wat maar nog altyd so vaal vertoon, en bo alles ook sukkel met 'n plompe postuur... Maar asters, luister nou net wat het 'n man nou die dag kwyt geraak...

„Elke vrou is mooi, as sy dit kan regkry om haar eie sjarme en vroulike identiteit te kan vergestalt".

Al wat ons moet doen is om dit wat die natuur aan ons gegee het ten beste te gebruik. Dit kan ons so maklik regkry as ons net ons bates beklemtoon en die minder vleiende aspekte verdoesel. Dit is jou taak om jou „eie ek" te ontdek, en jouself uit te lewe soos jy werklik is. Moenie probeer om jou vriendin na te boots nie, want dit mag fataal wees.

Daar is geen rede om met jaloerse oë na hulle te kyk nie, na hulle wat meer uiterlike skoonheid as jyself besit nie. Wees verseker dat hulle weer met verlangende oë kyk na jou spontane persoonlikheid, of net jou „iets" wat jy spesiaal ontvang het. Buitendien, as jy werklik 'n poging aanwend, kan jy onder die skoonhede op die kampus tel; want waar 'n wil is, is 'n weg.

Die towerwêreld van vroulikheid besit 'n magneet wat elke man trek. Die sleutel van die deur lê in jou eie-self. „Poise" sê Anna Seymore, is die sleutel tot vroulikheid.

Deur 'n begin te maak, kom ons let net vlugtig op na 'n paar puntjies en van volgende week af sal ons elkeen van die sake meer breedvoerig bespreek.

### HOE STAAN JY?

Staan jy met hangskouers of die aarde 'n magneet is? Terwyl dit lyk of jy te skaam is om die wêreld in die oë te kyk? A, nee a, dit is geensins vroulik nie, en vertoon baie swak.

### LOOP JY GRASIEUS?

Dis regtig nie nodig om soos 'n mannekyn te stap nie, maar leer jouself om liggies te stap. Hou jou arms lossies langs jou sye, en onthou, hulle is nie windmeulens om jou te help beweeg nie. As jy trappe klim liewe Aster, hou jou kop hoog, jy is tog trots daarop om 'n dame te wees, en wat lyk meer vroulik as juis 'n aster met 'n lang aandrok wat weet om vroulik en liggies die trappe te bestyg? Wees verseker dat jou langrok jou al die waardigheid verskaf wat jy as aster nodig het.

### HOE SIT JY?

Moeg en uitgeput plof jy op die stoel neer, „want sien, ek is mos moeg klas gedraf". Om alles te kroon moet jou bene ver voor jou uitgestrek word. Nee jong, geen man sal weer twee keer na jou kyk as jy daardie houding inslaan nie. Sit altyd diep in 'n stoel, met jou rug teen die leuning. Kruis jou voete liggies (jou bene slegs as jy 'n wye rok aan het), hou jou hande liggies op jou skoot, en asseblief, moet tog nie vroetel nie.

*Om hard te praat en te lag* trek onnodig aandag en is buitendien baie onvroulik. Wees beslis lewenslustig, dit is 'n bate, maar hou jou tog maar in. Leer die kuns aan om aandagtig te luister aan. Dit maak jou gewild, as ander weet dat jy bereid is om te luister. Moet nooit mense vermaak ten koste van ander nie, en onthou, intelligente geselskap maak 'n vrou stimulerend en opwindend.

### AL OOIT NA JOUSELF GEKYK?

Probeer altyd in 'n positiewe gemoedstoestand wees. Dis tog so aaklig as 'n dame lyk of sy met onweer bedreig word. 'n Negatiewe gemoedstoestand werk nadelig in op almal om jou, verder word jy lelik met harde en ontevrede lyne op jou gesig, wat sulke lelike „ouvrou-plooie" word.

### ONTHOU ALTYD...

Die vier rigsnoere wat die vrou deur die lewe lei is:

1. Goedhartigheid.
2. Bedagsaamheid.
3. Takt.
4. 'n Sin vir humor.

By dit alles:

### GLIMLAG!

'n Warme, hartlike glimlag, is die alfa en omega van 'n vrolike, sjarmante, innemende dame, en by dit word die uitbeelding van:

„When woman's lips are smiling
sure it's like a day in spring
For in the lilt of woman's laughter
You can hear the angels sing."

Aster-groetnis.



### VOETE

*Ek wil by jou voete lê*
*om 'n Rut te wees*
*vir jou*
*soms*

*As jy ween by alleen Maras*
*of worstel by 'n Jabbok*
*wil ek agter jou loop*
*om die pyn te gerf soos graan*
*en uit te wan op*
*die dorsvloer van my vrouwees:*

*die dorsvloer waarheen jy*
*my gelei het*
*toe ek die Moab van my kindwees*
*verlaat het*
*om vir altyd*

*te gaan waar jy mag gaan*

E.R.

## SLEEP

DIE kwessie van sleep is al so holrug gery, dat ons al deur gesit is daaraan.

Dis lekker, goed en mooi om te sleep, maar hoekom word dit beskou as 'n eretitel, 'n ons moet alleen gelaat word, want ons sleep mos. So baie van die slepers kan net paarsgewys kommunikeer en nie in 'n groep spontaan gesels nie. In 'n groep vaar hulle egter beter as wanneer 'n derde bykom — dan laat hulle baie maal die ander persoon as 'n indringer voel. Onthou as jy 'n gesonde sleep verhouding het, moet 'n derde persoon met gemak daarby kan inskakel.

Wees verseker dat dit baie gesellig kan wees wanneer twee slepers byvoorbeeld die aster se vriendin saamneem en haar in hul geselskap betrek. Ek het wel al sulke gevalle op die Puk gesien. Die man moet egter nooit vergeet om ook gelant teenoor die ander aster te wees nie.

Nou sê my hoekom moet so baie slepers van hulle pligte verskoon word omdat hulle dan nou kwansuis moet sleep en die non-slepers sit mos in die koshuis met niks te doen nie, daarom kan hulle maar ingespan word. Dit is snert — as jy op 'n sekere komitee dien of huiskom is dan moet jy alle verantwoordelikhede dra en sommige van jou sleeptyd opoffer. Glo dit as julle wil maar die mense wat saans in die koshuis sit het reeds genoeg werk om te doen.

En nog iets — as jy as aster alleen of met 'n vriendin koffie op die Bult wil gaan drink dan voel jy half verplig om nie in sleeptyd te gaan nie, want 'n mens voel half 'n gek as ander jou so half as 'n indringer bekyk.

Dis sommer net dingetjies wat die non-slepers pla, want jy is mos net in as jy vas sleep. Maar bo alles dit bly maar lekker om te sleep.

## A nee a,

EK dink dit is tyd dat beide geslagte ophou om beskuldigings rond te slinger; dit bring ons nêrens nie en is boonop 'n sinnelose stryery.

Ons is tog geen manlike chauviniste en vroue vryheidsvegters nie. Laat ons dit eerder vreedsaam uitgesels en elkeen sy deel help bydra om die situasie te verbeter.

Die manne kla die dames is terughoudend, stug en te bewus van hulself en die asters sê weer die manne is morsdood, sonder inisiatief en verwaand. Aster het jy al ooit 'n man sommer net vir koffie genooi en jy meneer, hoe reageer jy as 'n aster jou vir koffie nooi — aanvaar jy dit hartlik en kom dan ook die uitnodiging na of kyk jy haar aan asof sy jou gevra het om te sleep.

En manne, as julle op 'n aand sommer so in 'n bondel lus voel vir koffie — kom kommandeer die asters op. Dalk is hulle aan die begin bang om af te kom, maar as hulle eers besef het dat dit net om vriendskap gaan, hou hulle dan dop! Maar meisiekinders dit help alles niks as julle nie ten minste af kom nie.

Vergeet bietjie wie-se-skuld-is wat-se-skuld, hou op om te dink die teenoorgestelde geslag sien 'n wit sluier en 'n goue ring in elke vriendskap. Handel sommer spontaan, op eie inisiatief en maak gebruik van julle studentevryheid waaroor so veel boekdele geskryf word en waarvan so min in die praktyk tereg kom.

En as 'n man 'n ogie op 'n aster het, nooi haar vir koffie — dalk is dit waarvoor sy wag. Per slot van rekening — koffie drink is dié formaliteit op die Puk.

## Net 'n oomblik

„WANNEER die liefde jou roep, volg hom na,
Al is sy weë swaar en steil.
En as sy vleuels jou omvou, gee jou aan hom oor,
Al mag die swaard wat tussen sy penvere verstoke is jou wond.
En glo hom wanneer hy jou aanspreek.
Al mag sy stem jou drome verpletter soos die noordewind wat die tuin verwoes".

„Want net soos die liefde kroon, sal hy jou ook kruisig.
Net soos hy laat uitspruit, sal hy jou ook snoei".

Hoe waar is dit tog nie van die liefde nie: dat mens moet seerkry as jy ook wil liefhê.

„Sommige meen dat droefheid 'n vernedering van die gees is — die ombuig van ons trotse selfversekerheid na deemoed en selfverloëning. Daarom vlug mens van droefheid af weg uit vrees dat hulle persoonlikheid sal breek en vernietig.'"

„Maar verdriet is nooit nèt 'n vernietiger nie. Droefheid kan baie dinge vernietig, maar nooit karakter nie".

Nee wat, laat ons mekaar liefhê. Laat ons mekaar nodig hê.

„Ons gee te min blomme aan mekaar terwyl ons leef, te min ruikers van vriendelike woorde in moeilike tye, van opregte waardering van daaglikse steurnisse, van aanmoediging op daardie grys dae wanneer alles verkeerd loop."

Laat ons vir mekaar iets beteken. Laat jou vriend/in vir jou kan sê: „bly by my
wanneer dit reën
sodat my treurigheid klein kan word".

„Ek glo dat die lewe niks skuld nie, behalwe die geleentheid om goed te doen aan ander."

En onthou:

„Menslike instelling en menslike kennisoordrag kan geleerde mense maak; slegs Een, die Skepper van karakter, kan opgevoede, waardige mense maak".

## Die vrou en politiek

MEVROU Martina Botha, eggenote van Minister Fanie Botha, was op 14 Maart 1973 die gas van die damesgemeenskap van ons Universiteit. Haar toespraak het gehandel oor „Die rol van die vrou in die politiek". Opnuut het ons as jong studente ons plig teenoor ons volk, ons naaste en veral teenoor onsself besef.

Mevrou Botha het klem gelê op die feit dat die hedendaagse vrou, tred moet hou met die tyd, maar dat dit noodsaaklik is om jou godsdienstige, morele en maatskaplike ankers te behou. „Ons leef in 'n veranderde wêreld en alleen deur geloof in God kan jy jou volk en naaste opreg dien, en sodoende jou plek as vrou in die samelwing volstaan", het sy gesê.

Mevrou Botha het haar kommer uitgespreek oor die oorlog wat veral gerig is teen die gees van die jeug, maar sy het haar vertroue in ons jeug ewesterk gestel.

Sy stem dan ook saam met die digter Langenhoven wat gesê het: Die hoogste diens van die vrou is om in 'n nasionale gesindheid by die politiek verby te sien. Sy het ook bygevoeg dat nasionalisme nie na buite toe moet vloei nie, maar dat dit van buite af in die politiek vloei.

Ons ken mevrou Botha as veelsydige persoon. Sy is nie net 'n dinamiese redenaar nie, maar ook 'n ware vrou en moeder. Haar opregtheid en toegewydheid is vir ons 'n inspirasie.

## Wapad-vergadering


**AANDAG alle redaksielede van Die Wapad: Donderdag 28 Maart om 1.30 nm. vind 'n belangrike vergadering plaas. Almal moet daar wees. — Hoofredakteur.**

Bachet Modes

# UITSPAN SE GHOLFBAAN FEESTELIK INGEWY

Mej. H. W. J. van Vuuren

**UITSPAN, dié manskoshuis op die Puk, het Saterdag 16 Maart met 'n groot fees hulle nuwe gholfbaan ingewy. Die baan lê oor die twee vierkante van die koshuis.**



'n Beroemde argitek was verantwoordelik vir die uitleg van die baan, wat een van die gekompliseerdste bane in Suider-Afrika is. Dit is werklik 'n kuns om 'n goeie telling hier te behaal, soos wel deeglik bewys is deur die loop van die middag.

Ná 'n vlaghysing het die seremoniemeester almal baie formeel welkom geheet, veral die dames wat baie feestelik daar uitgesien het met hul formele lang rokke en July-tipe hoede. Die mans was nie minder formeel nie — hoede wat gewissel het van valhelms tot slaapmusse en dasse wat o.a. 'n skoenveter opgelewer het.

Die baan sou ingewy word deur die speel van die eerste putjie deur veteraanspeler Simon Coetzee, en die minder ervare mnr. Ben de Lange. Verder sou twee dames ook die eerste putjie moes voltooi om die baan amptelik te open.

Die reëls van die spel is deur mnr. De Lange verduidelik. Die vernaamste was dat die speler 'n hoed moet ophê en 'n das moet dra — sê nie waar nie.

Die stokke waarmee daar op hierdie baan gespeel word, is vanuit alle hoeke van die wêreld versamel, o.a. uit Rusland en Frankryk en dan is daar ook 'n stok wat deur Jack Niclaus geskenk is. Die joggies is spesiaal opgeleide weelde-artikels, en ook húlle uniforms is volgens voorskrif gemaak.

In die voltooiing van die eerste putjie verbaas mnr. Ben de Lange almal as hy 'n telling van nege aanteken. Mnr. Coetzee moes met 'n nege tevrede wees. Dit gee natuurlik 'n goeie aanduiding van die verraderlikheid van die baan.

Mej. Manda Steynberg en mej. Esta le Roux het voortgegaan met die verrigtinge — mej. Steynberg met 'n egte antieke dertiger-hoed en 'n uiters selfversekerde houding, kon nie die pyp rook teen die meer ongekunstelde mej. Le Roux nie.

Ná die prysuitdeling, waar mej. Susan Raubenheimer die prys vir die besgeklede dame ontvang het, is die verrigtinge afgesluit met 'n glasie lemoen- of cola-likeur.

Ten slotte kan 'n mens net noem dat die geleentheid verewig is deur die SAUK en die pers, wat beide 'n bedrywige tydjie gehad het. Ons vertrou dat Uitspan nog veel roem met hierdie baan sal behaal.

# Staatsleer sentrum is baie bedrywig

**DIE Sentrum vir Internasionale Politiek aan die Potchefstroomse Universiteit het vanjaar 'n groot sprong vorentoe geneem. Volgens prof. C. P. van der Walt, direkteur van die Sentrum, het die personeel byna verdubbel. Daarom kan die Sentrum vanjaar 'n baie groter program as vorige jare aanpak.**

Mnr. P. W. Liebenberg is al geruime tyd met navorsing in die Sentrum besig. Hy spits hom veral toe op internasionale organisasies soos die V.V.O. Mnr. H. R. Lass, voorheen 'n onderwyser, is ook van vanjaar as navorser by die Sentrum aangestel. Sy terrein is o.m. dié van die militêre strategie en revolusionêre oorlogvoering. Twee dames versterk die geledere. Mej. F. S. J. Ackermann is verantwoordelik vir dokumentasie en publikasies. Mev. R. van Wyk is die administratiewe beampte.

Twee tipes byeenkomste word vir vanjaar beplan — vier byeenkomste vir plaaslike belangstellendes en die jaarlikse simposium.

Die tema vir die plaaslike byeenkomste is die Indiese Oseaan. Op 6 Maart 1974 het dr. P. de Klerk, dosent in Geskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteit, 'n voordrag gelewer oor „Die Indiese Oseaan in die wêreldpolitiek: 'n historiese oorsig". Ander onderwerpe wat bespreek sal word, is die aardrykskundige en staatkundige omstandighede in en om die Indiese Oseaan, op 1 Mei 1974; die handel en ekonomie in dié gebied, op 5 Junie 1974; en die Indiese Oseaan en die internasionale magstryd, op 18 September 1974.

Die tema van die simposium op 23 Augustus 1974, waarheen persone landswyd uitgenooi word, is die wêreldpolitiek in die sewentigerjare. Vier referate word beoog: die tendens van ontspanning en toenadering; die huidige super- en grootmoondhede, die sogenaamde magsvyfhoek; die onverbonde of derde wêreld; en Suid-Afrika se plek en rol in die internasionale politiek van die sewentigerjare.

Benewens navorsing en die reëling van byeenkomste en besprekings, beoog die Sentrum 'n stewige lys van publikasies. Die maandelikse nuusbrief, „Die Wêreld in Oënskou" word voortgesit. Die referate wat verlede jaar by die simposium gelewer is, gaan binnekort gepubliseer word. Die tema van die referate is „Politieke geweld en revolusie". Twee monografieë oor die geskil tussen Suid-Afrika en die V.V.O. word nou vir publikasie voorberei. Een is geskryf deur adv. R. F. (Pik) Botha en die ander deur prof. W. Pfeifenberger van Münster, Duitsland.

Prof. Pfeifenberger het Suid-Afrika voorverlede jaar besoek en kon ná ses weke in die land vlot Afrikaans praat. Sy monografie het hy ook in Afrikaans geskryf. Hy is 'n deskundige oor die V.V.O.

Die Sentrum gaan ook 'n werk van prof. T. Molnar van New York publiseer. Dié werk handel oor die probleme van Europa in die huidige internasionale bedeling. Prof. Molnar was in 1969 vir 'n geruime tyd gasdosent aan die Potchefstroomse Universiteit.

Proff. Pfeifenberger en Molnar is geesdriftige medewerkers van die Sentrum vir Internasionale Politiek. Prof. C. P. van der Walt het ook laat blyk dat die Sentrum beoog om oorsese deskundiges as gasdosente hierheen te nooi.

# Rektor oor Prompu

**„DIT word telkens op meer terreine duidelik dat die studente van die P.U. vir C.H.O. met die beginsel van die Universiteit groot erns maak", aldus die rektor, prof. H. J. J. Bingle.**

„Waar hierdie saak by al die gebruiklike studente-aktiwiteite in 'n groot mate sodanig georden is dat alles flink verloop, wend hulle hulle nou al meer en meer tot die probleem van die intervolkse verhoudinge op die studentevlak.


„Hiermee is ons studente-energie egter nog nie uitgeput nie en so het daar 'n organisasie onder die patronaat van die Studenteraad ontstaan wat vir homself 'n vrugbare diensterrein in die plaaslike Kleurlingdorp Promosa gevind het. So het Prompu ontstaan, Promosa en P.U. saamgevoeg.

„Hierdie vereniging het 'n prysenswaardige doelstelling, nl. om aan die genoemde Kleurlinggemeenskap daardie diens te verskaf waaroor hy beskik op 'n verskeidenheid terreine: akademies, sosiaal-maatskaplik, op sportgebied, ten opsigte van ontspanning en kultuur.

„Met voorbeeldige ywer word op elkeen van hierdie gebiede hulp aangebied o.a. deur te help in die Kleurling sekondêre skool met die onderrig van skaars vakke waarvoor daar nie onderwysers te vind is nie, 'n kursus in sportafrigting te reël, kuns-kulturele aanbiedinge.

„Waar Prompu nog aan die begin van sy werksaamhede staan en die ywer by die studente nie ontbreek nie en die middele hopelik ook gevind sal word, spreek ons die hoop uit dat hierdie organisasie 'n model daar sal stel wat navolgenswaardig sal wees in ander streke van ons land.


Dit is Somer!




ROKKE soos geïllustreer en nog baie meer vanaf R5,99
LANG ROMPE ...... vanaf R6,99
BLOESIES, ens. ...... vanaf R2,99

Fancy That!

DIE KLEIN WINKELTJIE IN DIE HOEK

POTCHEFSTROOM. TRUSTBANK - DEURLOOP —ST

KVV wapad

# FEESJAAR VIR KORPS

'N FEESJAAR hou tog sekerlik in dat daar 'n groot feesgeleentheid sal wees. Sal dit 'n feesgeleentheid wees met 'n groot aantal passiewe feesgangers. Die antwoord is dan kort en kragtig: nee. Die rede ook net so eenvoudig nl. dat ons alreeds met hierdie feesgeleentheid begin het. Dink hier maar net aan die programaand saam met P.N.B. en die kort leierskursus saam met S.A.B. Nog twee kursusse en 'n hele aantal programvergaderings word in die vooruitsig gestel. Ons wil by hierdie feesgeleentheid wat die hele jaar duur aktiewe feesgangers hê. Dit is idealisme wat gegrond is op konkrete feite. K.V.V. is immers 'n hoofliggaam wat tagtig jaar bestaan en tog nog spreek tot sy tyd, 'n tyd waarin alle waardes en norme gerelativeer word. Die vaste komponente in ons Christelike normesisteem sowel as die veranderlike is vasgehou.

**BELANGRIKE PLEK**

In 'n studentegemeenskap wat gebaseer is op belangebehartiging het K.V.V. 'n belangrike plek.

Hierdie hoofliggaam behartig die lewensbeskoulike belange in ons studentelewe. Staan ons objektief in hierdie belangebehartiging? Net een antwoord kan gegee word nl. dat ons hierin subjektief betrokke is. Ons kwalifiseer hierdie lewensbeskoulike as suiwer Calvinisties. Kan ons dit doen?

Natuurlik! Is ons nie Afrikaners nie? Kom ons nie uit een van die drie Afrikaanse kerke nie? Studeer ons dan nie aan 'n Christelike universiteit nie? Ons het hier dus te doen met 'n homogene groep: Calvinisme. Saam kan ons dus werk aan die leuse van Korps: Die Waarheid sal oorwin.

Korps is 'n bataljon op mars.

**Hoe gaan Korps te werk?**

Aanvallend.
Militant.
Aggressief.
Verdedigend.
Apologeties.
Besield.

**LEWENSBESKOUING**

Dit is tog die lewensbeskoulike wat die politiek, wetenskap, tegnologie, kultuur, kuns, ontspanning, ja, letterlik alles rig. Ons grootste natuurwetenskaplikes is deur hulle lewens- en wêreldbeskouings gerig. Ons noem net twee: Newton en Einstein. Politiek: Christelik-Nasionaal — het ons politieke siening nie vanuit die Afrikaner se lewensbeskouing gekom nie? So kan ons aangaan — alles word bepaal deur jou lewensbeskoulike en daarvan kan jy jou nie losmaak nie, al wil jy hoe graag.

As die lewensbeskoulike so belangrik is, kan ons anders te werk gaan as aanvallend? Daarom is die oproep tot alle Pukke: Kom werk saam! Neem deel! Kom rus jou toe, sodat wanneer jy in die praktyk staan, jy kan aanval en nie net verdedig nie!

In elke koshuis is 'n Korpssel waarin jy jou kan uitpraat, of is jy: 'n akademiese parasiet; verbitterd; teleurgestelde, minderwaardige papbroek, breëborsmannetjie; 'n sedelose, vervreemde Afrikaner en Christen? Wat maak jy dan op die PUK? Is jy: Christen; Afrikaner; soldaat; reguit mens sonder om te verkleineer; sensitief; 'n leier; gebalanseerde mens; beheersde mens; of 'n PUK? Dit glo ek is elke Puk, en daarom moet elke Puk 'n lid van Korps wees, want dit is sinoniem met mekaar.

Op elke gebied neem die Pukke die voortou: Op sportgebied, kultuur- en akademiese gebied. Ook op die vlak van studente-politiek en op die lewensbeskoulike terrein. Korps skakel met die Student Christian Association wat 'n tak het op elke Engelse kampus. Ook is daar skakeling met SCM, die nie-blanke eweknie van SCA. Ons skakel met SCM ten spyte van S.A.S.O. se beleid van antidialoog. Dit gebeur alleenlik omdat ons 'n gemeenskaplike basis het, naamlik ons Christelike geloof.

**VRAAG**

Die vraag het reeds by my opgekom: Waarom stig ons nie soortgelyke Calvinistiese verenigings op ander Afrikaanse kampusse nie? Het dit nie tyd geword om uit ons koutjie te klim en die doelstellings van ons universiteit en ons studentegemeenskap wyd en syd te verkondig nie?

Sal die laaste stryd op aarde wees tussen politieke partye of verskillende volke? Of sal dit wees tussen Christene en anti- Christene?

Hierop antwoord ons onomwonde: Veritas Vincent — DIE WAARHEID SAL OORWIN.

# Hulpprojek in Suidwes - korps lewer diens

* Pukkie, weet jy wat is volopvreugde soos net 'n student dit alleen kan geniet? Dis om die laatnagstiltes van Suidwes met 'n groot ou vragmotor te deurkruis. Dis om roosand te laai en vaal bakstene skeef-skeef te lê in Suidwes se somerdagbakoonde. Dis om in drade vas te hardloop wat slim springhase vir jou span. Dis om te werk dat jou hande blase is. Dis om in verwondering eerbied te bring wanneer die vuurbal in die vroegskemering die hemelruim donsrooi verf. Dis om stil te glimlag wanneer die Rooi Dominee die Boesmanpaartjie se kinders doop onmiddellik na hy hulle getrou het.

* Dis 'n lewenservaring wat geeneen van die 40 hulpprojektoerlede na Drimiopsis in Suidwes ooit sal vergeet nie. Korps het die eerste drie weke van die afgelope vakansie die tweede fase van sy hulpprojek in Suidwes voltooi. Dit behels die bou van 'n groot skoolkoshuis vir Boesmans by die plaasskool, Hippo.

* Daar is vir twee dae dag en nag met 'n skoolbus gery na tussen die sweet en stof deur nie. En wanneer die koel water van die primitiewe damswembad jou laaf aan die einde van 'n harde dag, is distrik, onder die Boesmans. Wat 'n belewenis is dit nie om saam met Boesmans, Damaras, Hereroes ens. gemeenskap van die




FOTO BO: Korps-lede besig om ruite in te sit in die gebou wat hulle in Suidwes opgerig het.

dit niks minder as feeste nie!

**PROGRAM**

* Bedags is daar van vroeg af gewerk dat dit klap. Selfs die dames het 'n graaf en




FOTO BO: Hulpprojeklede in gesellige luim.

die bestemming. Oral in die hoogoggend en laatnag het die dorpe gebewe van musiek en sang.

* 'n Mens werk hard as jy geen kennis van bouwerk het nie, en daar is net 10 dae om te leer en om klaar te maak wat jy wil! ! Niks is egter só aangenaam as om jouself en jou medestudent te leer ken en verstaan so troffel op 'n manier hanteer wat menige man skaam sou maak. Ambag is nie die woord nie! Byna elke aand het die gasvryheid van Suidwes se mense ons verstom. Een braaivleis en onthaal na die ander!

* Daar is terselfdertyd vrugbare sendingwerk om die beurt gedoen deur die meisies op verskeie plase in die heiliges te beoefen en te sien hoe hulle nagmaal gebruik nie!

* Om 'n konsert aan mekaar te slaan is vir 'n student seker nie moeilik nie, maar om te hoor dat jy professioneel gelyk het op die verhoog van 'n klein dorpie, terwyl jy maar net student was, is voorwaar 'n kompliment. Die silwer-(noot-)kollekte het 'n stywe stoot aan die fondse gegee.

* As mens oor 'n hulpprojek van Korps moet praat kan daar sekerlik jong verhandelings opgestel word oor al die vreugde en geestelike rypwording. Vra maar aan enige toerlid wat so 'n studentesaamwees beteken. In die besonder groei die bewustheid snel:

Wat 'n vreugde om my roeping te vervul.
Wat 'n vreugde om bouer te wees in Gods Koninkryk.

* En jy, Pukkie, kom geniet saam met Korps. Kom deel in volopvreugde. Ons gaan weer in Junie-maand.

Studentekorps, wees eensgesind,
laat waarheidsband ons samebind . . .
Wees welgemoed vir groot werk,
Geloof en hoop maak altyd sterk,
Et Veritas Vincent!

# 23 ONDERLIGGAME

IN sy tweede jaar van desentralisasie, het die Korps Veritas Vincet vanjaar afgeskop met 23 spelers in die span. Die Korps het naamlik 23 onderliggame, wat gaan poog om die 80e bestaansjaar 'n sukses te maak.

In 17 koshuise is daar koshuisselle, wat elk vanjaar vier selvergaderings vir koshuisinwoners wil aanbied oor aktuele onderwerpe. Binnekort sal daar 'n sel in Wag-'n-Bietjie en Skuur-Suid gestig word. Hierbenewens is daar nog ses gepatroneerde komitees van die Korps-Hoofbestuur, waaronder die Studiekring en Studiestukredaksie.

Die Korps se Studiekring help vanjaar met die uitvoering van 'n ASPU-projek (Afrikaanse Studente Persunie). Studentekoerante van al die kampusse word bestudeer en bespreek. Kommentaar word dan gepubliseer in „Kampus-Fokus". „Kampus-Fokus" het al in 1973 verskyn en is aan studenteleiers op die kampus beskikbaar gestel.

Die Publikasiekomitee het tans 'n nuwe boek in die druk wat handel oor studente- en jongmensprobleme van die 70's. Vorige boeke wat al van die Korps verskyn het, is: „In die dae van jou jonkheid", „Dink aan jou Skepper" en „Republiek en Koninkryk".

# KORPS KUIER-KUIER

ENGELS het nie 'n woord vir „kuier" nie. „Visit?" Nee, dis 'n formele ou besoek. Kuier is sommer net lekker gesels, koppies koffie uitdrink, 'n paar keer pyp stop, lekker uit die maag lag en miskien nog 'n sak sout met iemand begin opeet.

Vanjaar het die Korps begin met kuieraande. Op Saterdae-aande, as die koshuise so leeg en verlate is, staan daar 'n huis in die dorp oop vir die Pukke wat wil kom kuier. Die doel is om sommer net lekker te gesels. G'n hoge onderwerp word bespreek nie, maar daar word so van agt uur se kant tot so elfuur koffie gemaak en gesels.

Die reëls vir die spel? Eerstens is dit om al die Akademie by die koshuis te laat. Universiteit en Akademie is taboe op die kuieraande — ons wil mekaar beter leer ken. Verder word daar nie heel aand grappe vertel nie. Die rede is nie om 'n suur geselskap te skep nie, maar omdat 'n grapvertellery dikwels veroorsaak dat die mans die kant en die dames daai kant gaan sit. Dus: G'n segregasie nie.

En die laaste reël vir die spel: Elkeen bring sy eie „Gorrelgoedjies" en beker saam.

Die Korps het al sy eerste

* Vervolg op bladsy 8

# Kom ons praat 'n slag reguit

**ONS LEWE in die twintigste eeu van betogings, omverwerping van bestaande ordes, terrorisme, ensovoorts. Die lewe gaan met rasse skrede „voort". Niemand wil graag agter bly nie. Vakbonde, organisasies, drukgroepe, ensovoorts ontstaan om hulle wil af te dwing of om individue kans te gee om hulle saak te stel.**

Dit alles word gedoen om tot die mens se „voordeel" te strek. Al hierdie dinge gebeur om ons in die wêreld, hier in Suid-Afrika — dit word ook hier op ons eie kampus bespreek en selfs georganiseer en tog bly almal ongelukkig. Dit kla en kritiseer en breek af — nooit word 'n positiewe woord gehoor nie. As iets positief blyk te ontstaan, word dit veroordeel met „ek hoop dit word uitgevoer" of „gaan voort, maar ek twyfel".

### MASSAVERGADERING

Kom ons hou 'n bietjie retrospeksie. Verlede week het ons 'n massavergadering gehad. Van die ± 4 000 studente op die kampus was daar 200 teenwoordig. Waar was al die klaers wat van dag tot dag die PUK kritiseer? Die hele Studenteraad was veronderstel om teenwoordig te wees, hoekom is hulle nie tot verantwoording geroep nie! Ek dink aan ons vriend Reflektor wat die Studenteraad beskuldig dat hulle reeds so kort na die verkiesing vergeet het hulle verteenwoordig 'n studentemassa. Reflektor dit is maklik om 'n pen op te neem en te kritiseer veral as jy 'n rubriek in die Wapad hanteer onder 'n skuilnaam. Ek vertrou jy sal op die volgende massa-vergadering persoonlik opstaan en jou saak stel.

Die „tradisionele" teekan orators bespreek ek nie eens nie. Julle kan ook maar dieselfde doen, of beter — 'n wenk aan julle, die Studenteraad word uit die massa gekies, met ander woorde hulle lewe tussen julle. Hoekom hulle nie na die teekan uitnooi (ek erken sommige sal dit wel wil vermy) en hulle dáár tot verantwoording roep nie. Hulle was bereid om te staan — hulle moet dus ook bereid wees om hul saak te stel — of te val! ! Dit is maklik om na die Studenteraadsvoorsitter te verwys en hom te laat antwoord. Hy is myns insiens, nié direk verantwoordelik vir A.O.B. of P.N.B., waar hulle fouteer nie. Júlle het hulle mos gekies en as hulle nie bevredigend kan antwoord nie gaan dan na die Voorsitter — hy het mos nie die Studenteraad gekoöpteer nie, julle het hulle gekies. Ons evalueer dan sommer die manne wat daar sit.

### DAMESKOMITEE

Van manne gepraat, waar is die dames wat op die Studenteraad moet wees. Aan al dié wat revolusionêre gedagtes het — neem hier 'n voorbeeld! Die Dameskomitee is gestig om hulle kragte saam te snoer en te poog om weer 'n dame op die Studenteraad te kry. Dames as julle erns het, hou hierdie dameskomitee op hulle tone! Dit lyk of van die dames wakker geskrik het, maar wat van so baie ander mans en dames. Hulle sluimer nog heerlik in 'n droomwêreld van hulle eie. Het die besef al ooit tot julle deurgedring dat julle PUKKE is, of geniet julle dit om passief te wees, te kla oor alles en net op mekaar en ander se senuwees te werk.

As lid van die Studenteraad wat so gekritiseer word, was ek bereid om hand in eie boesem te steek soos in die eerste deel van hierdie skrywe maar nou wil ek bietjie na die massa kyk.

### ONTLEDING

Persentasiegewys wil ek dan graag 'n aantyging maak teen die voltydse student — 10% van die PUKKE neem nooit, of by enkele uitsondering aan 'n gesentraliseerde aksie deel, — 65% is net tydens Karnaval en Intervarsity deel van die kampus — 20% neem aktief deel aan aksies en 5% is oorgeorganiseerd.

Ek wil net duidelik stel dat hierdie 'n spekulasie is en nie in waterdigte komponente in-



Kobus van der Walt, U.O.D. (Foto: Fotokuns.)

## Studente-mening

gedeel kan word nie — tog twyfel ek of dit verkeerd is. Oorvleueling is by so 'n spekulatiewe benadering ook logies aanwesig.

Omskrywend sal ek soos volg stel: die 10% groep is studente wat of volslae akademiese wrakke is of wat geen erg het aan studentelewe nie, elke naweek weggaan en net op die kampus klasdraf. Die 65% groep sien ek al amper as 'n gemiddelde student. Hulle aktiewe deelname aan Karnaval en Intervarsity toon hulle oorspronklikheid wat tot uiting wil kom maar die res van die jaar onderdruk hulle dit deur passiwiteit wat al 'n kenmerk geword het van die „moderne" mens. Hieronder sluit ek diegene in wat aan 'n enkele akademiese vereniging behoort of aan 'n spesifieke sportsoort deelneem.

Die 20% groep is ware studente wat hulle self nie slegs akademies wil vorm nie maar besef die breë spektrum van studentelewe en -deelname is tot hul eie voordeel en dus 'n gebalanseerde en verspreide belangstelling het.

Die 5% groep is 'n groep studente wat nie net soos die vorige groep verspreid deelneem nie maar in die leiersposisie is en leiding moet gee. Hulle is bereid om te werk dus word daar maar net altyd opgelaai.

Benewens hierdie evalusie wil ek graag 'n enkele fase van die kampus en koshuislewe aanraak.

### ORIËNTERING

Oriëntasie — Die Studenteraad en Huiskomitees werk onderskeidelik hard aan hulle programme en die deurvoering daarvan. Om eerstejaars suksesvol in te skakel het hulle egter die steun van die massa nodig. Wat kry hulle egter. Seniors wat nie weet wat beteken die begrip „positiewe inskakeling" nie, wil net maak en breek, soms slegs om hulle eie onvermoë en minderwaardigheid te onderdruk. Persoonlik glo ek aan 'n goeie oriëntering en inskakeling en as eerstejaars gedurende die jaar hande-uitruk moet daar tugkomitees van HK's en huisvaders wees wat optree maar die algemene senior moet deur voorbeeld trek en nie net kritiseer nie.

Alle mense het gebreke — ook die leiers op die kampus. Positiewe kritiek is welkom en nodig maar het u al alternatiewe of oorspronklike gedagtes gesuggereer. Dankie aan Reflektor in verband met die skaatsery, maar onthou altyd — wat in die teorie mooi en maklik klink het al in die praktyk op chaos uitgeloop. Hoe gaan Over de Voor se ontspanningsaal se vloer lyk! Ons werk egter aan 'n alternatief.

Aan die adres van mans wat hulle aande verwyl deur kaartspeel, hotelbesoeke, klaagliedere oor wat om te doen en dames wat hulle „verknies" in die koshuise, maak oop julle oë, kyk wat word geadverteer op die plakkate wat julle so maklik afskeur, neem deel daaraan en dink progressief dan sal 'n nuwe wêreld vir julle oopgaan.

### GROET

'n Laaste gedagte! Dit is mode om gesofistikeerd te wees. Moet egter nie so raak dat julle te verhewe voel om student te wees nie. Ons is en bly 'n studentegemeenskap wat mekaar gerus kan groet en in die oë kyk — of steek jy iets weg wat jy bang is ander kan raaksien. As jy, juffrou bang is 'n man sal dink jy soek toenadering as jy groet, is dit jy wat eensydige gedagtes koester. Dieselfde geld vir mans. Wees dus asseblief vriendelik, groet mekaar en laat ons almal saam bou aan ons eie studentegemeenskap.

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*



FOTO BO: So tussen die kuns en kultuur deur is daar ook nog tyd vir vrolik wees by Kuesta. (Foto: Fotokuns.)

# KUNSFEES OP KOVSIE-KAMPUS

**KUESTA '74 word vanjaar op die Kovsie-kampus aangebied van 8—11 April 1974. „Kuesta" is 'n kombinasie van die woorde „kuns" en „fiësta".**

Dit beteken dus dat die geleentheid deur die A.S.B. geskep is vir Afrikaanse studente oor die hele land om hul in sekere kursusse te bekwaam en terselfdertyd ook F E E S te vier.

Dus bestaan Kuesta '74 uit 2 dele nl.

1) Praktiese kursusse;
2) Sosiaal.

Die volgende kursusse word aangebied afhangende van die belangstelling:

a) Skrynwerk en sweis
b) Verkoopstegniek
c) Pistoolskiet en wapenkunde: vir mans en dames
d) Valskermspring
e) Orkestrasie
f) Vir die kampusjuffrou:
   i) Houding
   ii) Hangkasbeplanning
   iii) Bykomstighede
g) Bak en brou vir huis en skou:
   i) Blommerangskikking
   ii) Spysenering
h) Publikasies en joernalistiek
i) Regskursus (veral vir Nie-Regstudente)
j) Afrigting- en skeidsregterskursus
   Gholf, skerm, rugby, vlugbal, seiljag, sagtebal, basket bal, netbal, hokkie, skyfskiet
k) Openbare redevoering
l) Motorherstelkunde:
   i) Gevorderd vir mans
   ii) Elementêr vir dames

Nou vir die sosiale deel: Die tema is hoofsaaklik sosiale verkeer en die variasies hierop wissel van 'n informele dinee tot informele sokkiejolle. Die jaarlikse rugbykragmeting tussen Noord en Suid gaan ook plaasvind. Hiervoor is daar onderskeidelik twee mansspanne en twee damespanne.

Die koste verbonde aan Kuesta '74 is R13 per persoon (vervoer heen en terug uitgesluit). Dit kos Kovsies ongeveer R26 per Keusta-ganger om 'n kursus aan te bied, en u betaal slegs die helfte van die bedrag ! !

Verder sal daar Kuesta '74 T-hempies te koop wees teen R2,50 stuk.

U kontakpersoon op die kampus is Fanie Mulder en hy sal elke dag vanaf 1—1.30 nm. by die S.R. Kantoor beskikbaar wees vir inskrywings en navrae. Die geld moet tydens inskrywing aan hom betaal word.

Volgens verhouding van die verskillende kampusse is bepaal dat 90 Pukke kan gaan! Skryf dus gou in en voorkom teleurstelling.

## Eerstejaars debatteer

DIE eerstejaars van die Puk kry Maandagaand, 25 Maart 'n geleentheid om hul redenaarsvermoë op die proef te stel.

Die tema van die eerstejaarsdebat is „Dien die Publikasieraad in sy doel?" Die A.B.K.K.-hoofbestuur het op hierdie tema besluit aangesien die Publikasieraad weer hewig onder skoot is na die verbanning van André P. Brink se Kennis van die Aand.

Dit word van elke eerstejaar verwag om Maandagaand in die Totius-saal te wees en sy of haar mening te lig. Dit is 'n aand wat uitsluitlik aan die eerstejaars sal behoort. Slegs vyf seniors sal die debat bywoon, nl. mnr. Riaan Odendaal wat sal optree as voorsitter, mnr. Tiep van Schaik as sekretaris en nog drie waarnemers.

A.B.K.K. doen deur middel van hierdie berig 'n beroep op alle huiskomitees om toe te sien dat alle eerstejaars om 7.30 nm. in die Totius-saal sal wees.

Tydens die debat sal vier eerstejaars optree as inleidende sprekers. 'n Man en 'n dame sal onderskeidelik vir en teen die tema praat. Om beïnvloeding te vermy sal die name van die persone nie nou reeds bekend gemaak word nie.

# PROMPU



Basie van Wyk wys hoe die wegspring uitgevoer moet word, onderwyl 'n groep Kleurling-laerskoolkinders belangstellend toekyk. (Foto: Potch Herald.)

die WAPAD

## MASSAVERGADERING

**Woensdagaand 13 Maart is die eerste Massavergadering van 1974 gehou. As 'n mens die vergadering in sy geheel neem was dit uiters geslaagd. Die bywoning was swak. 'n Handjievol Pukke moes besluit oor een van die belangrikste agendapunte wat daar gedurende 'n termyn ter tafel kom, nl. die jaarprogram van die Studenteraad. Hoe is dit moontlik dat die Pukke reg in die begin van die jaar reeds hul passiwiteit bewys. Geen klagtes teen enige beplande aksie van die Studenteraad kan nou gegrond wees nie. Die rede is eenvoudig u was nie teenwoordig by die massavergadering nie.**

**Dit word weer eens onder u aandag gebring dat 'n vaste agendapunt kampusgeriewe is. Hier het u die geleentheid om die besprekingspunte wat so veel aandag om die teekan geniet openbaar te maak en sodoende dalk 'n einde aan u griewe te kry. Dit is die regte kanaal om te volg. Ons het immers al die vrugte gepluk hiervan — die dames se langbroekpakke. Pukke dit is 'n uitstekende geleentheid om te sê hoe u voel oor sake wat krap.**

**Ondersteun die massavergaderings en wees 'n meer tevrede Puk.**

## PLAKKATE

**Vandalisme begin weer oplewe op die Puk. Vandalisme wat skadelik is vir een en elke Puk. Die vorm wat hierdie vandalisme aanneem, is die beskadiging of selfs die verwydering van plakkate. Plakkate word opgesit met die doel om 'n funksie te reklameer en nie met die doel om afgeskeur te word nie; ook nie om in die kamer te pryk nie. Onthou net dit asseblief — voordat u 'n plakkaat beskadig, dink. Dink wat kan die gevolge van 'n dwase daad wees. Daar is net een gevolg; die gevolg van u selfsugtigheid, dat u iemand weerhou van 'n funksie waarby hy of sy belang het.**

**Ná afloop van die aksie kan u met plesier die plakkaat neem om u kamer te versier.**

## FANIE DU TOIT

**Die amptelike opening van die Fanie du Toit-sportterrein vind vandag en môre plaas. Die Sportinstituut kan geluk gewens word met die pragtige sportkompleks wat met reg die trots van die Puk is.**

**'n Verdere pluimpie aan mnr. Piet Malan en al die organiseerders van die opening is die fantastiese program wat hulle vir Saterdag gereël het.**

**Dit is nou elke Puk se plig om van die dag 'n groot sukses te maak. Die deelnemers sal beslis hul bydrae lewer, maar die nie-deelnemers moet beslis hul deel bydra deur teenwoordig te wees.**

**Sien u Saterdag by die Fanie du Toit-sportterrein.**

## WAPAD-REDAKSIE


Hoofredakteur: **Tiep van Schaik.**
Assistent-hoofredakteur: **Piet Ebersöhn.**
Nuusredakteur: **J. H. Habig** (Thaba Jah).
Assistent: **Jan van Niekerk** (Dorp).
Redaktrise Sosiaal: **Willemien Jerling** (Klawerhof).
Assistent: **Salome Jacobs** (Dorp).
Redakteur Koshuise: **Cobus Erasmus** (Skuur).
Assistent: **Dalene Delport** (Vergeet-my-nie).
Redakteur Akademies: **Johan Pretorius** (Skuur).
Assistent: **Esme Wessels** (Karlien).
Redaktrise Kunsblad: **Belia Booyens** (Dorp).
Redakteur Sport: **Izak Malherbe** (Liberalia).
Assistente: **P. J. Meyer** (Uitspan); **A. F. Vosloo** (Skuur).
Redaktrise Damesblad: **Salome Brits** (Oosterhof).
Redakteur Inter-Universitêr: **Danie de Kock** (Dorp).
Redakteur: P.N.B.: **Quintus Pelser** (Over de Voor).
Redaktrise Korps: **Ineke Lindhout** (Klawerhof).
Redakteur A.B.K.K.: **George Lotter** (Dorp).
Redakteur S.A.B.:
Fotoredakteur: **J. F. D. Croeser** (Uitspan).
Assistent: **Sam Basch** (Liberalia).
Sub-Redakteur: **Attie Gerber** (Liberalia).
Sekretaresse: **Cecilia Louw** (Wanda).
Sirkulasiebestuurder: **Izak van der Linde** (Over de Voor).




**Gaan die Skaakklub dood loop? Hou die plakkate dop en kom speel skaak.**

## Uit die Matie

**MOTORS:** Dit lyk vir my die Maties het ook maar hulle vervoerprobleme. Hulle is ook in 'n stryd gewikkel vir die behoud van die motor op die kampus. Pukke ons staan darem nie heeltemal alleen in ons stryd nie.

**Weeklikse Matie:** Die Matie verskyn op die oomblik twee weekliks maar daar is blykbaar heelwat woelinge onder die studente vir 'n weeklikse Matie. (Soos die Wapad van de Pukke.) Hulle Studenteraad is egter nie so ingenome met die idee nie en ondervind die publikasiekomitee van die Matie 'n bietjie probleme.

Van die Puk se kant wens ons die redaksie van die Matie sterkte toe en hoop ons om nog 'n weeklikse Matie te sien.

Dit wil voorkom of die Wapad 'n leidende rol onder die Studentekoerante speel.

**Karnaval:** Die Maties se Karnaval vir 1974 is al reeds iets van die verlede en ons wonder of hulle toe werklik die vorige jaar se rekord bedrag van R30 000 oortref het. Ons hoop so en ons wens hulle nou sterkte toe met die Akademie. ('n Mens begin mos eers net na die karnaval met die Akademie.) Dit laat my dink aan ons eie Karnaval en Pukke ons moet en gaan dit 'n reuse sukses maak.

## Uit NUX

DIT is teleurstellend om te sien dat 'n studentekoerant so min oorspronklikheid en waarde bevat. Die hele voorblad word beslaan deur 'n niksseggende foto en die agterblad 'n aantal foto's van studente-gebeurtenisse (nie veel om na te kyk nie en beslis nie iets om te adverteer nie.) Die twee binne bladsye sê ook nie veel nie.

Voorwaar nie 'n koerant waarop 'n mens trots behoort te wees nie.

## Pukke: skryf asseblief maar skryf reg!

**ALLE briewe moet aan die redakteur gestuur word en moet ook die naam en adres van die briefskrywer bevat. Geen brief kan geplaas word wat hierdie inligting nie bevat nie. Indien 'n skrywer van 'n skuilnaam gebruik maak moet dié nog steeds sy naam en adres byvoeg. Persone wat reeds briewe aan die redakteur gestuur het wat bogenoemde inligting nie bevat het nie, moet die briewe weer oorskryf voordat dit geplaas kan word. Dit is in u eie belang dat u in hierdie verband u samewerking gee.**


## DIE KINGS HOTEL

KONDIG MET GENOEË AAN DAT HULLE NOU ONDER NUWE BESTUUR IS.

—★—

ONS BIED:

— Copper Rail Restaurant en Dameskroeg
— Studentekroeg
— A la Carte Restaurant
— Musiek deur die 'Quicksands' van Johannesburg

ONS IS TEN VOLLE GELISENSIEER

—ST


## Uit die Woord

**Hand. 1 : 8: „En julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal My getuies wees . . . tot aan die eindes van die aarde."**

Hierdie woorde is die laaste woorde van Jesus Christus aan sy kerk voordat hy na die hemel opvaar. Hiermee word daar gesê dat elke gelowige kind van God die besondere roeping het om 'n getuie te wees vir sy Koning, Jesus Christus.

Saam met die roeping kom ook die troos dat die gelowige nie op sy eie krag hoef staat te maak om getuie vir Christus te wees nie. Die krag om te getuig ontvang die kind van God van die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat in die mens se hart werk en hom aandryf sodat Jesus Christus in sy lewe hoofsaak word.

Die kind van God mag hom dus nooit skaam vir sy geloof of vir sy God nie. Hy mag nie bang wees om voor almal sy geloof uit te leef of uit te dra nie. Hieroor sê Christus self: „Elkeen wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor die mens, hom sal ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is".


## KOOP 'n LOOP-HAPPIE

HONGER?
Probeer ons Vetkoek.

MAALVLEIS 25c.
KERRIE 25c.
KAAS en KONFYT 25c.




**DIE Puk-massa. Dit bestaan nie meer nie. Kom ek noem julle die Puk-individue, onbetrokkenes. Ja een en almal van julle sondig hier. Ek kan met vrymoedigheid die stelling maak dat julle net akademies deel is van die Alma Mater.**

Julle teem heeldag oor die sosiale-komkommertyd wat hier te vinde is. Hier is dan kwansuis niks om te doen nie. Hier is baie om te doen.

Studentwees beteken nie om 'n „jol" in Heide se sitkamer te hou nie. Studentwees is om jou jeug op 'n gesonde manier te geniet. Studentepret, studentegees.

Waar vind mens dit? Moet ek dit vir julle voer soos alles al vir julle gevoer is vanaf jul luier-stadium en soos alles nou nog vir julle gevoer moet word?

Daar langs die sportveld, daar is een geleentheid. Laat staan jou inhibisies by die koshuis, skreeu vir jou span, juig as hulle wen, wees jouself. Jy snob, as jy met jou pak wil voetbal toe kom om langs jou neus af te loer na die wat nog kan mens wees.

Gaan liewer na jou kamer en dink na oor wat jy is. Niks, sal jy gou genoeg agterkom, niks ... behalwe 'n leëdop met 'n lus binne-in vasgekeer, 'n lus om te lewe, om natuurlik te wees. Ek sien dit oral om my. Die styfheid van die boordjie af, afwaarts. Ek lag maar net in my mou oor al die aangeplakte waardigheid wat julle ju toeëien.

Inhibisies, wat is dit? Dit, Pukke is 'n draer van hartaanvalle. Ek mag nie dit doen nie, ek mag nie dat doen nie, want wat sal my mede-studente dan dink. Troos jouself daaraan, hulle het lankal opgehou dink. Daar word deesdae vir die jeug gedink en dit is nie net die niemand se skuld nie. Alles moet ook vir julle gedoen word en die ergste is dat julle dan nog geleek moet word om net mee te doen.

Ek verag julle vir julle slap houding, vir julle onbetrokkenheid. Julle is soos 'n klomp geprogrammeerde rekenaars wat slegs tussen julle kamers en die klas beweeg om verder geprogrammeer te word, sodat julle eendag net 'n bestaan sal kan voer in die onpersoonlike samelewing waar julle gaan lewe.

Die Puk-massa het opgehou lewe, julle bestaan slegs as 'n klomp pseudo-studente.

Soek dus die gebrek aan dinge om te doen in jou eie inhibisievolle, arm, lamsakkige self.

Ek ys as ek dink wat met „Intervarsity" gaan gebeur as ons 'n klomp lewensbang jongmense moet hê om die Theos aan te moedig, te juig as die tweedes weer die Irawas in die grond in speel.

Kom julle eerstejaars, wees student in sy volheid. Kom tweedejaars, julle is nie studente as gevolg van die nuwe Puk-baadjies wat julle dra nie. Kom seniors, julle weet mos hoe, wys my!

Reflektor.

# Massavergadering

**'N „TIPIESE PUK-BYWONING", het die massavergadering op 13 Maart 1974 gekenmerk. Tog het die groepie wat teenwoordig was die nodige kleur verskaf sodat die vergadering as geslaagd beskou kan word.**

Geen klagte is oor die afgelope oriëntering geopper nie, behalwe dat eerstejaars nou 'n nuwe gier op ons kampus laat posvat deur niemand te groet nie. Dit was ook opvallend dat die eerstejaars swak verteenwoordig was.


Mnr. Piet Malan het kortliks aan die vergadering die program van die inwyding van die Fanie du Toit-sportterrein geskets en daarna het mnr. Pieter Mulder die jaarprogram van die S.A.B. voorgehou.

Prompu, die organisasie wat hulp aan die Kleurlinge verskaf by Promosa, is aan die vergadering bekend gestel, en steun word gevra van die studente se kant om hulle deel by te dra.

Enkele idees oor karnaval is ook voorgehou deur die nuwe karnavalvoorsitter, mnr. F. van Wyk. Die tema is gebaseer op die petrolkrisis en daarom mag vlotte ook nie brandstofaangedrewe wees nie. 'n Unieke prys word aan die manskoshuis wat die vlotboukompetisie wen, belowe.

Enkele kampusgriewe is geopper, onder andere ook die skending van plakkate. Daar word 'n beroep gedoen op die samewerking van die studente in die verband. Die algemene gebrek aan netheid op die kampus het wye reaksie uitgelok.

Ongeteerde paaie en „sinkgate" na die reën is 'n doring in die vlees van alle studente. Daar is 'n gevoel dat ons kampus sleg afsteek teen die van ander universiteite wat betref grasperke en tuine. Die ongebruikte boumateriaal wat rondlê rondom reeds voltooide geboue is beslis nie 'n pluimpie vir die Puk nie.



Die geagte S.R.-voorsitter en sy gade is hartlik onthaal deur die Bere van Uitspan tydens hulle onlangse wapen-oorhandiging.

# S.R. VERGADERING

**DIE PUK se Studenteraad het op Dinsdagaand 19 Maart vergader. Tydens hierdie vergadering is die Raad vereer met die verteenwoordiging van 'n aantal dameskoshuise. Die dames was: Klawerhof (Ineke Lindhout), Oosterhof (Salome Brits) en Heide (Nini Langenhofen).**

- Die Dameskomitee het by monde van Ineke Lindhout aangebied dat elke dameskoshuis in die toekoms 'n geleentheid sal kry om die S.R. met aandete te bedien tydens S.R.-vergaderings. Hierdie aanbod is met akklamasie deur die raadslede aanvaar.
- Die S.R. het Tiep van Schaik as Puk-afgevaardigde aangewys na die konferensie van redakteurs van Studentekoerante te Stellenbosch.
- Die volgende besluite is ook geneem:
- Dat P.U. se filatelistevereniging affilieer by die Federasie van Filatelisteverenigings van Suid-Afrika.
- Die werkverskaffingskomitee voortaan as 'n komitee van die S.R. gereken sal word.
- Dat die Puk volgens 'n A.S.B. - hoofbestuursbesluit 'n regskongres op die P.U. kampus sal aanbied wat deur S.R.V.P. en S.A.B. geïnisieer word met die konvenor as Japie Robbertse.
- Die S.R. betreur die feit dat 'n bladsy uit die afgelope Kleurbaadjie- en Handboekeksamen vraestel vooraf deur 'n persoon onder eerstejaars versprei is. Die bedrag van R25 wat aan die wennerkoshuis gegee sou word, nou aan A.B.K.K. oorgedra sal word om in belang van die koshuis aan te wend.
- Dat akademiese erkenning op Puk-kleurbaadjies gegee gaan word. (Die balkie sal onder die wapen in geweef word.) Die volgende akademiese erkenning sal gegee word: Lettere en Wysbegeerte; Biblioteekkunde; Verpleegkunde, Beplanning; Maatskaplike Werk; Kommunikasiekunde; Musiek; Natuurwetenskap; Farmasie; Huishoudkunde; Ekonomiese Wetenskap; Regte; Geologie en Opvoedkunde.
- In 'n meer ligte luim (dit was in die vroeë oggendure) het Paul Kruger die saak van landerye op die hoofgebou aangeroer. Daarna is die saak vir 'n stroper geopper. 'n Probleem wat toe ontstaan het, was of die stroper geel of rooi moes wees. Die saak geniet aandag.




DIE twintig indoena's het toe weer 'n vergadering gehou na drie weke. En toe sommer 'n lang vergadering van 4 uur die middag tot 2 uur die nag. Dit gee 'n totaal van 10 volle ure maar neem nou weg die 2 uur-lange etentyd en 20 min. hier en 'n halfuur daar en dan kom ons by 'n tyd van 7 uur uit. Die rekord bly nog steeds 11 uur 45 min. Dit is van 3 uur die middag tot 4.45 nm. die volgende oggend.

* * *

Nou wat besluit 'n mens op 'n vergadering van 7 uur lank. Dis maklik. Jy aanvaar die notule as die korrekte weergawe met dank aan die sekretaris, nadat al die foutjies reggemaak is.

Daar word besluit dat die bode na deeglike oorweging nie voor die winter 'n salarisverhoging sal kry nie.

En na 'n skriftelike verslag besluit die vergadering met 'n meerderheid van stemme dat die geel kombi in die vervolg net deur lede van die raad bestuur mag word, al brand die drukkers van die WAPAD af.

* * *

Op Dinsdagaand se vergadering het daar 'n paar helder oomblikke na vore gekom. Die belangrikste besluit is dat daar gereserveerde akademiese toekennings sal wees wat die persone op hulle baadjies kan dra. Bv. teologie, regte, ens. Geluk aan die indoena's, die massas het twee jaar daarvoor gewag.

Die volgende besluit is dat die Wapad-redakteur die konferensie van redakteurs te Stellenbosch sal bywoon. Jammer tog dat daar nie genoeg finansiële steun is dat hy nie Kaapstad toe kan vlieg nie. Die voorreg word blykbaar gereserveer.

Die indoena's kon nog nie besluit, waar en hoe hulle die kantore sal inruim en die herbouings sal plaasvind nie. Een wil hê die saalstoele moet daar gestoor word, 'n ander een wil dit 'n sitkamer maak. Al wat seker is, is dat die posbussies sal bly staan waar hulle is.

Die werkverskaffingskomitee word nou 'n komitee van die S.R. Dit gee heelwat meer selfstandigheid aan die komitee. Ons hoop dat die komitee meer sal uitloop op 'n „werbo" van Tukkies.

Die S.R. wil graag 'n derde sekretaresse by die bestaande twee voeg. Dit is miskien die beste besluit wat die S.R. nog die pas-afgelope vergadering geneem het. Die nood roep om 'n derde sekretaresse, en die hoofliggame sal dit waardeer en die Wapad-redaksie sal verheug wees.

So 'n paar gedagtes aan die indoena's. Die PUK raak 'n bietjie oorgeorganiseerd, ek bedoel soveel aksies op een aand, programvergaderings, fliek, vergaderings van komitees, ens.

# TEEKANPRAATJIES

ONS het vandeesweek weer 'n draai by verskeie teekanne gemaak, heerlike tee gedrink en baie griewe gehoor. Die massavergadering was voorwaar oral onder bespreking.

Die ekonome, en daar wás baie, was nie eens van die vergadering bewus nie. Die Ekonomiese Vereniging het baie studente (240) na hulle geselligheid getrek wat ook op Woensdagaand die 13e gehou was. Mens kon hoor dat hulle beslis hulle bedenkinge oor die Pukke se organisasievermoë het. Hoe is dit dan moontlik dat so 'n oorvleueling kan deurkruip!

As dit nie was dat die eerstejaars gedurig opgekommandeer was om die vergadering by te woon nie, sou weinig seniors ook nie daarvan bewus gewees het nie. Was die Reklamekomitee dan so oorlaai met werk of het hulle dalk gaan kyk hoe die Oranjerivier afkom? Almal wat om die teekanne 'n woordjie te sê gehad het, was dit eens dat die Reklame van die PUK skielik (of was dit met die koms van 1974) 'n groot knou gekry het.

Uit Dorp verneem ons dat die Totiussaal te ver is om heen te loop en te naby is om heen te ry. Die kosgangers kom toe met 'n voorstel duisend na vore: Hou 'n nagmaal uitstappie soos die mense van ouds.

Party Pukke het beskaamd gestaan oor die feit dat daar so min belangstelling was in hul eie by sommige Pukke is.

Die ware Pukke was almal daar. Hulle vra die ander Pukke om ook 'n warm plekkie in hulle harte vir ons Alma Mater in te rig.

Sien julle almal by die volgende massavergadering.

## SKAAK

DIE nuwe bestuur van die skaakklub is onlangs met mnr. Johan Swanepoel as voorsitter, gekies. Johan sê die plan is dat daar elke Maandagaand om 7.30 in die dierkundelaboratorium skaak gespeel gaan word.

Almal is welkom om te kom speel. Daar is geen ledegeld aan verbonde nie.

Uit hierdie Maandagaandkompetisies sal 'n Pukspan saamgestel word wat uit 12 lede bestaan. Hierdie span sal dan met klubs uit die omgewing meeding en kan selfs aan 'n Intervarsity deelneem.

Navrae in bussie 23 by die S.R.-kantoor of Maandagaand by die Dierkundelaboratorium.

# SKRYWERSKRING KIES BESTUUR

DIE Skrywerskring van die PUK het op 13 Maart hul eerste jaarvergadering gehad en die bestuur bestaan uit die volgende lede: Gerhard van der Linde (voorsitter), Rita Diederiks, Tjaart Steyn en Martin Dempsey.

Die hooffunksie van die Skrywerskring is om, soos in die verlede die skeppende werk van lede krities te bespreek. Benewens besprekingsvergaderings sal daar, soos in die verlede, ook sprekers van buite genooi word om lede se kennis en insig in die literatuur te skerp. Vanjaar beoog die Skrywerskring om die digter D. P. M. Botes en skrywer John Miles te nooi.

Die Skrywerskring het die afgelope drie jaar elke jaar 'n digbundel die lig laat sien. Die beste poësie van die jaar word in die bundel LENS 74 gepubliseer. Aangesien daar slegs poësie in die bundel opgeneem word, wil die Skrywerskring hierdie jaar ook 'n literêre tydskrif uitgee.

Hierdie literêre tydskrif sal twee of drie keer per jaar verskyn waarin verdienstelike poësie, drama, prosa en beskouinge oor en rondom die literatuur geplaas sal word. Benewens eie werk sal skrywers van buite (bv. van ander universiteite) ook genooi word om in die tydskrif te publiseer.

Die Skrywerskring sal dus poog om die kreatiwiteit en kritiese sin van sy lede op literêre vlak te ontwikkel.

# HUWELIKSAANSOEK NIE ELKE MEISIE SE DOEL

GEAGTE POLEMIET, — Ek het jou antwoord aan Jeremina met belangstelling gelees, en plek-plek my kop geamuseerd geskud! Ai, dat ons mans en dames mekaar darem só kan misloop! Kom ons begin voor met al jou besware:

1. „...want al wat julle dames blykbaar wil hoor is huweliksaansoeke..." Meneer, dat daar wel diésulkes onder die dames op die Puk is, ontken ek nie, maar dit klink of jy by voorbaat al almal oor dieselfde kam skeer! Ek kan jou verseker dat daar nog *baie* dames hier op die Puk is wat graag 'n sleep sal wil hê, wat nie al van meet af aan ernstig wil raak nie. M.a.w. daar is nog baie asters wat as jongmeisie nog haar lewe wil geniet — en verstaan my mooi: ek praat nie van rond„flerrie" en die reputasie van 'n „lekker meisie" opbou nie, maar wel van 'n studentesleep in die mooi sin van die woord. Die verantwoordelikhede van 'n huwelik kan nog maar bietjie wag, ons geniet ons jong dae nog, maar wil dit graag op só 'n manier doen, dat ons nie later jare maar liewer 'n sluier wil trek oor hierdie tydperk van ons lewe nie.

2. Die kwessie van die huweliksaansoeke sit jy dan voort deur te sê: „...want waarom anders kom julle eintlik ‚swot'? Weer eens: 'n wilde veralgemening, wat byna aan 'n belediging vir die Puk-dames grens! Nee Meneer, as ek wou „man vang", kon ek dit op baie ander plekke gedoen het — daarby geleerdes ook. Ek herhaal: daar is *baie* ander soorte dames op die Puk — jy moet maar net jou soektog weer voortsit!

3. Die „begrotingopstellery" en al die snert (met permissie gesê) wat jy daarmee saam kwytgeraak het, wonder ek waar kom jy daaraan? Het een aster op die Puk jou al so diep geskok en jou met soveel bitterheid gevul dat jy al die regte oujongkêrelhouding gekry het van: daar is niks goeds onder hulle te vind nie?

4. Die kwessie van die seervoetjies kry as julle fliek toe stap. Verkies jy 'n harde en geharde meisie, of eerder 'n meer vrouliker enetjie wat nog sulke goed soos blase kry van ver stap? En indien sy wel verkies om bus te ry terug koshuis toe — wat is so erg daaraan? Bowendien dink ek daar is nog baie asters wat 'n stappie in die skemer van sleeptyd veel meer sal geniet as 'n rit in 'n motor, waarin sy tien teen een verstik in die rook van haar metgesel se sigaret!

5. Jy is bang om die „hit" in die dames se skinderhoekies te wees? Wel, jy is dit ná die brief inderdaad — gelukkig net onder 'n skuilnaam!

6. Jeremina verkies sekerlik nie dat haar minnaar al die rektor se blomme moet steel en vir haar gee nie! Weet jy hoeveel vreugde bring *een* blommetjie maar aan 'n vrouehart? En dan sal sy nie eers omgee waar hy dit gekry het nie en niemand sal jou tronk toe stuur as jy een blommetjie wat buite 'n heining groei vir 'n goeie doel wegneem nie. Of is jy dalk bang vir die hond?

Ek wil afsluit deur te herhaal: ek dink jou steekproef waarvolgens jy jou bevindinge afgelei het, was nie goed verteenwoordig nie. Ek hoop jy ontmoet gou iemand wat jou die ander sy van die saak sal leer! Sterkte!

Meraai.

# Laat Afrikaans Afrikaans bly

Meneer die redakteur,

Ons studeer aan 'n Universiteit waar Afrikaner-tradisies en -kultuur in ere gehou word — 'n Universiteit waar met woord en daad geveg word vir die behoud van die Afrikanerdom.

Dat Afrikaans aan hierdie Universiteit geëer en bewaar word, blyk 'n logiese afleiding te wees. Geëerd is dit wel, maar bewaar ons dit? Nee, hier heers 'n toestand wat niks goeds vir die handhawing van Afrikaans inhou nie, en dan praat ek nie eens van die broutaal wat in die omgang gebesig word nie.

Dit is iets veel gevaarliker, iets wat onder die dekmantel van ons geleerdheid ons taal beklad. Ek wil dit die „onafrikanisering" noem. Let op dat ek nie skryf van die deafrikanisering nie — van Afrikaans deur mense wat hulself blykbaar as te geleerd, te hoog ontwikkeld vir Afrikaanse Afrikaans beskou.

Daagliks moet ons woorde soos „evalueer" en „verifieer" aanhoor. Nou vra ek u: wat is verkeerd met „waardeer" en „bewys". Dit is maar net twee voorbeelde. Sulke en erger woorde word voortdurend geuit, veral deur ons dosentekarakters en uit die monde van ons studenteleiers, maar ook deur die studentemassa. Ek kry die indruk dat hierdie persone Afrikaans nog steeds as 'n kombuistaal beskou. Of is dit maar net omdat daardie woorde so 'n gerieflike masker vir onkunde is?

Verlede jaar het ieder en elk Langenhovenismes aangehaal. Vergun my nou ook om u daaraan te herinner dat hierdie gevierde Afrikaner ons taal beskryf het as die enigste witmenstaal wat in Suid-Afrika gemaak is en nie klaar of die see aangekom het nie.

Laat ons dus die enigheid van hierdie deel van ons kultuurerfenis bewaar en nie toelaat dat verfoeilike snobisme — want ek kan bg. verskynsel as niks anders vertolk nie — dit van ons wegneem nie. Laat Afrikaans Afrikaans bly.

Kerneels.

# Neurotiese gekwetter pla in Frans-du-Toit

Die Redakteur
„Die Wapad"
Studenteraad
P.U. vir C.H.O.

Meneer,

Ek wil u graag gelukwens met die „nuwe" Wapad! Wat tipografie, rubrieke, nuusdekking, foto's, sosiale beriggewing en selfs papier betref, is dit sommer pure koerant. Hou dit daar!

Dan, 'n sakie op die hart: kan daar nie 'n beroep gedoen word op die eerstejaars en ook sekere tweedejaars wat blykbaar daardeur die groentjies probeer beïndruk, om hul luidrugtigheid in die gange van die Frans du Toit-gebou tydens klastye enigsins in bedwang te hou nie? Dis byna uitsluitlik dames wat hul skuldig maak aan hierdie swak gedrag; hul deurdringende neurotiese gekwetter maak dit soms byna onmoontlik vir studente om te hoor wat die dosente op die hart het.

Niemand het beswaar teen kampusgeselskap en selfs -uitgelatenheid nie, maar beperk dit asseblief tot die klasruitye uit konsiderasie jeens medestudente en dosente.

Martiens Badenhorst,
Dorp.

Leipoldtstraat 5,
Potchefstroom.

# BRIEWE VAN ONS LESERS

# S.A.B. Hoofbestuur luister nie slegs na verslae

Geagte Redakteur,

Na aanleiding van die brief van „Wil-net-help" in „Die Wapad" (8 Maart 1974) voel ek my genoodsaak om die skrywer op 'n paar interessante gedagtes te wys.

Uit sy brief kan die volgende afleidings myns insiens gemaak word:

Eerstens, hy was blykbaar 'n ondervoorsitter van een af ander vereniging wat nooit na die geklank van sy eie stem kon luister nie, omdat hy nooit iets gesê het nie.

Tweedens was hy blykbaar 'n verteenwoordiger van 'n baie onaktiewe vereniging — daarom het die aktiwiteite van ander verenigings hom ook nie geïnteresseer nie, terwyl juis dit hom dalk kon help in sy pogings.

Derdens, was hy nie dikwels op die vergaderings van die S.A.B.-hoofbestuur nie: Hy verstaan dus ook nie wat daar bespreek is nie.

Vierdens: die skrywer het ook nie die moed van sy oortuiging gehad om in die volle (sy „halwe") Bestuursvergadering sy hervormings, wat hy nou so manmoedig propageer, te stel nie. Hy kon gerus sy voorsitter genader het om dit vir hom te doen!

Verder kan die skrywer daarop gewys word dat die S.A.B.-hoofbestuur nie net daar is om verslae aan te hoor nie, maar dat daar sake bespreek word wat alle verenigings, en dus ook die breë studentemassa raak. Ek verwys die skrywer na die Grondwet van die S.A.B., want ek neem aan dat met die houding wat uit sy brief weerspieël word, hy nog nooit daarmee kennis gemaak het nie.

U aanbevelings is beslis 'n probeerslag werd, maar ék beveel aan dat u dit deur middel van u voorsitter én ondervoorsitter goedgekeur kry op die volgende „dooierige" S.A.B.-hoofbestuursvergadering.

Reyke Reynecke.

# Weg met apartheid in eetsaal

DAMES- en Mansstudente,

(Jammer, maar ek moet julle so aanspreek want dis mos soos ons gedwing word om mekaar te sien: Heeltemal apart, amper soos twee rasse, selfs al deel ons dieselfde klasse, kampus en eetsale.)

Sal enige van ons Sentrale Eetsaalstudente dit GLO as iemand uitlap dat die oorspronklike idee van ons stoute (ekskuus: stoere) voorvaders wat die eetsaal beplan het, se idee was om die studente te laat meng, om mekaar sodoende te leer ken oor 'n bord kos. Nee, julle maak 'n fout, ek is nie permissief nie, ek stel bloot voor dat ons voorvaders se idee uitvoer en om i.p.v. 'n skeidslyn (amper soos 'n Ystergordyn) in ons eetsaal te trek, te meng.

Om dit nou uit te spel (soos General Electric) om bv. 4 dames en 4 mans aan dieselfde tafel te sit en eet. Goed, soggens en smiddags is dit wel „willekeurig" maar aangesien ons so 'n goed georganiseerde studentelewe het, organiseer dan dat ons saam, soos doodgewone mense, verskillende soorte aan dieselfde tafel eet. Op ander kampusse en selfs baie gemengde skole word dit so gedoen en hoekom moet die Puk agter staan? Of is die dames bang dat hulle sal ophou om hulle te ooreet en die mans dat hulle tafelmaniere sal verbeter? Of vra ek weer te veel?

Antjie.

## KUIER-KUIER

* Vervolg van bladsy 4

kuieraand agter die blad aan huis van Ettienne en Louis Schalekamp. Hulle is onderskeidelik 'n oud-voorsitter en oud-sekretaresse van die Korps. Soos verwag is, het die nuwigheid maar klein begin. 'n Gestadigde groei in kuiergaste word in die vooruitsig gestel.

Hou gerus die hoofkennisgewingbord dop — alle Pukke is welkom om saam te kom kuier. As u die aand alleen voel, of sommer vir 'n inloer na die vroeëvertoning by die inryteater.

# EENVORMIGE DRAG

GEAGTE Redakteur, — As 'n student van hierdie universiteit wil ek graag die volgende versoek aan die dames rig:

Kan ons nie eenvorminheid kry in die kleredrag wat by ons kleurbaadjies gedra moet word nie? Die kleurbaadjie is tog ons trots, ons moet selfs 'n eksamen aflê en slaag voordat ons dit mag koop.

Nou word daar sandale en rokke met die kleur van geel, groen, blou, pienk en selfs pers gedra. Daar is tog rompe gemaak spesiaal vir die dames. Hoe lyk dit met die rompe met wit bloese of selfs swart rompe. 'n Witrok sal net so mooi lyk, met natuurlik sykouse.

Ek voel baie sterk oor die saak en ek is seker dat daar baie dames is wat met my saamstem:

Eenvormigheid by ons trots — ons kleurbaadjie.

Anti-bontrokke.

# BEHOU SÊR-ETIKET

Meneer die redakteur,

Hierdie tyd van die jaar is die tyd wanneer sêrgroepe op hul bedrywigste is. Nou blyk dit ook op die duidelikste hoe min koshuise op die Puk van sêr-etiket weet.

Iets wat my geweldig grief is die vermetelheid van sommige inwoners van manskoshuise om hul ongenooi by 'n damesêrgroep wat by hul besoek aflê te voeg. Het hulle daaraan gedink dat indien ons hul wou saamhê ons hul vooraf sou nooi?

Ek het dit nie teen hul teenwoordigheid as sulks nie, maar dit is ongelukkig so dat die persone wat hulle aan bogenoemde skuldig maak, selde nugter is en die gawe besit om 'n aangename aandjie heeltemal te bederf.

Ek gee toe dat hierdie persone nie op daardie stadium vir hulself kan dink nie, maar waar is die betrokke huiskomitees. Is julle bang julle gewildheid ly daaronder as julle hierdie persone betig. Dan maar liewer jou koshuise se goeie naam inboet. Dit is wat gebeur, hoor!

Christine.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOK AL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK
„Die Potchefstroomse Boekhandel"
TOMSTRAAT 86 — POTCHEFSTROOM
TEL. 5236
—ST

# KUNSKEPER

GELUK aan al die sêrsgroepe wat deelgeneem het. In die besonder aan Oosterhof wat die dames-afdeling gewen het.

Van die sêrgroepe na die toerliggame. Ons sien met verlange uit na Alabama en Thalia asook die Universiteitskoor se opvoerings. Van Alabama gepraat, is die tyd nie ryp dat ons 'n tweede Alabamagroep stig nie. Dit kom dus neer op 'n toergroep 1 en 'n toergroep A. Albei studeer dieselfde program in maar toer net in verskillende rigtings. Dit bied aan soveel meer talent die geleentheid om te ontwikkel en deel te hê aan Alabama.

# RETORIKA OP DREEF

**DIE eerste vergadering van die Retoriese Vereniging in die nuwe termyn het op Maandagaand 18 Maart in kamer 107 van die Frans du Toitgebou plaasgevind. Die bestuur vir hierdie termyn is Riaan Odendaal, voorsitter; Johan Pretorius, sekretaris; Dirk Coetzee, penningmeester.**

Hierdie jaar neem die vergaderings die vorm van 'n kursus aan. Die kursus is gebaseer op die bekende boek „Effektiewe Redevoering" van Dale Carnegie. Hierdie kursus dek alle aspekte. Van die volgende vergadering af sal daar afgerolde velle met die vorige week se aanbieding van die kursus uitgedeel word. Die eerste deel van die kursus het gehandel oor die grondslae van effektiewe redevoering.

Alle sprekers, hetsy hulle goed of swak praat, is welkom om hierdie vergaderings by te woon. Elkeen kry na die lesing 'n beurt om onvoorbereid oor enige onderwerp te praat. Die onderwerpe word gewoonlik uit 'n hoed getrek en dan kry die spreker sowat twee minute om 'n toespraak van 'n paar minute lank voor te berei. Daarna word opbouende kritiek deur alle aanwesiges gelewer.

Die volgende vergadering is voorlopig vasgestel vir Maandag 22 April. Tydens hierdie vergadering sal die volgende aflewering van die kursus gedoen word en daarna sal die voorsitter sitting neem en sal Henning Vorster as voorsitter optree. Dit is 'n gebruik dat daar tydens elke vergadering iemand anders as voorsitter optree hoewel 'n staande bestuur alle organisatoriese reëlings tref.

# Filateliste-vereniging

HET u ook al die naam Filatelistevereniging op die kampus gehoor? Filatelie is die geleerde naam vir seëlversameling in al sy aspekte. Daar is egter niks geleerd in die aktiwiteite van die Filatelistevereniging van die P.U. nie. Die bestuur wil beklemtoon dat hierdie vereniging vir elke seëlversamelaar is, van die beginner tot die meer gevorderde versamelaars. Om dit te bewys reël die bestuur 'n byeenkoms waar volledig gedemonstreer sal word hoe om met 'n versameling te begin.

Nou is die kans vir persone wat sê dat hierdie vereniging slegs vir gevorderde versamelaars is, om hulle anders te gewis. Hierdie vergadering sal volgens die bestuur op Maandagaand 18 Maart om 7.50 nm. plaasvind. Hou die plakkate dop.

Vir Maandagaand 29 April word 'n filmaand beoog waar films vertoon sal word wat onder andere internasionale toekennings ontvang het.

1974 se bestuur bestaan uit Gawie van der Walt (Dorp), Nikkie Maartens (Skuur) en Annemarie Streicher (Kasteel G).

Alle navraag kan in bussie nr. 19 by die S.R.-kantoor geplaas word.

# FLIEKRESENSIE

VOLGENS die sakboekie kry Pukke Vrydagaand 15 Maart die geleentheid om te gaan kyk na „Henry VII and his six wives", as gevolg van A.O.B. se op-en-wakker fliekprogram vanjaar. Hierdie produksie van Nat Cohen het Keith Michell in die hoofrol, met Donald Pleasence, Charlotte Rampling en Jane Asher as medespelers.

Henry VII is al in omtrent 'n dosyn of meer films die afgelope vyftig jaar uitgebeeld, maar hierdie film word beskou as die mees definitiewe, kragtige en menslike van almal.

Henry VII het 38 jaar lank geregeer, en sy lewe was een van botsende emosies ... hy was 'n prins onder die prinse, 'n trotse Tudor koning, en 'n voorstander van geloof en godsdiens, maar terselfdertyd het hy die reformasie bloedig beveg. Ook is daar tekens van verraad, tirannie, sedeloosheid en brassery te sien in sy geskiedenis.

Hierdie meesterstuk (vir die wat van historiese films hou) word versprei deur Kinekor, en beloof om 'n Vrydagaand se wegloop werd te wees, as die projektors of luidsprekers die intensiteit van soveel menslike konflik sal kan verdra!

# AMOREUS AKTUEEL

LIEWE PUKKE,

Vannaand wil ek graag gesels oor die liewe mans op die Puk. Ek het jou mnr. vannaand by Sêr gesien, saam met 'n mooi meisie, 'n dame. Nou wil ek graag aan jou mnr. X 'n mooi guns vra, behandel haar soos 'n dame, laat sy altyd soos 'n mooi meisie voel. Trakteer haar nie volgens jou koshuisgewoontes nie, maar doen aan haar as dame, weleer aan. Sy pas by jou en knap daarom jou maniere so 'n bietjie op. Leer so 'n bietjie etiket, komplimenteer haar gereeld oor haar smaakvolle kleredrag. Onthou, sy trek vir joú aan! Hou verder in gedagte dat sy in jou hande is en dat jy mnr. X, haar gevoelens altyd hoog op prys moet stel, soos sy, so glo ek wel, met jou sal doen.

Geniet die lewe terwyl jy jonk is, en doen dit saam hier op die Puk.

Van slepende paartjies gepraat, ons hoor dat die bootjie van Dawid Weyers en Peet Britz stormagtige water binnevaar.

Leonore van Schaik aard beslis nie na haar neef nie, want haar duurte op die Puk is kort, en volgens Pierre Langenhoven nog korter.

Japie Robbertze van S.R. Faam gaan glo tydelik 'n tweede keer op Tukkies sleep, dit moet glo 'n tweede keer wees. Baie geluk aan Susan Kruger van Karlien met haar verlowing aan Bennie. Salomé Jacobsz sê glo die Tukkiekampus verloor ook maar sy aantreklikheid so na 'n rukkie, en dan toer mens maar weer terug Puk toe en wel na 'n sekere Gerhard Brown, of hoe sê ek Gerhard? Annette Human van Osterhof sleep glo so verskriklik vas op Pretoria, maar na wat verneem word gaan 'n spreekwoord hom laat geld — „ver van jou goed, na aan jou skade".

Quintis Pelser het die SR-kamp se manewales by sy sogenaamde skoonouers oorleef. George Lotter neem glo gereeld sy „Milol" saam as hy in die aand gaan sleep om te verseker dat geen muskiet tussen hom en die dame kan kom nie. Jan van Niekerk is 'n man wat glo hou van sy van en dit is dan die rede vir Marthie van Niekerk.

# THALIA KINKEL MET BRINK-KABELS

S. Jacobsz

**THALIA toer dié jaar met André P. Brink se Kinkels, al kinkelend in die kabel! Die Kaapse gammatte en hulle klopse en dinge is sommer 'n jolige stukkie genot, wat mens laat skaterlag en lekkerkry.**

„Kinkels in die Kabel", is Shakespeare se „Comedy of Errors", wat deur André P. Brink vertaal en in Afrikaans verwerk is.

Thalia toer vanjaar met hierdie stuk, dit is ware studentepret maar van hoogstaande gehalte onder die puik regie van Abri le Roux.

Volgens Theunis Eloff, die toerleier, lyk die toerplan rooskleurig en sien almal uit daarna om per trein te toer.

Die toerplan is voorlopig soos volg: 27/6 Kroonstad; 28/6 Harrismith; 29/6 Ladysmith; 1/7 Newcastle; 2/7 Vryheid; 3/7 Piet Retief; 4/7 Geen opvoering; 5/7 Nelspruit; 6/7 Baberton; 8/7 Geen opvoering; 9/7 Geen opvoering; 10/7 Tzaneen; 11/7 Pietersburg; 12/7 Potgietersrus; 16/7 Rustenburg; 17/7 Britz; 18/7 Florida; 19/7 Krugersdorp.

Sterkte, Thalianers, vir die voorbereiding en geniet die toer met ure van suiwer genot.



THEUNS ELOFF
Thalia-voorsitter



ESTER RUMPF
Een van die spelers

# COLLEGIUM MUSICUM '74

DIE aktiwiteite van die Collegium Musicum vir 1974 het 'n aanvang geneem en wel met ses konserte gewy aan die musiek van die Barok, wat strek van die jaar 1600 tot ongeveer 1750.

Die eerste konsert vind plaas op Saterdag 30 Maart 1974, om 8.00 nm. in die Konservatoriumsaal. Martie Koornhof, Hennie Coetzee en Pieter de Villiers wat klavierwerke van onder andere Rameau, Sweelinck en Scarlinck en Scarlatti uitvoer, sal optree. 'n Ensemble onder leiding van Leonard Lemmer tree ook op.

Die datums van die ander konserte is: 4 Mei, 18 Mei, 9 Junie, 19 September en 5 Oktober. Seisoenkaartjies wat al hierdie meesterkonserte dek, is by die Konservatorium beskikbaar. Die seisoenkaartjies vir volwassenes is R4 en vir die studente is dit R2. Toegang per konsert is vir volwassenes R1 en vir studente 50c.

Kom Pukke, dit is 'n kans duisend, sommer hier op ons kampus, om ons musieksmaak uit te brei.

# Voories koop Kombi

IN 'n onderhoud met Jan Nagtegal, die kommandant van die Staatmakers, het hy ons meegedeel dat hulle vir hulle 'n geel Kombi gekoop het. Hulle is op die oomblik hard besig om geld in te samel om die skuld te betaal. Die eerste paaiement is reeds betaal en voor die einde van die maand moet hulle die volgende bedrag van R700 betaal. 'n Kompetisie is uitgeskryf met 'n eerste prys van 'n OS (voorwaar 'n „lekker" prys as ons die hoë vleisprys in ag neem).

KOOP 'n LOOP-HAP

HONGER ?

Probeer ons Vetkoek.

MAALVLEIS 25c.

KERRIE 25c.

KAAS en KONFYT 25c.

U kan gerus u bande versool by ...

NATYRE BANDAG (Edms.) Bpk.



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK
Groot Voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak

★ Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING.

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM
Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse. —ST

# KOSHUISKOS

## Karlien

IN Karlien gaan dit soos gewoonlik voor in die koor, almal oefen net Sêr. Dorp se manne neem vanjaar saam met ons deel aan die gemengde Sêrkompetisie en ons hoop dit gaan 'n gróót sukses wees.

O ja, buiten die akademie glo ons Karlien asters ook aan buitemuurse aktiwiteite. Wedstryde teen die manskoshuise is 'n fees, dankie Skuur en Taba Jäh vir die heerlike hokkie, ons maak weer so!

Met die Puk se kampioenskappe agter die rug het die asters ook weer hul plek volgestaan (sommer geluk ook aan Hester Gunter en Retha Horn vir jul puik vertonings hoor).

Saterdag is die amptelike opening van die Fanie du Toit sportgronde en ons wil al die ander dameskoshuise waarsku — pasop maar vir ons, die Karlien asters is fiks!

Die gangfeeste wat so sporadies in die koshuis plaasvind getuig van ons Eerstejaars se oorspronklikheid wat soos 'n varswindjie deur die koshuis trek, elke gangpartytjie is voorwaar iets om na uit te sien, mooi so Eerstejaars, hou so aan.

Ons hoop die manne waardeer die nagtelike sêr by hul koshuise. Baie dankie ook vir julle moeite om so gereeld vir ons te kom sêr, ons waardeer dit en julle is altyd welkom.

'n Laaste woordjie aan die asters: Een van die dae is dit vakansie, Karlien julle moet gaan uitrus en vol moed terug kom, Meimaand lê voor die deur en daarmee saam ook Karnaval, heerlike, heerlike Karnaval . . .

## Heimat

NADAT die „stewige" beskutting van Oom Heimat ons manne weer in een hoed en gees laat saampraat het, voel ons om tog iets van ons uit die Hertogdom te laat hoor! Die bekendste stal op die werf nl. Die Hertogdom van Heimat het geen bekendstelling nodig nie — inteendeel, as jy nog nie van sy beroemdheid verneem het nie, ken jy ook nog nie een sleepbankie op die Puk nie.

Met 'n paar uitsonderings is al die manne weer terug in Heimat en ook 'n paar nuwe manne wat nog deur diep waters moet gaan om 'n egte lid van die Hertogdom te kan word.

Met Kobus van der Walt en Johan Koorts aan die voorpunt van die Hertogdom sal ons weer verwoesting saai en telkens met die louere, na die oorwinning, na Oom Heimat vertrek.

Soos altyd het ons weer kampioene op die atletiekbaan: Dawie Kuhn in die 110 m hekkies en Johan van Wyk in die 3 000 m hindernis. Baie geluk met julle oorwinnings.

Lekker fees gehad met Kulu en Vergeet-my-nie. Dankie vir julle gasvrye intercoke en intertee. Ook so was die sjokoladekoek wat ons van Heide ontvang het nadat hulle en Vergeet-my-nie noodgedwonge ons waterfees moes bybring.

Lekker sêrre gehad die laaste week — Oom Heimat dank julle!

Soos oudergewoonte het die jaar met 'n goeie fees begin, en kon alle onderdrukte gevoelens van die vakansie en die frustrasie wat die akademie van 'n nuwe jaar voortbring goed afkoel! !

Aan alle helftes wat hul helftes met die Hertog mag deel — baie geluk en 'n voorspoedige jaar!

Lekker gaan, totdat julle weer van die Hertogdom verneem! !

Oom Heimat groet julle! !

## Soetdorings

SOETDORINGS begin hierdie jaar wer eens op 'n hoë noot. Martie en Elmarie spog met hulle Thalia-skap. Elza verteenwoordig ons by hokkie, Annekie by korfbal en Ina by netbal. Die twee Annelies en Rika skaar hulle by die Universiteitskoor.

Die hoë noot word verder gevoer deur die sêr. Vir die lae note sorg die manne van Thaba Jäh, ons hoop dis suksesvol. Hulle kele het ons darem alreeds natgemaak met koffie by 'n intertee.

Soos reeds bekend bou ons vlot saam met Heimat, dus kan daar net een gevolg wees, 'n wenvlot!

Ons prim besef nou dat met die petrolkrisis petrol skaars is, dus is crimpelene en katoen nou haar keuse.

Sophia is as sekretaresse van die B.S.V. genoodsaak om dit by te bring, maar niks oortref haar liefde vir Volkspele, veral as haar metgesel haar oorval met sy spoggerige motor nie.

In Soetdoringdames se koppe broei daar alweer groot dinge. Hou maar die plakkate dop vir die 27e Maart!

„Soetdorings" onthou goed begin is halfpad gewin.

## Over-de-Voor

DIT is vir my aangenaam om aan te kondig dat die Leeu nog steeds met trots op die kampus beweeg, ten spyte van die feit dat daar wel oor sy bewegings getwyfel is.

Geluk aan Over-de-Voor se krieketspan wat die koshuisliga gewen het. Hulle is waardige wenners van die reeks wat agter die rug is.

Blykbaar het die plaaslike ingenieurs tog daarin geslaag om die Groentjie an die loop te kry. Tog net 'n vriendelike versoek aan die dames op die kampus. Moet nie na die uiterlike van die Austin kyk nie, maar hou gerus die grote agter die mik dop.

Taaibos lê voor en die manne is hard besig om hulle voor te berei vir die jaarlikse stryd, hierdie jaar op die Tukkiekampus.

Ten slotte — Die koshuisrugbyliga begin reeds Saterdag en sterkte aan alle spanne wat hierdie seisoen om die beker gaan meeding.

## Uitspan

DIE jaar 1974 gaan weer 'n groot jaar in Uitspan se geskiedenis wees. Ons het die jaar goed begin met veertien eerstejaars en sestien seniors.

Baie Pa's en Ma's het die „Stalle" nie juis as die aangewese plek beskou vir die voornemende akademici nie. Onder die bekwame hand van die „Ou Bere" kan die kleingoed gemoddeleer word om eendag ook hulle plek vol te staan.

Hierdie jaar is ook vir ons 'n besondere jaar in dié opsig dat Uitspan vanjaar 26 jaar oud word. So van oud word gepraat — veels geluk aan Liberalia met hulle verjaarsdag. Ons hoop julle sal nog steeds bou op 'n mooie fondament van gees en prestasie.

Wat ons program vir 1974 betref kan ons weer uitsien na 'n vol en aangename jaar. Inter-aksie is die wagwoord.

Ons het reeds 'n inter-tee met Wanda gehad. Dit het baie aangenaam verloop en die motreëntjie wat gedreig het, het die geselskap net mooi „aangeklam".

Die grootste funksie wat Uitspan se jare-lange tradisie kenmerk, is die jaarlikse Vlagstryking. By hierdie geleentheid kry die Pypregiment die vryheid van Uitspan en kan elke eerstejaar sê: „Nou is ek 'n Uitspanner". Die vlag word gehys en die feestelike geleentheid word met 'n dameskoshuis gedeel. Na 'n urelange debat in die koukus van die Regering, is besluit om die eer aan „Vergeet-my-nie" se dames toe te sê.

By hierdie geleentheid was ons ook besonder geëerd om prof. W. N. Coetzee en Pieter Mulder in ons geledere te hê.

Prof. W. N. Coetzee wat baie jare al ons huisvader is en vanjaar sy laaste skof trek, het met ons gepraat oor die gepastheid van die naam „Uitspan". Ons wil ook baie dankie sê vir sy mooi woorde en getroue diens deur die jare.

Prof. W.N. was tot daardie aand die enigste „ere-beer" van Uitspan. By hierdie geleentheid is Pieter Mulder ook in hierdie groep geplaas — dus slegs die 2e vrye-burger in 26 jaar. Hartlik welkom Pieter. (Onnodig om te sê, hy is dienooreenkomstig gade gegeslaan.)

In 'n baie aangename gees het ons die aand sing-sing afgesluit.

Nog 'n aangename aand was die inter-coke met Vergeet-my-nie. Die manne van Uitspan, Heimat en Ons Huis is vereer en ons wil dankie sê, dit was heerlik.

Nou lê vir ons voor die Sêrkompetisie, Vlot-bou, Trapkarwedren en Kanaval. Uitspan sal weer eens sy bes probeer.

Uitspan-groete.

## Vergeet-my-nie

SONGEEL en vrolik . . . dié nuwe koshuishempies van Vergeet-my-nie. En stralend die meisies wat dit dra. Sommer vroeg in die jaar het ons ons oulike koshuishempies bestel sodat ons orals uitgeken kan word. Die motief is 'n hele krans blou vergeet-my-nietjies wat 'n pragtige gesiggie omraam. Moenie die speelse/guitige knipoog miskyk nie, want dis vir jou, meneer die Puk-student!

Die sêr-manne en meisies oefen hard en lekker en saans laat is dit nog 'n gesellige koffie drinkery om die droë kele weer nat te maak. Ons wens almal dat die sêr-dames dwarsdeur die jaar wil oefen omdat dit so 'n heerlike atmosfeer in die koshuis skep.

Die klavier wat ons onlangs gekry het, dra ook tot die groot vrolikheid by. Mens voel sommer dadelik tuis met die intrapslag as die musikante in Vergeet-my-nie so bietjie tokkel.

Ons SR voorsitter — Pieter — het Maandagaand baie lekker by die dames gekuier. Hy het ons nader ingelig oor ASB, NUSAS, SASU en hul doen en late. Dit sitkamer was vol belangstellende dames gepak en die aand het gesellig verloop (afgeloop). Die dames het hom gestook met vrae en ons moes kort-kort skater vir kwinkslae. 'n Mooi gesigge hoef nie (glad nie) met 'n leë koppie gepaard te gaan nie en ons kan nou baie meer oor studente-aangeleenthede saamgesels.

Die grafiek van ons gewildheid op die kampus toon nog stèèds stygings! ! En weens „hoë koors" word heelparty manne op die gevaarlys geplaas.

Wederom! !

## Gatland

MET die seniors van Gatland gaan dit hierdie jaar baie goed. Met die gatte (eerstejaars en hulle onderskeie kamermaats) het dit maar moeilik gegaan om hulle van hulle matriekkompleks te verlos.

Dit lyk of dit 'n jaar van groot gebeurtenisse gaan wees as gekyk word na die geslaagde inter-coke met Vergeet-my-nie, inter-fliek met Kulu en verskeie intertees.

Ons kyk met groot verwagting na ons nuut ingevoerde Matie se rugbyloopbaan veral na aanleiding van sy groot debuut — gemaak in die eerstejaar—senior wedstryd.

Danksy 'n uiters neutrale skeidsregter kon die eerstejaars slegs met 4—29 verloor.

Gatland word deesdae so populêr onder die skone geslag dat ons glad elfuur Sondagaand moeite het om die dames (en beddegoed) buite die koshuis te hou. Hiervan sal die vyf Florna meisies op die Puk goed kan getuig.

Intussen dra Gatland sy deel by om die huidige petrolkrisis te verlig deur met ons nuut aangekoopte gatsometer die doserende personeel se spoed voor ons koshuis drasties te verminder.

Alle eer aan ons doserende personeel wat deur ons hoofverkeersbeampte mnr. Nols Koekemoer (BSc. Verkeerskunde) voorgekeer is en saamgespeel het (met 'n spesiale veer in die hoed van prof. Van der Vyver). Mnr. Nols Koekemoer is 'n unieke verkeershoof. Hy onderskei hom van enige ander verkeersbeampte in die sin dat hy wel St. 6 geslaag het.

'n Besondere woord van welkom aan een van ons mees geëerde veteraan inwoners wat hom weer eens by ons kom skaar het; dr. Wallie Pienaar van Zyl. Ook aan mnr. Tommie Ferreira, ons inwonende koshuisadviseur.

Ten slotte wil ons graag 'n hartlike uitnodiging rig aan al wat 'n dame sêr-groep is op die Puk om ons van akademiese nagmerries te verlos. 'n Heerlike verrassing gaan julle aihier te beurt val.

NS. Rekord: Gatland besit hierdie jaar persentasie gewys die grootste getal na-graadse studente op die Puk.

Wiele het ernstige voorneme om homself uit sy wurggreep van eenman's bestaan los te skeur. Ons hou sy vordering met groot belangstelling dop.

Groetnis tot volgende keer.

## Heide

WANNEER Heide die woord karnaval hoor is hulle die ene ore, want vanjaar gaan hulle weer vir die ander koshuise wys wat groot gees is.

Die manne van Skuur het besluit dat hulle so gou as moontlik met hulle vlotboumaats wil kennis maak en daarom het hulle vloere twee, vier en ses uitgenooi om by hulle te kom fliek. Die res van Heide bou saam met Over de Voor en hulle sien ook net so baie daarna uit. Soos Koos Kaffer altoos gesê het: „Gaan mal dis (amper) karnaval."

Heide is nog altyd baie bedrywig met die Kloosterpikkewyne soos dit baie duidelik uit die baie interaksies blyk. Een Woensdagnag het Heide sag oor die kampus gesluip met komberse en eetgoed in hulle hande en die inwoners van Klooster vergas op 'n sêr en 'n heerlike interkoeldrank daarna. Klooster was so in hulle skik met Heide se goeie sosiale hoedanighede dat hulle daar en dan besluit het op 'n lekker ou boeresport. Dié is toe gehou met volle sleep. aksies tot gevolg.

Intussen kry Heide maar net so koud soos die ander sonaanbidders van die Puk en wens dat hulle wintersklere liewer maar by die koshuis as by die huis was.

## Wag-'n-Bietjie

. . . SAL ons mos weer met iets ander kom, en dit in die vorm van ons koshuishempies. Met niks meer as die naam nie — dié hempies van ons, want niks meer as die nááм het ons nodig nie, of hoe?

Inter-sport, inter-ete, inter. fliek — of so gesê; lekker, lekkerder, lekkerstè — en dit was met Klooster, wat darem weet van onthaal! Hoe lyk dit of die ander manne 'n bietjie kan kers opsteek?

Alabama het wel net 'n paar openings gehad, maar een van ons eerstejaars moes wys waar sy vandaan kom, en dit word nog 'n terrein waar Wag-'n-Bietjie verteenwoordig word.

Intussen word aanmekaar aan die sêr geoefen, êrens ook akademie bygebring, en met die baie reën bly die manne modder trap op ons volvloermatte — maar ons kla nie!

## KASKENADES

1) PUK het glo 'n nuwe Dameskoshuis gekoop in die dorp . . . Western Greyhound Buses.
2) Die manne sug dat jy so 'n dik wasemstreep sien — die winter kruip nader, en die rokke al laer en langer . . . Ons verneem dat klasdraf geen plesier meer is nie.
3) Die manne is glo lus vir mekaar in die komende rugby . . . Wie gaan wen?

Die OOG.

KOOP 'n LOOP-HAPPIE

HONGER?

Probeer ons Vetkoek.

MAALVLEIS 25c.
KERRIE 25c.
KAAS en KONFYT 25c.

Johan Malan (Edms.) Bpk.

VUURMAAKHOUT

OWENLAAN 2
en
GOEDERE ERF,
Potchefstroom Stasie.
TELEFOON 5371.

—::—::—::—::—::—

ONS LEWER AF

—::—::—::—::—::—

Posbus 69,
POTCHEFSTROOM.

—ST

# sport

# PIET BLY ONS REKORDKONING

**DAAR is g'n keer aan Piet Meyer nie. Met verlede Saterdag se 30e Wes-Transvaalse Senior Atletiekkampioenskappe op Bill Swart-ovaal het hy nog 'n skakel aan sy rekordketting gelas toe hy sy eie Wes-Transvaalse rekord in die 5 000 m stap met 5,2 sek. oortref het. Sy wentyd was 22:17,0.**

Meyer, wat deesdae pragtig op stryk is, het 41 sek. voor sy spanmaat en naaste teenstander, Deet Holzhausen, oor die wenstreep gestap. In die 800 m het Gerrie Jacobs mooi genael. Hy het heelpad gemaklik voor gehardloop en in 'n vinnige tyd van 1:51,9 gewen.

Dawie Kuhn het vir 'n groot verrassing gesorg toe hy Alan Smit van Wanderers oor die 110 m hekkies geklop het in 'n tyd van 14,6. In die 1 500 m was dit Johnny Keyser wat die hele wedloop in die bondel gehardloop het, maar in die laaste rondte vorentoe geskiet het om tweede te kom agter Jurie Swanepoel in 3:57,0.

In die hoogspring het Deon Troskie puik vertoon en met 'n nuwe Wes-Transvaalse rekordhoogte van 2,07 m gewen. Tweede was sy Puk-maat, Chris Spamer, met 1,95.

Dawie Malan het weer sy baasskap in die paalspring getoon met 'n hoë 4,46 m. Tweede was 'n oud-Puk, Cobus van der Colff, en derde Danie Weitz met 4,01 m.

Stephanie Kotzé, wat weer terug is op die Puk, het die verspring met 'n mooi afstand van 7,14 m gewen. Hans Booysen het 'n tweekuns behaal in die gewigstoot en skyfwerp. Hy het onderskeidelik met 15,85 m en 50,12 m gewen. Henk du Toit was derde in die skyfwerp (43,60).

In die 100 m hekkies vir dames het Ria van der Berg vrou-alleen 'n tyd van 14,5 sek. aangeteken. Helena Louw was te goed vir haar teenstanders in die 3 000 m en het die afstand in 11:17,4 afgedraf.

In die verspring het Jorina Gunter maklik gewen met 'n afstand van 5,84 m. Marie van der Westhuizen se wenafstand in die gewigstoot was 13,70 m. In die skyfwerp was sy derde met 46,24 m.



BO: Piet Meyer. (Foto: Fotokuns.)

# PUKKE MAAK AMOK

**DIE rugbyseisoen het nog nie eers begin nie en die Pukke se eerste span kan al spog met 'n reuse-oorwinning. Hulle het Allanridge verlede Saterdag op hul eie veld 'n drag slae van 49—0 gaan gee. Hiermee het die S.A.U. rugbykampioene getoon dat hulle nie van plan is om vanjaar geklop te word nie.**

Die Pukke het agt drieë gedruk waarvan drie vleuel Johan Steyn s'n was. Willie de Bruin, die Pukke se heelagter, het ondanks die nat bal met agt van sy nege pogings na die pale geslaag. Alleen het hy altesaam sewentien punte met die skoen ingesamel.


Onder die voorspelers, wat oor hul teenstanders gestoomroller het, kan niemand maklik uitgesonder word nie. Dries Coetzer en Piet Brand het die lynstane heeltemal oorheers. Hulle was ook elkeen verantwoordelik vir 'n drie.

Koos Snyman het die vaskopstryd sonder veel inspanning met 6—0 gewen en getoon dat hy beslis 'n haker is met wie daar rekening gehou sal moet word. Onder die losvoorspelers het Eric le Roux en James Stoffberg elk twee drieë gedruk.

Die eerste helfte was besonder taai, veral gemeet aan Allanridge se stewige verdediging. Met hul skêr- en fopbewegings het die agterspelers die seisoen begin soos wat hulle die vorige suksesvolle seisoen afgesluit het. Die teenstanders het ná rustyd nie geweet waar om die gate orals toe te stop nie.

In die voorwedstryd het die Puk se tweede span groot amok gemaak. Hulle het Allanridge 11 skoon van hulle voete af gespeel en met 44—4 gewen.

GELUK IS . . .



'n GESKENK van TALITA TROUSSEAU BOUTIQUE

TEL. 7303 SANTAM-DEURLOOP.



BO: 'n Toneel uit die eindstryd om die Ted Sceales-trofee verlede jaar op Olënpark. (Foto: Fotokuns.)

# LANGASEMS SPRING GOED WEG

**MET die Landloopklub se vergadering verlede Donderdagaand (14 Maart) is daar groot planne beraam vir die komende jaar. Die teenwoordiges het geesdriftig aan die vergadering deelgeneem.**

'n Prysenswaardige besluit wat geneem is, is om vanaf vanjaar 'n koshuisliga in landloop in te stel. Aan die einde van die seisoen sal daar dan 'n trofee aan die beste koshuisspan oorhandig word. Ná elke wedloop sal die vier beste deelnemers elkeen 'n prys ontvang. Daar sal ook hardloopskoene, sweetpakke, hemde en dergelike pryse aan die einde van die seisoen aan die vier beste deelnemers oorhandig word.

Vir Karnaval beplan die klub 'n afloswedloop om die kampus. Spanne sal bestaan uit drie mans en drie dames elk van die mans- en dameskoshuis wat saam vlot bou. Die koshuise kan soveel spanne inskryf soos wat hulle wil. Die beste span asook die man en die dames met die vinnigste tyd sal pryse ontvang.

Verder die jaar beplan die klub 'n lesing oor oefenmetodes. 'n Uurbyeenkoms waarheen van die voorste atlete in die land uitgenooi gaan word, word ook in die vooruitsig gestel. Die klub is van plan om net na Karnaval 'n vleisbraai by die Dam te hou vir sy lede om mekaar beter te leer ken.

Hoewel briljante individuele atlete soos Andries Krogman, Dirk Schoeman en Danie Gildenhuys nie meer hier is nie, is die nuwe lede almal van so 'n hoë gehalte dat die span as geheel moeilik geklop gaan word. Die nuwelinge, almal eerstejaars wat reeds op provinsiale vlak meegeding het, is: Johnny Keyser, Johan Marais, Gerrie Doorewaard, Jan van Ellewee, Jan Lubbe, Izak van der Linde en Hans Seastad.




LINKS: Andries Krogman is een van die puik atlete wat die Puk verlaat het. Hoewel hier talle belowende atlete in ons midde is, bly sy vertrek nogtans 'n groot verlies. (Foto: Fotokuns.)

# Stoeiers lelik geknou

**DIE Puk-stoeiers het verlede Vrydagaand seker een van hul grootste nederlae ooit gely toe hulle in Kloostersaal teen Yskor en Carletonville te staan gekom het. Die Pukke kon net twee van hul twaalf gevegte wen.**

Henning Vorster en kaptein Pik Badenhorst was die enigste twee Pukke wat hul teenstander kon troef. Badenhorst het gou met J. Joubert klaargespeel deur hom in die eerste ronde met 'n val te wen. Vorster moes egter end-uit teen J. Holzhausen baklei voordat hy die spannende geveg met punte kon wen.

Springbok Johan van Zyl was beslis Yskor-Carletonville se held van die aand. Hy het twee gevegte agtermekaar met valle gewen, eers teen Christo Krause en toe teen Danie de Goede.

Pik Badenhorst is egter vol vertroue vir die Puk se volgende kragmeting op 30 Maart teen Weermag. Volgens hom was die oorgrote meerderheid stoeiers aan Puk-kant Vrydagaand beginners wat nog nie fiks is nie. Met manne soos Danie Greeff, Johan Viljoen, Gerhard Brown en Christo Krause sien hy vir groot dinge kans.

# STYWE LYNE

DIE viskatrolle het vroeg vanjaar begin sing met die Hengelklub se uitstalling in die Totius-saal. Die moeite wat met die uitstalling gepaard gegaan het was egter nie die moeite werd nie, want toe die hengelaars 'n week later vergader het, was talle belangstellendes teenwoordig.

Paul van der Nest is op die vergadering as nuwe penningmeester gekies. Die nuwe koshuisliga wat vanjaar ingestel is het onmiddellik groot belangstelling uitgelok. Die entoesiasme was so groot dat Over de Voor en P.G.D. besluit het om op 8 Maart lyne teen mekaar nat te maak. P.G.D. het die kompetisie gewen.

Die hengelkoors het ook na Wag-'n- Bietjie uitgebrei en hulle beoog om aan die kompetisie deel te neme. Dames is baie welkom om by die klub aan te sluit. Ledekaartjies kan by Uitsleep-restaurant gekoop word.

# Maties nie in Ted Sceales

NADAT die Universiteit van Stellenbosch aanvanklik bereid was om vanjaar voorlopig geloot te word vir die interuniversitêre Ted Sceales-rugbykompetisie, het hulle hul verlede week aan die reeks onttrek.

Hulle het geen redes vir hul onttrekking gegee nie. Die Universiteit sê net dat hy nie sy weg oopsien om vanjaar in die reeks te speel nie.

Maties het nog nooit aan die kompetisie deelgeneem nie en hulle is al baie daaroor verkwalik. Elke keer het hulle die strawwe ligaprogram in die Westelike Provinsie as rede voorgehou.

Die Pukke, wat verlede jaar die trofee vir die eerste keer verower het, is die huidige kampioenspan.

MOTOLEK

Hierdie onderdele is by u plaaslike

MOTOLEK verspreider verkrygbaar . . .

POTCH SPARES

Lombardstraat 39, Tel. 6077, 4595,
POTCHEFSTROOM.

—:::—

ELECTRICAL PARTS FOR JAPANESE CARS & TRUCKS.

—ST

motolek

# OVER DE VOOR WEN KRIEKETBEKER

**VOORWAAR het die Leeu van Over de Voor weer hard en duidelik gebrul toe hulle die beker in die koshuis-krieketliga gebuit het. Al ses die ligawedstryde, asook die een teen Personeel, het hulle oortuigend gewen.**

'n Opsomming van die telkaart lyk baie indrukwekkend:
Piet Grobler 72/9 O.d.v. 76/1. Wen met 9 paaltjies.
Klooster 67/10 O.d.V. 70/4. Wen met 6 paaltjies.
Dawie Dup. 77/10 O.d.V. 81/2. Wen met 8 paaltjies.
Skuur 64/10 O.d.V. 140/10. Wen met 76 lopies.
Kompleks 50/10 O.d.V. 150/9. Wen met 100 lopies.
Dorp 41/10 O.d.V. 102/10. Wen met 61 lopies.
Personeel 42/10 O.d.V. 143/8. Wen met 101 lopies.

Uitblinkers aan Over de Voor se kant was baie, maar dit is veral Oswald van Niekerk die kaptein wat uitmuntende krieket gespeel het. Hy behaal 'n gemiddelde van 25 lopies in 4 kolfbeurte en knikker 14 paaltjies in 4 wedstryde om vir 'n skrale 47 lopies.

Ander uitblinkers met die kolfbeurt was L. van Wyk en Nic Louw wat ook elk 'n gemiddelde 25 lopies per beurt het. Die boulers was veral André Claassen 14 paaltjies vir 79 lopies, ook Hendrik Kruger 10 vir 116 en Andries Vorster 7 vir 21 in twee wedstryde.



Over de Voor se elftal wat met Dorp klaargespeel het. Die span is v.l.n.r., agter: H. van Aswegen, L. van Wyk, A. Claassen, L. van der Klasthorst. Middel: A. Vorster, H. Kruger, T. Barnard. Voor: B. Rens, P. Keevé, O. va nNiekerk (kapt.), I. Pieterse, A. Uys (klubkaptein).

# Saterdag se program

**DIE volledige sportprogram vir môre se ingebruikneming van die Fanie du Toitsportterrein is (al die wedstryde word op die terrein beslis):**

09h00: **Krieket** — P.U.Uitnodigingspan vs. Wes-Transvaal (Krieketveld).
**Tennis** — P.U. vs. Wes-Transvaal Uitnodigingspan (Tesnisbane).
**Rugby — Koshuise**
— Klooster I vs. Skuur I (B-veld).
— P.G.D. II vs Skuur III (C-veld).
— Dawie Dup III vs. Kompleks III (D-veld).
**Netbal** — Aanvang van Minitoernooi (Netvalvelde).
**Dameshokkie** — Karlien vs. Kasteel (A-veld).
— Heide vs. Wag-n-Bietjie (B-veld).
09h30: **Rolbal** — Interklubtoernooi (Rolbalbaan).
10h00: **Rugby** — Over de Voor I vs. P.G.D. I (B-veld).
— Kompleks II vs Klooster II (C-veld).
— Klooster III vs. Skuur IV (D-veld).
**Atletiek** — Feesatletiekbyeenkoms (A-veld).
**Dameshokkie** — Kulu-Dorp vs. Fort (A-veld).
— Klawerhof vs. Vergeet-My-Nie (B-veld).
11h00: **Rugby** — Dawie Dup I vs. Kompleks I (B-veld).
— Dawie Dup II vs. Over de Voor II (C-veld).
— Over de Voor III vs P.G.D. III (D-veld).
**Dameshokkie** — Oosterhof-Soetdorings vs. Heide II (A-veld).
12h15: **Rugby** — P.U. III vs. P.U. o.20B (A-veld).
13h30: **Rugby** — P.U. o.20 vs. Noordwestelike Kommandement (A-veld).
14h00: **Dameshokkie** — P.U. I vs Wes-Transvaal Uitnodigingspan (A-veld).
**Netbal** — P.U. II vs U.P. II (A-veld).
**Krieket** — Voortsetting van krieketwedstryd.
**Tennis** — Voortsetting van tenniswedstryde.
**Korfbal** — P.U. I vs Wes-Transvaal Uitnodigingspan (A-veld).
14h30: **Rugby** — P.U. I vs Oud-Pukke (A-veld).
**Netbal** — P.U. I vs U.P. I (A-veld).
15h00: **Manshokkie** — P.U. I vs. Wes-Transvaal Uitnodigingspan (A-veld).
15h45: **Rugby** — P.U. I vs S.A.U.-Uitnodigingspan (A-veld).
17h30: Formele opening van die Fanie du Toit-sportterrein (Klubgebou).

# Over de Voor klop Dorp

**OVER DE VOOR het Saterdag die kroon op die span se oorwinning van die krieketbeker gespan deur hul onoorwonne rekord in hierdie seisoen te handhaaf.**

Die krieketspan van Dorp is verneder toe hulle almal uitgehaal is vir 41 lopies binne 20 boulbeurte. Over de Voor het 102 almal uit aangeteken in 31,3 boulbeurte en wen dus met 61 lopies. Uitblinkers aan die kant van Over de Voor was L. van Wyk met 22 (4 x 4) en P. Kieve 17 (1 x 4) terwyl aldrie boulers wat gebruik is goed gevaar het. H. Kruger boulontleding is egter fantasties.

H. Kruger 10—5—13—6.
A. Claassen 6—2—12—1.
A. Vorster 3—0—14—3.

Uitblinkers aan Dorp se kant was Zietsman wat 4 vir 39 uitgehaal het en Loots 2 vir 13.

Over de Voor se puik veldwerk het bygedra tot die oorwinning. Net een vangkans is verbrou — dit was egter 'n baie moeilike kans wat op byglip misgevang is.



Over de Voor jubel van blydskap nadat hulle die krieketseisoen onoorwonne teen Dorp afgesluit het.






# *SPANNE VIR OPENING*

**DIE vernaamste besoekende rugby- en krieketspanne vir môre is:**

*Rugby: S.A.U.-uitnodigingspan:* C. Gerber (UPE); K. Louw (UOVS); J. Swanepoel (UP); D. van der Wahl (UOVS); A. Laurence (Rhodes); D. Snyman (US); B. Borgen (Natal); L. Erasmus (RAU); G. Brookes (UP); H. Marais (kapt., UPE); B. Verster (UOVS); S. Botha (UOVS); E. Plumstead (UPE); G. Prinsloo (RAU); D. McDonald (UK).

*Oud-Pukke:* A. du Plooy; K. Coetzee; J. van der Schyff; H. Coetzee; D. van Wyk; P. van der Schyff; J. Barnard; P. Bosman; F. Postma; H. Coetzee; W. Kruger; T. Dannhauser (kapt.); H. Venter; K. du Plooy; R. Lotz.

*Krieket: P.U.-uitnodigingspan:* T. Goddard; F. de Beer; B. Schlebusch; M. van Zyl; P. de Vaal; M. Zondagh; S. Willemse; J. Middleton; W. Welman; M. van Jaarsveldt; F. van Aswegen.

*Wes-Transvaal:* B. Vernon (kapt.); D. Nelson; T. Mitchell; L. Metzer; T. Llewellyn; D. Kuter; M. Stocken; B. Truter; R. Gomez; A. du Preez.

PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(Edms.) Bpk.
Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXIX VRYDAG, 29 MAART 1974 Nr. 5

CACHET APTEEK
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# SPORTMOTIVERING IN DIE BRANDPUNT

Vossie Vosloo

**DIE sportsimposium, wat verlede Vrydag in die Totiussaal, onder die tema Sportmotivering behandel is, kan as 'n geskiedkundige gebeurtenis vir die Puk beskou word. Dit is die eerste simposium wat deur die Sportinstituut van die Universiteit van stapel gestuur is.**

Die openingsrede is deur 'n oudstudent, mnr. R. J. W. Opperman, President van die S.A. Olimpiese en Nasionale Spelevereniging, gelewer.

Die sportsimposium is gelei onder voorsitterskap van prof. W. N. Coetzee en die verwelkoming is waargeneem deur prof. H. J. J. Bingle. Prof. Bingle het die verband tussen menslike spel en sport bespreek sowel as wat die sportwaarde van die toeskouer is.

Mnr. Opperman verklaar dat 'n sportman baie te danke het aan die besieling en opoffering van die ouer. Daar moet egter gewaak word teen 'n obsessie wat by die ouer kan ontstaan om die kind tot prestasie te dryf.

Dit kan daartoe lei dat sport 'n straf word vir die kind. Hy het hom uitgespreek teenoor sommige Suid-Afrikaanse afrigters wat 'n atleet as sy eiendom beskou en hom op so 'n wyse van verdere ontwikkeling kan weerhou.

### MNR. OPPERMAN

Mnr. Opperman is teleurgesteld in Suid-Afrikaanse Nie-Blanke sport. Hulle lewensstandaard steek nie af met die res van Afrika nie. Hy wou weet of dit motivering is wat kortkom. Onder die nuwe bedeling het die Nie-Blanke die geleentheid om deel te neem. Die sterkste motivering in sportprestasie is om jou land te verteenwoordig. Ons sal nie aanvaar dat S.A. geïsoleer word van sportmededinging nie. Hy beskou die nie-blanke as ons verantwoordelikheid in die verwesenliking van hulle sportideale.

Mnr. Opperman het sy rede afgesluit deur sy dank uit te spreek teenoor die regering vir die erkenning wat hulle aan sport verleen. Hy het onder meer na die Staatspresidentstoekennings verwys.

### GROEPSBESPREKINGS

'n Groepsbespreking is gehou waarin verskillende probleme onder die tema, sportmotivering, bespreek is.

'n Vleisbraai en gesellige verkeer wat deel van die program uitgemaak het, het die mense bietjie blaaskans gegee.

Tydens die aandsitting het die groepleiers verslag gelewer van die groepsbespreking.

Ds. Johan Lampbrecht, voorsitter van die W.T.A.A.U., se groep het gesels oor die nouer betekenis van sportmotivering. Wat is die klub se rol in motivering? Hoe kan die massa gemotiveer word en wat is die rol van die kapitaal in sport?

„Daar is 'n motiveringsveld wat 'n versadigingspunt kan bereik", het hy geantwoord.

Dr. Gert Scholtz se groep vra die vraag: „Waarom neem mense deel?"

Hy sê dat topsport nader beweeg aan arbeid. „Sukses is die beste motivering vir sukses".

Hoe moet mense gemotiveer word dat as hy presteer, hy ook beloning sal ontvang en wat is die konsekwensies wat motivering veroorsaak.

Prof. W. Putter, hoof van die Departement Liggaamlike Opvoeding het verslag gelewer oor aanleg as motiveringsfaktor. Hy het die metodes genoem waaronder aanleg ontdek kan word en onderskei tussen ouer, skool en mededinging met portuur. 70% van ons sportmanne met aanleg word nie ontdek nie. Die diagnose van die afrigter en omstandighede is remmende faktore op aanleg.

Prof. Eloff rapporteer dat die gemiddelde sportman uit die oog verloor word en dat die persoonlikheid van die afrigter 'n psigomatiese invloed op die sportman het.

In die verslag van mnr. J. A. Olivier word die buite-invloede van sport bespreek. Onder meer die pers se algemene distorsie op sportprestasies. Die atmosfeer het 'n motiveringsinvloed op die deelnemer. Die massa moet betrek word om die motiveringsprobleem van die sportleier te vergemaklik.


Mnr. Harry Newton Walker voormalige Springbokrugbyspeler, se groep het die nasionale agtergrond van sport bespreek.

'n Opsomming is deur prof. D. P. J. Smith, voormalige hoof van die departement Liggaamlike Opvoeding aan die P.U. vir C.H.O. gelewer.

### MOTIVERING

Prof. Smith wil hê dat die mens as geheel gesien moet word. Hy sê verder dat motivering die aansporing tot hoër prestasie is en dat die doel van motivering deur sport moet wees. Motivering moet met drie eise rekening hou naamlik: daar moet 'n uitdaging, 'n kans vir oorwinning en erkenning wees. Motivering moet egter met die persoonlikheidsprofiel van die individu rekening hou, voordat daar met die sportman gewerk kan word.

Motivering se belangrikste basis is belangstelling en die kind moet dus tot belangstelling gelei word. Prof. Smith sluit af deur te sê dat motivering ten gunste van sukses beter is as motivering ten gunste van mislukking.



„'n Gesonde gees huisves 'n gesonde liggaam". Prof. Bingle aan die woord tydens die inwyding van die Fanie du Toit-sportterrein met dr. Koornhof op die voorgrond. (Foto: Fotokuns.)

# S.A. op soek na jong sportbeoefenaars

**„SUID-AFRIKA is op soek na sterk jong manne en vroue", het dr. Piet Koornhof verlede Saterdag by die opening van die Fanie du Toit-sportterrein gesê. Dr. Koornhof het veral klem gelê op die gesondheid van 'n volk.**

Dr. Koornhof het sydelings verwys na sportisolasie en die sportbande van Suid-Afrika. As voorbeeld het hy genoem dat daar tien lande aan die wêreld-wipmatkampioenskappe in Johannesburg, deelgeneem het.

Ook het hy die feit beklemtoon dat 'n Suid-Afrikaner verkies is as sekretaris van die Wêreldwipmat Federasie. Hy het voortgegaan deur die Latynse spreuk „'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees", op die huidige sportsituasie in Suid-Afrika toe te pas.

Daarmee saam het hy skokkende syfers, vrygestel deur die Departement van Sport en Ontspanning, omtrent persone wat aan hartkwale in Suid-Afrika sterf, vrygestel. Hieruit blyk ook duidelik, volgens hom, dat die meer sportaktiewe Suid-Afrikaner nie deel aan die hoë persentasie het nie.

Hy het die Puk gelukgewens met die reusewerk wat die Departement Liggaamlike Opvoedkunde op die gebied van navorsing oor liggaamsoefening vir hartlyers doen.

Dr. Koornhof het afgesluit en die Puk gelukgewens met die nagedagtenis van wyle mnr. Fanie du Toit geëer met dié woorde: „Dit is goed om manne en vroue wat hard gewerk het vir 'n saak op hierdie wyse te vereer".

# REKTOR LOOF STUDENTE

**PROF. H. J. J. BINGLE het in 'n kort rede sy blydskap en dank betuig teenoor almal wat meegewerk het in die bereiking van die groot ideaal: 'n sportterrein wat etlike honderd duisende rand gekos het om te voltooi.**

„Die groen velde op die oewers van die Mooirivier is daar gestel vir sportman en toeskouer, vir deelnemer en entoesias". Die Rektor het die doemprofete wat sê Suid-Afrika is 'n land van brood en spele, in die kort hare bygeloop.

Hy het gesê dat 'n volk nie sonder sy sportmanne en vroue kan klaarkom nie, en het die studente geloof vir hulle ywer, dissipline en volharding in die beoefening van hul onderskeie sportsoorte. Vervolgens het hy beklemtoon dat dit deel is van die mense se opvoedingsproses om 'n gesonde deelname in sport te hê.

Daarna het prof. Bingle hulde gebring aan mnr. Fanie du Toit, voormalige registrateur van die Puk, wat onvermoeid gewerk het om sportfasiliteite vir die studente daar te stel. Namens die Raad van die Puk het prof. Bingle ook sy dank betuig teenoor Old Mutual vir hul skenking. Hy het saam met mnr. Kok, wat Old Mutual by die geleentheid verteenwoordig het, die gedenkplaat onthul.

Prof. Bingle het afgesluit met 'n woord van dank aan duisende deelnemers wat 'n sukses van die dag se verrigtinge gemaak het.

# Drie Pukke gekies vir Wes-Transvaal

**'N SKRALE drie Pukke is gekies om Wes-Transvaal in 'n vriendskaplike rugbywedstryd teen Noord-Transvaal te verteenwoordig. Die drie spelers is Piet Roodt (senter), Piet Brand (slot) en Erie le Roux (flank).**

Die keurders het beslis vertas met die keuse van hulle span, as die proefwedstryde van Maandagaand 26 Maart in ag geneem word.

In die geheel gesien, is dit 'n span met weinig nuwe bloed en kan daar nie veel beter prestasies van die span verwag word nie as verlede jaar nie. Spelers soos Willie de Bruyn, Schalk van der Merwe — laasgenoemde is nie eers in die B-span nie — kan ongelukkig voel omdat hulle nie plek in die A-span gekry het nie. Veral Willie de Bruyn het 'n skitterende wedstryd in die B-span in die proewe gespeel.

★ Vervolg op bladsy 5

Die Bult Apteek / Pharmacy
Noordbrug Apteek (Edms.) Bpk.

★ VIR AL U APTEKERBENODIGDHEDE . . .
. . . ONS KEN U BEHOEFTES

Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.) Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer (B.Sc.-Far.) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far.) L.A.V. (Besturend).

# ASTER

## Rondomtalie-rompe

**GELUKKIG tref daar toe mos 'n koue vlaag Potchefstroom. Ja, gelukkig, want dit is mos toe, wat ook daardie dames wat tot nog toe huiwerig was om met 'n lang romp op die kampus gesien te word, besluit het: nou trek ek myne ook aan. Vir die dames wat dit reeds lank dra sê ons, dankie . . . Ons het dit opgemerk (laat daaroor geen illusies wees nie — ons gaan eenvoudig nie toe oë oor die kampus of deur die lewe nie) en is bly dat julle voorbeeld nou groter inslag vind.**

SJARMANT, GRASIEUS

Julle is dus nie verkeerd nie, dames, as julle aflei dat lang rompe vir my nie lelik is nie — inteendeel julle is 100% korrek as julle aflei dat lang rompe vir my (en kollegas) sjarmant, grasieus, en sommer pragtig is. Vir my en die oorgrote meerderheid mans is dit so — selfs al sal hulle dit heftig ontken, of sug as hulle aan die mini dink. Die feit is dat die lang romp die vrou, vrou maak (nadat die mini so amper iets — ek weet nie wat nie, in julle doodgemaak het).

En die man, man?

HALSOORKOP

Nou moet ek eerlik sê dat julle nou ook nie halsoorkop, toe oë en kom-wat-wil lang rompe moet begin dra nie. Dit gaan immers nie om die lang romp nie, maar dit gaan om jóú liewe ASTER. Dra dus liewers iets wat jou pas. Met rompies of rokke van die gewone lengte is daar immers niks verkeerd nie. Ek sou sê:

1. Maak tog seker dat julle skoeisel nie afbreuk doen aan 'n andersins volmaakte uitrusting nie.
2. Aangesien die romp die belangrikste komponent is — maak seker dat die bloesie of truitjie dit aanvul, eerder as om daarmee te kompeteer. Effekleurige bloesies by 'n helder kleurige bont romp vang enige man se oog. Dit maak 'n mooi prentjie! Wees tog net versigtig vir lang los truie — die twee gaan nie lekker saam nie.
3. Let op jou houding en jou stap . . . moenie dink die lang romp gaan jou sleepvoetstappie verberg nie — inteendeel, dit laat jou lewensmoeg lyk. Die teendeel is ook waar: 'n Lang romp maak van 'n meisie 'n dame — ás sy 'n mooi houding het!
4. Asseblief ASTER, moenie jou romp elke 100 treë regtrek nie. Gewoonlik gebeur dit bloot omdat jy nie gewoond is aan die romp nie. Glo my, die regtrekkery is baie meer opvallend as 'n romp wat effens skeef sit.
5. Maak seker dat jou romp lank genoeg is, sodat dit nie lyk of jy hoogwater verwag nie.
6. Aandrokke pas nie op die kampus nie, wees tog maar versigtig.
7. Sorg dat jou romp nie lyk of dit so pas uit die wasgoedmandjie kom nie. Jammer om dit te sê, julle is nogal geneig daartoe — veral met die „sis-rokke". Vir my persoonlik is 'n stewige materiaal soos wol of crimpelene meer aanvaarbaar — miskien omdat dit meer „vorm" aan die romp gee.

*Ten slotte:* Jou sosiale sukses hang nie van jou kleredrag af nie. Dit hang van jou af! Van jou vriendelikheid en jou egtheid, en by dit alles hang dit van jou sagtheid af . . . en sommer nog 'n klomp ander „-heidte". Die belangrikste en die meeste hang dit van jou vroulikheid af. Jou klere is maar net 'n komponent (net soos jou grimering) waardeur jy jou ware self uitdruk. Kleredrag is nie 'n doel opsigself nie. Daarom dat daar vir my 'n mooi waarheid is in die gediggie:

*Still to be neat, still to be*
*drest,*
*As you were going to a feast:*
*Still to be powderd, still perfumed,*
*Lady, it is to be presumed.*
*Though art's hid causes are*
*not found,*
*All is sweet, all is not sound.*

*Give me a look, give me a face*
*That makes simplicity a grace;*
*Robes loosely flowing, hair as*
*free:*
*Such sweet neglect more*
*taketh me,*
*Than all th' adulteries of art,*
*That strike mine eyes, but not*
*my heart.*

## Deel mooi met ander

**ASTER, wanneer jy iets moois sien, lees of dink, hou jy dit vir jouself of deel jy dit met ander?**

Of het ons so sinies geword dat niks ons meer kan raak nie — ek glo dit net eenvoudig nie. Daarvoor is ons nog te veel vrou alhoewel ons van vermanliking beskuldig word.

As jy 'n mooi blom, wolkformasie of enige iets interessant sien, maak jy die persoon by jou daarop attent en wys jy hom dat jy nog die mooi dinge rondom jou kan raaksien en waardeer. Moet dit net nie vir jouself hou nie, deel dit met iemand anders en hy sal nie anders kan as om positief te reageer nie.

Is daar nie dalk iemand in jou koshuis wat eensaam en sonder vriende is nie? Wat van 'n blom of net 'n kaartjie met mooi woorde daarop vir haar. Wat sal dit nie vir haar beteken nie — meer as wat jy ooit kan dink.

Maar dit moet nie net jou sleep en beste vriendinne wees wat daarby baat nie, maar ook die ander skametjies en sommer ook vreemdelinge.

Kom ons probeer om al die mooi in die lewe raak te sien (en daar is baie) en dit met ander te deel. Hulle sal nie anders kan as om ons te volg nie.

DIE SKOENSENTRUM
KERKSTRAAT 151
TEL. 3508.
Vir die beste modes in
studente skoen-smake
DIE SKOENSENTRUM
UITSIG ARKADE,
DIE BULT.
—ST

## SKRIKKEL-FEES

**SKRIKKELFEES . . . SKRIKKELFEES . . . skrikkel-wat? Daardie ietsie wat gaan plaasvind op 1 April, wat's dit?**

Groot opgewondenheid. 'n Uitnodigingskaartjie word gemaak. Gelukkig sleep ek vas en hy sal dus móét gaan. Hoop hy hou van die oorspronklike uitnodiging. Nou sal hy weer vir 'n slag sien hoe 'n oulike meisie sleep hy.

Groter opgewondenheid. 'n Uitnodigingskaartjie word gemaak. 'n Vreemde man word geskiet (sal hy ooit ja sê!). Groot afwagting en spanning tot die groot oomblik. Sy antwoord kom en . . . hy sal sowaar gaan!

Nou moet die spyskaart saamgestel word. Waarvan sal hy nou hou? Eerstens 'n lekker bottel wyn om die regte stemming te verkry en 'n mens iets te gee om te doen as jy daar aankom. 'n Lekker voorgerig is vis — hoop nie hy is 'n verstokte Transvaler nie! — Pietersielie kan bygesit word of hoe? Die hoofgereg — heerlike hoenderpastei! — word verskaf. Ek sal sommer 'n slaaitjie of wat bymaak. En natuurlik lekker nagereg. Wat van roomys? Klink na 'n feesmaal!

Eindelik die groot dag: Maandag 1 April! Die senuwees is omtrent aan flarde. Nadat met almal „April fool" gespeel is, begin die groot mooimaak. Hare word gewas, naels gepolitoer. Nou wat is nou informeel en tog mooi genoeg om die man se hart totaal te vermurwe. Daardie nuwe lang romp van my is net die ding. As hy darem nie soos 'n sak patats voor my neersak nie . . .

Met pêrevel onder die blad, kosmandjie aan die hand en die man aan die ander hand, sak ons so teen 6.15 se kant na die Fanie du Toit-sportterrein. Langs die pad word uitgevind wat die ander party swot en hoeveel kinders hulle is en word besluit dat dit 'n pragtige aand is. Teen 6.30 kom die Fanie du Toit in sig en vlot die geselskap net mooi. So begin die fees van die jaar gehou deur feestelike mense.

'n Skouspel van 600 mense op pêrevelle, elk met 'n eie ete en liggie, is iets onvergeetliks. Hier en daar is selfs 'n lantern. Die kerse lyk pragtig — al wil-wil dit net doodwaai! Alle vorms en kleure batterylampies kan ook gesien word — 'n see van liggies — nes sterretjies! In die agtergrond word musiekies gemaak deur ons eie-eie mense en alles is net te romanties.

Die man ontdooi spoedig nog verder (ek of die wyn of die atmosfeer?!!) en alles gaan klopdisselboom. Die wyn verdwyn en die kosmandjie word teen dieselfde spoed leër as wat die vriendskap groei. Wonderlike man wat alles eet en alles waardeer!

Die hoofgereg kry ons so warm-warm en die Pukke vier groot feeste. Eindelik is al die kossies op, al die magies vol en al die ogies wil toe. Maar daarvoor is daar nog lank nie tyd nie. Dis nou eers tyd vir regskud op die pêrevel en na die fliek kyk. Almal skop nes op 'n plek vanwaar die krieketskerm — en dus die fliek — mooi in die gesigsveld is en met kinderlike tevredenheid word ontspan soos net studente dit kan doen.

Die einde van die fliek beteken ook die einde van die aand en byna die einde van die kwartaal! Ons pak alles op — die pêrevel onder die blad, die kosmandjie in die hand en die man om die lyf — en pak die terugreis koshuis toe aan.

Hierdie ietsie gaan plaasvind op 1 April en die Dameskomitee dra sorg dat dit groot sal wees. Sorg dat jy dit nie misloop nie!

Skrikkel . . . wat? Skrikkelfees!



Foto: Fotokuns.

## LAG

**EK GLO daar is geen mooier gawe aan die mens gegee as die hartlike lag nie!**

Die lag en die opgewektheid is vir die mens se gees wat sonskyn vir blomme is: dit straal warmte, lewe en behaaglikheid rondom uit. Dit vind altyd suiwer en onmiddellike aanklank by die medemens se diepste self.

Ek glo dit is beslis nie toevallig nie dat die wyse Skepper onder alles wat Hy geskape het slegs die mens uitgesoek en aan hom die voorreg van die lag gegee het. Hy het geweet dié gawe was nodig omdat die mens ook die enigste skepsel is wat elke dag oor die lang weg van teleurstellings heen moet beweeg — en vir dié stamperige pad is die lag die mees effektiewe veerstelsel wat hom met die minste ongemak daaroorheen kan bring.

Ek hou van die hartlike skaterlag, van lewensvreugde wat spontaan en ongedemp soos 'n donderbui in die somer skielik emmersvol oor alles rondom neerstort.

Ek hou van die skaterlag — maar ek hou nog meer van die glimlag: die ondeunde plooi langs die lippe, die vonkel in die oë, die sku trekkie om die mond.

Die stil glimlag is die taal waarin vriende met mekaar gesels, intieme vriende en beminde wat op 'n magiese wyse ver agter die bewuste met mekaar verbind is deur aanvoeling en begrip wat woorde onnodig maak. Dit is die sagte lig wat deur oë straal en sê „Welkom — jy is tuis!"

Uit: Ek glo —
Gerhard Beukes.



## GERUGTE . . .?

LYK mos of die DAMESKOMITEE deesdae bedrywig raak? Ons hoor allerhande gerugte van 'n „Klee-volgens-jou-postuur"-parade. Julle hoor nie verkeerd nie, Oosterhof bied op 22 April die aksie in die Totius-saal aan, spesiaal vir al die Puk-Asters!

By dit alles gaan van ons eie ASTERS die mannekyne wees, en as nagereg die „top" modelle van die ANN BOTES-Mannekyn en Afrondingskool. Ons waarsku julle solank, om die datum oop te hou, want dit gaan 'n fees wees wat die Puk lank nie beleef het nie.

Advies hoe om aan te trek en al jou minder goeie punte te verdoesel gaan mev. Botes self bespreek, en natuurlik vir jou wys net hoe om altyd op jou beste te vertoon.

Nou sê ons verder niks . . . Hou die DAMESKOMITEE se plakkate dop en wees verseker dat jy daar is.

# Weg met onbetrokkenheid — Elke Puk het 'n plig

**JAARLIKS stuur elke Universiteit en onderwyskollege in die land 'n reuse „gedoente" van stapel. Of hulle dit nou jool of karnaval of wat ook al noem, die doel bly dieselfde: Om aan studente geleentheid te bied om hulself spontaan, maar sinvol uit te leef op 'n terrein weg van die akademiese en in die proses geld in te samel vir die minderbevoorregte element in ons samelewing.**

Die organiseerders van hierdie veldtogte ondervind elke jaar tientalle probleme in die van stapelsturing daarvan. Sommige van die probleme is plaaslik, maar ander word op elke kampus in die land ondervind. Een van die mees algemene klagtes wat gehoor word gaan oor die onbetrokkenheid van die studente.

PROEFNEMINGS

Gedurende die afgelope tyd is daar heelwat proefnemings gedoen met die organisasie van karnaval op die grondslag van interkoshuismededinging. Op die PUK is baanbrekerswerk in hierdie rigting gedoen met die organisasie van karnaval en die sukses wat verlede jaar behaal is, beklemtoon duidelik die meriete van die proefneming.

Vanjaar gaan gepoog word om nie alleen op verlede jaar se sukses voort te bou nie, maar om ook daarop te verbeter. Om die moontlikhede van hierdie stelsel ten volle te ontplooi het die Sentrale Karnavalkomitee direkte kontak met elke koshuis nodig. Hierdie kontak word bewerkstellig deur die kompetisieverteenwoordiger in die koshuis. Hulle is aangestel op grond van die vertroue wat in hulle inisiatief en werkywer gestel word. Ten spyte van hierdie eienskappe kan hulle egter nie hul taak met sukses uitvoer sonder die samewerking en ondersteuning van jou wat hierdie artikel lees. ELKE PUK moet eenvoudig hom of haarself gee.

Drie ernstige struikelblokke lê egter in die weg van die totale betrokkenheid.

GROOTMENS?

Die heel eerste en verreweg die vernaamste hindernis is die moderne student se hipersensitiwiteit wat betref sy volwassenheid. Om jou studentelewe op hierdie manier te geniet dui vir hulle op die kinderagtige.

Dit is tyd dat ons as studente moet besef dat ons nie grootmense is nie — ons is JONGmense. Neem gerus aan hierdie Karnaval met volle oorgawe deel en jy word verseker dat jy dit sal geniet — MITS JY JOUSELF ONTVANKLIK MAAK. 'n Mens se lewe is nie wat jyself daarvan maak. Die geleenthede is vir jou ~~geskep~~ maar jy moet dit self benut.

EERSTEJAARS

In die aansluiting hierby kom ons by die tweede struikelblok, te wete, die houding dat hierdie bedrywighede vir eerstejaars gereserveer word. Deur Karnaval op interkoshuisbasis te organiseer word elke koshuis se naam baie pertinent op die spel geplaas. Wat 'n kwade dag moet dit vir enige koshuis wees wanneer die eer daarvan slegs in die hande van die eerstejaars geplaas word. Hulle is tog nuwelinge, wat uit die aard van die saak nog nie soveel vir die koshuistradisie omgee as hulle wat reeds ou ingesetenes is nie.

SELFSUG

In die laaste plek is daar die selfsug wat dit van sommige studente die meester maak. Vir hulle gaan dit net daarom om vir hulself die tydjie so aangenaam moontlik te maak. As hy of sy maar soveel drank kan opslurp, soveel as moontlik sleeptyd kan inkry of selfs kan wegsluip huis toe kan dit hom of haar nie skeel of karnaval sy doel dien of nie. Gewoonlik is dit ook hierdie mense wat na karnaval die meeste kla dat daar niks aangegaan het nie.

★ *Vervolg op bladsy 6*



Voorbereidings vir Karnaval '74 se interkoshuiskompetisies is reeds in volle swang. Op die foto bespreek twee van die koshuisverteenwoordigers, Tjaart Venter (Liberalia) en Jeanette Singeling (Vergeet-my-nie) 'n paar praktiese probleme met Febé Backer van die Sentrale Karnavalkomitee. (Foto: Sam Basch.)

# SWEMBADDENS VIR KLAWERHOF

**KLAWERHOF het Vrydagaand 22 Maart die fees van hul geskiedenis gehou toe die twee antieke swembaddens in die vierkant ingewy is. Die eregaste op hierdie gedenkwaardige geleentheid was Over-de-Voor.**

Die twee swembaddens — een vir kinders en een vir... dames! — is in die jare toet voor die Boere Oorlog deur Ernest Oppenheimer en Barney Barnato aan die inwoners van Klawerhof geskenk. In die jare veertig het die twee baddens spoorloos verdwyn, maar is hierdie jaar deur die oorspronklike dore op die solder ontdek.

'n Feestelike stemming is geskep deur die dames se fleurige hoewel formele drag, afgerond deur 'n groot verskeidenheid sportskoene in alle moontlike stadia van verweer. Die eregaste was natuurlik die swemspanne van Klawerhof en Over-de-Voor.

Op een na was die volle swemspan van 1910 teenwoordig en die dames het selfs ingewillig om elk hul besondere talente te demonstreer — die sprinkaanslag, vryswem in sand en vet, gemsbokke bekruip en nog baie meer. Hierdie dames verteenwoordig ook die emansipasie van die vrou — soos duidelik sigbaar was aan die swemdrag en die afsydige houding, byna militêr, teenoor die manlike geslag.

Die kapteine van hierdie glorieryke span was mej. Krummel van Vuuren. Ten spyte van 'n ernstige jigaanval het sy haar span met trots en gesag voorgestel, en ook die trofee wat Klawerhof in 1910 verower het. Dit is nou nog in Klawerhof se besit omdat niemand dit nog sedertdien wou hê nie.

Die span van Over-de-Voor, kleurvol aangetrek, was aan vanklik baie verslae oor die afsydige houding van die dames, maar het gou herstel en 'n baie interessante vertoning gelewer. In die span was 'n lid wat met die water sou stoei, en ook een wat die ewebeeld van Glenda Kemp was. Die hoofspreker op die fees was mnr. Leo van Schaik. Hy het die swemspan van 1910 met heimwee laat terugdink aan die dae van Winston Churchill, en 'n hoogs vleiende toespraak oor die kwaliteite van die vier Klawerblare gehou.

Die hoogtepunt van die fees was die kaas-en-water waarmee die amptelike inwyding voltooi is. Daar was selfs 'n keuse tussen rooi en wit water! Van nou af is Klawerhof natuurlik 'n bedreiging vir al wat 'n swemspan op die plaas is — wees gewaarsku!



In hul „formele drag" luister die eregaste aandagtig na die voorstelling van die swemspanne.

# *Verpleegsters gesels*

**DIE Pukdames is Maandagaand die 18e in Fort A die geleentheid gebied om hulle menings te lug i.v.m. aktuele sake van vandag wat elke dag elke vrou raak, nl. proefhuwelike, aborsies en gesinsbeplanning.**

'n Inleidende praatjie is deur mev. F. de Villiers, lektrise in verpleegkunde gelewer. Sy het veral die volgende terme duidelik uiteengesit en dit toe aan ons oorgelaat om vir onsself te besluit wat reg of verkeerd is.

Onderwerpe soos aborsie, terapeutiese aborsie (wetlike), proefhuwelike wat spruit uit die hedendaagse permissiwiteit, gesinsbeplanning en voorbehoedmiddels. Illustrerende kaarte is versprei.

Geleentheid is toe gegee vir debattering en met die redenasies wat vorendag gekom het kan mens sien dat die jong dames vanuit 'n Christelike standpunt redeneer.

'n Voorstander vir proefhuwelike het egter hewige reaksies ontlok toe sy aan die woord kom en dit goedpraat. Dit bewys dat alhoewel die studentedames aan hierdie Universiteit daarteen gekant is, daar tog wel die enkeling is wat al in terme van proefhuwelike dink en ons is bevrees dat die getalle in die toekoms sal toeneem.

Ons sou net graag ook die manne se menings wou hoor!

Vir die baie interessante en leersame praatjie en die leiding wat sy ons gegee het, wil ons vir mev. De Villiers baie dankie sê en ons sien uit na meer sulke aande.

Anne du Plessis.

# In Memoriam



ELSA VAN DEVENTER

DIE inwoners van Oosterhof is diep geskok deur die dood van Elizabeth Hendrina (Elsa) van Deventer (20), 'n student in die Rekenaarswetenskap.


Elsa is op 28 Februarie in die Potchefstroomse hospitaal opgeneem, en op 4 Maart na die Eugene Marais hospitaal in Pretoria oorgeplaas. Na 'n operasie op 12 Maart is sy in die intensiewe sorgeenheid oorgeplaas.

Haar toestand het steeds versleg, en sy is Dinsdagoggend 19 Maart oorlede.

Elsa was die jongste dogter van mnr. en mev. J. W. L. van Deventer van Hercules, Pretoria, voorheen van Welkom.

Elsa het aan die Hoërskool Goudveld gematrikuleer. Sy was 'n lid van die Filatelie vereniging, en het vir Oosterhof hokkie gespeel.

Sy is Woensdagoggend 20 Maart uit die N.G. Kerk Daspoort begrawe. Ses van haar vriendinne uit Oosterhof het as draers opgetree.



# FLIEKS

WAT sê die sakboekie vir dié week se A.O.B. fliekreeks?

Vrydagaand in die Totiussaal kan Pukke wat nog nie geleentheid gehad het om Barbara Streisand en Ryan O'Neal as 'n skitterende kombinasie te sien nie, gaan kyk na „What's up, Doc?"

Hierdie komedie van Peter Bogdanovich het sover oral baie goeie kritiek ontlok en 'n A-sertifikaat by die algemene uitstalling ontvang.

Dit is die verhaal van 'n baie verstrooide jong professor en 'n eksentrieke jong dame wie se tasse in San Francisco deurmekaar raak, en word beskryf as „an outrageous comedy, totally and intentionally without social significance".


Ander bekende sterre wat in dié prent te siene is, is Kenneth Mars, Sorrell Boch en Madeline Kahn. Dit is laasgenoemde se debuut waarvoor sy gunstige kritiek ontvang.

„What's up, Doc?" word versprei deur Kinekor.


U kan gerus u bande versool by . . .

NATYRE BANDAG

(Edms.) Bpk.



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

Groot Voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak

★ Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING.

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse.

—ST

die WAPAD

## VAKANSIE

Die eerste rusperiode van 1974 lê net om die draai. Aprilvakansie is 'n vakansie waartydens baie kongresse, kursusse en toere plaasvind. Pukke onthou waar u ook al optree of kom in 'n groep of as enkeling, u bly 'n Puk en handel volgens die Puk se beginsels.

Kuesta '74 vind in Bloemfontein plaas en 'n hele aantal Pukke sal dit bywoon. Kuestagangers geniet die fees, maar probeer om die trofee vir die beste gees na ons kampus toe saam te bring.

## ALMA MATER

Die Alma Mater van die Puk is, en so behoort dit te wees, elke Puk se trots. Dit is ons eie, ons erfdeel, daar is geen ander universiteit wat ons Alma Mater het as hul universiteitslied nie. Een en elke Puk moet dan ook die nodige eerbied toon wanneer ons Alma Mater gesing word. Verlede Saterdag met die ingebruikneming van die Fanie du Toit-sportterrein het sekere studente rondgeloop en gepraat terwyl ons Alma Mater gespeel het. Pukke toon die nodige eerbied.

## SÊR-KOMPETISIE

Hartlik geluk aan ABKK wat weer eens 'n geslaagde sêr-kompetisie aangebied het. Die gehalte van die sang was hoog en die wenners verdien vermelding. Baie geluk aan Oosterhof, Klooster, Overhof (Klawerhof en Over de Voor). Al drie hierdie groepe het werklik verdien om te wen.

# IS DIT NODIG OM DAMES TE HOK?

**EK GLO dat ek vandag 'n saak gaan opper wat groot byval gaan vind by bykans alle mansstudente en ongeveer driekwart van die damestudente. Daar is natuurlik daardie ander kwart waaroor daar veel te sê is.**

Die saak wat ek wil opper is die sg. hokkery van eerstejaar damestudente. Volgens wat ek kan uitvind en sover dit my kennis strek is die ontgroening op die Puk verby. Die dames moet my sê indien ek verkeerd is, want blykbaar glo die dameskoshuise nie daarin nie. Ek glo die eerstejaar dames kan na die formele ontgroening — wat lankal verby is — beskou word dat hulle hulself kan gedra. Maar ongelukkig is daar sekere „elemente" wat nie daarin glo nie. En daarom die kinderagtige optrede van ons senior dames om die sg. „gehokkery" in te stel. Ek glo nie daar is enige doel daarin nie, behalwe ongewildheid en aftakeling van goeie verhoudinge.

Daar is die afgelope weke en word vir die weke wat kom, baie interessanthede deur die A.O.B. gereël, en word daar 'n beroep op die studente gedoen om hierdie aksies by te woon. Daar word moeite gedoen om goeie rolprente te vertoon, maar ongelukkig moet ons bysê dat dit slegs vir seniors gereël word, want die eerstejaars word gehok. Dit wil sê, inherent is dit eintlik 'n dwarsboming van die A.O.B. wat soveel moeite doen. Daar is baie senior dames wat eensgesind is met hierdie stelling, maar ongelukkig onderdruk word deur die sg. „superseniors", wat nie alleen saans in die koshuise wil bly nie, maar hulself wil vermaak met die eerstejaars se teenwoordigheid.

Die veelbesproke verskonings van dat die eerstejaars „haans" is, en dat hulle swak doen in die koshuisbroseksamens, en nog vele meer word aangevoer as redes vir hok, en dan moet die gehoktes allerhande twak sit en swot terwyl hulle vir 'n uur of wat kon ontspan het en daarna akademies kon verkeer het. Maar aan so iets word nie gedink deur die oogklapbedekte senior dames nie. Ek dink hierdie saak moet ernstig beskou word en ek doen 'n beroep op die senior dames — gee die eerstejaars ook 'n kans.

Senior.

# Uit die Woord

**Hand. 1 : 8: „En julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal My getuies wees... tot aan die eindes van die aarde."**

Hierdie woorde is die laaste woorde van Jesus Christus aan sy kerk voordat hy na die hemel opvaar. Hiermee word daar gesê dat elke gelowige kind van God die besondere roeping het om 'n getuie te wees vir sy Koning, Jesus Christus.

Saam met die roeping kom ook die troos dat die gelowige nie op sy eie krag hoef staat te maak om getuie vir Christus te wees nie. Die krag om te getuig ontvang die kind van God van die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat in die mens se hart werk en hom aandryf sodat Jesus Christus in sy lewe hoofsaak word.

Die kind van God mag hom dus nooit skaam vir sy geloof of vir sy God nie. Hy mag nie bang wees om voor almal sy geloof uit te leef of uit te dra nie. Hiéroor sê Christus self: „Elkeen wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor die mens, hom sal ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is."

# SÊR KAMPIOENE



Oosterhof se sêrgroep. Wenners van die damesafdeling. (Foto: Fotokuns.)



Die sêrgroep van Klooster wat die mansafdeling gewen het. (Foto: Fotokuns.)

# Ai, die swartkraaie

**GEAGTE REDAKTEUR, — Geraas! geraas! geraas! . . . dit is al wat ons elke dag moet aanhoor. Indien dit nie bouers is nie, is dit die dames se aanhoudende gesels (geskree?) met mekaar.**

Terloops Martiens, het jy al saam met 'n groep dames klasgedraf? Soos hulle darem kan skreeu op mekaar ten einde elk haar sê te sê! Dit herinner mens aan 'n Franse uitdrukking: „Ils bavardent comme des pies" (Hulle raas soos swartkraaie). En Meisie, as jy van my verskil, staan stil en luister wie se stemme jy die meeste kan hoor . . .

Eintlik, geagte Redakteur, wil ek deur hierdie medium oor 'n veel erger en meer irriterende geraas kla. In my vyf jaar op die plaas het een ding nie verander nie — die ewigdurende vliegtuie! Hoe is dit moontlik dat ons owerhede nog nie vir ons 'n oplossing gekry het nie? Ons is tog 'n opvoedkundige inrigting, met die Onderwyskollege langs ons. Waarom moet hierdie muskietvliegtuigies (nie so klein nie, maar so lastig) aanmekaar juis reg oor die kampus dreun?

As my geografiese kennis reg is, is die gebied wes van Potchefstroom of die lughawe tog merendeels veld en/of onbewoonde gebiede, en nie soseer inrigtings waar elke woord belangrik is nie. Verder, ek kén al die tekens . . . Hierdie vliegtuie nou bedags, oefen net sodat hulle weer in eksamentye saans kan ronddreun . . .

Doen tog asseblief iets, geagte S.R.! (As my kettie nie weg was nie, sou ék dit doen.)

Oupa Jasper.

## GELUK

GEAGTE Redakteur, ek wil graag mnr. Kobus van der Walt gelukwens met sy artikel in verlede week se „Wapad". Dit wat hy kwytgeraak het is dinge wat lankal gesê moes wees, maar altyd agterweë gebly het. Ek ondersteun sy standpunt ten volle.

Studente wat nie die artikel gelees het nie, kan gerus moeite doen om dit in die hande te kry en te lees. Dit is miskien juis hulle wat dit moes lees.

Pukkie.

## GOEIE IDEE!

GEAGTE REDAKTEUR, — „Studentemening" van 22.3.74 is beslis een van die beste en mees aktuele aanbiedinge wat die afgelope aantal jare onder hierdie hoof in die „Wapad" verskyn het. Dit is verblydend om te sien dat daar nog van ons studenteleiers is wat bereid is om reguit te praat wanneer dit nodig is.

Ek hou veral van die skrywer se idee om Studenteraadslede by die teekan tot verantwoording te roep. Hulle is egter hoegenaamd te besig om 'n halfuurtjie by die teekan deur te bring. Daar is te veel belangrike sake om af te handel. Nogtans hoop ek die idee sal nie by 'n klomp dooie letters in die „Wapad" bly nie.

J. Kruger.

## DAMES NIE SÓ ERG

GEAGTE REDAKTEUR, — Na aanleiding van „Polemiet" wat te velde getrek het teen die Puk-asters — ek het ook iets op die hart. Blykbaar ly sommige van die manne aan 'n vervolgingswaansin. Dit is bloot uit belangstelling dat die meisie vra wat jy sal wees as jy tot die praktyk toetree, dis nie te sê sy vra jou om te trou nie!

As die dames julle groet of 'n geselsie aanknoop is dit nie te sê sy soek 'n sleep nie. Waarom dan feitlik weghardloop slegs om 'n groet vry te spring. Moenie weer so verbaas lyk wanneer jy 'n groet vanuit 'n onbekende oord ontvang nie. Dis Puk-wees.

Dit kom my ook voor as die Puk-manne nie meer genoeg stamina het nie — word sommer afgeskrik ná die eerste afspraak met die aster. Onthou, jy kan nie al die asters oor dieselfde kam skeer nie. Hoekom laat jy jou afskrik deur een of twee wat nie bereid is om saam met jou fliek toe te stap nie. Ek praat namens 'n hele paar van ons asters — ons verkies manne sonder motors, dis baie veiliger!

Manne, waarom kies julle net die dames waarmee julle kan spog? Is julle vriende se goedkeuring só belangrik? Kyk een maal dieper en ontdek 'n oulike aster. Julle sal die uitstappie geniet . . . te voet!

„Voorwaarts Mars!"

# SR BESLUIT: 'N GRONDWET VIR ELKE LIGGAAM

### 15 MEI IS D-DAG

**OP DIE laaste S.R.-vergadering is besluit dat alle liggame wat by die Studenteraad gepatroneer is, voor 15 Mei 'n Grondwet en Reglement moet opstel. Verenigings, klubs, selle en komitees wat nie hul huis in orde bring vóór hierdie datum nie, sal, volgens S.R.-besluit, vervoer, uitbetalings van gelde ens. geweier word, totdat 'n grondwet en huishoudelike reglement ontvang is. Sulke vereniging stel hulle ook bloot aan dispatronering.**

**DEURMEKAAR**

Hierdie drastiese stap volg uit die feit dat ongeveer net 15 uit die sowat 120 studenteliggame op die Pukkampus se Grondwette opgespoor kon word. Volgens 'n uitgebreide verslag wat mnr. Paul Krüger voor die Studenteraad gelê het, skep dit probleme ten opsigte van kontinuïteit en verkiesing van besture. Daar is verder onsekerheid oor die presiese taak en terrein van elke liggaam — 'n ernstige probleem waar daar so baie verenigings is wat op mekaar se tone kan begin trap.

Vorige jare se Studenterade wou elke keer die hele saak oor die Grondwette en Reglemente finaliseer, maar daar is nog weinig aan die saak gedoen, sodat daar feitlik nêrens op skrif gestel is hoe al die baie verenigings op die Puk inmekaar steek nie.

**48-UUR KENNIS**

Die normale vereiste by 'n opstel of verandering van 'n grondwet is dat daar aan lede 48 uur kennis gegee moet word alvorens die nuwe grondwet behandel word. Waar al 120 liggame nou grondwette moet opstel, kan hierdie reëling onnodige vertraging in die hand werk. Daarom het die Studenteraad besluit dat alle Grondwette en Reglemente vanaf 31 Maart opgeskort word. Geen vereniging het dus vanaf hierdie datum tot 15 Mei 'n Grondwet nie en funksioneer voort volgens gewoonte of gebruik. By die opstel van nuwe Grondwette en Reglemente kan dié sonder die gebruiklike 48-uur kennis verander word op 'n ledevergadering. Daar moet egter soos gewoonlik deeglik kennis gegee word van so 'n vergadering waarop die liggaam sy grondwet wil goedkeur.

**STEL SELF OP**

In die verslag sê mnr. Krüger: „Uiteraard weet elke liggaam die beste watter vereistes hy wil stel in sy Grondwet en Reglemente. Daarom sal daar, soos in die verlede, aan elke hoof- en onderliggaam gevra word om self hulle grondwette en reglemente op te stel en aan ons voor te lê".

In oorleg met dosente van die Regsfakulteit word daar gewerk aan 'n standaard-riglyn by die opstel van die grondwette en reglemente en aan elke vereniging en komitee beskikbaar gestel.

Elke vereniging word versoek om spesifiek iemand aan te wys wat verantwoordelik sal wees vir die Grondwette en Reglemente van sy vereniging. Indien daar onduidelikhede is, kan hulle met die Studenteraad se Konstitusiekomitee skakel, naamlik mnr. Paul Krüger en mnr. Carel van Heerden.

# Astrologie

**OP 18 Maart 1974 het dr. Ettienne de Villiers 'n selvergadering in Klawerhof toegespreek oor sterrewiggelary.**

Die oorsprong van sterrewiggelary kan baie eeue in die verlede teruggevoer word. In sy inleiding het dr. De Villiers daarop gewys dat die sterre in 'n reguit lyn lê wat in twaalf gelyke indelings om die son beweeg. Vroeër het die mense hierdie groepe sterre name gegee wat vandag nog baie bekend is: Ram, Leeu, Kreef, Tweeling, Weegskaal, ens.

Omdat die mense nog nie werklik kennis van die sterrestelsels besit het nie, het hulle ook nog nie geweet dat die sterre beweeg nie. As gevolg van hierdie onkunde is aanvaar dat die sterre gode is.

Die sterre voorspel . . .

Hierdie voorspellings hang baie nou saam met die posisie wat die sterre inneem. Die maan het bv. 'n baie groot invloed op die reënval. Reënval word dus so volgens die stand van die maan voorspel.

Ook die posisie van die sterre het 'n direkte invloed op die seisoene wat op hulle beurt weer 'n fisiese invloed op die mens het. Sodoende kan langtermynvoorspellings gemaak word oor die psigiese lewe van persone deurdat daar bloot gegaan word op die posisie van die sterre. Gedurende die tydperk 21 Maart tot 21 April kan dit so gebeur dat 'n persoon dikwels mistroostig is as gevolg van reënerige weer — voorspellings onder die Ram word dan hierop gegrond.

Sterrewiggelary moet deur elke Christen veroordeel word op grond daarvan dat dit in stryd met die Woord van God is. Dr. De Villiers het daarop gewys dat dit van Oosterse oorsprong is, waar dit gesien is as 'n bo-natuurlike godevoorspelling. God se heerskappy oor hemel en aarde word dus in die geheel verwerp.

Dr. De Villiers het verder daarop gewys dat beoefenaars van astrologie in noue kontak is met die Satan-kultus en duiwelsaanbidding. Hierdie aspek alleen is al genoeg om astrologie heeltemal te verwerp.

# "Gekierang" verfilm vir TV

**DIE derdejaars in Spraak en Vertolkingskunde se aanbieding, Jy't my Gekierang, onder regie van mnr. en mev. Schutte, is van so 'n gehalte dat dit vir beeldradio-opnames gekies is.**

**Die vertoning is deur Louise Smit, 'n voornemende televisieregisseuse, bygewoon. Sy was in so 'n mate beïndruk dat sy die stuk vir haar eksamineringsprogram gekies het.**

**Die oorspronklike program, op die eerste en tweede Maart aangebied, was 'n huldigingsprogram ter ere van die digteres, Ingrid Jonker.**

**'n Groep van negentien studente het die program aangebied. Weens tegniese probleme is slegs vyf spelers vir die beeldradio-opnames gekies.**

**Hierdie spelers sal van nuuts af die rolle moet instudeer, daar die beeldradioprogram anders sal uitsien.**

# Montium durf die steiltes aan

KLUB MONTIUM gaan die komende Aprilvakansie die ysige koue en die steiltes van die Drakensberge trotseer.

Die groep vertrek die Woensdag as die Puk sluit en die vervoermiddel is Rysmierbult se skoolbus. Die plan is om vanaf Mount aux Sources tot by Cathedral Peak te klim, ongeveer 65 myl. Diegene wat die Drakensberge effens ken, sal weet dat dit klim en nogmaals klim is.

Almal is egter baie entoesiasties, en ons sê vasbyt vir al die nuwe ouers wat saamgaan. Dit sal egter die moeite werd wees.

Die petrolkwessie skep baie probleme vir 'n klub soos Montium wat ver moet ry om by hul bestemming te kom. Die gevolg is groot skade — die toergeld moes taamlik drasties styg om vervoerkostes te dek. Dit sal darem baie slegter moet gaan voor hierdie klomp Pukke se geesdrif en liefde vir die berge gedemp word.

Voornemende klimmers kan maar net die kennisgewingbord vir inligting dophou.

★ *Vervolg van bladsy 1*

Piet Strydom daarenteen het gesukkel en het nooit na 'n provinsiale heelagter gelyk nie.

Choppie Taylor wat vir die C-proefspan uitgedraf het, was 'n eenoog-koning onder die blindes. Terwyl Schalk van der Merwe met bitter swak ouens soos Jaguar de Jager tevrede moes wees, en as gevolg daarvan sy plek moes afstaan aan Taylor.

# AMOREUS AKTUEEL

**HIER KOM DIT WEER: almal moet luister want almal word beloer. Veral die mans moet hierdie week ligloop, want die asters is op loer na 'n maatjie vir Maandagaand EEN APRIL! Ons hoop julle weet h o e belangrik d i e dames-aksie is!**

Ja-nee, moenie dink dat Soetdorings se „massa-eerstejaars" die sleepaksies agterweë laat nie. Augusta van Huysteen en Thea Heynecke; dalk moet julle die oudames bietjie inlig wat die resep is, of het Theo en Ronnie sommer vanself opgedaag? Moet dan ook nie Elsa Pienaar, Elmarie Beavan en Elrina Malan vergeet nie, want Faan, Danie en Attie byt nog erg vas.

Lilla Steenkamp se lig is 'n Lichthelm (aan haar sy) en skielik kom die vraag by my op: Rita Terblanche en Herman Steyn -- wat beteken dit as 'n mens so baie by die skoonouers oor en weer kuier?

Gehoor van Christa Goosen. Sy wil na harde studie en vele oorweging 'n non word, sowaar net om by André se woonplek, naamlik Klooster, te pas.

Vanaf Klawerhof word berig dat plig voor plesier kom, maar almal voel dit is hulle plig om te sleep. Ria Zooyman moet versigtig wees dat Corrie Kraamwinkel haar nie vir Reklamedoeleindes gaan gebruik nie, terwyl Marietjie de Bruin en Philip Welman deesdae belangrike H.K.-sake gedurende sleeptyd bespreek.

Verder het Lientjie Kempff en Nico le Roux, asook Krummel van Vuuren en Jan Malan nog 'n rustige slepery aan die gang.

Ons sien ook vreemde invloede op ons kampus: Elmarie Robertse, wat se „geel-windlawaai" was die naweek hier of is dit dalk 'n inter-universitêre skakeling met Tukkies?

Kathy Verster, die Puk-administrasie bedank jou en Sakkie Pieterse vir die pragtige voetpad tussen Over de Voor en Heide.

Glo my Heide se H.K. hóú die diamantring. Grizel en Willie is die goeie voorbeeld. Dis dan ook nie snaaks dat Vida vir Stadler van Zyl so vinnig aangekeer het nie.

Riana van Wyk glo aan „absence makes the heart grow fonder" maar so af en toe stap sy skelm langs 'n donkerkop ou — pasop!

Marina Beukes en André kan net nie besluit of 'n mens te voet of per voertuig die lekkerste sleep nie. Anette Greyvenstein gaan aan die einde van die jaar 'n beker kry vir die beste gebruik van sitkamergeriewe vir sleep — geluk hoor!

Maatjies voor ons miskien ophou . . . laat ons maar weer van voor af begin. Onthou om te lewe, en dat elke dag vol kleur en blom is!

Geniet elke oomblik en bly jonk. Julle maatjie.




*„My nooientjie lief in die moerbeiboom,"*
*„Want ware liefde het ek reeds gevind."*
*Want jy is my mooi rooikop nooi, so kosbaar soos die mooiste pêrel"*

— flits deur my gedagtes en ek neurie, die wysies deurmekaar.

In my neusvleuels is die reuk van Jasmyn en Frangipanis, en my gemoed is 'n kontras met die herfs, vol van die bruisende lente. Die rede vir bogenoemde liriese verwysings is dat sy so pas verby my gestap het, hier waar ek en my klasmaters aan 'n koeldrank sit en suig.

Sy is liewe Pukke, my meisie op die Puk, wat woon in 'n koshuis op die plaas. Terwyl die herfsonnetjie se hitte uitstraal kyk ek haar agterna en wonder met 'n tikkie weemoed, of sy my regtig raakgesien het, en of dit maar net die simptome van 'n vriendelike persoonlikheid is.

Pukke-mans, daar loop letterlik honderde sulke Asters op die kampus rond, wat mooi, as 'n afgewaterde en verouderde *term* laat *lyk*.

Maar Puk-man, sit hier in jou alwetendheid soos 'n wyse vader en bespiegel oor die reën, wat die rugby in die wiele ry, uitlaatstelsels vir motors, die brandstofkrisis en toetse. Want Puk-man, jy sleep mos nè, nie ter wille van sleep nie, tog te bang sy trek jou kansel toe. Puk-man jy met jou skul-bedekte oë, met jou uitsoekerige onvergenoegdheid, jy moet sleep omdat sleep sleep is, kuier, omdat kuier kuier is, en groet omdat groet groet is!

Die jare kom en die jare gaan en jy sit nog steeds vasgekluister in jou eie wêreld van „oujongkêrel-wees" alleen.

As jy haar nie raaksien nie, is jy blind en as jy haar wel raakgesien het sleep gou, voordat 'n ander haar (en daar is vir almal) gaan pluk uit die tuin van rose.

Aan my meisie op die Puk: Groete, sien jou by die Kafeteria . . .

# Florna na Natal se berge

VANJAAR onderneem Florna weer 'n toer na die Drakensberge. Die toer sal duur vanaf 3 April tot 10 April vir 11 April. Vervoer bestaan uit 'n groot Leyland-bus en die koste is 'n baie billike R18.

Daar is reeds twintig dames wat saamgaan, maar slegs 17 mans. Daar is plek vir twintig. Persone wat belang stel kan skakel met Phillie Hattingh by Skuur, Gang nege (K 197). Dames kan skakel met Hettie Hattingh in Oosterhof. Mans kan ook in verbinding tree met Theuns Eloff of Andrew Deacon.


**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOK AL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„Die Potchefstroomse Boekhandel"*

TOMSTRAAT 86 — POTCHEFSTROOM

TEL. 5236

—ST

# Sêr-kompetisie

**VAN 19 tot 21 Maart het daar weer eens skril, lae, hoë en melodiese klanke uit die Totiussaal opgeklink — die jaarlikse sêrkompetisie was in hoë versnelling.**

Vir drie weke is daar kliphard geoefen. Vriende is gemaak met die teenoorgestelde geslag met die hulp van koffiebekers, want elke koshuis het 'n sersleep gekry. So het Over-de-Voor oor die spoor gaan kuier en met Klawerhof aan die hand die eerste prys met die gemengde sêr losgeslaan. Liberalia en Oosterhof was tweede met Uitspan en Vergeet-my-nie kort op hulle hakke.

Met die manskompetisie Woensdagaand vat Klooster se Pikkewyne toe losweg die eerste plek, en Uitspan se tradisionele klank besorg hulle die tweede plek, en Over-de-Voor kom derde. Makouvlei se oorspronklikheid het gemaak dat hulle spesiale vermelding gekry het.

Die dames se standaard was uitstekend en die beoordelaars moes behoorlik kopkrap. Menige Adam se hart moes noodwendig vinniger klop, want Oosterhof, Klawerhof en Karlien (in wenvolgorde) was al drie puik, en die ander glad nie te versmaai nie!

As ons gekyk het na die opkoms van elke aand kan die A.B.K.K. verseker wees dat dit een van hul aksies is wat baie aftrek geniet.

Die Pukke is ook heel tevrede met die beoordelaars se uitslag. Ek dink ek praat namens my mede-studente en as ek sê, „Moenie dat die sêr hier doodloop nie". Kom beoefen julle talente onder die naam — ek dink nie daar is nog iets wat so goed is vir 'n hartseer-hart, gelukkige-hart en vir 'n swot-hart nie. En dan vra ek — erken die skoonheid al is dit net deur julle liggies te laat flikker.

Anne du Plessis.

## KLOOSTER

JA, en toe vind Soekor uiteindelik onuitputlike oliebronne. En dit nogal in Potchefstroom. En dit nogal reg onder Piet van Niekerk se Volkswagen. Ons het almal geweet Piet is bestem vir groot dinge.

Moenie vergeet van Klooster se openbare veiling van radio's, bandmasjiene en platespelers môre nie. Met al die soete sêr in ons tuine het sulke dinge oorbodig geword. So van sêr gepraat — Aan al die Pukkewyfies: julle finale sêr-repetisie in die Totiussaal was mooi, maar nie so mooi as die uiteindelike kompetisie hier by Klooster nie. Ons is 'n waarderende gehoor.

Aan Wag-'n-Bietjie — ons kan nie meer wag vir die volgende aksie nie. Dis nou in die lig van die vorige.

En in verband met die manne se sêr-kompetisie. Het die Pukkewyne nie nou bewys wat hulle met al die wind wat hulle toegedig word doen nie? Beslis nie trompetter nie.

Ook die gehalte van ons rugby is rede tot trots. Met ons eerstespan wat vir Wes-Transvaal uitdraf en tweedes vir PUK het ons derdespan darem

Aan almal van Klawerhof en Over-de-Voor wat gesêr het: hou die tradisie — beide koshuise het plekke in die individuele sang behaal en gesamentlik eerste gekom — volgende jaar doen ons dit weer!

Herman Smuts.

## LIBERALIA

HAAI, dis lekker om 'n teenybopper te wees! (Vir die wat nou nog nie weet nie, ons het 11 Maart tien jaar oud geword). Baie dankie vir al die felisitasies; ons blom oor al die mooi gedagtes. Dankie aan al die dames wat saam met ons by Boskop die verjaardag sy hoogtepunt laat bereik het. O ja, baie dankie aan Pa Preller vir sy feesrede. So van Pa gepraat, hy loop deesdae ook weer kaal deur die Sentrale Eetsaal en op die kampus rond; kaalkop bedoel ek, tot verskrikking vir dié met langerige hare.

Dames, weet julle... Nee, wag eers 'n bietjie, dis gans te belangrik.

Nou die sêr: Met die manssêr het ons te veel gebrom. Daar was te veel eerstejaars in die groep. Attie, dankie vir jou moeite met die afrigting.

## *KASKENADES*

**PUKKE, die OOG hou julle dop!**

1) **Die dames wie saans so kos uitdra, het julle geweet dat Archimedes se derde wet sê: Eet het 'n bose kringloop ... Hoe meer kos jy uit die eetsaal uitdra, hoe meer krag het jy nodig; hoe meer kos jy nodig het, hoe meer dra jy uit die eetsaal ...**
2) **Die OOG (en al die seniors) wonder wat van al die eerstejaars geword het, by die rugby, bv., of by die Eerstejaarsdebat ... ?**
3) **Manne, daar is net een manier om 'n vrou te beveg. Dit is met jou hoed ... vat hom en loop!**

# KOSHUISKOS

## OOSTERHOF

„SAL al die dames wat aan die sêr-kompetisie deelneem asseblief afkom sitkamer toe?" Ja, dit is geluide wat knaend en aanhoudend deur die gange weergalm het. Baie maal is gesug, gekreun maar almal het skouer aan die wiel gesit en spoedig is tussen die aanhoudende gesing en „gesang" tog gelag en grappies gemaak, sodat dit vir 'n ieder Oosternooi 'n plesier was om vroeg en laat in die oggend die „kore" aan te hoor.

Alles was natuurlik die moeite werd, want het ons nie bewys dat OOSTERHOF steeds die singende koshuis op die PUK is nie? Natuurlik het ons die tradisie volgehou en wen ons die Dames-sêr sowel as die gemengde-sêr saam met Liberalia. Geluk aan die twee groepe, julle het weer gewys waartoe ons in staat is, die bakste koshuis op die plaas?

Maar, dis nie al nie, OOSTERHOF het begin met hul eie OOSTERVARIA! Ja, soos gewoonlik gee ons *weer* die toon aan. Alle Oosternooiens, en ook julle Pukke, is welkom om Maandae-aande in te skakel op die interkom-stelsel van OOSTERVARIA, en oondvars-skindernuus en koshuisnuus te ontvang. BY dit alles musiek uit die boonste rakke, danksy die tegniese versorging van ons eie OOSTERNOOIENS.

'n Gemmerbier en brood was die ou dames se voorland, en glo my, het ons gesmul in die laat nagtelike ure, ... eerstejaars julle maak punte, maar ons bly darem in so 'n oulike koshuis.

Liberalia is die koshuis wat die jaar OOSTERHOF se Karnaval-metgesel is, en na ons fees, bou ons alweer die wenvlot, of wat sê julle manne...

Sprokiesland word 'n eetsaal waar Oosterhof se dames en Skuur se manne saam 'n inter-masker hou. Dit is die toneel wat hom Maandagaand in Oosterhof afgespeel het.

Met dié anderse soort intertee is nie net kleur aan die gewone, soms afgesaagde onderwerp verleen nie, maar is ook 'n aangename, ontspanne atmosfeer geskep waarin die manne en asters sonder terughoudendheid gemeng het.

**Johan Malan (Edms.) Bpk.**

**VUURMAAKHOUT**

**OWENLAAN 2**

**en**

**GOEDERE ERF,**

**Potchefstroom Stasie.**

**TELEFOON 5371.**

—::—::—::—::—::—

ONS LEWER AF

—::—::—::—::—::—

**Posbus 69,**

**POTCHEFSTROOM.**

—ST

ten minste goed genoeg teen Skuur se eerste vyftien gevaar om die skare mal te maak. Piet Möller sê stapelmal.

Vir ons slotversie 'n aanhaling uit die nalatenskap van die gevierde Britse wysgeer, Andy Capp — „If yer can't keep the bright side up, then keep the upside bright".

## OVERHOF

Om te sing en te lag...
Om te sing en mens te wees...

DIT is studentwees.

Met die sêrkompetisie voor die deur het Over de Voor en Klawerhof besluit om hierdie jaar iets groots daarvan te maak, want word daar dan nie iets groots van twee sulke koshuise verwag nie?

Hoe kan 'n mens vir iemand vertel van die laatnag saamsing totdat die stemme en die oë nie meer wou nie? Willemien wat soms erg moedeloos kon lyk; Bea wat gehelp het met die vals note; Marlize wat moes regkom met die „offbeats" — elkeen het sy deel gedoen en nog 'n bietjie meer, want dit was nie soseer vir 'n eerste of tweede plek nie, maar vir die Twee Koshuise, hulle naam, hulle inwoners.

Woensdagnag was die aand van minslaap in baiesing, eers by die Voor, later in die saal, in nog later in die hoofgebou. Die maagsenuwees was al op 'n knop, maar ons het geweet...

Donderdagaand was dié aand. Met harte wat in ons kele sit het die gordyne oopgegaan... en ons het gesing. Nie vir 'n gehoor nie, nie vir die saal nie, maar ons het gesêr, vir Twee Koshuise.

Hoe goed, goed voel 'n mens nie as jou moeite beloon word en as daar afgekondig word dat jy 'n eerste plek behaal het nie! Nie soseer om die eerste plek nie, maar om jou Koshuis.

Die gemengde sêr met Oosterhof — hier het dieselfde engele voortgekras. Wat die evasgeslag nie met so 'n brommerige stem kan doen nie. En natuurlik het Christa al die pad ook baie daartoe bygedra. Dankie, Christa, al die pad gaan ons vanjaar nog baie feeste hê.

Feeste? Wanneer gaan die haan met die buffel afhaak? Vanaand by die interdam? Wonder net wat die naam gaan wees, Oosteralia of Liberaliahof? (Hang af wie die baas in die huis gaan wees of wie vir wie die hof gaan maak.)

Geluk aan Kompleks se eerste rugbyspan met hulle oorwinning! Wag tot die buffel wakker word en regtig begin snork!

Aan ons hergeorganiseerde huiskomitee, sterkte met die arbeid! Jan het nou tot die verhewe posisie van primarius geklim en Frederick is die nuwe hand (of sal ek nou sê lyf) in die spannetjie. Eerstejaars, hoe voel julle oor die keuse? Lekker, né?

Dames mag ek nou... Nee, wag nog so 'n bietjie.

Verdere hoogtepunte in ons eentonige studentelewe was 'n interkaas en -wyn met Kasteel-Suid en 'n interfliek per baiesukkel met Kasteel A. Dankie aan julle en besonders ook aan Linda, Barbara en Patrus — die ontspanningsreëlaars.

Dames, ek dink die tyd is nou ryp, nou die groot nuus: Ons het 'n nuwe telefoon wat werk! (Net jammer die ding vreet so baie vyfsente.)

## DORP

**DIE feit dat Dorp in die afgelope twee Wapaaie afwesig was, beteken nie dat Dorp ondertussen stilgesit het nie. Met die eerste ligawedstryd teken PGDJ 26 pune aan teenoor Over de Voor se 18; die twee-**despan van Skuur verloor 31—0 teen PGD 2, en die derdes wen Over de Voor se derde span 17—8.

'n Dringende versoek word aan al die Dorpstudente gerig, die wat nie rugby speel nie, asook die dames van Wanda en alle ander belangstellendes om Saterdae saam met jul spanne te kom swoeg en sweet; onthou: die toeskouers is net so belangrik, indien nie belangriker as die skeidsregter nie, in die geval van koshuisrugby.

Terwyl ons so praat van sweet, ons ouens oefen al lekker landloop; ons kom elke middag om 4.30 nm. by Cachet woonstelle bymekaar vir oefening. Hierdie jaar is die Landloopklub se voorsitter 'n Dorpstudent, wat dit vir elke Dorpenaar wat in Landloop belangstel amper 'n moet maak om saam te kom draf. Kom draf saam!

## MAKOUVLEI

HIER in Makouvlei is sake weer in volle swang. Die klem val nog steeds op die regte aksies soos intertees, sêr, sport en allerhande feeste, en minderbelangrike dinge soos akademie word op die agtergrond gehou. 'n Groot bron van vermaak is deesdae en „deesnagte" die vingersnoekerbord. Ek wonder wie nou eintlik die koshuiskampioene is? Hulle moet gerus vir Paul en Christie daag.

Met die sport gaan dit voor die wind. Geluk aan Hugo Lindeberg en Attie Evans, onderskeidelik Puk se nommer een en twee pluimbalspelers. Ook die twee eerstejaars, Gert Doreward en Johan Marais, het besonder lang asems, en 'n spesiale pluimpie aan Gert met sy puik rekords.

Met die sleepaksies gaan dit ook nog voor die wind. Die koshuis is saans sleeptyd so stil soos 'n I.W. klas op 'n Saterdagmiddag. Dit lyk ook darem of die snoepie 'n hoër winssyfer gaan toon vanjaar.

Baie geluk aan al die manne wat verjaar het, en ook aan Johan Muller met sy wit das wat hy nou Sondae in die diakenbank tentoonstel. As hy so aangaan is hy binne ses jaar 'n predikant.

Die eerstejaars wens die seniors 'n aangename vakansie toe en laasgenoemdes verseker die adders dat hulle nie sal vergeet nie.

## KULU

**DIE dinge hier werk nes 'n groot gees onlangs gesê het: 'n Piramide: Hoe breër die fondament, hoe hoër die hoogte-**punt. — En hier keer ek vir jou die hele sak patats uit.

Die fondament wat nou so breed en stewig is, is die saamstaan van die eerstelinge. Goed geteeld, die klompie. Trap maar in hier, en sy staan op as jy inkom (watter manne doen dit nog, terloops).

Loop verby haar op die kampus — sy sal jou roep as jy nie groet nie. Sy word verplig om hier en daar 'n vergaderinkie by te bring en as sy stout is word sy gehek, — haar reaksie? Sy sal uit haar eie die vierkant se grasrante sny, sommer vanself jou skinkbord vat, of jou emmer wasgoed.

Moeite is ons plesier — jy wat altyd hier kom sêr sal weet van die koffie, en jy wat hier gepos is... jy sal weet van die entoesiasme. Soms bak ons dalk op 'n Saterdagmôre sesuur vir „besoekers" skons. Ander kere klop ons saans teen twaalfuur se kant aan jou voordeur en jy vat die koffiekan sitkamer toe. Uit die bed geboender kom eet julle dan al ons toebroodjies, en waak goedgunsiglik oor ons op pad terug.

## SKUUR

DAT die Olifant dié jaar op die oorlogspad is, is nou maar waar. Geluk aan ons Rooitruie wat aan die verwagtings voldoen het deur die Pukkewyne te vou. Net om te wys dat dit nie geluk was nie, het ons vierdespan as toegif ook Klooster se derdespan met die kop onder die vlerkvere huis toe gestuur. Aan al ons manne in die Puk-spanne veels geluk.

Dat die Skuur van binne woel, is seker. Kom kyk maar hoe ons vooraansig by die dag in aantreklikheid toeneem. Onthou net om jul kameras te bring (Fotoregte is in Kamer 87 te kry). Dat mens met beperkte middele 'n kasteel kan inrig, het Voëlvlei (gang agt) se manne bewys. Die eerstejaars dra hul gelukwensings oor aan die seniors ná lg. se reuse-oorwinning in die krieket.

Aan seniorkant was die Beer baie knap, terwyl Hannes en Haäkon vir die Hande die wa deur die drif probeer sleep het.

★ *Vervolg van bladsy 3*

## Weg met . . .

As hierdie sierlike egoïsme nie uitgeroei word nie bly daar vir ons weinig hoop. Karnaval moet 'n tyd wees van saamwerk, saamontspan, saamgeniet.

Laat ons dit vanjaar erns maak om Karnaval aan sy doel te laat beantwoord. Ons kan dit alleen doen deur betrokke te wees en elkeen sy bydrae te lewer.

Moenie net wil teer op die inisiatief van die karnavalkomitee nie, gebruik ook jou eie. KARNAVAL MOET GEHOU WORD EN NIE AANGEBIED WORD NIE.



S

/eet dat
loop . . .
ıer krag
ıeer dra

die eer-
Eerste-

g. Dit is

r ek vir
ts uit.
nou so
lie saam-
ge. Goed
e. Trap
staan op
manne
).
die kam-
ep as jy
d verplig
rgaderin-
sy stout
haar re-
r eie die
sny, som-
bord vat,
ed.
er — jy
sêr sal
en jy wat
sal weet
Soms bak
rdagmôre
s" skons.
ns saans
kant aan
t die kof-
it die bed
julle dan
en waak
s op pad

R

jaar op
ıou maar
Rooitruie
ings vol-
kkewyne
s dat dit
het ons
ok Kloos-
die kop
huis toe
nanne in
geluk.

n binne
kyk maar
die dag
toeneem.
meras te
n Kamer
met be-
steel kan
ang agt)
e eerste-
wensings
ná lg. se
die krie-

die Beer
annes en
e die wa
er sleep

3

. . .

ïsme nie
daar vir
Karnaval
an saam-
saamge-

aar erns
aan sy
ord. Ons
deur be-
lkeen sy

r op die
rnavalko-
k jou eie.
GEHOU
GEBIED





REGS: Die Pukke en Wes-Transvalers spook hard vir die wit balletjie.

ONDER: Die dames is net so gevaarlik met 'n hokkiestok.

LINKS: Die skare verkyk hulle aan die korfbaldames.

ONDER REGS: Die Puk en Wes - Transvaaldames speel „touch-rugby" op 'n netbalbaan.

# FEESSPORT







REGS EN ONDER: Die toeskouers kyk deur 'n bril, donker glase of sonder 'n bril.



# P.G.D. TEM LEEU

**MET slegs 14 man en sonder 'n kaptein het die span van P.G.D. hul eerste ligawedstryd teen Over de Voor met 26—18 gewen. Binne die eerste vyf minute van die wedstryd het P.G.D. se kaptein, Willem van Zyl 'n handbesering opgedoen en moes hy die veld verlaat. Met een van die voorspelers weg moes die drie losvoorspelers vaster speel.**

Dit was 'n harde en skoon wedstryd, waar dit gewoonlik gekenmerk word vir sy vuil spel. Albei spanne verdien hier die lof vir hulle spel.

Die manne van P.G.D. het deurgaans as 'n span gespeel en die oorwinning is dan ook te danke aan die spanpoging. Dit was veral by die losballe waar die span van P.G.D. eerste was, asook die doelgerigte skoppe van die skakels. Om van die spelers uit te sonder sou moeilik wees aangesien die hele span goeie en harde spel gelewer het. Een van die vele mooi bewegings van die wedstryd was toe P.G.D. se linkervleuel Hennie Saayman die bal binne sy eie kwartgebied gekry het en 'n drie agter de Voor se pale gedruk het.

Die wedstryd het baie belangstelling uitgelok en was goed ondersteun. Die opponerende kantlyne het soms met pittige sêgoed vorendag gekom. Die wedstryd het onder 'n baie goeie gees plaasgevind, veral aangesien die gebrul veroorsaak het dat die stemme naderhand moes sagter word. Dit werk glo in op die stembande.

Een van Over de Voor se voorrymanne, Karel Verwey, moes die veld vyf minute voor die einde van die wedstryd met 'n kopbesering verlaat.

P.G.D. se eerstes het soos wafferse leeutemmers die leeu getem. Saterdag se 26—18 het dit bewys.




# sport

'N DROOM het Saterdag werklikheid geword. Die ingebruikneming van 'n kompleks soos die Fanie du Toit-sportterrein is 'n gebeurtenis wat net een maal in 'n universiteit se leeftyd geskied.

Die organiseerders het gesorg dat dit 'n feestelike geleentheid is. 'n Duisend deelnemers het kom meeding in rugby, krieket, hokkie, netbal, korfbal, tennis, atletiek en rolbal. Daar was ook nie minder nie as sesduisend toeskouers wat hulle verlustig het aan die groot sportdis.

As 'n mens dink aan die twee, drie lappies gras waarop al die rugbywedstryde gespeel is, aan die hardgerolde brakkol wat as hokkieveld gedien het, kom 'n mens agter hoe 'n brandende begeerte 'n nuwe sportterrein 'n paar jaar gelede moes wees.

Vir mnr. Piet Malan en al sy makkers wat elke tree saam met hom gestry het vir die daarstelling van hierdie pragkompleks, was Saterdag seker een van die grootste dae in hul lewens toe hulle gesien het hoe 'n droom werklikheid word.

Sam Basch en Attie Gerber was Saterdag op die toneel om die belangrikste gebeure op film vas te lê. Op hierdie bladsy kry u 'n beeld van die dag se hoogtepunte.

# 'N DROOM WORD WERKLIKHEID





REGS BO: Dries Coetzer beur oor die doellyn met 'n pak opponente op sy rug.

MIDDEL REGS: Oud-Springbokkrieketkaptein Trevor Goddard stuur 'n bal met sy hotklou af.

MIDDEL HEEL REGS: Kobus Louw, vleuel van die Uitnodigingspan, druk een van sy twee pragdrieë.


ONDER LINKS: Elmo Ferreira, die Puk se enkelspelkampioen, slaan af.


ONDER REGS: Dawie Snyman, Springbok-losskakel wat vir die Uitnodigingspan gespeel het.

LINKS BO: Oud-Puk Fanie van Zijl breek die lint ná 'n opwindende 800 meter.

LINKS ONDER: Rolbal en albasters, alles was daar op Fanie du Toit.











MOTOLEK
Hierdie onderdele is by u plaaslike
MOTOLEK
verspreider
verkrygbaar . . .

POTCH SPARES

Lombardstraat 39, Tel. 6077, 4595,
POTCHEFSTROOM.

—:::—

ELECTRICAL PARTS FOR JAPANESE CARS & TRUCKS.

motolek —ST

PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(Edms.) Bpk.
Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.

**die WAPAD**

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. — In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXIX — VRYDAG, 26 APRIL 1974 — Nr.

**CACHET APTEEK**
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# PUKKE ONDERSKEI HULLE OP KUESTA '74

**BEHALWE dat Salomé Jacobz as mejuffrou Kuesta op Kuesta, wat vanjaar op die kampus van die Universiteit van die Oranje Vrystaat aangebied is, gekies is, was die twee belangrikste gebeurtenisse by die Valskermsprongkursus twee meisies gewees waaronder Annemarie Malan die Puk verteenwoordig het.**

Die kursus wat van 8 tot 11 April geduur het, is deur sowat 300 studente bygewoon. Daar is altesaam nege kursusse aangebied by dié instelling van die ASB, waar studente van alle Afrikaanse kampusse mekaar by leersame kursusse en sosiale funksies leer ken het.

**KURSUSSE:**

'n Seiljagkursus is in samewerking met die Departement van Sport en Ontspanning by die Rusfonteindam aangebied.

Sportliefhebbers is in die afrigtings- en skeidsregterskursus onderrig in 'n kursus wat aangebied is.

'n Regskursus met die geregtelike hoofstad van die Republiek van Suid-Afrika in die agtergrond, is onder die leiding van Andre Burger, voorsitter van die Regsvereniging van die U.O.V.S., aangebied sodat kenners sowel as nuwelinge op die gebied die regte regsagtergrond ontvang het. Die kursus is met 'n besoek aan die Landdroshof, Mosiehof en Appèlhof afgesluit.

'n Valskermkursus, uitsluitlik vir beginners onder die leiding van die Valskermbataljon in Bloemfontein, is met sukses aangebied. Die kursus se welslae is in die praktiese sy van die kursus gesien toe die kursusgangers spronge vanuit 'n lugmaghelikopter gemaak het.

'n Volledige kursus in die joernalistiek en publikasies in samewerking met ASPU is aangebied. Redaksielede van die Volksblad en prof. D. A. S. Herbst, wat tans professor in die vak Kommunikasiekunde aan die UOVS is, het vir die lesings gesorg. 'n Lesing deur Ian Trail oor fotografie was ook by die kursus ingesluit en die kursusgangers het ook 'n besoek aan die Nasionale Pers gebring.

Die volledige kursus wat in Skrynwerk en Sweiswerk aangebied is, is swak bygewoon omdat 'n paar van die ingeskrewenes hulle eerder op die kuns van kaartspel toegespits het sodat daar oorgenoeg geriewe vir die wat getrou die kursus bygewoon het, was.

Die studente wat die kursus in Openbare Redevoering bygewoon het, beweer dat hulle nou sonder 'n minderwaardigheidskompleks sal kan optree.

Die kursus — Bak en brou vir huis en skou — is ook met entoesiasme deur 'n aantal dames aangepak en hulle is van mening dat hulle nou met nuwe moed aan hulle toekomstige huisie dink.

Die dames wat nog sukkel om aandag te kry, het 'n kursus vir die Kampus Juffrou bygewoon, waar hulle wenke omtrent hulle voorkoms en maniere ontvang het.

Aan die Fiesta sy van die saak is daar die nodige aandag deur die B.O.K. gegee in 'n baie bedrywige sosiale program.

Maandagaand het die studente, elke universiteit afsonderlik, gekenmerk deur sy akademiese drag na die Odeion opgetrek vir die amptelike opening van die byeenkoms. By die geleentheid het al die Kuestane saamgesing en Willie Nigrini van NKP is op dieselfde aand as die burgemeester van Kuesta gekies. Die aand is op 'n hoë noot met 'n sokkiejol afgesluit, nadat die Pukke van hulle kleurbaadjies ontslae geraak het.

Dinsdagmiddag was daar geleentheid om Bloemfontein te verken aan die hand van 'n kaart wat saam met ander besonderhede in 'n lêer verskaf is deur SANLAM.

Die amateur KADRA-toneel geselskap het die aand gesorg vir 'n hofdrama — Die Aand van Sestien Januarie — deur Ayn Rand en op 'n baie oulike manier is die gehoor ingesluit toe 'n jurie uit die Kuestane saamgestel is om beslissing te gee of die beskuldigde skuldig of onskuldig is. Die aand is weer met 'n Sokkie afgesluit.

Woensdagmiddag is vir die tradisionele rugbywedstryde tussen die Noorde en die Suide afgesonder. Die Puk-dames het hulle kragte by die Noorde ingegooi, maar die Suide het vir die oorwinning gesorg. Die mans-spanne het ook in die stof gebyt, maar Inter-ete op Pelliespark het gesorg dat almal gou weer in een groep

☆Vervolg op bladsy 3



Salomé Jacobs (derde van regs) saam met die ander finaliste in die Mej. Kuesta-wedstryd.

# VYF GOUE MEDALJES

**NA die pasafgelope Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe is daar 'n hele paar Pukke wat kan breëbors rondloop as gevolg van hulle skitterende prestasies.**

Piet Meyer wat weer eens 'n verkeerde meneer was in die stapnommers, het sommer letterlik vir sy teenstanders hakke gewys deur twee goue medaljes om sy nek te hang. Dit was vir beide die 5 000 meter en 20 km stapitems. Laasgenoemde item het hy in 'n pragtyd van 1 uur 36 min. 2 sek. gewen. Dit is die beste tyd ooit, oor dié afstand in Suid-Afrika.

Dawie Malan het bewys dat hy nou die beste en bestendigste paalspringer in die land is. Hy het nie alleen die paalspring gewen nie, maar ook 'n verrassende tweede plek in die driesprong behaal.

In die gewigstoot vir dames het Marié van der Westhuizen 'n goue medalje verower. Sy het ook 'n derde plek in die skyfwerp behaal.

Deon Troskie het 'n eerste plek, en dus 'n goue medalje in die hoogspring vir mans behaal. Tydens die S.A. Junior Kampioenskappe moes hy tevrede mees met 'n tweede plek.

In die verspring vir mans het Stephané Kotzé tweede geëindig na Dawid Langley van Noord-Transvaal.

Ruanda Jacobs kan in 'n verdienstelike tyd van 11,7 sek. oor die 100 meter vir dames slegs 'n tweede plek behaal.


In die 4 x 100 meter aflos vir vroue, het die Wes-Transvaalse span, wat uit vier Pukke bestaan, 'n derde plek losgeslaan. Die span was R. Jacobs, Ria van den Berg, Cathy Hough en Hester Gunter.

Die ander atlete wat plekke behaal het, maar nie 'n medalje kon kry nie, is Hester Gunter in die 400 meter vir vroue, Ria van den Berg in die 100 en 200 meter hekkies en Jorina Genter in die verspring.

Tydens die S.A. Junior Atletiekkampioenskappe kon die Pukke nie juis hond haaraf maak nie. Die volgende plekke is egter behaal:

Skyfwerp Seuns o/19: Henk du Toit — derde.
1 500 meter Seuns o/19: H. Seastad — vierde.
1 500 meter hindernis o/19: G. Doorward — tweede.
Spiesgooi Seuns o/19: P. Tereblanche — derde.
Gewigstoot Seuns o/19: H. du Toit — eerste.
Hoogspring Seuns o/19: D. Troskie — tweede.

# Uitdaging aan Dames!



Rene van Wezel, primaria van Vergeet-my-nie, op dié koshuis se trapkar. Vergeet-my-nie is die enigste dameskoshuis met 'n trapkar en daag ander dameskoshuis uit om hulle voorbeeld te volg.

# AANDAG

AANDAG alle personeellede en studente.

Dit gebeur vanjaar dat ons gedurende die tweede kwartaal drie Vrydae het waarop daar geen klasse sal wees nie naamlik:

10 Mei — Karnaval;
24 Mei — Hemelvaart;
31 Mei — Republiekdag.

As gevolg hiervan is besluit dat op Dinsdag, 28 Mei, 'n Vrydagrooster gevolg sal word, dit wil sê dat alle klasse op Dinsdag volgens die rooster van Vrydag sal wees.

*Die Bult Apteek / Pharmacy*
Noordbrug Apteek (Edms.) Bpk.

★ VIR AL U APTEKERBENODIGDHEDE . . .
. . . ONS KEN U BEHOEFTES

Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.) Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer (B.Sc.-Far.) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far.) L.A.V. (Besturend).

# ASTER

# OM MEISIE TE WEES

EK is 'n meisie en dis heerlik.

Die woord impliseer soveel lekkerste lekker dinge: jy kan die een dag denim dra en oor Viëtnam gesels, en die volgende dag fyn pienk voile, en stil wees, want jy is immers een groot geheim; jy kan lekker naby HOM verby skuur, sodat hy kan ruik jy ruik soos appelbloeisels en somer en net partykeer nog soos 'n babatjie; jy kan jou hare lánk, lank laat groei en dit blink en los dra, om die geel son en wind-met-die-lang-vingers se ontwil,, of dit kort laat knip, sodat almal die ronde blink ringetjies in jou ore kan sien.

Jy kan wees net soos jy wil, en omdat jy 'n meisie is, kan jy nog goed wees vir hom ook, en sag, as sy dae verlep het, en treurig is soos leep-oog kappertjies.

'n Meisie kan nou wel nie wegry vir die wind op 'n geel resiesfiets met afsakhandvatsels nie, of in bruin bome klim om hoog bó naby aan die hemel te wees, of alleen in die veld te wees, of alleen in die veld te loop met die Here en die gras as geselskap, of fluit-fluit hande-in-die-broeksak loop nie. Sy kan nie trapssutjies aanhou of 'n molslang in haar hangkas nie, ook nie sagtebas druiwe nie, maar wat weet . . .

Maar wat weet mans nou weer van die groot lekkerkry as iemand 'n deur vir jou oopmaak, of die plesier van die fyn-fyn onderklere en kant sakdoekies.

'n Meisie het soveel toekomsverwagtinge: Daar is die ideale man eendag, en dan die vervulling van haar vrouwees: Moederskap. Ek wil 'n man hê wat lief sal wees vir my, omdat liefde elke meisie, omdat sy meisie is, se begeerte is. Hy moet vir my psalms lees in die môre, en narsings pluk in die aand, en verstaan van Beethoven se vyfde simfonie en alleenwees in die herfs. En hy moet vir my kinders gee — dogters, wat as hulle klein is, bruin kiewietbeentjies sal hê, en dromerig sal wees as hulle groot is en met my sal gesels, saans om 'n kaggel, nog lank nadat die mans bed toe is.

Die Here het 'n *vrou* uit 'n ribbebeen gemaak en ek weet 'n meisie uit 'n aandblom, omdat sy die simbool is van alle skoonheid, reinheid en blankheid. Daarom wil ek elke dag juig en sing en bid, oor dié voorreg om meisie te wees.

E.R.

# Tone krap

**JA-NEE dames, 'n modeparade word toe mos vir julle beplan. Word glad gereël dat mannekyne as modelle sou optree. Vir die wat wil trou, sal trourokke vertoon word. Dit alles sou plaasvind in die Totiussaal, Maandag 22 April.**

Omdat almal swat, hou die parade net 45 minute aan, om almal die geleentheid te gee om dit by te bring.

Ja, gelukkig daag die Pukasters, (julle wat almal kla julle het niks om by te bring nie) in julle hordes op. Die voorste vyf rye van die Totiussaal was almal tot in die helfte gevul. 'n Pragtige beeld van die betrokkenheid van die Pukaster. Gelukkig dat die persone wat opgetree het, nie spesiaal van Klerksdorp af gekom het nie. Julle het 'n fantastiese voorbeeld gestel en die Puk-manne is trots op julle.

Sies, dan is dit julle wat graag 'n dame op die S.R. wil hê. Manne ek vra julle, hoe dink julle gaan die Pukasters dit regkry?

# Emansipasie

**JULLE almal ken die cliché: „Agter elke suksesvolle man sit 'n goeie vrou."**

Sou jy onder 'n „goeie" vrou die volgende verstaan: 'n vrou wat haar man kan bystaan op alle terreine van die lewe: die politiek, sosiale en kerklike lewe,. sowel as op die sport terrein en as 'n nagedagte, iets weet van die huis en van kinderopvoeding?

Dames, van kleins af word ons geleer om aan alles deel te neem, sosiaal aangepas te wees en met die manlike geslag op alle terreine te kompeteer. Ons moet die beste presteer op akademiese gebied, die redenaarsbeker voor hul neus wegraap en op sportgebied is ons hulle ook nie ver agter nie.

Op universiteit word die emansipasiegedagte omtrent daagliks onder ons aandag gebring. „Kom ons ruk in ons massas op en wys die mans waar Dawid wortels begrawe het". Sorg dat daar dames op die S.R. kom sodat hulle kan help om die sake op universitêre front te reël.

Goed en wel ons is die meerderheid, maar moet ons nie juis daarom 'n bietjie terugstaan dat ons plek eerder deur 'n man gevul kan word nie, in plaas van om altyd op die voorgrond te wil druk? Het ons dan vergeet dat ons krag in ons vroulike swakheid lê?

Ons kla heeldag dat die mans nie meer murg in hulle pype het nie, dat hulle hare te lank en hul klere te verfynd is. Kan die oplossing nie hierin gesoek word dat die seun hom met sy moeder identifiseer as gevolg van die feit dat sy so sterk as leidende figuur optree nie!

Dus dames, pas op dat daar nie agter elke verfynde man 'n ge-emansipeerde vrou sit nie.

# TIPIES

6.30 nm. „Sannie Pieterse, Sannie Pieterse, voordeur!" Met ten minste twee ure se voorbereiding agter die rug, 'n nuwe rok en blosende gesiggie, stap Sannie die gang af. Ons held tref ons aan, besig om met 'n verveelde uitdrukking deur die boodskappe van ander mense te blaai. Na 'n rukkie verskyn sy om die deur met 'n afwagtende glimlaggie, maar verdwyn egter blitsvinnig by die aanblik van die horde mans in die voorportaal. Intussen het ons held hom gemaklik agter 'n groot plant tuis gemaak en wegkruipertjie-speel is Sannie se voorland.

Eureka, na tien minute word Meneer gevind! By die deur uit, sien ons haar oor die modder na die motor aangly, met arms wat kort-kort merkwaardige swaaibewegings bo haar kop uitvoer (in 'n poging om haar balans te behou). Om met die paadjie langs te stap, sou ten minste tien ekstra treë beteken het en ons moet weet, hy is 'n besige man. Terwyl sy die laaste paar treë aangegly kom, staan hy haar reeds en inwag. Soos ons tog sekerlik verwag het, hou hy ewe galant die deur vir haar oop en net betyds ruk sy haar voet in om dit sodoende van vergruising te vrywaar.

Nou waarom is sy vanaand weer so omgekrap?



# Nuus aster

**VINNIG het ek Marleen Lombard se kamer binne geskarrel en amper net so gou weer daaruit gevlug, aangesien Marleen besig was om haar U.O.D.-frustrasies met die tennisraket reg te sien. Tog het ek genoeg inligting aangaande haar tennisloopbaan ingewin.**

Op 7-jaar het sy die tennisrakket vasgevat en dit blykbaar meer op voornemende kêrels uitprobeer as op die baan self.

Op hoërskool was dit 'n ander storie, want sy was so aangespoor deur haar afrigter, Kenny Smith, dat sy dag en nag net wou tennis speel. Wat die inspirasie was, bly 'n ope vraag!

In 1969, 1970 en 1971 het sy as Oos-Transvaalse junior gespeel en was ook die Oos-Transvaal skolekampioen. In 1972, 1973 en 1974 speel sy wedstryde vir Wes-Transvaal teen ander provinsiale streekspanne.

Sy ontvang haar Puk-erekleure in 1973. Haar groot ideaal is om Springbokkleure te verwerf. Sy moet dan ook nog net 2 uit die 6 wedstryde speel om vir haar Wes-Transvaalkleure te kwalifiseer.

Aan die begin van 1974 speel sy een van haar veeleisendste wedstryde. Hierdie wedstryd teen Annemarie Slabbert, wat self vir Noord-Transvaal speel, het twee en 'n halfuur geduur. Sy behaal dan ook die puik oorwinning van 6—8, 6—1, 9—7. En o ja, Marleen het dit sterk op my hart gedruk dat sy 'n Oosterhoffer is.

Hierdie lang aanloop was om te sê dat Marleen nou die Puk se nommer een tennisspeelster is.

Marleen het 'n besonder aantreklike styl en kragtige afslane, waarby sy ook 'n intellektuele speelster is wat al haar houe beredeneerd slaan. Sy beweer egter dat haar oorwinning aan die nuwe Hunga-skoene toegeskryf kan word.

# JY 'N BANGMENS?

**AAN jou juffrou „bang-om-weer-seer-te-kry", omdat jy in jou kamer sit, terwyl dit alweer herfs is buite.**

Het jy al daaraan gedink dat die wêreld vir jou 'n aaklige plek is, nie omdat die wêreld sleg is nie, maar omdat jy nie jouself in die wêreld kan vind nie?

As jy gedink het dat almal jou bewonder omdat jy alleen kan voortbestaan, wil ek vir jou sê dat ons vir jou jammer is, omdat jy van jojuself 'n leë mens maak — 'n mens vir wie die wêreld 'n hartelose, aaklige plek is en daarom ook 'n mens wat veeleisend is in enige verhouding.

Wil jy nie probeer om liewer elke situasie wat hom voordoen, vir jouself sinvol te maak en algaande leer om jouself in die wêreld te vind, sodat jou oë kan oopgaan vir ander mense wat meer aandag as jy nodig het?

As die lente nie eers vir jou groen was nie, hoe sal jy ooit kan ervaar dat die bruin van die herfsblaar vinniger is as die groen van die lente?

Dis alleen uit die winter se witheid, uit die herfs se ryk bruin en uit die somer se volheid, dat ons in staat is om te waak oor die lente se broosheid en kwesbaarheid!

Kom uit jou kamer uit en leer om jouself te vind in die wêreld, want jy het reeds 'n agterstand, omdat jy te bang was om weer seer te kry!

# Bly wees

*EK wil bly wees vandag.*

Kaalvoet wil ek huppel met die wind deur my hare, om my ore, en die koue wat soel op my bene kom lê. Ek wil my arms wyd oopgooi, my kop agteroor, om al die mooi van die dag raak te vat.

Ek wil bly wees vandag — my hande wil al die mooi blomme in die parkie gaan afpluk en dit in 'n groot beker op my tafel gaan sit. Ek wil die trappe twee-twee opspring en weer vinnig met die trapreling afgly. Ek wil my kamer van hoek tot kant regpak en skoonmaak, ek wil al my akademie vir die volgende week sommer vandag al klaar maak.

Berge kan ek versit vandag, so groot wil my blydskap wees.

Ek wil twee pienk melkskommels op die Bult gaan leegdrink en die skuim teen die rand hard met my strooitjie opsuig. Dan wil ek op my hardste 'n lekkerliedjie sing sodat almal vir my moet kyk en saam begin sing.

Ja, ek wil bly wees vandag — 'n groot, borrelende bly. So bly dat die wêreld rondomtalie al om my.

So groot wil my blydskap wees, want . . . want ek het vandag sy brief gekry!






# SKRIKKELFEES GESLAAGD



Dit was 'n ware fees ... (Foto: Fotokuns.)

**WAT 'N FEES? Wat 'n groot fees was dit nie? 'n Fees wat oorspronklik skrikkerig begin is, maar mense, die grootste sukses ooit! Ja, 'n ieder en 'n elk wat dit bygebring het, of moontlik kon by bring gesels nog steeds.**



... En Annatjie se pannekoek ook. (Foto: Fotokuns.)

'n Groot ruiker aan die Dameskomitee, julle debuut was 'n bewys wat in die Puk-aster verskuil lê.

Pukke julle moes dit belewe het! 'n Saal vol asters en „skiete" al piekniek-houend op komberse op die Totius-saal se vloer. Met mandjies vol snoeperye, die kombers feestelik gedek, agtergrondmusiek, 'n bottel wyn, en heerlike warm hoenderpastei is die „skiete" van die „Skrikkeldinge" ingelig. Amper vergeet van die kersie wat vroeg-aand nog gebrand het, en toe doodgeblaas is „ter-wille-van-die-fliek". Glo dit maar, so al „leggende" het A.O.B. die kersie op die aand geplaas.

'n Goeie saak het altyd 'n goeie gevolg ... Loer maar rond na al die nuwe „Skrikkeldinge" wat sedertdien hul opwagting gemaak het.

# PUKKE ONDERSKEI HULLE...

✱ Vervolg van bladsy 1

verenig is. Almal het in 'n kring gestaan en sing sodat die trots om 'n Afrikanerstudent te wees in ieder een se hart ontwaak het.

Die aand is 'n Sokkiejol, met musiek deur 'n orkes verskaf, deur die Kuestane geniet.

Donderdag is die kursusse afgesluit en die middag was al wat meisie is, besig om haarself vir die formele Buffet-ete in die Stadhuis reg te maak.

By die geleentheid is mnr. George van der Merwe, voorsitter van ASPU en redakteur van Die Afrikaanse Student as Meneer Kuesta aangewys en Juffrou Kuesta was niemand anders as die PUK se Salomé Jacobz nie. Die Wisseltrofee vir die kampus wat die beste gees deurgaans gehandhaaf het, is deur die Kovsies verower. Piet Strauss, president van die ASB het 'n boodskap oorgedra en die Kuestane moes stadigaan begin afskeid neem.

In elke Kuestaan se hart het Antjie Krog se woorde gebrand:

„en aan die einde
as alles verby is
besef ek eers waarom dit gegaan het
maar half hartseer in my sterkheid
neem ek afskeid
om êrens, vorentoe
met dit wat ek ontvang het
te begin."

# Waar was almal

**'N APRILVAKANSIE is hopeloos te kort om aan akademie te bestee, 'n mens sal jouself net frustreer omdat jy nie alles gedoen kan kry nie, en natuurlik kan 'n mens nie huis toe gaan nie, want so 'n heen en weer gejaag versteur net die harmonie. Daarom vaar soveel Pukke op die avontuurjag uit, soos nou weer gebeur het.**

Florna, Montium en al die ander is deel hiervan, maar daar het hierdie vakansie heelwat onoffisiële toere plaasgevind, en 'n mens verstom jou aan al die inisiatief. Die berugte Sewe Magnete van Klawerhof het byvoorbeeld die Kaap gaan oorneem. As 'n mens hulle uitvra, hoor jy van dinge soos die Sederbergpasuitklim, Kaappunt en Tafelberg, en dan is hulle nog uiters geheimsinnig oor 'n besoek aan die Hawekafee! Die wat hulle ken, sal weet dat hulle goeie ambassadeurs vir die Puk moes gewees het in hulle gewone sprankel, en almal moet ook weet dat dit in hierdie tyd was dat Petro van der Merwe verloof geraak het!

Willemien Jerling en haar Botswanagroepie se wilde planne het effens natgereën, en alle brûe na die „gevaarlike" plekke toe het verspoel, maar uit hulle toerboekie kom tog dinge soos Kalaharinagte met springhaasjagte, leeus en blykbaar die reusagtigste muskiete wat 'n mens jou kan voorstel ... In elk geval weet die meeste van dié dapperes nou iets van verf, plafonne en stenemaak, want oom Dirk Jerling het toe al die teëspoede uitgebuit om die sendingplaas se huis leefbaar te maak! As 'n mens nou so luister na Tinus Joubert, klink dit of hierdie vakansie maar net die begin was van groot dinge ...

Verder is Braam le Roux en Johan Ligthelm hier weg met rugsakke vol sjokolade en 'n plakkaat: „Pukke spaar Petrol", op pad Wildekus toe vir 'n staptoer. Al wat 'n mens uit hulle kan kry, is dat dit definitief die moeite werd was, en hier en daar 'n staaltjie soos die keer toe hulle in 'n poel geswem het en die volgende oggend twee reuse luislange ontdek wat klaarblyklik saamgeswem het!

Hulle lyk in elkgeval nog heeltemal welgevoed en by hulle sinne.

Gerrit Coetzee en Quintus Pelser het 'n regte „bachelor's" vakansie gehad in die rustigheid van Oubos by die see! Die manne swyg soos die graf oor wat nou regtig daar aangegaan het, sê net dat dit „goed" was ...

Sarel Pretorius van Over de Voor en sy vriende het blykbaar dieselfde tipe ding in gedagte gehad met hulle Suidkusvakansie, en so sal daar nog vele ander dergelike geskiedenissies wees. Het iemand dalk gesê studente het nie meer planne nie?

# ALABAMA

**DIE Alabama-toergeselskap se toerprogram vir die komende vakansie vertel dat die klomp talentvolle Pukke in Suidwes-Afrika gaan toer.**

Op pad na die mandaatgebied tree hulle ook by verskillende dorpe op en na die wintervakansie is hulle in Vanderbijlpark, Welkom, Potchefstroom en Klerksdorp te sien.

Die Puk-studente word gevra om die opvoerings in Klerksdorp ook te ondersteun omdat daar net vir vyf vertonings in Potchefstroom voorsiening gemaak is.

Die program begin met 'n programkeuring op Woensdag 26 Junie terwyl daar op 28 en 29 Junie aanbiedings in Carletonville plaasvind.

Die toergeselskap vertrek Sondag 30 Junie per trein uit Potchefstroom op hulle reis na Suidwes-Afrika. Die reis word onderbreek met opvoerings in Kimberley Maandag 1 Julie, De Aar Dinsdag 2 Julie en Upington Woensdag 3 Julie.

In Suidwes tree hulle Saterdag 6 Julie in Windhoek op; Maandag en Dinsdag, 8 en 9 Julie, in Walvisbaai; Woensdag 10 Julie in Swakopmund; Vrydag 12 Julie in Otjiwarongo; Saterdag 13 Julie in Tsumeb en Woensdag 17 Julie in Gobabis. Die toer in Suidwes sluit met opvoerings op 18, 19 en 20 Julie in Windhoek af.

Na die aanvang van die tweede semester tree hulle van 25 tot 27 Julie in Vanderbijlpark op; 2 en 3 Augustus in Welkom en van 6 tot 10 Augustus kan die Pukke en Potchefstromers optrek om die Alabama in eie geledere te sien optree. Hulle program word afgesluit met opvoerings van 15 tot 17 Augustus in Klerksdorp.

Alle Pukke wat op die verskillende plekke opvoerings bywoon word gevra om die Alabama mense na die optrede te gaan groet.

# SEWE DAE

FLORNA het die afgelope vakansie 'n baie suksesvolle toer na die Drakensberge onderneem. Vir sewe dae is gekampeer op 'n terrein van die Bosbou departement.

'n Tweedaagse besoek is aan Champagne Castle gebring. Daar het hulle in 'n berghut oornag. 'n Goeie gees het deurgaans geheers, waartoe die orkes ook bygedra het: Twee viole, twee mandoliens, twee trekklaviere, 'n ghitaar, 'n melodika en 'n mondfluitjie.

Die volgende toer is gedurende die langnaweek van 23—26 Mei. Hou die kennisgewingbord en die Wapad vir verdere besonderhede dop.

KOOP 'n LOOP-HAPPIE

HONGER ?

Probeer ons Vetkoek.

MAALVLEIS 25c.

KERRIE 25c.

KAAS en KONFYT 25c.

# Kom fliek vanaand saam met A.O.B.

**ALBERT DE BEER is weer doenig soos dit vir ons lyk, en laas Vrydagaand se „Goodbye Mr Chips" het feitlik 'n vol saal getrek. Daar is nog klagtes oor onduidelike klank en krapperighede, maar steeds, in vergelyking met verlede jaar, het ons groot rede om A.O.B. lof toe te swaai.**

Die sakboekie sê vir hierdie week, „Never give an inch" en ons het so 'n bietjie gaan kyk wat daar aangaan.

Name soos Paul Newman, Henry Fonda, Lee Remick en Michael Sarrazin interesseer natuurlik dadelik, en hierdie is 'n spanningsverhaal soos min. Dit speel af op 'n saagmeulbasis. Familiestryd, sabotasie en intrige is deel van Hank (Paul Newman) se krisis, en Henry Fonda lewer weer eens skitterende spel as Hank se vader, wat tradisie en sy werk moet beskerm teen die agterdog van die dorpie. Lekker fliek vanaand!

Oral is verder nog plakkate op van flieks soos „King of Kings", en dan nog een van Louis Knobel se produksies, „Die skat van Issie Delwerye". Louis Knobel is verbonde aan die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys, en hy het tot dusver al 'n hele paar verdienstelike Afrikaanse rolprente, meesal dokumentêr, die lig laat sien.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOK AL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

*„Die Potchefstroomse Boekhandel"*

TOMSTRAAT 86 — POTCHEFSTROOM

TEL. 5236

—ST

die WAPAD

## TWEEDE KWARTAAL

**DIE eerste vakansie van die jaar is iets van die verlede. Die tweede deel van die eerste semester met sy reusagtige akademiese berge is hier. Dit is nie net 'n kwartaal van akademie nie, maar 'n kwartaal waarin een van die hoogtepunte in 'n student se jaar plaasvind.**

**Karnaval wat vanaf 9 tot 11 Mei plaasvind sal vir baie 'n nuwe ondervinding wees. Dit is elke Puk se plig om met volle oorgawe aan Karnaval deel te neem. Onthou Karnaval sal wees wat u daarvan maak.**

## BYWONING

**GEDURENDE hierdie kwartaal vind daar ongeveer elke Saterdag belangrike sportbyeenkomste plaas. Hier word onwillekeurig aan rugby gedink. Ons eerste span is tans die inter-universitêre kampioene en hulle werp alles in die stryd om hierdie jaar weer die kroon te dra. Een groot klagte is dat wedstryde wat in Potchefstroom gespeel word, baie swak ondersteun word. Dit is elke Puk se plig om die span, ons span te dra. Nie net is dit 'n Puk se plig om rugby tot kampioene te dra nie, maar elke sportsoort het ondersteuning nodig.**



## WAPAD-REDAKSIE

Hoofredakteur: **Tiep van Schaik.**
Assistent-hoofredakteur: **Piet Ebersöhn.**
Nuusredakteur: **J. H. Habig** (Thaba Jah).
Assistent: **Jan van Niekerk** (Dorp).
Redaktrise Sosiaal: **Willemien Jerling** (Klawerhof).
Assistent: **Salome Jacobs** (Dorp).
Redakteur Koshuise: **Cobus Erasmus** (Skuur).
Assistent: **Dalene Delport** (Vergeet-my-nie).
Redakteur Akademies: **Johan Pretorius** (Skuur).
Assistent: **Esme Wessels** (Karlien).
Redaktrise Kunsblad: **Belia Booyens** (Dorp).
Redakteur Sport: **Izak Malherbe** (Liberalia).
Assistente: **P. J. Meyer** (Uitspan); **A. F. Vosloo** (Skuur).
Redaktrise Damesblad: **Salome Brits** (Oosterhof).
Redakteur Inter-Universitêr: **Danie de Kock** (Dorp).
Redakteur: P.N.B.: **Quintus Pelser** (Over de Voor).
Redaktrise Korps: **Ineke Lindhout** (Klawerhof).
Redakteur A.B.K.K.: **George Lotter** (Dorp).
Redakteur S.A.B.:
Fotoredakteur: **J. F. D. Croeser** (Uitspan).
Assistent: **Sam Basch** (Liberalia).
Sub-Redakteur: **Attie Gerber** (Liberalia).
Sekretaresse: **Cecilia Louw** (Wanda).
Sirkulasiebestuurder: **Izak van der Linde** (Over de Voor).



U kan gerus u bande versool by...

NATYRE BANDAG

(Edms.) Bpk.

'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK
Groot Voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak
★ Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING.

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM
Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse. —ST


## Sleep jy reg?

Geagte Redakteur,

Laat ek ook maar gou weer my stem laat hoor terwyl die onderwerp nog warm is. Dis verblydend dat so baie mense in die laaste tyd weer skryf en praat oor sleep en verhoudings, want dit wys vir my dat ek nie alleen só daaroor voel nie. Ons Pukke is besig om die reeds beperkte omgang tussen mans en dames nog 'n verkeerde kleur ook te gee. My klag lê teen díe wat so sleep dat hulle alle ander mense rondom hulle uitsluit, en dit bowendien vir die toeskouers redelik ongemaklik maak! 'n Mens trek gewoonlik suur teen tweetjies wat afpaar, maar miskien is radikale afparing wesenliker as hierdie toenemende afparing binne die groep!

Die liefde is pragtig, die liefde is 'n heerlike avontuur, en ek weet 'n mens se héle wese is toegespits op die ander een, maar moet dan tog nie jou arme kamermaat saamsleep sêrkompetisie toe as jy daar gaan sit en koer in sy teenwoordigheid nie! En moet tog nie die mense agter se uitsig bederf deur julle intimiteite nie! As jy lief is vir Sannie, het jy nog altyd Koos, Willem en Rita se respek en kameraadskap nodig, en moet hulle dus nie afstoot nie.

Ek wil nie suur en verbitterd klink nie, maar ek plaas 'n vraagteken agter díe soort liefde wat so intens blom dat dit net gaan om Jannie en Sannie alleen. Oppas vir te vinnig uitbrand en smaak verloor! Groetnis,

*Teemalweer.*

# *Karnaval '74 filmpremière*



Richard Chamberlain en Frank Finlay in aksie in „The Three Musketeers". (Foto 20th Century-Fox.)

# SAB se reaksie verwelkom

**GEAGTE REDAKTEUR, — Na aanleiding van mnr. Reynecke se brief in „Die Wapad" van verlede week, die volgende: Die toon wat u aanslaan in u brief lewer vir my duidelike bewys dat my vorige brief wel nodig was.**

Verder moet ek u gelukwens met u fyn waarnemingsvermoë. Meeste van u afleidings was korrek.

Eerstens was ek wel die ondervoorsitter van een of ander vereniging en praat dus uit ondervinding. Ek bly ook eerder stil as om, byvoorbeeld, 'n punktuasieverandering in 'n voorstel ter tafel voor te stel, net om genotuleer te word. Ek glo in die volgende stukkie lewenswysheid — en meer mense kan dit gerus onthou: Van die baie mense wat niks te sê het nie, word niemand soveel waardeer as die wat dit in stilte doen nie.

Wat u tweede stelling betref: Is dit u EERLIKE mening dat daar iets uit die verslae van ander verenigings, soos wat dit op 'n S.A.B.-vergadering gelewer word, te leer is?

Ek was ook nie dikwels by die vergaderings nie omdat 'n mens in vandag se samelewing nie kan bekostig om tyd te mors nie, en S.A.B.-vergaderings op die huidige patroon, veral vir die ondervoorsitters, niks anders as tydmors is nie. Vir die voorsitters mag dit miskien nog as 'n sport op die leer dien.

Het ek dit nie in my vorige brief duidelik genoeg gestel, dat ek aanbeveel dat die *een* of *twee* sakies dat almal raak op 'n spesiale vergadering, waar al die betrokkenes teenwoordig is, behartig kan word nie.

Dankie vir die verwysing na die grondwet van die S.A.B. Mag ek u egter daaraan herinner dat papier geduldig is? In watter mate raak die S.A.B. die breë studentemassa werklik in die PRAKTYK? Ek dink u moes liewer die „breë" uit u stelling gelaat het.

'n Laaste gedagte: Waarom „S.A.B.-Hoofbestuur"? Dit lyk vir my na 'n stapelvorm. Staan S.A.B. dan nie reeds vir SENTRALE Akademiese BESTUUR nie?

WIL-NOG-HELP.

# *BYLE EN BLOMME*

**GEAGTE REDAKTEUR, — Na aanleiding van 'n vroeëre brief deur my in die „Wapad", beskuldig ene Meraai my in die uitgawe van 22.3.74 van veralgemening in my uitlatings.**

Ek wil haar graag daaraan herinner dat haar geestessuster, Jeremina, in haar brief, waarop myne 'n reaksie is, ook nie lyne getrek het nie, ten spyte van die feit dat sy 'n minderheidsgroep verteenwoordig.

Daar is dus geen sin in om voort te gaan met die haarklowery nie aangesien ons dit nie oor dieselfde groep dames het nie. Laat ons dus maar die strydbyl wegsit.

Wat die blomme betref is die rektor se tuin in elk geval veilig — dis te ver vir „een ou blommetjie". Die tuine om die kampus sal die volle aanslag moet verduur. Het jy al daaraan gedink dat as die helfte van die sowat drieduisend dames op die Puk een aand per week sleep — en party sleep agt aande per week — die tuine 1 500 blomme per week sal moet lewer? Sterkte aan die tuiniers — én die honde!

Buitendien onthef die feit dat niemand jou tronk toe sal stuur oor „een ou blommetjie" nie jou nog geensins van sekere etiese norme in die verband nie.

Ten slotte: Jou gerusstelling dat ek die „hit" darem onder 'n skuilnaam is bied maar min vertroosting. Daarvoor is party vroumense te veel „vrou".

Polemiet.

*(Ns.: Jeremina, wees tog asseblief volgende keer meer bepaald in jou skrywe. Dit kan nogal baie moeite en meningsverskil bespaar. — P.)*

## Hokkie-asters

DIE Puk se eerste dameshokkiespan het Potchefstroom-Dorp Saterdag redelik maklik met 3—1 gewen Sanpat Coetzee en Isabel Buys het die Pukke se doele aangeteken.

In 'n wedstryd teen Goldfields het die tweede span met 2—1 gewen.

# Uit die Woord

En ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek My gemeente bou en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie: Matth. 16 18.
'n Toekoms vir die kerk?
Die moderne mens sê: Nee!
Die Bybel sê: Ja! Die kerk se pad lê helder vorentoe; 'n reguit weg die toekoms in.
'n Triomferende Kerk! Waarom? Omdat hy stewig gegrond is en vasstaan. Hy is gebou om 'n stewige fondament; 'n harde onslytbare rots. Die rots van die waarheid: U is die Christus! Hierdie belydenis wat Petrus namens die kerk doen word in die mond van die kerk geplaas. Met hierdie vaandel vaar die kerk deur die wêreldgeskiedenis; trotseer hy die storms van dwalinge en oorlogspyn. In die belydenis lê sy hoop op triomf!

'n Belydende kerk! Teenoor die grypende kloue van die hel, moet die kerk vas bly staan. Satan is magtig. Hy gebruik groot manne en magte vir sy doel — om die kerk ten gronde te rig; hom in sy fondamente te skud deur die belydenis te verpletter. Daarom: staan vas! Hou hoog die vaandel: U is die Christus!

'n Strydende kerk! Na die belydenis ontvang die kerk sleutels wat hy op sy tog moet hanteer. Die Woord en die tug. Op sy pad moet hy aktief wees. Hy moet regeer. Na binne deur die tug na binne en buite met die Woord. 'n Strydende kerk! Met die swaard van die Woord teen die gees van die tyd.

U is die Christus!
— My hoop op triomf
— My voortdurende belydenis
— My strydkreet!

# *VERGROTE BIBLIOTEEK IN GEBRUIK GENEEM*

**DIE uitbreidings aan die Ferdinand Postma-biblioteek van die Potchefstroomse Universiteit is voltooi en die vergrote gebou word op 26 April 1974 amptelik in gebruik geneem.**

Die oorspronklike gebou wat in 1952 voltooi is, het ruimte gebied vir 'n versameling van 125 000 boekdele en studieruimte vir 150 persone. Tans het die gebou studieruimte vir ongeveer 1 200 persone en beskik dit oor 'n kapasiteit om 600 000 boekdele te huisves. Die huidige versameling bestaan uit ongeveer 350 000 boekdele.

Die gebou bestaan uit 'n kelder, die grondvlak en drie verdiepings. In die kelder word druk- en bindery gehuisves en materiaal geberg wat min gebruik word. Die grondvlak en die eerste twee verdiepings word beslaan deur biblioteekruimte wat vir gebruikers toeganklik is. Die derde verdieping bestaan uit lesinglokale. Wanneer dit nodig is, kan hierdie verdieping vir verdere uitbreiding van die Biblioteek gebruik word.

Om gerieflike studiefasiliteite vir gebruikers te voorsien, is die versameling so gerangskik dat die uitleenversameling en naslaanwerke vir elke vakgebied naasmekaar staan en dat verskillende leeskamers vir verwante vakgroepe gevorm word.




**DIT is my tweede aflewering van my siening van sake op die Puk. Die vorige Reflektor mnr. Ben du Toit het sy dienstydperk voltooi. Ons dank aan hom vir sy siening en sy mening.**

My aster by die kafeteria het toe weer daar opgedaag. Met die naderende winter het sy te pragtig gelyk in haar lang romp en rooi trui. Sy en haar vriendinne het in die kafeteria plaasgeneem, elk met 'n koppie koffie. Ek sit toe nader om te hoor wat sy en haar maters oor gesels. Tot my verbasing gesels hulle oor gesag en die invloed daarvan op die studente. (Darem bly die dames kan oor iets anders gesels as klere, mans, grimmering, ens.) Hulle, dit is nou my kafeteria-aster en haar koffiegenote, begin toe om die gesag hier plaaslik te ontrafel (arme gesag).

Dit is net hier waar soveel van ons foute maak. Gesag is van God en werk in 'n vertikale lyn van bo na onder. Hoeveel van ons glo dit andersom, met opmerkings soos: „Wie's hy, hy sal my tog nie skors nie", „wie's die HK-lid, as hy nou met my raas, dan stem ons nie weer vir hom nie, die Studenteraad beteken tog niks, ek doen tog wat ek wil".

So gaan dit, so word lawaai oor lang hare, oor kleredrag, oor ontspanning, oor dit of dat.

Nou is dit so Pukke, dat as jy nie van die reëls of die gesag hier hou nie, is jy vry om hierdie plek te verlaat of om te buig en jou mond te hou. Maar moenie sekere mense en gesagsliggame afkraak met die muisagtige bravado nie. As 'n HK-lid konserwatief konsekwent die reëls uitvoer en sorg dra dat dit gedoen word, dan is hy 'n uitstaande leier. 'n Leier is nie altyd die lekker toe-oog-reëls-kêrel nie.

Daarom my aster by die kafeteria, jy weet mos van beter, jy ken mos die gesagsbeskouing van die Puk, waarom opstandig, jy kan geen jota of tittel daarvan verander nie, en bowendien is dit nie so erg nie. 52—0 is veel erger!

Reflektor.

# *Het u gekanselleer?*

**MNR. G. P. SCHOEMAN, registrateur (Akademies) vestig studente se aandag daarop dat hulle skriftelik moet kennis gee indien hulle kursus staak.**

Klasgelde sal dan pro rata bereken word, die akademiese jaar op ongeveer 9 maande bereken. Indien persone nie skriftelike kennis gee nie kan dít gebeur dat die persone moet betaal vir klasse wat nie bygewoon is nie.

Die huisvader moet ook skriftelik in kennis gestel word indien koshuise verlaat word. Ook hier sal die losiesgeld pro rata bereken word. Hier is daar egter 'n bykomstige bepaling naamlik dat by die versuim van verlating, kan 'n boete opgelê word benewens gewone gelde wat betaal moet word. Die rede is hiervoor dat daar die koste voorberei word vir te veel persone, asook ander administratiewe ongerief.

Hierdie reël word nie so streng toegepas in verdienstelike gevalle van siekte of besering nie.

## Pluimbal hou nog mooi

DIE Puk se tweede pluimbalspan het verlede Donderdag hul segetog voortgesit toe hulle Western Reefs met 12—9 geklop het. Die span is op die oomblik nog onoorwonne in die Wes-Transvaalse D-liga.

Die eerste span wat in die B-liga speel, het op dieselfde dag hul eerste neerlaag gely. Weermag het hulle met 12—4 geklop.

## Voortrekkery

OP die onlangse Provinsiale Voortrekkerkongres gehou vanaf 28 tot 31 Maart te Pretoria, is daar deeglik kennis geneem van die Jukskei Staatmakers.

Te midde van baie probleme is ons die Donderdagmiddag na klas na Pretoria waar ons ywerig aan die besprekings deelgeneem het. Na afloop van die aand se verrigtinge het ons en die Staties van Tuks werk gemaak van die spreekwoordelike „twee koppe is beter as een."

Om een vm. is daar uiteindelik eenstemmingheid bereik en kon ons Pukke Potchwaarts keer om te „rus" vir dit wat nog voorgelê het. Vrydagmiddag net na klas het ons Kombi sy neus in die nou al bekende rigting geswaai en was ons net betyds om die beskrywingspunt, deur ons ingestuur, in te lei.

Saterdag is die „langslewenvroeg bed toe — gelukkig dié keer in Pretoria. Deur die verloop van die besprekings Saterdg is die „langslewendes" wakkergeskud deur die insig van die jeug, sodat daar aan die einde van die kongres spesiale vermelding gemaak is van die aandeel van die Staatmakers in die Kongres en ook 'n mosie van volle vertroue in hulle werksaamhede gestel.

Staties bo!

## MATIE S.R. KOM KUIER

MAANDAG 1 April het die Studenteraad van die Stellenboschse Universiteit die Puk se Studenteraad besoek tydens hulle skakeltoer.

Die sake wat die meeste aandag geniet het was die verskillende verkiesingstelsels, so ook Karnaval. Dit is interessant dat Maties die dertien kandidate wat die meeste stemme op hulle trek op die Studenteraad dien. Die verskil tussen die verkiesingstelsel van die Puk en Maties kom daarop neer dat die Puk se Studenteraad 'n belangebeharting Studenteraad is en nie 'n verteenwoordigende Studenteraad is soos Maties nie.

Volgens Studenteraadslede was dit 'n baie leersame en interessante skakeling. Die samesprekings is op 'n gesellige wyse met 'n onthaal afgesluit.

Die Maties se Studenteraad het ook die Witsies en Tukkies se Studenterade besoek.

# INTREEREDE

**DIE geskiedenis is dít wat deur die historikus as skeppende kunstenaar tot stand gebring word, het prof. G. N. van den Bergh in sy intreerede op Vrydagaand 19 April gesê.**

Volgens prof. Van den Bergh het die historikus 'n dubbele taak: Hy moet die verlede ontdek en dit op 'n wetenskaplike wyse weergee. Sy menslike swakhede dra egter daartoe by dat hy slegs 'n „vergruisde" beeld van die verlede kan bekom.

Omdat elke historikus sy eie siening van die geskiedenis het, kan daar 'n groot verskeidenheid vertolkings ontstaan. Dit staan bekend as relatiwiteit van die geskiedbeskouing. Relatiwiteit moet so ver as moontlik bekamp word deur objektiwiteit en kennis van die oorsake daarvan.

Prof. Van den Bergh stel as vernaamste oorsaak van relatiwiteit ons onvolmaakte en onvolledige kennis van die verlede. Ander oorsake is die historikus se persoonlike keuse van onderwerp en stof. Die skrywe van die werk self gee ook aanleiding tot relatiwiteit, omdat ingewikkelde gebeure vereenvoudig moet word ter wille van verstaanbaarheid.

Die voordele van relatiwiteit lê daarin dat dit van geskiedenis 'n lewende en polsende dissipline maak.

Die probleme van die historikus is menigvuldig: Hy is eerstens aan sy eie lewens- en wêreldbeskouing gebonde, waardeur sy geskiedvertolking dan ook gekleur word. Verder het hy ook 'n taak ten opsigte van sy eie tyd en gemeenskap; hy moet die verlede in 'n moderne en verstaanbare idioom weergee.

Volgens prof. Van den Bergh is die groot getalle werke oor die sedelike lewe van historiese persoonlikhede nie in die eerste plek wetenskaplik verantwoord nie, maar kan dit slegs beskou word as weerspieëlings van ons eie tyd se beheptheid met seks.

Prof. Van den Bergh het sy rede in die Konservatoriumsaal voor 'n groot aantal toehoorders gelewer.

## Pasteibakke

MET die afgelope damesaand het ongeveer sestien pasteibakke verdwyn, waaronder vuurvaste bakke en vlekvrye staalbakke, wat alles heelwat kos. Die geld wat hiervoor geskuld word, word van mej. Jerling verwag. Daarby lei ons af, het sy nog verskeie ander finansiële probleme begin kry, sonder haar eie toedoen. Die owerheid doen 'n beroep op die Puk-studente om mej. Jerling te kontak, terwyl sy nog op die Puk is, indien u enigiets weet van die pasteibakke.

Mej. Jerling sê dat sy die paar jaar op die Puk baie geniet het en is oortuig daarvan dat sy gestudeer het aan die puikste Wes-Transvaalse Universiteit in die land. Sy het heelwat oorspronkilke idees omtrent sake soos ontspanning op die Puk, maar dit sal sy nou, weens haar huidige posisie, nie tot uitvoer kan bring nie. Sy sê dat sy baie jammer is omdat sy nie verder kan studeer nie. Mej. Jerling was 'n U.O.D.-student, maar sy proef nie eens op die oomblik nie, aangesien sy besef dat sy sonder twyfel sal moet gaan werk om haar skulde te betaal.

Die vertrek van mej. Wille-

* Vervolg op bladsy 6

Die Spaanse Voorkoms!

Rompe met sorgvrye Spaanse voorkoms is hier! 'n Vol onderromp met drie valle beklemtoon die drievoudige swier! Maak gou — wees in die mode!




Fancy That!

TRUSTBANK - DEURLOOP POTCHEFSTROO

DIE KLEIN WINKELTJIE IN DIE HOEK

# DRAKENSBERGE OORWIN

**DRIE-EN-TWINTIG lede van die Montinum Bergklimklub het die afgelope April-vakansie 'n moeilike roete van 95 km oor die Drakensberge aangepak. Die klimtog van Mont-aux-Sources tot by Cathedral Peak was in ses dae voltooi.**

Persoonlike uithouvermoë en fiksheid is tot op die uiterste beproef. Vir nuwe lede was die toer aanvanklik 'n nagmerrie.

Die toer het op Donderdag 6 April begin. Onkundigheid ten opsigte van rugsakverpakking, wat tot 27 kg geweeg het, het die vordering op die eerste dag vertraag. Net 11 kilometer kon die eerste dag afgelê word. Binne twee dae het die stappers egter hul voete gevind.

Die tweede dag moes 'n skof van 20 kilometer afgelê word om die toeristehut op die eskarp te bereik. Weens 'n hewige sneeuval was die kettingleer opgetrek en moes 'n helling van 70 grade uitgeklim word. Hierdie klimtog van 300 tree het drie uur geduur. Asemhalingsprobleme weens die dun lugdruk het die vordering teen 'n slakkepas laat geskied.

Die stappers het op die derde dag 'n afstand van 30 km afgelê. Dit was die mees moordende en oninteressantste deel van die toer. Die groen veld was eentonig en sonder bome. Op 'n baie ongelyke terrein het die moeë stappers die aand tent opgeslaan.

Die volgende dag het die elemente die stappers geteister. Reën, ysreën, mis en sneeu het die stappers se vordering bemoeilik. Middagete was in diep sneeu onder gehawende sambrele genuttig... Digte mis in die laataand het veroorsaak dat die beplande afstand nie afgelê kon word nie. 'n Hewige ysreënstorm het die sopnat stappers mismoedig laat gaan slaap.

Die vyfde dag was die avontuurlikste en sal die langste deur die stappers onthou word. In stikdonkerte en digte mis moes 'n helling van 65 grade afgeklouter word. 'n Kosblik wat losgeraak het, het die stappers gewaarsku dat daar 'n afgrond naby was. 'n Los rugsak het ook klippe aan die rol gesit. Sommige van die stappers was getref en vir hul lewe aan graspolle vasklou. Sonder enige verdere voorvalle was die slaapplek, 'n oorhangende grot, met groot gejuig betrek.

Die sesde en laaste dag was met die aftog na die voet van Cathedral Peak begin. Briekbriek met tone wat seer in die stewels vaskop en knieë wat letterlik waterig word, het die moed van die stappers begin daal. Met die eindpunt in sig moes weer eens 'n helling van 70 grade afgeklouter word. Vir sommige was dit breekpunt. Soms wou die bene nie meer verder nie, en moes daar gepaai word. Seer en styf het van die stappers uit desperaatheid die laaste paar treë gehardloop.

'n Koue bier in dorstige kele het die toer op 'n gepaste wyse afgesluit.

Die toer was in alle opsigte 'n sukses. Met Krummel se kragpap as dryfkrag, het die stappers pligsgetrou in Bingo Kruger se voetspore gevolg. 'n Eenheidsgees wat gou onder die stappers ontstaan het, het telkens die stappers se aandag van hul ellende afgelei.

Gelukkig het die groep ook nooit verdwaal nie. Met ervare bergklimmers soos Bingo, Oubaas en Danie in die groep kon die stappers net mekaar se hakke volg.

Die dames verdien ook 'n pluimpie. Om oor sulke ruwe terrein rond te klouter, het van murg in die bloed getuig. Meer dames kan sulke toere onderneem. Vir die baie wat dit nodig het, sal so 'n uitstappie die onnodige vetrolletjies wegsmelt.



Beurend die steiltes uit met rugsakke wat die knieë knak.



Drie van die kunstenaars wat tydens Babara Ray (heel links) se optrede in die Totiussaal opgetree het. Elsa Havenga (middel) en die kleine juffrou Jones se puik sang het die gehoor in 'n regte stemming vir die hoofvertoning gebring.


**Johan Malan (Edms.) Bpk.**

**VUURMAAKHOUT**

OWENLAAN 2

en

GOEDERE ERF,

Potchefstroom Stasie.

TELEFOON 5371.

ONS LEWER AF

Posbus 69,

POTCHEFSTROOM.

—ST


# Vere maak die voël

**DIE VERE maak beslis die voël. Dit is die slotsom waartoe seker al die toeskouers tydens die Kleevolgens-jou-postuur-parade gekom het.**

Die parade is geopen deur 'n demonstrasie van die mees algemene postuursprobleme by dames. Daarna het elf mannekyne van die Ann Botes Mannekyn- en Afrondingsskool die nuutste modetreffers, waaronder ook twee trourokke, vertoon. Laasgenoemde het heelwat sugte van vervoering by die gehoor ontlok.

Nege Puk-asters het 'n sigbare bewys gelewer dat elke postuurprobleem met die regte kleding oorkom kan word. Mev. Botes het elkeen se probleem afsonderlik bespreek en die gehoor bedag gemaak op die klein bykomstighede wat die besondere probleem juis beklemtoon of verdoesel. 'n Dame met 'n holrug sal haar probleem beklemtoon deur byvoorbeeld 'n rok met 'n ingetrekte middel te dra. 'n Sagte, los rok, daarenteen, sal die holrug heeltemal onopvallend maak.

Die dame met 'n kort bolyf beklemtoon haar probleem deur 'n kort baadjie of 'n oortrektruitjie te dra. 'n Heuplengte baadjie sal baie eleganter vertoon.

Mev. Botes het herhaaldelik gedemonstreer dat noupassende klere die aandag op elke postuurprobleempie v e s t i g. Weinig dames kan dit met sukses dra. Los, vloeiende lyne, aan die ander kant, vlei sowel die skraal as die mollige figuur.

As nagereg het mev. Botes se mannekyne tabberds vir elke geleentheid vertoon. Broekpakke is steeds baie gewild, asook die tradisionele rok-en-jas ensemble. 'n Kaftan langrok is net die ding om die snerpende aandluggie in te trotseer. Die talle frilletjiesbloeses by rompe en langbroekpakke dui daarop dat vroulikheid in die mode nog lank nie aan die uitsterf is nie.

Die trourokke se snit en vleiende moue het veral indruk gemaak. Dit is die skeppings van Bettie en Jannie Nortje van Klerksdorp.

In 'n onderhoud het mev. Botes gesê die roksome is hierdie winter beslis langer. Knielengte uitklokrompe, motorjakkies en baadjiepakke vang al die kalklig in die modetoneel. Woudgroen, bruin en alle skakerings van rooi en blou is die vernaamste modekleure vanjaar. Wat kledingstowwe betref, stap suiwer nuutwol en daardie ou staatmaker, Crimplene, los voor.

Mev. Botes het beklemtoon dat die mode onder geen omstandighede slaafs nagevolg moet word nie. Dit moet eerder 'n uitdaging vir elke dame wees om die mode suksesvol by haar eie postuur te laat aanpas.

Die aksie is deur Oosterhof, in samewerking met die Dameskomitee, aangebied.

★ Vervolg van bladsy 5

mien Jerling uit die Puk-lewe en uit Potchefstroom beteken 'n groot verlies vir een en almal: vir die dosentekorps definitief 'n verlies, as 'n mens dink aan mej. Jerling se besondere vermoëns in die onderwys-rigting, veral waar dit gaan om nie-Blanke onderwys. Mej. Jerling was 'n baie aktiewe student op verskillende gebiede, waaronder Karnavalkomitee, A.O.B.-bestuur, K.V.V.-bestuur, te veel om op te noem.

Klawerhof sal hierdie student se oorspronklikheid op die Huiskomitee baie mis, en die dames van die Puk veral neem met groot spyt kennis van mev. Jerling se besluit. Sy het haar diensbaarheid oor en oor bewys met die geslaagde damesaand. Op 'n vraag waarom sy besluit het om die akademie op te skop vir die beroepslewe, het sy geantwoord: „Is dit nie maar geld wat ons almal dryf nie?" Daarop het ons uitgevind dat mej. Jerling haar akademie moet opsê en gaan werk om groot skulde te delg.

# THREE MUSKETEERS

**KARNAVAL '74 se eerste aksie, naamlik die première van „The Three Musketeers", is die groot voorloper van groot dinge. Dié fliek het oral in Suid-Afrika uitstekende kritiek gekry, en daarom is dit die plig van elke Puk om volgende Donderdagaand (2 Mei) na die 20th Century-teater op te ruk.**

Die film is gebaseer op Alexander Dumas se heerlike avontuurverhaal oor die drie vriende Athos, Aramis en Porthos, en hulle skreeusnaakse helper, D'Artagnan. Charlton Heston speel die rol van die sluwe Kardinaal Richelieu, wie se planne om die koninklike familie te verneder, deur die drie musketiers gefnuik word.

Met name soos Raquel Welch (Mme. Bonancieux), Faye Dunaway (Milady) en Geraldine Chaplin (koningin Anne), is dit duidelik dat hier 'n prent gemaak is in die ou filmmakerstradisie om 'n „galaxy of stars" in te span. D'Artagnan is Michael York, en die drie musketiers is Oliver Reed, Richard Chamberlain en Frank Finlay. Voorwaar indrukwekkend!

Die meeste van ons onthou die storie soos wat ons dit in St. 8 in die vereenvoudigde weergawe gelees het, maar George MacDonald Fraser se puik draaiboek is gebaseer op die oorspronklike Dumas meesterstuk, wat 700 bladsye beslaan. Dit is dus 'n gesofistikeerde komedie in die egte satiriese Dumas tradisie.

Interessant is dat, om die film so realisties moontlik te kry, groot dele geskiet is in Toledo, in Spanje, omdat Toledo vandag nog 'n baie goeie weergawe van die 17e eeuse Parys is! Mense in daardie dae het selde gebad, die strate was vuil en misdaad het hoogty gevier. Al hierdie dinge is meesterlik uitgebeeld, en as 'n mens in ag neem dat die ganse verfilming net een jaar geduur het, is dit des te meer 'n pluimpie vir Regisseur Alexander Salkind.

Al die aksie en mengsel van romanse, satire, hartseer en realisme word briljant onderskryf deur die musiek van Michel Legrand.

Die première is 'n formele geleentheid, en kaartjies, R1,00 en 50c-plekke, is van Maandag 30 April af beskikbaar by die S.R.-kantoor. Aangesien daar nou reeds oraloor sprake is van geesvang vir Karnaval, word daar verwag dat hierdie 'n goed bygewoonde aksie gaan word, met 'n tipiese Puksprankel! Kom, ons sien mekaar almal daar...


**GELUK IS . . .**



'n

GESKENK

van

TALITA

TROUSSEAU

BOUTIQUE

TEL. 7303 SANTAM-DEURLOOP.

# sport

## Gimnastiek kry spoed, hoogte

**MET die Gimnastiekklub se eerste vertoning vanjaar tydens die amptelike opening van die Fanie du Toit-sportterrein op 23 Maart, was dit reeds duidelik dat daar nuwe fut in die Puk-gimnaste is.**

Volgens die klub se nuwe afrigter, mnr. Koos de Wet, kan gimnastiek binne die volgende twee jaar van die voorste sportsoorte op die Puk word. Hy sê dat die gimnaste se vordering „fenomenaal" is.

Hoewel die gimnastiekapparaat van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde nie op standaard is wat betref die Departement se aard en omvang nie, meen mnr. De Wet, 'n voormalige Springbok-gimnastiekafrigter, dat die klub vanjaar besonder goed in kompetisies behoort te vaar.

Met die oog op 'n toer deur Rhodesië tydens die wintervakansie vanjaar, word daar op die oomblik egter op vertoongimnastiek gekonsentreer.

Die toer sal uit 22 optredes bestaan. Dit sluit vertonings in vir die Rhodesiese Lugmag by Kariba en vir die Rhodesiese en Suid-Afrikaanse magte by die Victoria-waterval.

Die klub sal ook drie vertonings vir televisie-uitsendings lewer en agt afrigtingskursusse hou waar basiese beginsels en hulpverlening aan Rhodesiese gimnastiekafrigters gedemonstreer sal word.

Die doel van die toer is hoofsaaklik fondsinsameling, maar sal terselfdertyd dien as proefskool vir 'n moontlike oorsese toer.

Wat kompetisiegimnastiek betref, sal daar ná die toer op dié faset gekonsentreer word. Die klub sal vanjaar deelneem aan die Wes-Transvaalse Ope Kampioenskappe in Augustus en die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe in September.

Tydens Intervarsity sal die gimnaste ook teen hul Kovsie-opponente in Bloemfontein meeding. Mnr. De Wet hoop om nog individuele reëlings te tref vir kompetisies met ander universiteite.

## Gholfspelers pak mekaar

DIE Puk se gholfkampioenskappe word môre op die baan van die Potchefstroomse buiteklub beslis.

Nick Louw, die huidige kampioen, sal met sy allerbeste vorendag moet kom indien hy sy titel wil behou. Sy vernaamste teenstaanders is Eric Lourens en Robert Schoeman. Schoeman was in 1969, 1970 en 1971 die klubkampioen.

In die B-afdeling sal Fred Hoogendyk waarskynlik die titel inpalm. Verlede jaar se wenner van die afdeling, Charl du Plessis, is op die oomblik in die hospitaal.

Die spelers sal ook meeding in 'n C- en D-afdeling. Hier is die mededinging egter van so 'n aard dat enige iemand met die louere kan wegstap.

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*

**DIE KINGS HOTEL**

KONDIG MET GENOEË AAN DAT HULLE NOU ONDER NUWE BESTUUR IS.

—★—

ONS BIED:

- Copper Rail Restaurant en Dameskroeg
- Studentekroeg
- A la Carte Restaurant
- Musiek deur die 'Quicksands' van Johannesburg

ONS IS TEN VOLLE GELISENSIEER

—ST

# PUKKE NOG BABALAAS NA SPORTFEES. . .

**NÁ DIE PUKKE se wegholoorwinning in hul eerste rugbywedstryd van die seisoen teen Allanridge, het die vyftien kêrels gedink dat hulle groot fees gaan vier met die inwyding van die Fanie du Toit-sportterrein op 23 Maart. Hulle het ook. Maar die S.A.U.-uitnodigingspan se skop van 32—20 was te kwaai vir hulle. Sedertdien kon hulle nie weer hul voete behoorlik vind nie. 'n Week later het Rustenburg hulle met 19—18 geknou.**

Met die span se toer gedurende die Paasnaweek deur Natal, het die teëspoed hulle ook gery. Die eerste wedstryd het hulle die Saterdag naelskraap met 19—16 teen die Natalse Universiteit in Durban gewen. Paasmaandag het Tommy Bedford en sy manne van Durban Collegians die Pukke lelik gepootjie in hulle tweede en laaste wedstryd en hulle teruggestuur huis toe met 'n yslike neerlaag van 52—0.

Ná die hoë noot waarop die Pukke verlede seisoen afgesluit het, is hierdie reeks neerlae en swak vertonings so vroeg in die seisoen seker die laaste wat enige Puk-ondersteuner verwag het.

Met die vorige pragseisoen agter die rug, bykans dieselfde span as verlede jaar en ook die rugbyklub se beoogde oorsese toer aan die einde van die jaar, sou 'n mens reken dat daar vanjaar geen keer aan die Pukke sou wees nie en dat 'n neerlaag absoluut 'n uitsondering sou wees.

Tot dusver hierdie seisoen was dit egter glad nie die geval nie. Trouens, die teendeel is eerder waar. 'n Mens kan maar net hoop dat die sportfees se gevolge nou uit die manne se lywe uit is en dat ons van nou af gaan sien hoe 'n ware kampioenspan pragtige wenrugby speel.





Twee rugbymanne op wie daar vanjaar 'n groot taak wag, is mnr. Johan Claassen (links) en James Stoffberg (bo). As die Pukke se nuwe kaptein sal Stoffberg moet sorg dat sy span nie vanjaar hul bekende afrigter se naam skade aandoen nie. Mnr. Claassen is die man wat die Pukke uit hul huidige swak posisie sal moet red.



Die nuwe Fanie du Toit-sportterrein is iets waaroor besoekers nie uitgepraat kan raak as hulle dit vir die eerste keer sien nie. Hier beraadslaag die twee hoofindoenas van die Sportinstituut, mnr. Piet Brand (links) en mnr. Piet Brand, die sportdirekteur, tydens 'n geselligheid met die amptelike opening van die terrein.

## ...Maar oom Johan se swart koffie begin help

**DIT is nie net die Puk-ondersteuners wat begin raad-op raak het oor hul span se reeks neerlae en swak vertonings nie, afrigter Johan Claassen se naels was ook al stomp gekou uit skone radeloosheid.**

Maar toe kom die beroemde afrigter verlede week met 'n skokkende, maar skitterende idee: „As julle Saterdag teen Strathvaal verloor, kan julle maar die oorsese toer op julle maag skrywe..."

Gemeet aan hul oorwinning van 24—13 het die Pukke se nuwe kaptein, James Stoffberg, en sy veertien man hierdie waarskuwing deeglik ter harte geneem. Maar op grond van hul patroonlose spel kan nie dieselfde gesê word nie.

Van die begin af het dit sukkel gegaan en dit het gelyk of daar nog 'n pak slae op die Pukke wag. Strathvaal het die wedstryd selfs tot ná halftyd gedikteer voordat James-hulle uiteindelik die oorhand kon kry.

Vroeg in die wedstryd het Paul du Rand, Strathvaal se heelagter, met 'n strafskop geslaag om sy span 3—0 te laat voorloop. Maar die telbord het skaars gaan stilstaan, toe maak heelagter Willie de Bruin die telling gelykop met 'n strafdoel.

Hierna het Japie Britz, haker van Strathvaal, gaan druk. Du Rand kon nie met die vervyfskop slaag nie.

Willie de Bruin het die laaste punte van die eerste helfte aangeteken met 'n strafdoel vir die Pukke. Dit het die rustydtelling op 7—6 in Strathvaal se guns te staan gebring.

Toe daar ná rustyd mettertyd meer patroon in die studente se spel gekom het, was dit skrumskakel Theuns van Rensburg wat oorgegaan het vir 'n drie. De Bruin het met die vervyfskop geslaag. Hierna het hy die Pukke se voorsprong na 15—7 opgejaag met 'n strafskop.

Die Geeltruie wou net begin slap lê, toe bars skrumskakel Ivan du Plooy oor hul doellyn vir 'n drie. Du Rand het weer vervyf en Strathvaal se agterstand na 13—15 laat krimp.

Eric le Roux, wat uitstekende kantmanspel gelewer het, het egter Strathvaal se hertoetrede tot die wedstryd gestuit me 'n mooi drie. De Bruin se voet was weer in die kol. Oomblikke voor die einde het losskakel Schalk van der Merwe die doodskis finaal met 'n skepskop toegespyker. Die eindtelling was 24—13.

Vroeër die middag het die P.U. o.20 B-span hul Strathvaal-opponente met 20—17 geklop. Die Puk se derde span onder leiding van Jim van Rensburg, wat deesdae haker speel, het Strathvaal III met 29—18 getroef.

## *Pikkewyn, Marleen onttroon Elmo, Rihetta*

**DIE grootste verrassing op die Puk se tenniskampioenskappe wat op 30 Maart ten einde geloop het, was Rihetta van Heerden, verlede jaar se enkelkampioene, se neerlaag in die halfeindronde teen Annemarie Slabbert.**

In die eindstryd het Slabbert egter teenspoed gekry. Marleen Lombaard het haar met puik tennis onder die net ingespeel om die damesenkelspeltitel te buit.

Pikkewyn Malan het ook redelik maklik met Elmo Ferreira, die gewese kampioen, afgereken. Die telling was 7—5, 6—4. Malan was die gunsteling om die titel te wen.

Ferreira en Pieter Campher was die enigste wat hul titel kon behou deur vir Fanie Campher en Derek Botha in die eindstryd om die mansdubbelspeltitel te klop.

In die damesdubbelspel is daar ook nuwe kampioene gekroon. Hulle is Mades van Deventer en Rienie van Rensburg wat vir Marleen Lombaard en Rihetta van Heerden van hul titel beroof het.



PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(Edms.) Bpk.
Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXIX VRYDAG 3 MEI 1974 Nr. 6

CACHET APTEEK
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# EKONOMIESE WEERBAARHEID

**EKONOMIESE weerbaarheid as begrip, beteken dat 'n land se ekonomie so sterk moet wees, dat daar polities geen nadeel vir dié land mag wees as gevolg van enige druk nie, het mnr. Jan de Necker, voorsitter van Rand-bank, tydens die gradeplegtigheid van die Universiteit, gesê.**

In die praktyk het ekonomiese weerbaarheid 'n paar implikasies: stygende lewensstandaarde en in diensneming sal mee tred gehou moet word; dit sal op sy beurt saamval met tuislandontwikkeling en desentralisasie van die nywerhede; Suid-Afrika sal meer uitgebreide verdedigingskoste moet dra en gedurig in gedagte hou in welke mate ons integreer met die buiteland.

In die wisselvallige tyd is dit van die grootste belang vir die blanke bevolking om ekonomiese weerbaarheid te besluit en juis daarom word aan jong Suid-Afrika geesteswerbaarheid geleer; dit en ekonomiese weerbaarheid gaan immers hand aan hand. Ons moet aan almal die kans gee om produktief en gelukkig hulself uit te leef.

Daar moet egter altyd in gedagte gehou word, dat rykdom net 'n middel tot 'n doel mag wees: die doel om die mens en die volk te dien en weerbaar te maak op alle terreine.

Doelgerigte verbreking van die huidige ekonomiese orde en die kapitalistiese stelsel, word ooglopend waargeneem in die bewyste feit van staatsindringing in die ekonomie, wat steeds toeneem.

Al wil mense dit nie verstaan nie, is dit 'n baie groot en wesentlike gevaar. Die staat se werk in die ekonomie is belangrik, maar as die individu se eie denke en ondernemingsgees aangetas word, is dit 'n gevaar vir die ekonomiese stelsel. Ons kan dit teëwerk deur ekonomies meer selfstandig te wees en nie so maklik by die Staat hulp te vra nie. Ons moet dus altyd 'n gesonde ekonomiese stelsel probeer behou.



Betsie Pretorius en Fika Janse van Rensburg ontvang die Raadsmedaljes van die voorsitter van die Raad, ds. A. A. Venter. (Foto: Fotokuns.)

Alhoewel ons 'n tydperk van bloei in die ekonomie beleef, moet ons realisties bly en ons staal vir môre se uitdagings. Die owerheid het ook probleme met betrekking tot môre.

'n Sterk ekonomie is die basis waarop hulle veiligheid rus, en daar sal nog baie meer geld bestee moet word om Suid-Afrika in die toekoms militêr paraat te hou. As die rykste land in Afrika, moet ons kapitaal aan ons vriende beskikbaar stel en terselfdertyd moet ons ons plek in die Weste volstaan.

Dit alles verg 'n baie sterk binnelandse ekonomiese weerbaarheid. Daar moet selfs van

★ Vervolg op bladsy 2



Japie Robbertse, voorsitter van die Regsvereniging. (Foto: Fotokuns.)

## PUKKE IN HOF

OP Vrydag 28 Maart 1974 is 'n Pukstudent, Leon van Rooyen, in 'n snelstrik op die Potch-Johannesburgpad gevang. Nadat hy sy prokureur geskakel het en hom oor die feite ingelig het, het hy 'n kartonplakkaat gemaak met die volgende woorde daarop: „Pasop Spoedlokval voor".

Hy het die waarskuwing op sy motor vasgesit en teruggekeer na 'n sekere posisie daar naby, om sodoende ander verkeer van die lokval in kennis te stel.

Kort daarna is hy weens regsverydeling deur sers. Muller gearresteer.

Kom luister na die Skynhof op 6 April om 7.30 nm. in die Geografiegebou-saal.

*Verdediging:* Advokate
G. Odendaal.
W. von Wiellich.
*Staatsadvokate:* F. Kruger.
J. Coetzee.
*Regter:* Jan Combrink.
*Assessore:* Gerrit Grobler.
Tom Coetzee.

## K A R N A V A L

SIEN BYLAAG



Die vier hoofligure by vanjaar se gradeplegtigheid. Van links na regs staan ds. A. A. Venter, voorsitter van die Raad, sen. O. Horwood, gasspreker, prof. H. J. J. Bingle en die Kanselier, sen. J. de Klerk. (Foto: Fotokuns.)

## 150 Pukke tree op in Promosa

**DIE aand van 18 April het dié koshuise wat eerste en tweede plekke behaal het tydens die Sêrkompetisie verlede kwartaal, 'n opvoering deur middel van PROMPU in Promosa gehou.**

Die Kultuurvereniging van die Kleurlinggemeenskap in Promosa het die Pukke gevra om op te tree. Dit was dan ook die taak van PROMPU om die reëlings te tref van die kant van die Pukke. Hoewel die saal waarin die opvoering gehou is, nie baie groot is nie, het die gehoor die sang geweldig geniet. Een van die Pukke het opgemerk dat die spontaneïteit van die gehoor dit een van die aangenaamste opvoerings gemaak het wat tot dusver nog gehou is. In 'n bedankingswoord aan die Pukke het mnr. Damons, hoof van die Hoërskool Promosa, aan die Kleurlinge gesê dat hulle die mooi voorbeeld wat gestel is, moet navolg en aktief aan die Kultuurvereniging moet deelneem.

PROMPU beoog om vanjaar nog die volgende aan te bied in Promosa indien die nodige samewerking gekry word: Optredes deur Thalia, Alabama, Universiteitskoor, Dramadepartement, Potchefstroomse Simfonie-orkes, Admissiebondkoor en 'n drama wat deur die Kleurlinge self op die planke gebring sal word onder leiding van mnr. Henk Wijbenga van PROMPU.

Omdat die ontspanningsgeleenthede in Promosa uiters karig is, is gevoel om op hierdie wyse van die kant van die P.U.-studente 'n positiewe bydrae te maak tot die kulturele ontwikkeling van die Kleurlinggemeenskap.

## 'n Israel-toer vir studente

AAN die einde van vanjaar gaan mnr. C. J. Vermeulen van die Departement Semitiese Taal aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein op aanvraag van die studente 'n buitegewone studietoer na Israel, Libanon, Griekeland en ander Midde-Oosterse lande onderneem.

Die toer wat onder die direkte leiding van mnr. Vermeulen gaan plaasvind, beloof om van groot waarde te wees vir enige persoon wat in die Bybel of hierdie lande belangstel. Alle reëlings sal deur mnr. Vermeulen, wat meer as twee keer per jaar na Israel en die Midde-Ooste gaan, getref word. Belangstelling vir die toer is reeds groot en ons glo hier is 'n geleentheid wat elke student behoort te oorweeg.

Alle vlugkoste is ingesluit en besigtingstoere vind per luukse bus plaas. Die toergenote gaan tuis in Hotelle, twee per kamer met badgeriewe.

Die toerprys is tans R439 vir die eerste gedeelte. Die addisionele kose sal bereken word volgens die getal belangstellendes wat vir meer as veertien dae kan wegbly.

Vir meer besonderhede skryf gerus aan mnr. C. Vermeulen, Departement Semitiese Tale, Universiteit Oranje-Vrystaat, Bloemfontein 9300.

## Wen twee Toets-kaartjies

SIEN BLADSY 4

Die Bult Apteek / Pharmacy
Noordbrug Apteek (Edms.) Bpk.

★ VIR AL U APTEKERBENODIGDHEDE . . .
. . . ONS KEN U BEHOEFTES

Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.)
Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer (B.Sc.-Far.) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far.) L.A.V. (Besturend).

# ASTER

## Probleem tog nie tragedie

**JA, die eeue oue klagte, wat al hol rug gery is, maar elke dag weer sy verskyning maak. Akneee! Die ellendige karnalie wat nou juis sy verskyning maak.**

Dis só verskriklik onregverdig! Wanneer jy só bitter graag wil mooi lyk, kom 'n swernoot en krap alles om jou om, en jouself ook. Selfvertroue het jy nou sò nodig soos tien, om indruk te maak op jou „na-vakansie" — sleep en nou kom die onwelkome gas haar tuis maak op jou gesig.

Kom ons help met 'n paar nuttige wenke, om Karnaval en die gepaardgaande aksies nie sò duister te laat lyk nie.

### BEHANDELING

Die allerbelangrikste reël is om die vel skoon-skoon-skoon te hou deur die aangetaste dele minstens 3 tot meer keer 'n dag met 'n sagte seep te was. As jy swartkoppies het, kan jy met seepskuim in sirkelbewegings en 'n sagte gesigsborseltjie dit masseer. Vir puisies is skoongewaste hande, en seepskuim die beste. Gooi al jou waslappe weg en gebruik liewer elke keer 'n skoon gesigshanddoek.

Hou alles wat met jou vel in aanraking kom pynlik netjies en skoon.

### GRIMERING

Vermy velgrimering as jy strawwe aknee het. 'n Vlees kleurige dekroom kan 'n tweërlei doel dien, dit steek puisies weg, en laat jou meer op jou gemak voel.

As jy moet ligloop vir velgrimering, kan jy nogtans uithang met opwindende ooggrimering, en die allervleiendste kapsel ooit.

### SON

'n Bietjie son is goed vir 'n akneevel, omdat dit op 'n goudbruinvel ook minder opsigtelik is. Maar asb., onthou son opsigself kan nie genees nie, as jy lê en sweet terwyl jy brand, kan jy die toestand net vererger.

### DIEET

Dieët speel 'n belangrike rol in die verkryging van 'n gesonde vel. Gereelde gebalanseerde maaltye, baie water bly maar steeds die oplossing. Hoë-protiëndieeet is noodsaaklik, terwyl vit. C (in sitrusvrugte), vit. A (in geel en groen vrugte- en groente), vit B2 (in lewer en niertjies), ook nie afgeskeep moet word nie. Die gewone storie, vergeet dat daar iets soos sjokolade, lekkers, koeldrank en julle-weet-wat nog-alles, bestaan.

### DAARDIE HANDE

Los! Moenie druk nie Dis 'n vreeslike versoeking, maar dit mag nie. 'n Gevattery en 'n gedruk veroorsaak 'n gekneusde vel wat moeiliker genees en by dit alles letsels laat.

As dit 'n gewoonte word, soek iets om daardie hande vrugbaar besig te hou, solank jou twee pootjies net tuis- weg van jou gesig bly

### ONTHOU

Sodra jou vel begin beter vertoon, moenie nou laat slap lê nie. Dit is noodsaaklik om te bly waak, en kort voor lank spog jy met 'n mooi skoon vel.




## GEE TERUG!

**'N DAME in 'n manskoshuissitkamer.**

„Juffrou", beleefd, (sy moet tog nie dink dat dit 'n spul onbeskofte mans op die plaas is nie) wat wou u nou eintlik hier kom doen?"

Stilte.

„Kyk, juffrou, ons weet jy vind ons geselskap aantreklik en amusant, daarom wil ons ook aan jou gasvryheid toon".

„Bring daai politoer!" Bars, bulderend.

En nog sê sy niks.

Die manlike skoonheidsdeskundiges bring die nuwe gesigsroom aan met die streling van sy vingers soos net 'n kenner — wie se kennersoog altyd 'n dame tussen 1 en 10 klassifiseer — dit kan doen. Voorwaar besig om 'n skoonheidskoningin die lig te laat sien — van daardie wat te beskeie is om deel te neem.

En nog sê sy niks.

Vriendelike ouens, ons. Sit heerlik oor 'n koppie koffie 'n intelligente gesprek en voer met 'n skoonheid:

„Waaraan sou u sê kan ons die primêre faktore toeskryf wat aanleiding gee tot die probleme van die verskillende sektore in ons samelewing, wat natuurlik onderverdeel is in hoofafdelings en seksies? U kan byvoorbeeld die seksie: geslag belig; en hoe sou u nou die fenomenale ontwikkeling van 'n kernsituasie, buite die konteks, in 'n probleemstelling gedurende 'n kontekstuele vraagstuk benader?"

Te beskeie om te antwoord. Gelukkig darem al 'n glimlag.

'n Ou kom ingewaai — steek vas: „Haai ouens, dink julle die rektor sal ons hierdie keer oorsien?"

Grote oë.

Kom ons maak soos verlede jaar: sluit haar in kettings en gooi haar in die Donker Gat.

„Nee gaats, ons sal seker darem eers die vlermuise en vlooie daar uit moet haal" Sien darem om na haar welstand ook. Gawe ouens, ons.

„Voor ons haar toesluit moet sy darem eers gereinig word. Skoon koshuis, ons — skoon inwoners ook.

Die lippe die bewe.

„Mag ons dalk onderhandel", piep 'n bang fyn stemmetjie van die deur se kant af".

„Sekerlik, juffrou — kom sit hier by ons". Joviale ouens, ons.

„Gee net ons goed terug, dan kan julle maar loop."

## AANDAG

DAMES, soos julle seker nou al deeglik van bewus moet wees, is dat hierdie deur en deur julle eie blad is, daarom is almal wat skrywerstalent het, welkom om dit in werking vir Aster te stel. Ook enige griewe en mooi gedagtes is baie welkom. Adresseer dit aan Aster en gooi dit in die Wapad-bussie.

## EENSAAMMEISIE JY?

JY sê jy is eensaam.

Jy is een van 'n groot massa dames en jy beskou jouself as die geringste. Jy is nie bedeeld met skoonheid nie. Jy het nie die vermoë om ooit 'n leiersposisie op die kampus of in die koshuis te beklee nie. Jou akademiese prestasies sal ook nooit die aandag trek nie. Jy is doodgewoon.

Saans tydens sleeptye, sit jy in jou kamer onder die voorwendsel dat jy werk. Jy het vriendinne, maar iemand besonders ontbreek.

Jy sien die ryp kleure van die herfs. Die stil son-dae lok jou na buite. Vanuit jou kamervenster kan jy elke aand die dag sien verdwyn in dieselfde ryk kleure as die herfs. Jy praat met jou kamermaat oor dié skoonheid, maar in jou hart ervaar jy 'n eensaamheid, omdat daar nie iemand besonders is met wie jy dit kan deel nie.

En jy dink oor dit alles en jy besef: niemand sal my mis as ek weg is nie. My lewe is betekenisloos. Die eensaamheid in jou hart groei dan tot 'n vernietigende verskynsel wat ook dit verteer wat nog jy was.

Eensaamheid is 'n verskynsel so oud soos die berge. Dit kan elke tipe persoon raak: iemand kan selfs eensaam wees wanneer die aandag van almal op hom gevestig is.

Maar jy is meer bestem vir eensaamheid — so dink jy, omdat jy so dikwels alleen is. Dit is juis jy wat hierdie eensaamheid vir jouself in 'n kosbare skat kan omskep. Hoe is dit moontlik?

Gaan sit iewers alleen en begin dink. Lei jou gedagtes so dat jy spesifiek oor jouself dink. Jy sien dinge van jouself raak as jy so sit en dink: Ek is verskriklik doodgewoon — ek aanvaar dit nou.

Daar is tog baie dinge in myself wat anders is as by ander — ek gaan dit ontwikkel.

My lewe is betekenisloos, omdat ek my Skepper vergeet het. Vergewe my! Laat U wil in my lewe geskied!

Jy gaan voort met die lewe. Die omstandighede is nog dieselfde, maar tog is dit anders. Daar is nie meer 'n eensame kol in jou hart nie, maar 'n groot, warm vrede vul elke hoekie, want:

In selfaanvaarding het jy aanvaarding van ander verkry. Jy sien die probleme van ander raak en jy reik na hulle uit. Elke persoon word vir jou diè besondere persoon met wie jy dinge wat vir jou betekenis het, kan deel.

Om alleen te wees is vir jou kosbaar, want in jou alleenheid voel jy die aanraking van Sy hand en jy wèèt Hy het 'n doel met jou lewe-

Foto: Fotokuns.



## Onthou jy ook nog?

**ONTHOU jy toe jy vir my kom haal het?**

Die dag se son het op die bruin grond en die blink teerpad gerus. Die koelte het tussen die groen dennenaalde wegkruipertjie gespeel, en die katjiepiering het sy wit geur vir die blou lug gegee. Jy het voor my op jou hurke kom sit; my gesig tussen jou hande vasgehou en my op my oë en op die punt van my neus gesoen.

Ons het vér geloop. Die son het deur die akkerblare gekruip en kolle op die sementblokke geverf. Jy het vir my 'n takkie pienk perskerosies in 'n proffie se tuin gepluk. Ek het die son op my arms gevoel en 'n tortel se roep in jou lag gehoor. Later het jy stil geword. Jy het jou baadjie vir my op die kweek oopgegooi. Jou oë was 'n stukkie van die blou bokant ons. Met jou vingers het jy die vorm van my gesig geteken. Jou menswees het in my hart kom lê, jou liefwees in my siel en die teerheid van jou mond het seer in my vingerpunte geklop.

Ek het my oë toegemaak en gebid. Gebid dat ons liefwees 'n rusplek sal wees, dat jy na elke lang dag se vermoeienis in my arms sal kom rus...

Dit het laat geword. Vér teen die horison het die rooi son tussen die bome weggesak en 'n bokmakierie het sy maatjie roep-roep gesoek.

**Onthou jy nog?**

En môre? Môre as die groot klipkerk se koperklok vier keer geslaan het, gaan ek my wit-wit sluier vir oulaas regtrek, en na jou toe kom...

Christa.

## ATIESJOE

**DIE tekens van die tye... AANGEBREEK!**

Soos 'n voldwonge feit moet ek dit aanvaar. Geen keer nie, help nie om te probeer skerm nie, dis hier.

Iemand op pad bult toe? Ja, asseblief, ek het dringend iets nodig. Nee, bring maar liewer 'n dubbele voorraad, weet nie of een dosie oor die naweek gaan hou nie.

Haai, ek hoop nie jy gee om nie, maar terwyl jy uit die kamer was het ek al jou peppermente opgeëet. Nee, ek is nie honger nie, kan die idee van kos nie eens verdra nie!

Jy op pad klas toe? Sê vir die man ek kom nie; nee, sê liewers niks. Of ek iets makeer? Ag man, kan jy dan nie sien nie... atjiesjoeee... ekskuus tog, leen my gou jou sakdoek; ja, dis reg... atiesjoeeee... ek hét verkoue!

Nie net die bome en die vroeë oggendkoue wat die winter aankondig nie — my neus is die grootste weerprofeet!

## Weerbaarheid

* Vervolg bladsy 1

buitelandse fondse gebruik gemaak word om ons ideale na te streef. Ons moet besef dat hoe sterker ons ekonomie, hoe beter kan ons die sanksies teëstaan: ons sal dan nog meer selfstandig kan wees en ook veilige beleggingsmoontlikhede aan eksterne beleggers bied. Hierin lê ook 'n groot gevaar: byna al Suid-Afrika se groot nywerhede word deur buitelandse maatskappye beheer. Ons moet besef in watter groot verknorsing ons kan beland as ons deur bevriende lande verloën word, veral met betrekking tot ons nywerhede. Indien ons ekonomies baie sterk is, sal ons dit kan weerstaan.

Die owerheid volg tans 'n beleid van desentralisasie en tuislandontwikkeling, wat enorme bedrae geld vereis. Die Suid-Afrikaner kan hier help, deur te spaar. Die goue reël hier is, dat vir elke Rand binnelands gespaar, ons 'n Rand minder buitelands kan leen.

Mense sal beter opgelei moet word om 'n gesonde ekonomie te handhaaf. Aan die Universiteit word die mens en sy benadering sowel as sy verantwoordelikheid teenoor alle instansies gevorm en daarom speel die Universiteit een van die belangrikste rolle ter bereiking van ekonomiese weerbaarheid, wat Suid-Afrika sy posisie sal laat behou en versterk.

# FOTOGR...E S...OEG

**FIKSEERDER, „speedwash", stopbad en ag wat nie ook nog mag volg nie! So 'n hoop goed wat jy moet onthou en dit om 'n foto te maak, maar dit is darem „jollie" interessant hoor!**

Dit klink nou wel afgesaag en die naam Fotografiese Vereniging nou wel uit die bose, want as die naam Fotografiese Vereniging genoem word dan word die neuse opgetrek en gevra: „Bestaan die ou spul ook nog?" Maar ons sal spoedig onder 'n ander naam bekend wees, gebruik net 'n bietjie geduld.



„Is julle reg?", vra hierdie fotograaf agter sy kamera. (Foto: Fotokuns.)

Dit klink alles vervelig maar dit is baie interessant om met al die apparaat te speel wat nodig is vir die maak van 'n foto. Al „flop" daar tradisioneel soms 'n foto, film of wat, kom 'n mens tog later reg.

Daar word vir hierdie kwartaal 'n hele paar foto-aande gereël, en bring vir die geleentheid jou eie beker en foto saam. Daar sal dan gesellig saam koffie gedrink word, terwyl die foto's bespreek word.

So in die stilligheid het ons ook al ons aksies gehad en veral was ons braaivleis langs die Mooirivier en ons interfliek, agter op die „lorrie", 'n groot fees!

Een van die mooi dae sien julle ons weer, met kamera oor die skouer, perdevel onder die arm en daar trek ons met dapper en stapper dam toe om foto's te neem, aksiefoto's indien moontlik.

Die slepers is dus dienooreenkomstig gewaarsku.

Die klub gaan o.a. poog om soveel van die Kaap-na-Rio-wedvaart as moontlik op die kamera vas te lê, sodat die Pukke hulself in aksie sal kan sien. Die lede moet ook op hulle tone wees en die res van die Karnaval op film vaslê!

# VICS-STUDENTE KRY ERKENNING

DIE Suid-Afrikaanse Raad vir professionele Ingenieurs het aangekondig dat die B.Sc.-kursusse van die Potchefstroomse Universiteit in Elektrotegniek en Industriële Chemie erken sal word as opleiding van ingenieurs.

Die PUK bied reeds verskeie jare die graad B.Sc. Industriële Chemie aan, terwyl die leerstoel in Elektrotegniek eers vanjaar ingestel is.




**GEAGTE PUKKE, Weet julle hoe mooi kan 'n dame werklik aantrek, weet julle hoe mooi is sy geklee in haar vroeë winteruitrustings?**

Sy staan daar, blakend gesond met die helderste kleure wat die herfs na 'n ashoop laat lyk. Elke man hou daarvan as 'n dame tydgebonde netjies en reg geklee is. So het ek die voorreg om my Kafeteriameisie dag na dag te sien. Sy is werklik bewonderingswaardig.

So gepraat van die bewonderingswaardige skoonheid van 'n dame... Die Puk-kampus is vir my ook 'n dame, 'n dame wat groei en blom in haar skoonheid. Soos elke mens groei na liggaamlike wasdom, so groei die Puk ook; nuwe geboue, meer mense, groter uitbreiding. Die dame is versier met honderde studente wat sy akademies en fisies huisves in een van die vele plekke van ons gasvrou. Sy, ons gasvrou, huisves ons bykans agt maande in 'n jaar.

Ja, en wat doen ons as gaste? Ons laat die spoor van 'n gas na wat later onwelkom word. Dit is die gas wat oor die kampus heen nie 'n flenter omgee vir geboue, tuine, eiendomme en selfs medegaste se eiendomme.

In algemene taal word hierdie verskynsel *vandalisme* genoem. Ek wil graag 'n ander naam vir hulle gee, naamlik: „egoïstiese — vernielsugtige — fanatieke" — miskien 'n bietjie hoog vir die junior studente, daarom kies ek „Ruspes" as naam vir die bogenoemde vandale. Hulle verteer alles wat hulle in die hande kan kry.

Wat is 'n ruspe?

Dit is 'n persoon wat geen pad ken nie — 'n blomtuin, 'n grasperk, 'n waterplas, 'n hoop grond. Nee, alles kan oor en deur geloop word, en as hy 'n motor het, dan ry hy dwarsdeur en bo-oor alles.

Dit is 'n persoon wat geen respek het vir die gasvrou se eiendom nie. Ruite word gebreek, deure word gebreek, geboue word besmeer en bemors. Ken u hulle, sien u hulle?

Dit is 'n persoon wat absoluut die hoogste genoegdoening kry om plakkate en kennisgewings af te skeur, aan die brand te steek, of af te haal vir versamelings en sommer net om die plek te bemors.

Groetnis tot aanstaande week.

Reflektor.

# BSV-TOER GESLAAG

**DIE Biologiese Studentevereniging van die Puk se toer na die Blyderivierspoort die afgelope vakansie was uiters geslaag. Geslaag nie alleen in plantversameling nie maar ook op sosiale gebied.**

Keer maar enige van die dertien toerlede voor en vra hulle, en jy sal verseker word dat dit groots was.

Die toer het plaasgevind, met Johan le Roux as toerleier vanaf 3 tot 12 April, by die F. H. Odendaalkamp digby die Drie Rondawels. Die kampterrein was goedgunstiglik deur mnr. Myburgh teen 'n lae tarief aan die Pukke beskikbaar gestel, aangesien daar nie gewoonlik kampeerders toegelaat word nie. Die lede van die B.S.V. toergroep was toegelaat op voorwaarde dat hulle ontspanningsaktiwiteite reël vir die vakansiegangers, wat ongeveer 500 in getal was.

Braam van Wyk, die voorsitter van die vereniging het die bal aan die rol gesit met 'n praatjie oor Taksomie, aangevul deur 'n filmvertoning. Die georganiseerde sport het groot byval gevind veral die boeresport was 'n reuse sukses, en dit het heel waarskynlik die deurslag gegee dat mnr. Myburgh besluit het om die rekening op te skeur en die hekke van die kamp vir die Pukke oop te gooi.

So tussen die jolligheid is daar monsters veramsel wat teruggebring is Puk toe. Die studente het ongeveer 'n 100 plant species saamgebring en daar is ook grond monsters versamel.

Nie net die kampterrein is ontdek nie, maar ook die omgewing, so is daar bv. die kolkgate en die Strydomtonnel besoek.

Met die afloop van die toer het die B.S.V. besluit om die Blydepoort sy permanente kampeerplek te maak. Alle studente is welkom om hulle by die vereniging te voeg en hulle hoef nie lede te wees om deel te neem nie. Die B.S.V. beoog om heelwat uitstappies in die komende jaar te reël waarby alle studente welkom is.

# Sleeprantsoenering

**Johan Pretorius**

**ASOF dit nie genoeg is dat brandstof sekere tye onverkrygbaar is nie, word Puk-mans nou gerantsoeneer met sleep na 7.30 nm. in die week.**

Alhoewel die reël nog altyd gegeld het dat daar na 7.30 nm. net vir 'n halfuur besoek afgelê kan word by die dameskoshuise, en dan ook net tussen vasgestelde tye, is die reël om praktiese oorwegings buigsaam toegepas.

Die SR stel tans ondersoek in na die moontlikheid om hierdie tye uit te brei. Baie dameskoshuise beskou dit nou as die teken om hierdie reël tot die letter toe te pas, of dit prakties is of nie. Dit maak nie saak hoeveel meriete jou saak het nie, of dit vir akademiese of ander reëlings is nie, jy moet in die vasgestelde tyd besoek aflê, want na halftien moet die kinders in die bed kom.

As 'n baie spesiale toegewing kan die man die dame spreek en dan net vir 10 minute. Ook nie in die sitkamer nie, dit moet in die voorportaal geskied. Nou wonder ek net wat kan nou in die sitkamer gebeur wat nie in die voorportaal sal plaasvind nie — alle Pukke se naam is tog nie Lasarus nie.

Ek dink dat hierdie kinderagtige behandeling 'n klap in die gesig van die mans is. Die volgende stap sal seker uitsluitsel vir oortreders wees. Aangesien sulke besoeke vir noodsaaklike reëlings is en nie altyd vir sleep-doeleindes nie, vra ek vir 'n meer praktiese en volwasse toepassing van die reëling soos in die verlede by sommige koshuise die geval was. Teken bv. vir 'n halfuur uit vir die sitkamer.

Ek dink dat die PUK-mans nou hulle stem moet dik maak — ook op die massavergaderings waar hierdie sake bespreek word. Die Pukke kan sekerlik met hierdie bietjie vryheid vertrou word.

# BAROKMUSIEK



Enkele van die deelnemers aan die baie interessante program van sekulêre vokale musiek uit die Baroktydperk, wat Saterdagaand 4 Mei in die Konservatoriumsaal deur die Collegium Musicum aangebied word. (Foto: Fotokuns.)

KARNAVALHEMPIES

Slegs R2,00

KOOP NOU.

NOU TE KOOP BY DIE S.R.-KANTOOR.

—(S)

DIE SKOENSENTRUM

KERKSTRAAT 151

TEL. 3508.

Vir die beste modes in studente skoen-smake

DIE SKOENSENTRUM

UITSIG ARKADE, DIE BULT.

—ST

die WAPAD

# KARNAVAL '74

*DIE grootste gebeurtenis in 'n akademiese jaar het aangebreek. Karnaval is hier. Dit is 'n unieke Karnaval, met verlede jaar se wêreldrekords nog vars in die geheue, het die Karnavalkomitee self daarin geslaag om 'n rekord op te stel. Dit is voorwaar 'n rekord as in ag geneem word dat dit die derde Karnavalkomitee is wat beplan aan vanjaar se program. Dit is teweeggebring deur die bedankings van mnr. Chris Hattingh wat voorsitter van AOB geword het en toe opgevolg is deur mnr. Braam le Roux, wat weens onvermydelike omstandighede moes bedank. Dit is duidelik dat die huidige voorsitter, mnr. Francois van Wyk, 'n besonder moeilike taak het om die Karnaval slegs in drie maande gereël te kry.*

*Karnaval se sukses hang nie alleen van die voorsitter van die komitee af nie maar ook van elke komiteelid. Die lede van die komitee kan dankbaar wees dat hulle met die beperkte tyd tot hulle beskikking so 'n bekwame man gehad het wat hulle kon lei.*

# GEDRAG

*PUKKE, gedurende Karnaval heers daar altyd 'n gees van vreugde op ons kampus. Laat hierdie gees net nie te ver gedryf word nie. Neem met oorgawe deel aan Karnaval, maar hou binne die reëls. Moenie u beginsels oorboord gooi net om by die tyd aan te pas nie. In die verlede het dit soms gebeur dat tekens van vandalisme gedurende Karnaval voorkom. Onthou net dat as u iets beskadig u in werklikheid iets van uself beskadig.*

*Die heel belangrikste: moenie onbetrokke wees nie. Neem deel aan Karnaval. Karnaval is vir u net wat uself daarvan maak.*

# DAMES DINK VERDER

**GEAGTE REDAKTEUR, — Gedurende die afgelope aantal weke het 'n groep briefskrywers hul menings in die „Wapad" gelug oor die romantiesheid van al dan nie van Puk-mans.**

Dit gaan my verstand te bowe dat iemand hulle met sulke beuselagtighede kan ophou terwyl daar veel ernstiger gebreke onder die mans bestaan.

Dan het Reflektor hom in die verlede onderskei in sy afkraking van die dames. Raak dit nie tyd dat hy sy lens 'n slag op sy medebroeders — en dalk op homself ook — moet rig nie? Is die rubriek nie lank genoeg deur mans gemonopoliseer nie? Hulle het nou lank genoeg tyd gehad om hul eie gebreke dood te swyg en die dames s'n oor te beklemtoon.

Die Puk-mans is oor die algemeen 'n klomp lamsakke wat terugdeins vir die verantwoordelikhede wat leidingname meebring. Egoïsme het hom die meester van hulle gemaak, sodat hulle hul eie gerief en plesier in alle gevalle eerste stel — eerder as om te help uitbou aan die samelewing waarin hulle hul bevind.

Die gevolg hiervan is dat 'n ongesonde hoë persentasie dames in die georganiseerde studentelewe gebruik moet word.

Hoewel ons dames nie die mans wil oorheers nie, besef ons dat 'n laat-maar-loop-beleid nie die aangewese oplossing is nie. Indien die mans dan nie kans sien om hul leierspligte te aanvaar nie, moet ons dames dan maar inspring en red wat daar te redde is.

Ek kry dus die indruk dat ons dames verder as die mans kan dink. Is dit dan nie beter dat ons maar die leiding neem nie. Versiendheid kenmerk tog 'n goeie leier.

Cornelia.

# Uit die Woord

*In die tyd het die Here vir Josua gesê: Maak vir jou klipmesse en besny weer die kinders van Israel vir die tweede keer.*

'n VOLK staan by sy erfenis voor die poorte van sy beloofde land. Maar hy kan dit nie betree nie, want hy is nie toegerus nie. Maar dan kom die opdrag: Besny hulle vir die tweede keer.

Hoekom? Die besnydenis is die teken van die verbond met God. Binne die verbond is die belofte, die toerusting van die volk. Binne die verbond is die helpende, reddende hand van God. Die besnydenis, teken van toerusting: teken van God se nabyheid.

Nou kan die volk sy land betree. Maar nog gaan die heilsgeskiedenis voort. Die land is nog nie die vervulling van die verbond nie, maar baie meer. Nie net 'n deel van hierdie aarde nie, maar die hele aarde, die nuwe aarde.

En die teken: Christus!

Daarin lê die Godsvolk van alle eeue se toerusting: Dit is Christus wat regeer! Dit is God wat ons in Christus aan die hand neem; ons lei en ons deur sy Gees aktief maak en strydend!

Abstrak? Nee, jou gawes, jou talente, jou rykdom, jou wysheid — dit is wat die Heilige Gees aan jou gee. So rus hy jou toe.

— Sodat jy kan werk op alle lewensterreine vir jou Koning.

— Sodat jy nooit lamsakkig hoef te vra nie: Wat beteken die kerk vir my nie; maar ywerig kan sê: Wat beteken ek vir die kerk!

Die kerk staan by sy erfenis.

Hy is toegerus in die gawes en talente van sy lidmate.

Kom ons woeker daarmee!

J. M. Vorster.

## WAPAD-REDAKSIE

Hoofredakteur: **Tiep van Schaik.**

Assistent-hoofredakteur: **Piet Ebersöhn.**

Nuusredakteur: **J. H. Habig** (Thaba Jah).

Assistent: **Jan van Niekerk** (Dorp).

Redaktrise Sosiaal: **Willemien Jerling** (Klawerhof).

Assistent: **Salome Jacobs** (Dorp).

Redakteur Koshuise: **Cobus Erasmus** (Skuur).

Assistent: **Dalene Delport** (Vergeet-my-nie).

Redakteur Akademies: **Johan Pretorius** (Skuur).

Assistent: **Esme Wessels** (Karlien).

Redaktrise Kunsblad: **Belia Booyens** (Dorp).

Redakteur Sport: **Izak Malherbe** (Liberalia).

Assistente: **P. J. Meyer** (Uitspan); **A. F. Vosloo** (Skuur).

Redaktrise Damesblad: **Salome Brits** (Oosterhof).

Redakteur Inter-Universitêr: **Danie de Kock** (Dorp).

Redakteur: P.N.B.: **Quintus Pelser** (Over de Voor).

Redaktrise Korps: **Ineke Lindhout** (Klawerhof).

Redakteur A.B.K.K.: **George Lotter** (Dorp).

Redakteur S.A.B.:

Fotoredakteur: **J. F. D. Croeser** (Uitspan).

Assistent: **Sam Basch** (Liberalia).

Sub-Redakteur: **Attie Gerber** (Liberalia).

Sekretaresse: **Cecilia Louw** (Wanda).

Sirkulasiebestuurder: **Izak van der Linde** (Over de Voor).

## BRIEWE

# REKLAME: WIE SE SKULD?

**IN verlede week se Wapad, die uitgawe van 22 Maart 1974, word die doeltreffendheid van die Reklamekomitee in twyfel getrek in 'n artikel met die opskrif „Teekanpraatjies".**

In bogenoemde artikel word die swak reklame van die massavergadering aan die deur van die Reklamekomitee gelê. Verder word daar gesê dat almal en ek haal aan „was dit eens dat die reklame van die PUK (of was dit met die koms van 1974) 'n groot knou gekry het".

Geagte geleerde vriend of vriendin, ek verwelkom kritiek. Kritiek in die opsig dat dit opbouende kritiek is, wat tot ons almal se voordeel sal strek.

In die geval van die massavergadering is ek egter bevrees dat dit nie aan bogenoemde vereistes voldoen nie. Die Reklamekomitee word met modder gegooi en klappe word links en regs na hom uitgedeel.

Dit is 'n uiters ongesonde toestand want dit blyk dat al die skuld volkome op die skouers van die Reklamekomitee lê, wat totaal en al verkeerd is.

Dus vergewis u volgende keer van die feite wat by die saak betrokke is. Wat u daarna nog kan kritiseer, kritiseer asseblief die regte persone.

Laastens maak u die stelling dat almal op die PUK voel dat die reklame op die PUK agteruit gegaan het.

Graag sal ek wil weet waarop u hierdie aanname van u baseer. Dit lyk my eerder of dit 'n geval van veralgemening is na aanleiding van die massavergadering se reklame in plaas daarvan dat dit 'n behoorlike gemotiveerde gevolgtrekking moet wees.

Voorsitter: Reklamekomitee.

# EN DIE MANS?

15 Maart 1974.

GEAGTE REDAKTEUR,

Vir drie jaar nou al dreig ek om my beskeie mening te waag. Vanaand dwing Reflektor my om dit te doen. Nee kyk, wat darem te erg is, is te erg. Die dames van die P.U.K. is glad nie so sleg nie.

Ek verwys hier na Reflektor se brief in vandag se Wapad. (Ek dink in elk geval die dames as onderwerp is nou afgesaag — is daar niks anders wat julle belangstelling prikkel nie?) Wat moet ons as dames doen? Is dit dan nie die MAN wat die leiding moet neem nie? (Geen man sal tog egter daarvan hou as 'n vreemde meisie hom op die kampus „date" vir koffie die aand in sleeptyd nie. Dit is ook glad nie vir 'n man nodig om soos 'n Clint Eastwood te lyk nie. Buitendien is Charles Bronson die nuwe „hit" — ook maar agter die tyd, nê?) Maar hoekom word daar van ons verwag om soos finaliste vir 'n Mejuffrou Wêreldkompetisie te lyk?

In 'n vorige „Wapad" het 'n SR-lid hom uitgespreek oor die passiwiteit van die dames. Het u al gesien hoeveel dames woon P.N.B.-vergaderings by, en neem aktief daaraan deel? Hoeveel dames is daar smiddae op die sportgronde? Wie is die entoesiaste as dit kom by verenigings soos FLORNA of MONTIUM? (Die dames gaan ook nie soos by geleentheid „gegis" is na hierdie kampe „om man te soek nie".) Dan is daar nog altyd die vraag wie die hoogste slaagpersentasie het, die mans of die dames?

Jammer, maar ek kan nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom nie dat party van ons manne deur die selfbejammeringsgogga gebyt is nie. Die akademiese „terugslae" regverdig blykbaar nie

★ Na bylaag bl. 1

# WEN TWEE TOETS-KAARTJIES

WEN twee toetskaartjies vir die vierde toets teen die Leeus op Ellispark. Gee net 'n gepaste naam vir ons reserwe rugbyspan.

Die kanse is goed dat die reserwespan volgende jaar senior status sal kry. Die Pukke sal dus twee spanne in die eerste liga hê wat om dieselfde beker meeding.

Ons soek 'n gepaste naam om hierdie reserwespan van die Theos te onderskei.

Name moet in posbus 112 by die Studenteraadskantoor ingegooi word. Inskrywings sal nie later as 25 Mei aanvaar word nie.

Twee toetskaartjies is op die spel.

# Bywoning van sportwedstryde

**GEAGTE REDAKTEUR, — Was die inlywing van die Fanie du Toitterrein werklik nodig? Dit klink 'n bietjie kras, maar as die Pukke steeds brandstof moet vermors na die Park, rym dit dan?**


Die Pukke het beslis die reg om tuiswedstryde op ons eie velde te speel. Beamptes kla oor die swak bywoning van rugbywedstryde, maar verloor uit die oog dat net nagraadse studente motors mag aanhou. Om Park toe te loop is myns insiens vir die voëls.

Speel die wedstryde hier en die studente sal die veld volpak. Dalk sal dit die owerhede beweeg om spoedig 'n paviljoen op te rig. Steek ons nie af by die hoërskool aan die oorkant nie?

Dus, om te kla oor swak bywoning gaan niks help nie. Voorsien die fasiliteite (korter afstand ens.) en rugbywedstryde sal groter bywoning geniet.

Wil net help.

# KARNAVALKOORS!




## Boodskap van die Rektor

DIT is weer die tyd van die groot toets.

Nee, nie die so bekende op die akademiese vlak nie.



PROF. H. J. J. BINGLE

Dis veel erger: daar moet presteer word sonder dwang van buite!

En wat verg dit nie alles nie.

Die belangrikste seker dat dit geleenthede skep wat benut moet word anders is die persoonlike refleksie ondraaglik.

Graag wens ek die studente een en almal die goeie moed toe om Karnaval 74 met alle hande aan te gryp as dié geleentheid wat miskien nie weer op hulle weg sal kom nie.

Toon waartoe u in staat is op die weg van die gedrae genieting, vrolikheid, lieflikheid, arbeidsaamheid, oorspronklikheid en al die moontlike deugde wat so begeerlik is vir die mooi studentelewe.

Besef ten slotte dat die gebruik wat u van hierdie gulde geleentheid maak sy neerslag op u eie persoon gaan hê na die een of die ander kant toe. En u medestudente gaan dit net so by u opmerk as u self.

Bou mekaar ook op hierdie vlak met blymoedigheid want die geleentheid is dit allesins werd.

H. J. J. Bingle.
Rektor.

## *Karnavalvoorsitter*

GEAGTE Pukke,

Gulsigheid is normaalweg nie juis 'n goeie hoedanigheid nie. Maar in hierdie feesdae moet dit anders wees. Ek wil vir u vra om gulsig te wees tot die uiterste toe.



Daarom. gryp alles aan wat karnaval '74 bied, geniet asof u nooit genoeg sal kry nie. Maak Karnaval '74 u eie, drink groot teue daarvan. Beantwoord karnaval se appèl op u entoesiasme, u vindingrykheid, u ware studentwees met absolute oorgawe. Trouens: ek dink dit is elke PUK se plig om só te doen.

En laat ons dit doen op tipiese PUK-wyse; op hoë vlak, in 'n gees van wellewendheid. Laat ons mekaar altyd in die oë kan kyk.

Namens die karnavalkomitee: GAAN MAL!! Vriendelike karnavalgroete,

Francois van Wyk.





FLITSE VAN DIE JOOL IN 1928

## PIETER AAN DIE WOORD



PIETER MULDER

**GEAGTE PUKKE, Dit is Karnaval. 'n Tyd van uitbundige vreugde en vrolikheid, 'n tyd van waarlik jonk-wees en student-wees; 'n tyd van oorspronklik-wees en pittig-wees.**

Tog is dit nie al waaroor dit gaan met Karnaval nie — ons samel ook geld in vir hulle wat nie so bevoorreg as ons is nie. Laat ons nooit hierdie tweede aspek van Karnaval uit die oog verloor nie. Wat 'n unieke en tipiese studentemanier om 'n goeie saak te dien.

Geniet Karnaval, buit die geleentheid uit, maak dit die grootste Karnaval ooit en laat die geld instroom.

Puk-groete,
Pieter Mulder.

## DEBUTANTE

**KARNAVAL! Die groot towerwoord in elke Puk-student se lewe. Dit is besig om werklikheid te word. Daardie afwagting in die lug is besig om na 'n klimaks te loop en elke ras-egte Puk voel lus om te spring en te sing en... te kollekteer!**

Debutante, hier kom baie goeie nuus! As spesiale toegewing — en na tientalle versoeke — is besluit dat julle kan kollekteer tot 31 Mei! Van alle kante hoor ons fluisteringe van groot bedrae, van groot planne, van groot entoesiasme. Die spanning loop al hoog — en geen wonder, want die pryse is werklik elkeen se droom.

Die eerste prys is 'n oorsese toer saam met die ASB. Elkeen wat al so 'n toer meegemaak het, weet dat so 'n groep sturente iets uit 'n ander wêreld is. (Gaan vra maar vir verlede jaar se wenner). Vroeg-vroeg in Desember sal onse wenner haar vlerke klap en dan... Europa!

Maar miskien moet julle eerder meeding om die tweede prys — dit klink amper lekkerder. Die gelukkige persoon gaan met die vliegtuig Durban toe en vir 'n volle week is dit salige niksdoen op die goue strande van die Natalse kus! Natuurlik sal die Pukkie haar intrek in 'n vyfster hotel neem. En die lekkerste van alles — sy kan self kies wanneer sy wil gaan.

En wie gaan die gelukkige persoon wees wat die derde prys gaan losslaan? Die persoon kry 'n geskenkbewys van 'n volle R150 by 'n bekende modewinkel en vir een keer sal sy kan koop net wat haar oë sien en haar hart begeer!

Julle het nog 'n volle maand oor — en baie mense het nog niks gegee nie. Die pylvlak lê nou reguit en oop. Maak ten volle daarvan gebruik.

## REDE VIR GROOT JOLYT!

DIE Wapad het eksklusief van die eksamenafdeling van die Puk verneem dat daar voortaan slegs een IW eksamen per jaar sal wees. Die Senaat het onlangs hierdie heuglike besluit geneem. Vanaf 1974 sal die eksamen slegs aan die einde van die jaar afgeneem word. Die besluit word deur die meeste van die Pukke baie verwelkom.

In die verlede het die IW eksamen uit twee dele bestaan. Junie is daar oor die eerste semester se werk geskryf en aan die einde van die jaar oor die laaste gedeelte van die werk.

## MANS?

★ Vervolg van bl. 4

altyd daardie lank verwagte motor nie, en nou moet die arme „snoet-in-die-lugbesoedeling-houding"-dames die skuld kry. Meneer, lê die fout nie dalk by u nie, is die dames se hoogmoed nie dalk u skuld nie? Of is dit die dames se hoogmoed wat julle saans na die Elgro en sy kollegas dwing? (want ek glo dit is nie vrywillig nie).


— Net maar een van hulle.



Vervaardig in Suid-Afrika.

# K A R N A

## 1938 WENVLOT



Toe petrol nog volop was, maar losies so skaars soos petrol vandag. (Foto: Fotokuns.)

## ROBOT

**AL gehoor van dié okkasie van die Karnaval wat nou binnekort gaan volg? Ag nee, jy is oningelig. Nou ja, dan het jy ten minste al die rooi, oranje en groen raakgesien. (Jy kon nie eintlik anders nie, want jy móét stop om dit te bewonder). Alles dui op dié okkasie . . .**

Maandag, 6 Mei, om 4.00 nm., kom almal wat hierdie berig lees, na die hoek van Meyer- en Tomstraat, vir die inwyding van ons kleurvolle nuwelinge. Die drag is formeel, en moet asseblief nie per motor kom nie, want verkeerskonstabels kan u dalk 'n kaartjie gee vir rusverstoring.

Met hierdie berig word almal wat nog nie amptelike uitnodigings ontvang het nie, uitgenooi. Diegene wat so ongelukkig was, moet tog maar verskoon, want die komper het suiker in sy ghries gekry, en die polisie vermoed sabotasie. Dit daar gelaat, wat eintlik gaan gebeur, is belangriker.

As jou koshuis nie ingeskryf het vir die driewielresies nie, (mans en dames), moet jy darem nou 'n plan begin maak, anders gaan dit darem sleg lyk! Gaan hoor maar by Ineke Lindhout van Klawerhof.

O ja, en kan jy ons geagte SR voorstel, aangetrek as padtekens? Kom kyk maar gerus. Nou ja, dis maar al, ek hoef nie eintlik iets te gesê het nie, soos ware hoëlui weet julle mos maar alles van dié tipe dinge. As die portier egter nou per ongeluk jou vergulde uitnodigingskaartjie verlê het, kontak gerus Klawerhof vir die nodige inligting!

## REKLAMESETTE


**„SONDER advertensie kan die beste produk nie verkoop nie. Daarom het die Sentrale Karnavalkomitee besluit om besondere aandag aan die uitvoer van reklamesette te skenk", het mnr. Francois van Wyk, voorsitter van die SKK, in 'n onderhoud met een van ons verslaggewers gesê.**

Hy het verduidelik dat daar in elke koshuis 'n kommunikasiekundestudent aangewys is as skakelpersoon met die dagbladpers. Hy het 'n beroep op Pukke gedoen om uit te vind wie hierdie persone is en van hulle dienste gebruik te maak. 'n Lys van hierdie persone sal weldra op alle koshuiskennisgewingborde verskyn. Deur hierdie geleentheid aan te gryp kan koshuise bonuspunte in die omvattende Karnavalkompetisie verdien.

Volgens mnr. Van Wyk is die aandurf van wêreldrekords een van die beste maniere om Karnaval onder die aandag van die publiek te bring. Koshuise wat sulke uitdagings aanpak moet egter sorg dra dat Karnaval '74 wel na vore gebring word.

Koshuise moet hul ook daarvan vergewis dat reklamesette alleen tussen Donderdag 2 Mei om 14h00 en Donderdag 9 Mei om 14h00 aangebied kan word. Goedkeuring van die Karnavalkomiteelede, soos vroeër bekendgemaak, moet verkry word voordat 'n set aangebied word en die nodige vorm moet vooraf voltooi word.

En moenie vergeet nie: Daar is 10 bonuspunte op die spel vir elke R50 wat ,na aanleiding van 'n reklameset' by die SKK inbetaal word.



## Arabiere boikot karnaval

**DIE vlotoptog deur die strate van die Stad van Potchefstroom beloof om vanjaar 'n heeltemal nuwe karakter te hê. Dit is te danke aan 'n besluit insake Karnaval '74, wat deur die leiers van sommige Arabiese state geneem is.**

Nadat 'n aansoek deur hulle, om in die Karnavalfonds te deel, deur die SKK afgekeur is, het hulle op 'n noodvergadering besluit om geen brandstof vir die vlotoptog beskikbaar te stel nie.

Die gevolglike olietekort het egter nie die ratwerk van die Sentrale Karnavalkomitee tot stilstand gebring nie, en daar is besluit om na die ou weë terug te keer en die donkie en die os in ere te herstel. Volgens 'n woordvoerder van die S.K.K. sal die publiek van Potch vanjaar agterkom wat hulle al die jare gemis het.

Die studente het die uitdaging aanvaar, en as 'n mens deur die vlotontwerpe blaai word jy getref deur die oorspronklikheid wat deur die studente aan die dag gelê word. Hier en daar vind ons ook die logiese huldeblyk aan ons Arabiese weldoeners.

## Leeus brul dalk by opening

**DIE Leeutoerspan wat binnekort vir 'n uitgebreide rugbytoer in Suid-Afrika aankom sal heel moontlik hul eerste brulle tydens Karnaval '74 gee.**

Volgens die Voorsitter van die SKK, Francois van Wyk, is onderhandelinge met die Wes-Transvaalse Rugby-unie aan die gang. Langs hierdie weg is die Leeus genooi om die Opening van Karnaval by te woon en die volgende dag aan kompetisies deel te neem.

Die Sekretaris van die WTRU, mnr. Stoney Steenkamp, se reaksie was baie positief. Dit kan dus vanjaar die geval wees dat Karnaval vir die eerste maal sedert die ontstaan daarvan 'n internasionale kleur kan kry.






## KARNAVAL JY?

BESTE PUK,

Môre oor 'n week sal Karnaval '74 iets van die verlede wees. Watter herinneringe daaraan gaan jy met jou saamneem?

Gaan jy dalk een van diesulkes wees wat Karnaval gaan beskryf as „iets soos 'n sirkus — as jy een gesien het, het jy almal gesien". Aan wie se deur gaan jy hierdie aanklag lê? Dink mooi daaroor na. Dalk die Karnavalkomitee s'n? Heel moontlik is dit juis wat gaan gebeur. Dink dan weer 'n halwe slag daaroor na.

(Nee wag, moenie dat jou skuldgevoel jou nou reeds laat ophou lees nie. Dit is juis vir jou wat hierdie brief bedoel is.)

Nog 'n vragie. Gaan jy d[illegible] verveeld voel geduren[illegible]naval? Dan het die ty[illegible] selfondersoek vir jou aangebreek! Daar kan nie 'n skerper aanklag teen jou onvermoë om jou inisiatief te gebruik wees as juis jou eie erkenning dat jy kompetisies vra om deelname. Die saak is egter in *jou* hande en wat jy gaan doen berus by jou en by jou alleen. Bewys hierdie Karnaval aan jouself wat jy werd is.

Groete,


Piet en Febé.

(NS. Jy kan alle besonderhede by die kompetisieverteenwoordigers oor interkoshuiskompetisies in jou koshuis kry.)

# VAL '74

# PROGRAM


1. **DONDERDAG 2 MEI:**
   08h15: Fliekpremière in 20th Century-teater, Potchefstroom. „THE THREE MUSKETEERS".
2. **SATERDAG 4 MEI:**
   14h30: „KAAP NA RIO" — Watersport op Potchefstroomdam georganiseer en aangebied deur A.O.B.
3. **MAANDAG 6 MEI:**
   14h00: Kanovaart-marathon: Potchefstroomdam.
   16h00: Ingebruikneming van verkeersligte op Bult.
   19h30: Aanvang van kompetisies op Interkoshuisbasis — Kampus.
   Wêreldrekord-poginge — Kampus.
   Skynhofsitting deur S.R.V.P. — Aardkundegebou.
   Oorhandiging van Volkswagen aan Karnaval-komitee: Wenprys: motorkompetisie.
   21h45: Direkte uitsending van „Studentevaria" deur SAUK vanaf kampus.



4. **DINSDAG 7 MEI:**
   15h30: Boeresport georganiseer deur ABKK en AOB — Fanie du Toit-terrein.
   17h30: Buitelug-ete: Fanie du Toit-terrein.
5. **WOENSDAG 8 MEI:**
   18h30: Interkoshuis-orkeskompetisie: Kampus. Georganiseer deur ABKK.
6. **DONDERDAG 9 MEI:**
   17h30: Musiek deur POTE-orkes — Kampus.
   18h00: Aankoms van eregaste.
   Begrafnis van Akademie.
   Amptelike opening van Karnaval '74.
   19h00: Musiek deur POTE-orkes.
   19h30: Kragvertoning deur oom Boer en tant Lena van Rensburg op Kampus. Moontlikheid van deelname deur Blondie en Annatjie Blanché van Chrissiesfontein.



7. **VRYDAG 10 MEI — Stalletjiesdag:**
   09h00: Voortsetting van kompetisies op Interkoshuisbasis — Kampus.
   09h30: Interkoshuis-landloop, georganiseer deur Landloopklub — Kampus.



   10h00: Fietsren op Interkoshuisbasis deur strate van Potchefstroom — Wegspring op kampus.
   11h00: Musiek in Totiussaal deur „Justin Page".
   12h30: MIDDAGETE IN EETSALE.
   15h00: Vryval — valskermvertoning deur Westonaria-valskermklub.
   15h30: Kosverkope by stalletjies neem 'n aanvang.
   17h00: Karate-vertoning — Kampus.
   19h00: Aanvang van Trapkarwedren, kampus.
   21h00: Oorhandiging van wisseltrofee en pryse aan wenmotors.
8. **SATERDAG 11 MEI:**
   07h30: Beoordeling van vlotte, kampus.
   09h30: Oorhandiging van pryse — Interkoshuiskompetisie — Kampus.
   Dameskoshuise: Pioneer-hoëtrou-stel.
   Manskoshuise: 1935 Chrysler Airstream-motor.
   10h00: Bekendmaking van Wenvlot.
   Oorhandiging van pryse.
   Vlotoptog deur dorp.
   20h00: Formele afsluitingskonsert, Sentrale Eetsaal — „THE JOHN EDMOND SHOW".
9. **WOENSDAG 15 MEI:**
   15h30: Leeus teen Wes-Transvaal.



John Edmond

# JOHN EDMOND-PROGRAM

**JOHN EDMOND, bekende Suid-Afrikaanse sanger gaan as hoofkunstenaar van die afsluitingskonsert optree.**

Die Karnavalverrigtinge word op Saterdag 11 Mei in die Sentrale Eetsaal afgesluit. Dit is seker nie nodig om te noem nie, maar hy is die gewilde vertolker van trefferliedjies soos; Round and Around, Boom sha la la lo, Every day every night, Toy Train en Hello Suzanne wat tot onlangs nog op die treffersparade was.

Ander kunstenaars soos Johnny Collini sal ook optree.

Die uitvoering sal om 8.00 nm. 'n aanvang neem. Kortliks sien die program as volg daar uit:

— Vier nommers gelewer deur die Johnny Collini Sound.
— Sangeres — Cathy Sham.
— John Edmond as seremoniemeester.
— Johnny Collini, wat 'n sang/kabaret vertoning van ongeveer veertig minute sal lewer, waarmee die eerste helfte van die uitvoering dan afgesluit sal wees.
— Die Johnny Collini Sound.

— John Edmond tergelykertyd as komediant, begeleier en sanger lewer 'n volle vertoning van 45 minute waarmee die uitvoering afgesluit sal word.

U kan gerus u bande versool by . . .

NATYRE BANDAG (Edms.) Bpk.



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK
Groot Voorraad
★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak
★ Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING.

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM
Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse. —ST

MOTOLEK
Hierdie onderdele is by u plaaslike MOTOLEK verspreider verkrygbaar . . .

POTCH SPARES
Lombardstraat 39, Tel. 6077, 4595,
POTCHEFSTROOM.
—:::—
ELECTRICAL PARTS FOR JAPANESE CARS & TRUCKS.
motolek —ST

# KARNAVALKOORS!



Hulle gaan ons gaste laat tuisvoel (Foto: Fotokuns.)



Daar buite bly 'n rokie draai . . . (Foto: Fotokuns.)



Laatnag feestelikheid. (Foto: Fotokuns.)



Duisende toeskouers besig met vlotbou. (Foto: Fotokuns.)

# AMOREUS AKTUEEL

**GOEIE MIDDAG MAATJIES, Oudergewoonte loer ons en sonder om te skinder merk ons eienaardighede op. Die vakansie was wel kort maar lank genoeg vir Elsa du Plessis om haar farmasie-toer te kon geniet.**

As julle my nie wil glo nie, kom kyk hoe sy en Pottie die „Pink-Panther" saam gaan bybring. En aan haar sussie Mathilda net diè vragie: hoe ver en diep lê die „army-liefde" nog?

Susan Blaas lyk my Deon se DKW ken die stofpad Wanda toe baie goed.

Lisa van der Merwe wat vanaf R.A.U. na ons toe ingevoer is, is nog nie daaroor spyt nie, want Flip Theron maak haar baie gelukkig op die Puk.

Drikus Buys en Laurita Prinsloo sleep so erg dat Drikus al 'n baas pannekoekbakker geword het, te danke aan sy meisie se bo-baas resepte.

Magda Barnard het toe sowaar nie verniet die Fotokunsateljee so gereeld besoek nie, want kyk wat slaan sy uit — 'n Dirk van Marleveldt!

Nog 'n dapper held wat geswig het voor die skoonheid van die vroulike geslag is Johann Pretorius. So tussen al sy bedrywighede kry hy darem kans om ten minste 10 of 17 keer per dag vir Marlize te kom hallo sê — die afskeid is maar swaar, nie waar?

Lena du Plessis het verjaar oom Zok Ferraire het sowaar vanaf Pretoria gekom om die sjampanje-breakfast by te woon — en was dit nie 'n break „fast" nie.

Geluk ook aan Salomè Jacobs wat op Bloemfontein as Mej. Kuesta gekroon is. Sy het nie net die Potchefstroomse Universiteit se naam hoog gehou nie, maar ook Gerrit geïnspireer en geaktiveer.

Ettiene Dörfling: was die damesaand geslaagd? Maar nanuurlik, Hetta van Rensburg swot mos huishoudkunde!

Zoks Schwelmuz kan dit nie oor sy hart kry dat Magriet alleen moet loop nie, daarom hou hy haar handjie vas.

Wilma Jooste is baie spyt Karlien bou saam met 'n koshuis vlot, want Lappies is mos 'n inwoner van Dorp.

Francois van Wyk is so besig met karnaval dat Onike van Heide hom elke aand met raad en daad moet bystaan.

Anette Brechner en Michiel Kirchner: As 'n mens na hulle kyk kom die vraag onwillekeurig by mens op, „wanneer word die verlowing aangekondig?"

Aan almal wat verlief is, wees mooi en wees bly want jonkheid is nie net 'n genade nie, maar ook 'n deug. Hierdie voorreg kry mens net eenmaal in 'n leeftyd. Onthou dit en benut dit.

Wees mooi en baie soet. Groetnis tot dan.

# BABALAAS GESKOK

**GEAGTE meneer die Sportredakteur. Hiermee net my uiterste misnoeë en afkeur oor die berig „Pukke nog Babalaas na sportfees".**

Dit is seker maklik die afbrekendste berig oor 'n rugbywedstryd wat ek nog gelees het en nou sluit ek die provinsiale koerante soos bv. die Transvaler en die Vaderland in. Luister, geen span begin 'n seisoen soos hy hom afgesluit het nie, selfs vir jou infinitsimale rugbybrein behoort dit verstaanbaar te wees dat 'n span verbeter soos die seisoen vorder. Na my mening as 'n gereelde toeskouer wat vanaf 1968 Puk rugby kyk het die Puk besonder goed gevaar sover hierdie jaar en Saterdag se wedstryd teen Goldfields bevestig dit wat ek nou sê.

Goed hulle het verloor, maar 'n span wat so 'n kort toer onderneem is altyd 'n bietjie ontwrig. Nou luister hier, indien jy nie iemand kan kry wat opbouend kan skryf oor die Puk rugby nie vervang jouself liewer as om 70% van die toeskopers met sulke laakbare kritiek van die rugby weg te hou. Ek wil nog vir jou sê dat indien die sportskrywer nie die berig kan behartig nie, ek dit met plesier sal doen.

Ek dink jy moet 'n slag die sportrubrieke oorlees en dit nie sommer summier plaas nie. Verder wil ek net sê gebeur dit wel weer sal jy van my hoor op die volgende massavergadering en ek my sportdomvriend het 'n stewige aantal vriende wat soos ek hieroor voel.

Ben du Toit.

*(Gemeet aan die inhoud van u brief asook die aantal jare wat u reeds op die Puk is, sal dit nodeloos wees om aan u te verduidelik dat berigte en koppe in die regte verband gelees moet word. U brief het die Wapadredaksie heelwat pret besorg. Baie dankie. — Sportredakteur.)*

Brief onveranderd geplaas — Red.

# *Spanning in sneeu*

**UITEINDELIK word die Puk dié week vereer met die verskyning van oorlede Tsaar Nicolas van ou Rusland, in Vrydag se A.O.B.-fliek. „Nicolas and Alexandra" speel af in 1904, toe Rusland in oorlog gewikkel was met Japan.**

Dit is ook die geboortejaar van Alexis, die prins, wat vertolk word deur Roderic Noble. Michael Jayston speel die rol van Nicolas, en die rol van sy vrou, Alexandra, word vertolk deur Janet Suzman. In die prent word ook heelwat gesien van die berugte heilige van Rusland, Rasputin, wat vertolk word deur Tom Baker.

Dit is 'n baie spannende historiese film, so na aan die waarheid as kome kan, en 'n mens raak intens bewus van die wonderlike fotografie, wat die bekoring van 'n sneeubedekte Rusland duidelik uitbring.

'n Mens moet weereens met waardering let op die goeie smaak van A.O.B. in die keuse van rolprente, en interessant is dat die ander fliekmense hier rond begin kla oor 'n afname in hulle opkoms oor naweke; Mooi so, Pukke, vir die ondersteuning van ons eie, en dankie, A.O.B.

# P.N.B.-wapad

# STERKTE VAN DIE PARTYE

| | N.P. | | V.P. | | P.P. | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1970 | 1974 | 1970 | 1974 | 1970 | 1974 | 1970 | 1974 |
| Kaap | 36 | 37 | 18 | 15 | 0 | 2 | 54 | 54 |
| Tvl. | 58 | 61 | 14 | 11 | 1 | 4 | 43 | 76 |
| Vrystaat | 15 | 14 | 0 | 0 | 0 | 0 | 15 | 14 |
| Natal | 3 | 5 | 15 | 15 | 0 | 0 | 18 | 20 |
| S.W.A. | 6 | 5 | 0 | 0 | 0 | 0 | 6 | 5* |
| | 118 | 122 | 47 | 41 | 1 | 6 | 166 | 169 |

* Verkiesing in Pinelands (Kaapland) en Karas (S.W.A.) uitgestel.

Die totale getal stemme wat elke party in die verkiesing op hom verenig het en die persentasie van die totaal is soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| N.P. | 635 585 | — | 57,1% |
| V.P. | 363 459 | — | 32,7% |
| P.P. | 58 768 | — | 5,3% |
| H.N.P. | 39 568 | — | 3,6% |
| D.P. | 10 449 | — | 0,9% |
| Ander | 4 990 | — | 0,4% |

Word die onbestrede setels in ag geneem, kan bereken word dat die N.P. ongeveer 60,7% van die kieserspubliek in die Republiek se stem geniet.



MNR. B. J. VORSTER

KRY JOU KARNAVAL-HEMPIE by die S.R.-KANTOOR

# Verkiesing-evaluasie

**WANNEER die uitslae onder die vergrootglas geneem word, is die volgende geregverdig: Die Nasionale Party het, veral as in aanmerking geneem word hoe sterk die party reeds was ('n meerderheid van 71 op 'n totaal van 166), volgehoue groei getoon.**

Nie alleen is vier setels gebuit nie, maar meerderhede is oor die hele land vergroot. Dat die N.P. die oorweldigende meerderheidstem van die kiesers geniet, is duidelik. Dit is 'n duidelike mandaat aan die N.P. om die beleid van afsonderlike ontwikkeling tot sy logiese konsekwensies te voer. Ons sal dus heel waarskynlik binne die termyn van die huidige parlement die onafhanklikwording van die Transkei beleef. Op die Nasionale Party se Transvaalse Kongres Maandagaand 29 April vanjaar, het die Eerste Minister dit gestel dat die ontwikkeling van die tuislande nog hoër prioriteit sal geniet.

Daar was 'n duidelike heroriëntasie by die Engelssprekende kieser. Die vordering van die Progressiewe Party en die impak van die Nasionale Party op grenssetels is hiervan 'n duidelike bewys.

Die sogenaamde skaakmatsituasie van die vorige aantal jare is verbreek. Die inpalming van setels deur die Progressiewes kan die prikkel wees tot spoedige heroriëntering van die Opposisiegeledere — iets wat allerweë verwag word. Dit sal lei tot 'n Opposisie met die enigste alternatief vir afsonderlike ontwikkeling, naamlik integrasie, as beleid. Daarmee saam sal die Opposisie integrasie en sy konsekwensies veel duideliker aan die kiesers moet uitspel. Dit het tot hiertoe agterweë gebly as gevolg van die ondergeskikte rol wat die Progressiewe Party gespeel het.



Mnr. L. le Grange, L.V. vir Potchefstroom.

Die H.N.P. en die Demokratiese Party se steun was onbeduidend. Hierdie partye mag van die toneel verdwyn of vordering toon. Hulle sal egter altyd irrelevant bly, omdat hulle lewensvatbaarheid hulle ontneem is deur die feit dat hulle nie gefundeerde alternatiewe bied nie.

Die Federale-idee van die V.P. is deur die kiesers verwerp. Die keuse wat die kiesers gemaak het, is duidelik. Hulle sien kans om van soewereiniteit afstand te doen as dit die totstandkoming van n Bantoestaat behels en daardie soewereiniteit dus slegs grondgebied as inhoud het. Hulle sien nie kans om van soewereiniteit afstand te doen nie, as dit die vestiging van swart gesag in die vorm van 'n Federale Parlement (wat noodwendig op grond van getalsterkte deur die Bantoe oorheers sal word) aanneem.

Wanneer 'n mens let op die vordering van die P.P., is dit interessant dat hulle in die stedelike gebiede (Johannesburg-Noord, Parktown, Seepunt, Orange Grove en Rondebosch) vordering gemaak het, maar nie in Natal, wat eweseer Engelssprekend is nie. Dit wil dus voorkom asof daardie kieser wat swart naasbestaan ervaar, minder vatbaar is vir die integrasie-idee van die P.P. as daardie kieser wat in die stad sit waar hy die voordele van segregasie geniet. Hierdie faktor kan die P.P. se groei dalk beperk tot 'n verdere ses of wat rykmans stedelike kiesafdelings.

# DIE ROL VAN DIE PERS

**DAT die Engelssprekende Pers 'n groot rol in die uitslag van die verkiesing gehad het, is nie te betwyfel nie.**

Anders as die Afrikaanse pers, wat die regering bankvas ondersteun het, het dit allerlei strategieë uitprobeer en die eie oogmerke gehad. So bv. is die Jong Turke binne die V.P. 'n skepping en peetkind van die Sunday Times. Die idee van stem-vir-die-kandidaat, nie vir die party nie, het groot aanklank by die opposisiepers geniet.

Die vraag kom egter by my op wat die rol van die pers in die toekoms gaan wees?

Wat die regering en die Afrikaanse koerante betref, is daar in die nabye toekoms weinig moontlikhede dat die N.P. onder skoot sal kom. Die koms van Die Beeld, dagblad van die Nasionale Pers in Transvaal, sal gedurende die tweede helfte van 1974 wye belangstelling uitlok. In die woorde van dr. Wimpie de Klerk kan dit lei tot „die stimuleer van ope denke deur die bal 'n bietjie rond te skop". Koerante wat verskil van siening is nie noodwendig teenstanders in die oorredingsproses nie, maar bondgenote.

Beide die Argus-groep (tradisioneel pro-Graaff) en die South African Associated Newspapers-groep, eis deesdae die V.P.-leier se kop. Vergelyk maar die Sunday Tribune (Argus-groep) van 21 April 1974.

Die enigste getroue bondgenoot wat die V.P. (nie noodwendig die Ou Garde nie) nog het, is die Sunday Express. Hy



QUINTUS PELSER

vra mnr. Harry Schwarz se belofte, wat van 35 setels aan die Rand geword het. Die Express glo die V.P. met sy Federasieplan, is en bly die enigste effektiewe opposisie. Die Sunday Times het hom duidelik verbind aan die Jong Turke. Daarom beplan hy 'n sentrale kongres van die V.P. voor die begin van die Parlementsitting waarop die volgende sake behandel sal word:

Graaff se posisie as leier. Dit lyk asof hy vervang gaan word as hy nie uit vrye wil gaan nie.

Die aanwys van mnr. Japie Basson as nuwe V.P.-leier.

Beleidsaanpassing om die posisie van die Blanke Parlement binne die Federale Struktuur in heroorweging neem.

Demokratisering van die V. P. se nominasie-prosedure — iets wat tot groot onmin gelei het gedurende die afgelope verkiesing.

Dit wil lyk asof, indien die kongres nie sal afkom nie die vonke dan binne die parlement gaan spat. Hou die pers dop.

# Grenssetels 1979

**DIE volgende is 'n lys van parlementêre setels wat met meerderhede van minder as 2 000 stemme gewen is gedurende die afgelope verkiesing.**

Gesien in die lig van die vloeibaarheid van die politieke situasie is dit nie vergesog om die setels as grenssetels vir die volgende volksraadsverkiesing te beskou nie.

Dit word aangedui in die volgorde: Setel, deur welke party gehou, meerderheid, uitdager-party:

TRANSVAAL

Florida: N.P. — 1 894 — V.P.
Johannesburg-Noord: P.P. — 1 403 — V.P.
Oranje Grove: P.P. 742 — V.P.
Parktown: P.P. — 391 — V.P.
Randburg: V.P. — 831 — N.P.
Springs: N.P. — 979 — V.P.
Turffontein: N.P. — 330 — V.P.

NATAL

Berea: V.P. — 1 585 — P.P.
Eshowe: N.P. — 323 — V.P.
Pietermaritzburg-Noord. V.P. — 394 — N.P.
Pinetown: V.P. — 891 — P.P.
Port Natal: N.P. — 20 — V.P.

KAAP

Kaapstad-Tuine: V.P. — 1 719 — N.P.
King Williamstown: V.P. — 478 — N.P.
Newtonpark: V.P. — 1 061 — N.P.
Rondebosch: P.P. — 1 568 — V.P.



Mnr. W. K. van der Merwe, L.P.R. vir Potchefstroom.

Seepunt: P.P. — 1 568 — V.P.
Wynberg: V.P. — 1 568 — N.P.

Van bostaande 18 kiesafdelings word tans 5 deur die N. P., 5 deur die P.P. en 8 deur die V.P. gehou. Gesien teen die huidige tendens weg van die V.P. kan 6 daarvan Nasionaal word en 2 Progressief. Na my mening is daar weinig montlikheid dat die 10 setels wat deur die N.P. en P.P. gehou word ooit na die V.P. (wat telkens die uitdager is) sal gaan.

# VERKIESINGSBROKKIES

**KYK 'n mens na die uitslag in Orange Grove besef 'n mens dat persoonlikhede tog in gevalle 'n rol gespeel het. Daar het mnr. Ruper Lorimer (P.P.) sy teenstander in die Volksraadsverkiesing, mnr. Etienne Malan (V.P.) met 742 stemme verslaan.**

In die Provinsiale Raadsverkiesing het die V.P. egter 'n meerderheid van 3 368 stemme teen die Progressiewe Party behaal (wat vergelyk met die toestande in die vorige verkiesings). Mnr. Etienne Malan was lid van die Schlebusch-kommissie en van die Ou Garde — sou dit rede vir sy neerlaag wees?

Die Eerste Minister, mnr. Vorster, het van al die kandidate in die verkiesing die meeste stemme op hom verenig.

Adv. Radclyffe Cadman, V.P. leier in Natal, het sy tweede neerlaag in 8 jaar teen 'n Nasionalis gely. Dit benadeel sy kanse om Sir De Villiers Graaff op te volg grootliks. In 1966 is hy in Zoeloeland verslaan en is toe Senaat toe gestuur deur die V.P. Moontlik sal Umlozi nou aan hom gegee word — hoewel dit lyk asof Brig. Von Keyserlingk, die huidige V.P. L.V. vir Umlozi, nie baie gelukkig voel oor so 'n stap nie. Die Sunday Express van 28 April noem Umhlanga ook as 'n moontlikheid.

Daar kan verwag word dat 'n titaniese stryd hom in Pinelands gaan afspeel as die tussenverkiesing op 12 Junie daar plaasvind. Dié tussenverkiesing word veroorsaak deur die dood van die V.P. kandidaat in Pinelands, mnr. Newton Thompson.

Die P.P. kort 'n sewende L. V. om 'n senator te kan benoem en sal dus alles in die stryd werp — ook om te bewys 24 April was nie 'n gelukslag nie.

Die V.P. sit weer met 'n benoemingsstryd binne sy eie geledere. Mnr. Harry Schwarz wil mnr. Kobus van Eeden as kandidaat sien (hy het dit onlangs in Seepunt laat blyk) terwyl die ou garde Pinelands dalk wil gebruik om een van sy voorbankers terug te kry in die Volksraad. Die Demokratiese Party stel egter ook in Pinelands belang.

KOOP 'n LOOP-HAPPIE
HONGER?
Probeer ons Vetkoek.
MAALVLEIS 25c.
KERRIE 25c.
KAAS en KONFYT 25c.

# P.N.B.-wapad

# STERKTE VAN DIE PARTYE

| | N.P. 1970 | N.P. 1974 | V.P. 1970 | V.P. 1974 | P.P. 1970 | P.P. 1974 | Totaal 1970 | Totaal 1974 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kaap | 36 | 37 | 18 | 15 | 0 | 2 | 54 | 54 |
| Tvl. | 58 | 61 | 14 | 11 | 1 | 4 | 43 | 76 |
| Vrystaat | 15 | 14 | 0 | 0 | 0 | 0 | 15 | 14 |
| Natal | 3 | 5 | 15 | 15 | 0 | 0 | 18 | 20 |
| S.W.A. | 6 | 5 | 0 | 0 | 0 | 0 | 6 | 5* |
| | 118 | 122 | 47 | 41 | 1 | 6 | 166 | 169 |

* Verkiesing in Pinelands (Kaapland) en Karas (S.W.A.) uitgestel.

Die totale getal stemme wat elke party in die verkiesing op hom verenig het en die persentasie van die totaal is soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| N.P. | 635 585 | — | 57,1% |
| V.P. | 363 459 | — | 32,7% |
| P.P. | 58 768 | — | 5,3% |
| H.N.P. | 39 568 | — | 3,6% |
| D.P. | 10 449 | — | 0,9% |
| Ander | 4 990 | — | 0,4% |

Word die onbestrede setels in ag geneem, kan bereken word dat die N.P. ongeveer 60,7% van die kieserspubliek in die Republiek se stem geniet.



MNR. B. J. VORSTER


## Verkiesing-evaluasie

**WANNEER die uitslae onder die vergrootglas geneem word, is die volgende geregverdig: Die Nasionale Party het, veral as in aanmerking geneem word hoe sterk die party reeds was ('n meerderheid van 71 op 'n totaal van 166), volgehoue groei getoon.**

Nie alleen is vier setels gebuit nie, maar meerderhede is oor die hele land vergroot. Dat die N.P. die oorweldigende meerderheidstem van die kiesers geniet, is duidelik. Dit is 'n duidelike mandaat aan die N.P. om die beleid van afsonderlike ontwikkeling tot sy logiese konsekwensies te voer. Ons sal dus heel waarskynlik binne die termyn van die huidige parlement die onafhanklikwording van die Transkei beleef. Op die Nasionale Party se Transvaalse Kongres Maandagaand 29 April vanjaar, het die Eerste Minister dit gestel dat die ontwikkeling van die tuislande nog hoër prioriteit sal geniet.

Daar was 'n duidelike heroriëntasie by die Engelssprekende kieser. Die vordering van die Progressiewe Party en die impak van die Nasionale Party op grenssetels is hiervan 'n duidelike bewys.

Die sogenaamde skaakmatsituasie van die vorige aantal jare is verbreek. Die inpalming van setels deur die Progressiewes kan die prikkel wees tot spoedige heroriëntering van die Opposisiegeledere — iets wat allerweë verwag word. Dit sal lei tot 'n Opposisie met die enigste alternatief vir afsonderlike ontwikkeling, naamlik integrasie, as beleid. Daarmee saam sal die Opposisie integrasie en sy konsekwensies veel duideliker aan die kiesers moet uitspel. Dit het tot hiertoe agterweë gebly as gevolg van die ondergeskikte rol wat die Progressiewe Party gespeel het.



Mnr. L. le Grange, L.V. vir Potchefstroom.

Die H.N.P. en die Demokratiese Party se steun was onbeduidend. Hierdie partye mag van die toneel verdwyn of vordering toon. Hulle sal egter altyd irrelevant bly, omdat hulle lewensvatbaarheid hulle ontneem is deur die feit dat hulle nie gefundeerde alternatiewe bied nie.

Die Federale-idee van die V.P. is deur die kiesers verwerp. Die keuse wat die kiesers gemaak het, is duidelik. Hulle sien kans om van soewereiniteit afstand te doen as dit die totstandkoming van n Bantoestaat behels en daardie soewereiniteit dus slegs grondgebied as inhoud het. Hulle sien nie kans om van soewereiniteit afstand te doen nie, as dit die vestiging van swart gesag in die vorm van 'n Federale Parlement (wat noodwendig op grond van getalsterkte deur die Bantoe oorheers sal word) aanneem.

Wanneer 'n mens let op die vordering van die P.P., is dit interessant dat hulle in die stedelike gebiede (Johannesburg-Noord, Parktown, Seepunt, Orange Grove en Rondebosch) vordering gemaak het, maar nie in Natal, wat eweseer Engelssprekend is nie. Dit wil dus voorkom asof daardie kieser wat swart naasbestaan ervaar, minder vatbaar is vir die integrasie-idee van die P.P. as daardie kieser wat in die stad sit waar hy die voordele van segregasie geniet. Hierdie faktor kan die P.P. se groei dalk beperk tot 'n verdere ses of wat rykmans stedelike kiesafdelings.

## KRY JOU KARNAVAL-HEMPIE by die S.R.-KANTOOR

## VERKIESINGSBROKKIES

**KYK 'n mens na die uitslag in Orange Grove besef 'n mens dat persoonlikhede tog in gevalle 'n rol gespeel het. Daar het mnr. Ruper Lorimer (P.P.) sy teenstander in die Volksraadsverkiesing, mnr. Etienne Malan (V.P.) met 742 stemme verslaan.**

In die Provinsiale Raadsverkiesing het die V.P. egter 'n meerderheid van 3 368 stemme teen die Progressiewe Party behaal (wat vergelyk met die toestande in die vorige verkiesings). Mnr. Etienne Malan was lid van die Schlebusch-kommissie en van die Ou Garde — sou dit rede vir sy neerlaag wees?

Die Eerste Minister, mnr. Vorster, het van al die kandidate in die verkiesing die meeste stemme op hom verenig.

Adv. Radclyffe Cadman, V.P. leier in Natal, het sy tweede neerlaag in 8 jaar teen 'n Nasionalis gely. Dit benadeel sy kanse om Sir De Villiers Graaff op te volg grootliks. In 1966 is hy in Zoeloeland verslaan en is toe Senaat toe gestuur deur die V.P. Moontlik sal Umlozi nou aan hom gegee word — hoewel dit lyk asof Brig. Von Keyserlingk, die huidige V.P. L.V. vir Umlozi, nie baie gelukkig voel oor so 'n stap nie. Die Sunday Express van 28 April noem Umhlanga ook as 'n moontlikheid.

Daar kan verwag word dat 'n titaniese stryd hom in Pinelands gaan afspeel as die tussenverkiesing op 12 Junie daar plaasvind. Dié tussenverkiesing word veroorsaak deur die dood van die V.P. kandidaat in Pinelands, mnr. Newton Thompson.

Die P.P. kort 'n sewende L. V. om 'n senator te kan benoem en sal dus alles in die stryd werp — ook om te bewys 24 April was nie 'n gelukslag nie.

Die V.P. sit weer met 'n benoemingsstryd binne sy eie geledere. Mnr. Harry Schwarz wil mnr. Kobus van Eeden as kandidaat sien (hy het dit onlangs in Seepunt laat blyk) terwyl die ou garde Pinelands dalk wil gebruik om een van sy voorbankers terug te kry in die Volksraad. Die Demokratiese Party stel egter ook in Pinelands belang.

## DIE ROL VAN DIE PERS

**DAT die Engelssprekende Pers 'n groot rol in die uitslag van die verkiesing gehad het, is nie te betwyfel nie.**

Anders as die Afrikaanse pers, wat die regering bankvas ondersteun het, het dit allerlei strategieë uitprobeer en die eie oogmerke gehad. So bv. is die Jong Turke binne die V.P. 'n skepping en peetkind van die Sunday Times. Die idee van stem-vir-die-kandidaat, nie vir die party nie, het groot aanklank by die opposisiepers geniet.

Die vraag kom egter by my op wat die rol van die pers in die toekoms gaan wees?

Wat die regering en die Afrikaanse koerante betref, is daar in die nabye toekoms weinig moontlikhede dat die N.P. onder skoot sal kom. Die koms van Die Beeld, dagblad van die Nasionale Pers in Transvaal, sal gedurende die tweede helfte van 1974 wye belangstelling uitlok. In die woorde van dr. Wimpie de Klerk kan dit lei tot „die stimuleer van ope denke deur die bal 'n bietjie rond te skop". Koerante wat verskil van siening is nie noodwendig teenstanders in die oorredingsproses nie, maar bondgenote.

Beide die Argus-groep (tradisioneel pro-Graaff) en die South African Associated Newspapers-groep, eis deesdae die V.P.-leier se kop. Vergelyk maar die Sunday Tribune (Argus-groep) van 21 April 1974.

Die enigste getroue bondgenoot wat die V.P. (nie noodwendig die Ou Garde nie) nog het, is die Sunday Express. Hy



QUINTUS PELSER

vra mnr. Harry Schwarz se belofte, wat van 35 setels aan die Rand geword het. Die Express glo die V.P. met sy Federasieplan, is en bly die enigste effektiewe opposisie. Die Sunday Times het hom duidelik verbind aan die Jong Turke. Daarom beplan hy 'n sentrale kongres van die V.P. voor die begin van die Parlementsitting waarop die volgende sake behandel sal word:

Graaff se posisie as leier. Dit lyk asof hy vervang gaan word as hy nie uit vrye wil gaan nie.

Die aanwys van mnr. Japie Basson as nuwe V.P.-leier.

Beleidsaanpassing om die posisie van die Blanke Parlement binne die Federale Struktuur in heroorweging neem.

Demokratisering van die V.P. se nominasie-prosedure — iets wat tot groot onmin gelei het gedurende die afgelope verkiesing.

Dit wil lyk asof, indien die kongres nie sal afkom nie die vonke dan binne die parlement gaan spat. Hou die pers dop.

## Grenssetels 1979

**DIE volgende is 'n lys van parlementêre setels wat met meerderhede van minder as 2 000 stemme gewen is gedurende die afgelope verkiesing.**

Gesien in die lig van die vloeibaarheid van die politieke situasie is dit nie vergesog om die setels as grenssetels vir die volgende volksraadsverkiesing te beskou nie.

Dit word aangedui in die volgorde: Setel, deur welke party gehou, meerderheid, uitdager-party:

TRANSVAAL

Florida: N.P. — 1 894 — V.P.
Johannesburg-Noord: P.P. — 1 403 — V.P.
Oranje Grove: P.P. 742 — V.P.
Parktown: P.P. — 391 — V.P.
Randburg: V.P. — 831 — N.P.
Springs: N.P. — 979 — V.P.
Turffontein: N.P. — 330 — V.P.

NATAL

Berea: V.P. — 1 585 — P.P.
Eshowe: N.P. — 323 — V.P.
Pietermaritzburg-Noord. V.P. — 394 — N.P.
Pinetown: V.P. — 891 — P.P.
Port Natal: N.P. — 20 — V.P.

KAAP

Kaapstad-Tuine: V.P. — 1 719 — N.P.
King Williamstown: V.P. — 478 — N.P.
Newtonpark: V.P. — 1 061 — N.P.
Rondebosch: P.P. — 1 568 — V.P.



Mnr. W. K. van der Merwe, L.P.R. vir Potchefstroom.

Seepunt: P.P. — 1 568 — V.P.
Wynberg: V.P. — 1 568 — N.P.

Van bostaande 18 kiesafdelings word tans 5 deur die N.P., 5 deur die P.P. en 8 deur die V.P. gehou. Gesien teen die huidige tendens weg van die V.P. kan 6 daarvan Nasionaal word en 2 Progressief. Na my mening is daar weinig montlikheid dat die 10 setels wat deur die N.P. en P.P. gehou word ooit na die V.P. (wat telkens die uitdager is) sal gaan.

KOOP 'n LOOP-HAPPIE

HONGER? Probeer ons Vetkoek.

MAALVLEIS 25c.
KERRIE 25c.
KAAS en KONFYT 25c.

# STOOFAPPELS

*Die liefde is die bitter glas,
die droë glas, die donker glas;
die liefde is die naverdriet
wat in die hart se holte pas.*
(G. A. Watermeyer)

* * *

*Rooidag, rooidag,
wat bring jy?
Ek weet nie waarom
voel ek so bly,*

*my hart die klop
en dit voel vir my
sowaar, sowaar
vandag kom hy.*
(N. P. van Wyk Louw)

* * *

*Toe het hy stil uit die nag verskyn
geraam in die donker deurkosyn.*
(Elisabeth Eybers)

* * *

*Die bruinperd met die kol voor die kop,
die jonkman sit met plesier daarop:
die wit sakdoek in die linkersy,
dit lyk of hy vanaand gaan vry.*
(Anoniem)

* * *

*My nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand ... iemand in anys,
daar's 'n vrou in elke geur!*
(D. J. Opperman)

* * *

*Wie loop? Dis die haas, dis die hond, dis die wind,
dis die water bly en welgesind.
Wie sing? Dis die sysie, die riet, die sleutelgat,
en my hart wat sing en sing soos 'n kind.*
(W. E. G. Louw)

* * *

*My naakte siel wil sonder skrome
in alle eenvoud tot jou gaan,
soos uit diepe slaap ons drome,
soos teen skemerlug die bome
opreik na die bloue maan.*
(N. P. van Wyk Louw)

* * *

*Hoe sal ek sê dat ek jou liefhet
sonder beeldspraak of retorika?
Die woorde tussen mense kom en gaan
met so min erns in die spel.*

*Ek kan dit met my hande sê,
maar sal die bloute van jou oë nooit nie raak,
jou intonasie en die gebaar
wat aan 'n mens behoort
uniekheid van 'n glimlag.*

*Duits en Engels het drie woorde vir die ding
wat geen wetenskaplike formule kan vervat,
geen logiese-band ooit kan verklaar
In Afrikaans, sit ons nog opgeskeep
ook met die hulpwerkwoord.*

*Wat sal my moeite dus uiteindelik baat?
Ook sal ek my op die vier woorde moet verlaat.*
(Lina Spies)

* * *

*Ek het jou liewer as wind of die water
liewer as suiwere sonlig en see
Ek het jou lief met die wonderkrag
wat die hart van 'n mens aan 'n mens kan gee.*
(W. E. G. Louw)

* * *

*Gee my jou oë, liefste, en jou hand
wanneer die laaste kaggelvure brand,
wanneer die reënnat winterwinde luid
hul weemoed uitspat teen die vensterruit.
Gee my jou hart wanneer die stuifdruppels sag
gesprekkies lispel deur die lange nag.
Die vlamme fladder warm strepe lig
oor deining van jou bors, jou smal gesig;
— Ek vly in leeggewaaide stilte weer
my langs diep kuile van jou liefde neer.*
(G. J. Kruger)

*Tussen die katel se koppenent
ennie die katel se voetenent
daar lê die begin
en daar lê die einde
die begin vannie ding
ennie end vannie ding
en tussen begin en end
word jy die speletjie ooit gewend
of issit van begin tot end
meer geluk as wysheid
dajy hou toddie end.*
(Boerneef)

* * *

*Ons liefde het uitgeblom
tussen elfuur en kwart oor twee —
hier sit ek onder die dagbreek
half-nugter en verlee*

*op koel stoeptreetjies êrens
waar ek 'n blink waterkraan sien,
in die ure van die donker dors
tussen twaalfuur en smôrens om tien.*

*Om elfuur was jou liggaam die
die honger en dors in my,
as jou skewe papier-kalot
ver deur die danssaal gly.*

*Om twaalfuur was jy 'n ligte brug,
'n hoë gevaarlike gang
bo my klein verwildering
tussen pyn en sterwe gehang.*

*Om eenuur was jou hare
vir my vingers 'n bose strik,
en jou lyf soos swart stil water
en jou asem soos 'n snik.*

*En nou het die môre my
oor die rand van sy glas gemors
op die stoep by die kraan wat blink
in die uur van die donker dors.*
(N. P. van Wyk Louw)

* * *

*Die storm aarsel en besprong
die wilger soos 'n wilde dier
Die donderweer kruip grommend
nader oor die mooirivier —*
(Ina Rousseau)

* * *

*Wat wou jy daardie nanag vir my sê
toe reeds die afskeid in ons oë lê?*

*Wou jy vertel hoe onontvlegbaar vas
ons liefde in 'n duisend voeë pas?*

*Wou jy stil bieg dat die herinnering
aan vroeër tye in nagglimmering*

*van ou-ou drome telkens weer verskyn,
dat dit jou bitter vreugde was, jou pyn?*

*Of wou jy in gelate fluistering
my net jou hart se donker weemoed bring?*
(G. J. Kruger)

* * *

*En nou's dit oor: die kelkies lê in stukke;
die wyn bevlek die tafel, en die rose
is verflenter en verwelk ...*
(N. P. van Wyk Louw)

* * *

*Vandat jy weggegaan het,
teken ek daagliks in my doodsdagboek
by jou naam „aanwesig" aan
met 'n klein rooi merkie
vir jou voetstap
as ek kaalvoet oor die strand loop,
vir jou opdringerige stem
as ek luister na musiek
as ek na musiek luister.*
(Lina Spies)

*ja, maar ook dat ek nou die kamers van eensaamheid
herken,
die bevuiling van drome, die oorblyfsels van herin-
neringe,
'n viool se dun gekerm
waar oë vér altyd vérder kyk,
ore tjoepstil na binnetoe luister
— dat ek ook soos 'n bedelaar
bid vir die aalmoese van ‚nuus van die huis',
vir die genade van, onthou jy's
vir die erbarming van ‚een van die dae'.*
(Breyten Breytenbach)

* * *

*Skraler as 'n riet
o, o skraler as 'n riet
die bloubos het die goue pit
en ek het die verdriet.*
(N. P. van Wyk Louw)

* * *

*O drome, o verlange
wat nou treur en sing
hul droewe sange
van herinnering ...*
(Uys Krige)

*Met skeem'ring toe die vinke by die vlei
Die lug deurweef het met hul helder geel,
Het ek vir 'n oomblik my verbeel
Jy loop weer deur die riete saam met my;*

*Want alles was soos toe ons sy aan sy,
Gehoor het hoe die windjie deur hul speel.*
(I. D. du Plessis)

* * *

*Wys my die plek waar ons saam gestaan het,
Eens toe jy myne was —
Vroeër, voor jou liefde vir my getaan het,
Vroeër, toe jy myne was.
Kyk, dis dieselfde; die silwersee
Blink in die sonskyn, soos lank verlee
Dit eenmaal geblink het, 'n welkomsgroet
Vir ons liefde wat uithou en alles vergoed.*

*Wys my die plek waar ons saam gekniel het,
Eens, toe jy myne was —
Vroeër, toe een siel vir ons saam besiel het,
Vroeër, toe jy myne was.*
(C. L. Leipoldt)

* * *

*Wanneer jy hierdie laaste brief
agter die duin gelees het, lief,*

*skeur en skeur dit in niks minders
as 'n duisend spikkelvlinders*

*wat wegdwarrelend op die wind
in die see hul einde vind,*

*want oor die vlaktes tussen ons
is al ons drome disseldons.*
(D. J. Opperman)

* * *

*Niks is verlore nie, want hierdie
kentering
sal al my lamgeslane dae wreek.*
(W. E. G. Louw)

* * *

*NASKRIF*

*„Niks duur vir altyd nie; nie vriendskap nie, en allermins die liefde; en smart is nodig dat ons die vreugde kan kèn en hèrken; en bome word oud en ou mense sterf: hoe sal ons dan sê: toef langer o dag, o lente, o jeug?"*
(Hennie Aucamp)

# *Kennisgewing aan manskoshuise*

**PUKKE, — Hierdie tydskrif is 'n diens deur julle, aan julle. Indien julle dus, soos dié week, nie bydraes lewer nie, kan ons niks plaas nie.**

Hieronder volg 'n brief (verkort) soos dit aan elke manskoshuis gestuur is, met daarby die program waarvolgens elke koshuis sy bydraes moet lewer. Dié brief is òf persoonlik afgelewer, òf in elke koshuis se bussie geplaas. Die redaksie kan dus geen verantwoordelikheid aanvaar indien geen berigte ingegee word nie.

BRIEF

Geagte Korrespondent,

Ek wil jou net weer daaraan herinner dat elke koshuis elke twee weke 'n kans kry om sy naam hoog te hou onder „Koshuiskos" in die Wapad. Hieronder volg die tydtafel waarvolgens u die berigte moet lewer.

Berigte vir elke week moet my op die laaste die Maandag (1.30 vm.) van die betrokke week se uitgawe (sien tydtafel) bereik. Berigte kan òf in Skuur se bussie by die SR kantoor (133) òf na Skuur, kamer 89 gestuur word. Berigte moet sover moontlik getik wees en nie langer as 'n driekwart folio, of dan een tot een-en-'n-halwe folio (ongetik) wees nie.

Hou die berig by eie koshuisnuus en -gebeure. Moet nie teen ander onnodig verkleinerend wees nie.

TYDTAFEL

Die volgende koshuise gee berigte in op 22 April, 6 Mei, 20 Mei, 3 Junie en 17 Junie:

Skuur, Makouvlei, Over de Voor, Piet Groblerhuis, Heimat, Gatland.

Die volgende koshuise gee berigte in op 29 April, 13 Mei, 27 Mei, 10 Junie en 24 Junie:

Liberalia, Dorp, Klooster, Toekoms en Uitspan.

Die datums waaronder u koshuis verskyn, is die datums waarop u berigte moet inhandig. Sorg dus dat u onderskeie korrespondente hul plig doen.

Dankie,
J. Erasmus (Redakteur).

## KASKENADES

**Al, hier na Karnaval se kant toe begin almal weer hul vere regskud. Baie mansstudente lê nou smiddae op hul beddens, druk besig om nuwe taktieke uit te werk met die oog op karnaval-sleepaksies. Dit is mos wat die meeste wil doen, sleep pleks van vlotbou.**

**Meisies, onthou . . . die mans se harte is maar vlak: as 'n man nie naby die een is wie hy liefhet nie, het hy sommer die een lief naby wie hy is.**

**Schlengeman het gedig:**

**„Dis snaaks hoe lekker kry 'n mens**
**as sy 'n glimlag gee;**
**Dis snaakser nog hoe sleg jy voel,**
**as sy jou antwoord „Nee".**

**Maar snaaksste van dit alles is**
**Hoe gou 'n mens vergeet,**
**As jy 'n nuwe liefde kry**
**Die eerste een se leed!**

**Seker daarom dat Wolfie sê: „Don't kiss me goodnight, kiss me all night!"**

**PUKKE, kom met jul bydraes, ons het dit nodig. Ek kan nie eens sê geniet die Karnaval, én gedra julle nie, want mens kan mos nie altwee doen nie!**

# KOSHUISKOS




**Die wenvlot van verlede jaar, die spogpoging van Skuur en Kasteel . . . Gaan hulle dit weer regkry? (Foto: Fotokuns.)**

## KASTEEL

SO STIL-STIL oes Kasteel al die louere in. Natuurlik het ons eerstejaars die vinnigste en meeste Pukkies verkoop. Watter koshuis kan nog spog met 'n vyftien punte wegspringslag en boonop 'n R100 bonus. Ons slyp al ons tande vir die Hi-Fi-stel.

Deesdae het ons ook 'n bietjie meer lig op die onderwerp (langs die koshuis) soos baie slepers seker ook al tereg opgemerk het. Donderdagaand het Kasteel die laaste rillings van die eerste koue „weggedose" met Irish Coffee saam met Over de Voor.

Maandagoggend om tien uur voormiddag gaan ons bittereinders definitief die kaartspel-marathon — Rummy — aandurf, wat 70 ure lank sal aanhou.

Hulle is Patty Render, Skoozie Cloete, Martie Hattingh, Hendra van Aarde, Reke Labuschagne, Jenny en Audrey Schröder en Marié Smalberger.

Miskien gaan Kasteel ook aan die trapkarresies deelneem, dit wil sê as die onderhandelinge met Skuur suksesvol is. Ons eerstejaars wil die Kaap—na—Rio-wedren aandurf met eierpanne as roeispane. Ons hoop hulle is net sulke goeie roeiers as kokke.

Volgende week sal al wat Kasteler is, weer afsit na die Vlei — ons bou mos saam vlot, wie weet — dalk die wenvlot!

## SKUUR

ALHOEWEL dit nie ons beurt is nie, maar daar dalk plek in die „Wapad" mag wees, wil ons net van die geleentheid gebruik maak om aan al die Skuur se bulle, wat met 'n tikkie op die kop graad kon vang, baie geluk sê. Dit was 'n groot dag en ons is trots op julle.

Dan, aan Skuur en die Puk se trots, klein Pietie Meyer, „die klein mannetjie met die hart" (gekwoteer uit die woorde van H. Badenhorst), baie geluk met jou besondere prestasies, waarvan die grootste jou S.A.-rekord is.

Manne, ek verneem die Mafia is weer baie bedrywig. Onthou! Daar is geen Mafia nie . . .

## SOETDORINGS

SOETDORINGS het Woensdag weer eens haar uitsonderlikhede bewys; ons koshuis was oopgestel vir „besoekers". Nou weet almal dat die koshuis binne selfs geselliger is as buite. Liza het selfs besluit dat net 'n klein onthaaltjie goed genoeg is vir Lappies.

Joke het gesorg dat die fondament vir geleerdheid gelê word, sy is die eerste inwoner wat graad „gevang" het. Laat ons maar hoop dat die ander inwoners ook sal „raak vang".

Die begin van 'n reeks verlowings is begin deur Mienie en ons wag almal met groot verwagting op die res. Amanda? Elza? Elmaré? Liza?

Die ander dameskoshuise kan gerus ons uitdaging aanvaar vir die „Rio na Kaap"-wedstryd. Toekoms het aangebied om vir ons 'n vlot te bou en ons wil vir die manne sê dat ons dink dis groot.

Die goeie gees word uitgedra deur ons eerstejaars se goeie brosuitslae. Almal het bros en kleurbaadjie geslaag; daar was selfs onderskeidings.

Karnaval lê weer voor die deur en soos dit Soetdorings betaam, sal ons weer orals gesien word. Geniet Karnaval, en gaan mal!

## DORP

RUGBY: Na ons derde agtereenvolgende oorwinning, sit P.G.D. 1 stewig in die saal met koshuisliga. Jammer Kompleks, julle het teen 'n beter span verloor — ek gee toe — julle is goeie teenstanders en 'n maklike oorwinning was dit nie.

P.G.D. 15. Geluk manne! Dit was groot en soet daarby. Ons druk duim vir Saterdag teen Skuur, sterkte, sommer ook vir die hele seisoen.

Uitslae: P.G.D. I teen Kompleks I 12—10.

P.G.D. II teen Skuur II 3—4.

P.G.D. III teen Kompleks III 47—0.

P.G.D. IV teen Skuur IV 4—14.

Karnavalkompetisies: Help manne, ons wil aan elke kompetisie deelneem, skakel met Dirk du Preez vir meer besonderhede.

Trapkar: Dorp het steeds die tweede beste trapkar op die kampus, met die verskil, die beste een is nog nie gebou nie. Dorp sal sy stem dik maak met sy twee amptelike inskrywings. Sterkte aan die dames van Wanda met hul inskrywing wat geplaas word.

Vlotbou: Sien julle vanaf Maandagaand om 7.30 by Wanda. Eerstejaars kruip uit die gate, ons verlang na julle. Geluk aan die entoesiastiese eerstejaar-dames, ons kyk uit vir julle deelname aan die karnaval.

## OOSTERHOF

SOOS gewoonlik is **Oosterhof** alweer die nuusmaker. Die Puk se nommer een enkelspeltennisspeelster is Marleen Lombard, 'n **Oosternooi**. Ofskoon sy haar prestasie aan haar „tekkies" toeskryf, kan ons getuig van harde oefening.

Met die gees van Karnaval in die lug, pos Gatland toe mos 'n man tot groot vermaak van ons eerstejaars; Klooster skaak ons teekan, en die helfte van die oudames het al afgesterf van dors.

Mnr. Pieter Mulder het ons Maandagaand besoek, en aan die eerstejaars hulle knopies oorhandig. (Terloops, almal het in hul Bros geslaag!)

Aan al die dames wat graad gevang het — Geluk! Ons weet nou eers waarom julle so baie keer „sjuut" in die gange geskreeu het.

Ons eie Oostervaria is in volle gang, en mense wat ons op Maandagaande besoek, sal tussen 9 nm. en 9.30 nm. die lekkerste musiek en interessantste boodskappe oor ons interkom hoor.

Hou ons maar dop. Volgende week is ons weer in die nuus! Oostergroete.

## KOSHUIS-RUGBY

DIE koshuisrugbyliga het byna halfpad gevorder en nog steeds is daar nie een span wat verseker kan sê dat hy hierdie jaar met die beker gaan wegloop nie.

Drie spanne, nl. P.G.D., Kompleks en Skuur, staan op die oomblik sterk in die liga. P.G.D. het 'n effense voorsprong in dié sin dat hulle ná drie wedstryde nog volpunte het, terwyl die ander twee spanne albei al een keer verloor het. P.G.D. en Skuur moet nog in die eerste ronde teen mekaar speel en die wedstryd kan 'n groot invloed hê op die uiteindelike uitslag in die liga.

Saterdag het P.G.D. en Kompleks teen mekaar te staan gekom. Dit was 'n skitterende wedstryd wat deur enige van die twee spanne gewen kon gewees het. Omdat P.G.D. egter hul kanse beter benut het, het hulle as oorwinnaars van die veld gestap en 'n verdere twee punte in die liga verdien. Die telling was 12—10.

Dawie Dup, verlede jaar se wenners van die liga, kon hierdie jaar nog nie weer die gehalte spel lewer wat hulle verlede jaar so 'n moeilike span gemaak het om te klop nie. Hulle het egter Saterdag weer tekens van verlede seisoen getoon toe hulle Over de Voor oortuigend geklop het.

Over de Voor beleef vanjaar seker een van sy swakste jare op sportgebied. Die koshuis se eerste span het nog nie een wedstryd gewen nie. Klooster, die jongste manskoshuis op die Puk, het dan ook vanjaar hul enigste oorwinning in 'n ligawedstryd teen Over de Voor behaal.

Die jongste puntestand is as volg:

| | S | W | V | G | Pv | Pt | PT |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| P.G.D. | 3 | 3 | — | — | 48 | 31 | 6 |
| Kompleks | 3 | 2 | 1 | — | 35 | 24 | 4 |
| Skuur | 3 | 2 | 1 | — | 29 | 24 | 4 |
| Dawie Dup | 3 | 1 | 2 | — | 29 | 39 | 2 |
| Klooster | 3 | 1 | 2 | — | 31 | 38 | 2 |
| Over de V. | 3 | — | 3 | — | 45 | 51 | — |

## KARNAVAL '74

**Johan Malan (Edms.) Bpk.**

**VUURMAAKHOU**

OWENLAAN 2
en
GOEDERE ERF,
Potchefstroom Stasie.
TELEFOON 5371.

—:—:—:—:—:—

ONS LEWER AF

—:—:—:—:—:—

Posbus 69,
POTCHEFSTROOM.

—ST

# sport

## Pypies-hulle het groot planne vir karnaval

PYPIES Laubscher, voorsitter van die Puk se Landloopklub, en sy makkers het 'n groot afloswedloop vir Karnaval beplan: Dit beloof om een van die hoogtepunte van die Karnavalweek te wees.

Elke Puk is op 'n slim manier by die aflos betrek. Van elke mans- en dameskoshuis wat saam vlot bou sal 'n span van ses lede (bestaande uit drie mans en drie dames) aan die wedloop deelneem. Die lede van die wenspan asook dié van die span wat tweede eindig, sal pryse ontvang.

Die aflos sal op Vrydag 10 Mei plaasvind. Die deelnemers spring die oggend om 9.30 voor die Biblioteek weg waar die wedloop ook sal eindig.

Op 'n klubvergadering wat verlede Donderdagaand (25 April) gehou is, is ook bekend gemaak dat die trofeë vir die nuut-ingestelde koshuisliga in landloop reeds bestel is. Om die dames se belangstelling in landloop aan te wakker, is daar ook besluit om vir hulle pryse soos parfuum, sykouse, vals haarstukke, toiletware en dergelikhede uit te loof.

## Bernardo en maats hardloop Goldfields ver weg

**SATERDAGMIDDAG het die Carletonvillers rustyd nog gemoedelik bene gerek op Olënpark. Met 'n agterstand van 6—15 het hulle gemeen dat hul span ná die wedstryd teen die Pukke nog steeds onoorwonne sou wees in die stryd om die Neserbeker. 'n Mens kon hulle dit nie kwalik neem nie, want die eerste helfte was nie iets om oor huis toe te skryf nie.**

Maar in die tweede helfte het die Pukke weer hul ou laai uitgehaal. Hulle het met die bal begin hardloop en Goldfields het nie geweet waar om te keer nie.

Dit sal onregverdig wees om spelers aan Puk-kant uit sonder, maar 'n mens kan nie anders as om kantman Bernard Bernardo se naam te noem nie. Teen die einde van die wedstryd was hy eenvoudig soos 'n skaduwee altyd by die bal en het 'n hele paar keer groot ente veld gewen met mooi lopies.

Bernardo se kollegas, Eric le Roux en agtsteman-kaptein James Stoffberg het ook 'n groot aandeel gehad in die Pukke se reuse-oorwining van 40—12. Die drie losmanne het veral in die tweede helfte soos tiere saam gejag agter die opponente en die losbal.

Dit sal interessant wees om te sien of James Claassen in die Pukke se volgende wedstryd weer 'n kans sal kry om te wys wat in hom steek. Die enkele kere wat hy Saterdag die geleentheid gekry het, het die haastige vleuel getoon dat hy lus is om met die bal te hardloop.

Vir die Pukke het Dries Coetzer, Eric le Roux, Bernard Bernardo, James Stoffberg, Hennie Saayman en Eugene van Wyk drieë gedruk. Heelagter Willie de Bruin het sestien punte (twee strafdoele en vyf vervyfskoppe) met die voet aangeteken.

Choppie Taylor, losskakel van Goldfields, het sy span se enigste drie gedruk en met 'n strafdoel geslaag. Nick Bezuidenhout (heelagter) het 'n strafdoel en 'n vervyfskop behaal.

In 'n voorwedstryd het die Puk se 0.20 A-span vir P.O.K. 0.20 B met 74—4 verneder. Op die Fanie du Toit-sportterrein het die Puk se tweedes vir Goldfields II met 21—10 gewen, terwyl die derde spanne met 3—3 gelykop gespeel het.



Pypies Laubscher, voorsitter van die Landloopklub. Die klub het 'n groot afloswedloop vir Karnaval beplan.



BO: Bernard Bernardo, woelige flank van die Pukke, bars weg met die bal in verlede Saterdag se wedstryd teen Strathvaal. Agter kom James Stoffberg, Theuns van Rensburg, Hennie Saayman en Dries Coetzer nader om te kom hand bysit. (Foto: Sam Basch).

## Opdraande program vir landlopers

**DIE program van die Wes-Transvaalse Landloopunie is verlede Donderdagaand op die P.U.-Landloopklub se vergadering bekend gemaak. Dit is duidelik dat die Pukke vanjaar strawwe teenstand gaan ondervind.**

Pypies Laubscher, voorsitter van die klub, meen egter dat die Pukke nie vanjaar swakker behoort te vaar as in die verlede nie.

Die amptelike program van die Unie is:

4 Mei: Kokkie Nel-aflos, P.O.K.-gronde (1,30 nm.).

18 Mei: Vriendskaplike byeenkoms, P.U.-gronde (2,00 nm.).

1 Junie: W. Tvl. Proewe, Carletonville Hoërskool (Wes Wits) (2.00 nm.)

8 Junie: Inter-provinsiaal W.-Tvl./S.-Tvl./N.-Tvl./O.-Tvl./O.V.S./G.-Wes, Stilfontein (1.00 nm.)

15 Junie: Vriendskaplike byeenkoms, P.U.-gronde (2.00 n.-m.); S.A. Kampioenskappe en Marathonproewe, P.O.K.-gronde (7.00 vm.)

22 Junie: K.A.A.V. Vriendskaplik, Markötter (Klerksdorp) (1.30 nm.)

29 Junie: Klerksdorp-Stilfontein padwedloop (2.00 nm.)

6 Julie: Weermag-marathon, Weermag-sportgronde (2.00 namiddag.)

13 Julie: S.A. Marathon en

★ Vervolg in kolom 3

## Dameshokkie begin goed

DIE Puk se eerste hokkiespan het Saterdag 'n oorwinning van 1—0 oor die sterk span van Strathvaal behaal. Lena van Wijck, regtersneller, het die doel aangeteken ná 'n mooi aangee van Sanpat Coetzee, die middelvoor.

Reca Labuschagne se skitterende spel op doelwagter het verhoed dat Strathvaal 'n doel kon aanteken. Truusje Faber het ook uitgeblink vir die Puk.

Verlede Saterdag (20 April) het die Puk-asters die hokkieseisoen geopen met 'n oorwinning van 3—1 oor Potchefstroom-Dorp. Sanpat Coetzee (2) en Isabel Buys het doele vir die Pukke aangeteken.

Môre vind daar 'n eendaagse hokkietoernooi op Bill Swart-Ovaal plaas wat dien as proewe vir die W.Tvl.-span wat vanaf 8—12 Julie aan die inter-provinsiale toernooi in Windhoek sal deelneem.

Dit lyk of ons groot dinge kan verwag van die Puk se eerste hokkiespan, veral onder die leidende hand van die nuwe afrigter, mnr. Clive Ulyate.

Die interkoshuis - hokkieliga begin aanstaande week.



BO: Robert Schoeman (links) is die Puk se nuwe gholfkampioen. Hy het die titel verlede naweek tydens die Puk se gholfkampioenskappe gebuit. Fred Hoogendyk (regs) het die B-afdeling gewen. Danie van Wyk en Muis van Tonder, wat onderskeidelik die C- en D-afdeling gewen het, was afwesig toe die foto geneem is. (Foto: Sam Basch.)

## KOM KLOP DIE KAMPIOENE

**MET die Puk se tenniskampioenskappe agter die rug het die tennisranglys heelwat verander. Volgens Willem Jonker, voorsitter van die tennisklub, kan enige speler nou die persone uitdaag wie se name op die ranglys verskyn.**

Die reëls bepaal egter dat 'n gelyste speler slegs een van die twee spelers wat bo hom gelys is, mag uitdaag. Persone wie se name nie op die ranglys verskyn nie, mag enige van die onderste drie persone op die lys daag. Eerste en tweede span spelers van verlede jaar kan enige iemand uitdaag, solank die persoon net nie hoër as nommer sewe gelys is nie.

Twee weke moet verloop voordat dieselfde twee persone wat in 'n vorige uitdaagwedstryd teen mekaar te staan gekom het weer teen mekaar mag speel.

Spelers moet eers met Willem Jonker by Hoffmanstraat 12 reël voordat hulle 'n uitdaagwedstryd speel. Balle word verkry by wyse van 'n spesiale brief. Die brief is ook by Willem verkrygbaar.

Die eerste twintig spelers wie se name op die jongste ranglys verskyn, is:

Mans: P. Malan, E. Ferreira, F. Campher, P. Campher, W. Jonker, D. Botha, H. Campher, A. Paiva, C. Marais, C. Hamman, K. Pretorius, S. van Zyl, E. Ferreira, J. Kroon, P. Mosterd, L. Naudè, A. Olivier, P. du Preez, C. Siertsema en J. Muller.

Dames: M. Lombard, A. Slabbert, G. Fourie, R. van Heerden, A. Hamman, S. Oosthuizen, E. Viljoen, R. van Rensburg, M. van Deventer, C. van Wyk, H. Streicher, E. Pretorius, M. Duvenhage, M. Boshoff, H. Louw, E. Brits, E. Redelinghuis, R. Smuts, A. le Roux en E. Prinsloo.

★ Vervolg van kolom 5

50 km stap-kampioenskappe, Stilfontein (6.30 vm.)

20 Julie: Strathvaal-kampioenskappe, Stilfontein (1.30 nm.)

3 Augustus: N.-Tvl. Kampioenskappe, L. C. de Villiers (U.P., Pretoria) (1.00 nm.)

10 Augustus: W.-Tvl. Kampioenskappe, Wes-Wits (Carletonville) (1.00 nm.)

17 Augustus: S.-Tvl. Kampioenskappe, Marks Park (Diggers) (1.00 nm.)

24 Augustus: K.A.A.V. Kampioenskappe, Markötter (1.30 nm.) (Klerksdorp)

31 Augustus: S.A. Kampioenskappe, L. C. de Villiers (U.P., Pretoria) (1.00 nm.)

14 September: Een uur-wedlope, P.U.-gronde (2.00 nm.)

21 September: Goue Weste Marathon, Stilfontein (7.00 vm.)



Mnr. Clive Ulyate, die Puk se nuwe hokkie- en krieketafrigter. (Foto: Fotokuns.)

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*

## Ulyate help trek aan sport

**MNR. CLIVE ULYATE, die Puk se nuwe hokkie- en krieketafrigter, het aan die begin van die kwartaal diens aan die Universiteit aanvaar. Hy het reeds met groot organisasiewerk onder die Puk se dames- en manshokkiespelers begin. Hy meen hier is genoeg talent om goeie spanne saam te stel.**

Volgens hom gaan hy 'n span uit die eerstejaarsdames saamstel om teen skole te speel. Op diè wyse kan hy goeie speelsters uitsoek vir die volgende seisoen se senior Puk-spanne.

Mnr. en mev. Ulyate kom van Jan Kempdorp waar hy onderwys gegee het. Hy het die B.A.-graad aan die Universiteit van Rhodes en sy U.O.D. aan Unisa verwerf.

Mnr. Ulyate is 'n veelsydige sportman. Hy was nie net 'n Springbokrugbyspeler in 1955-56 nie, maar het ook in 1952 en 1957 vir Transvaal krieket gespeel en in 1953 Protea-kleure in hokkie ontvang. Op die oomblik speel hy muurbal, gholf, krieket en tennis vir ontspanning.

PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(Edms.) Bpk.
Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXIX VRYDAG, 31 MEI 1974 Nr. 9

CACHET APTEEK
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# Piet Strauss ondersteun Bilaterale skakeling

**TYDENS die Studenteraad van die Puk se informele ontmoeting, het mnr. Piet Strauss, President van die A.S.B., sterk standpunt ingeneem t.o.v. die Afrikaanse student se houding binne en buite die A.S.B. Mnr. Strauss, vergesel van die sekretaris van die bond, mnr. S. Morkel, het die P.U.-kampus op 15 Mei besoek waartydens die president ook die massavergadering toegespreek het.**

### KONTAK

Tydens sy gesprek met die Studenteraad het mnr. Strauss kontak op 'n bilaterale vlak bepleit. Bilaterale kontak is kontak tussen twee Studenterade van verskillende taalgroepe bv. PUK en WITS of R.A.U. en Fort Hare. Mnr. Strauss het veral die goeie beeld van die verskillende Studenterade in so 'n kontak beklemtoon.

Voorts het hy daarop gewys dat die verskillende studenterade sodoende 'n groter aandeel in die uitdra van die A.S.B.-beeld het. Dit het ook by sy volgende punt aangesluit waar hy Studenteraad aangemoedig het om by die uitdra van die A.S.B.-beeld 'n sterk standpunt in te neem. Mnr. Strauss het verklaar dat indien elke studenteraadslid goed in die A.S.B.-beeld en verskeie aanvegbare sake onderleg is, die skaal, in enige kontaksituasie, in die guns van die Afrikaanse student moet swaai.

### KONGRES

Mnr. Strauss het die komende A.S.B.-kongres en Kongrestema ook kortliks aangeraak. Hy het die tema in breë trekke verduidelik en ook by die verskillende referate en referente wat sal optree, stilgestaan. Van die referente wat reeds ingestem het is o.a. Prof. Tjaart van der Walt (P.U. vir C.H.O.), Prof. J. H. Heyns (U.P.) en mnr. Elvin Beukus, oud A.S.B.-hoofbestuurslid, tans dosent op Stellenbosch.

Mnr. Strauss het die noodsaaklikheid van grondige studie wat die Kongres voorafgaan, beklemtoon sodat die bespreking op die Kongres nie oppervlakkig en onvanpas is nie.

### MASSAVERGADERING

Op die massavergadering het hy die huidige studentepolitiek in breë trekke geskets. Hy het NUSAS verskeie kere oor die vingers geraps en hulle steriliteit as verteenwoordigend van die Engelse studente aan die

## SR MOET BEELD VAN ASB UITDRA

kaak gestel. Ook SASO se beleid van isolasie het ter sprake gekom.

Mnr. Strauss het verklaar „Ek wil as Afrikaner 'n paar stellings aan u maak".

Hierop het hy verskeie stellings oor die krag van die Afrikaanse student en oor die lewenskragtigheid van die A.S.B. gemaak. Hy het op die verskeie projekte wat die A.S.B. aanbied gewys en duidelik getoon hoe elke student hom binne die A.S.B. kan uitleef. Mnr. Strauss het ook die krag van gemotiveerde studie aangaande aktuele onderwerpe beklemtoon.

Daarna het hy ook 'n aantaal vrae beantwoord. Op 'n vraag oor wat die A.S.B. doen om die wanindruk wat die onlangse optrede van NUSAS, rakende sporttoere, na buite geskep het, ongedaan te maak, het mnr. Strauss geantwoord dat die A.S.B. wel positief gereageer het maar geen nuusdekking daarvoor gekry het nie.




FOTO BO: Pieter Mulder, S.R.-voorsitter en onder-president van die A.S.B., en Piet Strauss, president van die A.S.B., saam afgeneem.

## Moenie die toetskaartjies vergeet nie!

DIE kanse is goed dat die Puk 1 B-rugbyspan volgende jaar senior status sal kry. Dit wil sê dat die Pukke dan twee spanne in die eerste liga sal hê wat om dieselfde beker meeding.

Daar word hard gesoek na 'n gepaste naam om hierdie reserwespan van die Theos te onderskei.

Deur net die regte naam vir ons reserwe rugbyspan te gee, kan u twee toetskaartjies wen vir die vierde toets teen die Leeus op Ellispark.

Inskrywings moet in posbus 112 by die Studenteraadskantoor gegooi word.

En moenie vergeet nie: daar is twee toetskaartjies op die spel!

## KUNSFEES OP PUK

**DIE A.S.B.-kunsfees vind vanaf 1 tot 5 Julie op die P.U.-kampus plaas. Hierdie Kunsfees is vroeër saam met Kuesta aangebied, maar word vanjaar selfstandig aangebied. Die Kunsfees se organisasie is reeds in volle gang en beloof om in almal se smaak te val.**

Die klem val op deelname deur soveel as moontlik studente van die Afrikaanse Kampusse, wat by die A.S.B. geaffilieer is.

Deelnemers kan in die volgende afdelings meeding om pryse: Musiek-instrumentale en vokale deelname, Dans, Drama, Redenaarskompetisie, Letterkunde, Komposisies, Beeldende Kunste, Fotografie, Serenades en Seëlversamelings.

### SEëLVERSAMELINGS

Die eerste keer in die geskiedenis sal 'n seëlversameling uitstalling ook by die Kunsfees wees. Ook hier beoog die PUK om leiding te neem ten opsigte van skakeling tussen Filateli van verskillende Universiteite.

Studentesang en serenades sal baie aandag geniet. Hier word beoog om serenadegroepe van al die Universiteite te laat deelneem. Opnames sal gemaak word wat dan later oor Studentevaria uitgesaai sal word.

Verder sal 'n groot uitstalling gehou word van werke wat in Beeldende Kunste- en Fotografie afdelings ingeskryf word.

Vir die wenners in die Uitvoerende Kunste word die geleentheid gebied om 'n program te lewer voor 'n uitgelese gehoor.

Die organiseerders beoog om iets vir elke student wat enigsins 'n kunsgevoel het, te bied.

### INLIGTING

Persone wat belangstel in die Kunsfees kan meer inligting verkry by hulle kampus se Kunsfeesverteenwoordiger. By hom kan hulle die Kunsfeesreëlboekie ontvang waarin die verskillende afdelings van die Kunsfees uiteengesit word.

Wat die prestige van die Kunsfees verhoog is dat dit saamval met die A.S.B. Kongres wat ook op die (PUK) kampus van die Universiteit van Potchefstroom vanaf 1 to 5 Julie aangebied word.



Die reëlingskomitee van die A.S.B. se Kunsfees wat vanjaar die eerste keer selfstandig aangebied word en van 1 tot 3 Julie by die Potchefstroomse Universiteit gehou word, is voor van links mnre. Fanie Mulder, ondervoorsitter, George Lötter, voorsitter, en mej. Bets Swanepoel, sekretaresse; en agter mnre. Ernst Viljoen, Gawie van der Walt, mej. Ansie Helberg, mnre. Riaan van der Walt en Kobus du Plooy. Die twee ander lede is mej. Madeleine Steenkamp en mnr. Dirk Coetzee.

HET U AL INGESKRYF VIR KARNAVAL '74 SE MOTOR-KOMPETISIE

Die Bult Apteek / Pharmacy
Noordbrug Apteek (Edms.) Bpk.
★ VIR AL U APTEKERBENODIGDHEDE . . .
. . . ONS KEN U BEHOEFTES
Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.) Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer (B.Sc.-Far.) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far.) L.A.V. (Besturend).

# ASTER

## Droom van gister, môre . . .

**TYD en ruimte dwing my om werklikheidsgebonde te wees, om oor sleep en semestertoetse te gesels, om lang rompe te dra en te weet van Charles Bronson en Herbert Marewe.**

Maar tyd en ruimte dwing my ook in 'n droomwêreld in, om in die werklikheid waar alles werklik kan wees, van die nabyheid van die bruin aarde te ontsnap. En dis nodig, dié ontsnapping, want het Goethe nie gesê „Ons is op ons gelukkigste wanneer ons onder een of ander illusie lewe" nie, en Hennie Aucamp „Versoendheid met dié lewe bereik ons net in 'n droomsfeer"?

Daarom droom ek graag, sonder om skuldig te voel daaroor. Droom ek van my kaalvoetdae toe ek ses was en snipperig, toe ek 'n wolkat gehad het en dat iewers by die kweperlaning 'n Antjie Somers geskuil het. Maar my gisterdrome gaan nie almal so ver terug nie, soms droom ek net 'n jaar terug, toe ek op sewentien die wind kon sien, en nog goud van die son in my ronde skoolmeisiehande kon vang. En soms droom ek sommer net oor gister omdat iemand dit 'n droomdag gemaak het.

En dan is daar my drome oor die toekoms, grootmensdrome. Drome oor dae se studeer ten einde 'n graad agter my naam te skryf en drome oor die uiteindelike wysheid wat ek uit al die kennis sal ontvang. Ek droom van reise na ver lande, van Japan en rooi kimonos, van Duitse bierkelders en handgeslypte glas in Venesië, van al die vreemde woorde wat ek op my tong sal proe.

Êrens sluit my drome 'n troue in Oktober in, met 'n bloeiende Amandelboom. Êrens, en druppels sonlig op die kerkbanke. En tot dan toe droom ek nog oor hom wat met drome in sy oë na my sal kom, en ek al my drome aan sy warm hart sal toevertrou, omdat hy sal verstaan van droom.

E. R.

## 7 VM. - ENIGE DAG

7.00 vm. — wekker lui . . . nog 'n driekwartier voor klas . . . kan nog vyf minute slaap . . .

7.25 vm. — sjoe, moes ingedommel het. Sal ek nie maar . . . Nee gits, was twee weke gelede in sy klas. Hy het al gevra of ek siek is.

7.30 vm. — In die bad . . . uit — handdoek vergeet . . . in . . . weer uit.

7.40 vm. — Gou aantrek. Kouse . . . grts . . . ag wat, maak of ek dit nie gesien het nie.

7.44 vm. — Vervlaks . . . moet die maskara juis vanoggend smeer . . . vee af . . . sit aan . . . dit smeer weer . . . weer af. Los maar.

7.46 vm. — My boek! Waar't ek hom gelos? O ja, by Susan . . . hardloop . . . kamer gesluit . . . los maar.

7.48 vm. — Uit by die koshuis . . . waardig bly, wáárdig bly — vinnige stappie.

7.50 vm. — Gaan laat wees — hardloop.

7.52 vm. — by die . . . blaas . . . klas . . . blaas . . . dosent laat, gelukkig . . . „Haai, jou lanklaas gesien. Dog jy't gekanselleer".

7.59 vm. — Dosent steeds laat . . . koue begin teen rug opkruip — ekstra trui vergeet.

8.03 vm. — Dosent blykbaar heeltemal verslaap . . . koue laat tande klapper — wind waai nogal erg vanmôre.

8.05 vm. — Dosent blykbaar siek in die bed . . . anderkantste trappe af (ingeval hy tóg opdaag) . . . koshuis toe . . . bibber . . . boos.

8.10 vm. — „Haai, en as jy met jou klere en al in die bed lê. Het jy nie klas nie?"

Gmf.


DIE SKOENSENTRUM
KERKSTRAAT 151
TEL. 3508.
Vir die beste modes in studente skoen-smake
_IE SKOENSENTRUM
UITSIG ARKADE,
DIE BULT.
—ST


## ASTERS VERVEER

**DIE herfs is hier, die blare val stadig, swewend grond toe, en ja, soos die bome kaler word, gryp ons alweer na warmer vere.**

Dis sommer skielik, een oggend met die afgaan van die wekker dat dit jou tref: vandag is dit koud en môre is dit winter.

Hoe goed ken ons dit nie, daardie twee draaie voor die kas — wat sal ek tog aantrek, die eeue-oue klagte.

Maar nou ja — ons het min geld (studente het altyd min) dus, wees ekonomies. 'n Bietjie raad en siedaar, jy sal nooit wonder wat om aan trek nie.

Blou, groen, bruin en al hul skakerings is die winter in. Al voorspel die modebase elke jaar vasgestelde modekleure, weet ons dat dit nie nodig is om dit slaafs na te volg en 'n hele nuwe klerekas aan te skaf nie.

'n Paar lang rompe, o ja, dis hoog in en lekker warm boonop. Hoe bonter hoe beter, maar 'n effekleur gaan net so goed af. Koop nou ekonomies en wees slim. Skakeer jou rompe, dat jy 'n paar „body shirts" daarby kan dra, en oor en weer kan dra.

Ek hoor al die klagte, maar dis koud . . . die oplossing, 'n baadjie met breë lapelle, of 'n bont kort jassie. Onthou bont en bont word nie saam gedra nie.

Vir daardie ekstra titseltjie vroulikheid, rond jou uitrusting af met 'n bossie blomme, krale of 'n vrolike serpie.

Gelukkig tog dat ons toegelaat word om langbroekpakke te dra. Ai, Aster en nou moet ons tog luister na die voorgeskrewe reëls. Onthou, julle kan net verloor deur nie daaraan te voldoen nie. 'n Lang baadjie word vereis. As jy 'n geruite langbroek het, dra dan daardie effe baadjie van jou romp daarby of nog beter jou jassie.

Lang baadjies, getailleerd, met breë lapelle is hoog in. Daarby is die broeke wyd onder — klokbroeke met omslae.

Skoeisel bly basies dieselfde vir jou. Groot en lomp, maar gelukkig is die vroulike hofskoen stadig maar seker besig om terug te keer.

Mini's — oe, jou bene gaan koud kry. As jy regtig wil, dra dit, maar onthou tog dat jy vrouliker gaan wees en lyk met jou rok net knielengte.

Ideaal vir kerk is 'n rok en kort baadjie of 'n romp en baadjie en daarby 'n klein dotjie. Uit die modeboek uitdra die sluiertjie, lekker geheimsinnig nê.

Aanddrag, 'n groot verskeidenheid. Basies jou eie keuse. Onthou dat die baadjie ook hier baie „in" is. Swart bly maar nog 'n treffer, terwyl bont steeds vrolik en vroulik lyk.

Naelpolitoer bly redelik donker en so ook die lipstiffie. Glo dit as julle wil, rooi wang — asters vang die oog.

Geniet die beplanning, en maak seker dat jy die winter nie gaan koud kry nie.



*Ons wil so graag*
*ná aan die hemel*
*en vér*
*van die bruin aarde wees*
*maar ons is voëls sonder vere*
*ons gedagtes lam tortels*

*ons lewe 'n blou-sysie nes sonder eiers*
*en ons drome*
*reiers wat hink*
*op een been.*

*E.R.*

## DROOM

NIKSSIENDE en starend na die diktaat voor my, terwyl die proffie se stem rustig voortdreun, word die werklikheid vaer en vaer. Kort voor lank bevind ek my ver weg van die akademie, ver van die hoofgebou, en nou ook buite jou gesigsveld — jy net aan die anderkant.

In 'n droomwêreld van my eie ervaar ek weer die eerste maal saam met jou, die ongemaklike tog opwindende teenwoordigheid. 'n Wonder aan wat jy dink terwyl jy hier langs my sit. 'n Elektriese skok en tog die aangename aangetrokkenheid toe jy my hand vat. Daarna sommer onverwagte koppies koffie, 'n plaaslike telefoonoproep, wanneer ek dit die minste verwag het.

Dit was koud en winter en tog, die eerste nagsoentjie op die punt van my koue neus het warm gemaak en ek het lig en gelukkig gevoel.

So het ons toe aangekarring — ek en jy — sleeptyd in Tomstraat, 'n massavergadering, Intervarsity, September en lente . . .

Die droombeelde van 'n liefdes-lente. September het plek gemaak vir die winter wat ek toe eers begin beleef het. Jy het vervaag en saam met jou die droombeelde van my meisie-wees. Vandag sien ek jou nie meer raak nie. Dalk 'n groet af en toe, en weer eens beleef ek lente, en vandag droom ek alweer . . .

„Juffrou, ons is op bladsy 20 van die diktaat . . ." My droom opgebreek soos ryp van die winter deur die warm sonstraaltjie van my hart.

## Damesskoene soek na politoer!

**AL WEER, a nee a Asters, hoekom moet ons deesdae op julle hakke trap. Gelukkig word dit in goeie gees gedoen, net om julle daaraan te herinner dat ons tog na julle belange omsien.**

Jy, ASTERTJIE, wat elke dag deur 'n ring getrek kan word, hare krakend, skoon, gesiggie ingekleur, selfs jou naelpolitoer is onberispelik, dis jóu skoene wat met elke draai onder daardie romp uitloer knaend opsoek na 'n bietjie politoer om skoon gemaak te word. Onthou 'n mens loer net na 'n man se skoene en dan weet jy wat het hy aan: hy ook na joune.

As jy daardie draai op die kampus gemaak het, hoekom val jou maskertjie in die koshuis af? Vriendelik word almal op die kampus gegroet, maar wag, in die koshuis val die gesiggie en ken niemand jou nie.

Nee, ons wat saam met jou woon hou daarvan om jou laggend, en geselsend te sien.

Kom ons kyk wat tref ons verder, juis híer in die koshuis aan . . .

Is jou bed al opgemaak?. Indien wel, is al jou klere netjies weggepak, of moet jy ook maar sukkel om die kas toe te kry, vir ingeval 'n klerestorting verwag kan word?

Onthou jy dat jy nie vanoggend 'n skoon koppie gehad het om vir jou buurvrou koffie te maak nie, omdat jou sleep gisteraand koffie gekry het, en die bekers nog steeds vuil op die boekrak opgestapel staan.

Sprankelend het jy vanaand sleeptyd afgeskarrel, uitgedos en só lekkerruikend, maar my liewe mens, het jy vergeet of wonder jy nog steeds waarvoor word die borsel gebruik wat in die badkamer gelê het?

Ja nee, Manne, ek weet julle glo my nie, maar het jy jou ASTER anders al gesien as net sleeptyd? Ek wonder soms hoeveel slepers sal stom van verbasing neerslaan by die aanskoue van sy ASTER en haar woonplek.

Wat van so 'n kuierdag vir slepers in dameskoshuise? Hoe lyk dit, gaan iemand nie iets hieraan probeer doen nie?

S.B.

## So maklik manloos

**JA, dis heerlik om nagte om te droom van 'n nuwe jy, 'n nuwe, keurige en goedversorgde jy. Maar gewoonlik bly dit ook net by droom.**

Daardie goeie voornemens om die ekstra kilogram of twee af te skud en so die beste van dit wat jy het te maak, bly dan ook gewoonlik net by voornemens. Ook deur ekstra moeite met jou hare, vel, naels, ja die hele werke te doen, begin gewoonlik goed, maar die uiteinde is van twyfelagtige aard.

Kom ons probeer van hierdie droom 'n werklikheid maak — ons hoef nie 'n skoonheidskuur soos 'n filmster aan te pak nie — maar net meer let op ons dieët, ons voorkoms in die geheel sodat ons altyd netjies lyk. Al wat ons nodig het, is 'n bietjie deursettingsvermoë en natuurlik die motivering.

Anders sien ek ons oor tien jaar: rollers in die hare, sakkerige rok en alles wat daarmee saamgaan, maar dalk met die verskil — manloos.

# REGSTUDENTE - ONTWIKKEL USELF — Van Zyl

**„DIE beste voorbereiding wat enige regsgeleerde kan hê, is om homself te ontwikkel en verfyn", het dr. J. van Zyl Donderdagaand aan 'n vergadering van regstudente gesê.**

Hy is 'n praktiserende advokaat van die Pretoriase Balie en deeltydse hoof van die Departement Romeinse Reg aan Tuks.

„Deur 'n groot algemene kennis op te bou en uself te verfyn sal u goed voorbereid wees vir die baie stimulerende beroep van advokaat," het dr. Van Zyl verklaar. Dit hou onder andere in dat 'n besondere gevoel van eerbaarheid en eerlikheid ontwikkel moet word. Regsgeleerdes stel in hierdie verband baie hoë eise aan mekaar.

Verdere eienskappe van die suksesvolle advokaat is volgens hom: billikheid, onafhanklike oordeel, waardigheid en 'n diepgesetelde gevoel van wat reg en verkeerd is.

### SKULDIG

Voorts het hy die probleem behandel waar 'n persoon 'n advokaat vra om sy saak te behartig, terwyl die advokaat weet dat die persoon skuldig is. Die advokaat is nie die regter nie, maar slegs die spreekbuis. Dit is sy taak om sy kliënt se saak op die beste moontlike manier te behartig, ten einde geregtigheid te laat geskied — hy mag nooit vooraf oordeel nie.

Hy mag egter nooit stellinge in die hof maak wat strydig is met sy praktiese kennis nie.

### WELSPREKENDHEID

Oor die vraagstuk of welsprekendheid 'n vereiste is vir die suksesvolle advokaat, het dr. Van Zyl daarop gewys dat dit nie is hoe jy iets sê nie maar wat jy sê. Welsprekendheid is wel 'n voordeel, maar nie 'n absolute noodsaaklikheid nie. Dikwels is advokate met 'n swak voorkoms en swak voordrag die suksesvolste.

### DISSIPLINE

Die heel belangrikste vereiste vir 'n advokaat is egter harde werk en selfdissipline. Sonder laasgenoemde eienskap is al die ander nutteloos, want geen beroep is so veeleisend, senutergend en opwindend as juis die van die suksesvolle advokaat nie.

### GENOT

Hy het afgesluit deur te sê dat, ten spyte van al die opofferings, die advokatuur een van die mees bevredigende beroepe is. So is daar, byvoorbeeld, die status en genot van broederskap onder regsgeleerdes, wat self beleef moet word om dit te kan waardeer.

Hy verseker regstudente dat dit 'n wonderlike ervaring is en dat hulle nie moet huiwer om by die Balie aan te sluit nie.




FOTO BO: Adv. Van Zyl spreek P.U.-regstudente toe oor die Advokatuur. Links sit die voorsitter van die S.R.V.P. Japie Robbertse. (Foto: Fotokuns.)




*Hierdie spotprent het in die verkiesingsuitgawe van Nux, studentekoerant van die Universiteit van Natal in Pietermaritzburg verskyn . . .*

# Koor op stukke

**DIE koor is op die oomblik hard besig met die instudering van musiek met die oog op hulle toer gedurende Juliemaand. Vanjaar is die toer beplan na die Vrystaat en Kaapland.**

Plekke soos Odendaalsrus, Bloemfontein, Beaufort-Wes, Oudtshoorn, George, Uitenhage, Graaff-Reinette en Kroonstad sal gedurende 28 Junie tot 14 Julie besoek word.

Na die vakansie sal verdere optredes op Potchefstroom, Nigel, Wolmaransstad en 2 spesiale optredes in samewerking met PromPu in Promosa gehou word.

Die koor bestaan uit sowat 40 studente wat van plan is om lekker saam te sing en die toer te geniet.



Die lede van die P.U.-koor.

# CARITAS-KODE

**DIE finale jaar Maatskaplike Werk-studente van 1973 asook die Maatskaplike Werk-dosente wat op die P.U. vir C.H.O. gestudeer het, het Donderdagaand 25 April 1974, 'n beroeps- of erekode geteken wat Caritas, die Puk se Maatskaplike Werk-studentevereniging, aan hulle gestel het.**

Dit is sover bekend die eerste beroepskode wat deur maatskaplike werkers aanvaar en geteken word. Professor Eloff, voorsitter van die Blanke Maatskaplike Werkersvereniging van S.A. was die eerste persoon wat op die aand die erekode geteken het.

Caritas wil graag sy hartlikste dank uitspreek teenoor almal wat hierdie historiese moment in die Suid-Afrikaanse geskiedenis van maatskaplike werk moontlik gemaak het. Die erekode is werklik 'n besondere stuk en dit is 'n voorreg vir enige maatskaplike werker as hy dit mag teken.



Prof. Eloff, dekaan van die fakulteit maatskaplike werk aan die P.U. vir C.H.O. en ook voorsitter van die Blanke Maatskaplike Werkers-vereniging van S.A., is die eerste persoon wat Caritas se beroepskode vir maatskaplike werkers teken. Op die agtergrond die voorsitster en vise-voorsitter van Caritas, mej. E. Slott en mnr. W. Siegmund.




**EINDELIK het die dag aangebreek waarvoor ek heimelik gewag het — die Lens in dameshande. En nou gaan ek die Puk-mans deeglik in die brandpunt kry. En as dit dalk skroei, moet julle nie jeremiodeer nie. Dit sal julle verdiende loon wees.**

Julle Puk-mans is beslis nie mans om op trots te wees nie. Hoe julle die vermetelheid kan hê om jul op te ruk oor Kulu se Vaderland-storie, is my end. Lanklaas het iemand die spyker so senter op die kop geslaan.

### GEVREK

Julle is so absoluut dooierig — dis met moeite dat ek my onthou van die woord „gevrek" — dat nie eens bogenoemde berig óf 'n brief met dieselfde strekking in 'n onlangse uitgawe van die „Wapad" enige merkbare reaksie uit julle kon kry nie. En Woensdagaand 15 Mei het julle getalle by die massavergadering hierdie bewerings vyfdubbeld onderstreep.

As julle massavergaderings maar halfpad so goed wou ondersteun as wat julle die plaaslike hotelbedryf ondersteun, sou die owerheid ook die noodsaaklikheid van 'n studentesentrum met ruimer vergaderplek, insien.

Julle lê egter in jul kamers en speel die een pak kaarte na die ander vodde en tussen deur teem julle oor die verveligheid van massavergaderings.

Wie de duiwel moet dit opkikker as julle nie daar is nie? Deelname deur die gehoor maak vergaderings wat dit moet wees anders is dit mos 'n lesing. Of hoe? As jy die hele aand met 'n mond vol tande sit beskuldig jy mos net jouself as jy beweer dat dit vervelig is. Waarom maak jy dit nie interessant nie?

Of verwag jy dat massavergaderings 'n vermaaklikheidsaanbieding moet wees? Dan sou Thalia dit tog seker hanteer het en nie die Studenteraadsvoorsitter nie.

### TEEKAN

By die teekan het jy jou mond groot te rek oor allerlei foute en gebreke op die kampus. Kom jou kans om jou griewe te lug waar die moontlikheid bestaan dat dit op die regte oor kan val, dan lê jy laag.

Hoe kan ons Puk-dames trots wees op sulke mans? Ons wil graag wees, maar julle gee ons nie die geleentheid nie.

Baie dankie vir hierdie geleentheid om die Lens te hanteer, meneer die redakteur. Ek hoop ek het daarin geslaag om die mans 'n bietjie wakker te skroei. As hul dalk weer insluimer kan u gerus nog 'n slag die Lens aan 'n dame oorhandig.

Dokter nou maar die brandwonde mooi.

# STAL U SEËLS UIT

**DIE Seëlafdeling van die Kunsfees bestaan uit 'n mededingende kompetisie. Daar is drie afdelings waarin 'n versameling uitgestal kan word, nl. Lande, Tematies en ander wat nie onder die eerste twee groepe sorteer nie.**

Die versamelings wat ingestuur word moet op los albumblaaie wees. Die rame wat gebruik word kan 21 blaaie met 'n grootte van naastenby 21,5 x 27 cm. in horisontale rye van drie blaaie hou. Geen versamelings in boeke sal aanvaar word nie.

Die versamelings sal voordat hulle uitgestal word, beoordeel word deur 'n jurie van 2 of 3 lede. 'n Inskrywingsfooi van R1 sal gehef word. Die gebruik van die rame is gratis.

Die reëls en die voorlopige inskrywingsvorms is by die plaaslike A.S.B. Kunsfeesverteenwoordiger verkrygbaar óf by die A.S.B. Kunsfeeskomitee van die Potchefstroomse Universiteit.

Voorlopige inskrywingsvorms moet die komitee voor 7 Junie bereik.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOK AL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPEI
„Die Potchefstroomse Boekhandel"
TOMSTRAAT 86 — POTCHEFSTROOM
TEL. 5236
—ST

# die WAPAD

## MATIES MOET NOU KIES!

*DIE Maties moet nou 'n keuse maak tussen twee skepe, want as 'n drywende objek raak sy rol uitgespeel en begin die sogenaamde katalisator verdwyn.*

*In die Maart-uitgawe van 'n lywige Matie gaan die hoofredakteur en gee sy mening oor polarisasie in die studentepolitiek. As dit bloot by die polarisasie bly dan was dit nog aanvaarbaar, maar nou beweeg die redakteur op 'n terrein waar hy weinig of niks van weet nie.*

*Sy aanval op die redakteur van die Afrikaanse Student en die voorsitter van Aspu, getuig van 'n eensydigheid. Dit is 'n eensydigheid wat 'n antipatie teenoor die ASB na vore bring.*

*SASO en NUSAS word ligtelik behandel maar die ASB word voor kanonvuur geplaas. Om so 'n skerp aanval op die ASB en veral die Afrikaanse Student te loods, vereis meer insig as die van 'n buitestaander. Dit sal ook gewaardeer word as 'n persoon van die ASB of wie ook al aangehaal word, dat dan die volle aanhaling gegee word en nie net 'n sektariese eensydige aanhaling wat die eie sak pas nie.*

*Daarom kan ons met reg die volgende vrae aan die Maties vra:*

*— Is julle tevrede met 'n tweeslagtige beleid van paai NUSAS en SASO en skop die ASB wat julle eie herkoms is?*

*— Is julle tevrede met 'n sogenaamde moderne beleid om katalisator te wees en daardeur niks te bereik en in geen organisasie werklik deel te wees nie?*

*— Is julle tevrede om 'n verkrampte liberale beleid te volg? Liberaal in die sin dat julle juis anders moet wees, maar verkramp omdat julle nie die ASB gun om sy eie mening te huldig volgens sy oortuigings nie.*

*Daarom het die tyd gekom dat die Maties moet kies, polariseer en volg 'n rigting na oortuiging.*

## ASB EN PUK

*DIE Puk-massa het met die besoek van die ASB-president sy kleur getoon in verband met die ASB. Soos enige ander ASB-geaffilieerde kampus is die PUK vir geen oomblik skaam om te erken waar ons staan in die huidige studentepolitiek nie.*

*Dit is nie vir die Puk nodig nie. Tweehande in die sin van een hand uitgereik na die ASB en die ander na ander studente-organisasies, nie net organisasies in Suid-Afrika nie maar ook organisasies in die buiteland. Nee, die PUK staan vierkantig agter die ASB, ons help om die beeld van die ASB uit te bou en uit te dra. Die bewys hiervan is 'n mosie wat op die onlangse massavergadering met akklamasie aanvaar is vir die steun aan mnr. Strauss en die ASB.*

*Die feit dat ons nie skaam is om ons standpunt in die openbaar te verkondig en te verdedig nie, is omdat ons sekerheid het. Sekerheid ten opsigte waar ons vandaan kom en waarheen ons gaan.*

*Die PUK is ook nie bang vir skakeling nie. Die bewys hiervan kan u in hierdie WAPAD sien. Die korrespondensie tussen ons en PHARETRA geniet baie prominensie. Die Puk het standpunt ingeneem en sal daarby bly, nie rondskarrel as die ander party die oorhand het nie.*

## Uit die Woord

*Hand. 1 : 8: „En julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees . . . tot aan die eindes van die aarde."*

Hierdie woorde is die laaste woorde van Jesus Christus aan sy Kerk voordat Hy na die hemel opvaar. Hiermee word daar gesê dat elke gelowige kind van God die besondere roeping het om 'n getuie te wees vir sy Koning, Jesus Christus.

Saam met die roeping kom ook die troos dat die gelowige nie op sy eie krag hoef staat te maak om getuie vir Christus te wees nie. Die krag om te getuig ontvang die kind van God van die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat in die menssehart werk en hom aandryf sodat Jesus Christus in sy lewe hoofsaak word.

Die kind van God mag hom dus nooit skaam vir sy geloof of vir sy God nie. Hy mag nie bang wees om voor almal sy geloof uit te leef of uit te dra nie. Hieroor sê Christus self: „Elkeen wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is".

# Proe aan modderkoekies

**GEDURENDE die komende wintervakansie sal kongresgangers uit alle oorde na die Puk-kampus stroom om die jaarlikse A.S.B.-kongres by te woon.**

Daar sal gepraat word, saamgestem word, verskil word. En net soos met meeste ander kongresse die geval was, sal vanjaar s'n seker ook sy aandeel aan kontroversies te beurt val. Dink maar aan die modderkoekiegooiery wat na verlede jaar se kongres gevolg het.

Dit is nie altyd wys om ou koeie uit die sloot te grawe nie. 'n Mens kan dalk een of ander ongesteldheid opdoen deur aan die bene te kou. Deur egter die bene skoon te skraap, te ontleed en 'n paar afleidings te maak, kom 'n mens nogal heelwat aangaande die oorlede koei te wete — dalk ook waarom die bene liewer begrawe moes bly. Die doeltreffende toepassing van aldus bekomde kennis mag ander koeie die sloot spaar.

Na afloop van die vorige kongres het die redakteur van 'n sekere studentekoerant, ooglopend nie die A.S.B. goedgesind nie, die kongresgangers beskuldig van „intellektuele modderkoekiebakkery". Dit is onmiddellik afgemaak as kwaadgesinde kommentaar en 'n waninterpretasie van die kongrestema.

### EKSEPSIE

Was dit nie van ons kant af die geval dat ons so sterk eksepsie geneem het teen die neerhalende wyse waarop die betrokkene uitdrukking aan sy gedagtes gegee het, dat ons nie verder oor die implikasie wou nadink nie? Is dit nie dalk met voorbedagte rade juis so uitgedruk om te voorkom dat ons daaraan sal proe en, as ons dan uitvind dat dit na niks smaak nie, op minagtende wyse daarvan ontslae sal raak? Kom ons druk neus toe en proe 'n slag aan hierdie modderkoekies — hoewel hulle teen hierdie tyd al uitgedroog is.

Wat is die werklike betekenis daarvan? Op meer taktvolle wyse kon gesê gewees het, dat die resultaat van die kongres die produk is van die inplimentasie van hul intellek deur persone wat minder ervare op 'n besondere gebied is, en dat sodanig bereikte resultate nie waarde inhou vir die meer ervare persone op die betrokke gebied nie. Weliswaar baie lomper, maar veel duideliker.

Tog word die indruk geskep dat takt en duidelikheid onvanpas sou wees in die betrokke situasie omdat dit dan nie die beoogde effek sou hê nie.

### GEDAGTEWISSELING

Dit sou aan die A.S.B. en sy ondersteuners die geleentheid bied om met (meerder) waardigheid te kon antwoord dat die doel van die kongres nie is om enigiemand enigiets voor te skryf nie, maar om menings op menings te slyp en om die leiers van die toekoms die geleentheid te bied om gedagtes te wissel oor aangeleenthede van aktuele vooropgesteldheid en hul dusdoende voor te berei vir die taak wat op hulle wag. Ewe as die dogtertjie, wat vandag modderkoekies bak, die baasbakster van môre is, moet ook die intellektuele leiers van môre op 'n baie nederiger wyse begin.

Dit was egter nie die geval nie. Die betrokke opmerking is heftig aangeval en daarin is geslaag om 'n vlaag van antagonisme uit die geledere van die A.S.B. te ontketen. As gevolg van te impulsiewe optrede het die „modderkoekies" toe meer publisiteit geniet as wat so 'n brousel regverdig het.

### WOORDESPEL

As die situasie nou in perspektief beskou word, wil dit voorkom asof die oogmerk met die gebruik van die besondere sinsnede nie alleen was om die A.S.B. direk daarmee in 'n swak lig te stel nie, maar om met goedgekose woordespel daartoe aanleiding te gee dat woordvoerders van die Bond te gou op hul agterpote sal wees en gevolglik hul eie, sowel as die liggaam se image skade sal aandoen. Miskien is dit beter om dit meer direk te stel. Dit moes sodanige optrede uitlok dat die A.S.B. 'n gek van ditself sal maak. Juis daarom die neerhalende toon wat gebruik is. En so byna is in die doel geslaag.

Dit is altyd 'n goeie taktiek om jou teenstander kwaad te maak. Dit ontneem hom sy nugtere redeneervermoë en gee aan jou 'n sielkundige voorsprong.

### ANALISEER

Ons moet liewer uitdrukkinge van hierdie aard in die toekoms noukeuriger analiseer en nie net die diepere betekenis daarvan probeer begryp nie, maar ook die oogmerke probeer agterkom. Niks word sonder doel gedoen nie en benewens die onmiddelike doel is daar altyd ook 'n verwyderde en 'n uiteindelike doel. Beter deurgedagte optrede sal voorkom dat daar onnodig op loop gegaan word en dat die ander party heimelik, met die tong in die kies, vir ons sal lag.

Pasop, dat ons, ons nie weer vuilsmeer aan 'n volgende baksel modderkoekies nie!

## HERNASIEN VAN VRAESTELLE

DIE registrateur (akademies) mnr. G. P. Schoeman, sien geen noodsaaklikheid vir die hernasien van vraestelle op versoek van studente nie.

Die vraestelle word nagesien deur die persoon wat die vak gedoseer het. Die eksterne eksaminator is nie die persoon wat die vraestel opgestel het nie. Verder is daar 'n eksamenkommissie wat uitslae kontroleer.

Met matriekeksamens, waar daar wel hernagesien kan word, is die persoon wat nasien nie die persoon wat die vak gedoseer het nie.

Nietemin word op die Puk hernagesien en wel voor eksamenuitslae bekend gemaak word. In teorie moet alle grensgevalle hernagesien word, d.w.s. kandidate wat 48—52% behaal het. In die praktyk is gevalle van 50—52% nog nooit benagesien nie, terwyl gevalle van 48% en 49% met groot sorg nagesien word.

Mnr. Schoeman gee die versekering dat baie moeite gedoen word met vraestelle, veral grensgevalle. In hierdie lig sien hy nie die noodsaaklikheid dat studente aansoek doen vir hernasien nie.

## Puk dirigeer Tukkies

TOE Tukkies onlangs hulle dirigente vir die huidige termyn aangewys het, het een naam onmiddellik die aandag getrek: Ockie Raubenheimer.

Ockie, wat as onder-dirigent gekies is, het drie jaar lank die Pukke se sang gelei op intervarsities teen die Kovsies. Hy was van 1970 tot 1972 hoofdirigent en sy bekwaamhede is hier goed bekend. Hy was ook lid van die Studenteraad.

Hy het sy B.A. (Admissie)-graad in 1971 aan die P.U. verwerf en die volgende jaar sy Honneursgraad in Sielkunde behaal. Hy is tans besig met sy Teologiese studies aan U.P.

Gelukkig hoef hy nie die Tukkielawaai teen sy Alma Mater aan te spoor nie.


## WAPAD-REDAKSIE

Hoofredakteur: **Tiep van Schaik.**
Assistent-hoofredakteur: **Piet Ebersöhn.**
Nuusredakteur: **J. H. Habig** (Thaba Jah).
Assistent: **Jan van Niekerk** (Dorp).
Redaktrise Sosiaal: **Willemien Jerling** (Klawerhof).
Assistent: **Salome Jacobs** (Dorp).
Redakteur Koshuise: **Cobus Erasmus** (Skuur).
Assistent: **Dalene Delport** (Vergeet-my-nie).
Redakteur Akademies: **Johan Pretorius** (Skuur).
Assistent: **Esme Wessels** (Karlien).
Redaktrise Kunsblad: **Belia Booyens** (Dorp).
Redakteur Sport: **Izak Malherbe** (Liberalia).
Assistente: **P. J. Meyer** (Uitspan); **A. F. Vosloo** (Skuur).
Redaktrise Damesblad: **Salome Brits** (Oosterhof).
Redakteur Inter-Universitêr: **Danie de Kock** (Dorp).
Redakteur: P.N.B.: **Quintus Pelser** (Over de Voor).
Redaktrise Korps: **Ineke Lindhout** (Klawerhof).
Redakteur A.B.K.K.: **George Lotter** (Dorp).
Redakteur S.A.B.:
Fotoredakteur: **J. F. D. Croeser** (Uitspan).
Assistent: **Sam Basch** (Liberalia).
Sub-Redakteur: **Attie Gerber** (Liberalia).
Sekretaresse: **Cecilia Louw** (Wanda).
Sirkulasiebestuurder: **Izak van der Linde** (Over de Voor).

# S.R. - voors tte haal Maties oor die kole

**DIE Stellenbosse Studenteraad het die April-vakansie besoek by 'n aantal universiteite in die Noorde afgelê. In 'n vorige uitgawe van „Die Matie", studentekoerant van Stellenbosch, lewer verskeie Studenteraadslede kommentaar oor hulle toer.**

Mej. Retha Rossouw sê dat hulle besonder hartlik in Potchefstroom ontvang is. Volgens „Die Matie" het sy bygevoeg



PIETER MULDER

dat sy veral getref is deur die groot rol wat roetine en reëls aan die P.U. vir C.H.O. speel en ook die konserwatisme op sosiale gebied. Laasgenoemde vind sy die beste gemanifesteer in die algehele verbod op dans.

Mnr. Bertie du Plessis, wat ook die toer meegemaak het, het hom uitgespreek oor die „sinisme t.o.v. die waarde van dialoog" wat hy by Potchefstroom en Wits aangetref het. „'n Mens moet natuurlik nie kwylerig sentimenteel wees nie en meen dat dialoog alles sal regkry nie, maar andersyds is dit 'n late uur as jy maar net bruutweg jou weg gaan sonder om jou ook rasioneel te verantwoord en seker te maak teen wie jy veg."

Mnr. Willie Doman, studenteraadsvoorsitter, het gesê dat hy bewus geword het van hoe versigtig die P.U. skakeling aanpak. „Hulle is baie op resultate ingestel as voorwaarde vir skakeling, maar ek het dit tog gewaardeer dat hulle duidelike riglyne het oor wat skakeling moet wees en wat hulle daarmee wil bereik."

„Die Wapad" het na aanleiding van die berigte in „Die Matie" mnr. Pieter Mulder, studenteraadsvoorsitter van die P.U. vir C.H.O., genader om kommentaar.

Volgens mnr. Mulder gee die berigte 'n verdraaide beeld weer van die skakeling wat daar tussen dié twee studenterade plaasgevind het. Wat mej. Rossouw se uitlatings betref het hy sy verbasing daaroor uitgespreek en daarop gewys dat 'n sekere deel van die bespreking juis gehandel het oor die vryhede wat ons dames t.o.v. kleredrag, laataande ens. geniet in teenstelling met Stellenbosch se reëls. Daar is ook belanggestel in die werksaamhede van A.O.B. wat georganiseerde ontspanning vanuit die Studenteraad geïnisieer aanbied naas koshuise se aksies. Aksies soos Cine Puk en die Tarentaalspele is onbekend op die Matie-kampus.

Hy het hom sterk uitgespreek teen mnr. Bertie du Plessis se uitlatings en het daarna verwys as growwe veralgemenings. „Die P.U. vir C.H.O. het hom ten gunste van dialoog uitgespreek voor



Mnr. Bertie du Plessis, S.R.-lid van Maties. (Foto: Die Matie.)

meeste ander universiteite." Mnr. Mulder het verwys na die suksesvolle skakeling wat daar tussen die P.U.-studenteraad en die studenteraad van Turf-

★ *vervolg op bladsy 9*

# AMOREUS AKTUEEL

**LIEWE MAATJIES, Ons kuier hierdie week in die „Lug"-kastele rond. Hannie Nöthling en Johan Badenhorst weet hoe om hulle tyd „ekonomies" te gebruik deur saans in die biblioteek te sleep.**

Dit is heel bevorderlik vir Mooirivier se visinhoud dat Annamarie Alberts se Lampies by Maties en Eesterivier hoort.

Saam met Riana van Rensburg se nuwe voertuig neem die potensiële werktuigkundiges in rasse skrede toe.

As Alabama aandele moes uitgee, sou Annamarie Odendal voor in die ry gestaan het vir aankope in diè rigting.

Liesbet Kotze se koms na die Puk, het haar ook 'n verloofring besorg.

Nicolene Roets en Marinda Fourie ding mee om die meeste telefoonoproepe oor 'n naweek te ontvang. 'n Buiteperd wat dalk gevaarlik kan wees is Maritha Snyman.

Juf. Martie du Toit asb. Juf. Cecil Blom asb. Juf. Anneke Odendaal asb... Sjoe, die eerstejaars in blok B van Wanda hou hul lyfies fiets met draf, en wel nie na klasse nie, maar op en af met die trap, om die seniors betyds te roep vir sleeptyd. Twee op diens kan dit nie alles behartig nie, en dan moet die interkom maar sy stem verhef. Die skamele twee baddens werk oortyd soos daar gepoeier en „gepaint" word vir haar held.

Dis jammer om te hoor dat party se sleepaksies net tot naweke beperk is, want hy is só vèr, of hoe, Ria? Hoeveel sakdoeke per myl is dit terug Puk toe? Teresa begin ook al vroeg klaarmaak Saterdae, want een keer per week is so min. En vra sommer vir Ricki wat sy van „Viljoenskroon" se boere dink.

Anneke woon nou gereeld kampe by, want dis daar waar haar liefde begin uitkamp het. Sarie (senior) sleep al drie jaar met Danie. Veels geluk, julle twee, wie verdien die medalje, Sarie? Erika kry nou so baie voordeur. Stel hom bekend, jong. Was dit tog nie Catharina wat Sondagaand voordeur gekry het nie? Hoekom so geheimsinnig?

Martie kry die pragtigste ruiker. Daar is nogal voordele om op die grondvloer te wees, nè. Lena en Phillip stap weer saam na 'n maandelange skeiding van een maand. Mooi so. Cecil en Elize het die vakansie glad nie geniet nie, want hulle harte het glo agtergebly. Cecil s'n in Schweizer en Elize s'n in die „army". Nog nooit was twee weke vir hulle so lank nie.

Marlene en Bram volg goed in die voetspore van juf. Marlene en Piet. Hester kom toe mos na die vakansie terug,, heeltemal beenaf op niemand anders nie as Shoois. Jan Bosch breek toe sommer sy been oor Elize Geizer.

Nie eers die stof, Gate en „rotse", skrik die ouens sleeptyd af nie, maar dit hoort mos so, want, blom die mooistes nie in 'n rotstuin nie?

Nooit sal ons ophou om nuwe maatjies te maak nie. Dit is pret om te kuier en laat ons altyd gesond jonk bly.

Groetnis.

## JOHAN SKRYWE UIT AMERIKA

**„DIT gaan sommer voor die wind en ek en Rina studeer baie lekker", laat weet Johan van Rensburg, oud-Alabamaleier uit Amerika in 'n brief aan die Studenteraad.**

Johan studeer op die oomblik aan die Berklee College of Music in Boston. Volgens hom is dit een van die beste skole vir „jazz" in Amerika.

Sy vrou, Rina, is besig met die studie vir die graad M.Mus. aan die New England Conservatory of Music. Sy sing in die plaaslike kerkoor en ook in 'n opera wat opgevoer is deur die „Boston Summer Opera".

Onlangs is sy ook gekies om die hoofrol te vertolk in 'n Gilbert en Sullivan-operette wat deur die Bostonse Universiteit aangebied gaan word.

Johan skryf onder meer dat dit soms nogal moeilik raak om Suid-Afrika se standpunt te verdedig in 'n bevooroordeelde land.

Hy sluit af deur te noem dat hy vreeslik na Alabama verlang en wens hulle, asook Thalia, sterkte toe vir die toekoms.



FOTO BO: Johan en Rina van Rensburg wat tans in die V.S.A. studeer. (Foto: Fotokuns.)

## Studiekring

STUDIEKRING is 'n onderliggaam van Korps en bestaan tans uit twee kringe. t.w. die kring wat gewone tydskrifte behandel en die een wat studente publikasies behandel.

Die taak van die studiekring is dan of artikels in hierdie tydskrifte en publikasies te bespreek en die tendense daarin vas te stel. Die kring wat studentepublikasies behandel vat hulle konklusies saam in hulle eie publikasie, genaamd „Kampusfokus". Dit word aan alle Korpsselle, die Korpshoofbestuur en die betrokke publikasieredaksies wat in daardie bepaalde uitgawe onder die soeklig kom, gestuur.

Die werkwyse wat in albei hierdie kringe gevolg word, is dat elke lid 'n geleentheid kry om 'n artikel te bespreek. Die inhoud word dan kernagtig saamgevat, waarna 'n kritiese bespreking volg. Die inleier hou dit aan die vergadering voor, waarop die hele studiekring tot 'n gesamentlike konklusie kan kom.

Studiekring behartig ook die verspreiding van „ Vyf minute". Die doel van hierdie publikasie is om bespreking van enige aktuele saak binne die bestek van 'n dag aan alle Pukke te besorg. Die stuk is gewoonlik kort — juis met die oog daarop om dit binne „vyf minute" te kan lees.

Tans word daaraan gewerk om studiekring in twee soewereine komitees van die hoofbestuur van Korps te verdeel, t.w. die gewone publikasies en die studente publikasies. Elke kring sal dan 'n eie bestuur hê.

Studiekring staan vanjaar totdat bg. verdeling deurgaan, onder Voorsitterskap van Johan Pretorius.

## IN DIE RAAD

ORDE-HAMER

GEAGTE Pukke, Na 'n effense stilte van my kant kan ons gerus weer 'n slag kyk wat die twintig indoena's aanvang.

Iets hang soos 'n rookwolk in die lug — nl. Herstrukturering van die Studenteraad. ,Orde Hamer het eksklusief verneem dat die sake aan die kook is en dat die Studenteraad dalk volgende jaar anders daar gaan uitsien as soos ons hom ken. Die moontlikheid van 'n sewende hoofliggaam word genoem. Die getal Studenteraadslede per hoofliggaam word ook druk bespreek, is dit twee of drie. Verder word druk bespiegel of die Dagbestuur apart of ingeheel gekies gaan word en deur wie. Dit lyk egter op die oomblik na 'n wolk, hopelik sal die aangewese kommissie meer helderheid oor die saak kry. Dit sal wenslik wees, want dan kry ons oningeligtes ook 'n idee voor die groot stemdag.

'n Baie interessante ondersoek word deur 'n Studenteraadslid geloods, na die moontlikheid van 'n saamryklub vir Pukke. Dit is 'n lofwaardige gedagte, dan kan die dames wat so knaend vervoer soek tog 'n bietjie gehelp word. Die derde-party versekering en ander assuransies lewer egter nog probleme op.

Die twintig indoena's was blykbaar baie vrygewig met geld. Alabama se lening is verhoog met R10 000 en Thalia se lening met R2 000. Dit lyk asof die Studenteraad baie geld het. Eksklusief is ook van die groot bedrae op vaste belegging verneem. Die twintig het darem aan die mense in nood gedink. 'n Skenking is aan die Vloedrampfonds gemaak. Dit is darem 'n bewys van goeie gebalanseerde denke.

'n Baie goeie diens word binne kort aan die Pukke gelewer. Openbare telefone word by die Kafeteria geinstalleer. Dit is alles goedgekeur ons wag net vir die Departement Pos en Telegraafwese, dan kan Reflektor sy Kafeteria-meisie gereeld bel.

'n Mens wonder net wie gaan telefoondiens doen, party van die Studenteraadslede lyk nogal geskik.

So 'n paar wenke aan die twintig indoena's.

Dit is nou winter, alles goed en wel maar wie nou beplan gaan 'n goeie somer hê. Die stoeltjies en tafeltjies voor die Kafeteria is in 'n haglike toestand. Wat is die moontlikheid van 'n winter reparasie en 'n somer gebruik.

Die Kafeteria ure is nou wel verleng wat 'n groot verbetering is, maar dit bly egter 'n snoepwinkel.

Dit is winter en warm geregte sal beslis 'n verbetering wees byvoorbeeld „slap Chips", weense worsies, russians en frankfruthers en slaai.

## Die kunsstudente is op en wakker

DIE kunsstudente van die P.U. vir C.H.O. het gedurende die karnaval weer hulle tradisionele bydrae met die „skildery" in die duikweg gelewer. Die karnaval-tema, die oliekrisis, is uitgebeeld.

Dit gaan 'n jaarlikse instelling word dat die kunsstudente tydens karnaval en „intervarsity" die duikweg gaan versier.

Hierdie jong departement is reeds van groot nut vir die universiteit aangesien hulle help met die ontwerp en skildering van karnaval en Alabama-plakkate.

Die studente kunsvereniging bied 'n bedrywige jaarprogram aan. Dit wissel van praktiese vergaderings tot uitstappies na Johannesburg met die oog op besoek aan kunsgallerye. Daar word bv. onderneem om die beroemde, miskien berugte, „Tête d'Harlequin", van Picasso te gaan besigtig.

Die jaarprogram sluit voorts 'n lesing in deur mnr. Johan Snyman van die Departement Wysbegeerte en 'n afsluitingsfunksie aan die einde van elke semester.

Mnr. P. J. Venter, voorsitter van die kunsvereniging, verwelkom nuwe lede om in hulle jolyt te kom deel. Hou maar net die plakkate vir verdere kennisgewing dop.

U kan gerus u bande versool by . . .

NATYRE BANDAG

(Edms.) Bpk.



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

Groot Voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak

★ Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING.

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse. —ST

3

# PHARETRA

STUDENTENBLAD AAN DE VRIJE UNIVERSITEIT

de Boelelaan 1115
Amsterdam
telefoon 48 46 59
postbus 7161

Aan het Bestuur van de
Studentenraad van de Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Höer Onderwys.
POTCHEFSTROOM
Zuid-Afrika
t.a.v. de heer Mulder.

Amsterdam, 5 maart 1974

Geachte heer Mulder,

Gaarne maken wij van de gelegenheid gebruik te reageren op uw schrijven van 5 februari 1974.

Het karakter van uw brief kunnen wij het treffendst vergelijken met iemand, die met een dubbele tong spreekt maar desondanks goed te verstaan is. Maar voor wij uiteen zullen zetten wat wij hiermee bedoelen, eerst twee andere puntjes. U vroeg om te komen tot een objektieve meningswisseling. Wij willen dit doen door ons zoveel mogelijk tot feiten te beperken en waar mogelijk U met uw eigen uitspraken en standpunten te konfronteren. U schreef, dat de studenten van de PU geen eensgezinde mening over de apartheid hebben en dat daardoor een eenduidige goed- of afkeuring niet mogelijk is. Voor de VU geldt hetzelfde, d.w.z. er zal best een student te vinden zijn, die de apartheid verdedigt. Maar dat neemt niet weg, dat de overgrote meerderheid het Apartheidssysteem principieel afwijst. Net zo principieel als de overgrote meerderheid van de in de Afrikaanse Studenten Bond (ASB) georganiseerde PU-studenten dit niet doen. Zij zijn van mening dat 'de succesvolle politiek van afzonderlijke ontwikkeling krachtige doorvoering verdient, want zodra men begint met een beleid dat op integratie gericht is, worden al de alternatieven finaal afgeschreven' (Wapad '72 en '73).

Dubbele tong

Wij stelden dat U met een dubbele tong sprak. Dit heeft - om misverstanden uit de weg te ruimen - niets met de taal te maken, maar des te meer met het volgende. De studenten van de VU hebben meerdere malen duidelijk gemaakt dat zij staan achter de oppositionele studentenorganisatie NUSAS, die de apartheid fundamenteel afwijst. Zo stuurde de studentenraad van de VU (SRVU) direkt na de protestakties van de NUSAS tegen de apartheid in het onderwijs een solidariteitstelegram en protesteerde tegen de vrijheidsbeperkingen die, buiten de rechterlijke macht om, aan deze organisatie en haar leiders opgelegd werden.
Uw standpunt tegenover de NUSAS is eveneens duidelijk. U verzamelde 1600 handtekeningen om het beestachtige optreden van de politie tegenover vreedzame demonstranten, te ondersteunen. "Laat maar gerus die knuppeltaktiek aan die polisie oor, dit is hul plig en taak" (Wapad 6-6-'72).
En de toenmalige voorzitter van de studentenraad van de PU bedankt zijn studenten, want "Die termijn 1971-'72 was 'n termijn wat gekenmerk is deur woelinge op studentevlak. Vir die eerste keer het studenteproteste onrustbarende afmetings aangeneem. Studenterade het ontbing en opstand teen hoër gesag was aan die orde van die dag. Dit is met dankbaarheid dat ons almal kan terugkyk op 'n kalm termijn op die Puk-kampus." (Wapad, 5-9-'72).
Want zo bekommentarieert de Wapad (20-6-'72) de 'opstand teen hoër gesag': "Daar rust een taak op onze schouders om niet alleen door stilzwijgend optreden, maar ook door openlijke distanciering van zulk een laakbaar gedrag te tonen wat onze werkelijke houding is."

Wat deze werkelijke houding is, maakt Leon Wessels, PU-student en voorzitter van de Afrikaanse Studenten Bond nog eens duidelijk in datzelfde nummer: "Die Afrikaner jeug en die ASB staan nie alleen los van die onlangse studentenbetogings nie, maar lijnreg daarteen - nie net in die verlede nie, maar ook in die toekoms."

Wij herhalen dat u met een dubbele tong spreekt. U keert U met alle kracht tegen de organisaties in Zuid-Afrika, die zich opstellen tegen het apartheidssysteem en U zegt tegen ons, die dit systeem evenzeer afwijzen, te willen komen tot een eenvormig standpunt over deze vraagstukken! Wij dachten dat de brief van de Commissie voor de Buitenlandse betrekkingen over het standpunt van de VU in deze voor zichzelf sprak. Wat voor reden hebt U om wel met ons over het apartheidssysteem in diskussie te treden en tegelijkertijd de oppositionele studenten in Zuid-Afrika, voor kommunisten en revolutionairen uit te maken, die gedreven worden door de ANTI-CHRIS? (Wapad 20-6-'72).
Waarschijnlijk dezelfde reden als uw premier Vorster, die middels zijn 'uitwaartse politiek', de apartheid probeert te verkopen en de oppositie te isoleren.

Bevoorregting

Nu duidelijk is waar U staat en waar wij staan, is het ook eenvoudiger uw brief te verstaan. De door U aangevoerde diskussiepunten blijven allemaal binnen het bestaande racistiese systeem van Zuid-Afrika. Bij U staat centraal of de Apartheid ('afsonderlijke ontwikkeling', zo U wilt) wel konsekwent wordt doorgevoerd. (Het is in dat kader dan ook niet verwonderlijk dat de PU-studenten protesteerden, toen in een Nieuw-Zeelands rugby-team 2 maori's opgesteld waren). Bij U staat centraal of er binnen het huidige systeem geen sprake is van bevoorrechting. Want 'As sekere aspekte van apartheid werklik gebaseer sou wees op die beginsel van bevoorregting en oorheersing van een volk oor andere volkere wat hier die subkontinent bewoon, dan zou dit inderdaad die plig van die studenteraad van die PU vir CHO wees om, in gehoorsaamheid aan sy roeping as studenteraad van 'n Christelike Universiteit, so'n stelsel ten sterkste te veroordeel." (punt 3 van uw brief)

Voor U is het dus nog lang geen uitgemaakte zaak dat uw stelsel op bevoorrechting en ongelijkheid gebaseerd is. Dat is het wel voor de talloze verbannenen, politieke gevangenen, verboden organisaties en schrijvers, wier publikaties voor U ontoegankelijk zijn.
Laten we wat feiten noemen. U vraagt (V) of protest van de studenten van de PU gerechtvaardigd is, wanneer de regering hogere bedragen per hoofd uittrekt voor de Xhosa-studenten en de Zulu-studenten, dan voor de blanke studenten van Potchefstroom. U vertelt er echter niet bij dat aan de PU ongeveer 6 maal zoveel studenten studeren als aan deze zwarte universiteiten. M.a.w. U geeft een duidelijk vertekend beeld en maakt opnieuw duidelijk waar die protesterende PU-studenten staan.
(cijfers over 1971: PU, 5377 studenten; Xhosa 942 en Zulu 837).
En U weet ook dat sinds 1948 het percentage blanken met een hogere opleiding toegenomen is van 27% tot 31%, bij de zwarten van 2 tot 4% en dat de uitgaven voor onderwijs per blank kind gemiddeld 15 maal zo hoog zijn (1140 - 70 gulden).

Bantustans

U vraagt ons of (ii) de aankoop van welvarende boerengrond door de regering om aan de Bantoes te geven, veroordeeld moet worden. Uw naïviteit doet aan de universiteitsraad denken. De blanken hebben voor de zwarten in Zuid-Afrika 13,7% van de grond als 'thuislande' gereserveerd. En nog altijd worden stammen van hun land verdreven. De Bakwema Ba-Magopa stam onder aanvoering van leider Simeon More in Transvaal is zijn veiligheid kwijt vanwege de bodemschatten onder de oppervlakte van hun land. De stam had sinds 1912 gewoond op de boerderij Swartkop, had de boerderij ontwikkeld, van een veestapel voorzien en er een school gesticht. Toen onderzoekers er diamant ontdekten, besloot de regèring de gemeenschap te verplaatsen. U spreekt over de grond van welvarende boeren. Hoe welvarend deze gronden wel zijn lezen wij in - het voor u verboden - boek 'the Discarded People' van Pater Cosmas Desmond, die door deze gebieden reisde: "De namen van de plaatsen, waar hervestigingsgebieden zijn gelegen, onthullen overigens onbedoeld, de bittere ervaringen van degenen die daarin moeten leven. De cynische litanie van deze namen Limehill (kalkheuvel), Morsgat, Weenen en Stinkwater brengt iets over van de geest van deze plaatsen."

U vraagt ons of wij de zelfbeschikking (i) van de Bantoevolken afkeuren. Wij vragen U wie over deze zelfbeschikking beslist? U vraagt ons of wij het met Buthelezi eens zijn (iii) dat hij eerste minister moet zijn. Wij vragen U hoeveel Zulus er in het Zuid-Afrikaanse parlement zitten?

Het wordt tijd er een eind aan te maken. Wij weten waar U staat, U weet waar wij staan. Inderdaad, wij staan achter de oppositionele organisaties in Zuid-Afrika, en daarmee 'lynreg teenover' U. Wij willen graag in kontakt treden met studenten en organisaties, die het apartheidssysteem in twijfel trekken of bestrijden. Maar niet met hen, die trachten dit te vervolmaken en pleiten voor liquidatie van de oppositie in eigen land.
Hopelijk bereikt dit schrijven U, voor dat de wetten ter beperking van de persvrijheid het (blanke) parlement gepasseerd hebben.

Met dank voor publikatie,
namens de redaktie van Pharetra,
Anton v.d. Meijden (red.b'land)
voor de studentenraad VU,
Harm van Zuthem (sekr.b'land)

afschriften naar:
National Union South African Students (NUSAS)
University Christian Movement (UCM)
South African Students Organisation (SASO)

4

Studenteraadskantoor,
P.U. vir C.H.O.,
POTCHEFSTROOM

30 April 1974.

Mnr. van der Meijden,
"Pharetra",
De Vrije Universiteit,
De Boelelaan 1015,
Posbus 7161,
AMSTERDAM
Nederland.

Geagte mnr. van der Meijden,

Uit die feit dat u brief met groot haas deur u ook dadelik aan NUSAS, UCM en SASO gestuur is, begryp ek dat u daar groot behoefte aan het om ook op derdes 'n indruk te maak.

Aan hierdie kant is ons van mening dat 'n dialoog met wedersydse vertroue en agting op direkte van-man-tot-man-basis behoort te geskied. Karakter-kwetsende aanmerkings soos "iemand die met een dubbele tong spreekt" word as benede die peil waarop 'n gesprek tussen akademici behoort plaas te vind, geag. Suid-Afrikaners heg daar waarde aan om 'n dialoog ooreenkomstig bepaalde hoflikheidsnorme te voer - norme wat, hoewel ongeskrewe, in alle lande ter wêreld geld en dus ook by u in Nederland nie onbekend behoort te wees nie.

U konklussie dat die oorgrote meerderheid van die studente aan die PU vir CHO hulself agter die politiek van afsonderlike ontwikkeling skaar, is volkome korrek. Dit is 'n standpunt wat nie deur ons verberg word nie en wat op doodgewone gesonde verstand, waarop u in Nederland seker nie die enigste monopolie het nie, berus.

Die basiese beginsel van die beleid van aparte ontwikkeling kom ooreen met die siening van die Suidmolukkers (u Ryksgenote!) wat volgens beriggewing in u eie pers aan soveel verdrukking in u eie land onderhewig is. Op 20/4/70 meld die dagblad TROUW dat Suidmolukkers voornemens is om "guerilla te voeren". Hul besluit word soos volg gemotiveer:

> "Wij vragen het recht om als groep onze idealen na te streven. Inbreuk op dit streven, is inbreuk op die menselijke waardigheid".

Die vervulling van hierdie ideale is presies die hele basis van die beleid van aparte ontwikkeling wat in Suid-Afrika gevolg word. Merk u nie hieraan dat u met u integrasiemodel uit pas is met die werklikhede van Suid-Afrika en moontlik selfs u eie land nie?

U veroordeel dit dat studente aan die PU vir CHO standpunt ingeneem het teen die uittartende houding teenoor die ordelike demokratiese staatsgesag van die land deur 'n klein groepie ondersteuners van NUSAS aan sommige Engelstalige universiteite soos Kaapstad en Witwatersrand. Ook noem u dat u 'n "solidariteitstelegram" aan u voorgenoemde geesgenote hier in Suid-Afrika gestuur het. Deur met 'n megafoon in die hand soos 'n troep wanordelike barbare op die trappies van 'n Engelse katedraal in Kaapstad histeries op en af te spring, die beskaafde orde te versteur en die polisie - wat net soos u en ek - normale mense met normale emosies is, tot optrede uit te tart, getuig van weinig insig of volwassenheid. Dit degradeer die naam "student" tot dié van 'n goedkoop relskopper.

Ter wille van absolute duidelikheid bevestig ek weereens dat die oorgrote meerderheid van studente verbonde aan die PU vir CHO van mening is dat daar genoegsame beskaafde metodes is waardeur studente in Suid-Afrika hul siening op sake van landsbelang kenbaar kan maak.

Oor die wyse waarop u eie polisie met Nederlandse studente te Utrecht omgaan, lees ek in ALGEMEEN DAGBLAD van 22/8/72:-

> "De volop aanwezige politie knuppelde hierop vinnig op de protesterende studenten in .........."

Miskien het u ook in u eie pers gelees dat op dieselfde dag waarop die polisie te Kaapstad studente uiteen gedryf het, 'n duisend studente in Milaan deur die polisie in hegtenis geneem is en dat een student by dié geleentheid selfs dood is. Waarom het u pers met soveel groter letters oor die situasie in Kaapstad as oor dié in ander lande, insluitend u eie, berig?

U skryf oor die sogenaamde "racistiese sisteem" in Suid-Afrika en die sogenaamde "bevoorregte positie van die blankes". Indien u so opgewonde raak oor dit wat u in veral Suid-Afrika as diskriminasie ag, ontstaan die vraag hoe hoog hoe hoog u bloeddruk nie moet styg by die waarneming van die erbarmlike toestande waaraan Surinamers en Antilliane (u Ryksgenote!) in Nederland en in u kolonies uitgelewer is nie. In u vorige brief reageer u nie op my versoek dat my studente graag meer van die Surinamers, Ambonese en "gastarbeiter" in Nederland wil weet nie.

Uit die dagblad TROUW van 6/6/72 lees ek dat daar in Nederland 'n "Bevrijdingsbeweging" vir Suriname opgerig is om "krachtig te strijden tegen discriminatie en onderdrukking van her Surinaamse volk". (Terloops: Skenk u Minister Pronk, wat Nederlandse belastinggeld beskikbaar stel aan die terroriste - wat onskuldige vroue en kinders in Suidelike Afrika vermoor - ook soms geld aan hierdie mense wat hul teen Nederlandse kolonialisme en die kwade gevolge daarvan, verset?).

In ELSEVIERS MAGAZINE van 24/6/72 lees ek dat u polisie tydens ernstige rasse-onluste te Moordrecht selfs na die vuurwapens gryp om orde met geweld te herstel.

In die NIEUWSBLAD VOOR ZUID-HOLLAND van 24/7/72 lees ons onder die opskrif "Apartheid in Nederland" dat daar in u land 'n ernstige "Ambonezen conflict" dreig - wat aan diskriminasie toegeskryf word.

Op 31/7/72 lees ons in DE VOLKSKRANT van 'n groep Amboneze wat uit

leegstaande huise te Roermand gesit is en weiland as slaapkwartiere aangewys kry - "Daar slopen ze soms met vieren onder een deken", berig die koerant.

Op 8/11/72 lees ek tot vervelens toe weer van Nederlandse polisiegeweld teen Suidmolukkers. Volgens die HAAGSCHE COURANT van dié datum kon die polisie van Rotterdam alleen nie die situasie beheer nie en is ondersteuning selfs uit Den Haag en "vrywel alle delen van Zuid-Holland" opgeroep. Ten einde "Nederlandsche" burgers! (ek dag dat Suidmolukkers ook Nederlanders was) te beskerm, is uiteindelik van traangas gebruik gemaak.

En hoe staan dit met die onderwys en werkgeleentheid van u ryksgenote na 307 jaar koloniale bewind in Suriname? Maak u self geen sorge oor die uitsiglose toestand van werkloosheid, ondervoeding en gebrek aan onderwys en huisvesting wat u "Ryksgenote" in hul tienduisende vanuit hul eie land na Nederland laat verhuis nie? Waarskynlik dra u daar kennis van dat u regering dit oorweeg om u Ryksgenote terug te stuur na die "Ryksdele" (Nederlandse kolonies) waar hul vandaan kom.

Hier slegs enkele opmerkinge uit die NRC HANDELSBLAD van 16/2/74 aangaande die toestand in die hoofstad van u koloniale besit, Suriname:

> "Nu huisvest Paramaribo 80% van alle naar schatting 380.000 Surinamers. - Een stad met een waterhoofd waar van alles ontbreekt. Een stad vol mensen - ellende, zonder voldoende werk, zonder sociale wetgeving. Het werkloosheidpercentage schommelt rond de 35% Meer dan de helft van die (kinderrijken) gezinnen leeft in een of twee kamers. De helft van die huizen heeft geen waterleiding, 35% geen electriciteit. 60 Procent van die bevolking leeft onder de armoedegrens en 'n -derde deel van deze groep verdient niet meer dan 50 Surinaamse guldens per maand. - Er zijn districted waar het gemiddelde inkomen lager ligt dan in de armsten staten in Afrika".

Let asseblief daarop dat die Bantoe wat volgens u opvatting so geknewel en uitgebuit word deur die "blanke magshebbers", selfs volgens UNO-statistieke die hoogste lewensstandaard in geheel Afrika het.

Sedert 1956, het die Bantoe se koopkrag vanaf 800 miljoen gulde aangegroei tot 8 miljard gulde in 1973. Die "Blanke-minderheidsregime" van Vorster bestee jaarliks 1,26 miljard gulde aan ontwikkelingshulp vir die Bantoe. Die Bantoe se eie bydrae tot die staatskas, in die vorm van belasting, dek slegs een veertiende deel van hierdie bedrag. Het u al daaraan gedink dat die "Blanke racisten" ook nog die belange van hul eie gemeenskap en dié van die Indiërs en Kaapse Kleurlinge op die hart dra? Die Engelssprekende studente van Kaapstad en Witwatersrand wat deur u met solidariteitstelegramme ondersteun word, eis onder andere onmiddellike verpligte onderwys vir die Bantoe. Waar moet die leerkragte en ander fasiliteite vandaan kom? Waarom stel hierdie geesgenote van u geen voorbeeld deur **self tot** die leraarsprofessie toe te tree nie? Hulle woon in S.A. maar lewer, as Engelssprekendes, slegs 28% van die onderwysers wat aan blanke skole onderrig gee. Byna 100% van alle onderwysers wat met Bantoe-, Kleurling- en Indiër-onderwys gemoeid is, is Afrikaanssprekend. Indien u van die handjievol blankes in S.A. verwag om alle verantwoordelikheid op alle lewensterreine vir die behoeftes van die nie-blankes te aanvaar, beteken dit, in Nederlandse idioom vertaal, dat Nederland soortgelyke verantwoordelikheid vir sowat 50 miljoen nie-Nederlanders moet aanvaar. Is u bereid om dit te doen?

U koloniale nalatenskap in ander dele van die wêreld openbaar ook elders 'n weinig verheugende beeld. Volgens DE VOLKSKRANT van 25/5/71 sit daar in Indonesië alleen 70,000 mense weens politieke redes in die gevangenis en is dit op las van die Indonesiese owerheid verbode om in die openbaar oor die lot van hierdie mense gedagtes te wissel.

Volgens die Nederlandse vereniging "Simani", wat hulp aan mense in nood verleen, sterf 50% van alle kinders in u oud-koloniale gebied Indonesië, voor die leeftyd van 5 jaar aan ondervoeding. Sou die Gereformeerde Sinode wat pas in u land besluit het om geld vir terrorisme teen Suid-Afrika te bewillig, nie hier die Christelike helpende hand kon reik nie?

Uit TROUW 3/8/72 neem ek met leedwese kennis dat die voormalige voorsitter van die WRK, dr. Eugene Carlson Blake, u land teen die diskriminasie teen gasarbeiders waarsku.

In DE TELEGRAAF van 16/7/71 lees ek hoe inwoners van die Haagse Schildersbuurt met geweld Turkse inwoners as ongewensde bure beskou en "Wegpesten" - met geweld! Volgens die norme wat u aan S.A. voorhou, kom Nederland my as polisiestaat voor, want ek lees verder dat die polisie by dié geleentheid "met schulden, wapenstokken, rellenhemden en overvalswagens in de omgeving waren saamgetrokken".

In DE TELEGRAAF van 11/8/72 word die "tolleransie" van die Nederlandse maatskappy, waarvan u deel uitmaak, meesterlik eksponeer deurdat 500 Rotterdammers die sogenaamde "Afrikanerwyk" bestorm en vreedsame Turkse bewoners van die buurt met geweld uit hul huise gooi en selfs met die dood bedreig: "de hele inboedel", skryf DE TELEGRAAF "werd door de ramen naar buiten gewerkt: bedden, yskasten, televisies, meubilair, kleding, koffers en andere eiendommen van zo 'n 20 Turken werden van 2 en 3 hoog naar buiten gewerkt".

Deur op al hierdie onreg in u eie land, sowel as in u koloniale gebiede te dui, is dit nie my bedoeling om bewys van S.A. se "onskuld" te lewer nie. My bedoeling is bloot om aan te toon dat ons, soos ook ander lande ter wêreld, met 'n menslike probleem worstel wat veel ingewikkelder is as wat oor die algemeen besef word. Niemand kan hierdie probleme van hom af wegskuif asof dit nie bestaan nie, of die houding inneem asof dit alleen maar by ander mense sou bestaan nie.

Indien u hierdie brief van my in onveranderde en in onverkorte vorm in PHARETRA publiseer en ook bereid is om 'n keer te luister alvorens u tot die blindelingse steniging van S.A. oorgaan, is ek bereid om in opvolgende briefwisseling verdere besonderhede aan u te verstrek oor die wyse waarop S.A. hierdie enorme menslike problematiek probeer die hoof te bied. Ek gaan in elk geval hierdie skrywe in "Die Wapad" volledig publiseer asook u vorige brief soos ons ooreengekom het. Indien u egter die bona fides van my en my land prinsipieël vanuit die verte in twyfel trek en van die standpunt wil uitgaan dat die studente van die PU vir CHO, en die beginsels wat deur hul ondersteun word mala fides is, het ek daar geen behoefte aan om verder met u oor hierdie saak te korrespondeer nie.

Hoogagtend,

............................
PIETER MULDER
VOORSITTER : STUDENTERAAD

Ns.
Ek vertrou dat my skrywe dieselfde prominensie in PHARETRA sal ontvang as wat u skrywe in "Die Wapad" geniet het.

/GvdW
7/5/74.

# MULDER SIT DIALOOG MET V.U. VOORT

# K.V.V. - WAPAD

# KORPS KOM 'N LANG PAD!


# — VIER TAGTIGSTE VERJAARSDAG

**DIE Gereformeerde Korps Veritas Vincet kom 'n lang pad. — Op 1 Junie is dié liggaam 80 jaar oud. Vandag loop die stigterslede se agterkleinkinders op ons kampus rond. By die geleentheid sou 'n oorsig oor sy geskiedenis van pas wees. Maar kan papier al die menslike insidentjies, vurige idealisme en teleurstellings vaspen, dié dinge wat die Korps Korps gemaak het? Ja, elke jaar word die Korps se geskiedenis in die brosboek op datum gebring en op die stowwerige rakke agter dubbele grendels, bo in die Teologiese Biblioteek se argiewe, staan die notules van 1894 tot 1926 sorgvuldig gerangskik. Maar dít is slegs 'n deeltjie van Korps se verhaal.**

Sonder om in 'n kroniek van datums te verval, wil ons u 'n paar flitse gee in die Korps se Geskiedenis: Die Korps van toe en die Korps van vandag. Dit is verbasend om te sien dat dit maar dieselfde Korps is: Dieselfde ideaal, probleme, teenslae en voorspoed.

### WOELINGE

1894. In Nederland woel dit. Te midde van 'n gees van




vrysinnigheid gaan daar uit Calvinistiese geledere 'n sterk aksie uit: Kuyper en Bavinck werk daaraan om die Calvinistiese beginsels vrugbaar te maak op staatkundige en godsdienstige gebied. Die Calvinisme het iets te sê vir die wêreld. In Nederland word daar verskeie studentekorpse gestig en selfs Calvinistiese arbeidsorganisasies.

In Burgersdorp is daar 'n klein inrigting, wat op daardie stadium hoofsaaklik op die opleiding van predikante toegespits is. Hulle hoor hiervan. Wat in die wêreld aangaan is vir hulle van belang. Student J. A. van Rooy neem die inisiatief en gaan spreek die rektor. Op 18 Mei 1894 besluit 'n paar van die seniorstudente om 'n reglement op te stel en op 1 Junie weer bymekaar te kom vir die stigting van 'n studentekorps. Op 1 Junie is die Korps dan ook gestig — deur 5 studente.

Vyf studente in 'n hele wye wêreld! Iets om van te lag. Tog is hier iets in die kleine begin wat spoedig sou uitkring. En afgesien van die invloed, was die selfskoling in so 'n korps al klaar die moeite werd.

### 1972

1972 — Juliemaand. Dit woel nie minder as in 1894 nie. Ook in Nederland, ook onder Calviniste oor die hele wêreld. In Nederland is daar vrysinniges, wat die evangelie wil verwêreldlik, maar ook die wat sterk standpunt inneem daarteen. Maar ook op ander plekke word die Calvinisme uitgebou en beleef as 'n lewende ideologie: In Kanada werk 'n paar Calviniste aan 'n Christelike Universiteit-in-kiem, in Indonesië en Japan is Christelike Universiteite.

Hoe raak dit ons hier aan die Suidpunt van Afrika met ons eie probleme? Wat het hierdie wêreldwye rigting te sê op die probleme van ons tyd soos geweld, seks, gesag, perswese en beïnvloeding?

### NUWE KORPS!

In Potchefstroom sit vyf lede van die Korps voor die vraag hoe die Korps in die sewentigerjare nog steeds sinvol kan nagaan wat die probleme van ons tyd is en wat ons, as deel van die wêreldwye Calvinistiese rigting, daarop te sê en te doen het. In Etienne se huis is tot laat nag gesels. Sy vrou, Louisa moes meer as een keer koffie aandra. Daar was Vorster Combrink, voorsitter van die jaar, Fika van Rensburg, Etienne Schalekamp, Herman Venter en Paul Krüger. Die resultaat was: Die nuwe Korps, wat die volgende jaar, 1973 in werking getree het.

Nou is daar as't ware in elke koshuis 'n klein korpsie, wat elk sy voorsitter en bestuur het, sy eie vergaderings hou, self sake uitpluis.

Dit was nodig omdat die Puk se getalle sedert die stigting van die Korps met ongeveer 8000% toegeneem het. Miskien weer iets om oor te lag: Vyf studente dink hulle gaan die Puk aan die praat kry oor sake van die dag! Maar tog — wie nie droom nie, kan maar met 'n klein tuintjie begin. Hy sal nooit 'n wolkekrabber kan oprig nie.

### TEENSTAND

„Probleme was daar altyd."

So vertel oud-voorsitter, ds. Jacs van Rooy oor 1926: „Rokies het tevore reeds sporadies die vuurtjies aangedui. Ek ontsyfer hier en daar iets uit my gekrap (dagboek) van daardie tyd. Korpsrewolusie. Broeiery." ... Daar was manne wat nie Korpsgesind was nie, maar aangesluit het om pressie uit te oefen, 'n drukgroep sou ons vandag sê. Hulle wou die blad oormaneuver na die S.V.R. Dit het later geblyk dat dit moes gebeur, maar destyds het dit vir ons gelyk na sabotasie. Deur die jare was daar 'Bekommerdes' oor die gees en tradisie van die Skool, en enkeles wat amok gemaak het, meer om te terg ..."

'n Voorsitter uit die 1940's vertel met kleur en geur hoe daar daardie tyd probeer is om die Korps onder te kry. Die anti-groep was maar 'n minderheid. Op elke program vergadering (soos ons dit vandag noem) is daar items gelewer. Een aand het 'n sekere dame, wat die Korps nie te goed gesind was nie, losgetrek op die trekklavier met „Roll out te barrels." Dit was tot verontwaardiging van die Korpslede.

### DOPPER

Mnr. Lourens du Plessis, voorsitter van 1970 en 1971 beskryf die laat 1960's as volg: „Miskien is gepoog om die doodsvonnis van die Korps te onderteken met die relletjie wat ontstaan het rondom die „gereformeerd" as deel van die Korps se naam. Die krapperigheid oor die Korps het eensklaps gegroei tot duidelike teenstand. „Dopper" en die „gereformeerd" in die Korps se naam het oornag sinoniem geword. Die stok om die Korps mee te slaan is gevind. Die spits van die ysberg het begin uitsteek toe op 'n vergadering van die Korps versoek is dat die „gereformeerd" uit die naam van Korps verwyder moes word, omdat dit te veel van 'n „Dopper"-stigma in hom omdra. Hierdie aanslag op die naam van die Korps is suksesvol afgeweer en tesame daarmee ook 'n hele aantal mense wat andersins nog aan die aktiwiteite van die Korps sou deelneem en aktiwiteite sou bywoon.

'n Mens kry byna lag as jy daaraan dink dat so kort gelede as 1966 mense nog só naïef kon wees om te dink dat iemand sou probeer om hulle „klerikaal" te indoktrineer met die naam van 'n organisasie.



**Marius Schalekamp, voorsitter van Korps Veritas Vincet. (Foto: Fotokuns.)**




MOTOLEK

Hierdie onderdele is by u plaaslike

MOTOLEK

verspreider verkrygbaar ...

POTCH SPARES

Lombardstraat 39, Tel. 6077, 4595, POTCHEFSTROOM.

—:::—

ELECTRICAL PARTS FOR JAPANESE CARS & TRUCKS.

—ST


# GESKIEDENIS VAN KORPSVAANDEL

**OP die vergadering van 24 April 1919 is daar besluit om 'n „Insigne" vir die Korps te ontwerp. Op hierdie vergadering word 'n kommissie, wat in hierdie verband aangewys was, se voorstel aanvaar.**

Drie dae later is weer vergader en is die Suiderkruis by die motief gevoeg.

Op 'n Korpsvergadering van 9 Augustus 1919 is besluit dat die Korps ook 'n skryfblok met die insigne moet hê en is ook aan 'n kommissie opgedra om 'n vaandel vir die Korps te laat vervaardig. In die notule van 15 November 1919 lees ons:

„Die praetor (voorsitter) stel 'n nuwe lid van die Korps voor, naamlik die Vaandel. Hy spreek 'n woord van aanmoediging tot die lede, daar die vaandel ons telkens weer wys op ons stryd. Die waarde is nie slegs uiterlik nie, maar 'n spoorslag van die innerlike lewe en stryd. Veritas Vincet!"

Hierna (1919) het twee geslagte gekom. Met die tyd het die Korps se wapen in onbruik geraak en in die geskarrel van die Universiteit se eeufeesvierings in 1969, het die vaandel soek geraak.

Daar is in die Wapad geskryf, in die P.U.-Kaner en waar nog?

Tot op 'n goeie dag, toe oom Willie Klopper iets buitengewoons opmerk tussen afvalhout by die Tegniese Departement. Oom Hendrik Coetzee van Administrasie het gesê dat dit iets baie waardevols is toe hy die sien — dat daar mense is wat hierin geïnteresseerd sal wees.

Opgewondenheid vir ons Korpsmense. En op die aand van 29 Maart 1974 neem Marius Schalekamp, Korpsvoorsitter, weer die Korpsvaandel in die senaatsaal in ontvangs. Dit was skemerdonker. 'n Kandelaar met sewe arms en sewe kerse brand bo-op die Suid-Afrikaanse vlag. Die Rektor het pas 'n Korpskursus geopen. Prof. Stoker, die eerste vaandeldraer, raak bewoë toe hy die vaandel oorhandig. 'n Paar dames van Korpssêl Klawernooi sing die Korpslied.



**Marius Schalekamp kyk saam met prof. H. Stoker na die Korpsvaandel wat deur Paul Kruger (middel) herontdek is. (Foto: Fotokuns.)**

Die vaandel — een van die Korps se „Tradisionele maniertjies?"

Miskien, maar tog skuil daar vir die Korpsmense iets meer agter die simbool, 'n lap wat kunstig met goud en silwer uitgewerk is. Daar is iets meer aan die wapen as 'n boom, twee penne en 'n paar sterre — 'n lewende idealisme.

### VAANDELDRAER

Die latere professor H. G. Stoker, penningsmeester van die Korps, is toe ook as Vaandeldraer gekies (1919).

Ds. Van Rooy vertel: „Stoker was ook die man vir die vaandel. Hy was altans die vaandeldraer. Elke vergadering moes hy die vaandel staan maak, en na afloop weer netjies in die kas besorg en bewaar. Die susters van die Convent het dit gemaak. 'n Ware kunswerk. Toe tree Stoker af, en Broekie word vaandeldraer. Hendrik dra die vaandel by Broekie in, Toe, Broekie, daar is hy. Broekie is op die verkeerde voet gevang en weier toegang. Dis nou darem ... Stoker stap weg, en laat die vaandel net daar.

Groot manne. Ons klein-

★ *vervolg op bladsy 10*

# KORPS ROL MOUE OP VIR PROJEKTE

**DIE KORPS se laagtepunte was gewoonlik die tye waar daar meer gepraat is en niks gedoen is nie. Woorde en nogmaals woorde help nie as daar nie opgerolde moue en sweet op die voorkop is nie.**



'n Aantal oud-voorsitters van Korps afgeneem tydens die 75ste herdenking van die hoofliggaam se stigting. Van links na regs verskyn dr. Deon Kempff (tans redakteur van Die Kerkblad), dr. K. S. van Wyk de Vries (tans predikant), prof. Fanus du Toit (emeritus professor van die Teologiese Skool), wyle prof. S. J. du Plessis (in lewe hoof van die dept. Semitiese Tale aan die P.U.) en ds. Jan-Karel Erasmus (destydse voorsitter).

In 1929 het die ou ASB op sy kongres die Calvinistiese beginsels verbygegaan en begin ywer vir 'n humanistiese wetenskapsideaal. Die Korps het ingespring om 'n Calvinistiese Studentebond (1930) en later 'n Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings (1933) tot stand te bring. Van hierdie Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings (FCSV) het groot krag uitgegaan in 'n donker tyd in ons politieke geskiedenis.



Paul Kruger, ondervoorsitter van Korps Veritas Vincet. (Foto: Fotokuns.)

Teen die laat 1950's en veral in 1960's het die Korps al hoe meer die karakter van 'n besprekingsvereniging gekry. Omdat daar 'n kragtige nuwe ASB was, waarby die Studenteraad ingeskakel het, was daar vir die Korps hier nie meer 'n taak nie. Watter taak het oorgebly? By 'n gebrek aan doen-dinge het die Korps al hoe meer begin kwyn.

### MOUE OPROL

In Julie 1969 is daar weer moue opgerol — 'n kerkie is gebou in Ganzi, Botswana. Daar is hard gewerk, ver gery en soms moes die voertuig uit die sand gehaal word as hy vasval. Groot sweet, maar juis dit het nuwe lewe in die Korps geblaas.

Die volgende jaar is 'n brug gebou oor 'n rivier by 'n N.G.-Sendingstasie in Swaziland. Daar is hard gewerk — en gevaarlik tussen hemel en aarde (rivier!). Soos enige toer was hier ook die dinge wat onthou word, soos die sokkerwedstryd met 'n plaaslike paar bantoes, wat die pers tot „gemengde sport" probeer opblaas het. In 1971 en 1972 het die nuwe idee van hulpprojekte sy beslag gekry.

### HULPVERLENING

In 1973 is 'n projek-in-drie-fases aangepak naby Gobabis. Koshuise vir Boesmans word gebou. Eerskomende Juliemaand sal die projek D.V. voltooi word.

Ben Cloete het na die eerste hulpprojek in Suid-Wes die volgende flitse gegee: „Onthou jy... die sand en sweet en gruis... hoe die tyd byna stilgestaan het wanneer jy die graaf nóg 'n keer skouerhoogte lig... teetyd op sementsakke... die baksteenvloer wat die sy lê wil kry nie... die tevredenheid as jy hoor ,Tjaaila'?"

Die Korps stel ook in die vooruitsig om waar nodig, ook ander hulp te verskaf, selfs aan medestudente. Watter vorm sodanige hulp sal aanneem, sal die tyd en behoefte leer. Alleen deur te dien het die Korps 'n bestaansreg.

Die Korps voorsien tans 'n oorsig wat in studentepublikasies in S.A. aangaan, aan kampusleiers op die Puk. Sporadies verskyn „Kampus-Fokus", wat die studentekoerante kortliks weergee en bespreek. Van die selle praat ook al in die rigting van meer dienslewering aan die studentegemeenskap.

### TOEKOMS

As 'n mens op 'n reguit teerpad staan, lyk die pad eintlik klein soos dit na weerskante in die verte uitstrek. Dit kan 'n mens moedeloos maak as die pad ook vorentoe lank lyk. Vir die Korps is daar 'n toekoms — vooruitsig. Dit laat 'n mens soms baie klein voel. Ons troos is dat, met die lang pad wat afgelê is, die pad tog dieselfde gebly het, al het die landskap en mense verander.

Die Korps van 1974 is basies nog dit Korps van 1894, al het sy lede en sy werkwyse en sy grootte verander. Met vertroue glo ons dat die Korps van nog 'n 80 jaar verder nog dieselfde Korps sal bly.

# *VERGADER DINAMIES*

**'N SELVERGADERING. Sowat twintig koshuisinwoners sit in die sitkamer en luister na wat een of ander proffie of dosent te sê het. Die helfte teenwoordig het uit belangstelling gekom, die ander uit plig of omdat hulle as eerstejaars moes.**

Na die toespraak vra die selleier of daar enige vrae is. Daar is so twee vrae. Die spreker word hartlik bedank, tee word saam gedrink. Nog 'n selvergadering is afgehandel — iets wat die selleier met blydskap aan die Korps se Hoofbestuur kan rapporteer. 'n Paar Pukke is bly omdat hulle bywoning van die vergadering help om vir nog 'n hoof liggaam stemreg te hê.

Dit is baie keer die beeld wat ons het van die werksaamhede van 'n sel: saai en maar-net-nog-'n-lesing. Ongelukkig gaan dit nog so in baie selle. van die Korps. Die Korps voelvoel maar nog sy weg met die nuwe gedensentraliseerde werkswyse. Tog is daar sprakelende voorbeelde waar dit beter gaan:

### VERBETERING

Soms word 'n blote gesprek gehou met een of meer van die sellede as inleiers. Hulle het dan meer oor die onderwerp gelees. As mense aan die praat en wonder is, is al baie bereik.

Soms kom 'n studiestuk of vlugskrif op die selvergadering ter sprake. Indien reg hanteer, kan dit dan gons. „Vyfminute" word reeds opgestel met die oog op reaksie.

Twee dameselle het al 'n prikkelende stuk oor die onderwerp laat afrol en voor die selvergadering versprei. Die belangstelling wat daardeur geprikkel is, het voorkom dat die selvergadering lesingagtig word.

Senior studente word al hoe meer ingespan om as inleiers op te tree tydens selvergaderings. Daar is gevind dat die sellede dan spontaner gesels.

In onlangse kursusse is heelwat aandag gegee aan groepsdinamika in die selle. Die Naweekkursus van 29 en 30 Maart se tema was die Groepsgesprek. Prof. T. van Dyk van die Departement Psigologie het korpsbestuurslede ingelig oor tegnieke van bespreking. Onder leiding van Dr. M. Brink van die Departement Psigologie het die bestuurslede self op die kursus die tegniek van groepsbespreking ingeoefen.

Tydens 'n blitskursus wat KVV en die SAB gesamentlik aangebied het op 14 Maart, het Ds. Mike Smuts (jnr.) gepraat oor dinamiek in verenigings. Die waarde van groepsprekings met 'n optimum aantal van 8 deelnemers en die tegniek van bromgroepies is deeglik onderstreep.

# PUBLIKASIES

**AS 'n mens van Korps praat sonder om ook sy publikasies te noem, praat jy van 'n halwe Korps. Oor die afgelope 80 jaar het Korps verskeie publikasies gehad.**

Sommige publikasies het gou gekwyn en ander se oplaag was maar klein. Tog het die korps ook buite die Studentekring sy stem laat hoor deur dit wat gepubliseer is.

### VERITAS VINCET

1908. Dié jaar is Calvyn se 400ste verjaardag. 'n Boekie, „Het leer en leven van Calvijn" word uitgegee. Sodanig was die sukses, dat sedert Desember 1909 'n tydskrif, „De Jonge Calvinist" uitgegee word. Die blad kwyn en later kom „Veritas Vincet" in sy plek. Vir meer as tien jaar is die gees van die Korps in hierdie blad gereflekteer. Jammer dat daar vandag net hier en daar nog een opgespoor kan word.



Ineke Lindhout, van die Publikasiekomitee, wat verantwoordelik is vir Wapadberigte en ander publikasies. (Foto: Fotokuns.)

Stoker, later Professor in Wysbegeerte, was eintlik die man wat agter die latere publikasies van die Korps gesit het. Saam met die Stellenboschse Calvinistiese Studentevereniging word in die 1930's „Koers in die krisis" uitgegee, iets wat tot vandag toe as kleinnood op menige se boekrak staan. In 1945 verskyn, „Op die voorpunt van die tye" met referate, gelewer tydens die kwarteeufees van die Korps.

### JEUGPROBLEME

Onder die bekwame leiding van prof. J. H. Coetzee is daar in die vyftigerjare brosjures en boeke oor aktuele onderwerpe uitgegee, soos „Die Vrymesselary" en „Dink aan jou Skepper..." 'n Publikasiefonds het gehelp met die finansies. In 1965 het prof. S. C. W. Duvenage as voorsitter van die Publikasiekomitee oorgeneem en die boeke „Republiek en Koninkryk", asook „... In die dae van jou Jonkheid" verskyn. Vanjaar verskyn daar 'n boek oor jeugprobleme. Prof. E. J. Smit help tans die komitee as Redakteur.

Ons leef in die tyd van gejaagdheid. 'n Mens het nie altyd tyd om 'n hele boek deur te lees nie. In 1968 is begin om kort studiestukke uit te gee en aan al die Pukke onder hulle kamerdeure waar moontlik te versprei. Mnr. Johan Snyman het hier baanbrekerswerk gedoen. Studiestukke was nog ietwat lank en in 1972 is begin met vlugskrifte, „Vyfminute". Die nuus moet nog vars wees — nie ouer as 48 uur nie — en die vlugskrif moet in die koshuis wees.

Tans word studiestukke aan ander kampusse, belangstellendes ens. gestuur. Selfs oorsee.

## S.R.-voorsitter haal Maties oor die kole

★ *vervolg van bladsy 5*

loop was asook die kontak met Fort Hare voordat SASO beleid in werking getree het. Hy het verlede jaar se akademiese simposium met Turfloop aangehaal as alles behalwe sinisme t.o.v. dialoog. „Die duidelik omlynde beleid van die Studenteraad oor skakeling, soos aan Maties beskikbaar gestel, onderstreep tog ook hierdie feite."

Mnr. Mulder het gesê dat hy met mnr. Doman saamstem dat die P.U. skakeling versigtig aanpak. „Skakeling wat nie op resultate ingestel is nie is nutteloos en slegs skakeling ter wille van skakeling."

Volgens mnr. Mulder moet ons geensins hieruit aflei dat die skakeling met Stellenbosch nie suksesvol was nie. „Ons het baie bereik en lekker gesels." Hy het veral waardering vir mnr. Doman se standpunte wat daarvoor gesorg het dat die bespreking in 'n besondere gesindheid van welwillendheid geskied.






Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Vervaardig in Suid-Afrika.

# KORPS ROL MOUE OP VIR PROJEKTE

**DIE KORPS se laagtepunte was gewoonlik die tye waar daar meer gepraat is en niks gedoen is nie. Woorde en nogmaals woorde help nie as daar nie opgerolde moue en sweet op die voorkop is nie.**

In 1929 het die ou ASB op sy kongres die Calvinistiese beginsels verbygegaan en begin ywer vir 'n humanistiese wetenskapsideaal. Die Korps het ingespring om 'n Calvinistiese Studentebond (1930) en later 'n Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings (1933) tot stand te bring. Van hierdie Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings (FCSV) het groot krag uitgegaan in 'n donker tyd in ons



Paul Kruger, ondervoorsitter van Korps Veritas Vincet. (Foto: Fotokuns.)

politieke geskiedenis.

Teen die laat 1950's en veral in 1960's het die Korps al hoe meer die karakter van 'n besprekingsvereniging gekry. Omdat daar 'n kragtige nuwe ASB was, waarby die Studenteraad ingeskakel het, was daar vir die Korps hier nie meer 'n taak nie. Watter taak het oorgebly? By 'n gebrek aan doen-dinge het die Korps al hoe meer begin kwyn.

### MOUE OPROL

In Julie 1969 is daar weer moue opgerol — 'n kerkie is gebou in Ganzi, Botswana. Daar is hard gewerk, ver gery en soms moes die voertuig uit die sand gehaal word as hy vasval. Groot sweet, maar juis dit het nuwe lewe in die Korps geblaas.

Die volgende jaar is 'n brug gebou oor 'n rivier by 'n N.G.-Sendingstasie in Swaziland. Daar is hard gewerk — en gevaarlik tussen hemel en aarde (rivier!). Soos enige toer was hier ook die dinge wat onthou word, soos die sokkerwedstryd met 'n plaaslike paar bantoes, wat die pers tot „gemengde sport" probeer opblaas het. In 1971 en 1972 het die nuwe idee van hulpprojekte sy beslag gekry.

### HULPVERLENING

In 1973 is 'n projek-in-drie-fases aangepak naby Gobabis. Koshuise vir Boesmans word gebou. Eerskomende Juliemaand sal die projek D.V. voltooi word.

Ben Cloete het na die eerste hulpprojek in Suid-Wes die volgende flitse gegee: „Onthou jy... die sand en sweet en gruis... hoe die tyd byna stilgestaan het wanneer jy die graaf nóg 'n keer skouerhoogte lig... teetyd op sementsakke... die baksteenvloer wat nie sy lê wil kry nie... die tevredenheid as jy hoor 'Tjaaika'?"

Die Korps stel ook in die vooruitsig om waar nodig, ook ander hulp te verskaf, selfs aan medestudente. Watter vorm sodanige hulp sal aanneem, sal die tyd en behoefte leer. Alleen deur te dien het die Korps 'n bestaansreg.

Die Korps voorsien tans 'n oorsig wat in studentepublikasies in S.A. aangaan, aan kampusleiers op die Puk. Sporadies verskyn „Kampus-Fokus", wat die studentekoerante kortliks weergee en bespreek. Van die selle praat ook al in die rigting van meer dienslewering aan die studentegemeenskap.

### TOEKOMS

As 'n mens op 'n reguit teerpad staan, lyk die pad eintlik klein soos dit na weerskante in die verte uitstrek. Dit kan 'n mens moedeloos maak as die pad ook vorentoe lank lyk. Vir die Korps is daar 'n toekoms — vooruitsig. Dit laat 'n mens soms baie klein voel. Ons troos is dat, met die lang pad wat afgelê is, die pad tog dieselfde gebly het, al het die landskap en mense verander.

Die Korps van 1974 is basies nog dit Korps van 1894, al het sy lede en sy werkwyse en sy grootte verander. Met vertroue glo ons dat die Korps van nog 'n 80 jaar verder nog dieselfde Korps sal bly.



'n Aantal oud-voorsitters van Korps afgeneem tydens die 75ste herdenking van die hoofliggaam se stigting. Van links na regs verskyn dr. Deon Kempff (tans redakteur van Die Kerkblad), dr. K. S. van Wyk de Vries (tans predikant), prof. Fanus du Toit (emeritus professor van die Teologiese Skool), wyle prof. S. J. du Plessis (in lewe hoof van die dept. Semitiese Tale aan die P.U.) en ds. Jan-Karel Erasmus (destydse voorsitter).

# VERGADER DINAMIES

**'N SELVERGADERING. Sowat twintig koshuisinwoners sit in die sitkamer en luister na wat een of ander proffie of dosent te sê het. Die helfte teenwoordig het uit belangstelling gekom, die ander uit plig of omdat hulle as eerstejaars moes.**

Na die toespraak vra die selleier of daar enige vrae is. Daar is so twee vrae. Die spreker word hartlik bedank, tee word saam gedrink. Nog 'n selvergadering is afgehandel — iets wat die selleier met blydskap aan die Korps se Hoofbestuur kan rapporteer. 'n Paar Pukke is bly omdat hulle bywoning van die vergadering help om vir nog 'n hoof liggaam stemreg te hê.

Dit is baie keer die beeld wat ons het van die werksaamhede van 'n sel: saai en maar-net-nog-'n-lesing. Ongelukkig gaan dit nog so in baie selle. van die Korps. Die Korps voelvoel maar nog sy weg met die nuwe gedensentraliseerde werkswyse. Tog is daar sprakelende voorbeelde waar dit beter gaan:

### VERBETERING

Soms word 'n blote gesprek gehou met een of meer van die sellede as inleiers. Hulle het dan meer oor die onderwerp gelees. As mense aan die praat en wonder is, is al baie bereik.

Soms kom 'n studiestuk of vlugskrif op die selvergadering ter sprake. Indien reg hanteer, kan dit dan gons. „Vyfminute" word reeds opgestel met die oog op reaksie.

Twee dameselle het al 'n prikkelende stuk oor die onderwerp laat afrol en voor die selvergadering versprei. Die belangstelling wat daardeur geprikkel is, het voorkom dat die selvergadering lesingagtig word.

Senior studente word al hoe meer ingespan om as inleiers op te tree tydens selvergaderings. Daar is gevind dat die sellede dan spontaner gesels.

In onlangse kursusse is heelwat aandag gegee aan groepsdinamika in die selle. Die Naweekkursus van 29 en 30 Maart se tema was die Groepsgesprek. Prof. T. van Dyk van die Departement Psigologie het korpsbestuurslede ingelig oor tegnieke van bespreking. Onder leiding van Dr. M. Brink van die Departement Psigologie het die bestuurslede self op die kursus die tegniek van groepsbespreking ingeoefen.

Tydens 'n blitskursus wat KVV en die SAB gesamentlik aangebied het op 14 Maart, het Ds. Mike Smuts (jnr.) gepraat oor dinamiek in verenigings. Die waarde van groepsprekings met 'n optimum aantal van 8 deelnemers en die tegniek van bromgroepies is deeglik onderstreep.

# PUBLIKASIES

**AS 'n mens van Korps praat sonder om ook sy publikasies te noem, praat jy van 'n halwe Korps. Oor die afgelope 80 jaar het Korps verskeie publikasies gehad.**

Sommige publikasies het gou gekwyn en ander se oplaag was maar klein. Tog het die korps ook buite die Studentekring sy stem laat hoor deur dit wat gepubliseer is.

### VERITAS VINCET

1908. Dié jaar is Calvyn se 400ste verjaardag. 'n Boekie, „Het leer en leven van Calvijn" word uitgegee. Sodanig



Ineke Lindhout, van die Publikasiekomitee, wat verantwoordelik is vir Wapadberigte en ander publikasies. (Foto: Fotokuns.)

was die sukses, dat sedert Desember 1909 'n tydskrif, „De Jonge Calvinist" uitgegee word. Die blad kwyn en later kom „Veritas Vincet" in sy plek. Vir meer as tien jaar is die gees van die Korps in hierdie blad gereflekteer. Jammer dat daar vandag net hier en daar nog een opgespoor kan word.

Stoker, later Professor in Wysbegeerte, was eintlik die man wat agter die latere publikasies van die Korps gesit het. Saam met die Stellenboschse Calvinistiese Studentevereniging word in die 1930's „Koers in die krisis" uitgegee, iets wat tot vandag toe as kleinnood op menige se boekrak staan. In 1945 verskyn, „Op die voorpunt van die tye" met referate, gelewer tydens die kwarteeufees van die Korps.

### JEUGPROBLEME

Onder die bekwame leiding van prof. J. H. Coetzee is daar in die vyftigerjare brosjures en boeke oor aktuele onderwerpe uitgegee, soos „Die Vrymesselary" en „Dink aan jou Skepper..." 'n Publikasiefonds het gehelp met die finansies. In 1965 het prof. S. C. W. Duvenage as voorsitter van die Publikasiekomitee oorgeneem en die boeke „Republiek en Koninkryk", asook „... In die dae van jou Jonkheid" verskyn. Vanjaar verskyn daar 'n boek oor jeugprobleme. Prof. E. J. Smit help tans die komitee as Redakteur.

Ons leef in die tyd van gejaagdheid. 'n Mens het nie altyd tyd om 'n hele boek deur te lees nie. In 1968 is begin om kort studiestukke uit te gee en aan al die Pukke onder hulle kamerdeure waar moontlik te versprei. Mnr. Johan Snyman het hier baanbrekerswerk gedoen. Studiestukke was nog ietwat lank en in 1972 is begin met vlugskrifte, „Vyfminute". Die nuus moet nog vars wees — nie ouer as 48 uur nie — en die vlugskrif moet in die koshuis wees.

Tans word studiestukke aan ander kampusse, belangstellendes ens. gestuur. Selfs oorsee.

## S.R.-voorsitter haal Maties oor die kole

★ *vervolg van bladsy 5*

loop was asook die kontak met Fort Hare voordat SASO beleid in werking getree het. Hy het verlede jaar se akademiese simposium met Turfloop aangehaal as alles behalwe sinisme t.o.v. dialoog. „Die duidelik omlynde beleid van die Studenteraad oor skakeling, soos aan Maties beskikbaar gestel, onderstreep tog ook hierdie feite."

Mnr. Mulder het gesê dat hy met mnr. Doman saamstem dat die P.U. skakeling versigtig aanpak. „Skakeling wat nie op resultate ingestel is nie is nutteloos en slegs skakeling ter wille van skakeling."

Volgens mnr. Mulder moet ons geensins hieruit aflei dat die skakeling met Stellenbosch nie suksesvol was nie. „Ons het baie bereik en lekker gesels." Hy het veral waardering vir mnr. Doman se standpunte wat daarvoor gesorg het dat die bespreking in 'n besondere gesindheid van welwillendheid geskied.



Vervaardig in Suid-Afrika.

# TUISLANDKABINET

**„MET elke ontmoeting kom ek meer en meer onder die indruk van u insig in die volkereproblematiek van ons land." So het Sy Edele mnr. G. R. Wessels, Kommissaris-Generaal van Bophuthatswana, tydens 'n besoek van die kabinet van hierdie tuisland aan die P.U. vir C.H.O. sy dank uitgespreek vir die noue samewerking tussen die universiteit en die tuisland.**

Mnr. Wessels het bygevoeg dat ons aktuele landsprobleme en in besonder die rassevraagstuk nooit opgelos sal kan word mits die oplossing nie in God se lig gesoek word nie.

Die belangstelling van die PUK in die tuisland van Bophuthatswana is hoog op prys gestel soos die skenking van R2 000 vir die Tswana Universiteitsfonds deur ons studente dan ook bewys. Die hoop is ook uitgespreek dat die P.U., na die opening van die Tswana Universiteit se biblioteek, aan hierdie instansie 'n boekeskenking sal maak. Dit sal baie goed wees indien hierdie vriendskap sou groei tot 'n groot boom waarvan die takke skaduwee sal bied tot voordeel van sowel die Tswana as die Blanke.

Mnr. Wessels het ook op die sogenaamde kommunikasiegaping gewys wat die oorsaak is vir 'n gebrekkige verhouding tussen swart en wit. Die gebrekkige kennis van mekaar se kultuur, taal en strewes is nog 'n faktor wat doeltreffende dialoog en kontak in die wiele ry. Hierdie dilemma kan moontlik opgelos word indien die studente aan die P.U. vir C.H.O. poog om sinvolle kommunikasie met die Bantoe te bewerkstellig. Om dit te kan doen moet daar nie net met die Bantoe gepraat word nie, maar moet ons ook na hom luister. 'n Vertrouensposisie tussen Bantoe en Blanke is 'n noodsaaklikheid vir toekomstige sukses.

Mnr. Wessels het afgesluit deur sy dank te betuig teen die Rektor van die PUK en die kabinet se besoek beskou as 'n voortsetting van die ware kommunikasie wat deur die jare tussen hierdie twee instansies opgebou is.

## Geskiedenis

★ *vervolg van bladsy 8*

tjies kyk mekaar met groot oë aan. Laat die aand kom Koos Venter in my kamer, bekommerd, die vaandel staan nog net so daar buite. Hy wil darem 'n maat hê. Ek staan op, ons neem die vaandel eerbiedig op, en dra hom by Koos se broer, Praetor Oubaas, se kamer in. Die saak is later geskik. Broekie het met behulp van Tjaartjie waardig en getrou elke vergadering opgetree, en die vaandel sy ereplek besorg."

25 April 1974. Die eerste vaandeldraer van die nuwe Korps is gekies — weer 'n penningmeester, Petrus Coetzee.






FOTO BO: Lede van Korps se studiekring bespreek 'n saak van gemeenskaplike belang. Van links na regs verskyn: Ineke Lindhout, Susan Schalekamp, Annatjie Siertsema, Paul Kruger en Landman Vogel. (Foto: Fotokuns.)

## Wag-'n-bietjie met simbole

**WAG-'N-BIETJIE . . . 'n Splinternuwe koshuis met splinternuwe dames en 'n splinternuwe Korpssel! Wat sou 1974 vir hierdie nuwe sel inhou?**

Sommer vroeg in die jaar het ons 'n gesellige Kenmekaar oor 'n beker stomende sop gehou. Die onderwerp vir ons eerste vergadering was: Simbole (soos die heksepoot, skoenlappers, voete, die appeltjie) en hulle betekenisse. Die opkoms was pragtig. Ons het selfs besoekers uit die verre Klooster gehad. Prof. T. T. Cloete het hom uitgeleef oor die onderwerp, en almal het behoorlik aan sy lippe gehang! Ongelukkig was dit Maandagaand en moes ons tienuur ophou, anders sou ons tot laatnag toe nog kon gesels het!

Vir die Korpssel Wag-'n-Bietjie lê daar nog 'n interessante halfjaar voor. Ons beoog 'n Interkorpsaand, en interessante besprekings oor studentehuwelike, die vrou se kleredrag, vrye liefde en proefhuwelike gaan plaasvind.

Enige Puk is welkom om te kom kyk wat gebeur op 'n Korpsaand in Wag-'n-Bietjie!

## Kommunikasie met Bantoe bespreek

**DIE behoefte aan regstreekse kommunikasie tussen blankes en Bantoes in die moderne werksituasie, is in Johannesburg op 'n konferensie beklemtoon deur mnr. Eric Mushwana, opleidingsbeampte van die Nasionale Ontwikkeling en Bestuurstigting.**

Mnr. Mushwana het die konferensie, wat gegaan het oor motivering van die Bantoewerker, meegedeel dat dit nie impliseer dat alle bestuurders noodwendig 'n Bantoetaal moet praat nie, maar regstreekse kommunikasie kan deur 'n tolk wees.

Hoewel dit nodig is dat die Blanke die stamagtergrond van die Bantoe moet verstaan om 'n gesonde werksklimaat te skep, het Blanke- en Bantoewerkers tog dieselfde behoeftes.

Groter verstandhouding tussen hulle is dus nodig.

'n Voorvereiste by die motivering van die Bantoewerker is om hom die taak te laat doen as hy kan, en om hom as mens te behandel en hom volgens werkverrigting te vergoed.

Wees geduldig met sy opleiding en hy word 'n bate. As hy bevordering verdien, bevorder hom dan. En gee hom verantwoordelikhede sodat hy homself kan ontwikkel.

Mnr. Mushwana meen dat aspekte van stamlewe in die nywerheidsgemeenskap voortleef. In sommige gevalle sal werkers nog na toordokters gaan om hulle ‚sterk' en ‚gerespekteer' te maak.

Die Bantoe soek status en praat ook baie. As hy iets behaal word hy gelukkig en praat daaroor. Die Bantoewerker moet vertel word van sy vordering net soseer as sy tekortkominge.

## Politieke Party

DIE Korpssel Vergeet-my-nie het 'n unieke ding gedoen toe hulle op Woensdag 20 Maart saam met PNB 'n Korpssel-PNB-vergadering gehou het.

Die selleidster van Korpssel Vergeet-my-nie is Louise Rautenbach.

Die onderwerp was dan ook van so 'n aard dat dit aangepas het by die gesamentlike belange van die twee verenigings:

„Is elke Politieke Party in S.A. Calvinisties verantwoorbaar?"

Mnr. Pieter Mulder het as spreker opgetree en het die saak aangepak deur eers die agtergrond van die drie sittende partye te skets, daarna kritiek daaroor uit te spreek en te kyk of dit Christelik verantwoordbaar is. 'n Bespreking het hierop gevolg wat uitgeloop het op vrae en opmerkings oor die kleurling, die verskillende tuislande en die verhouding tussen die „Ou Garde en die Jong Turke".

### SAMEWERKING


Dit lyk of dié vergadering nog 'n uitloper is van die interessante samewerking wat hierdie jaar tussen Korps en PNB bestaan. Daar is reeds aan die begin van die jaar 'n gesamentlik Programvergadering deur die twee Hoofliggame aangebied.

Daar is hoop dat daar in die toekoms nog op baie vlakke kontak gemaak sal word.

## Korps voorsitters

'N LYS VAN VORIGE VOORSITTERS VAN DIE KORPS VERITAS VINCET

| | |
|---|---|
| 1894 | J. A. van Rooy |
| 1895 | J. A. du Plessis |
| 1896 | J. A. du Plessis |
| 1897 | J. C. Kruger |
| 1898 | E. H. J. Kruger |
| 1899 | E. H. J. Kruger |
| 1903 | D. Postma |
| 1904 | J. H. Kruger |
| 1905 | J. H. Kruger |
| 1906 | V. N. van der Walt |
| 1907 | D. P. du Plessis |
| 1908 | D. P. du Plessis |
| 1909 | P. Bingle |
| 1910 | H. C. van Rooy |
| 1911 | H. C. van Rooy |
| 1912 | D. N. Kotze |
| 1913 | D. N. Kotze |
| 1914 | D. N. Kotze |
| 1915 | C. de Wet |
| 1916 | J. C. van Rooy |
| 1917 | D. E. Venter |
| 1918 | J. C. van Rooy |
| 1919 | P. J. S. de Klerk |
| 1920 | M. J. Coetzee |
| 1921 | A. Duvenhage |
| 1922 | A. Duvenhage |
| 1923 | W. J. Snyman |
| 1924 | T. T. Spoelstra |
| 1925 | Jaco van Rooy |
| 1926 | J. P. Jooste |
| 1927 | S. du Toit |
| 1928 | J. M. de Wet |
| 1929 | P. G. W. Snyman |
| 1930 | P. G. W. Snyman |
| 1931 | M. Postma |
| 1932 | M. Postma |
| 1933 | J. L. Vorster |
| 1934 | J. W. Jansen |
| 1945 | D. J. van der Walt |
| 1936 | J. Postma |
| 1937 | J. Postma |
| 1938 | B. R. Kruger |
| 1939 | P. J. Coetzee |
| 1940 | P. J. Coetzee |
| 1941 | P. F. Schutte |
| 1942 | E. P. L. van der Linde |
| 1943 | S. J. du Plessis |
| 1944 | D. Kempff |
| 1945 | C. Hattingh |
| 1946 | E. H. J. Kruger |
| 1947 | F. W. Buytendach |
| 1948 | B. J. Lombard |
| 1949 | B. J. Lombard |
| 1950 | R. G. Kriel |
| 1951 | V. E. d'Assonville |
| 1952 | P. J. W. Louw |
| 1953 | P. G. Pelser |
| 1954 | — |
| 1955 | M. G. Strydom |
| 1956 | P. A. Smit |
| 1957 | H. G. Kruger |
| 1958 | S. P. B. Buys |
| 1959 | G. A. Hattingh |
| 1960 | J. J. de Wet Kruger |
| 1961 | Jan Boneschans |
| 1962 | P. W. Bingle |
| 1963 | P. A. Venter |
| 1964 | A. Coetzer |
| 1965 | L. Aucamp |
| 1966 | J. J. Breedt |
| 1967 | J. P. L. van der Walt |
| 1968 | Anton van Rensburg |
| 1969 | Jan Erasmus |
| 1970 | L. du Plessis |
| 1971 | L. du Plessis |
| 1972 | V. Combrink |
| 1973 | E. Schalekamp |



F. VAN WYK

## Korpssel Klawernooi

KORPSSEL Klawernooi het 'n klomp gretige, weetgierige mense om te bedien en saam te snoer. Met elke selvergadering is die opkoms baie goed. Almal sit rondom die spreker op die mat en stoele rond, besig met breiwerk, borduurwerk en allerhande huistoe-laat-verlang-dinge!

### VRYMESSELARY

Net na die lang naweek het Klawernooi en Thaba Jäh 'n gesamentlike selvergadering oor Vrymesselary. Prof. Benoon Duvenage kom hom by ons gesellige kringetjie voeg.


As dit weer so 'n nie-wilophou vergadering gaan wees soos die een laas kwartaal oor Sterrewiggelary, (Dr. Etienne de Villiers) voorspel ons nog 'n sterk Korpsjaar verder in Klawerhof.

Willemien, Anso en Marietjie se program vertel nog van verdere interessante onderwerpe soos die Mafia, die kerk en vandag se jongmense, en of Sondagsviering uitgedien is of nie.

Natuurlik hang dit ook maar af van watter nuwe dinge mag opduik.




# KOSHUISKOS



(erkenning aan die „Sunday Times")

## OVER DE VOOR

NA 'n tydjie van betreklike rustigheid storm die Leeu van Over de Voor tans weer onkeerbaar voort. Om mee te begin het die Ou Grote eers gou vir Kompleks van die rugbyspyskaart afgevreet. Toe volg 'n benydenswaardige tweede plek in die Karnavalkompetisies. Toe die boonop kom by vlotbou-sonder-petrol kon niemand perdvashou by die kombinasie Over de Voor-Wag-'n-bietjie nie. En nog is dit het einde niet. Dit moes die „Mercurocrome Squard" verlede Saterdag tot hul spyt uitvind. Kallie en sy veertien ander Leeus het hul botteltjie-vir-botteltjie leeggedruk — en Ossie het die leës stukkend geskop. Tog was dit lekker om 'n teenstander te hê wat groot kan wees in sy nederlaag en jou hand kan kom druk. Dankie Skure.

En nou piets-piets die Leeu met sy stert in afwagting op die volgende prooi. Hou maar jul gewere reg (en hoop dit help)!

## OOSTERHOF

HIER by ons loop die troukoors hoog. Twee dames het die afgelope week blink klippies aan die vinger gekry. Is dit dalk die nasleep van 'n geslaagde karnaval? Nou sien ons uit na die volgende een.

Ons bande met Liberalia (een van die bakste manskoshuise op die Puk) is verstewig en goed geolie na 'n baie groot interbrood en bier.

Baie geluk aan Koekeloervloer wat die Oosterhof-embleem gewen het vir die oulikste gangversiering. Maandagaand het ons eie Oostervaria toe amptelike erkenning deur Studentevaria gekry. Ons omroepster Annetjie Siertsema, en tegniese assistente, Marleen Lombaard het landswyd die werke van Oostervaria verduidelik, onder luide applous van die Oosterhof luisteraars, tydens 'n koshuis vergadering.

Weens akademiese drukte laai die spanning op, en sak hier 'n groot stilte neer, maar op't hoek is ons te kry.

OOSTERGROETE

## KULU

LIEWE MA.

Oe Ma, maar hierdie Kulu is 'n anner plek, Ma weet! Ons het die agtermekaarste tannie wat hier lakens uitdeel, en die „oor 'n duisendste" oom Joggie wat ek al ooit gesien het.

Joe, Ma, ons hou toe mos anner week Karnaval en wen toe so ampertjies 'n grammofoon, was dit nie dat die Klawertjies so oulik was nie. Ons skrywe toe mos vir die koerant en vertel hulle van ons Karnaval en joe, was die ooms hier vir ons kwaad! Sê tog seblief vir hulle ons sê dankie vir hulle „groot" reaksie, hoewel ons psige nie gevou het nie.

Ma ken mos vir Uitspan, daai koshuis wat so „solied" is. Wel hulle help ons toe 'n vlot bou wat toe nie eens 'n ou plekkie kry nie; maar ons gee nie om nie want die anner was beter as ons. Uitspan dink nie so nie, want hulle het Saterdag saam met ons wolliebol gespeel en dit was so verskriklik lekker dat net die eetklok ons daar kon wegkry. Ma moet aan al die Kulu marathonkampioene wat met vingerbord, koshuisvergadering en blommetjiesvou vasgebyt het, geluk sê. Hulle was goed, hoor!

Hier het nou amper iets soos runnerpes in Kulu uitgebreek. Die studente noem dit akademie en dis lelike dinge, Ma. Dit byt almal en straks moet Ma my gou-gou kom haal.

Groetnis aan al die Pukke.
Ma se Blommetjie.

## WEN 2 TOETS-KAARTJIES

## VIND 'N NAAM VIR PUK 1 B

**Plaas in bussie 112. (S.R. Kantoor)**

## KASKENADES

PUKKE, so stadig maar seker nader ons weer die fase waarin verhoudings om skynbaar geen rede hoegenaamd nie, begin skeef loop. Moenie moed verloor nie, dis net die Akademie wat die opgekropte lawa van julle gemoedere na buite forseer.

En moet dit nie te erg vat nie... liefde is tog maar 'n misverstand tussen twee dwase, en as mens eers getroud is, begin die vrou van jou die man maak met wie sy graag wóu getrou het. Nadat sy jou dan sowat tien jaar lank probeer verander het, verwyt sy jou, omdat jy nie meer die man is met wie sy getrou het nie.

Pukmans, dus sien julle:

„To love oneself, is the beginning of a life-long romance;
To love a woman, is the beginning of a life-long suffering."

Nogtans struikel elkeen maar een of ander tyd, want Cavalcanti sê: „Liefde kom wanneer 'n man iemand sien wat sy intellektuele ideaal van vroulike skoonheid bevredig".

Ek verneem dat die mense hierdie jaar van Upington en die Karoo af gaan kom om na die blommeprag voor Liberalia en Over-de-Voor te kom kyk.

Ons wens Skuur sterkte toe met die komende inwyding van hul eetsaal.

Daarmee, Pukke, sê ek geniet die langnaweek, en kyk intussen hoe kaal is jul bladsy, „Koshuiskos". Wie se skuld is dit?

Groetnis, OOG.


# Die Spaanse Voorkoms!

Rompe met sorgvrye Spaanse voorkoms is hier! 'n Vol onderromp met drie valle beklemtoon die drievoudige swier! Maak gou — wees in die mode!




Fancy That!

TRUSTBANK -
DEURLOOP
POTCHEFSTROOM

DIE KLEIN
WINKELTJIE
IN DIE HOEK


# HOK GERUS

**GEAGTE REDAKTEUR, — In die uitgawe van 29 Maart 1974 op bladsy vier verskyn 'n berig onder die opskrif: „Is dit nodig om dames te hok?"**

Weens die skuilnaam „Senior" wat gebruik is, is dit nie dadelik duidelik van watter geslag die skrywer is nie. Uit die aanloop van sy betoog blyk egter dat dit 'n man is. (Vergelyk die voorafgaande verwysing na „bykans alle mansstudente", en later: „Die dames moet my sê indien ek verkeerd is, want blykbaar glo die dameskoshuise nie daarin nie.").

Dit is hierdie feit wat my noop om die pen op te neem: Ek wil my misnoeë uitspreek oor ons vriend, die skrywer, se emosionele, onberedeneerde en onoortuigende aanval teen (let wel) „ons senior dames". Sy skryftoon pas glad nie by die gehalte van sy redenasies nie. Laat ek verduidelik.

Die skrywer gooi die hele vraagstuk van hekkery („Hok" is sekerlik barbaristies) oor die boeg van die gedra al-dannie van eerstejaars, en werk dan met die fiksie dat die dames „beskou word dat hulle hulleself kan gedra." Op hierdie emosie-belaaide postulaat (in sy niksseggende onbewesenheid) bou die skrywer dan 'n tirade wat herinner aan die klassieke Xanttipe.

Oor die nut van „hokkery" skryf hy op blote veronderstelling (vergelyk „ek glo"). Die redenasie oor die A.O.B.-aksies wat skade sou ly, is so oud soos die berge. Deur so 'n naïwe redenasie laat die skrywer 'n mens onwillekeurig aan 'n volbloedkomedie dink. Die oogluikende oppervlakkigheid daarvan behoef weinig betoog: Dit gaan nie in die studentelewe net oor eerstejaars as eerstejaars nie. Ook die A.O.B. moet die belange van vandag se eerstejaars as môre se seniors bevorder.

Die beweerde onderdrukking van geesgenootlike seniordames deur sogenaamde „superseniors" — duidelik gemik teen dameskoshuise se huiskomiteelede, omdat 'n hek slegs met hulle goedkeuring mag geskied — is nog 'n bewys van die skrywer se manier om onbewese veronderstellings in argument te probeer aanwen en in diè proses sy hele betoog bespotlik te maak. Hy verwys na die redes vir 'n „hek" as „veelbesproke verskonings". Hierdeur wys hy sy subjektiwistiese siening van 'n saak wat — helaas 'n objektiewe beredenering vereis. So ook die wyse waarop hy opmerklik kort gaan oor die veelheid van redes vir 'n „hek".

Laat ek 'n paar klippe in die bos gooi: Is dit nie dalk die skrywer wat „oogklapbedek" is nie? Is die volle waarheid nie dalk dat die skrywer hómself 'n kans wil gee en nie die eerstejaars nie?

My raad aan die skrywer is: Moenie die openbare forum gebruik vir sulke onberedeneerde kritiek teen die teenoorgestelde geslag nie. Skoenmaker, hou jou by jou lees, en lees en lees totdat jy werklik insig het.

J.P.

## Briewe


KOOP 'n LOOP-HAPPIE

HONGER ?

Probeer ons Vetkoek.

MAALVLEIS 25c.
KERRIE 25c.
KAAS en KONFYT 25c.

# sport

## Pukke verloor Ted Sceales, dalk ook vir Claassen

**DIE interuniversitêre Ted Sceales-rugbytrofee behoort nie meer aan die Pukke nie. Ikeys het hulle verlede Woensdag (22 Mei) in 'n uitklopwedstryd in Kaapstad met 19—7 gewen.**

Met die neerlaag het die span moontlik ook sy beroemde afrigter mnr. Johan Claassen, prysgegee. Mnr. Claassen het voor die wedstryd laat blyk dat indien die manne hom weer in die steek laat, hy dit sterk sal oorweeg om hulle nie verder met afrigting te help nie.

Dit was mnr. Claassen wat verlede jaar die moedverlore Pukke se hand gevat en hulle opgebou het tot die span wat Tukkies in die eindstryd om die Ted Sceales geklop het. 'n Mens kan maar net hoop dat mnr. Claassen se dreigement van verlede week een van sy sette was om die span op te kikker vir die wedstryd.

Die eerste helfte en 'n groot deel van die tweede helfte van die wedstryd teen Ikeys het aan die Pukke behoort. Hulle het van die begin af in hul teenstanders se halfgebied geboer en dit het gelyk asof hulle moeilik geklop gaan word. Rustyd was die telling 7—3 in die Geelspan se guns.

Kaapstad het die wedstryd se eerste punte aangeteken toe heelagter Dave Williams 'n strafdoel behaal het. Slot Piet Brand het egter die agterstand uitgewis met 'n mooi drie. Hierna het Willie de Bruin (heelagter) Potchefstroom se voorsprong opgestoot met 'n strafdoel.

Dit was 'n kwartier voor die einde — met die telling nog onveranderd — toe die Kaapse studente skielik vlam gevat en hul teenstanders heeltemal deur mekaar gehardloop het.

Eers het André Ross (senter) oorgegaan vir 'n drie. Williams het geen fout met die vervyfskop gemaak nie.

Hierna is 'n strafdrie aan Ikeys toegeken nadat Pukvleuel Hennie Zaaiman sy teenstander, Alan Gunard, digby die doellyn gestamp het sonder dat die Ikey die bal gehad het. Williams het met die vervyfskop geslaag.

Peter Berning, Ikeys se ander senter, het die laaste punte aangeteken met 'n onvervyfde drie ná 'n skitterende lopie van ongeveer 30 meter.

**KARNAVALHEMPIES**

**Slegs R2,00**

KOOP NOU.

NOU TE KOOP BY DIE S.R.-KANTOOR.

**Johan Malan (Edms.) Bpk.**

**UURMAAKHOUT**

OWENLAAN 2
en
GOEDERE ERF,
Potchefstroom Stasie.
TELEFOON 5371.

—:—:—:—:—:—

ONS LEWER AF

—:—:—:—:—:—

Posbus 69,
POTCHEFSTROOM.

—ST

# PUKKE VERLOOR WEER

**VERLEDE Saterdag (18 Mei) was maar 'n droewe dag vir die Pukke op die rugbyveld. Die handjievol Puk-ondersteuners wat die wedstryd op die Markötter-stadion bygewoon het, kon nie anders as om 'n stille traan te stort na afloop van die treurspel nie. Die eindtelling was 24—7 in Klerksdorp se guns.**

Dit het alles goed gegaan, totdat Schalk van der Merwe vroeg in die eerste helfte 'n genadelose knie in die niere gekry het. Die salfsmeerdery het niks gehelp nie en hy was vir die res van die wedstryd 'n passassier. Hy het uitgeskuif heelagter toe en is vervang deur Wille de Bruin op losskakel. Kort daarna het Willie ook seergekry en hy kon nooit weer in die wedstryd voluit speel nie. Die passasierslys het vinnig gegroei. Eers was dit Hennie Zaaiman met 'n dyspier en kort op sy hakke Osie van Niekerk met 'n beseerde skouer.

Die talle beserings het die res van die span ontstel en sodoende die hele spelpatroon ontwrig. Die voorspelers se vuur was aan 't kwyn en deurgaans was dit 'n rondgeploeter wat op niks uitgeloop het nie.

Die manne moes harde bene kou om Klerksdorp, wat heeltyd in die Pukke se halfgebied gekampeer het, van die doellyn af weg te hou.

Om enige speler uit te sonder sal fataal wees, maar die twee flanke, Eric le Roux en Johan Radloff, asook vleuel Barry Barnard het deurentyd opgehou en werk gemaak waar dit gedoen moes word.

Willie deBruin (strafdoel) en Barry Barnard (drie) was verantwoordelik vir die Pukke se punte.

In 'n voorwedstryd het die Puk se tweede span hul Klerksdorp-opponente met 19—11 verslaan. Dit was lekker om hierdie span mooi wenrugby te sien speel. Die 0.20A's het soos in elkeen van hul vorige wedstryde weer skitterend vertoon. Hulle het Klerksdorp 0.20 in die grond in gespeel met 'n reuse-telling van 40—0.

Op Potchefstroom het die Puk 1B in 'n teleurstellende wedstryd met 3—13 teen Western Reefs verloor. Die P.U. 0.20B-span het in hul wedstryd probeer vergoed vir hul ouer broers se neerlaag. Hulle het Pote met 26—3 verslaan.



LINKS: Mnr. Johan Claassen. Die moontlikheid is groot dat hy dalk nie meer as afrigter van die Pukke beskikbaar sal wees ná hulle neerlaag verlede Woensdag teen Ikeys nie.

# P G D nou alleen voor

**KOSHUISRUGBY is seker die onvoorspelbaarste rugby wat daar kan wees. Die naweek van 18 Mei se ligawedstryde het die stelling weer eens bewys.**

Over de Voor — wat hierdie jaar maar redelik swak afgesit het — het daarin geslaag om die Skuur maklik te oorrompel en sodoende is PGD weer die alleenvoorloper in die liga. Die kanse dat hulle die beker gaan wen of minstens deel is nou baie goed.

Over de Voor het 'n rustelose Skuur-span van die begin af vasgepen in hul eie gebied en hulle glad nie kans gegee om hul skitterspel teen PGD te herhaal nie. Met die wind van agter in die eerste helfte het die manne van Over de Voor in die gebied van die Skuur geboer en dan ook 'n wenvoorsprong opgebou. Selfs toe hulle kante geruil het en dus teen die wind was het hulle nie hul wurggreep op die wedstryd verslap nie en eerder beter gespeel. Die gevolg is dat Skuur die wedstryd met 19—6 verloor.

Met die neerlaag skuif Skuur nou af na 'n gesamentlike tweede plek op die punteleer. Met een wedstryd oor om te speel het PGD 'n voorsprong terwyl Skuur en Kompleks in die tweede plek is.

Kompleks en Klooster het ook Saterdag sake uitgespook. Deur vir Klooster te klop het Kompleks verseker dat hulle nog gaan saampraat in die beslissing van die liga. Daar kan nou weer spogrugby van die Witspan verwag word.

PGD en Dawie Dup het albei die naweek loslootjies gehad. Weens die langnaweke sal daar vir die volgende twee weke geen rugby wees nie. Nogtans word daar 'n beroep op die spelers gedoen om die oefeninge by te woon en om fiks te bly. As die liga weer begin hoop ons om weer sulke interessante en spannende rugby te sien.

Die stand in die onderskeie ligas is:

| | S | W | V | G | Pv | Pt | P |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| PGD | 4 | 3 | 1 | — | 54 | 49 | 6 |
| Skuur | 5 | 3 | 2 | — | 41 | 60 | 6 |
| Kompleks | 5 | 3 | 2 | — | 65 | 46 | 6 |
| Dawie Dup | 4 | 2 | 2 | — | 50 | 48 | 4 |
| Over de Voor | 5 | 2 | 3 | — | 72 | 60 | 4 |
| Klooster | 5 | 1 | 4 | — | 53 | 94 | 2 |
| | | | | | | | |
| Skuur 2 | 5 | 5 | — | — | 51 | 19 | 10 |
| PGD 2 | 6 | 5 | 1 | — | 128 | 21 | 6 |
| Kompleks 2 | 5 | 3 | 2 | — | 99 | 38 | 6 |
| Dawie Dup 2 | 5 | 2 | 3 | — | 40 | 87 | 4 |
| Over de Voor 2 | 5 | 2 | 3 | — | 42 | 64 | 4 |
| Skuur 3 | 5 | 1 | 4 | — | 53 | 84 | 2 |
| Klooster 2 | 5 | — | 5 | — | 16 | 95 | 0 |
| | | | | | | | |
| PGD 3 | 5 | 5 | — | — | 96 | 30 | 10 |
| Over de Voor 3 | 5 | 3 | 2 | — | 56 | 69 | 6 |
| Skuur 4 | 5 | 3 | 2 | — | 82 | 59 | 6 |
| Kompleks 3 | 5 | 2 | 3 | — | 76 | 88 | 4 |
| PGD 4 | 4 | 1 | 3 | — | 26 | 38 | 2 |
| Dawie Dup 3 | 4 | — | 4 | — | 29 | 104 | 0 |

# NOG 'N SPRINGBOK VIR DIE PUKKE

**DIE PUK het nog 'n Springbok opgelewer. Hy is die 33-jarige Braam Peens wat na afloop van die Springbok-karateproewe op 20 Maart in Pretoria gekies is om Suid-Afrika gedurende Junie en Julie vanjaar in die Filipynse-eilande te gaan verteenwoordig.**

Nadat die span gekies was, was daar sprake dat die toer afgelas sou word. Daar is moeite ondervind om visums vir die spanlede te kry. Die saak skyn egter opgelos te wees en die toer sal nou waarskynlik wel plaasvind.

Suid-Afrika is tesame met veertig ander lande na die Filipynse-Eilande uitgenooi om daar aan toernooie deel te neem. Die toer strek van 19 Junie tot 3 Julie.

Braam het reeds van kleins af in karate belang gestel. Maar op Vredefort, waar hy in 1959 aan die Hoërskool Chris van Niekerk gematrikuleer het, het hy nooit die geleentheid gehad om sy slag te toon nie. Eers in Oktober 1967 het hy sy eerste karate-lesse ontvang.

In die volgende vyf jaar het hy homself goed onderlê in die karatekuns. Gevolglik kon hy met harde manne handgemeen raak toe hy in 1972 aan die Puk begin swot het.

Hy het as na-uurse student ingeskryf vir die B.A.-graad met Naturelle-Administrasie en Volkekunde as hoofvakke. Sy eerste jaar het hy suksesvol afgelê en onder meer 'n onderskeiding in Tswana behaal. Verlede jaar het hy die akademie tydelik opgeskop, want hy het gesien dat dit dalk kan indruis met sy kans om Springbok te word.

Hierdie besluit het die regte vrugte afgewerp.

Braam sê dat hy baie dank verskuldig is aan sy grondlegger in karate, mnr. Bubbles van Dyk. Mnr. Van Dyk is vanaf die stigting van die Burgerbeskermingskollege op George 'n karate-instrukteur aldaar.

Braam se meteoriese opgang het in 1972 begin. In dié jaar het hy die Suid-Afrikaanse Karate-Do-titel verower en was hy ook die nasionale Kumitekampioen. Dieselfde jaar was hy ook die wenner van die Instrukteurs-divisie.

Verlede jaar het hy as Suid-Afrikaanse Karate-Dokampioen uit die stryd getree. Hy is die trotste op hierdie titel aangesien hy dit as die moeilikste afdeling in karate beskou.

Braam is verbonde aan die Departement van Bantoe-Administrasie op Potchefstroom. Hy is getroud en spog met 'n seuntjie en 'n dogtertjie.

## Skuur begin goed in landloop

TYDENS 'n vriendskaplike byeenkoms op Saterdag 18 Mei is die eerste van die vier wedlope in die interkoshuis-landloopliga beslis. Skuur het die byeenkoms met 42 punte gewen. Dorp (66) was tweede en Dawie Dup derde met 71 punte.

Jan Lubbe, 'n junior van Over de Voor, het die afstand van 9 km. eerste voltooi in 'n tyd van 27:42,0. Errol Paxton van Pote was tweede in 28:8,0 en Johan Kruger van Strathvaal derde (28:19,0).

Volgens Pypies Laubscher, voorsitter van die Landloopklub, het geen dameskoshuis vir die wedloop ingeskryf nie. Hy het die dames- en manskoshuise wat nie verteenwoordig was nie, opnuut uitgenooi om volgende keer te kom deelneem. Daar is verskeie trofeë asook groot pryse wat gewen kan word.

## Gesellige Korfbal

DAT die Puk-dames hul korfbal geniet, is baie duidelik. Hulle speel kort-kort teen manskoshuise vir die nodige wedstrydoefening. Hulle het ook al 'n wedstryd of wat teen die manshokkiespelers ingekry. Dorp se mans het hulle vroeër vanjaar ook met 'n vleisbraai verras.

Maar korfbal beteken nie net plesier nie. Die dames oefen hard en hulle het die seisoen goed begin deur hul eerste twee ligawedstryde, teen Polisie en Pote onderskeidelik, redelik maklik te wen. Daarna het hulle egter teen Potch-Dorp vasgeval en later ook teen Western Reefs verloor.

Die klub spog nie net met 'n nuwe baan op die Fanie du Toit-sportterrein nie, hulle het ook 'n nuwe afrigter gekry. Sy is Magriet Coetzee. Met hierdie twee byvoegings tot hul geledere lyk die toekoms vir die korfbalspeelsters nou blinker as ooit tevore.

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Oliënlaan 11, Potchefstroom.*

vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(Edms.) Bpk.
Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.

**die WAPAD**
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. — In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXIX — VRYDAG 7 JUNIE 1974 — Nr. 9

**CACHET APTEEK**
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# GROOT TAAK WAG OP ONS JEUG



**„DAAR lê baie werk vir die jeug van Suid-Afrika en in besonder die Afrikaner jeug voor in die jare wat kom. Veral die veelvolkige aard van Suid-Afrika leen hom daartoe om die eerlikheid en beginselgegrondheid van die jeug in sy benadering tot hierdie probleme te toets.**

Tog kan die Afrikaner studenteleier die toekoms gerus en optimisties binnegaan". Dit was die opsomming waartoe daar gekom is aan die einde van vanjaar se A.S.B.-Studenteraads- en Besturekamp.

Die Studenteraads- en Besturekamp is vanaf 23 tot 25 Mei naby Warmbad aangebied. Die kamp wat as 'n groot sukses beskryf kan word, is deur R.A.U. aangebied en het as tema „Suid-Afrika in die jaar 2000 gehad.

KOORNHOF

Die inleidingstoespraak is deur dr. P. G. Koornhof, minister van Sport en Ontspanning gelewer tydens 'n amptelike ete. Hy het veral gewys op die besonder gunstige minerale vooruitsigte van Suid-Afrika vir die dekades wat voorlê.

Verskeie huidige en toekomstige brandpunte en knelpunte is gedurende die naweek behandel. Die toekoms van die Kleurling en Indiër in Suid-Afrika was die eerste onderwerp onder bespreking. Naas die referate wat deur die A.S.V.S. en Goudstad gelewer is het mnr. Rabie, Transvaalse leier van die Kleurling regerende party, ook aan die bespreking deelgeneem en interessant op vrae geantwoord. Sy antwoorde en sekere standpunte het laatnagbesprekings uitgelok.

Die bevolkingsposisie en groei in Suid-Afrika is deur R.A.U. gehanteer met spesifieke klem op die jaar 2000. Dit was veral insiggewend om die verskillende bevolkingsprojeksies vir die jaar 2000 te bespreek.

STAAT

Die laaste twee onderwerpe het gehandel oor die staatkundige posisie van Suid-Afrika, intern en ekstern asook oor Afrikaans-Engelse verhoudinge. Veral die eerste onderwerp het hewige bespreking uitgelok waar ons in die toekoms met moontlike onafhanklike tuislande te doen gaan kry. Samewerking met ons buurstate in Suidelike Afrika op 'n breër grondslag en selfs op 'n vaster grondslag is as nie uitgesluit beskou nie.

Verskillende kampusse het kort inleidings oor sekere onderwerpe gelewer waarna daar in vier groepe verdeel is vir informele groepsbesprekings. As gespreksleiers het proff. Willie Esterhuyse, Flip Smit, Ben Piek en ds. Paul de Beer opgetree.

Ongeveer 45 studenteleiers het die kamp bygewoon en meeste A.S.B. geaffilieerde sentra was verteenwoordig. Mnr. Piet Strauss, die A.S.B. president, asook die Studenteraadsvoorsitters van R.A.U., U.O.V.S.,

★ Vervolg op bladsy 2 Kol. 5

# IKEYS SE SR-BESLUIT MAAK OPSLAE

**OPSLAE is verlede week aan die Universiteit van Kaapstad gemaak toe die Studenteraad besluit het om rugbyspelers van die universiteit te verbied om aan die wedstryd tussen die besoekende Leeus en die Suidelike Universiteite deel te neem op grond daarvan dat spelers van die Universiteit van Wes-Kaapland nie vir die studentespan in aanmerking kom nie.**

Spelers wat hierdie besluit verontagsaam sal nie aan die einde van die jaar vir erekleure in aanmerking kom nie. Die universiteit se studenteblad „Varsity" beskuldig sulke persone daarvan dat hulle „. . . . wish by their own selfish and individualistic non-concern to lower the name and the dignity which this university prides itself on . . ." (Varsity, 27.5.1974).

Of hierdie voorval saamhang met 'n omvattende Nusas-offensief, soos enkele nasionale nuusmedia dit wou hê, is nie nou ter sprake nie. Die kortsigtige en onsaakkundige wyse waarop die poging aangepak is, is dalk van veel meer betekenis.

In hul ooryweriglheid en eenrigtingdenke het die agitators nie daaraan gedink om seker te maak of die rugbyklub van die U.W.K. enige aanspraak kan maak op betrokkenheid by die toer van die Leeus nie. Die stand van sake is egter dat die toer gereël word deur die Suid-Afrikaanse Rugbyraad. Die rugbyklub van die U.W.K. het verlede jaar weggebreek van die Suid-Afrikaanse Rugbyfederasie, wat geaffilieer is by die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, en aangesluit by die Suid-Afrikaanse Rugbyunie. Tegnies gesproke kan rugbyspelers van U.W.K. dus hoegenaamd nie aanspraak maak op insluiting in die span van die Suidelike Universiteite nie, en val die Ikey-plan dus klaaglik plat op hierdie punt.

Om die situasie dus op te som: 'n Ambisieuse plan ly skipbreuk as gevolg van 'n blatante flater in die strategie beplanning. Alles dui op kortsigtigheid.

Om ambisieuse planne te maak is lofwaardig, maar die knoop lê gewoonlik by die praktiese deurvoering daarvan. In hierdie geval het die betrokke party(e) duidelik illustreer dat hulle tekortskiet in hul praktiese denke.

Nou bereik ons die punt waar ons wil wees, politiek en die Engelstalige universiteite. Politiek word gedefinieer as die wetenskap van die praktiese. As hierdie persone se onbeholpenheid in die praktyk dan hierdie eenvoudige plannetjie so 'n knou kon toedien, waarop grond hul hul aanmatiging om 'n regering te wil voorskryf hoe om hul land te regeer.

Die ironie in die saak sou lagwekkend gewees het indien dit nie so pateties was nie. Die indruk word geskep dat dit maar net nog 'n voorbeeld van die hipersensitiwiteit van die jongmens oor sy pas bereikte volwassenheid is. Dit is nou daar en omdat hy nie mooi weet wat om daarmee te maak of hoe om dit te hanteer nie, word hy maklik die speelbal in kwaadgesinde hande.

Dit sal miskien goed wees as hierdie mense wil besef dat daar 'n groot verskil is in grootmens *wees* en grootmens *speel*.



# Lekker naweek

**HORDES Kovsies en Tukkies en RAUtjies, om van die Onderwyskolleges nie eers te praat nie, was al daar toe die Pukke Vrydagaand by Klein-Kariba, waar die naweek se A.S.B.-Aktueelkursus gehou is, aankom.**

Gelukkig het die min Pukke wat daar was darem genoeg sout rondgestrooi om hulleself te laat geld, en veral by die dinge soos saam lag, sêr en grappiesmaak was die Pukke weer besonder tuis.

Daar is min dinge wat so stimulerend is as daardie lekker uitmekaartrek-in-'n-groep, oor en weer spelery met begrippe soos multi- en bilaterale skakeling, demokratisering en alles gepaardgaande dinge. Daar is gekyk na ons skakeling met NUSAS en SASO, en besluit dat dit tog maar nie die moeite werd is om ons met hulle te bemoei nie, aangesien hulle eensydig bly vassteek in hulle minderheidssiening. Daar is algemeen besluit dat die enigste suksesvolle manier om anderstaliges op die oomblik te bereik, akademiese skakeling is, aangesien dit 'n gemeenskaplike faktor op alle kampusse is! Marius Ackerman van Tukkies, prof. S. C. W. Duvenage van die P.U. vir C.H.O., en prof. Jannie Pieterse van U.P. het ons onderskeidelik in die volgende goedgekose volgorde gelei: Vrydagaand het ons eers insig gekry in die studentepolitiek in Suid-Afrika, ook

★ Vervolg op bladsy 5

# Cine Puk

**TOTIUSSAAL — P.U. VIR C.H.O.**
**'N KINEKOR-STER-MGM TEATER**

**LEKKER ou toetsweek vir die B.A.'s, Farmakologie-mondeling en alle rampspoedighede wat 'n student maar aan kan dink sal julle sê.**

Nou ja, moet nou nie in die ellende bly lê nie, dit sal baie meer help om Vrydagaand in die Totiussaal te gaan kyk na „The Fall of the Roman Empire", 'n fliek om 'n mens 'n bietjie te laat nadink oor ons eie tyd.

Marcus Aurelius, wat gespeel word deur Alec Guinness, was keiser in 180 tot 161 v.C., en hierdie drama beeld Rome se aftakeling vanaf die hoogtes van hulle beskawing tot in die diepste ellendes van korrupsie en burokrasie uit. Sophia Loren blink weer uit in die rol van Lucilla, die dogter van die Keiser, en teenoor haar speel Stephen Boyd, die Militêre Tribuun, Livius. Ander bekende name is James Mason, Mel Ferrer en Christopher Plummer. Voorwaar 'n indrukwekkende rolverdeling!

**Die Bult Apteek / Pharmacy**
Noordbrug Apteek (Edms.) Bpk.

★ VIR AL U APTEKERBENODIGDHEDE . . .
. . . ONS KEN U BEHOEFTES

Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.) Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer (B.Sc.-Far.) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far.) L.A.V. (Besturend).

# ASTER

## Van slaaiblare na pomelo's

**BRR, die winter kruip steeds nader, en bibberend word daar naarstiglik gesoek na baadjies, rompe, langbroeke en alles wat warm maak. Ja, en soos 'n dief in die nag, liewe asters, word 'n ekstra porsie vleis of 'n bakkie stomende nagereg weggeslaan „om warm te maak".**

Ken ons dit nie? Daardie hongerpyne wat jou van twaalfuur af begin terroriseer, en wat in die snerpende koue net gestil word deur daardie ekstra skeppie. Maar mens, as jy weer so 'n slag loer...?

Nee, sowaar, kilogramme swaarder... Wat nou gedaan? Gryp nog 'n stuk beskuit en sluk dit af met 'n beker stomende milo... „EK HET VET GEWORD...!"

„Môre, net môre, gaan ons op 'n dieët, die voortdurende geknaag moet onmiddellik 'n einde kry!

Manne, en as julle ons sien sukkel met 'n sak pomelos, van die Bult se kant af, „Moenie oplaai nie, ,seblief!, ons het oefening nodig."

Eet maar net vleis, slaaie, drink glase water, al is dit so koud jy kan sterf, onthou, dis alles die moeite werd. Vergeet van daardie growwe brood wat so kraak onder jou tande en daardie heerlike warm nagereg by die etenstafel, om nie te praat van sjokolade vir energie nie!

Hou jou doof as die snoepie roep, en vertel jouself dat vleispasteie, „hot dogs", koffie en beskuit, lelike knoppe en bulte op jou heupe maak.

Al die kastyding, maar as jy wil maer word moet jy vasbyt, en hongerly. Die olie-dieët, melk-en-piesang-dieët, eiers-vier-maal-'n-dag, pomelos, verslankingspille help alles niks... Hongerly ou sussie... dis al wat help...!

ASTERS, ons weet almal wat se stryd dit is, want elkeen van ons, ja, selfs die maerstes, sukkel met 'n knop of twee drie. Deur net korrek te eet, jou nie te vergryp nie, bly jy steeds slank, en lenig en as die lente hier is, en as jy wel 'n kilo of twee opgetel het, byt jy net 'n week vas, en vergaan van die honger, die gevolg... jou skelm porsie nagereg was die moeite werd!

Vir die een van julle wat lyk soos geraamtes waardeur die wind suis, die manne hou darem van 'n sagte meisie, vat hy jou om die lyf, wil hy hom nie verongeluk in jou knopperige ribbes nie.

Geniet die paar weke wat oor is, vat die akademie en voedseltjies vas — vir jou eie „vreetsaamheid".

# MY MEISIE - JOU FIGUUR EN EK

**MY liewe Meisie, — Kom luister vanaand hier in die maanlig na my, want groot woorde gaan gespreek word. Vergeet nou eers jou kalorieëkaart, „10-days-crash-dieet", appel-elke-maaltyd, en luister na my!**

Hoekom kla jy dat jy oorgewig is? Of is dit net 'n manier om my aandag op jou slanke postuur te vestig? Jy weet baie mense kla met die witbrood onder die arm, en ek dink baie keer jy maak ook so. 'n Skraal slanke figuur is jy mee bedeeld, nou waaroor al die klagtes? Wees baie dankbaar daarvoor.

Meisiekind, kyk 'n bietjie rond wanneer jy weer oor die kampus stap. Hoeveel ander asters is daar tog nie wat wel rede het om te kla nie, maar hulle doen dit nie! Hoogs tevrede met hulle lot, want hulle geniet elke ete van die dag. Hoe lyk dit, wil jy nie maar vir hulle jou verslankingsmetodes aanbeveel nie? Asseblief tog!!

Wanneer ons so al geselsende gedurende sleeptyd hier op die kampus ronddwaal, sien ek hoe dwaal die manne se oë. Elke aster se figuur word gemeet en geweeg. Daar word dan hardop gedink of kan sy nie meer eet nie, of kan daardie een dalk nie aan die hongermarathon deelneem nie. Jy weet vir ons manne is 'n mooi figuur darem regtig pragtig, maar wanneer dit darem te maer is, is dit afskuwelik.

Hoekom .... as jy geskape is om nie soos Twiggy te wees nie, wil jy graag soos sy lyk? Neewat, dit is darem te erg.

Ek weet almal kan nie ewe slank wees nie, maar dink jy nie dat ons meer tevrede moet wees met hoe ons is, as om ons dood te bekommer oor hoe ons sal kan wees na ses maande se hongerstaking nie .... ?

As ons daardie lekkers en sjokoladekoek wat ma gestuur het, en die koeldranke 'n bietjie meer links laat lê, gaan die figuur nie méér daarby baat as wat hy 'n hongersnood sal moet verduur nie? Ek dink die asters wat regtig die probleem het, die kan jy help met al jou metodes en diëte. Laat die vetties so 'n bietjie krimp, maar asseblief moenie jy jouself wat 'n goeie figuur reeds het, nog verder gaan staan en uitteer nie.

Jy vra vir my wat die ideale figuur is? Solank jy 'n mooi figuur het, is ek tevrede, maar gou sal ek vir jou sê wanneer dinge begin handuit ruk.

En nou . . . vir jou vriendinne wat te „mollig" is — sê vir hulle verslanking is nogal goed, maar om te oordryf is baie, baie sleg vir die gesondheid.

Totsiens my meisie, lekker slaap en soete drome oor 'n mooi slank figuur wat jou tien uit tien sal besorg by die manne.

Puk-man.



(Foto: Fotokuns)

★

## WENKE

1. Dra 'n jas oor jou langbroek wat te nou is.
2. Skoktaktiek... stem saam met jou vriendin as sy sê sy het vet geword... Dit werk.
3. Vir die laat akademiese nagte... drink milo met twee lepels suiker daarin, beskuit na smaak... en kyk wat gebeur. Jou sleep word vervang deur 'n slepende kilogram.
4. Hope energie in blokke sjokolade, kan berge versit; Pas op om net nie self in gedrang te kom nie.
5. Vir die wonderlikste rolle om die middel, besoek gereeld die bakkery.
6. Jy verlang wel huis toe, maar is dit nou nodig om die hele blik koek te verslind wat moeder gestuur het?
7. Die beste manier om te protesteer teen die bejaarde brood aan tafel, is om alles op te eet.

★

## Kan jy verstaan?

**KAN jy verstaan dat ek nou, na alles, dít die meeste koester wat jy lankal nie meer is nie.**

Miskien omdat ek dit ook nie by enigiemand anders vind nie. Ek dink dít is die ergste: Hierdie waarheid dat die ekstase oor jou maar 'n wanbeeld was wat ek self geskep het, en self vermoor het deur my té hoë verwagtinge.

Ekskuus vir die onreg wat ek jou aangedoen het, deur jou in die hokkie van my droom in te forseer. Dit is goed dat jy daar uitgeklim het toe dit te nou geword het vir jou manwees, al het jou uitstap die pienk valletjies van my poppeteater afgeskeur.

En nou kyk ek weer na maande na jou, soos wat jy blykbaar self wil wees, ook vir háár. Hoe kan ek dan tog nog dom bly wonder oor die versiersuikerkorsies van my mistasting!




## Vertrapte voete

**HMM, lekker gevang... Noudat ons almal lekker warm skoene dra, lang rompe, langbroeke en-alles-wat-jou-voete bedek, nou verwaarloos ons ons voete gruwelik.**

Redeneer maar ook, . . . ag, niemand sien dat ek nie gereeld my voete versorg nie, dus waarom soveel moeite doen, as dit somer is het ek genoeg ergenis om te sorg dat my voete soos my hande lyk, waarom nou daaroor bekommer? Aai, ASTERS, en dis so verkeerd. Besef dat 'n nuwe paar voete nie te huur, te koop, of inruilbaar is nie.

Pure mishandeling die verwaarlosing in die winter. Netjiese voete en enkels kan net so eties mooi wees as jou hande — nog meer, want mooi voete is 'n rare artikel.

Gesonde voete is klaar halfpad mooi, die ander helfte sit 'n mens met 'n pedikuur daarby.

**'N BIETJIE RAAD!**

1. Was deeglik, borsel naels met 'n sagte borsel, en skuur die growwe velletjies met 'n puimsteen af in warm water.
2. Masseer nou handroom of olie in jou voete in.
3. Druk naelvliesies met 'n lemoenstokkie terug.
4. Knip naels reguit met 'n naelknipper. Onthou 'n ovaalvorm is 'n ope uitnodiging vir 'n ingroei toonnael — eina!
5. Verwyder oortollige room, maak naels skoon, en vyl growwe kantjies met 'n amarilstokkie.
6. Verf nou jou toonnaels van die basis af tot by die punt, en dan ook net onder die punte, want die gladheid beskerm jou kouse. Laat droog word en wend nog 'n laag aan.

Gebruik gereeld 'n talkpoeier of 'n voetpoeier en vir daardie wintersvoete: Haal die warmwatersak uit die bed voordat ingeduik word tussen die lakens, moenie naby 'n verwarmer sit nie, en spoel jou kouse elke aand uit.

Voete reageer op aandag, en teen die sandaal-dra-tyd, lyk jou voete net so mooi soos goedversorgde hande en naels —'n weerspieëling van waarlik vrou-wees.

## Ek raak oor lap bewoë

Ek raak oor lap bewoë:
Dofbruin ruite radar op my vel
Nuutwol strepies skiet
soos in 'n fliek
vas en terug
teen die stofdeksel van my onthou.
Treë terug!
Jou pak weerkaats
grof teen my wang
en ek word bang
vir lengte wat weer
moet verlep.

## Ansjovis broodstrooitjies

**BESTANDDELE:**

Twee snye brood.
Twee eetlepels Ansjovis.
Twee eetlepels botter.
Een hard gekookte eier.

**METODE:**

Meng ansjovis, botter en versnipperde eier.

Sny brood in dun skyfies van 75 mm. (verwyder korsies).

Smeer vulsel op die strooitjies, en bak by 400° vir ongeveer 5 — 10 minute.

Smul lekker!

* Vevolg van bladsy 1

P.U. vir C.H.O. en Stellenbosch het die kamp bygewoon. Mnr. Willem Doman, voorsitter van Stellenbosch, was namens die A.S.V.S. by die kamp.

Die Saterdag na die amptelike verrigtinge is die kamp afgesluit met 'n „spannende" rugbywedstryd en 'n braaivleis. Die A.S.B. en R.A.U. kan geluk gewens word met hierdie geslaagde projek.

Die Puk was verteenwoordig deur Pieter Mulder, Paul Kruger, Thys Labuschagne, Japie Robbertse, Carel van Heerden, Ineke Lindhout en Nienie Langenhoven.



DON'T JUST ASK FOR MILK, ASK FOR | VRA NIE SOMMER NET VIR MELK, NIE, VRA VIR
SMITHFIELD MILK - MELK
TEL. 3205

POTCHEFSTROOM Herald
incorporating the Western Chronicle and Potchefstroom Budget
Posbus 515 Established 1908 Tel. 4306
Nr. 2185 Dinsdag 18 Junie 1974 Prys 7c

BEVREDIG U BEGEERTE
Mooirivier Motors
Tel. 4338 — Potchefstroom

# Groter hospitaal: tenders in 1975

**TENDERS vir die langverwagte uitbreidings by die Potchefstroomse hospitaal sal teen Februarie aanstaande jaar gevra kan word, volgens mnr. Louis le Grange, Volksraadslid vir Potchefstroom.**



MNR. LE GRANGE

Na aanleiding van samesprekings onder leiding van mnr. Le Grange tussen die uitvoerende bestuur van die Nasionale Party in Potchefstroom, lede van die hospitaalraad, Potchefstroomse Stadsraadslede en plaaslike geneeshere, het sake oor die uitbreidings by die hospitaal tot 'n punt gekom.

Die Direkteur van Hospitaaldienste in Transvaal, dr. H. A. Grové, en senior lede van sy personeel het glo verskeie besoeke aan Potchefstroom gebring om die saak, wat in 1966 al aangekondig is, tot finaliteit te bring.

Die Adjunk-Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, mnr. A. J. Raubenheimer, het mnr. Le Grange meegedeel dat sy Departement goedkeuring verleen het dat die huidige nie-blanke hospitaal as tydelike maatreël vergroot mag word met twee sale van dertig beddens elk.

Die twee sale sal in 'n voorafvervaardigde struktuur gehuisves wees.

## BESEERDE SÊ DANKIE



Een van die bomslagoffers op Potchefstroom wat ernstige gesigbeserings tydens die bomontploffing van 17 Mei opgedoen het, mnr. Gert Jooste, van die Transvaalse Provinsiale Administrasie, staan hier by mev. Elsie Coetzee wat hom na die hospitaal vervoer het. Mev. Coetzee is deur middel van 'n berig in die Potchefstroom Herald opgespoor. Met die ontploffing was mnr. Jooste só erg beseer dat hy nooit gesien het hoe sy lyk nie. Hy het haar Vrydag tydens 'n geselligheid bedank en mev. Jooste het 'n ruiker aan mev. Coetzee oorhandig.

## Good Hope is back

THE Good Hope Castle (10,538 tons), one of the two cargo mailships operated by Union-Castle in the weekly Mail Service between the United Kingdom and South Africa, re-entered service on 31st May, 1974. The ship has been out of service since 29th June, 1973, when a fire caused extensive damage. The vessel will call at Las Palmas, St Helena and Ascension before arriving at Cape Town on 13th June, 1974.

The Master of the Good Hope Castle is Captain Peter Rose, who joined the Union-Castle Line as Fourth Officer in 1941, obtaining his first command in "Richmond Castle" in 1972.

## Tennisuitslae

UITSLAE tot dusver in die winter- tennisliga is soos volg:

8 Junie:

Dames: Potch-Wes wen P.U. (1e liga).

Potch-Wes wen Buiteklub (3e liga).

Potch-Wes (A) wen Ventersdorp (2e liga).

Ventersdorp wen Buiteklub (3e liga).

Potch-Wes wen Park (2e liga).

Mans: Ventersdorp wen Potch-Wes (3e liga).

22 Junie:

Dames: Potch-Wes wen Park (2e liga).

## Friday fuelling causes tyre neglect

**THOUSANDS of South-African motorists are causing their tyres to wear faster, and inviting accidents, by neglecting their tyre pressures as result of the petrol restrictions.**

Tyres do deflate slowly with time, and driveways at garages are so busy on Fridays when most motorists fill up with petrol for the weekend that it is not possible for tyres to be inflated at peak hours.

The average tyre, travelling at 80 km/h, is deflected and released at no less than 750 times per minute. Fatigue is accentuated by under-inflation, which causes increased heat build-up that can result in casing failure, as well as inner liner and ply separations. And none of these defects are usually visible from the outside.

Sudden tyre failure can be disastrous — even at 80 km/h.

So get into a new habit, says Dunlop. Fill up with petrol on a Friday if you must, but set aside another day of the week to check your tyre pressures. They're just as imported as petrol!

## ROOK 'N GEVAAR

DIE Automobiel-Assosiasie het 'n beroep op boere en ander eiendombesitters gedoen om nie veld te brand wanneer die wind in die rigting van 'n nabygeleë openbare pad waai nie.

'n Woordvoerder van die AA het gesê dat digte rookwolke 'n ernstige gevaar vir verkeer kan wees en dat veelvoudige botsings reeds in sodanige omstandighede plaasgevind het.

„Ons doen ook 'n beroep op motoriste om stadiger te ry as hulle 'n grasbrand naby die pad gewaar", het hy bygevoeg. „Baie mense ry te vinnig wanneer die sig swak is en skakel nie hul ligte aan wanneer dit nodig is nie".

## Appointed manager

THE South African Bureau of Standards has announced that Dr H. L. Prekel has been appointed Manager of the Metrication Department. He succeeds Dr. S. J. du Toit who resigned at the end of May to take up another position.

PLUS vir Waarde- Diens- Gerief
BY MOOIRIVIER EN PROTEA APTEKE



| WINTER WARMTE | |
|---|---|
| Philips Infraphil HP 3608 | R11,50 |
| Sadia Elektriese-kombers 150cm x 75cm | R15,25 |
| Sadia Elektriese-kombers 150cm x 122cm | R23,25 |
| HAARVERSORG | |
| Curti-Colour Haarkleur Sjampoe | R1,19 |
| PLUS Gesinsjampoe 450ml | 59c |
| Top Model Haarsproei 400g | 99c |
| Top Model Sjampoe 113g | 33c |
| Silvikrin Haarsproei 325g | 69c |
| Silvikrin Sjampoe 125ml | 59c |

| HER | |
|---|---|
| Fenjal Cream Bath 250ml | R2,19 |
| Fenjal Cream Bath 100ml | R1,15 |
| Fenjal Hand Cream 114g | R1,19 |
| Kotex Regular 12's | 27c |
| Lux Soap 150g | 18c |
| Lanolene Milk 115ml | 55c |
| Milady's Tissues 125 x 2 ply | 24c |

● GRATIS AFLEWERING

# Die Kaap sal belangrik bly

**MOET mens bly of bedruk wees oor die heropening van die Suez-kanaal, het mnr. L. A. van Wyk, senior lektor in Ekonomie aan die Potchefstroomse Universiteit, Woensdagaand gevra in 'n voordrag by 'n byeenkoms van die Sentrum vir Internasionale Politiek by die Universiteit.**

Aan die een kant is skeepsbouers baie bedruk want hulle verwag dat die korter roetes sal beteken dat skepe meer vaarte sal kan onderneem sodat 'n surplustonnemaat gaan ontstaan. Dit sal die vraag na nuwe skepe verminder.

Mnr. Van Wyk het gesê die feit bly egter dat 'n heropening van die kanaal nie die handel langs die Ooskus van Afrika en skeepsvervoer veel sal beïnvloed nie. Indien die Suezkanaal bly soos hy is, sal net dertig persent van die wêreldvloot hom kan gebruik.


Die Suezkanaal kan net gelaaide skepe van hoogstens 60 000 ton dra en weens die verandering in boegvorms waarskynlik kleiner skepe.

Dus sal die meerderheid van skepe nog genoodsaak wees om die Kaapse seeroete te gebruik. „En dan laat mens die onstabiele politieke situasie in die gebied van Suez heeltemal buite rekening", het mnr. Van Wyk gesê.

Die belangrikheid van die Kaapse seeroete kan ten laaste geïllustreer word deur na die volume van skeepsvervoer te kyk. Daar gaan sowat 70 skepe daagliks om die Kaap wat 'n totaal van ongeveer 25 000 per jaar impliseer, of 20 miljoen ton per maand. Hiervan behoort 56 persent aan die Navo-blok, 10 persent aan die Kommuniste, 15 persent aan Liberië en 18 persent aan die res van die wêreld. Tagtig persent van die olie wat in Europa verbruik word, gaan om die Kaap het mnr. Van Wyk gesê.

Ten slotte, vrye seevervoer deur die Indiese Oseaan is van kardinale belang vir meeste lande in en om die Indiese Oseaan: Japan met sy gehele afhanklikheid van olie van die Persiese Golf, Australië wat meer as 60 persent van sy handel deur die Indiese Oseaan laat gaan, Afrika wat meer as 80 persent van sy olie van die Persiese Golf kry en Suid-Afrika wat 80 persent van sy handel deur seevervoer dryf, om dan nie eers van Europa melding te maak nie, het hy ten slotte gesê.

# NOG NET 4 DAE!



# INDIESE OSEAAN NIE VOLLEDIG BENUT

**IN 'N ONTLEDING van die belangrikheid van die Indiese Oseaan op ekonomiese gebied is dit nie die Oseaan self wat die belangstelling wek nie, maar die dinge wat die Oseaan saamtrek en inhou, het mnr. L. A. van Wyk, senior lektor in Ekonomie aan die Potchefstroomse Universiteit, Woensdagaand gesê.**

Mnr. Van Wyk het oor die ekonomiese belangrikheid van die Indiese Oseaan gepraat by 'n byeenkoms van die Sentrum vir Internasionale Politiek by die Universiteit.

Daar is volgens hom twee aspekte wat uitgelig moet word wanneer die ekonomiese aspekte ondersoek word. Dit is die ekonomiese aard van die lande in en om die Indiese Oseaan wat ontleed moet word en die kommunikasie tussen die lande met mekaar en met ander lande onder die soeklig moet kom.

Op ekonomiese gebied is die basiese kenmerk van die hele Indiese Oseaangebied dié van groot verskille. Daar is die hoogsontwikkelde ekonomieë soos dié van Australië en Nieu-Seeland teenoor dié van die mees agtergeblewe lande ter wêreld soos Afghanistan, Yemen en Somalië.

Tussen die uiterstes, het mnr. Van Wyk gesê, lê die res van die lande só dat die gemiddelde bruto nasionale produk per kapita 'n raps onder R300 per jaar is.

Die belangrikheid van olieproduksie in die Midde-Ooste is oorweldigheid, nie net vir die lande wat produseer nie, maar ook vir die wêreld as geheel. Die olienywerheid in die Indiese Oseaan is nog betreklik jonk, het hy gesê.

Na verwagting sal die behoefte aan olie teen 1985 verdubbel en die vernaamste vraers sal die Verenigde State, Japan en Wes-Europa wees. Die vernaamste produsente is Abu Dhabi, Algerië, Indonesië, Iran, Irak, Koewait, Libië, Nigerië, Qatar, Saudi-Arabië en Venezuela. Meer as tagtig persent van die totale wêreldvraag sal uit die Midde-Ooste en Afrika voorsien moet word, het mnr. Van Wyk gesê.

Die minerale belangrikheid word veral duidelik as die potensiaal van bewysde minerale reserwes ontleed word. Die Indiese Oseaangebied is besonder ryk aan verskillende minerale waarvan die produksiepotensiaal nog nie naastenby volledig benut word nie.

Dit is ook met die oog op die toekoms dat die groot moondhede na dié potensiaal kyk, het hy gesê.

Waar die hele streek as minder-ontwikkeld bestempel kan word, is dit 'n eienskap dat vervaardiging 'n baie kleiner rol speel as byvoorbeeld mynbou, het hy gesê. Daarby toon die hele streek se bydrae tot wêreldproduksie 'n dalende neiging.

Die produktiwiteit van die arbeid in die streek is ook baie laer as die res van die wêreld en daarom word baie meer arbeid gebruik as in die meer ontwikkelde lande, het mnr. Van Wyk gesê.

Hy het bygevoeg dat die ongelyke nywerheidsontwikkeling in die hele streek veroorsaak dat daar 'n groot beweging van vervaardigde produkte binne die gebied en van buite die gebied bestaan. Die verskaffing van vervaardigde produkte van buite die gebied toon 'n stygende neiging.

Vir Suid-Afrika beteken dit 'n verhoogde handel met bevriende gebiede in die streek.

Landbou is by verre die grootste sektor in die Indiese Oseaangebied. Daarom is daar 'n vyfde van die wêreld se bewerkbare grond in dié streek met Indië wat twee-derdes hiertoe bydra.

Landbouproduktiwiteit is egter besonder laag en het die gebied byvoorbeeld net vyftien persent van die wêreld se graanproduksie in 1967 gelewer, het hy gesê. Die gebied se toename in landbouproduksie het nie met dié van die res



MNR. L. A. VAN WYK

van die wêreld tred gehou nie, hoofsaaklik weens die swak bydraes deur Indië en Pakistan.

Die behoeftes van die streek is so groot dat daar weinig landbouprodukte vir uitvoer beskikbaar is. Dus kan ook nie verwag word dat dit die wêreldhandel betekenisvol sal beïnvloed nie, het mnr. Van Wyk gesê.




STROOM NA

Eva's Boutique

Vry. 14 Junie tot Sat. 29 Junie

20% KORTING op wintermateriale en hoede

Eva's Boutique

UITVERKOPING

Von Wiellighstraat 9A, Telefoon 6213.


# RGN GAAN OOK VOORLIG

**DIE RGN gaan sy bestaande inligtingspublikasies aanvul en in 'n reeks wat bekend sal staan as „Die RGN-voorligtingsreeks" saamvat en gratis aan skole, universiteite en ander inrigtings beskikbaar stel.**

Die Raad se Junie-nuusbrief lui dat die RGN bewus is dat onderwysdepartemente (veral noudat die stelsel van gedifferensieerde onderwys geïmplimenteer word), hul voorligtingsdienste, skole, universi-

★ Vervolg op bl. 13.

# Possess ons will become a burden

**IN THE coming era of the four-lay working week the "new woman" of the immediate future will place emphasis on humanistic service, not on possessions, according to Mrs Margaret Lessing, President of the South African Federation of Business and Professional Women.**

Speaking at the annual goodwill tea of the Potchefstroom branch of the Union of Jewish Women last Wednesday, Mrs Lessing joined in the predictions of resarchers when she said that reports already indicate a move away from possessions among young American marrieds, seeking less but of better quality.

"For possessions are a burden in this age of the Jumbo jet and perhaps of the Concorde when one wants to set off with the family for a weekend at the other end of the world," she said. The jet set will no longer mean the exclusive world of the Jackie Kennedys and Onassis. It will be the everyday world of the woman of little more than ten years hence and keeping up with the Joneses will not mean having a swimming pool or at least two cars.

According to these researchers, most married couples will have one or more trial marriages before the settle down. They will not have more than two children, live in low or high-rise homes with none of the privacy most of us in this country still enjoy today. There will be more take-home meals and drip-dry clothes, Mrs Lessing said.

"The new woman will share the outside-the-home workload with her husband and he will share the at-home workload", Mrs Lessing said in describing an ever changing world of more affluence, more problems, more opportunities and more challenges. She said that women today had less drudgery in their homes than any other generation of women and more freedom and rights and, because of it, greatter responsibilities.

Speaking on goodwill, Mrs Lessing quoted dr. Lena Madesin Phillips, founder president of the International Federation of Business and Professional Women, who warned that we had emasculated the familiar term goodwill.

"It has come to mean an idle, effortless willingness on our part that all should be well with other people and nations, privided nothing positive or of sacrifice is required of us. I know that the needs are colossal, the problems so complex that what one person can do, seems little indeed. But however great or small our part, we must do it and do it now. We shall be judged — and rightly — not by what we profess but by what we do."

Mrs Lessing said that no nation could rise higher than the standards of its womanhood. Therefore, women must build bridges and when they crumble, as sometimes they must, women must rebuild them with all the goodwill they can muster as cutting across all barriers they seek points of understanding and of common agreement, diminishing the differences.


She said that in doing so women must remember at all times the great responsibilities they have, as well as the joy in that they are women.

Adressing the Potchefstroom University Dameskring later that evening, Mrs Lessing sketched the expanding role of the woman down the ages. She stressed the word "expanding", because despite the change in the general status of women, she did not believe that the basic role of women could or should ever change.

She felt that linking with the coming Year of the Women in 1975, backed by the U.N., it was a time when women, their influence for good, their example their courage and their compassion were needed as vitaly as it had ever been needed.

Because more women received what is called an education for life, they were better organised and prepared for the challenges that lay ahead. She felt also that women in general did not appreciate what their women forebears had achieved for them.

Painting the image of the emerging woman in the book by the Dustralian psychiatrist Amisly Meers, called "The New Woman", she quoted that women were at crossroads of social and psychological evolution.



Mev. Margaret Lessing (tweede van regs) het Woensdagaand die P.U. Dameskring toegespreek oor die vroue van die nabye toekoms. By mev. Lessing op die foto wat by dié geleentheid geneem is, is in die gewone volgorde mevv. C. J. H. Schutte, voorsitter van die Dameskring, S. Postma en M. Baliot.

# DR. BARRETT TO LECTURE IN POTCH.

DR. Reginald Barrett will give a lecture on "What is Creative Thinking" in the Methodist Church Hall in Lombard Street, Potchefstroom, at 8 p.m. on Thursday evening.

Admission will be free and people who want more information are asked to telephone Potchefstroom 5112.

Dr. Barrett, who is a direct descendant of the Barretts of Wimpole Street, left England in 1947 to settle in South Africa and was offered a position with the Industrial Development Corporation. Subsequently he was appointed to the board of a large national company and was responsible for the Cape Province operation of the company.

In 1958 he joined the Science of the Mind Society and was later made leader of the movement throughout the Cape Peninsula.

In 1968 he moved to Johannesburg and was appointed managing director of a new company. During his stay in the Transvaal he has been closely connected with the Science of the Mind movement in Johannesburg and has assisted many patients in his capacity as a doctor of Phychology and an appointed practitioner of the movement.

# Bowlers in East Londen

TWELVE bowlers from Potchefstroom attended the 4th annual Moths National Bowls Tournament in East London last week.

Dennis Beckett and Pat Wienand reached the semi-finals of the consolation pairs, while Jack Patlansky and Gordon Eatwell won their section of the pairs, but were beaten in the first match of the play-off.

Eleven bowlers from Potchefstroom travelled to East London for the tournament. They were Dennis Beckett, Gordon Eatwell, Jack Patlansky, Pat Wienand, Roux Bester, Val Lautenbach, Dave Coffee, E. Strydom, N. Harris, W. Joubert and Otto Schnitter.

# *Biljette onder ruitveërs is onwettig*

**DIE VOORNEME van die Randburgse munisipaliteit om 'n veroredening te aanvaar om persone te belet om strooibiljette en ander advertensiemateriaal onder die ruitveërs van motors te plaas, is dié week deur die Automobiel-Assosiasie verwelkom.**

In Potchefstroom het 'n besluit van die Potchefstroomse Stadsraad etlike jare gelede dié gebruik om biljette onder ruitveërs van motors te plaas, belet.

Volgens mnr. T. R. Grimbeek, Bestuurder: Beskermingsdienste in Potchefstroom, belet die Verkeersverordeninge in ieder geval dié gebruik. Die motor se ruitveërs kan beskadig raak en die meeste motoriste gooi die biljette weg, of hulle waai weg, wat besoedeling in die hand werk.

'n Woordvoerder van die A.A. het ment mnr. Grimbeek saamgestem en bygevoeg dat die beskadigde deel van 'n ruitveër in baie gevalle nie vervang kan word nie. Motoriste word genoodsaak om die hele eenheid te koop.

Volgens die AA het die aangeleentheid op party plekke reeds so hand-uit geruk dat een lid in 'n Noord-Transvaalse dorp onlangs gekla het dat hy binne die bestek van sewe weke nie minder nie as 22 verskillende biljette onder sy ruitveërs gevind het.

Soms is 'n motoris onbewus daarvan dat sy ruitveërs beskadig is en hy word dus aan ernstige gevare blootgestel wanneer die veër defektief is in 'n skielike storm, veral snags, het die AA-woordvoerder gesê.

'n Senior polisie-offisier het die AA meegedeel dat die polisie nie sal aarsel om oortreders te vervolg waar klagtes ontvang word nie.

# Seëlklub se uitslae

DIE klubkampioenskappe van die Mooiriverse Posseëlklub het die volgende resultate opgelewer:

Seniors:

Afdeling A: C. Nurse (posstempels van Suidwes)

Afdeling B: P. Sorgdrager (Indonesië)

Afdeling C: Kol. W. Coetzer (Skaap- en wolbedryf in die wêreld).

Juniors:

J. P. van der Walt-beker: B. Sorgdrager (Oostenryk).

Junior Skild: B. Sorgdrager (Botswana).

Twaalf tot veertien-groep: Riaan du Plessis (Hongarye).

Die volgende vergadering van die klub vind op Woensdagaand, 7 Augustus, plaas om 7.30 nm. in die gebou net langs die biblioteek.

Met die oorlog op die mini-tentoonstelling wat die klub in Maart 1975 reël, word alle belangstellendes baie hartlik uitgenooi. Elke vergadering behels die koop en verkoop van seëls deur lede en alle belangstellendes wat seëlmateriaal wil kwytraak.


**Belê in 'n Advertensie en floreer**



KOOP KWALITEIT
KOOP
KYALAMI

# HELP FOR CRIPPLES FROM ROTARY

**ALMOST R6 000 has been handed to the Cripple Care Association by the Potchefstroom Rotary Club to be held in trust for research on Muscular Dystrophy, Mr L. H. Veldhuysen, president of the Potchefstroom Rotary Club, said in his annual report to the Club at its weekly luncheon meeting at the Country Club on Thursday.**

He added that the Club was going ahead with steps to form a Muscular Dystrophy Research Foundation. The Muscular Dystrophy Committee of the Rotary Club is working in close liason with Cripple Care and other bodies.

This week the chairman of the Rotary Club's Muscular Dystrophy Committee, Mr Wally Gough, will address the Rotary District Conference in Welkom on having this accepted as a district project, Mr Veldhuysen said.

On an international level the Club had a very successful year hosting Neil Montgomerie from New Zealand during 1973 and this year Phyllis Fisher, who matriculated at the Girls High last year is being hosted by the Rotary Club of Collie in Australia. Both visits were arranged under the Rotary Youth Exchange scheme.

Also on International Service a nominee by the Potchefstroom Rotary Club, Maj. E. P. (Andy) Kapp, officer commanding 11 Squadron at Potchefstroom, was selected for the five man Group Study Exchange team that returned from a six week visit to New Jersey last week-end. The leader of the team was the Rev. Ron Attwell, a member of the Potchefstroom Rotary Club.

Other activities of the Rotary Club mentioned by Mr Veldhuysen in his report include sending South African magazines and booklets to overseas Rotary Clubs, the youth symposium on the law, leadership and the generation gap.

The Club also gave fifty blankets to needy aged people in Promosa and seventy were given to the Potchefstroom branch of SANTA. A Christmas party was held at the Abraham Kriel Kinderhuis and presents were given to patients at the hospital where magazines are also distributed throughout the year.

Books and magazines are also sent to troops on the border while R50 was donated for magazines for Portuguese troops.

During the year the Club organised a tape derby and the ox-braai and country fair at the Boskop Dam.


The incoming president of the Rotary Club is Mr Viv Petersen, who is a former president of the Carletonville Rotary Club.

## BRIL OPGETEL

'N BRIL met 'n metaalraam en swart arms, is laat verlede week voor die huis by Retiefstraat 31 in Potchefstroom opgetel. Die lense is onderaan versterk vir lees. Die bril is by Die Herald Koerant se kantore by Olënlaan 3B, Potchefstroom.

Excelsior ONOORTREFLIKE WINSKOOP-AANBOD!

Die opwindende nuwe ,Clipper'-reeks meerdoel-slaapkamer-meubels – uitsluitend by Excelsior



★Dit is Suid-Afrika se nuutste reeks topgehalte, billike slaapkamer-meubeleenhede.

★Alle eenhede is solied (16 mm) gebou, met bypassende mahonie-fineersel.

★Hangkaste is beskikbaar in breedtes van 92 cm tot 250 cm. Die deure is spesiaal ontwerp, sodat eenhede langs mekaar kan staan.

★Die reeks sluit in: bypassende hangkaste; kiste; kleedtafels; en kopstukke.

★Alle binnerakke kan uit geneem word vir meer hangplek, indien verlang.

★Die hele Clipper-reeks beteken geweldige waarde vir u geld.

INRUILINGS WORD VERWELKOM
BESKOU 6 MAANDE AS KONTANT

Hierdie 212 cm-meerdoel-eenheid, met inbegrip van boonste kaste, is ... 'n hangkas, lessenaar, kleedtafel, hoë laaikas, skoenekas, ekstra pakplek vir koffers, komberse, ens. ... 'n volledige eenheid vir die slaapkamer. Al wat u nog nodig het, is 'n bed!

DIT ALLES VIR SLEGS R189,50 R1,97 WEEKLIKS
DEPOSITO R18,95

Waneer TV kom ...vertrou op Excelsior

Nog 'n Excelsior ONOORTREFLIKE WINSKOOP-AANBOD!



106 cm-twee-deur-eenheid

SLEGS R69,50 72c WEEKLIKS
DEPOSITO R6,95

Excelsior DIE TUISTE-SKEPPERS WAT U KAN VERTROU – VIR SUIWER WAARDE.

By enigeen van ons 250 takke oral in die land.

EN BY ALLE TAKKE VAN BARONS MEUBILEERDERS



Twee van die vyf verhongerde varke wat Woensdag by die vendusiekrale afgeneem is. Die varke is die vorige Vrydag tydens 'n veiling verkoop en die kopers het nooit teruggekeer om die diere te kom haal of voer en water te gee nie. Die saak is na die Potchefstroomse tak van die Dierebeskermingsvereniging verwys wat op hul beurt dit verder gaan voer. Die betrokke firma wat die veiling waargeneem het is ook deur mnr. Jan Combrinck, voorsitter van die D.B.V. genader maar het ietwat ontwykend oor die geval gepraat en genoem dat die varke masels het en dat die kopers nie belangstel in die diere nie.

# Bomslagoffer vorder goed

**MNR. F. N. VAN DEVENTER, een van die provinsiale verkeersbeamptes wat by die Potchefstroomse Landdroshof was toe Alex Victor sy bom dáár laat ontplof het op Vrydag 17 Mei, het Saterdagoggend 'n draai by Die Herald se kantore kom maak.**

Hy het ná die ontploffing van die beseerdes met sy motor na die hospitaal gebring hoewel hy self beseer is. Hy het in die aanklaer, mev. Dawn Spies, se kantoor gestaan toe die bom ontplof het.

Die volgende dag het hy gaan werk en 'n week ná die ontploffing 'n senuwee-ineenstorting gekry. Mnr. Van Deventer, van Olivierstraat 19, Potchefstroom, word nou by die Weskoppies-hospitaal in Pretoria behandel. Hy sê hy sal nog 'n paar weke by die hospitaal behandeling moet ontvang, maar kan darem oor naweke huis toe kom. Hy maak goeie vordering en is nie meer so erg gespanne nie.

Saterdagoggend was hy weer by sy dokter in Potchefstroom aan om glasstukkies uit sy kopvel te laat haal. Hy het ook by Safari Sport aangegaan om 'n stel veerpyltjies en 'n bord en ander ontspanningstoerusting vir die hospitaal te koop.

Mnr. Willie Kriel, mede-eienaar van Safari Sport het die toerusting aan die hospitaal geskenk. Hy wou dit nie verkoop nie.

Mnr. Van Deventer het namens die bestuur en pasiënte van die hospitaal sy dank teenoor die sportwinkel kom uitspreek.

Hy het ook met baie groot lof gepraat van die behandeling wat hy by die Weskoppies-hospitaal ontvang.



Tydens 'n geselligheid aan huis van mev. Marietjie Steyn, verskyn van links na regs mev. S. Serfontein, mev. Steyn (staande) en mev. Tina Bruwer van wie daar afskeid geneem is.

# Sentraalwes neem afskeid

**KLERKSDORP — Direkteurs- en amptenaarsvroue van die Sentraalwes Koöperasie het Vrydagoggend tydens 'n geselligheid aan huis van die hoofdirekteursvrou, mev. Marietjie Steyn, afskeid geneem van mev. Tina Bruwer.**

Daar is reeds Donderdagaand amptelik van mnr. Dirk Bruwer, direkteur, afskeid geneem. Hy en mev. Bruwer het besluit om na vyftien jaar as lede van Sentraalwes Koöperasie af te tree en hul aandag meer by hul algemene boerdery op Bultfontein naby Brandfort te bestee.

Mev. Bruwer, beter bekend as tant Tina, het vroeër aan die Vrouelandbou-unie behoort en was ook lid van die Strandfonds. Sy is 'n ywerige vetplantversamelaar en hou haar besig met tuinmaak. Tant Tina het ook talle eerste pryse verower op landbouskoue vir haar konfyt, tuisgekookte seep en blomme.

Mev. Steyn het tydens die oggendtee Vrydag, 'n paslike afskeidsgediggie aan mev. Bruwer voorgelees en haar 'n ruiker, gemaak van sakdoekies, oorhandig.


**BOORWERK**

IN POTCHEFSTROOM EN DISTRIK.

Prys billik

Skakel 3147.

—P4382


# NOUER SKAKELING IN TOEKOMS

**DIE INSTITUUT vir Verkeersbeamptes van Suider-Afrika en die Nasionale Verkeersveiligheidsraad gaan in die toekoms nouer saamwerk en dr. E. A. Uken, direkteur van NVVR, gaan hom beywer om verteenwoordiging van die Instituut op die Raad se advieskomitee te verkry.**

Dit is die resultaat van samesprekings Vrydag tussen lede van die Instituut se dagbestuur en senior amptenare van die NVVR. Die samesprekings het gevolg op 'n persverklaring verlede Maandag deur die Instituut wat seker optredes en die gebrek aan samewerking van die NVVR. met die Instituut gekritiseer het. Uitlatings van dr. Uken aan 'n Johannesburgse oggendkoerant oor verkeersowerhede is ook gekritiseer.

Volgens 'n gesamentlike persverklaring wat deur die Instituut en die NVVR gister in Pretoria uitgereik is, sê dr. Uken dat skakeling met die Instituut en belanghebbende instansies op 'n vroeë stadium met die beplanning van projekte en in sake voor verkeerbeheer en -veiligheid en waarby die Instituut belang mag hê, bewerkstellig sal word.

In die verklaring sê die eresekretaris van die Instituut, mnr. T. R. Grimbeek, en sy dagbestuur, dat hulle die geleentheid verwelkom het om die Instituut se werksaamhede aan die NVVR bekend te stel.

Mnr. Grimbeek, wat ook die Bestuurder, Beskermingsdiense in Potchefstroom is, het gesê dit is sy Instituut se strewe om as een liggaam met die NVVR saam te werk.

Volgens mnr. Grimbeek onderneem die Instituut om sy volle samewerking aan die NVVR te gee in die bevordering van verkeersveiligheid. Die Instituut wil graag sy kennis en ondervinding op die gebied van verkeersake tot die NVVR se beskikking stel.

Die Instituut sê verder in die verklaring dat hy ten gunste is van deurlopende streng wetstoepassing oor voertuigveiligheid. Daarom het die Instituut onderneem om alles in sy vemoeë te doen om by te dra tot die welslae van die NVVR se huidige projek oor voertuigveiligheid.



Mnr. Theo Grimbeek

Volgens die huidige veldtog kan motoriste nog tot 24 Junie herstelwerk aan hul motors laat doen voordat verskerpte wetstoepassing oor die padwaardigheid van motors gaan volg. Die wetstoepassingsveldtog sal tot na die skoolvakansie duur.

## Lisensies wag

**'N GROOT aantal wapenlisensies lê al 'n geruime tyd by die Potchefstroomse polisie kantoor en wag dat die mense wat daarvoor aansoek gedoen het, dit moet kom afhaal, het die stasiebevelvoerder, maj. D. J. V. Stapelberg, Die Herald meegedeel.**

Maj. Stapelberg het gesê wapenlisensies kan net 'n beperkte tyd gehou word. Indien hulle nie afgehaal word nie sal hulle teruggestuur word en gekanseleer word.

Hy het daarop gewys dat die onus by die applikant van 'n lisensie om 'n vuurwapen berus om navraag te doen by die Wapenkantoor as hy dit nie binne 'n redelike tydperk sy lisensie ontvang het nie.

Hy het ook gesê dat mense wat van adres verander het sedert hulle aansoek gedoen het, moet hul nuwe adresse onverwyld kom aanmeld.


EGTE AANBOD

20

GEBRUIKTE VOERTUIE

DRINGEND BENODIG

VIR KONTANT — OF INRUILING

(Geen vangplek nie).

*  *  *

KYALAMI MOTORS

TEL: 5542

Gouwsstraat 27, Potchefstroom.

KINEKOR

## TWENTIETH CENTURY

Mon. 17th 2.15 & 8.00 p.m. Tues. 18th 8.00 p.m.

**The long Goodbye**
* ELLIOTT GOULD
No Persons 4 to 18.

Wed. 19th 2.15 & 8.00 p.m. Thurs. 20th 8.00 p.m. Fri. 21st 2.15 & 8.00 p.m. Sat. 22nd 6.00 & 8.45 p.m. Only.

**Mc Q**
* JOHN WAYNE
No children 4 — 16.

Sat. 22nd. matinee 2.15 p.m.

**Black Beauty**

## VENTERSDORP IRY

DRIVE-IN INRY-TEATER

Tel. 334 na 4 nm. Andersins 2202. Posbus 34 VENTERSDORP

Maandag tot Woensdag, 17 tot 19:

**Boesman en Lena**
* ARTHUR FUGARD
'n Hartseerstorie van 'n liefde wat nie moes wees nie.
In Kleur.

Donderdag tot Saterdag, 20 tot 22:

**Afrika**
'n Onvergeetlike wildedierprent en asemrowende avonture. In Kleur. Kom asseblief vroeg!

Vrydag en Saterdag 2de Sessie:

**Boesman en Lena**

## STER

INRY-TEATER STILFONTEIN

Maandag — Saterdag 17 — 22 Junie. Maandag — Saterdag 24 — 29 Junie.

**My name is Nobody**
* TERENCE (Trinity) HILL
* HENRY FONDA
In vervolg op die lagwekkende Trinity reeks. Moet nie hierdie uitstaande rolprent misloop nie.

Hou u pers dop vir speeldatums van die 2 gewildste Afrikaanse Radio verhale wat nou ook in film verskyn het.

**Ongewenste Vreemdeling**
**Dans van die Flamink**

### CRIMP
CRIMP teen fabriekspryse vanaf R1-25. ABRAMS WHITE STORE, Potgieterstraat 69. Tel. 3954.
P4407

## POTCH INRY

Tel. 6345 bedags/during the day
Tel. 5307 saans/evenings

Mon. 17, Tues. 18 at 7.00 p.m. Fri. 21, Sat. 22 at 9.00 p.m.

**The cross and the Switchblade**
* PAT BOONE
(Explosive Drama)
In Colour
(No Persons 4 — 12)

Wed. 19, Thurs. 20 at 7.00 p.m. Fri. 21, Sat. 22 at 6.45 p.m.

**Bless this house**
* SIDNEY JAMES
(Comedy)
(All Welcome).

Maan. 24, Dins. 25 om 7.00 nm. Vry. 28, Sat. 29 om 9.00 nm.

**Ooh! you are Awful**
* DICK EMERY
(Komedy)
(Niemand 4 — 16).

## JERRIES BETONWERKE

vir

## BETON-MURE

- VERSKEIE ONTWERPE
- PUIK GEHALTE
- PUIK VAKMANSKAP

VYF JAAR AFBETALING
Gratis kwotasie op aanvraag.

TEL. 4862

POTCHINDUSTRIA.

### KYK!
Ons het nou mansklerasie teen fabriekspryse. Bargain Store, Potgieterstraat 69, Tel. 3954. Potchefstroom.
P4538

### ALLE GRASSNYMASJIEN EIENAARS
DIE reparasies en herstel van alle soorte grassny-masjiene word gedoen te 23A Lombardstraat agter halfpryswinkel. Alle werk geskied onder die persoonlike toesig van mnr. Willie Bartlette, wie 'n deskundige is op die gebied. Sien is glo. Skakel 4917. Ons kom haal.
1747

### BOUER VIR REPARASIEWERK
DEURE en vensters uitbreek en inbou. Betonwerk, veranderings van kamers en woonstelle, regmaak van daklekke ensovoorts. Skakel Boet Woeke Tel. 6150.
6588


### BEGRAFNIS-KENNISGEWING
Die begrafnis van DOUW TUCKER STEYN sal vandag, 18.6.1974 om 2 nm. plaasvind vanuit die Herformde Kerk, Kerkstraat Potchefstroom. Vandaar vertrek die stoet na die Potchefstroom begrafplaas. A.V.B.O.B. Potchefstroom.


## GOUE WESTE INRY-TEATER

Four miles from Potchefstroom on Viljoenskroon Road TEL. POTCHEFSTROOM 91683

Maan. 17 tot Don. 29 om 7 nm. Vry. 21, Sat. 22 Let Wel: (Albei vertonings) om 6.45 & 9.00 nm.
met

**Pens en Pootjies**
* MARIE DU TOIT
* Don LEONARD
In Kleur
(Geen Ouderdomsbeperking)

Mon. 24, Tues. 25 at 7 p.m. Fri. 28, Sat. 29 at 6.45 p.m.
with

**Battle for the Bridge**
* WALTER STEVENSON
(War Drama)
In Colour
(No Age Restriction)

### ALPHA MELKERY
Vars melk teen 15½c per liter in u eie houers. Elke dag 9 vm — 6 nm. behalwe Sondae. Groente: Daagliks, vars van die plaas. Langs die Johannesburgpad, regoor die Tegniese Skool. Tel. 3915.
P2755

### HET U 'N DRANK-PROBLEEM
moontlik kan ALKOHOLISTE ANONIEM u help
SKAKEL NET: WOENSDAGAANDE METHODISTE KERKSAAL
4839, 3665 of 7245

## 20th CENTURY


Wed. 19th to Sat. 22nd
(No Persons 4—16).

McQ-he's a busted cop, his gun is unlicensed, his methods are unlawful.




JOHN WAYNE
"McQ"
KINEKOR THE ENTERTAINERS


# KUNS ENTERTAINMENT



Cléante (Gerrit Swanepoel) en Orgon (At Botha) luister gesteurd-verbaas na wat die ou balju, Loyal (Walter Durmore), te sê het. Hulle is drie karakters uit die Departement Spraakleer en Drama se aanbieding van Tartuffe, wat van môre tot Vrydag, 28 Junie, in die Kamertoneel van die P.U. aangebied word.

# Unusual role for John Wayne

**JOHN WAYNE is probably one of the most popular actors of our time and definitely the best known. No wonder, seeing that he has completed two hundred films!**

He has been the undisputed box office champion for almost thirty years and the two hundred films in which he starred are now reaching the 700 million dollar mark. He is well-known for his Western movies and was voted Best Actor in 1969 for his role in „True Grit".

In one of his latest films, he steps out of the saddle into a police car. In „McQ" he portrays a hard-bitten detective who becomes personaly involved in crime and murder.

The story of „McQ" is very much the same as any other police film, which seems to become increasingly popular nowadays.

McQ (John Wayne), a detective lieutenant, decides to investigate the murder of his best friend, a detective sargeant. He is ordered by his captain to rule the case off, but rather than do this, he resignes and becomes a private detective.

He finds out that the political bosses of the city find it profitable to go along with the underworld, especially if it comes to narcotics.

The film moves through junkyards, to wealthy homes and onto freeways, as any other suspense film does.

It has the formula for a successful suspense film, which includes corrupt police, beautiful women and violent action. The only thing which does not make is just another police film is the fact that it portrays John Wayne and that it portrays him in a rather unusual role.

Film-goers who like this type of film will undoubtedly enjoy Wayne as a big, rugged policeman.

„McQ" opens at the Twentieth Century Theatre tomorow.



John Wayne as McQ, which portrays him not in the saddle, but in a police car, in a scene from the film „McQ". The film opens tomorrow at the local theater.

# CHECKERS

## FLOP

| Item | Price |
|---|---|
| STORK MARGARIEN 250 g | 15½c |
| BLOSSOM MARGARIEN 250 g | 16½c |
| FLORO MARGARIEN 250 g | 19c |
| JOHNSONS BABAPOEIER 450 g | 57c |
| JOHNSONS BABASMEERMIDDEL 220 g | 55c |
| JOHNSONS BABAOLIE 200 ml | 53c |
| PUNCH 1 kilogram | 59c |
| SHIELD SKOONHEIDSEEP 125 g | 14½c |
| JIK 750 ml | 18c |
| HANDY ANDY 420 ml | 27c |
| VIM 500 g | 15c |
| JOKO TEESAKKIES (Geen etiket) 100's | 55c |
| RICOFFY 750 g | R1-29 |
| RAADSAAL KOFFIEMENGSEL 500 g | 47c |
| SALDANHA MAKRIEL 454 g | 24c |
| ROYAL SARDIENTJIES 106 g | 16c |
| TOMANGO TAMATIESOUS 740 g | 29c |
| C & B BOONTJIES 440 g | 15c |
| MAGGI SOP 61 g | 13½c |
| C & B MAYONAISE 725 g | 67c |
| RFF HALWE PERE 822 g | 35c |
| CR VRUGTESLAAI 439 g | 30c |
| RFF APPELKOOSKONFYT 907 g | 39c |
| RFF Gemengde VRUGTEKONFYT 907 g | 28c |
| RFF VYEKONFYT 907 g | 39c |

"FAR LOWER OVERALL PRICES"

**Potchefstroom**

# Piet Swiegers is die buiteklub

**AS DAAR aan die Potchefstroomse Buiteklub gedink word, dan word onwillekeurig ook aan mnr. Piet Swiegers gedink.**

Oom Piet, soos almal hom maar ken, is al meer as agttien jaar lank bestuurder en spysenier by die Klub. Toe was daar skaars meer as 250 lede. Vandag het die Buiteklub meer as 700 lede.

In die tyd wat mnr. Swiegers by die Klub is, is die gebou al twee keer herbou, twee tennisbane, die twee rolbalbane en die muurbalvertrek is aangebring.

Benewens die innerlike mens vir wie hy sorg uit die kombuis by die Klub en in die kroeg, is hy ook verantwoordelik vir die versorging van die sportgeriewe en die gholfbaan saam met die gholfkaptein.

Mnr. Swiegers is in die distrik Upington gebore en het op Upington skoolgegaan. In 1935 het hy by die Spesiale Diensbataljon op Robertshoogte (nou Voortrekkerhoogte) aangesluit en in 1936 is hy na die Lugmag oorgeplaas.

By die Militêre Kollege op Voortrekkerhoogte het hy sy opleiding as spysenier ontvang. In daardie jaar was hy een van die beste studente met 'n gemiddeld van 91 persent in die finale eksamens.

In die Lugmag het mnr. Swiegers van die grootste Lugmagmenasies onder sy beheer gehad. In 1938 is hy na Durban toe die Lugskool by die Snelparade geopen is. Daar was die offisiersmenasie onder sy beheer.

In 1948 is hy na Pretoria verplaas waar die Lugmag se offisiersmenasie onder sy beheer was. Daar was destyds meer as vierhonderd offisiere lede van dié menasie.

Net ná die oorlog is mnr. Swiegers vermeld vir diens wat hy gelewer het. Die vermelding is deur die Koning gedoen en sy naam het in die Staatskoerant verskyn. Oom Piet het nog die brief wat brig. Wilmott aan hom geskryf het oor dié vermelding.

In 1954 het mnr. Swiegers die Lugmag verlaat en 'n jaar en tien maande lank by 'n myn gewerk voordat hy die betrekking as spysenier-bestuurder van die Buiteklub aanvaar het.

Mnr. Swiegers is die persoon wat vereenselwig word met die Potchefstroomse Buiteklub.

Hy het jare lank in 'n „kleinerige" kombuis dikwels vir groot onthale die spyseniering gedoen. Met die onlangse aanbouings het hy 'n moderne kombuis tot sy beskikking en hy kan nou vir klublede en onthale etes voorsien. Hy verskaf elke Sondag etes vir klublede.

Mnr. Swiegers, wat in 1940 getroud is en een seun en twee kleinkinders het, sê hy begin al aan aftree dink.


Een ding is seker, die Buiteklub sal nie dieselfde plek wees sonder oom Piet met strikdassie nie.

## *Potchefstromers en ander mense*



MNR. PIET SWIEGERS

## Briewe • Letters




# Sluit 'n deel van Kerkstraat

**MOTORIS skryf — Ná 'n praatjie oor die radio deur 'n bekende op die gebied van verkeersake van Engeland, het dit my weer laat wonder hoekom ons eie Verkeersdepartement nog nie werk daarvan gemaak het om Kerkstraat tussen Potgieter- en Lombardstraat vir verkeer te sluit nie.**

Die swaar voertuigverkeer in die gedeelte is al erg genoeg, maar die gedurige padwerke veroorsaak werklik chaos. Daar is voortdurend een of ander vernouing êrens in dié gedeelte van Kerkstraat wat opeenhoping van verkeer veroorsaak.

Dit sal niemand kwaad aandoen om sy inkopies te voet te doen nie — daar is meer as genoeg parkeerplek agter die winkelsentrums en in strate in die onmiddellike omgewing.

Ek kry egter die indruk dat die Verkeersdepartement nie juis gretig is om sy probleme op te los en die lewe vir die inwoners op hierdie manier aangenaam te maak nie. Hoekom word daar so onnodig lank gesloer met parkeerterreine? Neem nou maar die een oos van Kerkstraat. Dit is klaar geteer maar is nog steeds ongemerk en afgekamp. Intussen kan 'n mens slegs met die grootste moeite in Olënlaan en om die parkeerterrein parkeer.

Hoekom kan daar nie 'n proefneming gemaak word om die besige gedeelte van Kerkstraat byvoorbeeld 'n week te sluit vir verkeer nie? Miskien sal die Verkeersdepartement dán besef hoe aanpasbaar die ou mensdom is.

• Dis 'n interessante gedagte, maar in alle billikheid moet 'n mens darem onthou dat die verkeersafdeling nie op sy eentjie so 'n stap kan doen nie. Dis 'n besluit vir die Stadsraad om te neem; dit is trouens reeds deur die Stadsraad oorweeg, maar toe die saak bespreek is, is bevind dat dit nie in daardie stadium prakties uitvoerbaar sou wees nie. Daar is oorwegings soos die aflewering van goedere by winkels om in ag te neem. — Red.

# Herald

# Liewer laat as......

**ELKE Potchefstromer sal seker juig oor die nuus dat iets nou by die dorp se hospitaal gaan gebeur, agt jaar ná die eerste aankondiging dat uitbreidings aan die hospitaal binnekort sou kom.**

**Wat die nuus ook beter maak is dat 'n kraamafdeling met dertig beddens in die uitbreidings ingesluit word — op die grondverdieping waar 'n ander afdeling beplan was.**

**In 1975 wanneer tenders vir die bou van die uitbreidings gevra word, kan elke Potchefstromer 'n woord van dank rig aan mnr. Louis le Grange, die Volksraadslid onder wie se leiding sake oor die hospitaal nou tot 'n punt gekom het.**

**Sedert dit in 1943 gebou is, het weinig min uitbreidings by die hospitaal gekom terwyl Potchefstroom self al byna verdubbel het.**

**Ons is ook seker dat een van die redes waarom die Potchefstroomse Universiteit nie 'n mediese skool gekry het nie, was omdat die hospitaal hier te ontoereikend is.**

**Ná die bomontploffing by die landdroshof was toestande by die hospitaal chaoties en was die personeel dáár (verpleeg en administratief) nie so goed geskool in wat hulle moet doen nie, sou dié relatief klein ramp nie behoorlik hanteer kon word nie.**

# *POTCHEFSTROOM TOWN HALL OPENED*

**DESPITE a great deal of opposition from a certain sector of the community against the building of the Town Hall, at an estimated cost of R22 000 — a waste of the taxpayers' money — the municipality went ahead with the project.**

## Memories of yesteryear by Senex

March 10th, 1909, heralded the official opening of the new building.

A souvenir programme reads as follows — 12.00 noon, Gen. J. C. Smuts (M.L.A. and Colonial Secretary) will arrive at the Town Hall entrance, receive a souvenir key and officially open the Building. 12.30 p.m. His Worship the Mayor, Mr. M. A. Goetz, will speak and Gen. Smuts will reply.

12.30 p.m. — Inspection of Building by Gen. Smuts and party. 1.00 p.m. — Luncheon at the Royal Hotel. 8.00 p.m. — Performance of the opera „Tom Jones" by the Potchefstroom Operatic Society in the Town Hall.

The brochure furnishes the following details of the new building. It is a double storey, the facade is divided into two parts by an imposing clock tower, 87 feet in height; on the right is the entrance to the Town Hall and to the left, the municipal offices (still unchanged today).

The hall has a floor space of 63 x 45 feet, can seat about 500 people, is lofty and well lighted and ventilated. The stage is constructed for staging first-class theatricals and other performances.

Then the different offices of the various officials are enumerated, including the Library with an outside door.

The actual cost amounted to R24 800 and Messrs. Black and Fagg of Cape Town were the architects; Mr. Geo Warren was the contractor and Mr. W. H. Coultas the clerk of works. Messrs. D. Isaacs and Co. of Johannesburg furnished throughout, while G. W. Glendinning was the scenic artist for the stage appointments.

The clock on the tower is a turret eight-day type, striking the hours and chiming the Westminster quarters. The time is (still) shown on four dials, six feet in diameter, and they can be illuminated at night. Mr. D. Eysbouts of Holland was the manufacturer and the total weight of the bells is about one ton.

To digress for a moment: I well remember how it used to be the late Mr. Louis Gerber, first librarian (Carnegie), who had to scale the tower and wind the clock regulary — quite an enormous job, I was told. The time on the four dials often did/do not synchronize, since the hands on the dial, facing a strong prevailing wind, were/are retarded.

Several residents in the immediate vicinity of the Town Hall, have, over past years, complained that chimes disturb(ed) their slumbers.

The Town Council was composed as follows — Mr. M. A. Goetz, J. P. Mayor; Mr. Michael Durr, Deputy-Mayor (father in-law of Col. Izak Meyer): Councillors J. F. Curlewis (land surveyor who used to live at Vyfhoek); P. Ferrero (owned a mineral water factory, later acquired by Messrs. Sherr and Shakinovsky, I believe) J. W. Gaisford (architect — his former home, still intact, stands on the south corner of Lombard and van Riebeeck Streets); B. R. Gericke (of Pienaar and Gericke, auctioneers); (Dr.) W. Mortimer, M. L. A. (Het Volk); J. P. Perold; B. D. (Oom Bennie) Pienaar (M.E.C. for many years); J. B. Retief (grandfather of Mr. Andre and Miss Joyce Retief); D. J. van Deventer; J. F. van Swieten (attorney); W. S. Hosking (Town Clerk); E. H. Day (Town Engineer); W. D. Ross (Chief Officer Fire Brigade, later Electrical Engineer); Dr. Robert Friel (Medical Officer — his fine old home on the corner of Lombard and Kruger Streets is today owned by Mr Peter Bolton) Mr. A. R. Fleischack (Town Solitor, whose biography appeared in these columns recently).


I remember a number of the members in the cast of "Tom Jones", especially Mr. Sydney Richfield, the musical conductor, who died in Pretoria only a few years ago.

# ,Ons moet ons eie teologie uitbou'

**DIT IS DIE roeping van Suid-Afrikaanse teoloë om 'n eie teologie uit te bou omdat die meeste oorsese teoloë vandag oor baie dele van die Ou Testament die een of ander hipotetiese vertrekpunt het, het prof. F. N. Lion-Cachet, professor in Ou-Testamentiese Vakke aan die Potchefstroomse Universiteit Vrydagaand in sy intreerede gesê.**

Prof. Lion-Cachet het bygevoeg dat sulke hipoteses uiteindelik die hele teologie raak en help om die gesag van Gods woord af te takel.

In sy intreerede oor „God/Die Here het al hierdie woorde gespreek", het hy gesê die bestudering van die afsonderlike Bybelboeke van die Ou Testament het die gesag van die geskrifte as 'n deurslaggewende en beslissende betekenis. Die erkenning dat dit primêr God is wat gespreek het, rus op die getuienis van die Heilige Gees wat in en deur die Woord getuig.



Prof. F. N. Lion-Cachet

Die wetenskaplike begin dus met 'n gegewe, objektiewe waarheid, het hy gesê.

Omdat dit God is wat spreek, word die wetenskaplike gemaan om eerstens kennis te neem van die getuienis van die Woord oor homself en om nie sy literêre, vormkritiese, tradisie-historiese en ander metodes daarbo te verhef nie.

Om dié rede, het prof. Lion-Cachet gesê, word die teorieë afgewys wat byvoorbeeld konstateer dat niemand oor die Tien Gebooie wetenskaplik kan vasstel waar en wanneer dit gegee is nie. Ook nie of dit 'n produk was van 'n lang wordingsgeskiedenis in die lewe van die volk en eers in die sesde eeu voor Christus sy beslag gekry het nie.

Die woorde „God/Die Here het al hierdie woorde gespreek" kan as inleidingsformule in Ex. 20 geneem word, maar nie in Deut. 5 nie. In Ex. 20 word op unieke en sonderlinge wyse die Goddelike gesag en absolute gerigtheid onderstreep, terwyl dit uit Deut. 5 blyk dat Moses as geïnspireerde instrument sekere veranderings en byvoegings tot die Tien Gebooie gedoen het, het spr. gesê.

Hy het voorts gesê dat Ex. 20:1-17 nader is aan die oorspronklike woorde van God op die berg. As daar gesag-volle byvoeginge was, was dit minimaal.

Die waarde van die sogenaamde kortere formulering moet bevraagteken word. Die pleitrede is uitgespreek dat teoloë nie met nuwe hipoteses moet kom om die menslike faktore te verklaar en dan op dié hipoteses 'n teologie te bou nie. Daar moet egter uitgegaan word van die eindproduk waarin die goddelike idee sy gestalte gevind het.

Aan die ander kant mag tradisionele verklarings wat geen skriftuurlike onderbou het nie, nie kunsmatig aan die lewe gehou word nie, het prof. Lion-Cachet gesê.

# Posseëlklub reël miniskou

DIE Mooirivierse Posseëlklub reël in Maart 1975 'n mini-tentoonstelling en 'n beroep word gedoen op alle lede, oud-lede, wegbly-lede en voornemende lede om op 7 Augustus die volgende vergadering van die klub by te woon sodat hulle kan hoor presies wat so 'n tentoonstelling inhou.

Vir die gewone versamelaar beteken dit bloot die rangskikking van sy materiaal op los blaaie en dan die aanbring van byskrifte. Dit hou die groot voordeel in dat 'n mens dan sien wat jy het en wat jy nog kan kry.

Die tentoonstelling vind plaas onder beskerming van die biblioteek en daar word gevoel dat nog baie meer Potchefstromers daar kan kom wys wat hulle het.

Die vergadering vind plaas om 7.30 nm. in die gebou net langs die biblioteek en is oop vir oud en jonk, beginner en veteraan. Met die vorige mini-tentoonstelling was die jongste uitstaller 9 jaar oud en die oudste daar om en by die sewentig somers jonk.


KOOP KWALITEIT


KOOP

KYALAMI



# SPESIALE DIENSTE IN POTCHEFSTROOM

## BATTERYE



**R10,00**

VIR U OU BATTERY OP 'N NUWE MOTORBATTERY

**Potch Spares**

Lombardstraat, Tel. 4595/6077.

## ELEKTRIESE WARE

- Fotografies
- Radio's
- Hi-Fi Stelle
- Bandopnemers
- Platespelers
- Stowe
- Yskaste/Vrieskaste
- Wasmasjiene ens.

Beste pryse in die Republiek.

**ALLI'S**

Potgieterstr. 71, Tel. 3810.

## BOUPLANNE

... t.o.v.

- ★ Huise
- ★ Veranderings
- ★ Buitegeboue, ens.

SKAKEL

**PIET BOARDMAN**

Tel. 6375 (ná ure)

POTCHEFSTROOM.

## TUIN-DIENSTE

WAAROM SUKKEL?




Die professionele mense sal u TUIN versorg

Octrongebou — Tel. 7212

## MATERIALE

**CRIMP CENTRE**

Lombardstraat 17, Tel. 6378.

Vir:

CRIMPLENE

KREPSTOF

GORDYNSTOWWE

BEDSPREIE.

## DIAMANTE



KIES U DIAMANT en MONTERING APART

Gemonteer terwyl u wag.

geen middelman — bespaar

**CARLTON JUWELIERS**

Kerkstraat 161, Tel. 5521, POTCHEFSTROOM.

## GLAS EN SPIEËLS

**DIE GLASSENTRUM**

VIR MOTORWINDSKERMS

GLAS VIR NUWE WOONHUIS

SPIEËLS

STUKKENDE RUITE

◆

TEL. 7907

Wolmaransstraat 88.

## BATTERY-DIENSTE

**NIGRINI BATTERYE**

Lombardstraat 27, Tel. 7805.

bied u nou ook, benewens batterye en hidrouliese pype, die volgende diens:

- ◆ Herboude drukplate,
- ◆ Herboude Koppelaarplate,
- ◆ Vasgeplakte Remvoerings en
- ◆ Skyfremkussings
- ◆ Ons slyp ook remdromme.

Tevredenheid word gewaarborg.

KOM OORTUIG USELF.

## LOODGIETER

**PROTEA**

LOODGIETERS/PLUMBERS

Tel.: 6209

•

VIR ALLE LOODGIETER-REPARASIEWERK

•

Ons onderneem ook installasies.

•

Kruisstraat 138A

POTCHEFSTROOM

## Dakverfwerk

**PHILCO**

Waterproofing and Insulation Contractors

Onderneem die spuitverf en herstel van alle soorte dakke met AKRIELVESEL BEDEKKING.

★ TEËLS ★ SINK

★ ASBES ★ ENS.

TEL. 6393

## Tweedehandse MEUBELS

**ONS PAND**

KOOP EN VERKOOP

●

TWEEDEHANDSE MEUBELS ens.

●

**SENTRALE PANDWINKEL**

WOLMARANSSTRAAT 83

TEL. 6695

## PADKAFEE

**BAILLIEPARK PADKAFEE**

Waar Potchefstromers die VRIENDELIKSTE DIENS kry.

Kom kyk gerus hoeveel gelukkige klante daagliks hier aandoen.

DIE VOORSTE PADKAFEE IN DIE DORP.

Buskusstraat 41, Tel. 6670.

## BANDE-DIENSTE

SCHWIMS BANDEGROEP

Het nog altyd die beste diens gelewer

Het u al hiervan gebruik gemaak?

ELEKTRONIESE WIELBALANSERING

Vir bande

**SCHWIMS BANDEGROEP**

Lombardstraat 12, Tel. 6777.

## DAKBEDEKKING

Vir herbedekking van sinkdakke, dak veranderings en die oprigting van nuwe dakke met die bekende liggewig teëls raadpleeg:

**Westvaal**

DAKBEDEKKERS

REROOFERS

Tel. 7627 — Potchefstroom

Vir gratis kwotasies — sonder verpligting.

◆ Amptelike agente vir Harvey en Rodomak Teëls W-Tvl. streek.

## SWEISWERK

VIR ALLE TIPE SWEISWERK

◆

KONTAK

**PROTEA SWEISERS**

TEL. 8109, ROSSSTRAAT 42, POTCHINDUSTRIA.

## Uitlaatstelsel Herstelwerk

MOTO-EXHAUST CENTRE

IS DIE ANTWOORD!

H/v. Gouwsstr. & Olënlaan, Tel. 7152.

## Daklekkasies

**PHILCO**

WATERPROOFING AND INSULATION

Ons onderneem die waterdigting van:

STAAL-, BETON- en TEËLDAKKE.

Geute en „Flashings".

TEL. 6393.

## REKLAME

OM U PRODUK TE VERKOOP?

skakel 7184.

Ons kan u help met verkoopsbevordering.




Mrs Margaret Lessing, National President of the South African Federation of Business and Professional Women, addressed the annual goodwill tea of the Potchefstroom branch of the Union of Jewish Women on Wednesday afternoon. With Mrs Lessing (second from left) at the tea are Mesdames G. J. J. van Deventer, the Mayoress, J. le Grange, wife of Potchefstroom's M.P., and M. Miller, chairman of the Potchefstroom branch.




# BEGIN VROEG AL VIR DIÉ PARTYTJIE

**KINDERPARTYTJIES is iets wat geen ma kan vermy nie. Dit is ook iets wat 'n besige ma soms hoofbrekens kan gee, maar die genot wat die kleingoed daaruit put is beloning genoeg. Werkende moeders het nie die tyd om die dag van die partytjie te bak en te versier nie en die beste oplossing is om al lank voor die tyd iets reg te maak en weg te pak.**



Hier is 'n paar resepte van lekkernye wat lank voor die tyd klaargemaak kan word:

ENGELKOEKIES

*Bestanddele:*

2 koppies meelblom
4 onse botter
4 onse strooisuiker
2 eiers
1 ons mielieblom
1 teelepel bakpoeier
2 eetlepels Ideal Melk
Frambooskonfyt en versiersuiker.

*Metode:* Meng die botter en suiker tot lig en donserig. Voeg geklitste eiers en Ideal Melk by. Klits deeglik en voeg mielieblom en bakpoeier in. Sit die mengsel op 'n bakplaat met 'n teelepel en druk plat met 'n vurk. Bak vir 10 min. in 'n oond teen 425 grade F. Sit twee-twee opmekaar met konfyt. Sprinkel met versiersuiker.

Fudge kan ook lank voor die partytjie gemaak word en is altyd 'n gunsteling. Om perfekte resultate te verkry, moet die suiker geleidelik maar baie deeglik opgelos word en kristallisasie aan die kante van die kastrol moet verwyder word. Moet dit nie in die yskas sit om styf te maak nie aangesien die kondensasie dit sal laat versuiker. Hier is 'n goedkoop en maklike resep.

4 koppies suiker
1 groot blik gekondenseerde melk
4 onse botter
2 eetlepels gouestroop
1 teelepel vanieljegeursel

*Metode:* Los suiker in water op. Voeg botter en stroop by. Kook vir 10 minute oor lae hitte sonder om te roer. Voeg gekondenseerde melk by en kook ongeveer dertig minute, roer af en toe. Haal van plaat af, voeg vanielje by, klop tot dik en swaar. Gooi uit in gesmeerde pan. Een eetlepel asyn kan bygevoeg word terwyl u die lekkers klits en dit sal verseker dat dit bind.

*Roomys* is natuurlik onontbeerlik op 'n partytjie. 'n Maklike sjokoladesous maak dit nog lekkerder. Maak 'n pasta van kakao, voeg kondensmelk by en maak dit warm vir 'n heerlike romerige sous.

*Versiersuiker* kan ook in 'n kits gemaak word deur genoeg versiersuiker by gekondenseerde melk te voeg om dit styf te maak. Voeg dan enige geursel by.

Daar is nog talle wenke vir kinderpartytjies en hoe om die nagmerrie daarvan te verander in 'n plesier.


*Roomyshorinkies* kan met Smarties volgemaak word. 'n Mariebeskuitjie kan dan met versiersuiker onderaan geplak word om dit toe te maak. Op die skerp puntjie kan 'n malvalekker ingesteek word of vasgeplak word as die onderpunt plat is. Teken nou 'n gesiggie daarop met kolletjies waterverf en dit is 'n lekker verrassings-eetdingetjie.

Ryg jellielekkers in op 'n garedraad en laat dit in stukke van tien of so op die tafel lê. Dit verskaf baie pret vir die kleingoed.

Groot koeke neem baie tyd om te bak en die kinders is nie baie lief daarvoor nie. Bak dus net een groot verjaardagkoek, of bestel dit van die bakkery.

*Balonne* lyk altyd feestelik, maar is gewoonlik die oorsaak van rusies. En moeite. As dit die vorige aand al opgeblaas word, is dit pap wanneer die kinders al aankom. Net voor hulle kom, is daar weer nie tyd daarvoor nie. Netnou bars Jannie Sannie se ballon en sy gaan aan 't huile. Nee wat, daar is baie ander maniere om die vertrek of tuin *of motor*huis te versier.

Kartonhoedjies kan by die dosyn in afdelings- of speelgoedwinkels gekoop word of kan maklik self gemaak word. Groot gesigte en papierlinte kan geknip word en orals opgehang word. Afgesien daarvan dat dit iets anders as die gewone is, kan dit lank voor die tyd gemaak word.




**Vou papierhoedjies só. Die boonste twee punte van 'n langerige stuk karton word oormekaar gebuig (nie platgevou) en word in die middel (agter) met 'n krammer vasgedruk. Lang papierlinte word bo ingesteek.**

## W-TVL. KLOP GRIEKWAS

DIE Wes-Transvaalse tennisspan het hierdie naweek die span van Griekwaland-Wes met 22—10 verslaan in koue weersomstandighede.

KOM KYK

NOU

LANTERN APTEEK

OLËNLAAN 3
TEL. 6872
(Potch Herald Gebou)

ABRAMS WHITE STORE

150cm „CRIMPLENE" — — — @ R1,49 m
Oulike JACQUARD CRIMP — — R1,99 m
Donskomberse: Enkel R8,95; Dubbel R11,95
CRIMPLENE TRUIE Polonek en boordjietipe
Baie kleure R10,95

Die nuwe „CRIMPLENE"-winkel in Potchefstroom.

Potgieterstraat 69, POTCHEFSTROOM. Telefoon 3954.

Salon Berenice

KONDIG MET PLESIER AAN:

Ons is nou in volle swang met

JOY, PAT, MARTIE en BERRY.

ONS IS OOK DINSDAGMIDDAE OOP.

Tel. 3853, Bailliepark.

—P4449



## KURSUS VIR ATLETE

Sowat twintig Kleurlingonderwysers en -onderwyseresse van Wes-Transvaal het op Saterdag 8 Junie 'n atletiekafrigtingskursus by die Hoërskool Promosa bygewoon wat deur mnr. C. J. Dippenaar, voorsitter van die W.T.V.A.A., aangebied is. 'n Groot aantal Kleurlingskoolatlete het ook die kursus bygewoon. Op die foto verskyn van links af mev. H. A. Baard, onderwyseres, mnr. J. Solomons, hoof van die Laerskool Promosa, en mnr. Dippenaar. (Nog 'n foto op bl. 16).

# KEURDERS LOOP DEUR OOR PAK

OPENLIKE kritiek teen die keurders se beleid en ook oor die feit dat gee keurder die wedstryd tussen 'n Wes-Transvaalse XV-tal en Noord-Natal op 8 Junie te Vryheid bygewoon het nie, is Vrydagaand op 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die WTRU uitgespreek. Die Wes-Transvaalse span het met 11-33 pak gekry en daar is baie oor die oorsaak gespekuleer.

Daar is gesê dat dissipline onder die spelers ontbreek het, dat die span te laat aangekondig is, dat 'n groot aantal onttrekkings die planne van die keurders belemmer het, dat taktiese foute op die veld begaan is, dat die spelers se nagrus versteur is, dat die bus gebreek het en so meer. Die uiteinde van die saak was dat „die wedstryd Wes-Transvaal se naam skade aangedoen het en sy naam deur die modder gesleep is."

Die keurders se samestelling van verlede Woensdagaand se oefenspanne is ook aangeval en so ook ander gebeure rakende die Leeuwedstryd. Verduidelikings het darem die meeste van die beskuldigings gesus.

### LEEUS

'n Baie interessante mededeling is in verband met die Leeus se toerprogram gedoen. Volgens die orspronklike reisplan sou die besoekers op die Dinsdag voor die laaste toets teen Wes-Transvaal gespeel het. Die Britse Rugbyunie het egter daarop angedring dat die toer op Potchefstroom begin vanweë die ideale omstandighede vir voorbereiding op Stilfontein. Vanselfsprekend is 'n aanvangswedstryd baie voordeliger vir Wes-Transvaal as een op 'n Dinsdag aan die einde van die toer.

Mnr. Piet Bosman het mnr. Hennie Stoltz heelwat krediet gegee vir die verloop van sake. Die uitstekende wyse waarop hy na vorige Leeuspanne omgesien het wat hulle toere in Wes-Transvaal begin het, het baie bygedra tot die Britte se besluit.

Die president het ook bekendgemaak dat Olënpark nou oor 23 338 permanente sitplekke beskik ná die aanbring van paadjies op strategiese plekke. Vir die Leeuwedstryd was 5 490 van die sitplekke nie verkoop nie. Skoliere bygetel was die amptelike bywoningsyfer met die wedstryd 19 048.

'n Rekordbedrag van R67 134 ten opsigte van toegangsgeld is ingevorder. Nadat die S.A. Rugbyraad se gedeelte in berekening gebring is, die uitbreiding aan die paviljoene en 'n verdere R6 000 onkostes met die Leeus se besoek sal die Unie se netto-wins nie meer as ongeveer R30 000 beloop nie.

Dit maak dit vir die Unie nogtans moontlik om aan die einde van die seisoen 'n nuttige bedrag aan elke klub te skenk — die eerste keer in die geskiedenis van die WTRU.

### VERBLYF

Mnr. Hennie Stoltz het die vergadering meegedeel dat vanjaar se Leeus die aangenaamste en gaafste span is met wie hy nog te doen gehad het. Hulle het ook waardering gehad vir elke reëling wat vir hulle getref is.

Drie maande voor hulle aankoms is reeds voorbereidings getref. Verblyf is gereël vir die toergroep van 62, verslaggewers en beamptes ingesluit. Aan die toerbestuur is 'n private kantoor beskikbaar gestel, met 'n voltydse sekretaresse en 'n telefoon; 'n private spankamer is vir die span ingerig; hulle het alleenreg gehad op die hotel se biertuin; gratis droogskoonmaak en wasgeriewe is verskaf; dagblaaie is aan die groep gelewer; 'n wisselende spyskaart en baie melk en vrugtesap is voorgesit; 'n kleremaker het na die groep se klere en truie omgesien; fisioterapeutiese behandeling was gratis; grootskaalse vervoerreëlings is getref (onder meer vir 'n paar spelers wat 'n Springbokproefwedstryd op Ellispark gaan bywoon het), almal is ingeskryf as tydelike lede van die Strathvaalse Ontspanningsklub; geriewe en toerusting om tennis, bofbal, muurbal en gholf te speel is aan dié verskaf wat daaraan wou deelneem; rugby- en sokkerballe is voorsien; die groep is onthaal op 'n burgerlike onthaal, 'n paar vleisbraaie, 'n besoek aan 'n myn en 'n stamdans, 'n uitstappie na die Faan Meintjies - natuurreservaat en so meer.

### PLAASVERVANGERS

Voortaan sal van twee plaasvervangers gebruik gemaak kan word met alle internasionale en provinsiale wedstryde (senior sowel as junior), intervarsities, interkolleges, die Cravenweek, eindrondes met wedstryde op eersteligavlak en alle relegasie- en promosiewedstryde.

'n Span se afrigter en kaptein sal besluit of 'n speler só beseer is dat hy vervang moet word. 'n Speler wat vervang word sal dan vir tien dae nie aan enige wedstryde mag deelneem nie.

### AFRIGTERS

Mnr. Piet Bosman het sy teleurstelling uitgespreek oor die swak bywoning van die byeenkoms vir afrigters wat toegespreek is deur die afrigters wat deur die Unie op groot koste na die nasionale afrigtingskursus in Port Elizabeth gestuur is. By die eerste byeenkoms het afrigters van drie klubs opgedaag; die byeenkoms is verskuif en op die tweede was net sewe van die sestien klubs en twee skole verteenwoordig.

Ander sake wat na vore gekom het is:

- 'n Nuwe sakwapen vir juniors is goedgekeur. Dit is 'n klein variasie van die ou toemieliekop.
- Piet van Deventer het van die S.A. Rugbyraad en sy vorige Unie, Griekwas, toestemming ontvang om vanjaar vir Wes-Transvaal in die Curriebekerkompitiesie te speel.
- Alle sportliggame ontvang voortaan vrystelling van inkomstebelasting.
- Mnr. Piet Robbertse, bekende Oos-Transvaalse skeidsregter en lid van die Rugbyraad se reëlskomitee, spreek vanaand die Wes-Transvaalse skeidsregtersvereniging toe.
- Die Wes-Transvaalse konstitusie is aan elke klub beskikbaar gestel. Die boek van dr. Danie Craven, ‚Patroon van rugby,' sal deur die Unie aan elke klub voorsien word.
- Spelers moet by klubs geregistreer wees, uitgesonderd by die studenteklubs.
- Teen die einde van die seisoen word 'n rubydag op die Markötterstadion gereël ter stywing van Weermag se sportgeriewefonds.v

# *POTCH KRY TWEE W-TRANSVAALSE BOKSKAMPIOENE*

**DIE Potchefstroomse Seunsboksklub het Saterdagaand twee Wes-Transvaalse bokskampioene opgelewer toe Hekkie Giesing die ligswaargewigtittel gebuit het en Piet van den Bergh die kapokgewigtitel.**



HEKKIE GIESING



PIET VAN DEN BERGH

Dit was 'n aand van drama. Nie een van die sewe gevegte waaraan Potchefstroomse boksers deelgeneem het, is op punte beslis nie. Die Potchefstromers het óf gewen óf is geklop voor die volle drie rondes verby was.

Giesing het vir 'n verrassing gesorg toe hy die byna beroemde Vernon Smith in die eerste ronde van hul finale geveg in die ligswaargewigafdeling 'n uitklophou toegedien het. In die verlede is dikwels gesê die Potchefstromer is gelukkig dat Smith nie by 'n toernooi is nie. Hul geveg is in die eerste ronde beslis toe Giesing vir Smith 'n uitklophou gegee het.

Vroeër het Smith vir Willie Olivier van Potchefstroom geklop toe hul geveg beëindig is. In die eerste ronde van hul geveg in dieselfde afdeling het Olivier vir Smith met 'n linkerhaakhou getref. Smith het neergesak en met die telling op nege eers teen die toue opgestaan.

Smith het egter so herstel ★ Vervolg op bl. 11.


# VAK[redacted]RES

**POTCHEFSTROOM TOWN COUNCIL.**

## VACANCY

The following staff vacancy exists in the Department of the Town Treasurer of the Town Council of Potchefstroom:-

**METER READER/CLERK**

R3000X150-R3450X150-R3900.

PRIMARY REQUIREMENTS: Std. 8 or equivalent certificate.

GENERAL.

The Potchefstroom Town Council offers the successful applicant:-

(a) Membership of one of the best Municipal Pension Schemes in the Transvaal. Contributions of male employees amount to 7% and that of female employees to 6%. The Town Council contributes 9% and 6% respectively.

(b) Membership of the Joint Municipal Medical Aid Fund (Tvl.) of which 50% of the membership fee is payable by Council.

(c) A Group Insurance Scheme (three times annual salary) of which 50% of the premium is payable by Council.

(d) A holiday allowance of R260,00 per annum for married employees, R130,00 per annum for single employees and R200,00 per annum for widowers and divorcees with dependants.

(e) A housing allowance which fluctuates between R20,00 and R35,00 per month according to circumstances.

Further particulars regarding benefits and service conditions, as well as the official application forms on which applications must be submitted on or before 21st June, 1974, are obtainable from the Department of Administration, telephone 3351, or P.O. Box 123, Potchefstroom. NO. 51/MV.

C. J. .F. DU PLESSIS.
ACTING TOWN CLERK.
P4441

POTCHEFSTROOM HERALD KOERANT

benodig 'n

**DEBITEUREKLERK**

om so gou moontlik diens te aanvaar.

Doen skriftelik aansoek by die

Bestuurder,
Posbus 515,
Potchefstroom.

FARMEC-WES

Verlang die dienste van 'n

Gekwalifiseerde
**STOORMAN**

Ondervinding van MASSEY-FERGUSON onderdele sal 'n aanbeveling wees.

Ons bied aan:

* Goeie salaris,
* Aangename werksomstandighede,
* Gewone byvoordele.

Doen aansoek by Die Rekenmeester, Tel. 3271, Potchefstroom.

—P4439

## Volkies die enigste met 'n kans

★ Vervolg van bl. 16.

lers.

Theo van der Merwe en Bennie van der Westhuizen het vir Volkies gedruk en Grotsius het met twee straf- en een doelskop geslaag. Tinus Swart het vir Tegnies se drie oorgegaan en Piet Swanevelder het drie strafdoele in punte omskep.

GIMMIES

Gimmies het op Fochville teen die tuisspan met 'n byna identiese telling as Volkies teen Tegnies gewen — 18—13.

Van die drie Potchefstroomse skole is dit nog net Volkies wat 'n kans het om die beker te wen. Hulle .. waarskynlik aan die einde van Julie/begin Augustus teen Carletonville uitspeel indien laasgenoemde met Fochville afreken. Carletonville is die enigste span wat Volkies vanjaar kon klop en daarby oortuigend met 16—3. In hulle tweede kragmeting sal hulle anders as met die eerste op Volkies se tuisveld speel. *v*

## Handelskool bied puik program

DIE Hoër Handelskool J. J. Pienaar bied Vrydagaand 'n program aan wat vol aangename verrassings sal wees. Dit sluit onder meer in 'n eenbedryf wat personeellede aanbied, 'n uitvoering deur 'n simfonie-orkes, 'n Duitse konsert en 'n uitstalling van boeke. Plekbesprekings is by die Hoër Handelskool en kaartjies kos 'n rand vir volwassenes en 50 sent vir skoliere.

## Bokskampioene

★ Vervolg van bl. 13

dat hy vir Olivier so 'n hou gee dat die geveg stopgesit moes word.

Piet van den Berg het vir Van Allemans van Strathvaal in 'n uitdungeveg geklop en vir Jonker van Goldfields in die finaal.

Giesing en Van den Berg is albei in die Wes-Transvaalse span ingesluit wat Vrydag- en Saterdagaand aan die Transvaalse kampioenskappe op Brakpan gaan deelneem.

## RGN GAAN OOK VOORLIG

★ Vervolg van bl. 2.

teite en ander inrigtings hulle praktiese voorligting al hoe doeltreffender probeer maak. Hiertoe probeer die Raad om 'n bydrae te lewer, onder meer deur die opstelling en standaardisering van al die sielkundige en prestasietoetse wat in skole gebruik word en deur inligtingspublikasies oor naskoolse studie, toekennings vir studie en beroepsgeleenthede aan die instansies te verskaf.

„Voorligting in sy verskillende vorms — persoonlike voorligting, studievoorligting, beroepsvoorligting — word in die gekompliseerde samelewing van vandag al hoe noodsaakliker as jongmense nie onvoorbereid vir die beroepslewe, bloot met een of ander skoolsertifikaat, diploma of graad, die lewe ingestuur moet word nie. Sodanige voorligting kan ook geensins op lukrake en onwetenskaplike manier geskied nie, hoe goed dit ook al bedoel word. Daarvoor is ons mensemateriaal te kosbaar en die prys van mislukking te hoog", meld die nuusbrief.


**KLEIN ADVERTENSIES BRING GROOT RESULTATE.**

F.

**SELF RY DRIVE**

**HUUR 'n BAKKIE**



**HUUR die BAKKIE**

VIR DAARDIE LASTIGE VRAG, TUINVULLIS, MEUBELS, LEË BOTTELS OF ENIGE ANDER VRAG WAT U VINNIG SELF WIL WEGRY

SPESIALE REëLINGS OOR NAWEKE EN NA URE KAN GETREF WORD

SKAKEL 7272 (Werksure) vir inligting.

BAILLIE PARK GARAGE

DRINGEND BENODIG

**MOTORWERKTUIG-KUNDIGE**

Skakel Bestuurder 8147

kantoorure, ná ure 4753.

—P4564

SAAMBOU-NASIONAAL

het

**Vakatures**

vir

**MANSKLERKE**

**ONTVANGSDAMES**

**KASSIERS**

★ Aantreklike salaris.

★ Jaarlikse bonus.

★ Goeie verlofvergunnings.

★ Ruim mediese en pensioenvoordele.

★ Aangename werksomstandighede.

Skakel Potchefstroom 4368

om 'n onderhoud te reël.

—P4447

**Die Herald Koerantkantoor**

BENODIG

**Seuns om koerante te verkoop**

DINSDAG EN VRYDAGMIDDAG

vanaf 2 nm.

Olënlaan

Vakature

**Levy Kirsh Malt Industries**

BENODIG

**LONEKLERK/TIKSTER.**

Aansoeke word ingewag van bekwame dames met deeglike ondervinding in Lone-administrasie en tikwerk om bogenoemde vakature te vul.

Diensaanvaarding voor of op 1 Julie 1974.

SKAKEL 5331 OM 'N AFSPRAAK VIR 'N ONDERHOUD TE REëL.

—P4509

VACANCY

MAISON HAZELETTE requires Qualified Hairdressers and Apprentices. Tel. 5570. 4 Owens-Lane. After hours. Tel. 4440.

—4532

MAISON HAZELETTE benodig Gekwalifiseerde Haarkapsters en Leerling Haarkapsters. Skakel 5570 na ure 4440. Owenslaan 4.

—P4533

Situation Vacant

**Levy Kirsh Malt Industries**

REQUIRE

AN EXPERIENCED

**WAGE CLERK/TYPIST**

to commence duties immediately.

Phone 5331 for appointment to interview.

—P4510

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM.

VAKATURE

Die volgende personeelvakature bestaan in die Departement van die Stadstesourier van die Stadsraad van Potchefstroom:-

**METERLESER/KLERK**

R3000X150-R3450X150-R3900.

PRIMêRE VEREISTES: Std. 8 of gelykstaande sertifikaat.

ALGEMEEN.

Die Stadsraad van Potchefstroom bied aan die suksesvolle applikant:-

(a) Lidmaatskap van een van die beste Munisipale Pensioenfondse in Transvaal. Bydraes van manlike werknemers is 7% en die van vroulike werknemers 6%. Die Stadsraad dra self 9% en 6% onderskeidelik by.

(b) Lidmaatskap van die Gemeenskaplike Munisipale Mediese Hulpfonds (Tvl.) waarvan die Raad 50% van die ledegeld betaal.

(c) 'n Groepversekeringskema (driemaal jaarlikse salaris) waarvan die Raad 50% van die premie betaal.

(d) 'n Vakansietoelae van R260,00 per jaar vir getroude werknemers, R130,00 per jaar vir ongetroude werknemers en R200,00 per jaar vir wewenaars en geskeides met afhanklikes.

(e) 'n Behuisingtoelaag wat wissel tussen R20,00 en R35,00 per maand na gelang van omstandighede.

Nadere besonderhede betreffende voordele en diensvoorwaardes, asook die amptelike aansoekvorms waarop aansoeke ingehandig moet word voor of op 21 Junie 1974, is verkrygbaar van die Departement van Administrasie, telefoon 3351, of Posbus 123, Potchefstroom.

NR. 51/MV.

C. J. F. DU PLESSIS.

P4440 WNDE. STADSKLERK.

BENODIG

**Dames Toonbankassistente**

VIR APTEEK

ONDERVINDING SAL 'N AANBEVELING WEES.

Doen aansoek:

Cachet Apteek. Tel. 4201.

—P4551

Vakature

BENODIG

**Ekstra swaar Vragmotor-bestuurder**

nie ouer as 35 jaar.

SKAKEL: 3712.

—P4565

# POTCH KRY EIE STOEIKLUB

**SATERDAGAAND se stoeitoernooi in die Katoliekesaal was die begin van die stigting van 'n Potchefstroomse Amateur Stoeiklub waarin al die stoeiklubs van die dorp saamgetrek sal word.**

Met die stigting van die nuwe Klub sal Potchefstroomse spanne in die toekoms gekies kan word om aan toernooie deel te neem waarin alle gewigte verteenwoordig sal wees. Nou moet senior klubs junior stoeiers van klubs buite die dorp gebruik om 'n behoorlike span saam te stel.

Saterdagaand het stoeiers van die Universiteit, Onderwyskollege, Hoër Tegniese Skool, Hoërskool Gimnasium, Hoër Handelskool J. J. Pienaar, Central Primary School, Laerskool Bailliepark, Mafeking en Sonopklub van Lichtenburg deelgeneem.

Die stoeiers is in 'n blou- en 'n rooispan ingedeel.

In die Potchefstroomse Amateur Stoeiklub sal stoeiers van die P.U., P.O.K., Weermag, die hoër- en laerskole ingesluit wees asook enige Potchefstromer wat graag wil stoei.

Tot nou was al die stoeiklubs in die dorp geslote klubs wat verskeie mense in die dorp uitgesluit het.

In die vervolg sal die klubs nog op hul eie aanhou fungeer, maar elke Vrydagaand bymekaarkom vir „proewe" om senior en junior A- en B-spanne saam te stel wat Potchefstroom sal verteenwoordig in toernooie teen ander klubs.


Volgens 'n woordvoerder van die nuwe klub beskik Potchefstroom oor die potensiaal om tot een van die sterker klubs in die streek te ontwikkel.

Hy het bygevoeg dat amateurstoei een van die gesondste sportsoorte is. Dit ontwikkel die liggaam en die gees omdat die stoeier elke fase van die geveg fyn moet dophou, opsom en beplan. Hy moet ook fiks wees om sy aksies waarop hy besluit, uit te voer.

Beserings word tot 'n minimum beperk omdat geen grepe „teen" 'n gewrig is nie.

Volle besonderhede oor die nuwe klub is beskikbaar by telefone 7692 en 4466. Enige persone wat dalk wil aansluit of afrigting of enige ander hulp kan aanbied, is ook gevra om na dié twee Potchefstroomse telefoonnommers te bel.

Die Klub se oefentye is Maandag- en Woensdagaande tussen 6 en 9 nm.



Christo Crause van die Pukke het vir Richard le Grange van Sonop Stoeiklub (Lichtenburg) op die mat vas in hul geveg wat gelykop geëindig het in Saterdagaand se toernooi wat die Hoër Tegniese Skool in die Katolieke-saal aangebied het.

## Reina del Mar withdrawn

UNION-Castle Line have decided to withdraw their cruise ship "Reina Del Mar" from service next April. She will be completing her usual programme of Cruises out of Southhampton this year and her 1974/75 Cruising Programme between Cape Town and South America.

Her withdrawal has been brought about by the greatly increased costs of operation which it is considered make it no longer possible for her to be operated viably at fares which her market can reasonably be expected to afford.

## Spanjaard verloor teen Wilkens

JAN WILKENS het Woensdagaand die Spanjaard José Arroyo met 2 valle teenoor 0 geklop, in 'n geveg waarin Jan Wilkens weer eens sy baasskap in die stoeikryt bewys het.

Onder luide toejuiging van die skare het Jan Wilkens deur die toue geklim, maar dit was gou duidelik dat sy teenstander daarop uit was om moeilikheid te maak. Die skeidsregter het soms sy hande vol gehad om Arroyo tussen die rondes in dwang te hou.

Van die eerste ronde af het Wilkens vir Arroyo in die moeilikheid gehad.

Die Spanjaard bewys egter in die tweede ronde dat hy beslis 'n man is wat kan stoei. In die ronde het hy vir die Suid-Afrikaner 'n paar keer in die moeilikheid met stewige armgrepe en nelsons. Dit was nie lank of die bordjies word verhang toe Wilkens hom van een hoek van die kryt na die ander rondslinger.

In die derde ronde gebruik Wilkens veral voorarmkaphoue en skoppe en dis ook nie lank of Wilkens teken 'n val aan.

In die vierdie ronde val Jan Wilkens onmiddellik aan en dit is so amper of die geveg is verby toe Arroyo in 'n moeilike greep vasgevang word. Die Spanjaard val egter terug aan en pen amper vir Wilkens vas. Wilkens gooi hom egter bo-op die skeidsregter.

Die vyfde ronde lewer die meeste spanning op. Van die begin af tref Wilkens met 'n paar skoppe en Arroyo kla dat Wilkens hom met die vuis slaan.

Die sesde ronde is van korte duur. Wilkens smyt vir Arroyo uit die kryt, gooi hom terug met 'n skouerrol en nie lank daarna beïndig die Suid-Afrikaner die geveg met nog 'n val.

'n Kenmerk van die geveg was die feit dat Jan Wilkens selde onder druk was en daar was dus nooit werklik twyfel oor die uitslag nie. Die Spanjaard moet egter nie onderskat word nie, soos Wilkens miskien op 'n paar keer uitgevind het.

Drie voorgevegte is aangebied. Spider Nel het uiteindelik gewen met 2-1. In die eerste geveg van die aand het Martiens Swart vir Maans Groenewald met 2 valle teenoor een geklop. In die ander voorgeveg het Gert Pieterse in 'n goeie geveg vir Pieter Diederichs met ook 2 valle teenoor een gewen.


**Vol onafhanklike vering**



Vol onafhanklike vering. En een van die breedste spoorwydtes in die bedryf. Om so oor die rofste pad te wieg. Klou aan die pad om die knapste draai

**Verkoelde remme**




Verkoelde voorskywe weerstaan verswakking. Net 'n drukkie op die pedaal stop u veilig en seker. Iedere keer.






**Kragstuur**



Granada se gladde, akkurate kragstuur doen al die werk in kronkelende lanings. En in klein parkeerplekkies in die stad. Tog is dit positief genoeg om u elke subtiele kontoer in die pad te laat voel.

**3-dimensie-ligte**



Unieke 3-dimensie-beligting sal u veilig deur die donkerste nagte bring. Daar is parkeerligte, kopligte met lang straal en spesiale bykomende lae padligte.

**FORD GRANADA**
**Kenmerk op kenmerk, die beste waarde in sy klas.**

**Die Ford Granada GXL is deur die Star verklaar tot „Motor van die Jaar" vir 1973. Harvey Thomas en Eddie Keizan van die Star/**





**skryf: „Hierdie motor was spanne beter as enigiets anders wat ons getoets het ... Ford het hier 'n trotse model."**

**GROSVENOR MOTORS**

Ford

Kerkstraat Foon 4351

# SPRINGBOKKE LOOP NOG VER VOOR

**NA 'n lang verblyf in die Suide het die besoekende Leeus noordwaarts verskuif en dit is al of die belangstelling in die toer van die kant van Wes-Transvaal begin toeneem. Veral nou dat die tweede toets in Pretoria op hande is en almal wat toetskaartjies kon bekom (Wes-Transvaal het maar 'n duisend ontvang) gretig is om self te sien of Springbokrugby werklik op pad na die begraafplaas is.**

Die manne praat lustig oor vorige jare se toetsreekse tussen die twee lande. Vrae soos wie was die Springbokhaker van 1962 teen die Leeus en wie was die Britse Eilande se heelagter in 1955 is algemeen. Dan word daar lekker gestry.

Ons gee graag in die volgende paar weke 'n ko[illegible]oorsig van Leeutoere deur Suid-Afrika, met vermelding van die wetenswaardige feite.

Allereers 'n opsomming van die Springbokke se volledige rekord teen die Leeus (onder die hoofde jaar, plek, Springbokke se punte — drieë, strafdoele, spekdoele en vervyfskoppe — en Leeus se punte — drieë, strafdoele, skepdoele en vervyfskoppe):

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1896 — | Port Elizabeth | — | — | — | — | 0 | 2 | — | — | 1 | 8 |
| | Johannesburg | 2 | — | — | 1 | 8 | 2 | 1 | 1 | 2 | 17 |
| | Kimberley | 1 | — | — | — | 3 | 1 | — | 1 | 1 | 9 |
| | Kaapstad | 1 | — | — | 1 | 5 | — | — | — | — | 0 |
| 1903 — | Johannesburg | 2 | — | — | 2 | 10 | 2 | — | — | 2 | 10 |
| | Kimberley | — | — | — | — | 0 | — | — | — | — | 0 |
| | Kaapstad | 2 | — | — | 1 | 8 | — | — | — | — | 0 |
| 1910 — | Kimberley | 4 | — | — | 1 | 14 | 2 | — | 1 | — | 10 |
| | Port Elizabeth | 1 | — | — | — | 3 | 2 | — | — | 1 | 8 |
| | Kaapstad | 4 | — | — | 3 | 18 | 1 | — | — | 1 | 5 |
| 1924 — | Durban | 1 | — | 1 | — | 7 | 1 | — | — | — | 3 |
| | Johannesburg | 4 | 1 | — | 1 | 17 | — | — | — | — | 0 |
| | Port Elizabeth | 1 | — | — | — | 3 | 1 | — | — | — | 3 |
| | Nuweland | 4 | — | 1 | — | 16 | 2 | 1 | — | — | 9 |
| 1938 — | Johannesburg | 4 | 2 | — | 4 | 26 | — | 4 | — | — | 12 |
| | Port Elizabeth | 3 | 2 | — | 2 | 19 | 1 | — | — | — | 3 |
| | Kaapstad | 2 | 2 | — | 2 | 16 | 5 | — | 1 | 1 | 21 |
| 1955 — | Johannesburg | 4 | 2 | — | 2 | 22 | 5 | — | — | 4 | 23 |
| | Kaapstad | 7 | — | — | 2 | 25 | 2 | 1 | — | — | 9 |
| | Pretoria | — | 2 | — | — | 6 | 1 | 1 | 1 | — | 9 |
| | Port Elizabeth | 5 | — | 1 | 2 | 22 | 2 | — | — | 1 | 8 |
| 1962 — | Johannesburg | 1 | — | — | — | 3 | 1 | — | — | — | 3 |
| | Durban | — | 1 | — | — | 3 | — | — | — | — | 0 |
| | Kaapstad | 1 | 1 | — | 1 | 8 | — | — | 1 | — | 3 |
| | Bloemfontein | 6 | 2 | — | 5 | 34 | 3 | 1 | — | 1 | 14 |
| 1968 — | Pretoria | 3 | 4 | — | 2 | 25 | 1 | 5 | — | 1 | 20 |
| | Port Elizabeth | — | 2 | — | — | 6 | — | 2 | — | — | 6 |
| | Kaapstad | 1 | 2 | — | 1 | 11 | — | 2 | — | — | 6 |
| | Ellispark | 4 | — | 1 | 2 | 19 | — | 2 | — | — | 6 |
| 1974 — | Kaapstad | — | — | 1 | — | 3 | — | 3 | 1 | — | 12 |
| Totale (33 toetse) | | 68 | 33 | 5 | 35 | 360 | 41 | 23 | 8 | 18 | 247 |

In 1891 het 'n drie natuurlik nog net een punt getel. Geen wonder nie dat 'n speler wat in daardie los deur was soms tot voor die pale gehardloop het en dan geskepskop het om drie punte in plaas van een in te samel.

Uit bovermelde statistiek kan 'n paar interessante afleidings gemaak word.

- Hoewel die twee teenstanders reeds sedert 1891 teen mekaar kragte meet, is die eerste strafskop eers in die tweede toets van 1924 deur die Springbokke teen die Leeus behaal — met ander woorde in die vyftiende toets of in die vyfde reeks!

Die man wat die strafdoel behaal het, was Bennie Osler.

Sedertdien het die Springbokke 33 strafdoele teen die Leeus in punte omskep, terwyl die Leeus se totaal op 23 staan (drie met vanjaar se toets op Nuweland).

- Voorverlede Saterdag se toetsoorwinning in Kaapstad was die Leeus se eerste oor Suid-Afrika ná 3 September 1955 in Pretoria. Byna 19 jaar en in nege toetse het die Springbokke nooit teen die Britse Eilande verloor nie.
- Gareth Edwards se skepdoel in Kaapstad was die Leeus se eerste teen die Springbokke sedert 1962.
- In die laaste vier agtereenvolgende toetse kon die Britte geen drieë teen die draers van die Groen en Goud aanteken nie.
- Die Springbokke het op alle maniere waarvolgens punte aangeteken kan word méér punte as die Leeus aangeteken, met die uitsondering van skepdoele. Hier loop die Rooitruie voor met 8-5.

**Toetskaartjies vir Saterdag** se toets op Loftus Versveld kos R6,50 per kaartjie. Die 50 sent is vir die amptelike program wat deur die NTRU self uitgegee word.

Deur 'n program se prys by elke kaartjie te voeg, het Noord-Transvaal 'n onveilbare metode gevind om al die programme van die hand te sit.

As daar 60 000 toeskouers by die toets is, is die inkomste uit die programme alleen die aardige bedrag van R30 000 — byna soveel as Wes-Transvaal se wins op toegangskaartjies met die Leeuwedstryd.

Die Noord-Transvaalse Rugby-unie eksploiteer die inkomste uit publikasies ten volle. Afgesien van die programme is hy ook uitgewer van die tydskrif RUGBY wat maandeliks verskyn.

## UIT MY SPORT-MANDJIE

deur die Sportredakteur.

# PUKKE SE JONGES WEN

**POK se o.20's, met die wind van agter, het die Pukke se eweknie Saterdag op Olënpark tot rustyd goed vasgehou en die telling in dié dertig minute tot 11—0 ten gunste van die Maroentruie beperk. Weliswaar was dit nie die Pukke se sterkste kombinasie nie en boonop is hulle senter André Cronjé na sowat twintig minute se spel hospitaal toe met 'n ontwrigte skouer.**

Ná die hervatting was dit eintlik net die Pukke wat gepraat het. Die sewe Pukvoorspelers het die spel in hierdie afdeling oorheers en as dit nie was dat die Pote se wakker skrumskakel so goed daarin geslaag het om George Moorcroft te verhinder om die bal na die snellers weg te kry nie sou die eindtelling hoër as 31—0 gewees het.

Die winderige weersomstandighede was nie heeltemal bevorderlik vir rugby nie en as gevolg hiervan wou die spel nooit heeltemal vlot nie. Die vlug van die bal kon nie mooi onder beheer gehou word nie.

Manie van Jaarsveld (senter) verbeter steeds en hy het van die klein groepie toeskouers erkenning gekry vir 'n paar moeilike skoppe wat hy deur die pale gestuur het. Sy puntebydrae was 11 deur middel van 'n drie, twee doelskoppe en 'n strafdoel. Nartjie Nortjé, Steve Kloppers, George Moorcroft, Henk Troskie en Diderick Fouché het elk 'n drie aangeteken.

# PUKKE SE UITDAGING

**Môre-aand kom die Pukke op Olënpark voor hulle grootste uitdaging van die jaar te staan wanneer hulle die tweede keer hierdie seisoen vir Klerksdorp in 'n Neserbekerwedstryd gaan probeer klop. In die eerste ronde wat op die Markötterstadion beslis is, het die studente misluk en is hulle met 24—7 verslaan.**


In dié wedstryd is die Pukke in 'n groot mate deur beserings gepootjie en het hulle ook in die voorspelerspel vir die kampioen teruggedeins. Of hulle deur Klerksdorp se se reputasie van harde voorspelerspel afgeskrik is, is nie seker nie, maar hulle het lugtig voorgekom en het nie op hulle tradisionele wyse ingedons nie.

Uit elke oogpunt beskou is dit môre-aand 'n geval van nou of nooit vir die tuisspan. Klerksdorp is hulle vier ligapunte voor en as hulle dit nie met hierdie wedstryd laat krimp nie, is daar geen moontlikheid dat hulle die trofee nog dalk kan deel nie.

Die Pukke, tweede op die punteleer, het 'n besliste kans op 'n oorwinning, maar dan sal sy voorhoede nie moet lyf wegsteek nie en sal die agterlyn genoeg hardloopkans moet bied, veral uit die losspel. Die besoekers sal net met hardlooprugby geklop word.

Die 1B-span („Die Oribi's klink nog altyd na 'n aanneemlike naam totdat die studente met iets beters vorendag kom) speel ewe-eens teen die enigste span wat 'n beter posisie as hulle op die punteleer beklee, in die Neser B-liga. Hierdie span is Westelikes met nog net een neerlaag op sy kerfstok in vergelyking met die Oribi's se twee. Dieselfde voorwaardes as vir die eerste span geld vir die studente se tweede-beste vyftiental as hulle van plan is om te wen.

Die aand se rugby begin om sesuur wanneer Klerksdorp en die Pukke se tweede spanne teen mekaar speel. Die Neser B-spanne speel om 7.05 en die eerstes om 8.30 nm. v









# PUK SPEEL KLAAR MET RUSTENBURG

**DIE PUKKE het Saterdag op Olënpark met 'n oorwinning van 35—11 oor Rustenburg geen twyfel gelaat dat hulle neerlaag van 18—19 in die eerste ronde teen dieselfde span 'n frats was nie. Hulle het hul appeltjie met die Rustenburgers geskil en die eenpunt-neerlaag ondubbelsinnig uitgewis. Ongelukkig kon hulle nie daardie twee verlore ligapunte terugwen nie.**

Voor rustyd het die studente windop gespeel en toe hulle gaan lemoene eet het met die telling op 11—3 in hulle guns, was dit al duidelik dat hulle met niks minder as 'n oortuigende oorwinning tevrede gaan wees nie. Dit was ook só — met Dries Coetzer vooraan het hulle die besoekers se agttal van hul voete gespeel.

Die bal het soms soos 'n kurkprop by die losskrums uitgeskiet sodat die driekwarte met die een aanvalsplan na die ander kon „eksperimenteer". Rustenburg se verdediging was besonder waaksaam, maar teen die aanhoudende druk moes dit later meegee.

Vir dertig minute in die tweede helfte het die Pukke soos kampioene gespeel. Dit was egter nie goed genoeg om môreaand vir Klerksdorp hok te slaan nie.

Eugéne van Wyk lewer nou weer konstante goeie senterspel. Hy kom deur skuiwergate waarvoor min ander spelers die soepelheid het. Schalk van der Merwe het hier teen die einde 'n paar pypkanne verkoop waarna die Rustenburgers nou nog soek. Dries Swanepoel se diens is ook so goed dat sy losskakel nie swak kán speel nie.

Eric le Roux is twintig minute na die hervatting van die veld met harsingskudding pas nadat hy net-net sy derde drie misgeloop het. Om een of ander onverklaarbare rede het hy nie volstoom op sy doelwit afgestorm nie anders het hy sy drie gekry en die besering vrygespring. So het dit altans voorgekom.

Jim van Rensburg het voor rustyd die haakstryd 4—2 gewen en daarna 6—1. Hy bly maar 'n haker vir die vaskoppe. Rustenburg is agt keer gestraf vir skrumoortredings. James Stoffberg het sy normale hardwerkende spel gelewer, maar Hennie Saaiman en Osie van Niekerk was stiller as gewoonlik.

Vir die Pukke het Eric le Roux (2), Piet Roodt, Eugéne van Wyk, Barrie Barnard en Andries Coetzer drieë aangeteken. Willie de Bruin kon net een vervyf, maar het twee strafdoele laat tel. v



Barrie Barnard druk 'n drie in Saterdag se wedstryd tussen Puk en Rustenburg.

VIR FLINKE EN VINNIGE DIENS
H/v. Wolmarans- en Van Riebeeckstr.
SNYMAN SE DRANKWINKEL
Groot- en Kleinhandel Drankwinkel
TEL. 5201

# UITGEDUNDE TRANS-AGRIC VERLOOR

**LANDBOUKOLLEGE se erg uitgedunde span moes Saterdag op Olënpark die onderspit delf teen die voorloper in die Neser B-reeks, Westelikes. Westelikes was diep in die tweede helfte net-net met 10—9 voor, dog toe begin hulle gewig tel en die boerseuns kon nie enduit die swaarder manne in toom hou nie.**

Landboukollege was duidelik op die wenpad, maar ongelukkig het hulle die houvas op die spel verloor en Westelikes het danksy hulle swaarder voorspelers die oorhand begin kry. Sonder eer het die boere van môre egter nie ondergegaan nie en die studente het hulle onderskei op die verdediging.

Vir die 0.20-keurders moes dit verblydend gewees het om te sien dat Johan Sirakis weer terug is in die tuig en gereed is om Saterdag teen Noord-Transvaal ingespan te word.

**ORIBI'S**

Louw Venter het die Pukke se 1B-span tot nog 'n oorwinning gelei: 25—9 oor Sasok Park. Dit was so goed as 'n dubbele oorwinning, want dit was 'n vierpuntwedstryd wat aan die Pukke netsoveel punte op die punteleer besorg as twee gewone seges.

As die Oribi's hulle kaarte goed speel en vir Westelikes in die tweede ronde kan kafdraf bevind hulle hul bes moontlik aan die einde van die seisoen in 'n uitspeelwedstryd teen die onderste span in die Neser A-liga, waarskynlik RPM.

Nico Kotzé is deur-en-deur 'n eersteliga kantman en hy het weer sy gebruiklike drie gedruk. Philip Burger en Faan Weber het ook gedruk terwyl Ig Kruger soos 'n Don Clarke geskop het en drie strafdoele

✽ Vervolg in kol. 1

# Volkies die enigste met 'n kans

**VOLKIES en Tegnies het hulle Saterdag so byna al twee uit die Administrateursbekerkompetisie gespeel. In beseringstyd reeds was die telling nog gelykop — 10 punte elk — en as die wedstryd geëindig het sou albei uit die kompetisie gewees het met Carletonville as die sirkelwenner, mits hy met Fochville afreken.**

Met die wedstryd feitlik verby het Volkies net binne Tegnies se halfgebied 'n losskrum gewen, die bal het na linkervleuel Theo van der Merwe gegaan wat pragtig langs die kantlyn af gehardloop het en toe agter die pale gaan druk het. Hugo Grotsius het vervyf en Volkies was 16—10 voor.

'n Minuut later het Tegnies met 'n strafdoel geantwoord om die eindtelling op 16—13 in Volkies se guns te staan te bring. Daar kan geredeneer word dat Tegnies liewer 'n kortskoppie moes gewaag het omdat 'n strafdoel hulle nie meer kon laat wen het nie, maar 'n gelykopspel sou hulle ook niks gebaat het nie. Direk na die skop het die eindfluitjie geblaas en omdat dit nie 'n uitspeelwedstryd was nie sou addisionele speeltyd in geval van 'n onbesliste uitslag nie toegelaat gewees het nie.

Volkies het saam met die wind begin en teen rustyd 'n voorsprong van 10—3 gehad. Onder omstandighede was dit geen veilige voorsprong nie. Tegnies se voorspelers wat tot rustyd die beste balbeheer aan die dag gelê het het na die hervatting ook begin asof hulle Volkies van die veld gaan speel. Die Wittruie het die vaskoppe ingeryg en elke afdeling van die voorspelerspel oorheers.

Meer as die gelykmakende punte kon hulle egter nie aanteken nie. Die driekwarte kon nie vir die drieë sorg nie veral omdat Volkies vir Henk Slippers goed dopgehou het.

Volkies het algaande herstel en vir die laaste klompie minute teen die wind tot die aanval oorgegaan om net betyds die wenpunte aan te teken.

Aan die kant van Volkies het Callie Grobler en Bennie van der Westhuizen voorlangs met hart en siel gespeel en onder Tegnies se voorstes het Willem van Kraayenburg 'n reuse-wedstryd agter die rug. Hugo Grotsius was weer die uitblinker tussen die agterspe-

★ Vervolg op bl. 13.



'n Lynstaan uit Saterdag se wedstryd tussen Puk en Rustenburg.

## VERLOOR

✽ Vervolg van kol. 6.

en twee doelskoppe by die totaal gevoeg het.

Die Pote het 'n skoknederlaag van 15—23 teen Blyvooruitzicht gely. Losskakel Tonie de Bruyn het 'n enkelbesering opgedoen wat tot die gebeure bygedra het.

Soos gewoonlik het die onderwysmanne goed begin en op 'n stadium 'n voorsprong van 9—0 geniet. Daarna het hulle begin foute maak en lusteloos geraak sodat dit vir geen span moeilik sou gewees het om hulle te klop nie.

Fanie Bezuidenhout en Jan du Plessis het nog eens drieë gedruk en hulle derde drie was 'n gesamentlike voorspelerpoging. Mackie van den Bergh en Tonie de Bruyn het elk een drie vervyf.v

*Die Potchefstroom Herald word vir die Potchefstroom Press (Edms.) Bpk. gedruk, deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*



Mnr. C. J. Dippenaar, voorsitter van die W.T.V.A.A., beduie aan 'n Kleurlingskoolatleet, Eddie Jafta, waar hy met 'n verspringitem moet vastrap. Op die agtergrond kyk 'n paar onderwysers wat die afrigterskursus vir Kleurlingonderwysers by die Hoërskool Promosa bygewoon het, toe.

# Drie amptenare kry toekennings

**DRIE beamptes het Vrydagaand tydens die vergadering van die uitvoerende komitee van die WTRU eretoekennings ontvang.**

Aan mnr. Hennie Stoltz, van Stilfontein, en mnr. Bick Diedericks van die Klerksdorpse wykskomitee va ndie Skeidsregtersvereniging is erekleure toegeken. Mnr. Stoltz dien vir 18 jaar onafgebroke in die UK van die Unie en was ook keurder. Op die gebied van traktering van oorsese spanne het hy reusewerk verrig.

Mnr. Diedericks weer dien al 16 jaar in die Klerksdorpse wykskomitee van die skeidsregters.

● Aan mnr. Piet de Wet is 'n polshorlosie oorhandig vir sy werk aan die grondwet. Die konstitusie kon grootliks as gevolg van sy ywer in boekvorm uitgegee word. Hy het ook 'n spesiale uitgawe daarvan ontvang.

Mnr. de Wet is al 50 jaar aan Wes-Transvaalse rugby verbonde, onafgebroke. Eers as speler en daarna as beampte in 'n verskeidenheid van hoedanighede.

Volgens mnr. Bosman, president van die WTRU, is dit 'n rekord in die land.

Interessant is dat die toekenning aan Oom Piet gemaak is byna presies 50 jaar nadat hy Wes-Transvaal vir die eerste keer in 1924 op die ou Wanderers teen Transvaal verteenwoordig het. Hy het gesê dat dit eintlik 'n verjaarsdagpersent is wat hy ontvang het.

# DORP KNOU 'N REPUTASIE

**DORP het Saterdag op papier met 12-16 teen Klerksdorp verloor, maar die kampioen op sy tuisveld 'n morele nederlaag toegedien. Dorp het twee drieë gedruk teenoor die Klerksdorpers se een voorspelerdrie.**

'n Drie bly maar die eintlike maatstaf wanneer daar in rugby punte aangeteken word en in hierdie opsig het Jaguar se span 2-1 gewen. Hannes de Meyer het twee vasberade lopies afgerond en elke keer het Piet Bruwer die drieë in doele omskep.

As die Dorpspan gewen het sou die Pukke aan elkeen 'n toetskaartjie verskuldig gewees het vir die guns wat hulle hulle dan sou bewys het. Dorp het egter in elk geval bewys dat die opvatting dat Klerksdorp in Wes-Transvaal onoorwinlik is 'n mite is.

Hoe dit ookal besien word — dat Dorp 'n pronkvertoning gelewer het staan soos 'n paal bo water. Die moontlikheid dat hy die kaarte in die Blainekompetisie deurmekaar kan krap word al sterker.v

# ASTER

## HALLO JY NUUSASTER

**„A, NEE, A, kry 'n mens nie koffie in hierdie kamer nie?" Asseblief! Saterdagoggend 8.30 en sowaar, hier storm sy in op soek na 'n koppie koffie!**

Altyd aan die gang, haar wasgoed klaar gewas, en blou van die koue is sy nou opsoek na koffie en 'n vinnige koeksessie.

Dis toe sommer net daar wat ek besluit dat ASTER 'n liggie op die primaria van Oosterhof, Annette v. d. Walt, moet werp.

Altyd op die voorpunt word sy onderhoofmeisie van die Hoërskool Vryburger in Germiston en behaal onderskeidings in Biologie en sowaar ook Duits.

Baie groen, maar nie heeltemal onbekend met die Puk en sy bedrywighede nie, stap sy as Doortjie in by Oosterhof. Die begin van 'n nuwe lewe.

Gou het Annette haar akademie vas gevat, en as jy vandag in kamer 231 in stap wonder jy of dit nie dalk 'n weef- of spinfabriek is nie. Met Huishoudkunde (O.K.) is sy altyd bedrywig met naaldwerk, spin en weef. (Sy voorspel dat sy eendag haar eie gordyne gaan spin en weef . .)

Hierdie ASTER lees graag Konsalik, hou van fliek, veral een met 'n hartseer storie „Sodat ek lekker kan tjank," sy waardeer alle soorte musiek, maar is nie juis 'n voorstaander van „underground musiek" nie.

Tipies van haar studierigting was sy verantwoordelik vir die skemerkelkies en onthale tydens Karnavaal '73, en die verwelkomingsdinee van die eerstejaars deur A. O. B. het ook op haar skouers gerus.

Aan samewerking het sy nog altyd geglo, en tydens Kuesta verlede jaar, het sy en Jan du Plessis van Toekoms so lekker saamgewerk, dat die „samehorigheidsgevoel" nog steeds voortduur. „Annette, ons wonder of 'n onderwyseres haarself en 'n tokkelok sal kan onderhou?" . . . Sy lag skelm en ons wonder nog steeds.

'n Leidster op talle gebiede, wat op die Dameskomitee en op A.O.B. dien, en selfs verlede jaar vir die S.R. gestaan het, voel sy tog dat 'n dame op die S.R. op meriete daar moet kom. „Ons is genoeg ASTERS op die Puk, met genoeg potensiaal, waarom 'n verskanste pos skep?"

So het ons geskerts, oor die toekoms, van pastorieë tot die harde werklikheid, die U.O.D.-toetse wat voorlê, 'n lekker-sleep-naweek, en toe die koffie op is en die koppie koud, . . . . . Daar gaan sy . . . .

Annette onthou die foto by oom Piet, en onthou . . . Moenie vergeet . . . "

'n Koelkop primaria, wat probeer om 160 Asters gelukkig te maak, en dit ook regkry, . . maar moenie met haar sukkel nie, sy staan op haar regte en weet baie goed wat nodig en onnodig is.



## Dameskomitee aktief

**„DAMES, en nou kom ons by die volgende agendapunt: ALGEMEEN. Is daar enige iets wat julle wil opper?" Die sekretaresse notuleer die volgende sake:**

„Saterdagaande behoort die koshuis eers 12.15 nm. te sluit, want ons kom nie betyds van die tweede sessie fliek af nie, hoekom kan ons nie met pantoffels gaan eet as dit in ons eie eetsaal is nie?, wat van algemene laataande tydens eksamentye?, en . . .en . . " So vorder die klagtes, en dis nie net om sommer te ignoreer nie, want dit is sake wat ons ASTERS hinder.

Volgende dag draf die primaria en haar geledere oor na die „Pa" toe. „Jammer hy is nie tuis nie, kom later weer." 'n Redelike ernstige gesprek volg, en sy aandag word op die probleme gevestig, met die belofte dat hy sal kyk wat hy aan die sakie kan doen. Dit sal onder aandag van die koshuisadministrasie gebring word, en die probleme sal in ag geneem word by die opstel van die volgende koshuisreglement. „Dankie Professor, Totsiens." Ons wag, en die arme H.K. word met verwytende oë aangekyk.

Dit dames is maar net 'n kort uittreksel uit die lewe en bestaan van 'n dameskoshuis. Klagtes is daar altyd, sommige ongegrond en ander werklike probleme wat opgelos moet word, maar wat so baie maal in dood-loop-straat eindig a.g.v. al die kanale wat gevolg moet word.

Gelukkig vir die primaria en die H.K. hou alle klagtes en beskuldigings net daar op, want, Liewe ASTER, ons dames voel nie juis veel vir hulle eie Universiteit en selfbestaan nie. Gelukkig mag en wil hulle kla sonder dat daar gevra word, maar om iets self daar aan te doen — nooit sal hulle hul self tot iets so drasties verhef nie!

Dan kom daar vrae van ander kampusse se leiers . . . . „Is daar sowaar nie iemand wat na julle dames se belange omsien en koördineer nie?" En ons almal beaam, niemand tree vir ons in die bresse nie, die S.R.-Manne maak alle besluite, ja hulle besluit oor ons ASTERS se aangeleenthede.

Dis net daar wat ons AS, TERS die fout maak, niemand het gesê daar MAG nie 'n dame op ons S.R. wees nie, die dames is net te afgunstig op mekaar — daarom Kan daar nie 'n ASTER op die S.R. kom nie. Hoekom, sal sy nou 'n kruisie agter HAAR naam trek, nee wat, liewer die man. Miskien dink julle dames is onbevoeg, maar as jy by die GROOT SWEET was, sal jy besef wat dit van 'n ASTER kos om haar sê te sê. As sy nie werklik voel dat sy bekwaam genoeg is, met die nodige selfvertroue, en leierspotensiaal nie, sal sy dit nie waag nie.

Dames, dis tyd dat julle wakker skrik, ophou kla en meer doen. Los julle selfsug en gee HAAR 'n redelike kans, die eer, voorreg, en leierskap wat haar toekom, want GEEN dame is minder bekwaam as 'n man, veral as dit op haar eie lewensterrein is nie. Verkiesing kom nader . . . Dus stem reg, Stem vir HAAR . . . !

## STOP DIE TWIS

**LIEWE PUK-MAN — Vandag wil ek graag namens die „silent majority" van die Puk-dames skryf.**

Die groot bewering wat ek sommer in die begin wil maak, is dat ons almal siek en sat is vir hierdie hoërskoolagtige tipe berigte wat òf die Manne òf die Asters afbreek. Ek dink ons het nou almal genoeg daarvan gehad.

Die volgende wat ek wil kwyt raak, is dat daar met die Puk-mans, en Puk-asters niks verkeerd is nie — soos op alle ander plekke in die samelewing is daar die goeies en die slegtes.

Sleep en alles wat daarmee saamgaan is iets wat spontaan ontstaan en ontwikkel en is telkens 'n persoonlike saak tussen twee mense alleen. Dus glo ek nie 'n mens gaan iets bereik deur nou skielik militante briewe in Die Wapad te plaas en te hoop 'n Ou of Aster gaan nou skielik skuldig voel oor sy of haar sleep-aksies nie. Ag nee wat, los die onderwerp nou asseblief uit en ek is seker die „onderlinge betrekkinge" op die Puk sal verbeter. Laastens, 'n woordjie aan julle Puk-Manne, ons Asters dink julle is heel „oraait".

PUK-ASTER.

## Mooi lyk

BETEKEN elke Maandag ook vir jou die begin van 'n nuwe voorneme?

Kamermaat, nee kyk, van vandag af . . . . , ons lyk soos twee seekoeie, man!

En dan? BULT TOE . . . . Pomelo's, provitas, verslankkaas, en wat nog alles word gekoop. Vroeg opstaan vir oefeninge, dit help baie.

Min eet met ontbyt, tel en loer na die kalorie-kaart, vanmiddag net vleis en slaai en so 'n bietjie tennis is net ideaal.

Water, en nogmaals water word gedrink om die hongerpyne te stil . . . maar maer word sal JY!

Vanaand eet ons weer 'n provita en dan:

LATER DIE AAND:

„Dames hier is heerlike warm pasteie by die voordeur te koop."

Julle kyk vir mekaar, en woordeloos word 20c uitgeruk. „Ag, dis so koud en ons het darem vandag baie hard gewerk!

Totsiens, Mooi Lyk . . . Ons begin maar Maandag weer hoor!

## Aksies

DIE Dames-komitee is deesdae weer druk bedrywig met al hulle aksies. Is daar nog die gissings dat die komitee nie 'n bestaansreg het nie?

Nee wat, as ons so loer wat al aangebied is, en wat nog binne die volgende twee maande van die termyn aangebied gaan word, raak 'n mens sommer opstandig dat so baie Pukke die komitee as doodgebore aangeneem het.

Met dank kan melding gemaak word dat die ASTERS van Soetdorings nou ook toegelaat word om langbroekpakke te dra. 'n Fees waaroor die ASTERS baie gelukkig voel, ook dat hulle nie in die opsig afgeskeep word nie.

Kulu het verlede Saterdag 'n naaimasjien demonstrasie aangebied, in hulle sitkamer, en die Manne moet nou mooiloop, ons gaan nou net klere maak vir 'n vale!

Vir die skoonheidsbewuste ASTER?, Kasteel bied Maandag 17 Junie om 7.30 nm. 'n skoonheidsdemonstrasie aan. Met die oog op die Lente en die nuwe grimeermetodes word julle almal uitgenooi. Hou maar net die Dames-komitee se plakate dop vir verdere inligting.

Aan die Dames-komitee. Julle word vinnig groot, ons is trots op dit wat julle al aangebied het en wag in spanning op verdere resultate.

## TOPPUNT VAN FRUSTRASIE

**'N FEES! 'n Harde dag agter die rug. Vanoggend met 'n skok wakker geskrik toe die aaklige wekker afgaan, en my terug ruk in die werklikheid . .**

Oeee, alweer 'n toets, moes noodgedwonge opstaan, want „ek weet alweer steeds niks."

Dankie tog dis verby, en sommer die dag se klasse ook. Nou gaan ek rustig verkeer . . my kaste op my tyd regpak, wasgoed was, bad, en sommer-alles-wat-titteveer insluit, doen. Met die nuutste SARIE, die radio al spelende, en 'n koppie koffie rustig ontspan.

Ek weet dit was ook jou Donderdagmiddag idee, maar het jy ook soos ek tot die wrede ontnugtering gekom? Jou kaste reggepak, jyself is gereinig van kop tot tone, naels gepolitoer die lot, dan staan die wasgoed 'n berg hoog in die waskamer, en jou hande voete diep in die water: Die volgende gebeur:

„Juffrou So-en-So voordeur" en weer word jou naam herhaal! Die stryd „Sal ek of sal ek nie?" Ek is in my japon, het nie meer 'n druppel grimering aan my gesig nie, flits deur my gedagtes. „Ag nee; maggies, wie is dit nou? Sommer lekker gewip vir 'n baie onwelkome gas.

Steeds dreun jou naam deur die gange, en jou maats begin gil, want jy is mos in die koshuis, — en uit pure moedeloosheid kom die antwoord: „Dankieee, ek kom, die persoon moet net 'n rukkie wag."

Nou skarrel jy rond, die wasgoed word netso op die vloer gelaat, en terwyl jou haarrollers die hele kamer vol val, trek jy aan, en plak 'n streep oogskaduwee en maskara op jou oë. .

'n Kyk om die deur, „Wie soek my?"

„Juffrou hier is 'n pakkie van die Bult af . . . . "

My liewe eerstejaar sal ek jou nou verpletter of later . . .

## Verbeel jou

VERBEEL jou dat ek op hierdie groot planeet teen jou moes vasloop! Die skielike fladdering van vlindervlerke op my maag, laat my sonder asem. Die lug is blouer as ooit. Die blomkleure helderder as 'n paar uur gelede en die flou wintersonnetjie weerkaats meteens verblindend in jou oë.

Verbeel jou om te erken dat digters reg was in alles wat hulle geskryf het oor liefde en liefde met die eerste oogopslag.

Verbeel jou dat drome tog verwesenlik word. Om uit al die miljoene in die wêreld vandag — die één te ontdek. En dat dit met my moes gebeur! 'n Sinikus, so het ek gedag.

Skielik is ek vasgevang in 'n towerweb, gespin met ragfyn draadjies van die liefde. My hart sit koorsagtig aan die loop. Die ou „ek" verdwyn spoorloos. Net omdat ek 'n gesig gesien het.

Verbeel jou!

DIE SKOENSENTRUM
KERKSTRAAT 151
TEL. 3508.
Vir die beste modes in studente skoen-smake
DIE SKOENSENTRUM
UITSIG ARKADE,
DIE BULT.
—ST

# KUNSTOER DEUR EUROPA

**DIE kunsstudente en -dosente van Puk onderneem aan die einde van die jaar (vanaf 10 Desember tot 10 Januarie) 'n toer deur Europa.**

Hulle besoek plekke wat nou verband hou met hul Kunsgeskiedenisstudies. Daar sal egter terselfdertyd ook galerye besoek word wat die nuutste ontwikkelinge op Beeldende Kunste-gebied vertoon.

Die toer begin met 'n uitgebreide reis deur Italië wat onder andere Rome, Pompeije, Assisi, Ravenna, Venesië, Florence, Siena, Pisa en die marmerwerke by Carrara insluit. Daarna volg München waar onder meer die Olimpiese dorp besoek sal word en 'n operauitvoering bygewoon sal word. Kersdag, met 'n heerlike Kersmaal word by die sprokieskasteel Neuschwanstein deurgebring.

In Nederland word die Delft-fabriek, Den Haag, Haarlem en Amsterdam besoek, terwyl toerlede 'n daguitstappie na Chartres en Versaille in Frankryk onderneem. Die Oujaar word afgesluit met 'n kabaret in die Lido!

In London word onder meer die wêreldbekende kunsmateriale-fabriek Winsor en Newton, besoek. Die toer loop in Spanje ten einde met 'n besoek aan Madrid en Toledo.

Hierdie is slegs enkele glanspunte uit die toer. Tyd word bespaar deurdat lang afstande per vliegtuig afgelê word sodat toerlede heelwat geleentheid het om op hul eie ekstra museums en plekke te besoek. Vir dié doel is stadskaarte tot hul beskikking.

Hoewel die toer spesiaal vir die kunsstudente saamgestel is, word daar 'n aantal plekke vir ander kunsbelangstellendes oopgehou. Die toerprys is R780 en afbetaalfasiliteite word gereël. Belangstellendes kan mej. Adrienne Viljoen bedags by die Ontwerpkuns-ateljee agter die Puk-Pik of saans by tel. 4474 om meer besonderhede kontak.

# ASB KRITISEER NUSAS-STEUN VIR GEVANGENES

**DIE ASB staan wel buite die aktiewe politiek, maar behou homself die reg voor om standpunte en maatreëls van die regering te kritiseer. Dit word egter verwelkom indien die regering binnelandse wet en orde en die reg van die blanke Suid-Afrikaner om ook self oor sy politieke toekoms te besluit, handhaaf.**

In die huidige omstandighede mag persone en organisasies verskil oor die meriete van verbannings en wetgewing om sekere persone uit ons politieke arena te verwyder. Indien politieke gevangenis en verbanne persone op vreedsame konstitusionele weë van die regering verskil het, kan die ASB hom heelhartig in 'n veldtog vir die behoud van hul vrye politieke opinie gewerp het.



Niemand in Suid-Afrika is tot op die hede egter ingeperk bloot omdat hy van die regering of die beleid van afsonderlike ontwikkeling verskil het nie. Onder sulke omstandighede sou die bestaan van die Progressiewe Party en 'n organisasie soos NUSAS verbied gewees het.

Dit is in die lig hiervan dat ons na vandeesweek se NUSAS-veldtog op die Engelstalige kampusse in ons land moet kyk. Die veldtog het as tema die slagspreuk: „Release all political prisoners."

In die vroeëre persberigte word die afleiding gemaak dat hierdie veldtog verband hou met 'n veldtog van die Anti-

★ Vervolg op bl. 7 kol. 6.

# Geleentheid om te toer

**DIE ASB bied vanjaar twee toere na Europa aan. Albei vind gedurende Desember 1974/Januarie 1975 plaas.**

Die een toer staan bekend as die ASB-kollegetoer en is korter as die ander toer. Die kollegetoer vind plaas van 13 Des. tot 4 Januarie en kos R769.00. Terme is beskikbaar teen R80.00 deposito en R20.00 per maand vanaf einde Januarie 1975.

Dié toer doen aan by die volgende lande: Engeland, Frankryk, Italië, Griekeland, Duitsland, Oostenryk, Nederland, Spanje, Portugal.

Baie voordele is by die toer ingesluit, soos goeie versekering, 'n gratis oornagtassie, twee etes per dag, BAIE goeie hotelle, 'n toerhandleiding en 'n ervare toerleier.

Verdere navraag kan gedoen word by Kobus van der Walt, Posbus 2495, Pretoria, 0001 of by ASB-hoofkantoor, Posbus 8711, Johannesburg, 2000.

LANGER ASB TOER

Dié toer vind plaas van 7 Des. 1974 tot 5 Jan. 1975. Die toerprys is R770.00 Terme is ook beskikbaar.

Dié toer sluit die volgende lande in: Engeland, Frankryk, Italië, Oostenryk, Duitsland, Switserland, België, Holland.

3 Etes per dag, 'n ervare toergids, goeie versekering van bagasie en persoonlike ongevalle, 'n oornagtassie en goeie hotelle.

Navraag vir dié toer kan gedoen word by ASB-hoofkantoor, Posbus 8711, Johannesburg 2000.

# AMOREUS AKTUEEL

**VANDAG sê ek weer: Hallo Maatjies, Hier is groot nuus; luister net — die toetsweek is verby en almal kry kans om uit hul „swot"-skuilplekke te kruip, die lewe gaan aan en dit is jou plig om tred te hou! Maar . . .**

Linda Schönfeldt en Henk van Aswegen het sommer tussen al die leerwerk deur gekuier, terwyl Petro Joubert en Fit moet oppas vir deursleep. Haai, Linda Schonken en Ludwig, lekker sleep, ons geniet dit om julle so gelukkig te sien; en van akademie gepraat Bramie Kruger, het jy miskien iets daarmee te doen dat Gert Bredt se toetsuitslae so goed is?

(Terloops, moet tog net nie dat enige iets, veral akademie, jul sleepsale onderkry nie). Ons is nog jonk en daarom behoort ons hierdie geleentheid ten volle te benut.

Rika Meintjies word nou al „mooi groot," veral as 'n mens kyk na al die baie geskenkies, maar Henk dink dat sy méér mooi, as mooi groot is. Rich Verster en Isabel kuier ook letterlik hul dae om, terwyl Alba van Rensburg en Fanus Verster meer gespesialiseerd kuier, naamlik by die skoonfamilie!

Anita Moolman en Daan de Kock: (South West) birds of a feather, flock together, of hoe?

Piet Serfontein kuier ook so gereeld by Paula of kom hy saam met Dries Coetzer Karlien toe, want sien, Elsa Krüger bly mos daar. Mariaan Nel, ou liefde wil ook nie sommer roes nie, nê, en aan Hulda Heyns sê ons — Nick bly ver, maar darem ook naby genoeg! Piet Eberzohn sleep nou al so erg dat mens dit in die Sentrale Eetsaal agterkom — vasbyt Piet!

Terwyl Annamarie Malan en Thinus geen bekendstelling in die eetsaal nodig het nie, want hulle sit gewoonlik saam en eet. Miskien moet meer maatjies hul voorbeeld volg.

Op hierdie hoë noot sluit ons af, en alhoewel die herfsblare val, lyk dit darem nie of dit herfs is in die amoreuse lewe op die Puk nie. — onthou net, wees soet, wees mooi, wees vrolik, want ons lewe, en om jonk te wees is om te lewe, julle maatjie!

# FIETSRYERS TRAP FONDS LOS VIR SANRA

**DIE ERNS van dwelmverslawing en alkoholisme en die bedreiging wat dit vir ons as Suid-Afrikaanse burgers inhou het ses van ons studente van die Potchefstroomse Universiteit aangegryp.**

Ons het toe besluit om 'n landwye veldtog asook 'n fietstoer te reël om daardeur vir SANRA (Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme en Afhanklikheid van Verdowingsmiddels) geld in te samel. Die veldtog het gedurende Mei 1973 'n aanvang geneem; die samewerking van al die stadsrade in die Republiek en Suidwes-Afrika was genader.

Gedurende November en Desember 1973 het ons ses studente 'n fietstoer van 2 200 km onderneem vanaf Pretoria oor Potchefstroom, Bloemfontein, Oos-Londen, Port Elizabeth tot in Somerset-Wes. Tydens die fietstoer is sewe stelle bande dwarsdeur gery; een fietsryer se ratkabel en traparm het gebreek; verder was daar min probleme met fietse. Die hitte en wind was baie uitputtend; 'n baie sterk Suid-ooster het veroorsaak dat die fietsryers 'n uur laat op Mosselbaai aangekom het; verder was hulle deurgans betyds en is hartlik verwelkom met verkeersbegeleiding op die meeste dorpe. SANRA organisasies op die verskillende dorpe het heelhartig saamgewerk en pragtige ondersteuning is verwerf.

Die veldtog het onlangs amptelik afgesluit en die mooi bedrag van R7 665.44 is ingesamel. Ons as studente is baie tevrede met die mooi samewerking van die stadsrade en die bevolking van Suid-Afrika wat die euwel van dwelmverslawing en alkoholisme terdeë besef; en wil hiermee elkeen wat mee gewerk het om die veldtog 'n sukses te maak, baie hartlik bedank.

Opregte dank is aan mnr. Etienne F. Louw, Direkteur van SANRA verskuldig vir sy inspirasie aan die studente in hierdie projek wat hulle ten bate van die SANRA-fondse aangepak het. Alhoewel die finansiële mikpunt miskien nie heeltemal bereik is nie was die heel belangrikste die voortreflike gees waarin die saak van SANRA aan die publiek van Suid-Afrika bekendgestel is. Die publisiteit en goedgesindheid wat verkry is kan beslis nie in terme van geld gemeet word nie.

Verder is dit 'n skrikwekkende gedagte dat daar bereken word dat minstens 6% van Suid-Afrika se blanke inwonertal wat alkohol gebruik potensiële alkoholiste is; hierbenewens is daar volgens deskundige getuienis 'n ontstellende toename van alkoholisme onder die Bantoe bevolking van ons land, veral in stedelike gebiede; die feit is dat dit ook veral die meer opgevoede deel van bevolkingsgroepe wat die leiers van more moet word swaar tref.

Indien hierdie toestand van sake u as leser aanspoor om verdere bydraes tot die bekamping van hierdie probleme te maak sal die studente dit waardeer as dit aan SANRA Posbus 10134, Johannesburg, gestuur kan word.

# STUDENTE OOR TOETSE

**B. Juris III:** Ek was onder die indruk dat ek 'n finale jaar B.Juris-student is, na die toetse besef ek ek is nou eers 'n derde jaar B.Juris-student.

**B.A. I:** Ek vind nou eers uit die toetsweek is nie maar nog net 'n reklameset vir karnaval nie.

**B.A. II:** Ek gaan definitief my deposito verloor in die Staatsleer vraestel.

**B.A. (Prop.) I:** Aanvanklik het ek gedink ek het vyf verskillende vakke, nou besef ek alles is Grieks.

**B.Sc. (Huishoudkunde) I:** Is vitamines dan nie goggatjies wat in spinasie en kool voorkom nie?

**B.A. III (Historics 6):** My pa sal nie veel sê as ek uiteindelik vanjaar klaarmaak nie-hy verwag dit al jare.

**H.N.O.D. III:** Ek sal ook beter vaar as my I.K. nie 10 was nie — 9 „gekrip" en een reg geraai.

**B.Sc. II:** Deesdae is daar vir ons ook 'n raaisel; Wat is wit en het 'n I.K. van 200? — 200 B.Sc. II studente.

**B.Juris II:** Blykbaar gaan ek volgende jaar aan met voorbereidende Latyn III.


U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOK AL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

„Die Potchefstroomse Boekhandel"

TOMSTRAAT 86 — POTCHEFSTROOM

TEL. 5236

—ST

die WAPAD

# NUWE STRUKTUUR

**DIE Studenteraad het na rype oorweging daarin geslaag om 'n nuwe struktuur vir die Studenteraad daar te stel.**

**In teorie lyk hierdie verandering na 'n meer vaartbelynde Studenteraad. Wat die praktyk gaan oplewer, is 'n ope vraag.**

**Op hierdie stadium kan geen negatiewe kritiek gelewer word nie. Die Algemene Diens Bestuur is 'n hoofliggaam wat baie moontlikhede het. Dit gaan die Studenteraad se probleme in een opsig verlig en wel in die sin dat die propleme van, byvoorbeeld Die Wapad, eers goed deur die ADB deurtrap kan word. Al wat dan van die Studenteraad verwag word, is om die gesuiwerde produk van die probleem te bespreek.**

**Die Puk-massa wag groot-oog en groot-oor op die rigting wat die ADB gaan gee aan die studentebelange.**

# TOTSIENS

**DIE sekretaris van die ASB en ASPU, mnr. Sommie Morkel verlaat vandag die ASB.**

**Waar Die Wapad nou saamgewerk het met mnr. Morkel, vanweë ASPU, is dit vir ons moeilik om afskeid te neem van die klein ASB-snorkel.**

**Namens Die Wapad-redaksie en die hele Puk net die volgende: Dankie is 'n klein woordjie, maar 'n woordjie wat ons opreg bedoel en sê hoe ons voel.**

**Ons wens mnr. Morkel alle sterkte toe met sy nuwe betrekking.**

# KONFERENSIE VIR STAATMAKERS

DIE landswye Staatmaker Konferensie is gedurende die langnaweek van 23—26 Mei 1974 gehou.

Hierdie konferensie is vanjaar gereël deur die Staatmakers van die Potchefstroomse Universiteit. Dit was die vyfde sodanige konferensie wat plaasgevind het in die Hoërseunskool Helpmekaar in Johannesburg.

Ten spyte van die petrol krisis was daar selfs ses verteenwoordigers van die Kaap.

Die tema van hierdie konferensie was Staatmaker-dinamika en daar was onder andere besprekings oor die Christen Afrikaner en Groepsdinamika. Hierdie onderwerpe is onderskeidelik ingelei deur ds. Chris Jordaan en ds. Mike Smuts (jnr.), albei van Potchefstroom.

Daar is verder ook verskeie ander Staatmaker sake bespreek.

# Uit die Woord

*Kol. 3:12: „Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid".*

ONS kry vandag te doen met baie mense wat sê dat ons van ons kant ook iets moet doen om ons saligheid te verwerf. Ons goeie werke verdien ons saligheid, so redeneer hulle. Maar hoekom moet ons dan goeie werke doen? Hoekom moet ons nederig, sagmoedig, lankmoedig wees as ons salig wil word?

Die nuwe mens is in Christus. Wat ons as gelowiges in Christus ontvang het, vind sy diepste oorsaak in die goddelike heilswerk jeens ons. As geheiligdes is ons deur God uitverkore, afgesonder. Die verkiesing gaan terug op die voorwêreldlike besluit van God ten opsigte van Christus. Ons kan ons dan verheug in dit wat God aan ons geskenk het.

Paulus skryf in die brief teen die dwaalleer wat daar in die stad Kolosse bestaan het, nl. dat ons nie deur Christus se verdienste alleen gered kan word nie.

Volgens hulle moet die mens deur eie verdienste met die hulp van Jesus Christus self bo die sondige wêreld uitstyg. Hierteenoor stel Paulus die verlossingskrag van Jesus Christus duidelik. God se liefde is verkiesende liefde — God kies uit. Ons kies onsself nie uit nie. Ons is deur God uitverkore.

Waar die selfkennis en erkenning van die liefde van God is, sal die nuwe mens openbaar word nie in hoogmoed nie maar in liefde en ontferming. Dan word die lewensopenbaring van die nuwe mens goedheid, vriendelikheid, ens. Omdat God ons eerste liefgehad het, omdat Hy ons uitverkies het, omdat Hy vir ons saligheid verwerf het, daarom wil ons ons lewens inrig na sy Woord uit dankbaarheid.

# KORPS ANTWOORD „TWYFELAAR"

**GEAGTE REDAKTEUR — „Twyfelaar" het in die vorige uitgawe van Die Wapad gereageer op 'n berig wat ek geskryf het oor die Korps se tagtigste verjaardag. Hy vra dat ek die volgende paragraaf in my artikel verduidelik, aangesien dit mag lyk of die kliekvorming voorstaan:**

„Die spits van die ysberg het begin uitsteek toe op 'n vergadering van die Korps versoek is dat die „gereformeerd" uit die naam van die Korps verwyder moes word, omdat dit te veel van 'n „Dopper"-stigma in hom omdra. Hierdie aanslag op die naam van die Korps is suksesvol afgeweer en tesame daarmee ook 'n hele aantal mense wat andersins nog aan die aktiwiteite van die Korps sou deelneem en aktiwiteite sou bywoon."

„Twyfelaar" sê dat die skrywer van bostaande nie baie duidelik is oor die verband wat hy wil lê tussen die eerste en laaste dele van die paragraaf nie. Ek het vir „twyfelaar" 'n verrassing — die hele paragraaf is 'n aanhaling uit 'n artikel van mnr. Lourens du Plessis, Korpsvoorsitter van 1970 en 1971. As gevolg van 'n drukfout in die Wapad kon dit miskien nie duidelik gewees het dat die hele stuk 'n aanhaling is nie (die aanhaling is nooit gesluit nie). Bedoel „Twyfelaar" nou dat ék onduidelik is of die oorspronklike skrywer van die paragraaf?

Indien u mnr. du Plessis om 'n verduideliking vra: Onthou dit gaan in die aanhaling oor die tyd toe mense gedink het dat die Korps 'n „dopper"vereniging was, wat natuurlik foutief was. Al lees 'n mens net die aangehaalde greep uit sy lang artikel, is dit duidelik dat hy oor hierdie stryd geskryf het. „Twyfelaar" maak nou die fout om iets oor „kliekvorming" in mnr. du Plessis se woorde te lees, wat onregmatig is. „Kliekvorming' is vandag miskien 'n strydpunt rondom die Korps, maar in die tyd waaroor mnr. du Plessis skryf (1960's) was dit nie die „issue" nie.

Wat wel destyds ter sake was, was dat die Korps deur mense misbruik is om posisies in die studentelewe te bekom. Enigiemand kon byvoorbeeld staan vir Korps-Studenteraadslid. Dit was nie nodig dat hy eers op 'n Korpsbestuur moes gedien het vir kandidaatsvereistes nie. Hierdie mense sou graag wou sien dat die kwalifiserende „gereformeerd" uit die Korps se naam geskrap word, omdat die kwalifisering sommige van hulle tot nadeel gestrek het. Onthou: Destyds het jy 'n dopperstigma gedra as jy aan die Korps behoort! Ek reken dit is wat die aangehaalde skrywer bedoel waar hy sê dat tesame met die aanslag teen die Korps ook 'n hele antal mense afgesweer is wat andersins nog aan die Korps sou deelneem en aktiwiteite sou bywoon. Natuurlik wil die Korps nie oppertuniste as leiers hê nie!

Indien „Twyfelaar" my van onduidelikheid beskuldig, omdat ek die stuk sonder veel verduideliking in my artikel aangehaal het: Dankie dat hy my daarop wys. Ek is net so gevoelig as hy dat dit skyn of daar geroem word op monolopie deur 'n minderheidsgroep en wil nie dat die indruk bestaan dat die artikel juis dit bepleit het nie.

Daar is twee soorte klieke: Dié soort wat eksklusief andere uitsluit en dié soort wat inklusief andere welkom wil laat voel by die kring. Eersgenoemde soort verpes ek omdat dit sieklike kliekvorming is, waar 'n mens altyd as buitestaander onwelkom voel. Maar die tweede soort „kliek" is aanloklik — ek voel welkom om my by hulle in te trek. Hulle laat my nie verstaan dat ek „nie een van hulle" is nie.

Die Korps kan 'n „kliek" wees in die goeie sin van die woord — dis immers wat meeste verenigings is soos die K.J.V., J.V., Volkspele, Florna ens. ens. 'n Mate van groepsgebondenheid is noodwendig by enige vereniging. Omdat „kliek" 'n negatiewe konnotasie het, praat ons egter in die sin gewoonlik nie van 'n kliek nie.

Wat die praktyk betref vertoon die Korps 'n openheid: Selvergaderings is vir alle Koshuisinwoners, nie net vir Korpslede nie. Programvergaderings word vir alle Pukke aangebied. Die eerstejaarskamp, '77-Aktueel, reël die Korps vir alle belangstellende eerstejaars, nie net vir 'n groepie geselekteerdes nie!

Paul Krüger.

# Stofwolke draai oor berig van Reflektor

**MENEER, Ek vra my die vraag af: Wat is die doel van Reflektor? Is dit nie 'n rubriek wat handel oor aktuele sake op die kampus rakende die studente van die P.U. vir C.H.O. nie?**

Nou wil dit vir my voorkom of dit nou aan enigeen gebied word om sy, of liewer in hierdie geval, haar, griewe teen die samelewing te lug.

Nou aan die tannie wat Reflektor behartig het in Die Wapad van 31 Mei 1974. Dink jy nie jou eensydige kleingeestige geskriffie sou beter gepas het in die deel van ons koerant aan julle dames afgestaan nie?

Jou werklik waar onthou jy jou toe nie van die woord „gevrek" nie. Lyk my nie jy het genoeg moeite gedoen nie.

Dit lyk my jy is een van die min dames wat weet wat in die mans se kamers aangaan en ook in die Elgro.

Wat 'n vergadering soos 'n massavergadering moet wees, weet ons almal. Dis nie nodig dat jy jou daaroor uitlaat nie.

Jy praat van allerlei dinge wat reeds ou bekendes is. Hoe jy met jou wye insig in die manne van die PUK kan dink dat sulke kritiek ons kan skroei, laat my stom.

Aag tannie, asseblief man, om Reflektor te gebruik om jou minderwaardige geslag op te hemel, is net nie hoe dit gedoen word nie. Indien jy ooit weer so 'n kans kry, probeer aktueel wees, raak wees, nuut wees en bowenal my liewe ou meisietjie, moet nie gevrek wees nie.

Manne, was al ooit soveel snert deur so min gebesig. Net dit, aanvaar dit as afkomstig van 'n wordende lid van die vroulike geslag.

Ben du Toit.

## WAPAD-REDAKSIE


Hoofredakteur: **Tiep van Schaik.**
Assistent-hoofredakteur: **Piet Ebersöhn.**
Nuusredakteur: **J. H. Habig (Thaba Jah).**
Assistent: **Jan van Niekerk (Dorp).**
Redaktrise Sosiaal: **Willemien Jerling (Klawerhof).**
Assistent: **Salome Jacobs (Dorp).**
Redakteur Koshuise: **Cobus Erasmus (Skuur).**
Assistent: **Dalene Delport (Vergeet-my-nie).**
Redakteur Akademies: **Johan Pretorius (Skuur).**
Assistent: **Esme Wessels (Karlien).**
Redaktrise Kunsblad: **Salome Jacobs.**
Redakteur Sport: **Izak Malherbe (Liberalia).**
Assistente: **P. J. Meyer (Uitspan); A. F. Vosloo (Skuur).**
Redaktrise Damesblad: **Salome Brits (Oosterhof).**
Redakteur Inter-Universitêr: **Danie de Kock (Dorp).**
Redakteur: P.N.B.: **Quintus Pelser (Over de Voor).**
Redaktrise Korps: **Ineke Lindhout (Klawerhof).**
Redakteur A.B.K.K.: **George Lotter (Dorp).**
Redakteur S.A.B.: **Japie Robbertse (Over de Voor).**
Fotoredakteur: **J. F. D. Croeser (Uitspan).**
Assistent: **Sam Basch (Liberalia).**
Sub-Redakteur: **Attie Gerber (Liberalia).**
Sekretaresse: **Cecilia Louw (Wanda).**
Sirkulasiebestuurder: **Izak van der Linde (Over de Voor).**

# IS 'N STRUKTUURAANPASSING VAN DIE S.R. 'N OPLOSSING?

**'N SEWENDE HOOFLIGGAAM, die Algemene Diensbestuur (ADB) is in die lewe geroep. Hierdeur word 'n aantal studenteliggame saamgegroepeer, wat voorheen organisatories op 'n taamlike losse basis gefunksioneer het. So 'n herrangskikking was nodig, gesien teen die agtergrond van die baie verenigings, klubs en komitees op die kampus. As jou aantal studenteliggame vermeerder, moet jou struktuur soepel genoeg bly om dit te akkommodeer. Die sewende hoofliggaam bied egter net 'n gedeeltelike oplossing. Dit maak bloot voorsiening vir die groter aantal verenigings, klubs en komitees en hoe dié liggame se besture onderling skakel. Dit maak nie voorsiening vir die groter aantal studente nie, wat in 10 jaar van 2 200 tot 6 600 gepaddestoel het en die aantal koshuise wat van 9 tot 20 vermeerder het. Al is die studenteliggame geskommel in 1967, 1971 en nou weer, bly die basiese uitgangspunt gesentraliseerde aksies. Om 6 600 studente by één aksie betrokke te laat voel, sonder om by klein groepies te begin, is wensdenkery.**

### DRUKGROEPE

As die hoofliggame te veel op gesentraliseerde basis werk, is die gevaar van drukgroepe, wat die hoofliggame oorneem, baie groot. Daar is een hoofliggaam wat die naam dra dat hy deur 'n groot koshuis anderkant die spoor beheer word en 'n ander hoofliggaam het weer die reputasie dat hy deur 'n groep koshuise duskant die spoor beheer word. As ons na die twee hoofliggame se besture kyk, kan ons nie help om saam te stem nie. Groot getalle maak dit moontlik dat een groep op die kampus weens die algemene onbetrokkendheid, hulle kan inwurm in een hoofliggaam.



PAUL KRUGER

### DESENTRALISASIE

Die ADB is 'n welkome sewende skaar aan ons sesskaarploegie. Wat egter nodig is, is 'n moderne skottelploeg.

'n Meer ingrypende struktuurverandering in ons studentelewe is nodig — in die vorm van desentralisasie koshuise toe. Die slagspreuk moet wees: Laat ons koshuise weer lewe! Laat elk van die hoofliggame sy man in die koshuis hê — AOB syne vir ontspanning, ABKK sy man vir die kunste en KVV syne vir korpsaksies. Dit sal voorkom dat die koshuise een wêreld is en die studentelewe 'n ander wêreld, beheer deur 'n paar ingewydes.

Die tyd van blote plakkaatreklame is uitgedien. Elke hoofliggaam moet deur middel van sy man in die koshuis vinnig en effektief 'n aksie kan loods, mense kan organiseer. Die suksesvolle Karnavalle van '73 en '74 het bewys hoe goed aksies werk op koshuisbasis aangebied en op koshuisbasis gereklameer.

### INTERKOSHUISKOMITEES?

Sommige hoofliggame probeer die probleem ondervang deur hulle sogenaamde inter-koshuiskomitees. Die beswaar teen 'n interkoshuiskomitee is dat dit bloot 'n oorlegkomitee bly. Daarna besluit die hoofliggaam se hoofbestuur en die interkoshuiskomitee moet die vuil werk in die koshuis gaan doen. Hoekom kan die koshuisman nie help om die besluite te neem wat hy in sy koshuis ten uitvoer moet bring nie? Hoekom kan hy nie sélf op AOB, ADB en ABKK sitting hê nie?

### HOE GEMAAK?

By alle hoofliggame, buiten SAB en SSB, is 'n konsekwente deurvoering van desentralisasie moontlik. Dit is geen verwatering van die Puk se unieke stelsel van belangebehartiging nie, maar sorg bloot dat al die studente se belange tot hul reg kom in die verskillende geografiese eenhede op die kampus.

PNB, en KVV het met sy selle, die pas aangegee. Na wat verneem word gaan AOB hulle hierin volg. Met die huidige skommelings en opstel van Grondwette en Reglemente is dit 'n ideale tyd om desentralisasie kragtig deur te voer.

Terug koshuise toe! Laat die koshuise die hartklop van ons studentelewe wees!

Paul Krüger.

## Nuwe struktuur . . .

★ Vervolg van bl. 1.

liggame sal dus veertien verteenwoordigers hê. Die vyf dagbestuurslede word dan bygevoeg om 'n totaal van 19 te vorm.

Die kommissie het ook die moontlikheid van 'n damesverteenwoordigster ondersoek. As gevolg van verskeie probleme kon die kommissie nie uitsluitsel oor die saak verkry nie. Daar is toe aanbeveel dat die saak hierdie of die volgende termyn weer ondersoek moet word.

Naas die dagbestuur het ook mnre. Paul Krüger, Marius Schalekamp, Carel van Heerden, Jan Henning en mej. Ineke Lindhout op die kommissie gedien.


DIE NES
BUITELEWE SENTRUM

—★—★—

Alle toerusting vir buite-lewe entoesiaste.
Ons verskaf alle kampeertoerusting,
asook

JURGENS EN VENTER
WOONWAENS
EN SLEEPWAENS.

—★—★—

Flornalede:

ONS IS BEREID OM U SPESIFIEKE TOERUSTING OP BESTELLING TE KRY!

—★—★—

Wolmaransstraat 40,
Telefoon 7328,
POTCHEFSTROOM. —ST



Een manier om vooruit te kom is om die regte mense te ken.

Ontmoet ons man by die Pukke: Wikus Pretorius

Nedbank is in u midde om u in u geldsake by te staan, met 'n volle reeks bankdienste wat spesiaal vir studente se behoeftes beplan is.
Die Nedbankers bied u:
Studentelenings van tot R500 per jaar van u tweede jaar af en, ná afstudering, ook lenings vir jong beroepslui.
Studente-kitskontantrekeninge wat rente op 'n daaglikse saldo lewer – sonder enige grootboekgelde.



Gratis eksemplare van Nedbank se ,,Passport to Pleasure" en die ekonomiese maand- en kwartaalspieëlbeelde. Vra net om op ons poslys geplaas te word.
Vir inligting oor al hierdie dienste, en vir spoedige beslissings, gaan gesels met Wikus Pretorius by Nedbank, Kerkstraat 141, Tel. 4394.

NEDBANK
Nedbank Beperk · Geregistreerde Handelsbank
'n Lid van die Nedsual-groep

Die Nedbankers
Ten volle deur Suid-Afrikaners besit en bestuur.
Quadrant 3129

SAB wapad

# DIE VERLOWING

deur Kerneels van Niekerk, Finale Ll.B.-student.

**WANNEER IS JY VERLOOF? Partye kan verloof raak met of sonder verloofring, skriftelik of mondeliks, uitdruklik of stilswyend, persoonlik of deur middel van 'n derde. In die Romeinse Reg was 'n verlowingskontrak nie afdwingbaar nie en geen skade kon verhaal word nie. In ons reg kan 'n man en 'n meisie mekaar aanspreeklik hou by die verbreking van 'n verlowingskontrak.**

**DIE VERLOWINGSKONTRAK**

'n Getroude man of vrou kan nie met 'n ander persoon 'n verlowingskontrak sluit nie. Selfs nie 'n voorwaardelike verlowing soos „indien ek 'n egskeiding verkry" is geldig nie. So 'n kontrak is nietig. Buiten hierdie geval kan 'n verlowing voorwaardelik geskied, bv. „as ek verkies word tot Alabama". Die voorwaarde moet egter nie teen die goeie sedes wees nie.

Waar 'n party 'n wesenlike fout begaan bv. die identiteit van die ander, sal die verlowing nietig wees. Waar 'n party dwaal ten opsigte van iets soos die finansiële posisie van die ander sal die verlowing nie nietig wees nie. 'n Dwaling ten opsigte van die geloof van die ander sal die verlowing egter nietig maak.

As na die verlowing vasgestel word dat een van die partye 'n onkuise lewe gevoer het voor verlowing, sal die kontrak vernietigbaar wees. Onkuise gedrag met 'n ander na sluiting van die verlowing sal 'n geldige grond vir die opsegging van die verlowing wees. Ook sal 'n meisie die verlowing kan opsê indien die man poog om haar te defloreer.

**EISE VIR SKADEVERGOEDING**

Skadevergoeding kan deur die onskuldige party ge-eis word as:

1. Die verlowing sonder goeie rede opgesê word, of
2. As deur laakbare gedrag die onskuldige gedwing word om terug te tree uit die kontrak.


Ons howe is meer geneig om substansiële skade aan die meisie toe te ken as aan die man. Daar kan ge-eis word vir genoegdoening (hartseer, leiding, ens.) en skadevergoeding (finansiële verliese gely en voordele wat die voorgenome huwelik kon bring).

Faktore wat in berekening gebring sal word by die vasstelling van die bedrag geld is onder andere: Die sosiale stand van die partye, die mate waarin die eisers se gevoelens gekwets is en die laakbaarheid van die verbreker se optrede. Waar die man die meisie ook gedefloreer het met beloftes van 'n huwelik, sal sy ook vir deflorasie kan eis.

**VERLOWINGSGESKENKE**

As die man die verlowing verbreek sal die meisie die verloofring kan hou aangesien dit geskenk is met die oog daarop

★ Vervolg op bl. 7.



Osie (links), en Kerneels van Niekerk, wat verantwoordelik is vir sommige van die bydraes op hierdie bladsy. (Foto's: Fotokuns.)

# Gesinsbeplanning

**DIE PIL IS GRATIS BESKIKBAAR! Hierdie aankondiging deur die Minister van Gesondheid, dr Schalk van der Merwe, op 15 November 1973 het groot kritiek uitgelok. Voorlopig geld die instelling net vir Pretoria en Bellville-omgewing, maar die projek word glo verder uitgebrei.**

Hierdie aankondiging is egter geen rede vir 'n ander groep om breed te glimlag nie! Die hele skema staan onder streng beheer.

'n Besluit deur die kabinet bepaal dat 'n vrou wat 'n kliniek besoek en kwalifiseer, 'n identifikasiekaart sal ontvang wat die besonderhede van haar voorskrif sal bevat en 'n aantal koepons wat haar in staat sal stel om 'n gratis voorraad van „Die pil" te behou. Die vrou staan egter nog onder verpligting om gereeld die kliniek te besoek vir roetine-ondersoeke.

Die voorbehoedmiddels sal slegs vanaf sekere apteke verkry word. 'n Plakaat sal aandui dat die apteek aan die gesinsbeplanningskema deelneem. Deelnemende aptekers word deur die Sekretaris van Gesondheid vrygestel van die „Wet op Moontlike Nadelige middels".

'n Klinese pak wat vyf spesifieke tipe voorbehoedpille bevat sal deur die apteek ontvang word en slegs diè spesifieke tipe sal aan die kwalifiserende vrou voorsien word. Die vroue sal 'n kaart hê waar die voorgeskrewe aantal tablette aangedui word en wat deur die apteker se stempel gekanselleer word ná voorsiening om sodoende korrupsie uit te skakel.

Die nuwe skema verander dus geensins aan enige kontrole oor voorbehoedmiddels nie maar stel 'n sisteem daar wat nuttiger beplanning veral onder die minder gegoede, aanwakker.

Erkenning aan; S.A. Tydskrif vir Apteekwese.

Osie van Niekerk.

KOOP-'N-LOOP-HAPPIE

AL ONS HEERLIKE HAPPIES NOU NADER AAN DIE PUK.

Sien jou by die ou

FLAMINGO PADKAFEE

# Is Suid-Afrika bestand teen resessie?

deur Riaan van der Walt, Ekonomiese Vereniging.

**MET DIE STYGING van pryse waarvan ons gedurig hoor en 'n inflasiekoers van ongeveer 16 persent, kom die vraag onwillekeurig by 'n mens op: „Is Suid-Afrika bestand teen 'n resessie?"**

Ons sien dat die wêreld se rykste lande besig is om 'n depressiegraf te grawe wat vir die ontwikkelende lande op hongersnood kan uitloop. Suid-Afrika is in 'n mate verskans teen die meeste ryk lande se poging om hul eie bus te red.

Toe olie in Januarie weer vryelik begin vloei het, is daar gevrees vir 'n insinking in die wêreldekonomie. Maar al wat gebeur het, is dat die gevaar van resessie weens voorsieningstekorte afgeweer is.

Tog lyk 'n resessie nou nader omdat mense eenvoudig weier om teen steeds stygende pryse te koop. Die gebrek aan vraag sal 'n tyd lank verbloem word deur die opbou van voorrade wat in die begin van die jaar totaal uitgeput is.

Die ekonomiese beleid in al die ryk lande sal bepaal word deur hul inflasiekoers, groeikoers in vraag na arbeid, betalingsbalans en die beheermaatreëls wat ingestel gaan word.

Geeneen van hulle het tot dusver verbruikersvraag aangemoedig deur die verlaging van onregstreekse belasting om die nadelige uitwerking van die olieprys vas te vat nie. Die meeste het eenvoudig pryse laat styg en die vraag laat afneem.

Mnr. Dennis Healy, Minister van Finansies in Brittanje, se waarskuwing, dat geen land kan leef met 'n inflasiekoers van meer as 20% nie, is bewys. 'n Middel om die probleem te stuit moes gevind word.

Gelukkig is S.A.. in 'n groot mate hierteen ver skans. Solank die goudpryse hoog bly, sal die invloed van buitelandse kapitaal en goeie pryse vir ons grondstowwe, ons sterk.

Ons het steeds ons eie probleme met ons betalingsbalans. Daarom het die regering vroegtydig wal gegooi teen die invoer van ander lande se inflasieprobleme. Die hoër rentekoerse sal die vraag na duur invoergoedere bekamp en terseldertyd meer buitelandse geld kan leen, die invloed van buitelandse geld al is dit teen hoë koste, sterk aanmoedig.

Geeneen van die ryk nywerheidslande gaan toelaat dat ander arme en ontwikkelende lande met groot grondstofvoorrade hul afpers soos die Arabiere dit gedoen het nie. Hulle is steeds besig om die handelsvloei in hul guns te swaai en tot nadeel van die ontwikkelde lande.

Dit is veral die ontwikkelende lande waar verwerking van grondstof nog nie plaasvind nie wat deur die ryk lande se uitvoeroorlog geraak sal word. Die 2000 miljoen armes in Afrika, suid-Amerika en Asië sal min kans hê om terug te slaan.

Dit is teen die inflasiegedrog, maar hoe lank sal ons dit nog kan uithou?

# P.A.S.V. GEE RAAD

**NOUKEURIGE en diepgaande navorsing deur 'n ondersoekspan van die Potchefstroomse Aptekerstudentevereniging het die volgende oplossings vir 'n aantal ernstige probleme aan die lig gebring.**

**DOOFHEID**

- Gooi waterskilpadvet in die oor wat doof is.
- Sny 'n haas oop druk water uit blaas in 'n flessie en gooi in oor of steek pluisie nat in oor. Vlakhaaswater is die beste.
- As 'n mens somtyds doof word kan jy 'n paar kafferhaar krulletjies daarin steek en die doofheid sal weggaan.

**UITTREK VAN 'N DORING**

- 'n Perdevlieg word lewendig gebruik om turksvydorings uit te trek.
- Sny 'n rosyntjie oop en haal pitte uit, sit 'n vlieg daarin en maak oor plek vas.

**TEEN BLOEDVERGIFTING**

- Sit 'n pap van beesmis en asyn op, nadat die mis opgewarm is, (warm beesmis van die kraal is die allerbeste.)
- Hou die seerplek in warm wassodawater en sit dan 'n Merinoskaap se niervet gebraai saam met 'n bossie (ons noem dit teebossie omdat die naturelle daarvan tee maak) daarop. Dit word gekook tot dit soos 'n groen salf lyk. Daar is nie 'n seer wat hierdie mengsel nie gesond sal maak nie.

**TEEN BLOEDVINTE**

- Wasluise wat op vet doringbome sit word geneem en gebrei tot 'n pleister, dit is goed om bloedvinte ryp te maak of dorings uit te trek.

**TEEN LAE BLOEDDRUK**

- Hierdie siekte ontstaan deur uitgeputte senuwees. Hier is baie rus nodig en versterkende voedsel nodig. Neem vroeg in die more 1 teelepel koeksoda in 'n glas baie warm water. Elke keer soos u skielik snaaks voel en wurg, neem weer die koeksoda water. Hou so aan totdat dit verdwyn. Kamfer brandewyn met water help ook. Neem dit saam as u iewers heen gaan. Dit is altyd gereed.

**TEEN GIFTIGE BYTWONDE**

- Skerpion in soetlie gesteek en opgesit.
- Maak 'n xxx Peppermint effens klam en sit op die plek. Hou op tot die gif uit is. Dit vreet 'n gat deur die peppermint.

**VIR SLANGBYT**

- Drink haanharsings met wyn.
- Neem onmiddellik na 'n slangbyt 'n lewendige hoender en sny dit 'n klein snytjie voor die bors, druk dan die snytjie teen die bytplek. Hou dit so vas totdat die hoender dood is. Neem dan die dooie hoender weg en herhaal dit met 'n ander een. Hou so aan totdat die hoender nie meer sterf nie — wat meestal met die agste of tiende hoender die geval is. Gee intussen die gebyte persoon so veel soet melk in as wat hy kan drink.

## Florna gaan mal

FLORNA het onlangs 'n baie geslaagde toer onderneem na Mtunzini, 'n gebied onder beheer van die Natalse Parkeraad. Die toergroep van 58 lede het feitlik al die koshuise verteenwoordig. Die toer was 'n groot brul en die gees onverbeterlik. Daarom kan u gerus die Wapad en die kennisgewingborde dophou vir die volgende toer — dit is die moeite werd.

## A.S.B.-kongres

**Alle persone wat belangstel om die kongres as waarnemers by te woon moet hulle name by die S.R.-kantoor gaan opgee.**

# LIBERALIA

VANAGTER golwende graanlande en bloeiende blomme, (ideaal vir kransies), net die paar, al roggelende en stotterende afskeidswoorde . . . . Die simptome van die gevreesde siekte was telkens die laaste paar weke in ons spyskaart te bespeur; Natuurlik, MAALVLEIS A' LA VARIASIE.

Met die tydverkwistende en sosiaalstremmende akademiese stryd so byna agter die rug, het daar tog groot dinge so tussendeur in ons graanskuur plaasgevind. Ons twee Tokkelokke Ernst en Klaas wil ons graag felisiteer met hul verlowings; Maar nou wonder mens wie gaan die volgende wees, dalk Isak? Dan wil ons ook vir Attie gelukwens met sy nuwe sweetpak, maar ai, noudat ons almal weet jy het sulke „klasieke" tone, wat van 'n nuwe paar skoene?

Juis noudat ons manne se kapsels begin verstewig teen die winterkoue en onvoorsiene faktore soos Toetsweek-toestande vir B.B. in die son, het die huispa se hondjie die nare gewoonte om sy verskyning op baie ongeleë tye in ons teenwoordigheid te maak, tot groot vrese vir sommige van ons manne. Maar soos dit maar altyd gaan, gaan dit ook nie hier om die hondjie nie, maar om die volgende halsbandjie.

Vir ons „Lead Ghitarist," Dirk, sommer 'n groot hand met sy insluiting in Alabama: Nou gaan ons sommer ‚hoog' raak van die musiek. So ook vir Kobus met sy insluiting in die Gimnastiek-span wat die komende vakansie in Rhodesië gaan toer.

Met ons rugby gaan dit sommer voor die wind; blykbaar het die Sportinstituut nou besluit om ons manne permanente PUK III status te gee . . veral as daar van die mededingende koshuisspanne se manne op die krukkelys is. !

# KULU

WAS weer naweek, was weer „afvattyd" oppie plaas.

Vrydag het die „vaal drukkende Mis" wat die afgelope week oor Kulu hang, gaan lê. Die Proffies het gelukkig besluit om vir twee volle dae asem te skep alvorens hulle die meedoënlose kruisvrae en blokkiesraaisels weer gaan hervat.

Met stowwerige fronsgesiggies is die koshuis dan ook die middag begroet en teenoor verskeie dosente is heelwat alleensprake gevoer. Vrydagaand is alles egter vergete en is die interkom warm gepraat. (Deesdae doen net marathonatlete hier diens).

Saterdaggoggend is Oosterhof gou-gou gewys dat ons hulle gelyke is op die hokkieveld en daarna het 'n Pfaffnaaimasjien demonstrasie menige aster na Pappa Oppenheimer laat verlang.

Saterdagmiddag het Karen deur middel van rolskaatse die stoep blinkgepoets — net jammer dat Louise dikwels saamgenooi is grond toe.

Met die vasslepers gaan dit voor die wind — selfs met die „bondel-slepers". Onwillekeurig dink ons aan Marietjie en 'n sekere aster wie se sleep in Pretoria tweedeviool speel.

Riëtte behoort aan die Britse Geheime Diens en geniet die nuuskierigheid terdeë.

Maar helaas aan alles is daar 'n einde en vir nog 'n week is „Raai-raai-riepa" aan die orde van die dag, die Proffies onder „toespreking" en die vraestelle buite bespreking.

Daarom sê ek gou-gou: „Fahren Sie Wohl!?"

# KLOOSTER

NA 'n week of wat, net toe die publiek begin hoop het die Pukkewyne het almal oorsee gevlieg om eers na die winter weer terug te kom, is die eksamen verby en kruip almal weer uit hulle skuilgate uit. En Johan van Niekerk het onder sy Anglia uitgekruip. Ons wens hom geluk met sy hernude staat van mobiliteit.

Die rede is onbekend, maar berig is ontvang dat Koos Saayman aansoek om 'n betrekking by SAUK gedoen het. Sodra hy van hulle hoor, sal hy kursus opskop. Terloops, Klooster het nou 'n interkom gekry. Tussen hakies, Jan Jacobs is besig met 'n eetstaking. Rede ook onbekend.

Klooster het ook nou sy eie vermaaklikheidsgroep gekry. Staan glo bekend as Thalia.

Ons weet nie hoekom nie, maar ons huisma wil nou na Engeland emigreer en by die Royal Guard aansluit. So van die huisma gepraat, daar is nou glo reëlings dat huismoeders na etes die „prisodente" moet visenteer vir versteekte wapens.

Laastens, veels geluk aan Leon van Aswegen met sy nuwe pyp. Mag julle lank en gelukkig saamleef.

# Over de Voor

HIER kiep-kiep, daar kiepkiep . . . . Nee, wag, dit het niks met ons paar U.O.D.-studente te doen nie. Over de Voor het mos die trotse eienaars van 'n jong hoenderboerderytjie geword as gevolg van die bewondering wat Karlien vir ons koester. En nou moet ons net pasop waar ons trap — dis nou om nie die hoenders dood te trap nie.

En glo dit as julle wil, die Van Schiaks se alombekende Wit Cortina het jou wrintie geswig voor 'n Kewer.

Wat die rugby betref, 'n stywe handdruk aan P.G.D. Ons weet wanneer ons tweede gekom het.

# Vergeet-my-nie

ONS het die nare siekte so lank as moontlik probeer uitsluit, maar op een om ander onverklaarbare wyse het hy tog hier ook ingesluip.

Simptome: Bleek gesigte, rooi oë. Pasiënt staar voor hom uit. Loop met lang haastige treë kamer toe en sluit deur agter hom. 'n Onverklaarbare neiging om medemens te vermy. Kennisgewings: „Stilte asseblief!" en afkondigings: „Die persoon wat op die derde vloer touspring moet asseblief onmiddellik ophou!" Iewers probeer een nog 'n grappie maak en skryf op sy deur: Niemand het hom nog ooit doodgewerk nie, maar ek vat geen kanse nie!"


Ja-nee, met sy lang lelike kloue het die akademie ons almal vasgegryp! Waar het die fout dan ingesluip met die begrafnis van die akademie? Johan?

Tog is die ligter sy van die lewe altyd daar.

Vergeet-my-nie het 'n unieke „hennedinee" gehou. Die dinee was slegs vir dames en elke dame het 'n dorp voorgestel. Daar was die oorspronklikste idees — bv. een het Ogies voorgestel en 'n ander Jan Kempdorp, met natuurlik 'n slang om die nek! Reg, Elmien en René?

Die prys vir die oorspronklikste is oorhandig aan Engels wat Carletonville voorgestel het. Sy was toegedraai in Carlton „hm" papier soos u op die foto kan sien. Ons sien uit na 'n volgende aksie wat ons almal saam kan geniet. Groetnis.

**Die wenner van die Henne-party ontvang haar prys op Vergeet-my-nie se interessante en oorspronklike dinee. Sy het Carletonville voorgestel deur „Carltonpapier" om haar te draai . . . (Carletonville is natuurlik die dorp met die baie „sinkgate" — Red.)**



# SKUUR

DIE gerug doen deesdae die rondte dat versoeke vir die manne op die grens ook die Skuurmanne insluit — die manne op die grens van die kampus. Dit het ons egter nie verhoed om weereens met Klooster se eerstespan klaar te speel nie 14 — 3. Eweneens het die tweedespan sy posisie nog verder verstewig deur Dawie-Dup se Tweedes te klop 16 — 0. Die manne keil egter nie net ander koshuise op nie, maar ook onder mekaar word gespook. Skewe Sewe slaag daarin om Voëlvlei te klop in 'n spannende sokkerwedstryd. Baie geluk en voorspoed met jul verdere botsings. In dié stryd is Skewe Sewe se eie „Vrou" se afwesigheid swaar gevoel.

Baie geluk ook aan die Skuurmanne wie se uitstappie na Buffelspoort die Wapad gehaal het. (Ons is net bly dat julle nie 'n vangwa gehaal het nie.). Dankie aan die Landloopspan oor hul eerlike beriggewing oor die „intertee".

Tannie „Rubberhamer" kla gereeld oor die wasbakproppe wat verdwyn. Ons kan haar egter verseker dat dit alles teruggeploeg word in die kos — tensy vleis deesdae kettings aan het en na rubber smaak.

# DORP

DIE dorp se hempies triomfeer nog in die groenheid van hul erfenis: steeds die grootste huis op die Puk, die vinnigste trapkar, die mooiste meisies, die sterkste rugbyspanne. Geluk eerstespan met jul oorwinning teen die sterk Biouspan van Over de Voor. Dit was skitterend!

Die dorp wil ook so trots op hul eerstejaars wees. Julle moet asseblief die kollektelyste en Pukkiegelde kom ingee en ook knopies kom kry tussen een en twee by die S.R.-kantoor.

Ons hoop die groen velde strek ook ten opsigte van die akademie en dat ons na dese weer meer glimlaggende dorpenaars teë sal kom.

Daar is hoop om in die toekoms 'n vergaderplek te kry — waar 'n teekan sal wees om meer samehorigheid te bewerkstellig.

# KOSHUISKOS



**Ons verneem uit betroubare maar onnaspeurbare bron dat die byskrif by dié foto moet wees: „Daar is geen Mafia nie . . ." Soos Etienne sê: „As die bediende by die huis verjaar, moet mens nog steeds nie dat die Mafia dit hoor nie".**

★ Vervolg van bl. 3.

Apartheid Movement, die African National Congress, Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party in Londen en ander buitelandse groepe met dieselfde tema. NUSAS-woordvoerders ontken dat so 'n verband bestaan. Nogtans kan daar nie argeloos afgestap word van 'n ondersoek hierna nie. Die ooreenkomste ten opsigte van die tyd en inhoud van die veldtogte regverdig dit. Dit sal 'n kwade dag wees indien NUSAS daaraan skuldig bevind word dat hy met hierdie vyande van die Republiek heul.

Volgens verdere berigte herinner die polisie daaraan dat van die politieke gevangenes na ernstige oortredings kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme en die Wette op Sabotasie en Terrorisme gevonnis is. Dit, nadat hul verhoor is voor die Suid-Afrikaanse regbank wie se onpartydigheid in wye kringe erken word.

Dit moet toegegee word dat die meriete van sekere gevalle waar persone verban is, gedebatteer kan word. Maar 'n slagspreuk van „release all political prisoners" laat 'n vraagteken oor die handhawing van die bestaande rus en orde in ons land. Die Staat moet een voudig sorg vir sy veiligheid as instansie om wet en orde te verseker. Hiervan mag ook die grootste individualis hom nie losmaak nie.

# *KASKENADES*

**Hello PUKKE,**

**Vir party van julle is die toetstyd verby, en vir ander nie, maar die effekte dra nog swaar . . . Dis nou die tyd wanneer mens jou toets terugkry en sê: „Wat! Is ek sowaar deur? Ag nee wat, dan leer ek nooit weer nie". Of: „Wat! Het ek gevou? Nou leer ek nooit weer nie". Ja, so neem mens elke keer besluite — verniet. Dis nou die tyd om te wys julle het wilskrag. As jy dus nie wil leer nie, moet nie.**

**Terwyl ek so vasbyt voor die boeke, het ek, met apologie aan „BY RIETFONTEIN SE LEIDAM", die volgende neergepen . . .**

**„Hoog lê die boeke,**<br>
**Breed lag die maan . . .**<br>
**Stadig kom die outjie**<br>
**na sy boeke toe aan . . .**

**Hoog lê die boeke,**<br>
**Breed lag die maan . . .**<br>
**Weg is die outjie,**<br>
**en sy boeke bly staan!"**

**Ek voel egter, na jare van ondervinding, dat ek die eerstejaars tog 'n paar wenke moet gee oor eksamenskryf:**

**1) Moet nie „spot" nie. Onthou, die proffie „spot" wat jy „spot", en dan vra hy die ander.**

**2) As jy skryf, skryf eers dit wat jy weet, dan wat jy dink jy weet, en verder gorrel jy.**

**Julle weet, al die Akademie laat my dink aan Kasteel se klagte, en dan aan die Tegniese Departement . . . Ek glo nie julle moet te kras oordeel nie, Kasteel . . . Dink net hoe hard moet die mense werk . . . Ek bedoel nou, om elke toets- of eksamentyd iewers besig te wees met geraas sodat ons nie kan swot nie, kos seker heelwat beplanning en goeie tydsberekening. Of hoe . . . ?**

**Nou sê ek niks meer nie, behalwe „VASBYT".**

**— OOG.**

## Die verlowing . . .

★ Vervolg van bl. 6.

om sy erns te visualiseer.

'n Tweede tipe geskenk is dié wat gegee is met die oog op 'n toekomstige huwelik, soos meubels, ens. Sulke geskenke kan teruggeneem word aangesien die huwelik nie plaasvind nie.

Die laaste groep geskenke is klein liefdes-geskenkies. Hieronder val juweliersware, sjokolade en dergelike artikels. Sodanige goedere wat nie verbruik is nie, mag deur die onskuldige gehou word, maar die waarde word van die skadevergoedingseis afgetrek.


**KOOP 'n LOOP-HAPPIE**

**HONGER ?**

**Probeer ons Vetkoek.**

**MAALVLEIS 25c.**

**KERRIE 25c.**

**KAAS en KONFYT 25c.**

# sport

# JAMES-HULLE DRAAI KRANE OOP TEEN RPM

**DIE PUKKE het Saterdag op die Fanie du Toit-sportterrein kort duskant 'n halwe honderdtal in hul Neserbeker-wedstryd teen Rustenburg Platina Myne omgedraai. Hulle oorwinning van 45—3 is egter nogtans indrukwekkend en die grootste van hierdie seisoen in die superliga.**

Dat -dit 'n pragtige wed stryd was kan daar geen twyfel bestaan nie. Agt primadrieë was op die spyskaart waarvan drie deur James Stoffberg, twee elk deur Barrie Barnard en Hennie Saaiman en een deur Piet Roodt. Willie de Bruin het die telbord met 'n verdere 13 punte laat aanrol (drie straf- en twee doelskoppe).

Ná rustyd het die Puk-driekwarte skouspelagtig gekombineer en met skêre, fopskêre en afwisselende aanvalsplanne vorendag gekom. Twee van die vleueldrieë het juis gekom van skêrebewegings.

Die voorspelers het nie verval in 'n losspelery nie, maar bymekaar gebly en gedraf. Jim van Rensburg wat in sy eerste wedstryd vir die Pukke se eerste span gehaak het, het soveel as nege vaskoppe ingepalm en net drie afgestaan. Hy raak nou vertroud met die tegniek van sy nuwe posisie.

Agterlangs was Schalk van der Merwe nog eens die Napoleontjie van die span. Hy is beslis van provinsiale gehalte. Hoewel hy volgens die spankeuses nie goed genoeg is vir Wes-Transvaal nie, laat hy hom selfs nie deur 'n Springboklosskakel oorskadu nie. Die Pukke se reserwe-losskakel Frans Barnard het op senter ook goed gedoen. Barnard en Saaiman is vleuels wat met min beweegkans 'n drie gaan druk.

Dries Swanepoel wat vir Theuns van Rensburg uit die eerste span hou, speel vir die eerste keer met werklike vertroue op skrumskakel.

Tot dusver het die Pukke 197 punte in die liga aangeteken. 93 is teen hulle behaal.



BO: Jim van Rensburg, gewese losvoorspeler wat die Pukke in die drie vorige intervarsitys aangevoer het. Hy speel deesdae haker en het reeds vir die eerste span in hierdie posisie uitgedraf.
(Foto: Fotokuns.)

# Claassen, Ulyate dink ver terug

**MNR. JOHAN CLAASSEN, lektor in Godsdiens aan die Potchefstroomse Universiteit en beroemde rugbyafrigter, en Clive Ulyate, hokkie- en krieketafrigter aan die Universiteit, dink met vanjaar se toetsreeks tussen die Leeus en die Springbokke met aangename herinnerings terug aan 'n vorige Leeutoer deur Suid-Afrika — die een van 1955.**

Albei het met dié reeks vir die eerste keer hul Springbokrugbykleure verwerf en as sulks was dit een van die grootste hoogtepunte van hul sportloopbaan, indien nie die grootste nie. Hulle albei het in al vier die toetse van daardie jaar gespeel, as slotvoorspeler en as losskakel.

Johan Claassen het sedertdien een van die onvergeetlikes in Suid-Afrikaanse rugby geword en na 'n roemryke rugbyloopbaan van 28 toetse, waarvan nege as kaptein, is hy vandag voorsitter van die nasionale keurkomitee en afrigter van die Springbokspan. Bykans elke denkbare spits en eer op die rugbyveld het hy bereik.

Clive Ulyate het in elkeen van die viertal toetse van 1955 taktiese spel gespeel en die swak plekke in die Leeu-agterlyn van daardie jaar (wat nog altyd bestempel word as die beste wat ooit op Suid-Afrikaanse bodem gespeel het) opgesom. Hy moet 'n groot deel van die krediet kry van die nege drieë wat die Springbokvleuels in die reeks gedruk het. (Theuns Briers het vyf gedruk en Tom van Vollenhoven vier.)

Tot vandag is nege vleueldrieë in 'n enkele reeks 'n Suid-Afrikaanse rekord. 'n Hele paar daarvan is deur Ulyate op 'n skinkbord aan sy vleuels gegee om te druk; tewens sommige was so maklik gemaak dat 'n kleuter hulle sou kon aanteken.

Hyself het in die vierde toets 'n windmakerdrie agter sy naam geplaas en ook met 'n skepdoel geslaag. Sy goedgeplaaste hoë skoppe het in dieselfde toets tot minstens twee drieë deur Briers gelei.

Sewe jaar later, in 1962, toe die Leeus Suid-Afrika weer besoek het, was Johan Claassen die aanvoerder van die Springbokke in al vier die toetse. Terwyl hy nog op die kruin van die golf beweeg het, het hy aan die einde van die laaste toets in Bloemfontein, wat deur die tuisspan met 34—14 gewen is, as speler uitgetree.

Sy uittrede kon nie roemryker gewees het nie: Suid-Afrika het die reeks gewen, die span het 'n rekordtelling deur 'n Springbokspan op hulle tuisveld aangeteken, die toets was die aanskoulikste wat ooit in die Republiek gesien is en hy het sy loopbaan as speler afgesluit met 'n drie.



Mnr. Johan Claassen (bo) en Clive Ulyate het saam hul buiging in Suid-Afrikaanse rugby teen die Leeu-toerspan van 1955 gemaak.
(Foto: Fotokuns.)

MOTOLEK
Hierdie onderdele is by u plaaslike
MOTOLEK
verspreider verkrygbaar...
POTCH SPARES
Lombardstraat 39, Tel. 6077, 4595, POTCHEFSTROOM.
—:::—
ELECTRICAL PARTS FOR JAPANESE CARS & TRUCKS.
—ST

# Pampoenboere pootjie Reserwes byna

**DIE Fanie du Toit-sportterrein bly maar vir die Pukke se 1B-span die ongelukkigste veld waarop hulle kan speel. Hulle kom hier net nie op dreef nie.**

Saterdag was dit weer so en Landboukollege het hulle so hittete oor die afgrond gehelp, 'n Oorwinning met 'n enkele punt (22—21) het hulle egter nogtans twee ligapunte besorg.


Trans-Agric het die Pukke se lusteloosheid mooi uitgebuit en op hulle beurt briljant verdedig. Nooit het hulle die Pukke toegelaat om weer soos in die spanne se eerste wedstryd, wat deur die Pukke met 29—9 gewen is, deur te hardloop nie.

Die punteverskil was gewoonlik een of sewe punte. Wanneer die Pukke een punt voor was het hulle ingeklim, maar met 'n voorsprong van sewe lyf weggesteek. Een keer is Landboukollege toegelaat om 'n bal van binne hul eie gebied deur te dribbel vir 'n drie.

Die pampoenboere verdien krediet vir die wyse waarop hulle die Pukke se foute uitgebuit het en dan natuurlik vir hulle verdediging. 'n Span speel net so goed as wat sy teenstanders hom toelaat.

Vir die Pukke het Hein Mentz, Phillip Burger, Nic Kotzé en Leon van den Berg drieë aangeteken. Phillip Burger het met drie van die doelskoppe geslaag.

Landboukollege se punte het bestaan uit drieë deur Piet van Blerk, Kobus Winter en Johan Wessels. Wouter de Wet het al drie vervyf en 'n strafdoel bygevoeg.



BO: Theuns van Rensburg in aksie toe hy nog vir die Pukke se eerste span skrumskakel gespeel het. Deesdae verteenwoordig hy die 1B-span in hierdie posisie. Hy moes vir Dries Swanepoel plek maak nadat Swanepoel die afgelope tyd puik spel gelewer het.

# Gimnaste se toerprogram

**DIE P.U.-Gimnastiekklub gaan die wintervakansie in Rhodesië toer. Die span vertrek met die aanvang van die vakansie op Vrydag 28 Junie uit Potchefstroom en keer op 23 Julie terug.**

Die toer sal uit sestien optredes bestaan. Dit sluit vertonings in vir die Rhodesiese Lugmag by Kariba en vir die Rhodesiese en Suid-Afrikaanse Magte by die Victoria-waterval. Die span sal ook twee vertonings vir televisie-uitsendings lewer.

Die doel van die toer is hoofsaaklik fondsinsameling, maar sal terselfdertyd dien as proefskool vir 'n moontlike oorsese toer.

Die span wat onder leiding van hul afrigter, mnr. Koos de Wet, 'n voormalige Springbok-gimnastiekafrigter, staan, sal in die volgende sentrums optree:

Figtree (1 Julie); Plumtree (2 Julie); Televisie-vertoning, Bulawayo (3 Julie); Bulawayo 4, 5 Julie); Fort Victoria (8 Julie); Gwelo (10 Julie); Que-Que (11 Julie); Televisie-vertoning, Salisbury (12 Julie); Salisbury (12 Julie); Kariba (13 Julie); Sinoia (15 Julie); Salisbury (16 Julie); Marandellas (17 Julie); Umtali 18 Julie); Melsetter (19 Julie); Fort Victoria (22 Julie).

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*



BO: Mnr. Piet Malan, direkteur van die Sportinstituut. Hy en sy mense is nog hard aan 't soek na 'n naam vir die Puk 1B-span. Hulle het 'n wedstryd uitgeskryf waarin die persoon wat die beste naam voorstel twee rugbytoetskaartjies kan wen. Inskrywings kan nog tot die einde van die semester gedoen word.
(Foto: Fotokuns.)

# 12 Pukke in proefspanne

TEN einde laaste het die Wes-Transvaalse rugbykeurders tot besinning gekom toe hulle twaalf Pukke ingesluit het in hul proefspanne wat Woensdagaand op Olënpark 'n proefwedstryd gespeel het. Die Wes-Transvaalse span wat op 29 Junie in 'n Curriebekerwedstryd teen die Westelike Provinsie op Nuweland speel, sou na afloop van die wedstryd gekies word.

Sewe Pukke het vir die A-span opgedraf. Hulle was Willie de Bruin (heelagter), Eugene van Wyk (senter), Barrie Barnard (vleuel), Schalk van der Merwe (losskakel), Dries Swanepoel (skrumskakel), Piet Brand (slot) en James Stoffberg (agtsteman).

Vyf Pukke was ingesluit in die B-span, naamlik Piet Roodt (senter), Hennie Saayman (vleuel), Osie van Niekerk (stut), Eric le Roux (flank) en Dries Coetzer (slot).

# Pluimbalspan

DIE Suid-Afrikaanse Universiteite Pluimbaltoernooi vind vanaf 2-9 Julie in Kaapstad plaas. Al die blanke universiteite sal aan die toernooi deelneem.

Die spelers wat die Puk sal verteenwoordig, is:

Mans: N. Lindeberg, A. Evans, J. van As, A. Olivier, C. de Wet, C. Kotze en M. du Toit. Dames: R. de Klerk, G. Basson, S. Ludick, M. Liebenberg, A. Earle, H. Janse van Vuuren en I. Swart.